





AKADEMIESE INLIGTINGSDIENS  
TUSSENDIENSTE  
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

1995-05- 8


VAKKODE 340



Universiteit van Pretoria

Aan die Akademiese Inligtingsdiens ge-  
skenk deur:

**REGTER F.L.H. RUMPF**  
Maart 1995



JOURNAL OF CONTEMPORARY ROMAN-DUTCH LAW

BL x 39

HR  
HR

Tydskrif vir  
Hedendaagse  
Romeins-  
Hollandse Reg

Redakteur

ADJ VAN RENSBURG B Com LLM LLD

Assistent-redakteurs

J Neethling BA LLM LLD

NJ. Grové BA LLB

Gretchen Carpenter BA (Hons) LLB

Butterworth



**H R**  
**H R**

**REDAKSIONEEL**

**ARTIKELS**

.....	1
Die Grondslag van die Teruggaweplig ten opsigte van wat reeds Geprester is Waar na Kontraktbreuk Teruggetree word — 'n Kwessie van Metode? <i>deur CFC van der Walt</i> .....	5
Accident Compensation: New Zealand Shows the Way <i>by DB Hutchison</i> .....	24
Kiesstelsels van Proporsionele Verteenwoordiging <i>deur Dion A Basson</i> .....	44
Regsakkulturasië en Wetsuitleg <i>deur JMT Labuschagne</i> .....	64

**AANTEKENINGE**

Some Implications of Section 90 of the Criminal Procedure Act <i>by André Rabie</i> .....	81
Die Bepierking van die Verkoper se Regte in die geval van Kontraktbreuk deur die Koper by die Verkoop van Grond op Afbetaling <i>deur JP Vorster</i> .....	88
Some Criminal Law Anomalies brought about by a Sex Change <i>by Jerold Taitz</i> .....	97

**VONNISSE**

Gumede v The Minister of Law and Order <i>Security legislation — the need for legal safeguards?..</i>	100
Weber v Santam Versekeringsmaatskappy. S v Pieterse <i>Nalatigheid en toerekeningsvatbaarheid-uitgediende begrippe?</i> .....	103
Butt v Schultz <i>Kopieer van mededinger se produk as skending van outeursreg en as onregmatige mededinging</i> .....	109
S v Ngubane <i>Wetboek van Zoeloereg — omvang van bevoegdheid om te wysig — artikel 24 van Swart Administrasie Wet 38 van 1927 — uitbreiding van strawwe onder Wet op Wapens en Ammunisie 75 van 1969 — ultra vires.....</i>	112

**BOEKE**

Ellison Kahn (Editor) <i>Fiat Iustitia: Essays in Memory of Oliver Deney's Schreiner</i> .....	117
FR Malan, bygestaan deur CR de Beer <i>Bills of Exchange, Cheques and Promissory Notes in South African Law</i>	119

**AANKONDIGINGS**

Butterworth-prys.....	43
Hugo de Groot-publikasiefonds .....	80

**RIGLYNE AAN OUTEURS**

.....	122
-------	-----



Digitized by the Internet Archive  
in 2017 with funding from  
University of Pretoria, Library Services

**HR**  
**HR**

**ARTIKELS**

Die Grondwet van die Tweede Republiek van Suid-Afrika <i>deur F Venter</i> .....	253
“Judges shall be Independent and Subject only to the Law” <i>by R Zimmerman</i> .....	291
1 + 1 + 1 + 1 + 1 = 6: A Jurisdictional Conundrum <i>by A Beck</i> .....	305
The Right of a Company to Purchase its own Shares <i>by FHI Cassim</i> .....	318

**AANTEKENINGE**

Aspects of the Distinction between Ignorance or Mistake of Fact and Ignorance or Mistake of Law in Criminal Law <i>by André Rabie</i> .....	332
Labuschagne en Diere as Regsubjekte <i>deur JA Robinson</i> .....	343
Artikel 115 – Winde van Verandering in Bophutha- tswana <i>deur L Els</i> .....	347
Review of Unreported Cases regarding Possession of and Dealing in Dagga in Bophuthatswana <i>by AWG Raath</i> .....	350

**VONNISSE**

Joubert v Venter <i>Laster en privilegie tydens gedingvoering</i> .....	356
Koster Ko-operatiewe Landboumaatskappy Bpk v Suid- Afrikaanse Spoorweë en Hawens <i>Bewyslas – wedersyds vernietigende weergawes van litigante</i> .....	361
Boswell v Union Club of South Africa (Durban) <i>Vereistes vir iniuria – onregmatigheidsbewussyn as element van animus iniuriandi</i> .....	365
Nconwya v Cantor <i>Nalatigheid – werkgewer – werknemer – minderjarige</i> .....	369

**BOEKE**

Marinus Wiechers – <i>Administratiefreg</i> .....	372
L Roeleveld <i>Suid-Afrikaanse Lewensversekering</i> .....	373
SJ van Niekerk SE van der Merwe en AJ van Wyk in medewerking met GA Barton <i>Privileges in die Be- wysreg</i> .....	376



# HR HR

## REDAKSIONEEL ARTIKELS

Taalkwessies .....	379
Ultior Purpose <i>by JL van Dorsten</i> .....	381
Dronkenskap In Perspektief — 'n Strafregtelike Bespreking <i>deur MM Oosthuizen</i> .....	407
Old Lamps for New: A Re-evaluation of the Principles Underlying the Unilateral Waiver of Conditions in Contracts of Sale <i>by MAK Lambiris</i> .....	424
Dekriminalisasie van Bloedskande <i>deur JMT Labuschagne</i> .....	435

## AANTEKENINGE

Insurance and Good Faith: Exit <i>uberrima fides</i> — enter what? <i>by Schalk van der Merwe</i> .....	456
Reflections on <i>Inaedificatio</i> <i>by Andrew Breitenbach</i> .....	462
Provincial Precedent Problems <i>by A Beck</i> .....	465

## VONNISSE

Hare's Brickfields Ltd v Cape Town City Council <i>Contract — effect of a supposition or common assumption relating to future events — voidability of a contract</i> .....	469
Nogama v Holtshauzen <i>Plante — Reg op Verwydering</i> .....	472
Du Plessis v Faul <i>Middellike aanspreeklikheid van 'n motorvoertuigeienaar — risiko-aanspreeklikheid of skuldaanspreeklikheid en die betekenis van die vereistes "in belang van" en "reg op beheer"</i> .....	477

## BOEKE

Johan van der Westhuizen, PH J Thomas, Susan Scott, Derek van der Merwe, J TH de Smidt en R Feenstra <i>Huldingsbundel P van Warmelo</i> .....	481
Hugh Corder <i>Judges at Work 1910-1950</i> .....	485
AS van der Spuy <i>New Marriage (Matrimonial) Property Act 88 of 1984</i> .....	488
CE Eckardt <i>Grondtrekke van die Siviele Prosesreg in die Landdroshowe</i> .....	490
ADJ van Rensburg and SH Treisman <i>The Practitioner's Guide to the Alienation of Land Act</i> .....	491
PC Loots <i>Engineering and Construction Law</i> .....	492
Jerold Taitz <i>The Inherent Jurisdiction of the Supreme Court</i> .....	494
R Feenstra <i>Romeinsrechtelike Grondslagen van het Nederlands Privaatrecht: Inleidende Hoofstukken</i> .....	496
June Sinclair <i>'n Inleiding tot die Wet op Huweliksgoedere 1984</i> .....	498



# Redaksioneel

## GELUKWENSE

Na professor Daan Pont is al by herhaling as die “vader van die *Tydskrif*” verwys. Dit is hoofsaaklik deur sý bemoeienis dat die eerste nommer van die *Tydskrif* in Februarie 1937 die lig gesien het, en daarna het hy vir nog drie en twintig en ’n half jaar met die beskeie titel “sekretaris van die redaksie” as redakteur van die *Tydskrif* opgetree. Dit is hý wat in die moeilike vestigingsjare die *Tydskrif* met liefde versorg en uitgebou het tot ’n tydskrif wat op regs-wetenskaplike gebied vir geen ander in die land terugstaan nie.



Intussen woon professor en mevrou Pont, na ’n verblyf van vyf jaar op Alice, reeds sedert die begin van 1966 in hul aftreehuisie digby Kirstenbos in Kaapstad. Om daar besoek af te lê, is ’n voorreg wat die besoeker ’n ietsie laat smaak van die verfyndheid, ouwêreldse wellevendheid en intellektuele veelsydigheid wat in die gejaagde en vervlakte moderne lewe ’n kosbare rariteit geword het. Die vyf jaar wat ek meer as twintig jaar gelede met professor Pont op Fort Hare kon saamwerk, het ’n onuitwisbare indruk op my gelaat.

Dáárom gee dit my groot plesier (’n woord wat professor Pont altyd lief is om te gebruik) om professor en mevrou Pont namens myself, die redaksie van die *Tydskrif* en die bestuur van die Vereniging Hugo de Groot geluk te wens met sy negentigste verjaardag wat DV op 29 Maart vanjaar gaan plaasvind. Mag u vorentoe nog veel plesier en vervulling beleef – ook in die beoefening van die wetenskap wat u so na aan die hart lê!

## INFLASIE EN GROEI

Dit het seker nie onopgemerk by lesers van die *Tydskrif* verbygegaan dat die prys van die *Tydskrif* die afgelope paar jaar telkens gestyg het nie. Wat u eger miskien nie raakgesien het nie, is dat die *Tydskrif* self gedurende dié tyd ’n beskeie “inflasie” beleef het. Tot die einde van 1983 het die *Tydskrif* jaarliks ongeveer 450 bladsye beslaan, in 1984 het dit tot 480 toegenem en vanjaar beoog ons om ’n *Tydskrif* van 500 bladsye te hê. Waar elders kan ’n mens deesdae nog ’n regswerk van hierdie gehalte en omvang vir R30,00 te koop kry! Indien die *Tydskrif* miskien effens dunner lyk moet u weet dat dit net die dikte van die papier is wat verander het.

## TAALKWESSIES

Agter in hierdie nommer van die *Tydskrif* word ons “Riglyne aan Outeurs” weer ’n keer volledig afgedruk. In samehang daarmee (en op aandrang van die voor-sitter van ons vereniging!) noem ek ’n paar van die taal-“foute” wat in bydraes

tot hierdie nommer voorgekom het. "Foute" plaas ek tussen aanhalingstekens omdat ek en die ander lede van die redaksie daarvan wegstrem om dogmaties omtrent taalaangeleenthede te wees. Ten minste sou ek egter darem die "verbetering" wat ek aanbring, kon motiveer.

#### a Spelfoute

"Kwasi," "sondermeer," "aan die anderkant," "derglike," "appellant," "betrokkene bank," "ookal" en "die Kwa-Zulu Wetgewende Vergadering" moet natuurlik "kwasië," "sonder meer," "aan die ander kant," "dergelike," "appellant," "betrokkenebank," "ook al" en "die Kwa-Zulu- Wetgewende Vergadering" wees (let op die afstandskoppelteken na Kwa-Zulu wat die twee selfstandige naamwoorde in 'n samestelling saamkoppel).

#### b Verkeerde woordgebruik

"Die kontraktuele verhouding word *omskep* in 'n skulddegende verhouding." Volgens HJMM van der Merwe (*Die Korrekte Woord*) is dit net van die Skepper wat ons kan sê: "Hy het die chaos *omskep* in orde." By gewone sterflinge moet dit lui: "Die kontraktuele verhouding word *omgeskep* . . ."

Die neiging neem steeds toe om "gesofistikeerd" (in navolging van die Engels) te gebruik asof dit die goeie betekenis van "verfynd," "kundig," "afgerond" sou hê. 'n Mens moet egter nie uit die oog verloor nie dat "gesofistikeerd" afgelei word van "sofis," dit wil sê 'n lid van die oud-Griekse wysgerige skool wat uitgemunt het in gekunsteldheid, spitsvondigheid en drogredenasies. "Gesofistikeerd" dra dan ook die pejoratiewe betekenis van 'n *skyn of indruk* van verfyndheid of afgerondheid; 'n skyn wat nie deur die werklikheid gestaaf word nie.

'n Appèlregter het in 'n vonnis wat in hierdie nommer bespreek word, deurgaans van 'n kind se "belangeloosheid" gepraat, waar hy klaarblyklik die kind se "gebrek aan belangstelling" of somer gewoon die kind se "onoplettendheid" bedoel het. 'n Regter moet natuurlik self "belangeloos" wees, dit wil sê nie 'n belang hê by die sake wat hy verhoor nie of soos die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* dit stel: "sonder om eie voordeel te soek." 'n Mens moet ook nie "belangeloos" gebruik as jy "onbelangstellend" bedoel nie. 'n Dergelike verwarring tussen "skadeloos" en "onskadelik" kom ook dikwels by regsgeleerdes voor.

Professor Pont het in die vroeë sestigerjare by twee geleenthede oor die onderskeid tussen "onbevoeg" en "onbekwaam" geskryf (1961 *THRHR* 272; 1962 *THRHR* 202). Dit was seker voor die tyd van een van ons bydraers wat nog weer met dié twee begrippe kleitrap. "Onbekwaam" beteken "sonder kundigheid," "onbedrewe," "ongeskik" terwyl "onbevoegd" daarop slaan of 'n mens juridies *toegelaat* word om iets te doen of nie te doen nie. Omdat 'n persoon ongeskik of miskien selfs *onbekwaam* in sy gebruik van 'n vuurwapen is, kan hy *onbevoeg* verklaar word om een te besit.

Een van ons skrywers skryf van "skuld en/of nadeel" en "estoppel wat met die vertrouenssteorie oorvleuel." Die "en/of" moet gewoon "of" wees want "of" beteken in elk geval "en/of" en word reeds jare lank so in wetgewing gebruik. Die gedagte van 'n sogenaamd eksklusiewe "of" bring 'n mens tot uiting met "of skuld of nadeel."

"Oorvleuel" beteken letterlik "met vlerke oordek" soos 'n hen met haar kuikentjies doen. 'n Mens behoort dus eintlik nie dié woord te gebruik as 'n

mens “gedeeltelik ooreenval” of “saamval” bedoel nie. Dit is egter te betwyfel of hierdie betekenisverskuiwing nog gekeer kan word.

“Ek meen dat die hof reg was” behoort natuurlik te wees “ek meen die hof het *gelyk* (of reg) *gehad*.” “Hy is reg” (in sy kop) of “hy is verkeerd” (dit wil sê moeilik) beteken geheel iets anders as “hy het *gelyk*” en “hy het verkeerd,” maar hierdie stryd het die taalpuriste waarskynlik reeds verloor.

Bloot semanties gesien, behoort ’n mens te praat van “in hierdie stadium” in teenstelling met “op hierdie tydstip” maar ook hier lyk dit of “op hierdie stadium” te diep ingewortel is om uitgeroei te kan word.

### c Toutologieë, pleonasmes en kontaminasie

Die volgende het onder andere in bydraes vir die huidige nommer voorgekom:

- “’n *grootmens* wat *volwasse* is;”
- “gevolglik het die verhoorhof aanvaar dat hulle *skuld* gehad het en hulle is dan ook *skuldig* bevind;”
- “the *need* for critical examination of the doctrine of precedent may well be *necessary*;”
- “dit sou *dus* *gevolglik* nodig wees om dieper op hierdie saak in te gaan;”
- “*beide X sowel as Y*” (en hier moet ’n mens in gedagte hou dat die korrekte vorm “sowel X as Y” is – “beide X en Y” is waarskynlik ’n Anglisisme);
- “*in sy hoedanigheid as*” (“in sy hoedanigheid *van*” beteken in hierdie konteks dieselfde as “*as*” – ’n geval van kontaminasie dus – maar miskien sal ’n mens hier eenvoudig moet kopgee);
- “*intendeel trouens*” (sekerlik ’n *contradictio in terminis*);
- “dit kom my voor *dat*” (nog eens ’n teëspraak – “dat” dui sekerheid aan; “of” of miskien “asof” – hoewel daar oor laasgenoemde meningsverskil bestaan – sou die regte woord wees);
- “*bloot eenvoudig*” (nog een van die vele toutologieë).

### d Anglisismes

Ek wys net op die volgende verdagte gevalle, hoewel ek toegee dat menings hieroor sou kan verskil:

- “in hakies” in plaas van “*tussen* hakies;”
- “meer volledige” in plaas van “*vollediger*;”
- “op alle geleenthede” in plaas van “*by* alle geleenthede;”
- “die jaartal moes 1983 gelees het” in plaas van “die jaartal moes 1983 *gelui* het;”
- “dit word aan die hand gedoen” in plaas van “*daar* word aan die hand gedoen;”
- “in terme van artikel 6” in plaas van “*ingevolge*” of “*kragtens*” of “*volgens*” of “*uit hoofde van* artikel 6;”
- “in die eerste instansie” in plaas van “*in eerste instansie*;” en
- “in die saak van *Smith v Hughes*” in plaas van “in die saak *Smith v Hughes*” (in Afrikaans gebruik ’n mens die bystellingskonstruksie en nie ’n genetief nie behalwe miskien in die vorm: “in *Van der Merwe* se saak”).

e **Die gebruik van 'n byvoeglike naamwoord waar 'n bywoord vereis word**

Die volgende het onder andere voorgekom:

- “die waarskynlike belangrike rol wat vuurwapens speel;” en
- “psigologiese oneksakte toestande.”

Wat die betrokke skrywers waarskynlik wel bedoel het, is “die *waarskynlik* belangrike rol” en “*psigologies* oneksakte toestande.” In eersgenoemde geval gaan dit nie om die “waarskynlike rol” nie, maar om die rol wat waarskynlik belangrik is, dit wil sê “waarskynlik” moet “belangrik” kwalifiseer – en daarvoor moet die bywoordelike vorm gebruik word, want 'n bywoord kan 'n byvoeglike naamwoord kwalifiseer; 'n ander byvoeglike naamwoord kan dit beslis nie doen nie. Dieselfde geld die toestande wat “psigologies” “oneksak” is, dit wil sê vanuit sielkundige oogpunt is hulle onbepaald, hulle is nie eenvoudig oneksak en boonop psigologies nie.

f **Die verkeerde gebruik van “was” vir die lydende vorm in die verlede tyd**

Hierdie fout kom tot vervelens toe voor, byvoorbeeld: “hulle *was* ondervra” en “die getuienis is dat hulle goed geleer *was*.” Die korrekte vorm is natuurlik “hulle *is* ondervra” en “die getuienis is dat hulle goed geleer *is*.” Baie skrywers weet blykbaar nog steeds nie dat in die lydende vorm “word” op die teenwoordige tyd dui, “is” op die verlede tyd en “was” op die voorverlede tyd (die *plusquamperfectum* – as ons ooit in Afrikaans 'n behoefte aan dié tyd-vorm sou hê).

ADJvR

*Meer as ooit tevore moet daarop toegesien word dat ons reg die algemene begrypikheid van sy beginsels vir die leek bly handhaaf en dat ons regspraak in harmonie met die onge Kunstelste eenvoud, die beeldende vermoë en die swuiwere trefkrag van die volkstaal ontwikkel, sodat die leek sy reg ook as sodanig sal herken en erken. Want dit is hulle reg (D Pont 1963 THRHR 17).*

# Die grondslag van die teruggaweplig ten opsigte van wat reeds gepresteer is waar na kontrakbreuk teruggetree word – 'n kwessie van metode?

CFC van der Walt  
*BIur et Art LLB LLD*  
*Professor in Privaatreg, PU vir CHO*

## SUMMARY

### The Basis of the Restitutory Duty after Rescission from a Contract after Breach

This article deals with different approaches to the question of the basis of the restitutory duty after rescission (terugtrede) from a contract after breach. It does not concern the setting aside of voidable contracts (where restitution is achieved through *restitutio in integrum*), cancellation by agreement (where restitution follows from the cancellation agreement), or damages whether restitutory or otherwise.

Three approaches to the above question may be discerned: first, that such restitution rests upon a contractual base (e.g. De Vos; *Probert v Baker* 1983 3 SA 229 (D)); secondly, that it finds its cause in unjustified enrichment (e.g. several decisions by the appellate division); thirdly, that it follows naturally upon the juristic act of rescission as such (which is the growing conviction elsewhere).

Searches through the Roman, Roman-Dutch and South African authorities have hitherto failed to yield an unambiguous answer as regards the correct approach. The comparative study of the Anglo-American, German and Dutch treatment of the question also fails to take the matter further. Where, then, might the answer lie?

Once it is established that this trichotomic controversy was one of the bones of contention between the Proculiani and Sabiniani, it becomes clear that the answer to the above question must be sought in a methodological standpoint, viz either the institutional approach (which makes unjustified enrichment the clear choice as the contract ceases with rescission), or the teleological approach (where the main interest is with the ultimate result, more or less regardless of the methods employed – according to which contract may as well be taken to be the appropriate answer to the question, even though the contract has ceased to be).

Finally, it is submitted that a synthesis of the two standpoints is needed. What is suggested is that the legal institution of rescission as a juristic act in its own right, should be made the subject of specific exposition, in order that it can optimally serve its purpose as an instrument of justice between the former parties to a contract.

## 1 INLEIDING

'n Vraag waarom daar in ons reg uiteenlopende standpunte bestaan, is meestal nie maklik om verhelderend te beantwoord nie. As dit daarby dan 'n kwessie behels waarom enkele toonaangewende skrywers sterk standpunt na die een kant

toe inneem (sommige ander verswyg dit of skryf so vaag en grof veralgemenend daaroor dat dit nie groter duidelikheid bring nie) en ons howe klaarblyklik na die ander kant toe dink, moet dubbel versigtig te werk gegaan word. Wanneer dit dan verder blyk dat 'n regshistoriese en regsvergelykende ondersoek nie noodwendig groter duidelikheid oor die aanvaarbaarste benadering hier te lande bring nie, moet die versigtige navorser hom dalk liever tot 'n ander onderwerp wend. Indien nie, moet die navorser die teenoorstaande stellings so goed hy kan, ontleed en opteken in die daarvoor beskikbare ruimte, om dan tot 'n sintese te probeer kom. Dat die skeidslyn tussen kloekmoedigheid en domastrandheid soms moeilik te bepaal is, is waar. Aan watter kant van daardie lyn hierdie bydrae lê, is vir die lesers hiervan om te oordeel.

## 2 VRAAGSTELLING

Die vraag waaroor hier een en ander gesê gaan word, handel oor die grondslag vir die teruggaweplig van wat reeds ingevolge 'n kontrak presteer is waar daardie kontrak ontbind word deurdat 'n kontraksparty na kontrakbreuk op terugtrede besluit ooreenkomstig die betrokke reëls met betrekking tot die ontbinding van kontrakte.

Ten einde die vraag duideliker te omlin en om van die argumente wat in talle werke in die onderhawige verband voorkom in perspektief te plaas, moet eers verduidelik word wat nie onder die tersaaklike vraag verstaan moet word nie.

## 3 DIE VRAAGSTELLING ONDERSKEI VAN ANDER KWESSIES

### 3 1 Tersydestelling

Dit gaan hier nie oor die grondslag van die regsmiddele wat uit hoofde van die tersydestelling van 'n vernietigbare regshandeling beskikbaar mag wees nie.<sup>1</sup> Die reëls hieroor is taamlik duidelik al blyk dit nie altyd uit alle weergawes daarvan nie.<sup>2</sup>

Waar 'n kontrak as 'n geldige dog vernietigbare kontrak aangemerkt word,<sup>3</sup> bly daardie kontrak uiteraard onaangeraak staan totdat en tensy dit ter syde gestel word ter keuse van die daartoe bevoegde persoon. Tersydestelling bring mee dat die betrokke kontrak *ab initio* verval.<sup>4</sup> Regtens is dit dan voortaan asof daar nooit so 'n kontrak tot stand gekom het nie.

Die regsmiddel waarmee wat reeds ingevolge so 'n vernietigbare kontrak gepresteer is na tersydestelling teruggevorder word, is die *restitutio in integrum*.<sup>5</sup>

1 Die enigste regshandeling hier van belang is kontrakte, te wete 'n meersydige verbintniskeppende regsfeit waaraan die reg hoofsaaklik die gevolge heg wat die partye daarmee beoog het.

2 Lee and Honoré *The South African Law of Obligations* (1978, red Newman en McQuoid-Mason) onderskei nie tussen tersydestelling met *restitutio in integrum* en terugtrede na kontrakbreuk met teruggawe nie. Kyk bv die plekke aangedui in die register s v *Restitutio en s v Restitutio in integrum*. Ook Coaker en Schutz *Wille and Millin's Mercantile Law of South Africa* (1975 17 de uitg) 86; en Kahn *Contract and Mercantile Law Through the Cases* (1971) 123 nota onderskei nie. Lee and Honoré a w (1950) par 694 nota sê die teruggaweplig na kontrakbreuk berus op *condictio*.

3 Wille and Millin a w 81; Van Jaarsveld (red) *Suid-Afrikaanse Handelsreg* (1978) 38.

4 Bv Christie *The Law of Contract in South Africa* (1981) 520.

5 Kyk gesag vermeld in *Preller v Jordaan* 1956 1 SA 483 (A) 489 492.

Hierdie spesifieke kontraktuele<sup>6</sup> regsmiddel<sup>7</sup> vir dergelike gevalle word soms ten onregte nie duidelik genoeg van regsmiddele beskikbaar na terugtrede op grond van kontrakbreuk onderskei nie, soos later sal blyk.

*Restitutio in integrum* verg dat wat gepresteer is, teruggelewer moet word. Waar dit nie moontlik is nie, kan die vorige stand van sake nie meer herstel word nie en kan in beginsel ook nie tersydestelling verkry word nie.<sup>8</sup> Erkende uitsonderings hierop bestaan met betrekking tot normale slytasie asook waardevermindering en verlies wat nie met skuld gepaard gegaan het nie, met dien verstande dat die waarde van die prestasie in gepaste gevalle in plaas van die goed self (terug-) gegee kan word.<sup>9</sup>

### 3 2 Ontbinding deur Ooreenkoms

Die onderhawige vraagstelling raak nie die gevalle waar deur ooreenkoms teruggawe na ontbinding van 'n kontrak moet geskied nie. Dit verdien sekerlik instemming dat in sodanige gevalle gesê kan word dat die teruggaweplig van wat reeds ingevolge so 'n kontrak gepresteer is, ontstaan as 'n *naturale* van die ontbindingsooreenkoms.<sup>10</sup>

Daarmee is egter nog geensins bewys dat die teruggaweplig op 'n kontraktuele grondslag berus waar nie deur ooreenkoms ontbind word nie. Hieronder sal aangetoon word dat tekste wat oor die *lex commissoria* handel juis om daardie rede versigtig hanteer moet word.

### 3 3 Skadevergoeding

Al kan skadevergoeding wat op herstel van die eiser in sy posisie voor kontraksluiting gerig is en *restitutio in integrum* in gepaste gevalle naby ooreenstem,<sup>11</sup> is dit belangrik om daarop te let dat dit in die onderhawige vraagstelling ook nie daarvoor handel òf oor skadevergoeding<sup>12</sup> ter aanvulling van òf as surrogaat vir prestasie nie. Verder handel dit nie oor die grondslag vir 'n eis om vervullende skadevergoeding na terugtrede uit 'n kontrak nie.

6 Kan dit, al ken ons dit as 'n kontraktuele regsmiddel, ten diepste op ongegronde verryking berus? Die *condictio ob finitam causam*-gedagte sou in die betrokke patroon pas. Of is dit bloot die toepassing van die algemeen-menslike regverdigheidsoordeel was as die algemene verrykingsgedagte aangedui kan word? *Hall-Thermotank Natal (Pty) Ltd v Hardman* 1968 4 SA 818 (D) 832 bevestig laasgenoemde.

7 De Vos *Verrykingsaanspreeklikheid in die Suid-Afrikaanse Reg* (1971) 144 noem dit net " 'n afsonderlike regsmiddel met 'n eie bestaansreg, en . . . geen verrykingsaksie nie." Uit die verband is dit duidelik dat hy dit as 'n kontraktuele middel sien. De Wet en Yeats *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg* (1978 4 de uitg deur De Wet en Van Wyk) 200 vn 132 laat blyk dat tersydestelling en terugtrede onderskei moet word, maar onderskei skynbaar nie tussen *restitutio in integrum* en die teruggaweplig nie (a w 48). Kyk vn 6 hierbo.

8 De Vos t a p; Lee and Honoré a w par 132; *Davidson v Bonafede* 1981 2 SA 501 (K) 509–511; enigsins vaag hieroor is Van Jaarsveld a w 45.

9 De Vos t a p.

10 *ibid* 143 187.

11 *Davidson v Bonafede supra* 514A.

12 Myns insiens is dit suiwerder om nie waar die kontrak in stand gehou en aanvullende of plaasvervangende prestasie geëis word, daardie bedrag as skadevergoeding te tipeer nie. *Anders* De Wet en Yeats a w 200.

Skadevergoeding gerig op herstel verskil ingrypend van teruggawe na terugtrede, byvoorbeeld daarin dat by eersgenoemde kwessies soos die eiser se skadebeperkingsplig, voordeelstoerekening en dergelike meer 'n rol mag speel, wat nie by laasgenoemde die geval is nie.

#### 4 NADERE OMLYNING VAN DIE VERSKILLENDE STANDPUNTE OOR DIE OPLOSSING VAN DIE VRAAGSTELLING

In die lig van die voorgaande is dit duidelik dat veral deeglik onderskei moet word tussen die tersydestelling van 'n vernietigbare kontrak en terugtrede uit 'n kontrak as gevolg van kontrakbreuk. In laasgenoemde geval word die kontrak naamlik nie terugwerkend tot niet gemaak nie, maar eers *ex nunc* (van die oomblik van kansellasië af) terwyl 'n vernietigbare kontrak terugwerkend, dit wil sê *ex tunc* ter syde gestel word. Dat altyd genoegsaam met hierdie grondliggende verskil rekening gehou moet word, sal hierna nog duideliker word.

Oor die feit dat kontrakspartye nadat 'n kontrak deur terugtrede ontbind is oor en weer moet teruggee wat reeds ingevolge die kontrak gepresteër is, word algemeen saamgestem.<sup>13</sup> Sodanige teruggawe geskied dan uiteraard nie op grond van die *restitutio in integrum* nie.<sup>14</sup> Sommige skrywers sê die teruggaweplig vloei hier voort uit die terugtrede as sodanig.<sup>15</sup> As 'n variasie op hierdie argument word soms gesê dat die teruggaweplig 'n voortvloeiëlsel is van die kontrak wat deur die terugtrede ontbind word.<sup>16</sup> Ander bewaar weer die stilswye oor die grondslag vir die teruggaweplig na terugtrede as gevolg van kontrakbreuk.<sup>17</sup> Intussen het tot die appèlafdeling al meermale die standpunt ingeneem dat die teruggaweplig in sodanige gevalle op ongegronde verryking berus – al is nog nie finaal vir alle gevalle aangedui met watter van die verrykingsaksies dit afgedwing kan word nie.<sup>18</sup>

In die onlangse verlede het die Durban en Kus-afdeling in *Probert v Baker*,<sup>19</sup> waar dit oor terugtrede uit 'n kontrak as gevolg van kontrakbreuk gehandel het, met 'n beroep<sup>20</sup> op *Johnson v Jainodien*<sup>21</sup> oor hierdie kwessie standpunt ingeneem. Die hof het daarvan uitgegaan dat die *Johnson*-saak vergelykbaar is en gesag bied vir die standpunt dat teruggawe na kontrakbreuk *ex contractu* geskied. Die hof sê dan dat teruggawe nie verkry word met 'n verrykingsaksie “in the

13 Bv De Wet en Yeats a w 198.

14 Omdat die kontrak deur tersydestelling terugwerkend vernietig word.

15 De Wet en Yeats a w 198; De Vos a w 187; Van Jaarsveld a w 115.

16 De Vos a w 141–142.

17 Bv Kerr *The Principles of the Law of Contract* (1980) 396.

18 Bv in *Cloete v Union Corporation* 1929 TPD 508 521 (*condictio sine causa*); *Lodge v Modern Motors Ltd* 1957 4 SA 103 (SR) 121H (*obiter*); *Combrinck v Maritz* 1952 3 SA 98 (T) 100H (*condictio sine causa* as grondslag in Romeinse reg aangedui. In die feite word n a v Wessels *Law of Contract* (1951) par 2348 gesê dat waar die kontrak deur ooreenkoms beëindig word, die teruggaweplig uit 'n stilswyende beding daarin ontstaan); *Ace Motors v Barnard* 1958 2 SA 534 (T) 537H (*condictio sine causa*); *Standard Finance Corporation v Langeberg Koöperasie* 1967 4 SA 686 (A) 698A–B (die hof wou hier nie kies tussen die *condictio causa data* en die *condictio sine causa* nie, maar verwys na *Pahad v Director of Food Supplies & Distribution* 1949 3 SA 695 (A) 712– wat oor nie-vervulling van 'n opskortende voorwaarde gaan – waar die hof sê dat die *condictio sine causa* wyd genoeg is om die teruggaweplig te dek).

19 1983 3 SA 229 (D).

20 233C.

21 1982 4 SA 509 (K).

old mould" nie – wat dit ook al mag wees – maar eerder met 'n kontraktuele regsmiddel:

"It is probably better to regard it as a distinct and peculiar contractual remedy."

Die beroep wat in die *Probert*-saak op *Johnson v Jainodien* gemaak word, is mis. Laasgenoemde was 'n geval waar tersydestelling van 'n koopkontrak op grond van wanvoorstelling en *restitutio in integrum* teen die verkoper,<sup>22</sup> asook skadevergoeding teen die afslaer op grond van wanvoorstelling aan die orde was. Die vraag vir beregting was of die eiser (koper) eers die afslaer moet uitskud alvorens hy teen die verkoper kan optree.<sup>23</sup> Hierop het die Kaapse hof ontken-nend geantwoord.<sup>24</sup> Die gevolgtrekking waartoe dit 'n mens dwing, is dus dat in *Probert v Baker* sonder effektiewe staving die standpunt ingeneem is dat die teruggaweplig na terugtrede as gevolg van kontrakbreuk kontraktueel van aard is.

Voorts moet vasgestel word, indien moontlik, waar die waarheid met betrekking tot die grondslag van die teruggaweplig dan lê.

## 5 DIE REGSHISTORIESE ARGUMENT

De Vos grond sy standpunt dat die teruggaweplig na terugtrede as gevolg van kontrakbreuk op kontrak berus, hoofsaaklik op sy regshistoriese ontleding van die aanwending van die *condictiones* – veral die *condictiones causa data causa non secuta*<sup>25</sup> en, in 'n mindere mate, ook *sine causa*.<sup>26</sup>

### 5 1 Romeinsregtelike Gegewens wat op 'n Verrykingsgrondslag dui

De Vos<sup>27</sup> se weergawe van hierdie gegewens kan hier gebruik word. Hy wys naamlik daarop dat die *condictio causa data causa non secuta* in die Romeinse reg onder andere<sup>28</sup> gebruik is om 'n terugvorderingsreg te verleen waar teenprestasie in die geval van sommige van die onbenoemde reële ooreenkomste van daardie tyd uitbly.<sup>29</sup>

By die reële ooreenkomste het die ooreenkoms eers deur die uitruil van pres-tasies tot stand gekom – daar is dus gepresteer *acquirendi causa* en nie *solvendi causa* soos by die konsensuele ooreenkomste nie.<sup>30</sup> Waar een party<sup>31</sup> reeds gepresteer het en die prestasie van die ander party dan uitbly, het daar dus geen ooreenkoms tot stand gekom nie. Verder skyn dit asof aanvaar is dat die *actio rei vindicatio* nie vir die terugontvangs van die reeds gepresteerde saak in geval van die *do ut* – tipe ooreenkomste aangewend kon word nie. 'n Voor-die-hand-liggende rede hiervoor in die moderne tyd sou seker wees dat eiendomsreg

22 605E-F.

23 603D.

24 606A.

25 De Vos a w 143 e v.

26 *ibid* 187.

27 *ibid* 13-17.

28 Dis ook gebruik in verband met veronderstellings wat blyk onwaar te wees, onsekere toekomstige gebeurtenisse wat nie intree nie (voorwaardes, dus) en lasbepalings wat nie uitgevoer word nie.

29 Die *do ut des*- en *do ut facias*- kontrakte is hier aan die orde.

30 Kyk hieroor bv Thomas *Textbook of Roman Law* (1976) 271.

31 Hy is dan streng gesproke nog nie 'n kontraksparty nie.

oorgaan waar die betrokke saak *animo transferendi domini* gelewer en *animo accipiendi domini* ontvang word.<sup>32</sup>

Die aangewese regs­middel in sodanige gevalle was dan die *condictio ob causam datorum*. Daarmee is die gelewerde goed met vrugte (min die produksiekoste daarvan) en aanhegtings teruggevorder. Indien die ontvanger skuldloos nie meer in besit van die goed was nie, kon die waarde van die goed, vir sover dit die ontvanger verryk het, van hom verhaal word.

## 5 2 Romeinsregtelike Gegewens wat op 'n Kontraktuele Grondslag dui

Wat die konsensuele kontrakte betref, is daar reeds in die Romeinsregtelike bronne bewyse daarvoor dat, in 'n gepaste feitestel, in geval van koopkontrakte terugvordering van die koopsom met die *actio empti* kon geskied.<sup>33</sup> Of 'n mens veel hieruit kan aflei met die oog op die kwessie waaroor dit hier gaan, is egter 'n vraag. Die teks handel nie oor die teruggaweplig na ontbinding wat volg op kontraktbreuk nie,<sup>34</sup> sodat dit myns insiens riskant sal wees om meer daarvan te sê as dat die *actio empti* soms op terugvordering van die koopsom gerig kon wees.<sup>35</sup>

'n Verdere teks waarna in hierdie verband verwys word, is D 19 2 19 6.<sup>36</sup> Daarin word die siening van Mela<sup>37</sup> bevestig dat, waar huurgeld vir 'n jaar vooruit betaal is en die huurhuis na verloop van ses maande instort of afbrand, die huur vir die onverstreke tydperk met die aksie op grond van huur (*ex conducto actionem*) verhaal kan word en nie op grond van onverskuldigheid nie, aangesien die geld met die oog op die huurkontrak betaal is. Ook hier is dit opmerklik dat dit nie handel oor die aard van die teruggaweplig na kontraktbreuk en daaropvolgende terugtrede nie.

'n *Codex*-teks waarna ook verwys word ter staving van die siening dat die teruggaweplig ook in geval van terugtrede na kontraktbreuk op 'n kontraktuele grondslag berus, is C 4 54 6.<sup>38</sup> Hierdie teks handel wel oor wat ons kontraktbreuk

32 Kyk hieroor bv Van der Merwe *Sakereg* (1979) 202.

33 D 19 1 29 (Iulianus): "Cui res sub condicione legata erat, is eam imprudens ab herede emit: actione ex empto poterit consequi emptor pretium, quia non ex causa legati rem habet."

34 Dit mag eerder 'n geval wees waar 'n veronderstelling blyk onwaar te wees of van 'n voorwaarde wat nie verweselik word nie. Die saak het volgens die Romeinse reg reeds op grond van die bemaking aan die begunstigde toegeval, sodat hy op sy sakereg­telike remedies aangewys sou gewees het as dit nie vir die voorwaarde was nie. Origen kan dit hier naby aan aanvanklike onmoontlikheid van prestasie kom. Die saak behoort reeds aan die koper want dit is immers aan die koper bemaak (afhangende van die aard van die voorwaarde). Die verkoper kan dus van meet af aan nie (weer afhangende van die voorwaarde) die saak lewer nie.

35 Voet 19 1 3 maak spesifiek nie enige breër afleiding as dit uit D 19 1 29 nie.

36 D 19 2 19 6 (Ulpianus): "Si quis, cum in annum habitationem conduxisset, pensionem totius anni dederit, deinde insula post sex menses ruerit vel incendio consumpta sit, pensionem residui temporis rectissime Mela scripsit ex conducto actione repetiturum, non quasi indebitum condicturum: non enim per errorem dedit plus, sed ut sibi in causum conditionis proficeret."

37 Mela was 'n taamlik onbekende juris uit die tyd van keiser Augustus (Berger s v Mela).

38 C 4 54 6: "Cum te fundum tuum certae rei contemplatione inter vos habita exiquo pretio in alium transtulisse commemoras, poterit ea res tibi non esse fraudi, quando non impleta promissi fide domini tui ius in suam causam reverti conveniat et ideo auditus competens iudex fundum cuius mentionem facis restitui tibi cum fructibus suis sine ulla ludificatione sua auctoritate perficeret, praecipue cum diversa pars receptis nummis suis nullam passa videri possit iniuriam."

kan noem en sê duidelike dat daar wedersyds teruggegee moet word, maar dit dui geen grondslag daarvoor aan nie. Uit die slotgedeelte daarvan, waar dit oor “iniuria/Unrecht” handel, lyk dit of regverdigheid *inter partes* eintlik as die basis vir die teruggaweplig gesien word. ’n Ander moontlikheid is dat die teks, waarin dit duidelik handel oor verskeie afsprake tussen die partye, eintlik slaan op gevalle waar die partye (vanweë die geringe prys) stilswyend ooreengekom het dat by ontbinding vanweë wanprestasie wedersyds teruggegee sal word. Op hierdie soort ooreenkoms word hieronder verder gelet.

Benewens die bogenoemde tekste word dikwels op tekste met betrekking tot die *lex commissoria* gesteun as gesag vir die stelling dat die teruggaweplig na terugtrede op grond van kontrakbreuk op ’n kontraktuele grondslag berus. Daarvan is *D 18 3 4* en *C 4 54 3* voorbeelde.

In hierdie verband is dit van groot belang om in gedagte te hou dat die sogenaamde *lex commissoria* niks anders as ’n beding in ’n kontrak is ingevolge waarvan in die ooreengekome omstandighede teruggetree sal kan word nie.<sup>39</sup> Terugtede is immers ’n abnormale regsmiddel na kontrakbreuk en is gevolglik nie sonder meer beskikbaar nie. Terugtrede kan dus deur ooreenkoms beskikbaar kom vir die party ten gunste van wie dit beding is. Vir sover die teruggaweplig uit die ooreengekome terugtrede ontstaan, kom ook die teruggaweplig in sodanige omstandighede dan uit hoofde van die ooreenkoms (weliswaar ongestreks) tot stand. Vanweë die verband wat daar tussen terugtrede en die teruggaweplig bestaan, word dus dikwels met ’n beroep op gegewens oor die *lex commissoria*-figuur gesê dat nie net so ’n terugtredeingsreg nie, maar ook die teruggaweplig dan op kontrak berus. Hiermee kan nie sonder meer saamgestem word nie.

Al sou die bedoelde redenasie oor die *lex commissoria* egter aanvaar word, kan dit nog geensins die afleiding regverdig dat teruggawe ook in ander gevalle van terugtrede *ex contractu* geskied nie.<sup>40</sup>

### 5 3 Romeins-Hollandsregtelike Gegewens wat op ’n Verrykingsgrondslag dui

In die Romeins-Hollandse reg was dit (al was alle kontrakte toe reeds konsensueel van aard) volgens De Vos<sup>41</sup> steeds so dat teruggawe na kontrakbreuk van die kontrakte wat in die Romeinse reg *do ut*-kontrakte was, met die *condictio causa data causa non secuta* verkry kon word.

Voet verwys<sup>42</sup> sonder kommentaar na Mela se reeds aangehaalde siening waarvan ons in *D 19 2 19 6* lees. Voet noem dit egter in dieselfde asem ’n geval waar met die *condictio sine causa generalis* die huurgeld vir die onverstreke gedeelte van die huurtermyn verhaal word.<sup>43</sup> De Groot sê met verwysing na hierdie

39 Kaser *Das Römische Privatrecht* (1971, Erster Abschnitt) 561.

40 Dit is waarom De Vos a w 187 se korrekte opmerking dat *Ace Motors v Barnard supra* ’n geval was waar deur ooreenkoms gekanselleer is en dat dit dus geïgnoreer kan word dat die hof daar ’n verrykingsgrondslag vir die teruggaweplig aandui, nie die debat verder voer nie. Die meeste wat gesê kan word, is dat die stelling in *Ace Motors obiter* was.

41 De Vos a w 62; Voet 19 1 21 (n a v *C 4 54 6* – kyk hierbo).

42 Voet 12 7 1.

43 Fuller en Eisenberg *Basic Contract Law* (1972) 66 deel mee dat ’n eis vir die terugbetaling van wat in vergelykbare gevalle eintlik op ’n oorbetalings neerkom, in die VSA op ’n kwasi-kontraktuele grondslag berus en nie op kontrak nie.

*Digesta*-teks<sup>44</sup> bloot dat huurgeld wat op 'n oorbetaling neerkom, daarvolgens teruggeëis kan word.

#### 5 4 Romeins-Hollandsregtelike Gegewens wat op 'n Kontraktuele Grondslag dui en Suid-Afrikaanse Verwarring daaroor

In die Romeins-Hollandse geskrifte kom daar heelwat tekste voor wat oor die gevolge van terugtrede ingevolge 'n *lex commissoria* handel. Hiervan is Voet 18 3 2 (na aanleiding van C 4 54 3<sup>45</sup> en 18 3 3<sup>46</sup>) voorbeelde. Oor die beperkte waarde van sodanige gegewens vir die onderhawige bespreking is reeds hierbo uitgewei.<sup>47</sup>

Benewens die voorgaande word ook in die Romeins-Hollandse bronne erken dat terugvordering van wat gepresteer is as koopsom soms met 'n kontraksaksie verwesenlik kan word. Hiervan is Voet 19 1 3 'n populêre voorbeeld. Daarin word gesteun op D 19 1 29, 'n teks wat reeds hierbo vermeld is en wat klaarblyklik nie oor die regsgevolge van kontraktbreuk handel nie.

De Vos beroep hom<sup>48</sup> ook op Huber 3 40 21 ter ondersteuning van die standpunt dat die teruggaweplig kontraktueel van aard is. Dié teks handel oor die vraag of die verbintenisse uit alle soorte ooreenkomste deur blote wilsverandering<sup>49</sup> by een van die partye tot niet kan gaan. Huber deel mee dat die verbintenisse uit ooreenkomste wat al geheel of gedeeltelik voldoen is, asook die wat in die Romeinse reg reël was en die wat op skrif moet wees, nie deur sodanige eensydige wilsverandering tot niet gaan nie. Daarvoor is volgens hom nodig dat die vorige posisie herstel moet word deur wat reeds gedoen is ongedaan te maak. Wat opval is dat Huber nie hier uitdruklik meedeel wat die grondslag vir daardie teruggaweplig is nie, ofschoon wat hy sê vatbaar is vir die uitleg dat die teruggaweplig 'n onderdeel van die ontbindingshandeling is.

'n Aanduiding van hoe versigtig met tekste uit 'n ander tydsgewrig te werk gegaan moet word, blyk uit die bekende reël dat by 'n kontantkoop eiendoms-oorgang teen betaling van die koopsom geskied. Dit beteken dat as die koopsom nie betaal word nie eiendomsreg nie deur lewering van die koopsaak oorgegaan het nie. Terugvordering van die koopsaak geskied dan met die *actio rei vindicatio*.

Waar Maasdorp<sup>50</sup> meedeel dat daar na kontraktbreuk van 'n koopkontrak vir kansellasië en teruggawe gedagvaar kan word, sê hy dat "die gewone reël" (by koopkontrakte?) is dat iemand wat teruggawe verg self ook moet teruggee. Dit is wel so, maar of dit nou vindikasië is (soos by 'n kontantkoop), of op 'n kontraktuele of op 'n verrykingsgrondslag berus, is daarmee nog nie gesê nie.

44 Grotius 3 19 12

45 Kyk hierbo.

46 Voet verwys hierin na geen gesag nie en noem weliswaar nie die *lex commissoria* nie. As egter in gedagte gehou word dat die hele Voet 18 3 oor die *lex commissoria* handel, kan daar min twyfel bestaan oor wat hy in 18 3 3 bedoel het.

47 Groenewegen se Aantekening op *Gr Inl* 3 14 22 pas ook in hierdie patroon. De Groot het dit daar oor 'n geval waar 'n *lex commissoria* was en die kontrak gevolglik deur ooreenkoms verval as gevolg van nie-betaling binne die ooreengekome tyd. De Wet en Yeats a w 198 verwys verder na Groenewegen *De leg Abr ad D* 18 3 6. Die teks bevestig wat De Wet en Yeats sê, maar dit handel weer oor 'n geval waar met 'n *lex commissoria* teruggetree word.

48 De Vos a w 187 vn 3.

49 Hy behandel wat De Groot "handelsbraek" noem.

50 *Hall Maasdorp's Institutes of South African Law* (vol III *The Law of Contracts* 1970) 145.

Ook Weeramantry<sup>51</sup> sê bloot dat iemand wat na kontrakbreuk kanselleer, moet teruggee. Op watter grond sê hy nie, maar Lee & Honoré sê in hulle 1950-uitgawe<sup>52</sup> dat die teruggaweplig na kontrakbreuk (in die algemeen?) op die *condictio causa data causa non secuta* berus. Dat so 'n teruggaweplig op ongegronde verryking berus, word ook deur Wille<sup>53</sup> gesê, maar dan met verwysing na tekste wat oor die *restitutio in integrum* by vernietigbare kontrakte handel.

Dit is sekerlik moontlik om nog heelwat gegewens by hierdie afdeling van die betoog in te sluit.<sup>54</sup> Hierbo is myns insiens egter genoeg gegee om sekere gevolgtrekkings oor die stand van sake volgens die Romeins-Hollandse reg te kan gee:

(a) Na tersydestelling van vernietigbare kontrakte is met die *restitutio in integrum* teruggawe verkry, welke regsmiddel waarskynlik ten diepste op die algemene verrykingsgedagte berus.

(b) Na terugtrede ingevolge 'n *lex commissoria* of andersins deur ooreenkoms geskied teruggawe onregstreeks *ex contractu*, ofskoon hierdie gevolgtrekking bevestigende moet word.

(c) Na terugtrede uit kontrakte wat in die Romeinse reg van die *do ut*-klas was, geskied teruggawe op grond van die *condictio ob causam datorum*.

(d) Die *actiones empti et venditi* en *locati et conducti* is aangewend in gevalle vir terugvordering van wat reeds gepresteer is. Daar kan egter nie algemeen gesê word dat dit kontrakbreukgevalle was nie.

(e) Die terugtrede as sodanig laat volgens sommiges die teruggaweplig ontstaan.

Dit kom dus daarop neer dat daar steun in die gemeenregtelike bronne te vinde is vir die siening dat die teruggaweplig op ongegronde verryking of op kontrak berus, of dat dit uit terugtrede as sodanig voortspruit.

## 5 5 De Vos se Slotsom vir die Suid-Afrikaanse Reg

De Vos<sup>55</sup> wys daarop dat in die Suid-Afrikaanse reg nie meer 'n onderskeid gemaak word tussen kontrakte wat in die Romeinse reg van die *do ut*-klas was en dié wat toe reeds konsensueel was nie. Om hierdie rede, meen hy, is dit geregverdig om te stel dat die teruggaweplig wat na terugtrede uit enige kontrak ontstaan, hier te lande op 'n kontraktuele grondslag berus.

Achterliggend aan De Vos se siening is waarskynlik die volgende gedagtegang: In geval van die *do ut*-kontrakte is in die Romeinse en Romeins-Hollandse reg kennelik op grond van ongegronde verryking met 'n verrykingsaksie teruggawe

51 *The Law of Contract* (vol II, 1967) par 1013.

52 In 'n nota by par 694 daarvan noem hulle dit die *condictio causa data causa non secuta*.

53 Gibson Wille's *Principles of South African Law* (1970) 33.

54 In *Landau v City Auction-Mart* 1940 AD 284 292–294 word by verwys na Molitor, Glück en Pothier. Wessels a w par 2348 verwys ook na Molitor, Voet 18 5 1, verskeie *Digesta*-tekste en Grotius 3 42 2. Nie al dié werke is tot my beskikking nie, maar die De Grootteks handel duidelik oor ontbinding deur ooreenkoms of samewerking tussen die partye, wat hy "handelsbraek" noem. Net so handel Van der Keessel *Praelect ad Gr* 3 42 2, bd 5 477 oor ontbinding deur ooreenkoms.

55 De Vos a w 141–142.

bewerkstellig. By ander kontrakte was dit nie die geval nie.<sup>56</sup> Omdat die Suid-Afrikaanse reg nie meer die *do ut*-kontrakte van die Romeinse reg onderskei nie, moet liever deurgaans met 'n kontraktuele teruggaweplig gewerk word.

In die lig van die tweeslagtige patroon wat oor die onderhawige vraagstelling in die gemenerereg aangtrek word, kan myns insiens nie sonder meer met die Vos se begryplike versugting akkoord gegaan word nie. Hy steun vir sy siening op 'n historiese ondersoek, maar die historiese gegewens is net so goed te versoen met die teenoorgestelde sienswyse, naamlik dat die teruggaweplig na kontrakbreuk, waar nie deur ooreenkoms ontbind word nie maar deur terugtrede, op ongegronde verryking berus, of eenvoudig op die terugtrede as sodanig.

## 6 REGSVERGELYKING

Soos hierbo geblyk het, is daar vir meerdere gedagterigtings met betrekking tot die grondslag van die teruggaweplig steun in ons gemeenregtelike bronne te vind. Vervolgens moet vasgestel word of 'n regsvergelykende kyk na ander regstelsels nie 'n eenduidige antwoord op die vraagstelling moontlik maak nie.

### 6 1 Anglo-Amerikaanse Reg

Terwyl skrywers soos Cheshire & Fifoot<sup>57</sup> erken dat teruggawe vereis word vir die tersydestelling van 'n kontrak op grond van wanvoorstelling omdat die kontrak daardeur terugwerkend vernietig word, moet teruggawe na kontrakbreuk volgens hulle om dieselfde rede anders behandel word. Terugtrede kanselleer die kontrak immers nie terugwerkend nie maar *ex nunc*, wat meebring dat wat reeds ingevolge die kontrak gedoen is nie deur die terugtrede geraak word nie.

Die Engelse reg oor die situasie by terugtrede na kontrakbreuk is klaarblyklik nie baie duidelik nie.<sup>58</sup> Nietemin deel die skrywers<sup>59</sup> mee dat dit sedert die 18de eeu in die Engelse reg vasstaan dat, waar die onskuldige party na 'n "total failure of consideration" deur sy teenparty verkies om terug te tree, sy terugeis vir wat hy reeds geprester het op kwasie-kontrak berus en nie op kontrak nie, want die kontrak het dan juis verval.<sup>60</sup>

Die feit dat kwasie-kontrak as grondslag vir die teruggaweplig aangemerkt word, beteken allermins dat dit duidelik is of dit op ongegronde verryking of op 'n "kontrak" berus. Die rede vir die onduidelikheid hieroor in die Engelse reg moet in die geskiedkundige ontwikkeling van hulle kontraktereg gesoek word.<sup>61</sup>

56 Hierbo het geblyk dat De Vos hierin wel deur sekere tekste gesteun word, maar dat daar net soveel tekste is wat hom nie ondersteun nie. Die gemenerereg was hieroor eenvoudig nie duidelik nie.

57 Cheshire and Fifoot's *Law of Contract* (1976) 584.

58 *Thorpe v Fasey* 1949 Ch 649, 1949 2 All ER 393, waarna Cheshire & Fifoot t a p ook verwys, handel oor wanvoorstellingsake (d w s vernietigbare kontrakte) en verg dat volledige teruggawe moontlik moet wees, skynbaar ook na kontrakbreuk. Kyk ook *Halsbury's Laws of England* (1974, vol 9) par 635-641 677.

59 Cheshire & Fifoot a w 648.

60 Ook so: *Chitty en Contracts* (1968, vol I plus 1975 cumulative supplement) par 1690; Halsbury a w par 666 667. Chitty sê dat dieselfde geld waar in geval van 'n verdeelbare kontrak gedeeltelik presteer is (par 1695) of waar wetgewing oor seker ondeelbare kontrakte dit moontlik maak (par 1693), maar nie in ander gevalle van "partial failure of consideration" waar die ontvanger daarvan tog sodoende bevoordeel is nie. Sô ook *Anson's Law of Contract* (1979) 661-663.

61 Chitty a w par 1670 1671; Halsbury a w par 670 e v.

Die ontwikkeling daarvan vanuit die *writs*, *debt* en *covenant* is hier van belang omdat dit veral die ontoereikendheid van daardie *writs* was wat daartoe gelei het dat 'n verdere deliksaksie van die *common law*, te wete *indebitatus assumpsit*, nader getrek is.<sup>62</sup> Van hierdie aksie is toe 'n kontrakaksie gemaak deur te werk met 'n gefingeerde onderneming (*promise*) om dit wat onverskuldig ontvang of gehou word, of wat reeds deur die eiser geprester is in geval van "total failure of consideration" deur die verweerder,<sup>63</sup> terug te betaal.<sup>64</sup>

Uit hierdie teelaarde is toe die *implied contract*-teorie geformuleer om die aanwending van *assumpsit* vir die verwesenliking van die teruggawe te verklaar.<sup>65</sup> Hierdie teorie is kennelik gekunsteld.<sup>66</sup> Vandaar dat toenemend stemme opgaan ten gunste van die siening dat kwasie-kontraktuele verbintenisse eintlik op ongegronde verryking berus.<sup>67</sup> Nietemin bestaan hieroor in die Engelse reg nog nie finale eenstemmigheid nie.<sup>68</sup>

Die geraadpleegde Amerikaanse werke openbaar dat ook dáár nie algehele helderheid oor die grondslag vir die teruggaweplig bestaan nie. Sommiges, soos Simpson, sê uitdruklik dat die teruggaweplig nie kwasie-kontraktueel van aard is nie, waarmee waarskynlik bedoel word dat dit nie op ongegronde verryking berus nie.<sup>69</sup> Tog staan dit vir diesulkes vas dat van geen teruggaweplig sprake kan wees solank die betrokke kontrak nog bestaan nie.<sup>70</sup> Verder beroep Simpson hom op gesag wat, luidens sy eie weergawe daarvan, ongetwyfeld die indruk skep dat die teruggaweplig nie op 'n kontrak gebaseer word nie.<sup>71</sup> Miskien werp dit geen refleksie op Simpson se standpunt nie<sup>72</sup> want dieselfde werk groepeer teruggawe saam met skadevergoeding en daadwerklike vervulling as die normale regsmiddele in geval van kontrakbreuk.<sup>73</sup> 'n Ander bron behandel teruggawe weer as *restitutio in integrum* en wel onder die billikheidsremedies na kontrakbreuk.<sup>74</sup> Ofskoon hierdie bron niks meer oor die grondslag vir die teruggaweplig sê nie, is dit duidelik dat dit daarvolgens nie kontraktueel van aard kan wees nie.

Sonder vrees vir teëspraak kan seker gesê word dat daar geen duidelike beeld van die Amerikaanse reg se standpunt oor die onderhawige kwessie uit die gemelde gegewens blyk nie. Vanweë die onsekerheid wat daar heers, lyk dit asof die teruggaweplig, saam met die ander regsmiddele wat na kontrakbreuk beskikbaar is, eenvoudig om daardie rede as van 'n kontraktuele aard aangemerkt word. Die omvang van daardie teruggaweplig word egter beperk tot dit wat die

62 Chitty a w par 1663; Halsbury a w par 636; Fuller & Eisenberg a w 61 e v.

63 Anson a w 645 661 e v.

64 Anson a w 643 e v; Chitty a w par 1664 1665.

65 Anson a w 8-16; Halsbury a w par 632.

66 Anson a w 648; Chitty a w par 1665 1670 1671.

67 Anson a w 648-649; Chitty a w par 1669; *Attorney-General v Nissan* 1970 AC 179 228.

68 Halsbury a w par 635-641

69 Simpson *Handbook of the Law of Contracts* (1965) par 201.

70 Simpson t a p.

71 Simpson a w par 409 verwysing 23 verwys na die *Restatement (Contracts)*, wat duidelik hieroor is.

72 Volgens Fuller & Eisenberg a w 60, wat aanhaal uit die *Restatement (Contracts)* par 326, Die *Restatement (Contracts)* is tans nie eerstehands tot my beskikking nie.

73 Só doen ook Simpson a w par 201 en Story *A Treatise on the Law of Contracts not under Seal* (1851) par 844a.

74 Fridman *The Law of Contract in Canada* (1976) 619 e v.

eiser geprester het.<sup>75</sup> Terloops kan daarop gewys word dat die vaste inhoud wat sodoende aan die teruggaweplig gegee word goed met die saakvervolgende werking van 'n verrykingsaksie versoenbaar is.

Samevattend kan dus oor die Anglo-Amerikaanse reg gesê word dat dit onseker is of die teruggaweplig na terugtrede as gevolg van kontrakbreuk op 'n kontraktuele of verrykingsgrondslag of op terugtrede as sodanig berus.<sup>76</sup>

## 6 2 Duitse Reg

Volgens die huidige stand van die Duitse reg oor die onderhawige vraagstelling verval 'n kontrak met terugtrede waar daardie regsmiddel na kontrakbreuk verkies word. In die plek van die kontraktuele verbintenis tree daar dan 'n *ex lege*-teruggaweplig ingevolge artikel 346 *BGB* in.<sup>77</sup>

Daar word algemeen aanvaar dat die bogenoemde statutêre reëling met betrekking tot terugtrede grootliks ooreenstem met die normale reëls van die verrykingsreg. Verder is dit gemeensaak dat hierdie reëling aan die eiser 'n beter regsmiddel gee as wat hy ingevolge die verrykingsreg sou gehad het as dit nie vir artikels 346–361 *BGB* was nie.<sup>78 79</sup> Volgens die heersende standpunt kan 'n verrykingsaanspraak ingevolge artikel 812(1)(2) *BGB* in konkurrensie met artikel 346 *BGB* aangewend word.<sup>80</sup>

Teenoor die heersende siening hierbo weergegee, staan die benadering dat artikels 346–361 *BGB* 'n eiesoortige kontraktuele regsmiddel geskep het en dat daar nie van konkurrensie tussen die remedie en verrykingsaansprake ingevolge artikels 812 en volgende sprake kan wees nie. Dié benadering word deur 'n toenemende aantal regsgeleerdes gevolg.<sup>81</sup> Hulle uitgangspunt is dat 'n kontrak by terugtrede nie geheel en al ontbind word nie, maar dat die kontraktuele verhouding bloot omgeskep word tot 'n verhouding gerig op beëindiging van die kontrak (*Abwicklungsverhältnis*). Laasgenoemde verhouding is dan geen verrykingsregtelike verhouding nie, maar die oorspronklike kontrakverhouding soos dit deur tussenkoms van die regshandeling “terugtrede” verander is.

75 Fuller & Eisenberg a w 60; Simpson a w par 201 en *Restatement (Contracts)* par 437.

76 Wat skynbaar oral aanvaar word, is dat sekere reeds ontstane regte nie verval by terugtrede nie (“Both parties are discharged from the further performance of the contract, but rights are not divested or discharged which have already been unconditionally acquired. Rights and obligations which arise from the partial execution of the contract and causes of action which accrue from its breach alike continue unaffected” Cheshire & Fifoot a w 584).

77 Dieselfde gebeur waar oa 327 sin 1 467 (459) 325 en 326 *BGB* aanwending vind.

78 Palandt *Bürgerliches Gesetzbuch* (1975) 367; Fikentscher *Schuldrecht* (1971) 243–244; Behrends “Institutionelles und prinzipielles Denken in römischen Privatrecht” 1978 *Zeitschrift der Savigny-Stiftung für Rechtsgeschichte (Romanistische Abteilung)* Weimar Böhlau 187 202.

79 Een opsig waarin die statutêre reëling verbeter op wat ingevolge die verrykingsreg gewoonlik bestaan, is dat 347 *BGB* bepaal dat rente op geld wat ontvang is ook betaal moet word en wel van die ontvangs daarvan af – kyk De Vos a w 15 hieroor.

80 Palandt a w 367.

81 Palandt a w 367 verwys hieroor na Stoll, Wolf, Larenz, Esser, Staudinger-Kaduk en Wunner. By hierdie lys kan ook gevoeg word Ermann *Handkommentar zum BGB* (1981, I Band) Vorbemerkung ad par 346 *BGB* Randzahl 5. Anders meen steeds Von Tuhr-Peter *Allgemeiner Teil des Schweizerischen Obligationenrechts* (1979, bd I) 520. Kyk veral Leser *Der Rücktritt vom Vertrag* (1975) 157 e v 292 (1).

Die pasgestelde benadering bied die moontlikheid om te verklaar waarom sekere regte na kontrakbreuk en terugtrede bly bestaan. Daarvolgens bly, benevens die aansprake op grond van *culpa in contrahendo*, ook dié wat uit kontrakbreuk voortvloei na terugtrede steeds bestaan, behalwe vir sover sodanige regs-middele op die eiser se vervullingsbelang gerig mag wees.<sup>82</sup> Verdere stawing vir die siening dat terugtrede nie die kontrak heeltemal of terugwerkend<sup>83</sup> tot niet maak nie, lê daarin dat sekerheidstelling nie opgehef word deur die terugtrede uit 'n kontrak waaruit die hoofskuld voortvloei nie.<sup>84</sup>

Al wat dus deur die terugtrede beëindig word, is die sogenaamde primêre prestasieverpligtinge – en dit *ex nunc* – terwyl reeds gevestigde skadevergoedingsaansprake op grond van die kontrakbreuk bly bestaan.<sup>85</sup> Maar aangesien die bedoeling van die onskuldige party met sy terugtrede meestal ook daarop gerig is om wat reeds presteer is, terug te kry (en dit presies is wat artikels 346 en 349 *BGB* hom bied), geskied daardie teruggawe nie deur regswerking onafhanklik van sy bedoeling nie. Die teruggawe tree dan juis in ooreenstemming met die terugtreder se bedoeling en as 'n gevolge van sy terugtrede in.<sup>86</sup>

Samevattend oor die Duitse reg kan dus gesê word dat, ofskoon die heersende siening steeds is dat terugtrede terugwerkende effek het en die teruggaweplig op verrykingsbeginsels berus, die teenoorgestelde benadering tot nuwe insigte mag lei. Gesien die moontlikhede wat die “nuwer” benadering skep om te verklaar waarom sekere regte en aansprake bly bestaan na terugtrede uit die kontrak waaruit dit ontstaan het of waarvan dit afhanklik is, kan myns insiens verwag word dat dit aldaar steeds meer veld sal wen.<sup>87</sup>

### 6 3 Nederlandse Reg

Die *Nederlandse Burgerlijk Wetboek* artikel 1301 lui:

“Eene ontbindende voorwaarde is de zoodanige welke, na hare vervulling, de verbindtenis doet ophouden, en de zaken weder tot den vorigen stand doet terug keeren, even als of er geene verbindtenis bestaan had.

Deze voorwaarde schort de nakoming der verbindtenis niet op; alleenlijk verplicht zij den schuldeischer om hetgeen hij ontvangen heeft terug te geven, in geval de bij de voorwaarde bedoelde gebeurtenis stand grijpt.”

Vir die onderhawige bespreking is hierdie bepaling van belang omdat artikel 1302 (1) *BW* lui:

“De ontbindende voorwaarde wordt altijd vooronderstelt in wederkeerige overeenkomsten<sup>88</sup> plaats te grijpen, in geval eene der partijen aan hare verplichting niet voldoet.”

82 Palandt a w 367 *Einführung* 1(b).

83 Von Tuhr-Peter a w II 155 sê steeds dat terugtrede die kontrak terugwerkend (*ex tunc*) ophef, terwyl tersydestelling of opsegging dit *ex nunc* doen. Teruggawe na terugtrede geskied dus volgens Von Tuhr-Peter met 'n *condictio* (a w I 520).

84 Palandt a w 367 (1) (b); Ermann a w ad par 346 *BGB* Rdz 5.

85 Larenz *Lehrbuch des Schuldrechts* (1979, I Band) par 26(a).

86 Larenz t a p.

87 Die kerngedagte van die nuwer denkkrigting, wat veral deur Stoll ingelui is, is dat terugtrede nie die voortbestaan van die kontrak raak nie, maar slegs die inhoud daarvan. Die primêre prestasieverpligtinge word wel uitgewis, maar tegelykertyd ontstaan daar binne dieselfde, steeds voortwerkende verbintenisregtelike organisme nuwe teruggawepligte: “Der Vertrag bildet daher auch die Grundlage der neugestalteten Rechtsbeziehungen” – Leser a w 160.

88 Kyk hieroor Hofmann-Abas *Het Nederlands Verbintenissenrecht – De Algemene Leer van de Verbintenissen* (deel I tweede gedeelte 1977) 22–23 301–329; asook 6 5 4 1 *Nieuw BW*.

Die oorsprong en grondslag van artikel 1302 *BW* is omstrede.<sup>89</sup> Wat vasstaan, is dat dit uit artikel 1184 *Code Civil* oorgeneem is, wat weer op 'n oud-Franse praktyksreël gebaseer was. Oor die grondslag van daardie praktyksreël loop die menings egter uiteen.

'n Populêre argument hieroor is dat die reël na analogie van die *lex commissoria* van die Romeinse reg ontstaan het. Daar is egter soveel verskilpunte tussen die *lex commissoria* en artikel 1302 *BW* se remedie dat toenemend aanvaar word dat laasgenoemde nie uitsluitlik uit daardie bron gevoed kon gewees het nie.

'n Ander standpunt is dat artikel 1302 *BW* 'n toepassing van die *conditio ob causam datorum* is.

Nog 'n siening is dat die grondslag vir die teruggaweplig ingevolge artikel 1302 *BW* in die Kanonieke reg geleë is. Hierdie mening kry huidig al hoe meer navolgers.

Sonder om een sienswyse hieroor as die alleen aanvaarbare uit te sonder, stel Asser-Rutten myns insiens 'n aanneemlike standpunt as hy sê dat die onderhawige regsfiguur waarskynlik uit 'n samevloeiing van verskillende bronne ontstaan het. Al daardie bronne het egter een ding gemeen, en dit is dat die teruggaweplig ten diepste op 'n billikheidsoortuiging berus:

“Het zou in strijd zijn met de gerechtigheid en met die normen der moraal, indien de ene partij de haar toegezegde prestatie verkrijgt of behoudt, zonder harerzijds te presteren wat zij in ruil daarvoor had toegezegd.”<sup>90</sup>

Hofmann-Abas<sup>91</sup> is een van diegene wat sê die grondslag van die statutêre reëling slegs ongegronde verryking kan wees omdat artikel 1301 *BW* inhou dat die posisie herstel moet word asof daar van meet af geen verbintenis bestaan het nie. Desnieteenstaande wys Hofmann-Abas<sup>92</sup> daarop dat die gevolglike terugwerkendheid van artikel 1302 *BW* nie bevredig nie in geval van ooreenkomste waar met tussenposes gepresteer moet word, afbetalingstransaksies of sambreel-ooreenkomste ingevolge waarvan binne 'n bepaalde tydperk 'n aantal koopkontrakte gesluit kan word. Die terugwerkendheidsreël sou verg dat terugtrede ook alle reeds gemaakte betalings, ander prestasies of kontrakte wat al gesluit is, sal raak.

Daarteenoor verg die eise van die regsverkeer dat ontbinding van 'n kontrak as gevolg van kontrakbreuk nie sodanige handeling wat reeds voltooi is, sal raak nie. Hierdie teenstrydige argumente kenmerk die hoek waarin 'n mens ligtelik met betrekking tot die onderhawige vraagstelling kan beland indien alle fasette van die hele kwessie in gedagte gehou word.

Die feit dat in artikel 1302 *BW* met 'n gefingeerde ontbindende voorwaarde gewerk word, is uiteraard onhoudbaar. Nietemin is by wederkerige ooreenkomste die partye se wil dermate gerig op die prestasie wat elkeen in ruil vir sy eie prestasie van sy teenparty gaan bekom, dat dit dalk sin het om selfs te praat van die stilswyende bedoeling van elke party om slegs aan die kontrak gebonde te wees vir sover die ander party aan sy prestasieverpligtinge voldoen. Waar

89 Asser-Rutten *Asser's Handleiding tot de Beoefening van het Nederlands Burgerlijk Recht-Verbintennisrecht, Algemene leer der overeenkomsten* (1979) 307-309.

90 Asser-Rutten t a p.

91 a w 316.

92 a w 318; kyk ook Von Tuhr-Peter II 160 vn 128 167 vn 52.

laasgenoemde uitbly, is teruggawe van wat reeds geprester is dan in ooreenstemming met daardie bedoeling.

Artikel 6 5 4 14 *Nieuw-BW* lui:

“Een ontbinding bevrijdt de partijen van de daardoor getroffen verbintenissen. Voor zover deze verbintenissen reeds zijn uitgevoerd, zijn de partijen verplicht de reeds verrichte prestaties ongedaan te maken.”

Die tweede sin van hierdie artikel, so word dan verduidelik, moet geles word as sou daar staan:

“Voor zover deze reeds zijn nagekomen, blijft de rechtsgrond voor deze nakoming in stand, maar ontstaat voor partijen een verbintenis tot ongedaanmaking van de reeds door het ontvangen prestaties.”

Met artikel 6 5 4 14 *Nieuw-BW* word in die plek van die voorwaardekonstruksie van artikel 1302 *BW* 'n aanvaarbaarder reëling gestel.<sup>93</sup> Dit reël baie duidelik dat met terugtrede die verdere prestasieverpligtinge van albei partye beëindig word en dat teruggaweverpligtinge intree ten opsigte van wat reeds geprester is. Verder word die terugwerkendheid daarin heeltemal uitgesluit, wat uiteraard meebring dat die verrykingsargument met betrekking tot die grondslag van die teruggaweplig verval, want die regsgrond vir reeds gedane prestaties bly daarvolgens bestaan.

'n Probleem wat hierbo in die bespreking van die Engelse reg na vore gekom het, was die met betrekking tot gevalle waar net 'n “partial failure of consideration” was. Die onderhawige artikel beoog om in Nederland ook gedeeltelike ontbinding van 'n kontrak moontlik te maak.

Deur die terugwerkendheid van terugtrede te skrap, word dit moontlik om op 'n aanvaarbare wyse te verduidelik waarom sekere bedinge ondanks ontbinding van die betrokke kontrak deur terugtrede tog van krag bly.<sup>94</sup> Sodanige bedinge en verpligtinge is byvoorbeeld strafbedinge; skikkingsbedinge; die versorgingsplig ten opsigte van 'n huursaak tot tyd en wyl dit weer tot beskikking van die verhuurder gestel is; en die ontruimingspligte van 'n huurder na ontbinding van die huurkontrak. Verder kry die skuldenaar geleentheid om sy versuim aan te suiwer- iets wat hy nie so vanselfsprekend het solank ontbinding meteen terugwerkend die kontrak beëindig nie. 'n Interessante punt in verband met artikel 1302 *BW* is dat dit saaklike werking het. By ontbinding val wat 'n party al geprester het, sakeregteelik weer aan hom toe en kan hy deur middel van 'n hofbevel sy goed weer terugkry. Artikel 6 5 4 14 *Nieuw-BW* het van hierdie saaklike werking van terugtrede afgesien.

Ten slotte kan daarop gewys word dat artikel 6 5 4 14 *Nieuw-BW* beoog dat die sake wat geprester is of die waarde daarvan sover moontlik teruggegee moet word. In gepaste gevalle kan ook 'n sekondêre verbintenis tot skadevergoeding ontstaan.

93 Hofmann-Abas a w 342. Sien verder oor die oogmerke van die artikel die toeligting tot a 6 5 4 14 *Nieuw BW*.

94 Dat terugtrede ook in die Suid-Afrikaanse reg sekere gevolge van die kontrak nie raak nie, staan was – kyk by Wessels a w par 2348 vn 9. Nêrens is egter na my wete nog gepoog om 'n volledige lys van sodanige regte op te stel nie. Dit kan ook nie in hierdie artikel onderneem word nie.

Samevattend kan van die posisie in die Nederlandse reg gesê word dat die ontwikkeling wegbeweeg van die beskouing dat die teruggaweplig op verryingsregtelike oorwegings gebaseer kan word. Dit beteken egter nie noodwendig dat die teruggaweplig *ex contractu* ontstaan nie. Veel eerder lyk dit of die kontere van 'n realistieser siening van terugtrede as verbintenisvernietigende en -skeppende regshandeling langamerhand aan die lig begin kom.

Die voorgaande regsvergelikende ekskursus het, ten spyte van prikkelende en selfs rigtinggewende momente daarin, oor die onderhawige vraagstelling geen verlossende woord gebring nie. Met reg kan gevra word of die sleutel tot die hele kwessie nie dalk lê in die wyse waarop dit deur die verskillende pro- en antagonistiese benader word nie.

## 7 SLOTSOM: 'N METODOLOGIES PROBLEEM

In die woorde van Hans Leser kan gesê word:

“Fragt man nach dem heutigen Stand der Lehre und Praxis für die Rückabwicklungsansprüche, ihre Grundlage und Bemessung, dann werden selbst bescheidene Anforderungen an Klarheit und Übersichtlichkeit kaum erfüllt. Man ist sich im Gegenteil eher einig, dass weithin Unsicherheit herrscht, und dies nicht erst seit heute.”<sup>95</sup>

Ook Behrends<sup>96</sup> wys met nadruk daarop dat sedert die Romeinse reg die teenstelling tussen die sogenaamde institusionele en prinsipiële benaderings tot privaatregtelike kwessies bestaan. Omdat hierdie geskil vir die onderhawige vraagstelling van belang mag wees, moet dieper daarop ingegaan word.

### 7 1 Die Onderhawige Vraagstelling en die Verskil in Benadering Tussen die Proculiani en die Sabiniani

Die institusionele en prinsipiële benaderingswyses word van oudsher met die verskil in benadering tussen die Proculiani en die Sabiniani onderskeidelik ver-eenselwig.<sup>97</sup> Aangesien die vraagstelling wat die onderwerp van hierdie werkstuk uitmaak juis een is wat 'n geskilpunt tussen dié twee groepe juriste gevorm het, is hulle benaderingswyses hier van belang. Die feit dat wat die institusionele en prinsipiële benaderings genoem word waarskynlik ook in die uiteenlopende standpunte oor die vraagstelling in die Suid-Afrikaanse reg aan te wys is, maak dit sinvol om kortliks aan te dui wat die twee groepe was en hoe hulle in hulle benadering tot probleme onderling verskil het. Daaruit kan dan 'n aanduiding kom van die geskikste wyse om te ontkom aan die huidige pat-toestand met betrekking tot die grondslag van die teruggaweplig na terugtrede as gevolg van kontrakbreuk by ontstentenis van 'n ooreenkoms daarvoor.<sup>98</sup>

Die twee skole,<sup>99</sup> soos die twee groepe later genoem is, het reeds hulle grondlegging gevind in keiser Augustus se tyd. In daardie dae het Marcus Antistius Labeo<sup>100</sup> die leidende rol gespeel in die groep wat later die Proculiani genoem

95 Leser a w 150-151.

96 T a p.

97 Waar nie anders gemeld word nie, kom gegewens oor hierdie groepe juriste uit Berger *Encyclopedic Dictionary of Roman Law* (1953).

98 Behrends a w 199 200; Stein “The Two Schools of Jurists in the Early Roman Principate” 1972 *Cambridge Law Journal* 8 19 21 30-31.

99 Stein a w 8: *Scholae*, soos Gaius, Venuleius en Justinianus hulle noem.

100 Hy was glo 'n progressief denkende, oorspronklike werker wat heelwat vernuwingswerk verrig het en in die proses 400 boeke geskryf het.

is,<sup>101</sup> en het Capito<sup>102</sup> teenoor hom gestaan as die leier van wat later die Sabiniani<sup>103</sup> of Cassiani<sup>104</sup> sou heet. Albei hierdie skole het juriste van formaat opgelewer.<sup>105</sup> Die bestaan van twee inrigtings vir regsopleiding wat die ontwikkeling van die twee skole van juriste kon bevorder, is nog nie bewys nie.<sup>106</sup> Hulle het oor 'n groot aantal kwessies met mekaar verskil en hulle verskille het dermate 'n patroon gevorm dat daar tans van 'n institusionele en 'n prinsipiële benadering gepraat word.

'n Definitiewe ander sluitsteen as die metodologiese vir die talle verskille tussen die twee skole, wat miskien op die terrein van die politiek, filosofie of ekonomie lê, kon nog nooit met stelligheid aangevoer word nie. So het pogings om die grondverskil tussen hulle daarin te soek dat die Proculiani suiwerder Latyns was as die Sabiniani, wat dan Italianers van buite die Latynse gebied sou gewees het, 'n verklaring wat 'n sosio-politieke dimensie aan hulle verskille sou gee, nog nie geslaag nie.<sup>107</sup> 'n Ander poging, naamlik om aan te toon dat die Proculiani ten diepste van die *ius* (as wêreldlike reg) uitgegaan het, terwyl die Sabiniani hulle vertrekpunt in die *fas* (as reg voor die gode) gevind het, kon ook nog nie oortuig nie.<sup>108</sup> Om die onderskeid tussen die twee skole nóg moeiliker te maak, het die vooraanstaande Sabiniaan Gaius byvoorbeeld sy *Institute* in 'n suiwer Proculiaanse (dit wil sê institusionele) styl geskryf.<sup>109</sup>

Vandag word toenemende aanvaar dat dit eintlik nie moontlik is om op grond van uiteenlopende wysgerige vertrekpunte tussen die skole te onderskei nie en word selfs al gesê dat dit eerder op botsende persoonlikhede as op iets anders neergekom het.<sup>110</sup> Dit lei tot die enigszins moedelose gevolgtrekking dat daar geen beginselverskil tussen die twee skole aan te dui is nie. Stein noem so 'n slotsom myns insiens tereg 'n verleentheidsoplossing.<sup>111</sup>

Hierbo<sup>112</sup> is reeds daarop gewys dat Labeo 'n vernuwingsdrif besit het terwyl Capito meer tradisionalisties gestem was. Hulle persoonlike invloed het uiteraard later vervaag en daar het waarskynlik twee breë benaderingswyses tot regskwessies uitgegroeï lank nadat eintlik nie meer van twee skole gepraat kon word nie.<sup>113</sup> Hierdie twee benaderingswyses kan veral in die wyses van aanpak en die tegnieke vir die oplossing van regsprobleme wat deur die twee groepe aangewend

101 N a v Proculus, 'n gesiene juris en regsdosent van die middel van die le eeu n C. Hy is eerder bekend vanweë ander se verwysings na sy standpunte as uit sy eie geskifte. Slegs sy hoogaangeprese *Epistulae* is belis deur hom geskrywe.

102 Capito was bekend as 'n tradisionalis, wat aan die ouer, oorgelewerde leerstukke vasgehou het. Hy het bv 'n verhandeling oor die priesterlike reg geskryf.

103 N a v Massurius Sabinus, 'n beroemde juris van die le eeu n C. Hy was die outeur van 'n uitgebreide, sistematiese verhandeling oor die *ius civile*, waarop nog tot in die 3de eeu kommentare *ad Sabinum* geskryf is.

104 N a v Gaius Cassius Longinus, wat Sabinus se opvolger as leier van die Sabiniani was.

105 Bekende Proculiani was: Pegasus, P Iuventius Celsus Minor en Priscus Neratius. Bekende Sabiniani was: Gaius, Salvius Julianus en Sextus Caecilius Africanus.

106 Atkinson "The Education of the Lawyer in Ancient Rome" 1970 *SALJ* 31 43-52.

107 Kaser a w 21 vn 8.

108 Kaser a w 29 vn 41.

109 Berger a w 193 12.

110 Kyk Stein a w 8-9.

111 Stein a w 9.

112 In vn 95 en 97 respektiewelik.

113 Stein a w 9.

is, bespeur word. Dit is hierdie twee benaderingswyses wat as die institusioneel en prinsipiël metodologiese uitgangspunte getipeer word.

In hierdie bespreking is dit nie nodig om volledig op die metodologiese verskille tussen die twee denkrigtings in te gaan nie.<sup>114</sup> In verband met die onderhawige vraagstelling is dit duidelik dat volgens albei benaderingswyses *nie* toegelaat kan word dat daar nie wedersydse teruggawe van wat reeds presteer is, plaasvind waar uit die kontrak teruggetree word *nie*. Aanhangers van die institusionele benadering sou egter meer as hulle teenstanders besorg wees oor die behoud van die skeidslyne wat tussen die erkende aksies bestaan het. Daarom sou hulle nie daaraan dink om 'n kontrakaksie te verleen waar daar geen kontrak meer bestaan nie. Eers indien dit dan sou blyk dat die betrokke kwessie nie met een van die geïkte middele opgelos kan word nie, sou hulle bereid wees om op 'n analoë wyse 'n aangepaste aksie toe te staan. Sodoende sou hulle dan tog nuwe oplossingsmoontlikhede geskep het, maar sou hulle nie die geïkte, rasionele struktuur van die reg versteur het nie.<sup>115</sup> Daarteenoor het die Sabiniani afwysend gestaan teenoor dogmatiese, rasonale argumente en was hulle meer besorg oor 'n aanvaarbare uitslag as oor die weg waarlangs dit bewerkstellig is.<sup>116</sup> Laasgenoemde is dan ook die rede waarom hierdie benadering 'n "prinsipiële" benadering genoem word. Waar dit duidelik is dat regshulp in beginsel (ter wille van die *bona fides*) toegestaan behoort te word, maak dit vir hulle nie soveel saak hóé dit gedoen word nie.<sup>117</sup>

## 7 2 Institusionele versus Prinsipiële Metodologie in die Suid-Afrikaanse Reg oor die Grondslag van Teruggawe na Terugtrede uit 'n kontrak

Vir sover aanvaar word dat 'n vernietigbare kontrak terugwerkend tot nie gaan deur tersydestelling, veg 'n institusionele benadering dat enige teruggaweplig op 'n verrykingsaksie berus.

Omdat daar na tersydestelling *ab initio* geen kontrak sou wees nie, kan die grondslag van *restitutio in integrum* volgens dié benadering net in die reg insake ongegronde verryking gesoek word.

Alvorens uitgemaak is of terugtrede enigsins terugwerkende krag het of nie, kan nie sinvol verder hieroor gepraat word nie. Word die kontrak deur terugtrede

114 Die Proculiani sou (n a v Labeo) 'n regsprobleem benader deur eers te vra of daar 'n *lex* is wat toepassing vind; dit sou slaan op enige vaste regsvoorskrif – wat net uitgelê moet word. Waar so 'n bron ontbreek, word na *natura* (die feitlike gesteldheid bv van laerliggende grond), of *vetustas* (wat die krag van *lex* het) gevra. Waar onsekerheid was, moes regsekerheid nagestreef word, maar andersins was Labeo bereid om die *ratio* van 'n reël te volg eerder as die letter daarvan. Labeo was in die uitlegkunde 'n analogis wat regsfigure noukeurig gedefinieer en suiwer van mekaar onderskei het, omdat hy as analogis geglo het dat die inherente orde van dinge (taal, maak ook regsfigure) volgens samehangende, rasonale beginsels bestaan. Veral die aanwendingsgebied van kontrakaksies wou hulle nie los van die onderliggende beginsels uitgebrei sien nie. Die Sabiniani het aan die tradisionele metodes van regsinding gebonde gebly, en was dus hoofsaaklik op *vetustas* en *auctoritas* (klassieke skrywers se menings) aangewese. Hulle het maklik die koopaksie toegestaan al was daar geen koopkontrak meer nie, of 'n koopaksie met 'n deliktuele inhoud as die litigante maar net gehelp kon word. Hulle sou nie dieper in 'n dispuut delf as wat daarvoor nodig is nie en was ook oor die stel van 'n presedent onbesorg. (Inligting uit Stein a w en Behrends a w 198 e v).

115 Stein a w 30–31.

116 *idem* 31.

117 Behrends a w 188 216–217.

*ab initio* ontbind, kan, institusioneel benader, die teruggaweplig nie op kontrak nie maar net op ongegronde verrykning berus. Word die kontrak eers *ex nunc* deur terugtrede opgehef, moet 'n verklaring gesoek word vir die teruggaweplig ten opsigte van wat gepresteer is voordat daar teruggetree is. Die kontrak is weliswaar nie *ex tunc* opgehef nie, maar daar is myns insiens geen grond vir die siening dat die teruggaweplig op kontrak berus nie.<sup>118</sup>

Van albei die gemelde metodologiese benaderings moet na my mening hier gebruik gemaak word. Dit is met ander woorde nie 'n geval van òf/òf nie maar van èn/èn. Die institusionele metode is diep ingebed in ons reg<sup>119</sup> en moet die uitgangspunt bly, maar die resultaat daarvan en die mate waartoe dit aan die regverdigheidstrewes beantwoord, moet as belangrikste rigting- en momentumgewende beginsel erken en gebruik word. Die verskillende regsinstute is immers nie gegewenes as sodanig nie, maar is middele tot 'n doel.

'n Sintese tussen die bydraes wat uit sowel die institusionele as die prinsipiële metodologiese hoeke tot 'n bevredigende oplossing vir die onderhawige vraagstelling kan voortkom, is dus die aangewese weg. Indien dit gedoen word, kan die bevrugtende argumente uit albei oorde – elkeen met sy kenmerkende akseptasies – oorweeg word. Sodoende kan dan aan 'n verantwoordende definisie van terugtrede as regshandeling gewerk word. Terugtrede is self geen kontrak nie en berus ook nie op wilsooreenstemming nie. Al kan dit wel deur ooreenkoms as 'n remedie beskikbaar kom, word dit nie daardeur noodwendig in wese kontraktueel nie.

Terugtrede as regsinstuut in die Suid-Afrikaanse reg sal dus duidelik omlin moet word, en wel met betrekking tot die volgende aspekte: die vereistes daarvoor; die gevolge daarvan vir die primêre kontraktuele verbintnisse; die gevolge daarvan vir sekondêre verbintnisse; die omvang van teruggawepligte; die verskille tussen terugtrede en sekere ander regsfigure; die funksionaliteit van terugtrede as regsmiddel na kontrakbreuk; verjaring van die teruggaweplig; en skadevergoeding benewens teruggawe.

Dit is dus myns insiens, streng institusioneel gesproke, korrek dat indien terugtrede se veronderstelde gevolge intree, daar na ontbinding van 'n kontrak nie sonder meer op kontraktuele grondslag vir teruggawe ageer kan word nie. Terugtrede as regsfeit laat wel onder meer sekere teruggawepligte ontstaan. Ten einde met hierdie regsfiguur sy doel optimaal te kan bereik en so die regverdigheidstrewes te bevredig, sonder om kortpaaie te neem wat die verbintenisreg ernstig in sy sistematiese opbou kan tref, is verdere navorsing in daardie rigting egter dringend noodsaaklik.

Na dit alles pas dit dalk om saam met Boehmer<sup>120</sup> te sê:

“Ich kann die Feder nicht ohne ein Gefühl peinlicher Beklommenheit aus der Hand legen . . . Was hat sich schon in der bisherigen Diskussion an Streitfragen und zweifelhaften Auslegungen herausgestellt, mit denen gelehrte Leute sich gegenseitig bombardieren.”

118 Om 'n argument van De Wet en Yeats a w 205 te gebruik: Kontrakte word gesluit met die oog op nakoming daarvan en nie met die oog op ontbinding weens nie-nakoming nie.

119 So ook het dit die botoon gevoer in die Romeinse reg en alles wat daarna gekom het – Behrends a w 191 e v; Stein a w 30.

120 Soos weergegee deur Leser a w 151.

# Accident compensation: New Zealand shows the way\*

DB Hutchison

*B Com LLB Ph D*

*Professor of Roman-Dutch and Private Law in the University of Cape Town*

## OPSOMMING

### Skadeversekering: Nieu-Seeland Dui die Weg Aan

Die wêreldwye neiging in die rigting van 'n skadevergoedingstelsel wat nie op die skuldbeginself gebaseer is nie, het reeds in Nieu-Seeland ver gevorder, waar 'n stelsel van omvattende skuldlose vergoeding (ingevolge waarvan die deliktereg moes wyk voor verpligte sosiale versekering) nou reeds vir meer as 'n dekade suksesvol funksioneer.

Hierdie skema waarborg vergoeding aan alle persone in Nieu-Seeland wat beserings opdoen as gevolg van 'n ongeluk ongeag die skuld van enige party.

Wat 'n mens veral opval, is die feit dat hierdie skema, niteenstaande die ruimskootse vergoeding wat beseerdes ontvang en die geweldige aantal persone wat vir vergoeding in aanmerking kan kom, byna dieselfde totale koste as die deliktereg-regime beloop.

Na oorweging van talle nadelige implikasies van ons huidige stelsel soos dit in die praktyk funksioneer, met die steun van versekering, word die belangrikste kenmerke van die skema in Nieu-Seeland kortliks geskets en word aandag geskenk aan die werkbaarheid van 'n soortgelyke stelsel in Suid-Afrika.

## 1 INTRODUCTION

Every year a horrifying number of South Africans from all walks of life are injured or killed in accidents that occur not only on our roads, and in our mines and factories, but also in our homes and offices, at our schools and on our sportsfields. The statistics make grim reading. Some years they are higher; some years they are lower; but the trend is distinctly upwards. And the chilling fact is that "at the beginning of each year it is possible to calculate with certainty the minimum number of victims who are bound to become the end-of-year statistics."<sup>1</sup>

In South Africa our accident record is a particularly bad one; the Minister of Transport Affairs pointed out the other day that more South Africans had died

---

\* This article is an expanded version of the author's inaugural lecture as Professor of Roman-Dutch and Private Law in the University of Cape Town.

1 Sir Arthur Owen Woodhouse *A Challenge to the Law - Personal Injuries Compensation* (Inaugural lecture, Lloyd H Fenerty Memorial Lecture series sponsored by the Faculty of Law University of Calgary Canada 1978-01-12) 12.

in road accidents in the past three years than were killed in both World Wars.<sup>2</sup> However, the mounting toll of personal injury is a worldwide phenomenon of the twentieth century, reflecting the dangers inherent in fast methods of transport and mechanised industrial operations. The problem is one that could be substantially alleviated only by measures that are generally considered to be unacceptable, for, unfortunately, the comfort, convenience and progress of our society is inextricably linked with the continuation of the accident-causing activities.

And so, not without some anxiety, we tolerate and even encourage those activities, and resign ourselves to the inevitable cost in life and limb, selfishly believing that we personally will escape unharmed.

But, in the words of Sir Owen Woodhouse, President of the New Zealand court of appeal and ardent advocate of legal reform,

“if that is the social attitude, what is the social response to the needs of all the random but necessary victims who pay the social price? What ought to be the response? Is it right that many at present are left to fend for themselves? Or should the problems of all now be accepted as the comprehensive responsibility of society as a whole?”<sup>3</sup>

The traditional response of the law of delict, or tort, has been to say that the victims are entitled to compensation only if they can establish fault on the part of some other person who caused the accident. The central theme of this lecture is that such a response is manifestly inadequate, bearing in mind the statistical inevitability of the accidents, and society’s own immense responsibility in encouraging an environment in which those accidents are bound to occur. I share the view of Sir Owen Woodhouse that

“[t]he community as a whole should face up squarely to the fact that our socially selfish arrangements [are] the basic cause of accidents; that the cost should be regarded as a charge against society as a whole; and that the burden falling upon those who become the fortuitous casualties of our social needs must be shared as a matter of community responsibility.”<sup>4</sup>

To some extent, the validity of this argument has already been conceded by the almost universal introduction, a long time ago, of workmen’s compensation schemes,<sup>5</sup> and more recently, of legislation compelling motorists to insure against liability for personal injury to third parties.<sup>6</sup> But these measures do not go far enough. Compulsory third-party insurance has not dislodged the fault requirement in road accident cases; and the benefits paid under workmen’s compensation schemes, though mercifully no longer dependent on proof of fault, compare most unfavourably with judicial awards of delictual damages, in this country at

2 News report *Cape Times* 1984-08-07. According to the same report, a total of 24 532 South Africans were killed during the two World Wars.

3 Woodhouse *op cit* 12.

4 *ibid* 26; see, too, the *Report of the Royal Commission on Compensation for Personal Injury in New Zealand* (Woodhouse Report (1967) s 56.

5 The first such scheme was introduced in Germany in 1884 – see the discussion under 4 below. In South Africa, pre-Union legislation dealing with workmen’s compensation was repealed by the Workmen’s Compensation Act of 1914, which consolidated and amended the law throughout the Union. The 1914 Act was replaced by another in 1934, which in turn was repealed and replaced by the present Workmen’s Compensation Act 30 of 1941. See, generally, *Gordon and Getz on The South African Law of Insurance* (3 ed 1983 by Getz and Davis) chapter 29.

6 See the Compulsory Motor Vehicle Insurance Act 56 of 1972 (as amended), which replaced the Motor Vehicle Insurance Act 29 of 1942.

any rate. Moreover, road and work accidents together account for no more than about one third of all personal injuries,<sup>7</sup> leaving the bulk to be compensated, if at all, by the ordinary law of delict.

Over the past three decades a vast body of literature has sprung up overseas, documenting the inadequacies of the fault-based system of accident compensation, and calling for reform, particularly in respect of road injuries. This pressure has led a growing number of states, mainly in the English-speaking, common-law world, to supplement or entirely replace the fault system with what have come to be known as no-fault compensation schemes.<sup>8</sup> In most cases, these reforms amount to no more than a limited extension of the no-fault principle of workmen's compensation to road accidents. No-fault schemes for the compensation of road injuries now operate in all the provinces of Canada, in about half of the states of the USA, in two states of Australia, in Israel and in Sweden.<sup>9</sup> In New Zealand, however, the principle has been accepted that compensation for personal injury is a community responsibility and should not be made dependent on the particular cause of the injury.<sup>10</sup> Largely owing to the efforts of Sir Owen Woodhouse, that country now has operating very successfully the world's first fully comprehensive no-fault scheme for the compensation of personal injury by accident. All such injury is compensated, irrespective of fault or the cause of the injury. So, for example, if you are run over by a man who has a heart attack behind the steering wheel, his lack of fault will not deprive you of your right to compensation; and the same principle applies if you are to blame for the accident – for example, if you cut your foot while mowing the lawn. The astonishing fact is that the scheme is economically feasible, having operated successfully for ten years at much the same cost as the previous delict system, which it has replaced.

Impressed by this example, other countries are examining afresh their own systems of accident compensation. An Australian Commission of Inquiry, chaired by Sir Owen Woodhouse, has recommended an even more wide-ranging scheme for that country, embracing incapacity caused by disease or illness as well.<sup>11</sup> And

7 *Report of the Royal Commission on Civil Liability and Compensation for Personal Injury* ("Pearson Report" United Kingdom 1978) vol I § 37 table 1.

8 See volume III of the Pearson Report (*op cit*) which is devoted exclusively to a comparative study of overseas systems of compensation.

9 For a brief summary of these schemes see the Pearson Report vol I §§ 188–207.

10 See the discussion under 5 below.

11 See the *Report of the National Committee of Enquiry into Compensation and Rehabilitation in Australia* (1974), and the brief comment on it by Luntz, Hambly and Hayes *Torts: Cases and Commentary* (1980) 39–44. The National Compensation Bill, which was designed to give effect to the recommendations embodied in the report, passed the House of Representatives, but ran into opposition from various interested bodies, including the legal profession, the insurance industry and trade unions. The bill was referred to the Senate Standing Committee on Constitutional and Legal Affairs, which recommended the indefinite postponement of the scheme to provide compensation for sickness (Luntz *et al op cit* 44). Since then the entire bill seems to have been shelved, at least for the time being. The attempt to extend compensation to incapacity caused by disease or illness, while fair and logical (see Ison *Accident Compensation: A Commentary on the New Zealand Scheme* (1980) 18–32), was impractical and over-ambitious, since it would have required a massive injection of public funds, which in the then-prevailing (and present) economic climate was unacceptable: see Luntz *et al op cit* 44. For an interesting discussion of the vested interests at stake in accident compensation, see Ison "The Politics of Reform in Personal Injury Compensation" 1977 *University of Toronto Law Journal* 385.

in Britain, the Pearson Commission has recommended numerous changes to the present system of accident compensation, the effect of which, if implemented, would be a considerable increase in the range of no-fault benefits available to accident victims.<sup>12</sup> Unfortunately, the commission felt itself precluded by its terms of reference from considering the feasibility or desirability of following the New Zealand example, but it did accept as valid the criticisms of the present system, and drew attention to the world-wide movement away from delict and towards no-fault accident compensation.

We in South Africa have not been left completely untouched by these developments. Despite the relatively low level of academic interest shown in this field,<sup>13</sup> and the negative recommendation of previous commissions,<sup>14</sup> a commission of inquiry was appointed in May 1981 to consider various matters relating to compulsory motor-vehicle insurance, including the desirability or otherwise of introducing a no-fault compensation scheme for road accidents.<sup>15</sup> I understand that the commission will soon be presenting its report to the government.

In this article I propose first to consider very briefly the theory of the present delict system of accident compensation and then to examine in greater detail the criticisms levelled at the system in the light of its actual operation in practice. Thereafter I shall deal with the trend towards no-fault compensation overseas, paying especial attention to the New Zealand scheme, and the feasibility of adopting a similar scheme in South Africa.

In illustrating the practical operation of the present system, I shall make use of overseas statistics, particularly those recently compiled by the Pearson Commission. I do so in the belief that they can cast some light on the operation of our own system, which is in most respects very similar to those operating overseas. I am aware of the fact that some lawyers are sceptical of the value of social science statistical research; someone once said that "the basic trouble with it is that the thinkers don't count and the counters don't think."<sup>16</sup> But the statistical evidence is so illuminating that to ignore it would be indicative of unforgivable complacency.

12 See Allen (ed) *Accident Compensation After Pearson* (1979); Fleming "The Pearson Report: Its 'Strategy'" 1979 *Modern Law Review* 249; Marsh "The Pearson Report on Civil Liability and Compensation for Death or Personal Injury" 1979 *Law Quarterly Review* 513; Hasson "The Pearson Report - Something for Everyone?" 1979 *British Journal of Law and Society* 119; Ogun *et al* "Pearson: Principled Reform or Political Compromise?" 1978 7 *Industrial Law Journal* 43.

13 See, however, Arthur Suzman "Motor Vehicle Accidents - Proposals for a System of Collective Responsibility Irrespective of Fault" 1955 *SALJ* 374; Botha "Motor Vehicle Accident Insurance" 1975 *THRHR* 162; Burchell "No-Fault Compensation for Motor Accident Victims" 1982 *Businessman's Law* 74 107. Contributions have been made by eminent visitors to South Africa: Harry Street "Compensation for Road Accident Victims" 1968 *SALJ* 49; Fleming "The Decline and Fall of the Law of Delict" 1973 *CILSA* 259.

14 See Lionel H Hodes *Suzman, Gordon and Hodes on The Law of Compulsory Motor Vehicle Insurance in South Africa* (3 ed 1982) 7-8.

15 *ibid* 8; GN 1202 *GG* 7572 of 1981-05-08.

16 Thomas Reed Powell, quoted by Jeffrey O'Connell "No-Fault and the Political Practicalities" *The Future of Personal Injury Compensation* (A Symposium held at the Faculty of Law, University of Calgary, January 1978) 74.

## 2 THE THEORY OF THE FAULT SYSTEM

To begin, then, we can say that, in theory, the law of delict concerns the shifting of losses. Its function, in the event of an accident causing a loss, is to determine whether that loss should lie where it falls, on the unhappy victim, or whether it should be shifted to someone else, whom the law holds responsible for the accident. In earlier times, the basis of the decision to shift the loss was the simple one of causation: he who caused the loss had to pay for it. Apart from a few exceptional cases,<sup>17</sup> however, the general rule today is that the loss will be shifted only if the plaintiff-victim can establish, on a balance of probabilities, that the defendant *wrongfully* and *negligently* caused the injury. The requirement of wrongfulness need not detain us, as the infliction of personal injury is *prima facie* a civil wrong.<sup>18</sup> However, negligence, or fault, requires some explanation, for together with causation it is the chief criterion of liability in cases of personal injury by accident. The legal test for fault is an objective one, based on the hypothetical conduct of a fictitious being known as the "reasonable man:" did the defendant behave as a reasonable man would have behaved in the circumstances leading up to the accident?<sup>19</sup>

If he did, he escapes liability; but if he behaved unreasonably, in the legal sense, he must compensate the victim. This principle of fault applies to the conduct of the plaintiff as well: if he himself was partly to blame for the accident, his damages will be reduced in proportion to his share of the blame.<sup>20</sup> So contributory negligence results in an apportionment of damages, or a partial shifting of the loss.

A wholly innocent plaintiff who discharges his burden of proof is entitled to be placed in the position he would have occupied had the accident not occurred, in so far as money can do that.<sup>21</sup> Thus he may demand to be compensated *in full* for all the reasonably foreseeable financial or pecuniary losses flowing from the accident, such as medical expenses and loss of earnings. Where these losses have actually accrued by the time of the trial, they cause little difficulty, but where they are prospective losses, such as income that would have been earned in the future, but for the accident, their calculation is necessarily somewhat arbitrary. Even more arbitrary, however, is a further award that is usually made in respect of certain non-pecuniary losses, such as pain and suffering, loss of amenities and the capacity to enjoy life, and the anguish of disfigurement. No sum of money can truly compensate for these intangible losses, but the court makes an award that it considers fair and reasonable and in line with comparable previous awards.<sup>22</sup> In the event of death, the lawful dependants of the deceased have a claim for loss of support, and the executor may recover certain pecuniary

17 Most instances of strict liability (i.e. liability which is not dependent on proof of fault) are of statutory origin, but even the common law sometimes recognises liability without fault – the most notable example being the vicarious liability of an employer for the wrongs of his employees acting within the scope of their employment. See, generally, Van der Walt "Strict Liability in the South African Law of Delict" 1968 *CILSA* 49, McKerron *The Law of Delict* (7 ed 1971) 11–12.

18 *Cape Town Municipality v Paine* 1923 AD 207.

19 *ibid*; see too, for example, *Kruger v Coetzee* 1966 2 SA 428 (A) 430.

20 See the Apportionment of Damages Act 34 of 1956.

21 On the assessment of delictual damages, see generally Joubert *LAWSA* vol 7 31–53; McKerron *op cit* 113 *et seq*, Pearson Report vol I §§ 73–77.

22 Pearson Report vol I § 75.

losses on behalf of the deceased estate. All these damages are awarded in one lump sum – the plaintiff has no right to insist on periodic payments instead; and the award, once made, is final – it cannot be adjusted if the victim's condition unexpectedly deteriorates or improves subsequently.

### 3 CRITICISM OF THE FAULT SYSTEM AS IT OPERATES IN PRACTICE

Now let us take a closer, more critical, look at the fault principle. It rests on a simple idea: people should take reasonable care to avoid causing harm to others, and the careless should bear the consequences of their negligence. This notion of personal or individual responsibility, so deeply rooted in our culture, was described by Lord Atkin in a famous English case as being “based upon a general public sentiment of moral wrongdoing for which the offender must pay.”<sup>23</sup>

I believe that it would be desirable and feasible to introduce an earners' scheme and a motor vehicle scheme along the lines of the New Zealand model, leaving the supplementary scheme for non-earners injured otherwise than in a motor accident to follow at a future date. That, in fact, was the original form of the New Zealand Act – the supplementary scheme was added only in 1974.<sup>114</sup>

114 See n 81 above.

#### BUTTERWORTH-PRYS

*Dit doen die redaksie genoë om aan te kondig dat die Butterworth-prys vir die beste eersteling-bydrae van 1984 toegeken is aan:*

Professor Adrienne van Blerk  
Universiteit van Suid-Afrika

*Die Butterworth-prys – regsboeke ter waarde van R100 – word deur die uitgewer beskikbaar gestel aan die outeur wat in die bepaalde kalenderjaar die beste artikel vir publikasie in die Tydskrif aan die redakteur stuur.*

*Die artikel moet die eerste substansiële bydrae wees wat die skrywer vir publikasie in 'n regs wetenskaplike tydskrif aanbied. Dit moet by voorkeur oor 'n onderwerp van die Suid-Afrikaanse reg handel. Die manuskrip moet getik en in alle opsigte persklaar wees. Die redaksiekomitee behartig die beoordeling aan die einde van die kalenderjaar. Die redaksiekomitee behou hom die vryheid voor om die prys nie toe te ken nie indien die artikels wat ontvang is, na sy mening toekenning nie regverdig nie. Verskeie bydraes van 'n besondere outeur kan gesamentlik in aanmerking geneem word.*

# Kiesstelsels van proporsionele verteenwoordiging\*

deur Dion A Basson

BA LL.D.

Mede-professor in Publiekreg, Universiteit van Pretoria.

## SUMMARY

### Proportional Electoral Systems

Electoral systems applied in the different countries of the world reveal certain distinctive features and are further usually adapted to meet the needs of the particular constitutional law realities of the countries in which they are in use. Consequently it is not possible to indicate an "ideal" or "best" electoral system under constitutional law. It is, however, possible to criticize the current electoral system which is applied in South African constitutional law. This so-called relative majority system gives rise to a great disproportion between the number of votes polled by a political party in an election and the number of seats that a political party will eventually win in the legislative assembly. The theoretical basis of the principle of proportional representation is based on the valid democratic ideals of both a consociative and representative government system. Furthermore, there are various points of contact in the South African constitutional law which would justify the application of a proportional electoral system, the most important of which certainly is the application of the list system in Namibia. The most important consideration when one has to decide which form of proportional representation should be applied is the intelligibility of the electoral system even to the most illiterate voters. Furthermore, the calculations resulting from the system should be simple and effective in order to obviate errors and to inspire confidence among the voters. In the light of these requirements the author recommends the adoption of the list system of proportional representation, whereby the formula of the largest remainder is used. This electoral system is simple to understand, especially in comparison with the so-called single transferable vote electoral system which entails extremely involved calculations.

## 1 DIE ONTWIKKELING VAN DIE KIESSTELSELS VAN PROPORSIONELE VERTEENWOORDIGING

Moontlik die vroegste verklaring oor proporsionele verteenwoordiging word gevind in 'n toespraak deur Mirabeau op 30 Januarie 1789 voor die vergadering van Provence in Frankryk:<sup>1</sup>

"A representative body is to the nation what a chart is for the physical configuration of its soil: in all its parts, and as a whole, the representative body should at all times present

\* Hierdie artikel is die resultaat van navorsing wat met finansiële steun van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gedoen is, en in Pol 6/1984 gepubliseer is. Die menings hierin uitgespreek is eger die skrywer se eie en nie noodwendig dié van die RGN nie.

1 Soos aangehaal deur Hoag en Hallett *Proportional Representation* (1926) 162.

a reduced picture of the people – their opinions, aspirations, and wishes, and that presentation should bear the relative proportion to the original precisely as a map brings before us mountains and dales, rivers and lakes, forests and plains, cities and towns. The finer should not be crushed out by the more massive substance, and the latter not be excluded; the value of each element is dependent upon its importance to the whole and for the whole.”

In 1793 is verskeie voorstelle vir 'n proporsionele kiesstelsel vir Frankryk gemaak onder andere deur Saint Just wat die enkel-oordragbare-stemstelsel vir parlementêre verkiesings voorgestel het.<sup>2</sup> Dit is waarskynlik die eerste openbare voorstel vir 'n proporsionele-kiesstelsel maar dit is gou deur die gewelddadige teenstand van Robespierre onderdruk. In Frankryk het Gergonne in 1820 die eerste gepubliseerde pleidooi vir 'n proporsionele-kiesstelsel gelewer.

Thomas Wright Hill het, onafhanklik van hierdie ontwikkelinge, die enkel-oordragbare-stemstelsel van proporsionele verteenwoordiging in Engeland ontwikkel.<sup>3</sup> Hill sterf in 1851, voor Hare en Andrae, die persone wat gewoonlik vir die ontwikkeling van sy stelsel gekrediteer word. Thomas Hare het vanaf 1857 verskeie publikasies oor hierdie kiesstelsel die lig laat sien en hy is hierin veral deur John Stuart Mill ondersteun.<sup>4</sup> Die kwota wat Hare vir die werking van sy stelsel ontwikkel het, is egter verder deur Droop in 1858 aangepas.<sup>5</sup> Andrae het onafhanklik van hierdie ontwikkelinge, 'n soortgelyke maar minder verfynde stelsel in Denemarke ontwikkel en die eerste openbare verkiesing ingevolge hierdie stelsel het in 1865 daar plaasgevind.<sup>6</sup> Die eerste aanwending van die beginsel van proporsionele verteenwoordiging by openbare verkiesings het egter reeds in 1839 in Adelaide, Suid-Australië, op aanbeveling van Hill se seun plaasgevind.<sup>7</sup>

Wat die lysstelsel van proporsionele verteenwoordiging betref, het Victor Considérant, 'n dissipel van Fourier, dit reeds in 1834 in private gesprekke bepleit en in 1842 en 1846 het hy voorgestel dat hierdie stelsel in die kanton van Genève in Switserland gebruik word.<sup>8</sup> Morin, geïnspireer deur Considérant se pleidooi, publiseer in 1861 'n boek oor die lysstelsel. Hierdie ontwikkeling lei tot die stigting van die *Association Réformiste* in 1865 en die aanvaarding van die lysstelsel van proporsionele verteenwoordiging in Ticino, Genève en ander Switserse kantons.<sup>9</sup> Die propaganda van Hare en Mill was die direkte inspirasie vir hierdie beweging en 'n aangepaste Hare-stelsel word in 1883 in Basel toegepas. Die partylysstelsel van proporsionele verteenwoordiging wat in 1889 in Ticino ingevoer is, het egter die Hare-stelsel vervang en is in al die kantons in Switserland toegepas.

Die lysstelsel van proporsionele verteenwoordiging, wat van Switserland af versprei het, het die meerderheidstelsel in die kiesstelsels van verskeie lande,

2 aw 163 e v.

3 Soos aangehaal in Hill *Life of Sir Rowland Hill* (sy seun) (1921) 69 e v.

4 In Mill *Considerations on Representative Government* (1961) word die Hare-stelsel as volg aangeprys: “among the very greatest improvements yet made in the theory and practice of government.”

5 Sien oor die werking van die enkel-oordragbare-stemstelsel 3 2 2 *infra*.

6 Hoag en Hallett 172 e v.

7 aw 168 e v. Hierdie was egter nie die enkel-oordragbare-stemstelsel nie maar 'n soort van kworumstelsel.

8 Sien oor die werking van hierdie stelsel 3 2 1 *infra*.

9 Hoag en Hallett 171 e v.

veral op die Europese vasteland,<sup>10</sup> vervang. Byvoorbeeld in Serbië (sedert 1899), Finland (sedert 1905), Swede (sedert 1907), Portugal en Bulgarye (sedert 1911), Ysland (sedert 1915), Nederland (sedert 1917), Luxemburg (sedert 1918), Oos-tenryk (sedert 1919), Noorweë (sedert 1919), Italië (in 1919–1920 en sedert 1946), Denemarke (1920), Duitsland (1920–1933 en sedert 1949), Griekeland (1926), Frankryk (slegs in 1945 en 1951) en Israel (1948).

Die enkel-oordraagbare-stemstelsel van proporsionele verteenwoordiging het nie so wyd en intensief toepassing gevind nie. Dit word vandag aangetref in<sup>11</sup> Ierland, Malta en Tasmanië (parlementêre verkiesings); Australië (senaat); in die plaaslike en ander minder belangrike verdagerings in Britanje en sommige van haar voormalige dominiums asook in die Verenigde State van Amerika.

## 2 DIE TEORETIESE GRONDSLAE VAN DIE BEGINSEL VAN PROPORSIONELE VERTEENWOORDIGING

Die beginsel van proporsionele verteenwoordiging, soos dit by kiesstelsels toepassing vind, beteken dat alle groepe (politieke partye) wat aan 'n verkiesing deelneem, dit wil sê ook die minderheidsgroepe en nie slegs die meerderheid nie, verteenwoordiging moet verkry direk eweredig of proporsioneel tot die stemme wat daardie groepe in 'n betrokke verkiesing behaal.

Die filosofiese grondslae waarop die beginsel van proporsionele verteenwoordiging berus, is reeds waarneembaar in die toespraak van Mirabeau wat hierbo ter inleiding volledig aangehaal is. Die idee van proporsionele verteenwoordiging is egter gewortel in die negentiende eeuse liberalisme soos dit te vinde is in die werke van veral John Stuart Mill en is gebaseer op die beginsel van basiese individualisme en die beginsel van gelykheid (*egalitarianism*).<sup>12</sup> Mill verklaar dienooreenkomstig dat individualisme onderlê word deur gelykheid, maar dan bestaan gelykheid slegs ter wille van vryheid. Mill sien verteenwoordiging as 'n instrument om die regering te kontroleer ten einde die persoonlike vryheid van die individu te waarborg. Die ideale regeringstelsel is 'n direkte demokrasie waar elke individu 'n persoonlike aandeel in die regeringsinstellings het, maar aangesien dit onmoontlik is, is dit vervangbaar met 'n verteenwoordigende regeringstelsel.<sup>13</sup> Dit is egter nie genoeg dat elke individu oor stemreg beskik nie maar elke stem moet verder ook 'n gelyke waarde dra. Om hierdie rede wantrou Mill die meerderheidsbeginsel (wat geld by sogenaamde meerderheids-kiesstelsels) en vereis hy dat die regte en vryhede van *minderhede* ook verteenwoordig moet wees.<sup>14</sup> Mill is verder ook 'n voorstander van die elitisme wat verklaar dat 'n groep persone (dit wil sê 'n minderheid), wat oor *superior competence* beskik, moet regeer. So 'n elitistiese regeringstelsel is volgens Mill 'n waarlik verteenwoordigende regering.

10 Sien oor die kiesstelsels wat in hierdie lande geld 3 2 1 *infra* waar die werking van die lysstelsel van proporsionele verteenwoordiging bespreek word.

11 Sien vir meer besonderhede hieroor die bespreking in 3 2 2.

12 Sien in die algemeen Mill *Utilitarianism, Liberty and Democratic Representative Government* (1972) 175 e v.

13 Sien Mill *Representative Government* (1928) 226–228.

14 Sien oor Mill se standpunte in die algemeen Hogan *Election and Representation* (1945) 122 e v veral 125 e v. 'n Ondersteuner van Mill is Bagehot *The English Constitution* (1867 reprint 1928).

'n Veel beter omskrywing van 'n verteenwoordigende regering kan egter soos volg weergegee word:<sup>15</sup> Verteenwoordigende regering kan omskryf word as regering wat voldoen aan die vereiste dat die owerheidsgesag in die staat nie op 'n arbitrêre wyse nie maar namens al die onderdane in daardie staat uitgeoefen moet word. Verteenwoordiging as regs waarde is vervat in hierdie ideaal van 'n verteenwoordigende regering. Verteenwoordiging as regsfiguur<sup>16</sup> in die positiewe staatsreg kan vervolgens omskryf word as die *proses* waardeur so 'n verteenwoordigende regeringstelsel daargestel word. Die belangrikste deel van die verteenwoordigingsproses wat investerings- en legitimisasie-elemente bevat, is die *verkiegingsproses* waardeur die onderdane 'n inspraak in, of te wel 'n invloed verkry op die regeringsgesag, sowel wat die regeringsamestelling as die regeringsbeleid betref.

Hierdie omskrywing van 'n waarlik verteenwoordigende regeringstelsel is nie versoenbaar met 'n kiesstelsel wat op die meerderheidsbeginsel<sup>17</sup> gegrond is nie. Al die onderane moet in staat gestel word om 'n wesenlike invloed in die sfeer van die regeringsgesag uit te oefen, en gevolglik moet ook die *minderheidsgroepe* hierdie inspraak hê ten einde te verseker dat 'n waarlik verteenwoordigende regeringstelsel daargestel word. Hiervoor is 'n kiesstelsel nodig wat berus op die beginsel van proporsionele verteenwoordiging waarin die minderheidsgroepe 'n eweredige aandeel in die *vertteenwoordigingsproses* verkry. Die sogenaamde meerderheids-kiesstelsel, waar minderheidsgroepe nie 'n regmatige aandeel in die verteenwoordigingsproses verkry nie, is om hierdie rede strydig met die bestaan van 'n waarlik verteenwoordigende regeringstelsel.

Die ideaal van 'n demokratiese regeringstelsel wat aangemerkt kan word as 'n verteenwoordigende regeringstelsel, sowel as die leer van die negentiende eeuse liberalisme van Mill, wat hierbo uiteengesit is, onderskryf gevolglik die beginsel van proporsionele verteenwoordiging.

Die demokratiese regeringstelsel wat op die beginsel van die konsosiatiewe demokrasie berus, word op sy beurt ook deur die beginsel van proporsionaliteit onderlê.<sup>18</sup> Die konsosiatiewe demokrasie is naamlik in stryd met die idee dat demokrasie gelykgestel moet word aan meerderheidsregering en dat demokratiese stabiliteit onmoontlik is in verdeelde plurale gemeenskappe. Derhalwe vervang die konsosiatiewe demokrasie die meerderheidsbeginsel en ander negatiewe aspekte van sogenaamde liberale konstitusionalisme met 'n stelsel van magsdeling in sake wat van gemeenskaplike belang is en outonomie in sake wat van eksklusiewe belang is vir elk van die politieke georganiseerde segmente in die gemeenskap.<sup>19</sup> Die konsosiatiewe demokrasie berus gevolglik op sekere beginsels

15 Sien vir verdere besonderhede Basson *Verteenwoordiging in die Staatsreg* (ongepubliseerde LLD-proefskrif Unisa 1981) 210 e v asook 193-204. Elitisme wat die vrye mandaatsteorie van verteenwoordiging onderskryf verleen nie so 'n groot invloed aan die onderdane in die sfeer van die regeringsgesag as die stelsel van partyregering waar die verteenwoordigers as die verteenwoordigers van die partybeleid beskou kan word nie.

16 a w 215.

17 a w 149-156. By 'n waarlik verteenwoordigende regeringstelsel moet die belange van die minderheidsgroepe in ag geneem word.

18 Sien Boule *South Africa and the Consociational Option: A Constitutional Analysis* (ongepubliseerde PhD-proefskrif UN 1982) 411-420.

19 a w 529-531.

waarvan die belangrikste kortliks soos volg weergegee kan word:<sup>20</sup> Die *grand*-koalisie-beginsel vereis die deelname van alle betekenisvolle politieke èlitegroepe aan die belangrikste beleidmakende instellings. Ten einde 'n stelsel van magsdeling te bewerkstellig, berus hierdie regeringstelsel op die beginsel van die wedyersydse veto ingevolge waarvan die minderhede deelname aan beleidsake sal hê deurdat minderhede die meerderheid deur middel van die veto van skadelike optrede kan weerhou. Vervolgens berus hierdie stelsel op die beginsel van segmentale outonomie ingevolge waarvan die magsdeling op nasionale vlak onderlê word deur die feit dat elke minderheidsgroep of segment sake van eksklusiewe belang moet beheer en reguleer. Dit is duidelik dat die beginsel van *proporsionaliteit* op verskeie vlakke van die konsosiatiewe model funksioneer. Die "grand"-koalisie moet naamlik bestaan uit verteenwoordigers van die segmente in verhouding tot elke segment se numeriese en verkiesingsterkte ten einde die regverdige deelname van alle groepe te verseker, insluitende *minderhede*. Hiervoor is 'n proporsionele-*kiesstelsel* nodig, nie alleen as basis vir die samestelling van die wetgewende gesag nie, maar ook as basis vir die aanwending van die beginsel van proporsionaliteit in ander areas van hierdie konsosiatiewe stelsel.

Samevattend kan gesê word dat die teoretiese grondslae van die beginsel van proporsionele verteenwoordiging gevind kan word in die toonaangewende denkrigtings wat daar bestaan oor die demokratiese regeringstelsel, hetsy as verteenwoordigende regeringstelsel hetsy as konsosiatiewe regeringstelsel.

### 3 DIE WERKING VAN KIESSTELSELS

Die werking van 'n kiesstelsel wat berus op die beginsel van proporsionele verteenwoordiging, moet vervolgens nader ondersoek word. Vir die doeleindes van hierdie navorsing is dit sinvol om eersens te onderskei tussen meerderheidstelsels wat deur die meerderheidsbeginsel onderlê word en proporsionele-kiesstelsels wat deur die beginsel van eweredige verteenwoordiging onderlê word.

Daar moet altyd in gedagte gehou word dat feitlik elke kiesstelsel wat in die wêreld toepassing vind, sekere streng eiesoortige karaktertrekke vertoon. Dit is gevolglik bykans onmoontlik om hierdie kiesstelsels presies te kategoriseer. Daar bestaan nie iets soos die "ideale" of "beste" kiesstelsel nie en gevolglik moet die werking van veral die proporsionele kiesstelsel nader ondersoek word ten einde die metodes waardeur die beginsel van proporsionele verteenwoordiging deur verskeie van hierdie stelsels verwesenlik word, krities te kan ontleed.

#### 3 1 Meerderheidstelsels

##### 3 1 1 *Die Absolute-Meerderheidstelsel*<sup>21</sup>

Ingevolge hierdie stelsel word 'n setel verower deur die politieke party of kandidaat wat 'n absolute meerderheid verkry het van die totale aantal stemme wat uitgebring is. Die wenkandidaat moes gevolglik meer stemme verkry het as wat al die ander mededingers tesame gekry het. Aangesien dit moontlik kan gebeur dat 'n absolute meerderheid nie op hierdie wyse behaal word nie, is by hierdie

<sup>20</sup> a w 408-434.

<sup>21</sup> Vgl bv die kiesstelsel in Kanada: Mackie en Rose *The International Almanac of Electoral History* (1974) 65.

stelsel 'n veiligheidsklep nodig wat op twee maniere kan werk, naamlik deur 'n tweede stemming of deur 'n alternatiewe stemming.<sup>22</sup>

By die tweede stemming<sup>23</sup> kan 'n blote relatiewe meerderheid van stemme as voldoende beskou word of kan 'n meerderheid bereik word deur die eliminasië van al die mededingers behalwe die twee wat die meeste stemme in die eerste ronde behaal het.<sup>24</sup>

Indien kiesers 'n alternatiewe of voorkeurstem<sup>25</sup> het, hoef daar nie 'n tweede stemming plaas te vind nie. Hier plaas die kieser die kandidate in die orde van sy voorkeur. 'n Kandidaat word slegs verkies indien hy 'n absolute meerderheid behaal. Indien geeneen van die kandidate by die eerste telling 'n absolute meerderheid behaal nie, word die kandidaat met die laagste stemtotaal geskrap en die tweede voorkeurstemme van diegene wat hom as eerste keuse gestel het, word aan die oorblywende kandidate toegedeel totdat die eerste kandidaat wat op hierdie wyse 'n absolute meerderheid behaal, verkies word.<sup>26</sup>

Hierdie stelsel vind feitlik deurgaans toepassing slegs in lande waar 'n enkelid-kiesafdeling-kiesstelsel toegepas word. In Frankryk word die stelsel van tweede stemming toegepas en in Australië die alternatiewe-stemmetode.<sup>27</sup>

### 3 1 2 Die Relatiewe-Meerderheidstelsel

Hierdie stelsel kom, soos bogenoemde, feitlik deurgaans voor slegs in lande waar 'n enkelid-kiesafdeling-kiesstelsel van toepassing is.<sup>28</sup>

Ingevolge hierdie stelsel word 'n setel verower deur die politieke party of kandidaat wat die grootste getal stemme op hom verenig, ongeag die feit of hierdie getal groter is as die helfte van die totale getal stemme wat uitgebring is, al dan nie. Hierdie stelsel staan ook bekend as die "pluraliteit" – of *first-past-the-post*-stelsel.

Hierdie stelsel kan egter wel voorkom by lande met 'n meerlidkiesafdeling-kiesstelsel. Die bevoordeling van groot politieke partye deur hierdie stelsel kan

22 Rae *The Political Consequences of Electoral Laws* (1971) 25.

23 Die tweede stemming waar 'n relatiewe meerderheid genoegsaam is vind in Frankryk toepassing. Kandidate wat in die eerste ronde egter minder as 10% van die totale stem behaal het, val heeltemal uit. Sien Mackie en Rose 126.

24 Hierdie stelsel vind toepassing in die verkiesings van die senaatslede in Frankryk en het ook in 1908 en 1911 in Nieu-Seeland toepassing gevind: Mackie en Rose 126–289.

25 Hierdie stelsel vind in Australië by die verkiesing van lede van die *house of representatives* sowel as in die RSA by die verkiesing van die staatspresident toepassing: Vorster Ongepubliceerd aantekeninge *Staatsreg I UP* (1982) 6.

26 Mackenzie *Free Elections* (1958) 56. Alhoewel hierdie metode daarop gerig is om te verhoed dat 'n mededinger met 'n minderheidstem wen, kan dit steeds 'n regering wat nie die meerderheidsteun van kiesers het nie, tot gevolg hê. Sien Olivier "Party- en Kiesstelsels" in Van Vuuren en Krick (reds) *Politieke alternatiewe vir Suider-Afrika: Grondslae en perspektiewe* (1983) 335 veral 344.

27 Sien die gesag in vn 23 en 25.

28 Hierdie stelsel vind grootliks toepassing in die Anglò-Saksiese wêreld. Sien oa oor die posisie in die Verenigde Koninkryk; die Verenigde State van Amerika; Nieu-Seeland en die RSA Mackie en Rose 381–383 405, 289 en 327 (respektiewelik).

in 'n groot mate besweer word deur die toepassing van enkel-nie-oordraagbare-stemstelsel.<sup>29</sup> Elke kieser beskik ingevolge hierdie stelsel oor een stem hoewel meer as een verteenwoordiger gekies moet word. Die kandidate word verkies in verhouding tot hulle aandeel in die totale stem, totdat al die setels in die betrokke kiesafdeling gevul is.

Wanneer die relatiewe-meerderheidstelsel egter in 'n enklidkiesafdeling-kiesstelsel funksioneer gee dit feitlik altyd aanleiding daartoe dat daar 'n groot proporsionaliteit bestaan tussen die stemgetal teenoor die aantal setels wat ingevolge daardie stemgetal verower is. Hierdie stelsel kan gevolglik 'n meerderheid skep wat strydig is met die kiesers se stemming.<sup>30</sup>

### 3 2 Proporsionele-Kiesstelsels

Kiesstelsels wat proporsionele of eweredige verteenwoordiging teweegbring, dit wil sê 'n groot ooreenstemming tussen 'n politieke party se stemgetal teenoor die aantal setels wat dit verower, kan ingedeel word in lysstelsels aan die een kant en die stelsel van die enkele oordraagbare stem, aan die ander kant.

#### 3 2 1 Lysstelsel van Proporsionele Verteenwoordiging

Proporsionele-kiesstelsels moet meerledige kiesafdelings gebruik sodat die setels in 'n kiesafdeling eweredig verdeel kan word tussen die gewildste politieke partye.<sup>31</sup> In 'n enklid-kiesafdeling moet een kandidaat alles wen, dit wil sê die enkele setel en proporsionele verdeling is gevolglik nie versoenbaar nie.

Die aantal setels per kiesafdeling verskil grootliks van land tot land en selfs binne dieselfde land. In uiterste gevalle word die hele land as een enkele kiesafdeling beskou.<sup>32</sup> Gewoonlik word setels toegeken op kiesafdeling-vlak.<sup>33</sup> Somtyds word setels egter op die streeks- of nasionale vlak verder geallokeer ten einde groter eweredigheid te bewerkstellig en hierdeur word politieke partye wat relatief benadeel word deur die verdeling op kiesafdeling-vlak, bevoordeel.<sup>34</sup> Aan die ander kant word baie klein politieke partye somtyds verhoed om 'n setel te verkry deur 'n drempel te stel van 'n minimum aantal stemme wat verkry moet word en indien 'n politieke party nie daaraan voldoen nie, is die party uitgesluit van die verdeling van setels, hetsy op kiesafdeling-vlak of op hoër vlak of beide.<sup>35</sup>

29 a w 223-224 431. Die enkel-nie-oordraagbare-stemstelsel vind in Japan toepassing. Hierdie stelsel van beperkte stem, d w s waar die kieser minder stemme het as wat daar kandidate is, kan moontlik as 'n stelsel van semi-proporsionele verteenwoordiging aangemerkt word. Sien Olivier 344-345. Hiernaas kan verder ook die kumulatiewe stem en die puntstelsel onderskei word. Sien Olivier 345-346 asook Hoag en Hallett 50-52.

30 Sien Rae 75; Vorster 7.

31 Sien Olivier 346; Vorster 8. Sien in die algemeen oor die lysstelsel Birke *European Elections by Direct Suffrage* (1961) 61 e v.

32 Dit is die geval in Nederland en Israel. Sien Schulz *Essentials of Government* (1964) 340.

33 Sien Mackie en Rose 432.

34 In Swede, Ysland, Oostenryk en Denemarke word addisionele setels op 'n tweede vlak toegeken aan politieke partye wat 'n sekere vereiste aandeel in eerste-vlak- (d w s kiesafdeling-vlak) verkiesings behaal het. Sien Mackie en Rose 341 167 26 89 (respektiewelik). In Italië en België word ongeallokeerde setels op kiesafdeling-vlak na 'n poel oorgedra waar 'n tweede allokasie plaasvind. Sien Mackie en Rose 210 en 39 (respektiewelik).

35 Ten einde in aanmerking te kom vir setels ingevolge die lysstelsel moet 'n politieke party in Duitsland ten minste 5% van die nasionale stem of een setel in die kiesafdeling-stelsel verower het. Sien Mackie en Rose 141-143. Wat Israel betref word 'n drempel van 1% van die nasionale stem gestel. Sien Likhovski *Israel's Parliament* (1971) 64.

a *Keusemoontlikhede* Die lysstelsel kan voorsiening maak vir verskeie keurmoontlikhede op die lyste:

i Die gebonde lys waar die kieser slegs vir die lys as geheel kan stem.<sup>36</sup> Hier stel die politieke party die lys op en is die kieser gebind aan die volgorde van die kandidate soos wat hulle op die lys verskyn. Die kieser stem naamlik bloot vir die lys (volgorde) soos wat dit is.

ii 'n Sisteem van meervoudige voorkeurstem<sup>37</sup> waar die kieser sy voorkeure te kenne kan gee en oor meer as een stem beskik. Hier kan weer verskeie moontlikhede onderskei word:

aa Die kieser kan slegs sy voorkeure te kenne gee tussen verskillende kandidate op dieselfde (party-)lys.

bb Akkumulاسie, waar die kieser meer as een van die stemme of al die stemme waaroor hy beskik op een kandidaat kan verenig.

cc *Panachage* waar die kieser sy stemme tussen die kandidate van verskillende (party-)lyste kan versprei.

dd 'n Kombinasie van akkumulاسie en *panachage*.

iii 'n Sisteem van enkelvoudige voorkeurstem<sup>38</sup> waar die kieser slegs oor een stem beskik om sy voorkeur aan te dui. By die oordrag van sy stem na ander kandidate is die kieser egter gewoonlik gebonde aan die volgorde waarop die kandidate op die lys verskyn. Die kieser is normaalweg ook bevoeg om te kies of hy wil stem vir die gebonde lys en is gevolglik nie verplig om 'n voorkeurstem uit te bring nie.

b *Formules by die toekenning van setels aan lyste* Die waardes in 'n getallessisteem kan altyd in die een of ander proporsionaliteit gestel word maar aangesien breukdele van kiesers, kandidate of setels nie bestaan nie, word dieselfde

36 Dit is die geval in Duitsland. Sien Vorster 8 e v; Henig *Political Parties in the European Community* (1979) 90 e v, veral 105–107 waar Burkett oor “*The Federal Republic of Germany*” skryf.

37 Switserland laat die grootste moontlike voorkeur toe deurdat die stelsel beide *panachage* sowel as akkumulاسie bevat. Sien Hughes *The Federal Constitution of Switzerland* (1954). Dit is ook die geval in Luxemburg met dié verskil dat die kieser hier 'n verdere keuse het om ook vir die vaste partylys soos wat dit daar uitsien, te stem. Sien Hirsch *Luxembourg* in Henig 170. In Italië het 'n kieser ook die keuse om vir vaste lys te stem of om drie tot vier voorkeure aan te dui op die lys. Die kieser kan verder ook name op die lys skrap en kandidate se skappings word eers van hulle voorkeurstemme afgetrek voordat verder berekenings gemaak word. Sien Allum *Italy* in Henig 144.

38 In Nederland mag 'n kieser óf vir die partylys soos opgestel stem óf hy kan 'n voorkeur aandui vir een kandidaat op daardie lys. Sien hieroor Belinfante *Beginnelsen van Nederlands Staatsrecht* (1964) 39 e v 41. Surplusstemme op voorkeurstem-kandidate wat verkies is, word egter volgens lysvolgorde oorgedra behalwe vir kandidate wat meer as die helfte van die vereiste voorkeurstemgetal kry om verkies te kan word. Hierdie kandidate kry voorkeur bo die lysvolgorde. Sien hieroor Hand, Georgel en Sasse *European Electoral Systems Handbook* (1979) 211. In Denemarke en België mag 'n kieser ook stem vir die lys soos opgestel of die kieser kan sy eerste voorkeur aantoon, maar die oordrag van stemme geskied steeds volgens die lysvolgorde. Sien Lakeman *How Democracies Vote* (1947) 183. In België is dit verder ook moontlik om vir plaasvervanger-kandidate op 'n lys te stem. Sien Hand Georgel en Sasse 8 e v. In Finland bevat elke stembrief 'n blanko sirkel waarop die nommer van die voorkeurkandidaat op die lys neergeskryf moet word. Sien hieroor Lakeman 104.

volkome proporsionaliteit selde in kiesstelsels aangetref. Die volgende voorbeeld illustreer die probleem:<sup>39</sup>

Tabel A

Drie politieke partye neem deel aan 'n verkiesing in 'n sewe-lidkiesafdeling en die volgende getal stemme word op elke partylys verenig:

Party A	31 500	56% van stemtotaal	=	3,92	setels
Party B	18 500	33% van stemtotaal	=	2,31	setels
Party C	<u>6 000</u>	11% van stemtotaal	=	<u>0,77</u>	setels
Totale aantal stemme	<u>56 000</u>	Totale aantal setels	=	<u>7</u>	

Proporsionaliteit op sigself bring gevolglik geen finale resultaat nie, enige van die volgende verdelings is moontlik:

A		B		C		
5	+	2	+	0	=	7
4	+	3	+	0	=	7
4	+	2	+	1	=	7

Verskeie formules word in geval van lysstelsels aangewend om 'n finale resultaat te verkry. Die belangrikstes, wat vandag by parlementêre verkiesings aangewend word, word vervolgens bespreek.

i *Die stelsel van die grootste oorblywende gedeelte*<sup>40</sup> Ingevolge hierdie stelsel word 'n kwota vir elke partylys soos volg bereken:

$$\frac{\text{Totale aantal stemme uitgebring}}{\text{Totale aantal setels}} = \text{kwota}$$

Die stemgetal wat op elke partylys verenig is, word verdeel deur die kwota. Die politieke party(-lys) verkry 'n setel vir elke heelgetal. Dikwels word sommige setels nie ingevolge hierdie stelsel toegeken nie. In so 'n geval word die eerste ongeallokeerde setel toegeken aan die politieke party(-lys) met die grootste oorblywende gedeelte van stemme nadat een kwota afgetrek is van elke politieke party se stemtotaal vir elke setel wat hy reeds verower het. Die tweede ongeallokeerde setel gaan aan die politieke party met die tweede grootste oorblywende gedeelte, ensovoorts totdat al die setels gevul is.

ii *Die d'Hondt-stelsel van die grootste gemiddelde* Die setels word ingevolge hierdie stelsel een vir een geallokeer, en elke setel word toegeken aan die lys wat die hoogste gemiddelde getal stemme per setel sou hê indien dit daardie betrokke setel sou wen. Die formule wat gebruik word om hierdie resultaat te bereik, is

39 Bron: Vorster 9. Sien in die algemeen oor die fomule-berekeninge Rokkan *Citizens, Elections, Parties* (1970) 158-164.

40 Hierdie stelsel word in Israel toegepas. Sien Likhovski 56-72. In Italië vind die tweede verdeling van stemme op nasionale vlak volgens hierdie stelsel plaas. Sien Mackie en Rose 209-210. In die eerste ronde in Italië word die *imperiali*-metode gebruik. Setels word ingevolge die volgende kwota toegeken:

$$\frac{\text{totale getal stemme}}{\text{totale aantal setels} + 2}$$

Hierdie stelsel het tot gevolg dat kleiner partye reeds met die eerste verdeling setels kan behaal. Sien hieroor Henig 144.

dat elke lys se oorspronklike stemtotaal gedeel word deur een meer as die getal setels wat daardie lys alreeds verower het, ten einde vas te stel wat daardie lys se gemiddelde sou wees indien dit daardie betrokke setel sou wen. Die volgende tabel kan as voorbeeld hiervan dien:<sup>41</sup> (daar is vier politieke partye (partylyste) en vyf setels wat gevul moet word:)

Tabel B

	Ronde 1	Ronde 2	Ronde 3	Ronde 4	Ronde 5
Oorspronklike stem-totaal op partylys					
A	8 700*	2 4 350	2 4 350	2 4 350*	3 2 900
B	6 800	1 6 800*	2 3 400	2 3 400	2 3 400*
C	5 200	1 5 200	1 5 200*	2 2 600	2 2 600
D	3 300	1 3 300	1 3 300	1 3 300	1 3 300

\* Setel is verower

In die eerste ronde is die verdeler een omdat geen party nog 'n setel verower het nie. Party A wen die setel in die eerste ronde. In die tweede ronde is die verdeler vir Party A nou gevolglik  $1 + 1 = 2$ , terwyl die verdeler vir die ander partye dieselfde bly. Party B het nou die hoogste gemiddelde en wen die setel terwyl sy verdeler nou 2 word vir die derde ronde. Die proses verloop op hierdie wyse totdat al vyf setels in die laaste ronde gevul is.<sup>42</sup>

aa By sommige kiesstelsels wat hierdie *d'Hondt*-metode gebruik, word die eerste toekenning van setels eger volgens die volgende formule gedoen:

$$\frac{\text{Totale aantal stemme uitgebring}}{\text{Totale aantal setels}} = \text{kwota}$$

Soos by die stelsel van die reeds vermelde grootste oorblywende gedeelte word die stemgetal wat op elke partylys verenig is, gedeel deur die kwota en 'n setel toegeken vir elke heelgetal. Die *d'Hondt*-stelsel word dan slegs toegepas om alle oorblywende setels te vul.<sup>43</sup>

bb *Die Hagenbach-Bischoff-stelsel* Hierdie stelsel is 'n alternatiewe metode van berekening wat baie ooreenstem met die *d'Hondt*-stelsel. 'n Kwota word soos volg bereken:

$$\frac{\text{Totale aantal stemme uitgebring}}{\text{Totale aantal setels} + 1} = \text{kwota}$$

Vervolgens word die stemgetal wat op elke partylys verenig is, gedeel deur die kwota en 'n setel toegeken aan elke partylys vir elke heelgetal.

41 Bron: Mackenzie 78.

42 In oa Finland, Duitsland en Ysland word die *d'Hondt*-stelsel toegepas. Sien hieroor Mackie en Rose 105, 143 en 167 (respektiewelik). By die indirekte verkiesing van die lede van die senaat in Frankryk word hierdie stelsel ook toegepas. Sien hieroor Hand, Georgel en Sasse 92-95.

43 Nederland en België volg hierdie metode. Sien Hand, Georgel en Sasse 207 e v asook p 3 e v (respektiewelik).

Indien enige setels hierna oorbly, word elke partylys se oorspronklike stem-totaal gedeel deur die setels alreeds behaal plus een, twee, ensovoorts. Die oorblywende setels word dan toegeken aan die partylys met die hoogste gemiddelde vir elkeen van hierdie agtereenvolgende verdelings totdat alle setels gevul is.<sup>44</sup>

iii *Die Saint-Lague-stelsel van die grootste gemiddelde* Hierdie stelsel is 'n uitbreiding van die *d'Hondt*-stelsel en werk op presies dieselfde beginsel. Die enigste verskil tussen hierdie twee stelsels is dat die stemgetal vir elke partylys nie deur 1, 2, 3, ensovoorts gedeel word nie maar wel deur die getalle 1, (in meeste gevalle 1,4), 3, 5, 7, ensovoorts. Dit beteken dat partye wat reeds 'n setel verower het dit progressief moeiliker vind om nog 'n setel te verower en gevolglik word kleiner partye bevoordeel.<sup>45</sup>

c *Toekenning van setels aan kandidate binne die lys* By die gebonde lys is daar geen probleem nie en word die setels wat deur die lys verower is, toegeken ingevolge die rangorde van die betrokke partylys.<sup>46</sup>

By die sisteem van die enkelvoudige voorkeurstem word 'n lyskwota bereken:<sup>47</sup>

$$\frac{\text{Totale aantal stemme op partylys uitgebring in die verkiesing}}{\text{Totale aantal setels verower deur partylys in verkiesing}}$$

'n Kandidaat wie se voorkeurstemme hierdie lyskwota oorskry, word verkose verklaar.

Die lysvolgorde is bindend vir sover dit die oordrag van surplusstemme van een kandidaat na 'n ander betref, hoewel daar enkele uitsonderings op hierdie reël mag bestaan.<sup>48</sup>

By die sisteem van die meervoudige voorkeurstem sal die voorkeurkeuses insgelyks eerste afgehandel word voordat die setels verder verdeel word.<sup>49</sup>

### 3 2 2 *Die Enkel-Oordraagbare-Stemstelsel van Proporsionele Verteenwoordiging*

Hierdie stelsel verskil van die lysstelsel omdat die kieser nie hier vir 'n partylys stem nie maar die individuele kandidate in rangorde van voorkeur rangskik. Daar is verskeie variasies van die stelsel van die enkele oordraagbare stem. Dit is egter duidelik dat hierdie stelsel slegs in meerledige kiesafdelings toegepas kan word.

44 Die *Hagenbach-Bischoff*-metode van berekening is as plaasvervanger vir die *d'Hondt*-stelsel aanvaar deur die kiesstelsels van oa Oostenryk (1923), Luxemburg (1918) en Switzerland (1919). Sien Mackie en Rose 25-26, 237 en 363 (respektiewelik).

45 Die *Saint-Lague*-stelsel word toegepas in oa Denemarke (Hand, Georgel en Sasse 1-7 e v); Noorweë (Lakeman 186 e v) en Swede (Board *The Government and Politics of Sweden* (1970) 78-81). Sien verder Taylor en Johnson *Geography of Elections* (1979) 67 e v.

46 Dit is die geval in Duitsland. Sien Henig 105 e v.

47 Dit is die posisie in oa Nederland en Finland. Sien Lakeman 104 e v.

48 Dit is die posisie in oa België en Nederland. Sien Hand, Georgel en Sasse 23 207 e v (respektiewelik). In Nederland kry die kandida(a)t(e) wat meer as helfte van die "lyskwota" behaal egter voorkeur in rangorde.

49 Sien oa die posisie in Italië waar die skappings eers van die voorkeurstemme afgetrek word voordat verdere verdelings gemaak word. Sien hieroor Henig 144 en vn 17 *supra*.

Die kwota-formule wat deur Hare ontwerp is, was 'n direkte eenvoudige kwota:

$$\frac{\text{aantal stemme}}{\text{aantal setels}}$$

Droop het egter 'n ander kwota-formule ontwerp, naamlik:

$$\frac{\text{aantal stemme}}{\text{aantal setels}} + 1$$

Dit is 'n kleiner formule wat beteken dat veel meer setels reeds by die eerste verdeling toegeken word.

Die enkel-oordraagbare-stemstelsel met die *Droop*-kwota verloop soos volg:<sup>50</sup>

Stembriewe word getel volgens eerste keuses, en kandidate wat die *Droop*-kwota behaal, word verkose verklaar. Hierna word al die tweede-keuse-stemme van die verkose kandidate aan die nie-verkose kandidate oorgedra ooreenkomstig die formule:

$$\frac{\text{tweede keuses vir nie-verkosene}}{\text{nie-verkosene}} \times \frac{\text{stemtotaal vir verkosene-Droop-kwota}}{\text{stemtotaal vir verkosene}}$$

Kandidate wat in hierdie stadium aan die reeds-bepaalde *Droop*-kwota voldoen, is verkose.

Die kandidaat met die minste stemme word as verslaan beskou en dan word sy stembriewe volgens tweede keuses gesorteer. Die totale so verkry word sonder meer aan die oorblywende kandidate oorgedra sonder aanpassing. Kandidate wat nou die aantal stemme verkry wat aan die *Droop*-kwota voldoen, is verkose. Kandidate wat in die laaste twee rondes verkies is se stembriewe word volgens hul tweede en derde keuses gesorteer ooreenkomstig die formule van aanpassing. So word die prosedure verder gevoer totdat alle setelvakatures gevul is.

#### 4 DIE VOOR- EN NADELE VAN DIE PROPORSIONELE-KIESSTELSEL

Soos duidelik blyk uit die bespreking hierbo van die meerderheidstelsel, is dit 'n *winner-takes-all* stelsel. Hierdie kiesstelsel stel die groep (politieke party) wat die verkiesing wen in staat om maklik 'n volstreekte meerderheid te verkry om op hierdie wyse 'n stabiele regering daar te stel.<sup>51</sup> 'n Verdere voordeel van hierdie kiesstelsel is die feit dat dit altyd 'n kiesafdeling-kiesstelsel is en gevolglik 'n nouer skakeling tussen die verteenwoordiger en die kieser teweegbring.<sup>52</sup>

50 Hierdie stelsel word in Ierland gebruik vir parlementêre verkiesings. Sien hieroor Rae 36 e v; Hoag en Hallet 417-418. Die stelsel van die enkele oordraagbare stem (*Hare*-stelsel) word ook in Tasmanië toegepas. Die enkel-oordraagbare stemstelsel is verder toegepas by verkiesings van die Skotse onderwysowerhede (1919-1928) en word ook in die Kerk van Engeland toegepas. In die voormalige Britse dominiums (Suid-Afrika, Nieu-Seeland, Kanada, Nieu-Suid-Wallis, Tasmanië en Australië) is die enkel-oordraagbare-stemstelsel ook by verkiesings van lede van plaaslike owerheidsinstellings toegepas. Sien Lakeman 234-247 250-253. Hierdie stelsel word ook in die Noorde-Ierse senaat, die Australiese senaat, die senaat en volksraad van Malta en sekere plaaslike instellings in die VSA (Taylor en Johnson 57 e v) toegepas.

51 Sien Lakeman 172; Keith *Constitutional Law*: (1946) 67; Basson 177.

52 Sien Durverger *Political Parties: Their Organization and Activity in the Modern State* (1964) 382 e v; Henig 145 e v.

Die nadeel van die meerderheidstelsel is egter dat die meerderheidsgroep (meerderheidsparty) wat die verkiesing wen oor-verteenvoerdig is in die wetgewende vergadering terwyl die minderheidsgroepe (die kleiner politieke partye) baie min of soms glad geen verteenwoordiging verkry nie. Hierdie disproporsionaliteit word nog verder verhoog deurdat daar die moontlikheid van knoeyery by die proses van kiesafdelingafbakening bestaan.<sup>53</sup> 'n Verdere nadeel van die meerderheidstelsel is dat vanweë hierdie disproporsionaliteit, 'n relatief klein verandering in stemgedrag groot veranderinge in setelbesetting meebring en dit kan selfs radikale regeringsbeleidswisselinge veroorsaak.<sup>54</sup>

Die proporsionele kiesstelsel skakel die grootste nadeel van die meerderheidstelsel uit deurdat dit aan die strydende groepe (politieke partye) tydens 'n verkiesing 'n aandeel in die setelbesetting gee wat direk eweredig is aan die persentasie stemme wat daardie onderskeie groepe respektiewelik tydens die verkiesing behaal het. Soos hierbo aangedui is, is die grootste voordeel van die proporsionele kiesstelsel die feit dat minderheidsgroepe hulle regmatige aandeel in verteenwoordiging by die wetgewende vergadering verkry.<sup>55</sup> Op hierdie wyse word radikale regeringsbeleidswisselinge ook teengewerk omdat 'n omwenteling in setelbesetting moeiliker plaasvind.<sup>56</sup>

Die grootste nadeel van die proporsionele-kiesstelsel is volgens sekere kritici van hierdie stelsel<sup>57</sup> die feit dat 'n groot aantal klein politieke partye in staat gestel word om setels te wen en dat hierdie kiesstelsel gevolglik 'n onstabiele regering of 'n koalisieregering onvermydelik maak. 'n Verdere nadeel van hierdie kiesstelsel is die feit dat dit, veral wat die lysstelsel betref, kan lei tot 'n verswakking van die persoonlike kontak tussen die verteenwoordigers en die kiesers. Daar kan egter veel eerder saamgestem word met die voorstanders van die proporsionele kiesstelsel<sup>58</sup> wat, na 'n deeglike ondersoek van hierdie stelsel, tot die gevolgtrekking gekom het dat 'n onstabiele regering nie toegeskryf moet word aan die soort kiesstelsel wat gebruik word nie maar dat dit veel eerder aan ander faktore toe te skryf is, soos byvoorbeeld politieke kultuur. Verder moet daar ook gelet word op die feit dat die opkoms van sterk nuwe politieke partye nie afhanklik is van enige kiesstelsel nie.<sup>59</sup>

Dit blyk duidelik uit hierdie bespreking dat die voordeel van die proporsionele kiesstelsel terselfdertyd die nadeel van die meerderheidstelsel is en dat, aan die ander kant, die voordeel van die meerderheidstelsel weer terselfdertyd die nadeel van die proporsionele kiesstelsel is. Die kiesstelsel wat in Duitsland toepassing

53 Sien Schultz 62-63; Olivier 351 e v; Rose *The Problem of Party Government* (1974) 123 e v.

54 Sien Rae 98-103; Vorster 17 e v.

55 Sien Van Wyk *Stelsels van Verteenwoordiging in Suid-Afrika* (ongepubliseerde proefskrif UOVS (1968)) 149-155; Schulz 66; Olivier 352; Basson 176 e v.

56 Sien Rae 98-103; Olivier 354.

57 Sien Macridis *Political Parties: Contemporary Trends and Ideas* (1967) 51; Cloete *Sentrale, Provinsiale en Munisipale Instellings in Suid-Afrika* (1977) 49-54; Keith 67; Schulz 344-347; Wales *The British Constitution* (1974) 33-36.

58 Sien Lakeman 226 e v waar na 'n deeglike ondersoek van die proporsionele-kiesstelsel verklaar word dat die lysstelsels nie tot 'n "inordinate multiplicity of parties or unstable government" aanleiding gee nie. Sien ook Mast *Oversicht van Het Belgisch Grondwettelijk Recht* (1975) 127-128; Roche en Stedman *The Dynamics of Democratic Government* (1954) 152 e v; Rae 92-103; Basson 179.

59 Sien Vorster 17.

vind, bevat sowel die proporsionele-lysstelsel as die meerderheidstelsel van enkellid-kiesafdelings en ingevolge hierdie kiesstelsel word een helfte van die verteenwoordigers van die wetgewende vergadering in die een kiesstelsel verkies en die ander helfte in die ander kiesstelsel.<sup>60</sup> Aangesien die voordeel van die een kiesstelsel terselfdertyd die nadeel van die ander kiesstelsel is, lei 'n kombinasie van hierdie twee kiesstelsels tot 'n kiesstelsel wat die voordele van beide bevat en die nadele van geen van die twee nie.<sup>61</sup>

## 5 DIE TOEPASSING VAN DIE KIESSTELSEL VAN PROPORSIONELE VERTEENWOORDIGING IN DIE SUID-AFRIKAANSE STAATSREG

### 5 1 Voorvereistes vir die Toepassing van die Proporsionele Kiesstelsel

Die beginsel van proporsionele verteenwoordiging vereis dat die minderheids-groepe in staat gestel moet wees om hul regmatige aandeel te bekom in die verteenwoordigingsproses. Sekere voorvereistes moet egter eers bevredig word voordat hierdie daadwerklike deelname aan die verteenwoordigingsproses in die positiewe staatsreg verwesenlik kan word.

Die eerste voorvereiste wat gestel kan word, is die dat die beginsel van universele stemreg moet geld.<sup>62</sup> By 'n waarlik verteenwoordigende regeringstelsel, asook by 'n konsosiatiewe demokrasie,<sup>63</sup> word vereis dat *alle* onderdane oor stemreg moet beskik, dit wil sê dat stemreg nie weerhou mag word op onredelike gronde soos byvoorbeeld ras, geslag, politieke of geloofsoortuiging nie.<sup>64</sup> Indien daar nie aan hierdie vereiste voldoen word nie, sou dit beteken dat sekere individue, en gevolglik ook groepe, oor geen verteenwoordiging beskik nie, wat dus ook vanselfsprekend proporsionele verteenwoordiging sou uitsluit. Die beginsel van universele stemreg word meesal in die positiewe Suid-Afrikaanse staatsreg genegeer<sup>65</sup> en gevolglik sou proporsionele verteenwoordiging nie na behore toepassing kan vind nie.

60 Sien Henig 29 e v; Burkett *Parties and Elections in West Germany* (1975) 131 e v; Stein *Staatsrecht* (1978) 87 e v.

61 Sien Basson 179–180. Sien verder oor die verband tussen die beginsel van universele stemreg en die beginsel van proporsionele verteenwoordiging Rokkan 148–152.

62 Sien Basson 225; 362–368.

63 Sien Boule 390 waar hy wys op die verband tussen universele stemreg, verteenwoordigende regering en konsosiatiewe demokrasie: "Consociational democracy assumes a fully representative political system, which in the South African context would require the extension of the franchise to presently disenfranchised groups." Sien ook Heard *Political Systems in Multi-Racial Societies* (1961) oor die vereiste van universele stemreg op 31 e v. Sien ook Mackie en Rose in die algemeen oor hierdie beginsel wat feitlik in alle lande toepassing vind.

64 Sien oor hierdie beginsel Van der Vyver *Seven Lectures on Human Rights* (1976) 180 e v.

65 Die rede hiervoor is die feit dat die stemreg in die positiewe SA staatsreg op grond van rasse-oorwegings ontnem word. Sien Basson 364–368 289–308; Heard 31 e v. Die Kieswet 45 van 1979 stel sekere sg "redelike gronde" waarop stemreg ontnem kan word, soos by ouderdom, misdadigheid en burgerskap, maar stel verder die algemene vereiste dat slegs Blankes aan parlementêre verkiesings kan deelneem. Swartes, Asiate en Kleurlinge is geleidelik heeltemal van 'n beperkte stemreg by die Suid-Afrikaanse parlement ontnem. Ingevolge die aanbevelings van die Presidentsraad (ingestel deur Wet 101 van 1980) kon Asiate en Kleurling moontlik 'n nuwe bedeling verkry ingevolge waarvan hulle 'n aandeel in die parlementêre verteenwoordigingsproses mag hê. Sien die gesamentlike verslag PR 1/1982 in die algemeen. Die nuwe Grondwet 110 van 1983 wat hiervoor voorsiening maak, is reeds aangeneem. Swartes het egter steeds slegs verteenwoordiging op plaaslike vlak asook op regionale vlak en in die sogenaamde swart nasionale state wat reeds onafhanklikheid bekom het. Sien ook vn 77.

'n Tweede voorvereiste wat gestel kan word voordat deelname aan die verteenwoordigingsproses moontlik word, is dat die beginsel van vryheid van vergadering en van groeppvorming sowel as die vryheid van politieke interaksie deur die positiewe staatsreg erken en beskerm moet word.<sup>66</sup> Dit dien as voorvereiste vir sowel die daarstelling van 'n waarlik verteenwoordigende regeringstelsel<sup>67</sup> as die daarstelling van 'n konsosiatiewe demokrasie, wat op magsdeling berus. Gevolglik vereis die konsosialisme die deelname van en interaksie tussen verskillende groepe in die verteenwoordigingsproses.<sup>68</sup> In die positiewe Suid-Afrikaanse staatsreg bestaan daar verskeie statutêre maatreëls wat hierdie voorvereiste in gevaar kan stel. Eerstens word die bedrywighede van politieke partye en hulle deelname aan die verkiesingsproses in 'n groot mate gereguleer en aan bande gelê.<sup>69</sup> Tweedens word die vryheid van vergadering sowel as die vryheid van groeppvorming, wat ten nouste met die vryheid van spraak saamhang, ook in 'n groot mate beperk.<sup>70</sup> Beperkings bestaan verder ook op die vryheid van politieke interaksie,<sup>71</sup> asook op ander basiese vryhede wat hier ter sprake kan wees, soos persoonlike vryheid<sup>72</sup> en bewegingsvryheid.<sup>73</sup>

66 Sien Wiechers *The Franchise and Alternative Electoral Systems* in Boule en Baxter red *Natal and Kwazulu: Constitutional and Political Options* (1981). Op 182 e v van genoemde werk stel Wiechers twee voorverreistes vir kiesstelsels om na behore te kan funksioneer: "(a) a general franchise and the creation of representative systems at all levels of government; and (b) the introduction of an electoral system which is pluralistic and rests on the principle of free association and political interaction."

67 *supra* waar dit in besonderhede bespreek is. Sien ook Basson 326 e v.

68 Sien Boule 411 e v asook 390-394 waar hy die noodsaaklikheid van "a system of voluntary political association" bespreek na aanleiding van die proporsionaliteits-beginsel van die konsosiatiewe demokrasie: "Consociationalism is therefore, intimately dependent on the freedoms of political association and political expression" (390).

69 Sien die vereistes wat die Kieswet 45 van 1979, stel vir oa die registrasie van politieke partye (36-41); die voer van die verkiesingsstryd, asook die vereistes wat geld by verkiesings ten aansien van kostes, aanstellings en ook die verbod op sekere korrupte en onwettige bedrywighede (120-154).

70 Die basiese vryheid van vergader (assosiasie) word beperk of ontnem deur die Wet op Binnelandse Veiligheid 44 van 1950. Die Wet op Oproerige Byeenkomste 107 van 1956 asook deur prok R268 en 5 van die Swart Administrasiewet 38 van 1927. Die vryheid van groeppvorming word aan bande gelê deur oa a 2 van die Wet op Binnelandse Veiligheid 44 van 1950 en a 1 van die Wet op Onwettige Organisasies 34 van 1960. Sien ook oor die verklaring tot 'n geaffekteerde organisasie die Wet op Geaffekteerde Organisasies 31 van 1974. Die vryheid van spraak wat in a 2, 5 en 8 van die Wet op die Bevoegdheid en Voorregte van die Parlement 91 van 1963 erken word, word beperk deur die bepalings van die Publikasiewet, 42 van 1974 wat alle publikasies verbied wat rasseverhouding van staatsveiligheid kan benadeel, sowel as die Swart Administrasiewet 38 van 1927 wat die opsweep van rassegevoelens verbied. Daar is verder ook die Wet op Amptelike Geheime 16 van 1956 en ander statuêre maatreëls wat by publikasies rakende die verdedigingsmagte en tronktoestande verbied. Wiechers *Staatsreg* (1981) 189 e v. Wiechers wys daarop dat die partystelsel op die fundamente van vryheid van assosiasie en vryheid van spraak of meningsuiting berus. Sien in die algemeen Dugard *Human Rights and the South African Legal Order* (1978) 146 e v.

71 Die Wet op die Verbod op Politieke Inmenging 51 van 1968 verbied die inmenging deur 'n lid van die een bevolkingsgroep met die politieke bedrywighede van 'n ander bevolkingsgroep asook die politieke affiliasie tussen verskillende bevolkingsgroepe - sien veral a 2 in hierdie verband. Sien ook Wiechers 190 e v.

72 Beperkings op die persoonlike vryheid kan gevind word in voorverhoorwette en voorkomende aanhoudingswette waarvan die belangrikste is: die Wet op Binnelandse Veiligheid a 44 van 1950 (a 4 10(1)(a)(bis) en 12B); die Strafproseswet 51 van 1977 (a 185); die Wet op Terrorisme 83 van 1967 (a 6); asook die voorsiening vir verbanning en huisarrest in terme van die Wet op Binnelandse Veiligheid. Sien Wiechers 152 e v.

73 Die reg op bewegingsvryheid van veral swartes word beperk as gevolg van die sg instromingsbeheermaatreëls ingevolge die bepalings van die Konsolidasiewet op Swart Stedelike Gebiede 25 van 1945 (a 10, 12, 29, 29bis) asook die sg paswette ingevolge die bepalings van Wet 25 van 1945 en Wet 64 van 1956. Sien Dugard 73-78.

Die teoretiese grondslag vir die voorvereistes waaraan voldoen moet word vir deelname aan die verteenwoordigingsproses, berus gevolglik op dieselfde basis as die grondslag van die beginsel van proporsionele verteenwoordiging, dit wil sê die toonaangewende denkrigtings oor die demokrasie wat weer as basis die konsosiatiewe en verteenwoordigende demokratiese regeringstelsel het.<sup>74</sup>

## 5 2 Die Toepassing van die Proporsionele-Kiesstelsel in die Suid-Afrikaanse Positiewe Staatsreg

Wat die Suid-Afrikaanse parlement betref, word die lede van die volksraad verkies in 'n relatiewe-meerderheidstelsel in enkellid-kiesafdelings, en dieselfde kiesstelsel vind toepassing by die verkiesing van lede van die provinsiale rade.<sup>75</sup> 'n Verder agt volksraadslede word egter op indirekte wyse verkies deur die 165 reeds verkose volksraadslede volgens die beginsel van proporsionele verteenwoordiging waar elke kieser oor een oordragbare stem beskik.<sup>76</sup> 'n Verdere vier volksraadslede word benoem.

Die nuwe Grondwet 110 van 1983 maak steeds voorsiening vir verkiesings ingevolge die meerderheidstelsel in die Volksraad, Raad van Verteenwoordigers en Raad van Afgevaardigdes.<sup>77</sup>

Verkiesings vir die lede van die blanke munisipale owerhede;<sup>78</sup> die lede van die (voormalige) kleurlingraad;<sup>79</sup> asook die lede van die voormalige Indiërraad<sup>80</sup> vind insgelyks plaas in 'n relatiewe-meerderheidstelsel in enkellid-kiesafdelings. 'n Besondere reëling is van krag wat betref die verkiesings van die lede van blanke- munisipale owerhede in die Oranje-Vrystaat waar die kiesers naamlik in staat gestel word om, met hul toestemming, 'n proporsionele-kiesstelsel te aanvaar.<sup>81</sup>

In die swart nasionale state (of hierdie gebiede hulle onafhanklikheid verkry het al dan nie) word die lede van die wetgewende vergaderings verkies in 'n relatiewe-meerderheidstelsel wat in meervoudige-lid-kiesafdelings plaasvind.<sup>82</sup>

74 Sien 2 *supra* vir die bespreking van die teoretiese grondslae van die beginsel van proporsionele verteenwoordiging. Sien verder Boule soos aangehaal in vn 62 hierbo.

75 Ingevolge die bepalings van die Kieswet 45 van 1979. Afbakening van kiesafdelings geskied ingevolge a 40 van die Grondwet 32 van 1961. Sien hieroor Faris *Elections in The Law of South Africa* Joubert (red) deel 8 (1979) 323 e v.

76 Ingevolge die bepalings van a 17 van Wet 101 van 1980. Vir kritiek op die beginsel dat volksraadslede benoem en indirek verkies word en nie op direkte wyse verkies word deur die stemgeregtigdes nie, sien Van Wyk "*Westminsterstelsel - Requiescat in Pace?*" of: *Kan 'n Luiperd sy Kolle Verander?* 1981 *THRHR* 105 114 e v. Basson 395-396 wys daarop dat die ontneming van die onderdane van hul direkte invloed in die verkiesingsproses daartoe aanleiding gee dat 'n waarlik verteenwoordigende regeringstelsel nie daargestel word nie.

77 Die grondwet 110 van 1983 maak die wyse van verkiesing van volksraadslede op al drie huise van die parlement van toepassing (a 37-48).

78 Hierdie verkiesings word deur provinsiale ordonnansies gereël. Sien hieroor Meyer "*The Local Electorate*" *Local Government Law* (1979) par 25 e v.

79 Ingevolge die bepalings van die Wet op die Verteenwoordigende Kleurlingraad 49 van 1964.

80 Ingevolge die bepalings van die Kieswet vir Indiërs 122 van 1977.

81 Ingevolge a 43 en a 179 van die plaaslike regeringsordonnansie 8 van 1962.

82 Ingevolge die bepalings van die grondwette van Transkei, Bophuthatswana en Venda. Sien Wiechers 509 e v. Sien verder ook die bepalings van die volgende proklamasies: R223 van 1976-10-22 (Kwazulu); R16 van 1973-01-16 (Gazankulu); R226 van 1972-09-29 (Lebowa) en R204 van 1964-10-25 (Qwaqwa).

Elke kieser het soveel stemme as wat daar setels in daardie kiesafdeling is. Daar is egter geen sprake van 'n proporsionele-kiesstelsel nie aangesien daar geen voorsiening gemaak word vir 'n voorkeurstem of vir die oordrag van een kandidaat se stemme op 'n ander kandidaat nie.

Wat die Suid-Afrikaanse staatsreg betref, vind die proporsionele kiesstelsel, en by name die enkel-oordraagbare-stemstelsel, alleen by die indirekte verkiesing van agt van die volksraadslede aanwending. Verskeie voorstelle vir die aanwending van 'n proporsionele-kiesstelsel op parlementêre en ander vlakke van verteenwoordiging is egter reeds by talle geleenthede gemaak.<sup>83</sup> Wat die staatsregtelike verlede betref, kan ook daarop gewys word dat die enkel-oordraagbare-stemstelsel van proporsionele verteenwoordiging op plaaslike-regeringsvlak toegepas is: in Pretoria en Johannesburg (1909–1912) asook by die verkiesings van die lede van ander munisipale owerheid (tot 1912 en, wat Oos-Londen betref, tot 1923).<sup>84</sup> Verder is die uitvoerende rade van die provinsiale rade tot en met 1909 op grond van die beginsel van proporsionele verteenwoordiging indirek verkies asook die lede van die senaat (wat afgeskaf is in 1980) tot en met 1955.<sup>85</sup>

Direkte verkiesings in 'n proporsionele-kiesstelsel vind in die huidige Suid-Afrikaanse staatsreg egter slegs toepassing in die gebied Suidwes-Afrika/Namibia waar die lede van die verskeie wetgewende owerhede verkies word ingevolge die *lysstelsel* van proporsionele verteenwoordiging.<sup>86</sup>

Die lysstelsel van proporsionele verteenwoordiging kan verskillende vorme aanneem, soos hierbo in besonderhede aangetoon is.<sup>87</sup> Dit is gevolglik dienlik om die lysstelsel, soos wat dit in die gebied Suidwes-Afrika/Namibië toepassing vind, nader te ondersoek:

Elke kieser beskik oor slegs een stem.<sup>88</sup> Op elke stembrief verskyn alleenlik die name van elke geregistreerde politieke party asook die afkortingsnaam en kenteken van elke sodanige politieke party wat aan die verkiesing deelneem.<sup>89</sup> Die kieser stem dan deur, in die geheim, 'n kruis te maak teenoor die inskrywing op die stembrief van die naam en die ander besonderhede van die politieke party waarvoor hy wil stem.<sup>90</sup> Na die verkiesing word al die stemme wat op hierdie wyse op elke politieke party uitgebring is, eers getel.<sup>91</sup> Die berekening van die aantal kandidate wat op elke *partylys* verkies word, vind volgens die volgende formule plaas:<sup>92</sup>

'n Kwota vir elke kandidaat wat aan die verkiesing deelneem, word eers vasgestel volgens die berekening:

83 Sien Basson 280–285. 'n Proporsionele-kiesstelsel is reeds met Uniewording in 1910 deur oa genl Smuts voorgestel.

84 Sien Hoag en Hallett 27 e v.

85 Sien hieroor Van Wyk 114 e v.

86 Ingevolge die bepalings van prok 54 van 1980, soos gepubliseer in die Sk 4263 van 1980-09-05.

87 3 2 1 *supra*.

88 Ingevolge a 20 van prok AG 54 van 1980.

89 Ingevolge a 23(2) van prok AG 54 van 1980.

90 Ingevolge a 24(7)(b) van prok AG 54 van 1980.

91 Die tel van stemme vind plaas ooreenkomstig a 30 van prok AG 54 van 1980.

92 Ingevolge a 33 van prok AG 54 van 1980.

$$\frac{\text{Totale aantal stemme uitgebring}}{\text{Totale aantal setels}} = \text{kwota}$$

(Breuke word buite rekening gelaat.)

Vervolgens word die aantal kandidate wat op elke partylys verkies word, bereken:

$$\text{Aantal verkose kandidate op die partylys} = \frac{\text{Aantal stemme op partylys verenig}}{\text{Kwota}}$$

(Breuke word buite rekening gelaat.)

Een kandidaat word so verkies vir elke heelgetal wat verkry word. Indien die aantal kandidate wat op hierdie wyse verkies word, minder is as die totale aantal setels, word die oorblywende setels aan een kandidaat elk toegeken op die politieke partylyste met die grootste getal oorblywende stemme.

Die kandidate wat op die bogenoemde wyse aangewys word, word in die volgorde (met die naam bo-aan die lys as begin) waarin hul name op die lys verskyn, as behoorlik verkose verklaar.<sup>93</sup>

Die lysstelsel van proporsionele verteenwoordiging wat in die gebied Suidwes-Afrika/Namibië toepassing vind, is sonder twyfel 'n *gebonde*-lysstelsel aangesien elke kieser oor slegs een stem beskik ingevolge waarvan hy vir die lys *soos wat dit is* stem sonder dat hy enige verdere voorkeur kan aandui.<sup>94</sup> Gevolglik is daar geen sprake van *panachage* of akkumulاسie nie. Die *volgorde* waarin die kandidate op die partylys verskyn, is dus van deurslaggewende belang by die aanwysing van die aantal verkose kandidate wat op daardie betrokke partylys verkies word. Hierdie lysstelsel kan verder ook, in die lig van die formule wat aanwending vind by die toekenning van setels aan die onderskeie partylyste, as 'n *grootste oorblywende gedeelte*-stelsel omskryf word.<sup>95</sup>

Die wyse waarop die partylyste, wat die name van die kandidate in volgorde bevat, opgestel word, is van deurslaggewende belang by die werking van die lysstelsel van proporsionele verteenwoordiging. Die prosedure waarvolgens die partylyste opgestel word, moet dus nader ondersoek word: 'n Registrasiehof word ingestel ingevolge 'n party-verkiesingsproklamasie.<sup>96</sup> Hiervolgens word vereis dat politieke partye wat aan 'n verkiesing wil deelneem, moet registreer. Artikel 5 bepaal dat die partylys, wat die registrasie-aansoek moet vergesel, soveel kandidate as wat daar setels is moet bevat en verder dat name van die kandidate in *volgorde moet verskyn* met die oog op die berekening wat hierbo uiteengesit is.<sup>97</sup> Die name van die politieke partye wat aldus geregistreer het en die name van die kandidate moet in die ope hof *aangekondig*<sup>98</sup> word en geen politieke party is geregtig om sy registrasie terug te trek na die sitting van die registrasiehof nie.<sup>99</sup> So gou doenlik na die einde van die sitting van die registrasiehof moet

93 Ingevolge a 34(1)(b) van prok AG 54 van 1980.

94 Sien 3 2(1) (b)(i) *supra*.

95 Sien 3 (2) (1)(b)(i) *supra*.

96 Prok AG 54 van 1980. Sien veral die bepalings van a 3, 4, 5 en 6 in dié verband.

97 Sien vn 93 *supra*.

98 Ingevolge a 5 van prok AG 54 van 1980.

99 Ingevolge a 6(9) van prok AG 54 van 1980.

die hoofverkiegingsbeampte 'n afsonderlike kennisgewing in die Offisiële Koerant van Suidwes-Afrika *publiseer* waarin die *lys van kandidate* van elke geregistreerde politieke party, soos ingevolge artikel 5 opgestel, verskyn en waarin verklaar word dat die persone wie se name op die lys verskyn, deur die betrokke party vir daardie verkiesing genomineer is.<sup>100</sup>

### 5 3 Die "Ideale" Kiesstelsel in die Suid-Afrikaanse Staatsreg?

Dit is moontlik om die huidige kiesstelsel in die positiewe staatsreg wat by al die belangrikste verkiesings toepassing vind, naamlik die relatiewe-meerderheidstelsel in enkellid-kiesafdelings, te kritiseer. Die grootste enkele beswaar teen hierdie kiesstelsel is dat dit nie tot proporsionele verteenwoordiging lei nie. Intendeel, dit gee aanleiding tot 'n groot disproportionaliteit tussen die aantal stemme wat 'n politieke party in 'n verkiesing verkry en die aantal setels wat daardie politieke party uiteindelik verower. Die setelverdeling na die 1981-volksraadsverkiesing dui op hierdie disproportionaliteit (die setelverdeling in die huidige stelsel word aangegee tesame met die setelverdeling tussen hakies wat sou gegeld het indien die verkiesing in 'n enkele kiesafdeling op grond van die beginsel van proporsionele verteenwoordiging plaasvind het plaasgevind het):<sup>101</sup>

NP	131 (97)	PFP	26 (32)
NRP	8 (12)	HNP	0 (21)
NKP	0 (3)		

Aangesien die teoretiese grondslae van die *beginsel van proporsionele verteenwoordiging* berus op die basiese demokratiese ideaal van sowel 'n konsosiatiewe, as 'n verteenwoordigende regeringstelsel,<sup>102</sup> behoort die kiesstelsel in die Suid-Afrikaanse staatsreg na my mening verander te word om voorsiening te maak vir proporsionele verteenwoordiging.

Wat hierdie aspek betref, is daar verskeie raakpunte in die positiewe Suid-Afrikaanse staatsreg identifiseerbaar wat die aanwending van die proporsionele-kiesstelsel op alle regeringsvlakke sou regverdig: Sekere indirek verkose volksraadslede word reeds ingevolge die beginsel van proporsionele verteenwoordiging verkies; die toepassing van hierdie beginsel in ons staatsregtelike verlede; en die belangrikste raakpunt is sekerlik die toepassing van die lysstelsel in die gebied Suidwes-Afrika/Namibië.<sup>103</sup> Die gesamentlike verslag van die presidentsraad<sup>104</sup> het op plaaslike-regeringsvlak 'n stelsel van beswaarde of gelaaide veelvoudige stemreg voorgestel, wat sou beteken dat sommige kiesers oor meer as een stem beskik. Verder vind verkiesings in die swart nasionale state tans in meerlid-kiesafdelings plaas. Dit sou dus nie veel verg om 'n voorkeurstemstelsel, soos wat dit in meerlid-kiesafdelings by 'n proporsionele-kiesstelsel toepassing vind, in die positiewe Suid-Afrikaanse staatsreg in te voer nie.

100 Ingevolge a 7(1)(c) van prok AG 54 van 1980. Sien verder oor hierdie proporsionele kiesstelsel *South West African Peoples Democratic United Front v Administrateur-Generaal Suidwes-Afrika* 1983 1 SA 411 (A). Vir 'n vonnisbespreking van hierdie beslissing sien Basson 1982 *TSAR* 294 e v.

101 Bron: Basson (Verslag Pol 6/1984 van die RGN) bylae 4 8-9.

102 *supra* 2.

103 *supra* 5 2.

104 Pr 1/1982 veral op 103 par 10 16 - 10 20.

Die vollediger toepassing van 'n kiesstelsel van proporsionele verteenwoordiging impliseer normaalweg die uitlewing van die beginsels van universele stemreg, vryheid van vergadering en groeppvorming, vryheid van persoon, bevestigingsvryheid en vryheid van politieke interaksie.<sup>105</sup>

Aangesien daar so 'n groot verskeidenheid kiesstelsels bestaan<sup>106</sup> wat op die beginsel van proporsionele verteenwoordiging berus, is dit nie moontlik om sonder meer een van hierdie stelsels, of selfs 'n kombinasie van hierdie stelsels, as die "beste" of "ideale" stelsel voor te hou nie. Moontlik kan hierdie stelsel ook gekombineer word met die meerderheidstelsel (soos in die Duitse staatsreg) ten einde die moontlike nadeel van onstabiele regering by hierdie stelsel teen te werk.<sup>107</sup>

Verskeie oorwegings moet geld by die toepassing van 'n proporsionele kiesstelsel, soos byvoorbeeld die verstaanbaarheid daarvan vir selfs ongeletterde kiesers, asook die doeltreffende funksionering daarvan.

In die lig van wat gesê is, kan 'n voorstel wel gemaak word vir die invoering van die *lysstelsel* van proporsionele verteenwoordiging. Die rede hiervoor is, onder andere, die feit dat hierdie stelsel reeds in die positiewe Suid-Afrikaanse staatsreg bekend is en suksesvol in die gebied Suidwes-Afrika/Namibië toegepas word. Daar word verder aanbeveel dat die sogenaamde formule van die grootste oorblywende gedeelte ook gebruik word by die toekenning van die setels aan die partylyste aangesien hierdie berekening redelik eenvoudig is, veral as dit vergelyk word met die berekening by die enkel-oordraagbare-stemstelsel.<sup>108</sup> Die kieser behoort egter verder ook oor 'n voorkeurstem te beskik (anders as die gebonde-lysstelsel in Suidwes-Afrika/Namibië) en sowel *panachage* as akkumulاسie moet toegelaat word (soos in die Switserse staatsreg) ten einde aan die kieser die grootste moontlike vryheid van keuse te bied.<sup>109</sup>

---

105 *supra* 5 1.

106 *supra* 3 2.

107 sien in besonderhede hieroor Basson 393-395.

108 *supra* 3 2.

109 Vir 'n volledige bespreking met toeligting van voorbeelde en statistiek van die gevolge van die toepassing van die proporsionele kiesstelsel in die positiewe SA staatsreg sien Basson (Verslag Pol 6/1984 van die RGN) bylae 1-4.

# Regsakkulturasie en wetsuitleg\*

JMT Labuschagne

MA LLB DPhil LLD

Professor in die Inheemse Reg aan die Universiteit van Pretoria

## SUMMARY

### Legal Acculturation and Interpretation of Statutes

Law is continuously subjected to a variety of processes of change. Legal acculturation, i.e. the influencing of one legal system by another, is one of these processes. In this article the effect of legal acculturation (specifically in the sense of statute adoption) on the interpretation of statutes, is discussed. The general rule is that an adopted statute carries with it the construction placed upon it by the courts of the "donor" country. This rule is subjected to various limitations. These limitations are described and analysed. References are made to the analogous position at the infancy of our common law and to the modern conflict between the customary laws of Blacks and the "general" South African law.

Die reg is voortdurend onderworpe aan 'n verskeidenheid van prosesse van verandering. Een van dié prosesse is die beïnvloeding van een regstelsel deur 'n ander. Die moderne tegnologie en veral die moderne kommunikasiemedie het dié vorm van regsbeïnvloeding in tempo en in omvang geweldig laat toeneem. In dié artikel word hoofsaaklik gewys op enkele probleme wat dit vir wetsuitleg meebring.

## 1 REGSAKKULTURATIEWE PROSESSE

### 1 1 Prinsipiële Agtergrond

Sonder verwerking en beheersing van die natuur kan die mens nie bestaan en ontwikkel nie. Die mens is self in eerste instansie natuurmens, dit wil sê deel van die natuur. Die menslike verwerkingsgeneratore en beheersingsmeganismes, naamlik sy instinkte, drange, emosies, intellek en sy (transendentale) geloofspotensialiteite is natuurgefundeerd.<sup>1</sup> Die menslike verwerking en beheersing van die natuur kan beskryf word as kultuur. Aangesien sowel die kultuursubjek (die mens) as die kultuurobjek (die natuur, insluitende die mens) deel van die natuur en dié se prosesse is, kan kultuur ook beskryf word as mensintervensionele natuur, dit wil sê verwerking en beheersing van die natuur deur tussenkoms (intervensie) van 'n komponent van die natuur self, naamlik die mens.

---

\* Erkenning geskied hiermee aan die *Von Humboldt-Stiftung* wat my in staat gestel het om 'n deel van dié studie in 1981 in Heidelberg, Wes-Duitsland, te onderneem. (Hierdie artikel is op 1983-02-01 vir publikasie voorgelê (red)).

1 In sy brein, senuweestelsel ens.

As gevolg van historiese en geografiese faktore en veral die uniekheid van elke mens, bestaan daar 'n enorme kultuurverskeidenheid. Kultuur is na sy wese dinamies. Die volgende kultuurdinamiese prosesse kan onderskei word:

(a) *Enkulturasie* 'n Mens groei in 'n sekere kultuurpatroon op. Kultuurvoorligting en -kondisionering (ten aansien van gebruike en waardes) geskied in die ouerhuis, skool, kerk en in ander verbande en verhoudings. Hierdie wyse van kultuurbekoming (kulturasie) word enkulturasie genoem.

(b) *Akkulturasie*<sup>2</sup> Kulture (via die kultuurdraers, die mense dus) kan mekaar ook beïnvloed. Hierdie tipe beïnvloeding (akkulturasie genoem) kan hoofsaaklik *eenrigting*-beïnvloeding wees. Eenrigting-beïnvloeding kan op sy beurt weer *gedwonge* wees, soos in die geval van polisasie<sup>3</sup> waar die poliserende volk sy kultuur op sy polisse afdwing. Dit kan ook *vrywillig* wees, byvoorbeeld waar 'n "minder" ontwikkelde kultuur van 'n ander ("meer" ontwikkelde) kultuur kultuurgoedere oorneem. Kultuurbeïnvloeding kan ook twee- of meer-*rigting*-beïnvloeding wees, dit wil sê wanneer kulture mekaar oor en weer op 'n min of meer gelyke basis beïnvloed.

(c) *Dinamokulturasie* Deur die dinamiese interaksie van mens en natuur (wat die mens self insluit) skep die mens ook voortdurend kultuur. Hierdie wyse van kultuurbekoming noem ek dinamokulturasie. Die individuele mens is die kultuurkern wat kultureel op verskeie vlakke en wyses met ander mense kan groepeer.

Vir die bestaan en voortbestaan van die mens bestaan daar 'n behoefte aan 'n leefbaarheidsraamwerk en daarom aan normatiewe meganismes wat daarop gerig is om dit te bewerkstellig. Binne die raamwerk van normatiewe leefbaarheidsmeganismes<sup>4</sup> word die regsreëls aangetref. Die reg, asook die term "reg," is deur die mens geskep en het nie 'n bestaan of inhoud op sigself nie. Slegs die mens kan daaraan 'n inhoud gee; die mens moet by wyse van beskrywing die inhoud van die begrip "reg" postuleer. Die bewering wat soms gemaak word dat die reg nie omskryfbaar is nie, is 'n *contradictio in terminis*: die begrip "reg" ontstaan juis deur omskrywing.<sup>5</sup> Vir die doeleindes van hierdie bespreking verwys die begrip "reg" na daardie reëls wat in die erkende howe afdwingbaar is.<sup>6</sup>

2 Vgl hieroor Herskovits *Acculturation* (1958); Labuschagne *Naturelleadministrasie: 'n Vakwetenskaplike Objektivering* DPhil-proefskrif PU v CHO (1968) 163 e v; Visser *Die Suid-Afrikaanse Interne Aanwysingsreg* LLD-proefskrif U P (1979) 8 e v.

3 Polisasie verwys na daardie situasie waar een kultuurgroep gesag voer oor 'n ander.

4 wat tyd- en (dikwels) plekgebonde is en saamhang met die mens se waardesisteme.

5 al sou omskrywing by wyse van beskrywing geskied.

6 Vgl van Warmelo *Regsleder, Regswetenskap, Regsfilosofie* (1973) 219, 1974 *De Jure* 71. Vgl die omskrywing van die regsosioloog Donald Black *The Behaviour of Law* (1976) 2:

"Law is governmental social control. . . . It is, in other words, the normative life of a state and its citizens, such as legislation, litigation, and adjudication. By contrast, it does not include social control in the everyday life of a government service, such as a post office or fire departement, since this is the social control of employees, not of citizens as such. Nor does it include discipline in a government school, prison, or in the military, since this is not the social control of citizens - as such - either. By this definition, then, law is only one kind of social control. Furthermore, in this sense, many societies have been anarchic, that is, without law." Vgl ook Reis "Law, Society and the Individual" 1973-1974 *Anuario de Filosofia del Derecho* 651.

Regsakkulturasië verwys na die beïnvloeding van een regstelsel of regskultuur<sup>7</sup> deur 'n ander.

## 1 2 Doel van Regsakkulturasië

Regsreëls van 'n vreemde land kan om verskeie redes geadopteer of van gebruik gemaak word. In dié verband kan op die volgende gewys word:

### 1 2 1 *Die Menstipiese Patrone*

Aangesien die menslike aard en menslike verhoudinge sterk universele elemente bevat, word eenvormige regsprobleme oor die ganse mensewêreld aangetref. Om dié rede verwys howe dikwels, veral ten aansien van uitsonderlike feitestelle, na en volg beslissings van vreemde howe. In dié verband sê Zweigert:<sup>8</sup>

“Der menschliche Geist ist zu reich, um letztlich auf Entlehnungen – in unserem Gebiet auf rechtsvergleichende Entlehnungen – angewiesen zu sein. Nichts aber hindert uns, eine Methode gut zu nennen, die zunächst den Weg der empirischen Rechtsvergleichung beschreitet, um dann in einem zweiten Schritt aus der Fülle der gewonnenen Anregungen noch höher in die Regionen des Naturrechts, eines absoluten Idealrechts vorzudringen, das über allem empirisch Erfahrenen liegt.”

### 1 2 2 *Regsinternasionalisering*

Een land (regsgebied) kan regsreëls ('n wetgewingstuk) van 'n ander oorneem met die doel om die internasionale kodifisering van die reg voor te berei of om regseenvormigheid te bewerkstellig. Die groterwordende mate van eenvormigheid van die Euromarklande se wetgewing ten aansien van handelsaangeleenthede dien as 'n voorbeeld in dié verband.<sup>9</sup>

### 1 2 3 *Bevestiging van sosiale verandering*

Die reg van 'n ander land kan ook oorgeneem word met die doel om juridies gevolg te gee aan 'n sosiale verandering wat die vreemde land met jou land deel. In dié verband wys Kahn-Freund<sup>10</sup> op die groot invloed wat die Australiese en Nieu-Seelandse reg op die Engelse egskeidingsreg gehad het.

### 1 2 4 *Bewerkstelliging of bevordering van sosiale verandering*

Vreemde reg kan ook geadopteer word met die doel om tuis 'n sosiale verandering te bevorder of te bewerkstellig. In dié verband het mens te make met die aanwending van “foreign legal patterns for the purpose of producing rather than responding to social change at home,”<sup>11</sup> soos byvoorbeeld die Amerikaanse reg

7 Vgl Sinzheimer *Theorie der Gesetzgebung* (1948) 20: “Es gibt keine Kultur ohne Formen.”

8 “Rechtsvergleichung als universale Interpretationsmethode” 1949 *Zeitschrift für Ausländisches und Internationales Privatrecht* 5 21.

9 Kahn-Freund “On Uses and Misuses of Comparative Law” 1974 *MLR* 1 2–4.

10 4–5. Vgl ook Watson *Society and Legal Change* (1977) 8.

11 Kahn-Freund 5. Vgl ook Black 37. Zajtay “Die Rezeption fremder Rechte und die Rechtsvergleichung” 1957 *Archiv für die civilistische Praxis* 361 362: “die planmäßige en – bloc-übernahme fortschrittlicher ausländischer Gesetze zur Hebung des sozialen und zivilisatorischen Standards im Rezeptionsland;” Weiss “Die Wirksamkeit der Rechtsvergleichung in der Gesetzgebung” 1931 *Zeitschrift für Ausländisches und Internationales Privatrecht* 80 82.

ten aansien van die onderdrukking van rassediskriminasie wat 'n groot invloed op die Britse reg in dié verband gehad het.

Steinwenter<sup>12</sup> wys daarop dat die reg kultuurmatig, dit wil sê gesinchroniseer met die res van die kultuur kan wees of dat dit ook kultuurstrydend kan wees. Die reg kan gebruik word om ander kultuuraspekte (waaronder sosiale houdinge) dwangmatig te wysig.<sup>13</sup> Die mens se waardesisteme, en inderdaad sy gees, kan egter nie sonder meer en eenklaps deur wetgewing gewysig word nie.<sup>14</sup> Daar is tog gevalle waar regsoorplantings plaasgevind het in 'n land met 'n heel ander sosiale agtergrond as die land waar die regsreëls hulle oorsprong het. In Turkye is die Switserse siviele kode oorgeneem. Die plattelandse gemeenskappe in Turkye het die Switserse reg egter verwerp.<sup>15</sup> Alan Watson<sup>16</sup> konstateer soos volg:

“[L]egal rules may be very successfully borrowed where the relevant social, economic, geographical and political circumstances of the recipient are very different from those of the donor system. Indeed, the recipient system does not require any real knowledge of the social, economic, geographical and political context of the origin and growth of the original rule. How otherwise could one explain the use made of Roman law by fifth-century Germanic tribes, the acceptance of so much Roman law dating from different periods and different political circumstances in the Middle Ages and later by so many diverse States in Western Europe, in monarchies, oligarchies and republics alike?”

Soos akkulturasie in die algemeen, kan regsakkulturasie gedwonge of vrywillig plaasvind.<sup>17</sup>

### 1 2 5 Die mensfaktor

Die lysie van redes waarom regsreëls van een land deur 'n ander oorgeneem word, sou onvolledig wees as die (dikwels irrasionele) mensfaktor buite rekening gelaat word. Die maghebber<sup>18</sup> (die persoon of groep persone wat 'n regsoorplanting kan bewerkstellig) kan bloot uit navolging van 'n mode of deur fassinering met die kultuur van 'n ander of om die een of ander gier regsreëls van 'n ander op sy gebied van toepassing maak.<sup>19</sup> So gesien, kan die bogenoemde voorbeelde van Watson verklaar word.

12 *Recht und Kultur* (1958) 26–27. Vgl ook Krawietz *Das Positive Recht und seine Funktion* (1967) 28; Flower en Edel “Some Functions of a Functional View: an Historical Glance” 1973–74 *Anuario de Filosofia del Derecho* 27 34.

13 Die reg as kultuurprodukt kan gedwonge kultuurverandering van die kultuur (of kulture) waarvan dit self deel is, veroorsaak of bevorder.

14 Vgl oor dié onderwerp en probleme in hierdie verband Seidman “Law and Development: A General Model” 1972 *Law and Society Review* 311; “The Communication of Law and the Process of Development” 1972 *Wisconsin LR* 686; Trubek en Galanter “Law and Society” 1974 *Wisconsin LR* 1062.

15 Kahn-Freund 16. Vergelyk ook Beckstrom “Transplantation of Legal Systems: An early Report on the Reception of Western Laws in Ethiopia” 1973 *AJCL* 557.

16 “Legal Transplants and Law Reform” 1976 *LQR* 79 80–81. Hy gee nog verskeie voorbeelde in dié verband op 82–83.

17 Vgl Van Warmelo “Die Onderlinge Beïnvloeding van Regstelsels in die Oudheid” in Cronje (red) *Kultuurbeïnvloeding in die Oudheid* (1966) 24 e v; Betti *Das Problem der Kontinuität im Lichte der rechtshistorischen Auslegung* (1957) 6.

18 Vgl Kahn-Freund 13.

19 Taal is 'n faktor wat 'n belangrike rol in dié verband speel. Die Romeinse reg is o a oorgeneem omdat Latyn deur die meeste geleerdes gelees kon word. Dieselfde geld myns insiens vandag vir Engels en ander internasionale tale – vgl Watson *Society and Legal Change* 104.

### 1 3 Wyses van regsakkulturasië

Daar is verskeie voorbeelde in die geskiedenis waar een land se gemenerereg of gebruiksreg toepassing gevind het in 'n ander land. Dit het egter gewoonlik met koloniasie saamgehang.

Allott<sup>20</sup> wat oor die reg in Brits-Afrika skryf, wys op die volgende wyses waarop 'n vreemde wetgewingstuk geresipieer kan word:

- (a) as deel van 'n algemene resepsie van die reg van een land (die *herkoms- of donorland*<sup>21</sup>) deur 'n ander land (die *adopsie- of ontvangerland*);
- (b) die formele en eksplisiete adopsie van 'n besondere wetgewingstuk of afdeling van die reg;
- (c) deur die heruitvaardiging van 'n donorlandwetgewingstuk deur die ontvangerland in die vorm van 'n ontvangerlandwetgewingstuk (in sommige gevalle kan so 'n wet meer as een donorland hê wat die posisie nog meer kan kompliseer.);
- (d) deur die vantoepassingmaking van 'n donorlandwetgewingstuk op 'n ontvangerland deur die donorland self wat wetgewingsbevoegdheid in die ontvangerland het. Dit het veral in die koloniale periode plaasgevind.

Die vraag op welke wyse 'n sekere vreemde wetgewingstuk toepassing gevind het, is vir die doeleindes van die onderhawige skrywe nie van deurslaggewende belang nie. Van meer belang is die vraag of die basiese regsbeuussyn en waardesisteme (en breëre kultuuragtergrond) van die ontvangerland grootliks ooreenkom met dié van die herkomsland. Daar word in die loop van die verdere bespreking weer hierop terruggekom.

Wat is die bindingskrag van 'n beslissing deur 'n hof van die herkomsland ten aansien van die uitleg van 'n geresipieerde wetgewingstuk op die howe van die ontvangerland? Allott<sup>22</sup> wys daarop dat die howe in Brits-Afrika een van drie benaderingswyses gevolg het:

- (a) Beslissing van die howe van die herkomsland word as absoluut bindend beskou.
- (b) Die beslissings word as hoogsoorredend ("highly persuasive") beskou en word in beginsels gevolg, behalwe as daar 'n besondere rede bestaan waarom dit nie gevolg behoort te word nie.
- (c) Die beslissings word as oorredend beskou en die regspreker "may choose whether or not to follow according to his appreciation of the relevance and helpfulness of the particular precedent."

Allott<sup>23</sup> wys ook daarop dat dit die *ratio decidendi* is wat bindingskrag het en dat "the doctrine as interpreted in modern England allows scope for flexibility in the administration and development of the law." In Engelse verband is dié buigzaamheid hoofsaaklik te vinde met verwysing na die historiese parameter: is 'n beslissing wat in 1800 gegee is vandag nog betekenisvol? In Afrika-verband is die sosiologiese parameter die belangrikste: is 'n beslissing wat in Engeland gegee is, geskik vir toepassing in 'n Afrika-gemeenskap? Dit kan ter wille van

20 *New Essays in African Law* (1970) 79-80.

21 Allott se gebruik van die woord donorland ("donor country") is nie in alle gevalle van pas nie, omdat die vantoepassingmaking van 'n wetgewingstuk soms dwangmatig geskied.

22 81.

23 80. Vgl ook Kahn-Freund 8-9; Weiss 80 e v.

interessantheid genoem word dat die *stare decisis*-reël, waarop die onderskeidinge gebaseer is, self van Engelsregtelike oorsprong is.

Regsbeïnvloeding kan ook op 'n meer subtiel-indirekte wyse geskied. Regters en ander regsgeleerdes wat in 'n ander regstelsel as hulle eie opgelei is – soos die geval in Suid-Afrika en ook die res van Afrika was – se regs bewussyn word op 'n sekere wyse gevorm en hulle dra idees van die ander regstelsel onvermydelik op hul arbeidsland oor.<sup>24</sup> Die genoemde *stare decisis*-reël is 'n goeie voorbeeld hiervan: regters wat opgelei is in die Engelse reg het dit bloot waar hulle ook al reg gespreek het, toegepas.

## 2 DIE GEMENEREGSPOSISIE

Ter wille van 'n agtergrondsanalogie vir die problematiek wat hieronder bespreek word, kan verwys word na die posisie in ons gemenerereg. Ons gemenerereg staan hoofsaaklik op twee oorsprongsbene: 'n Germaanse been en 'n Romeinse been.<sup>25</sup> Die Germaanse reg is klaarblyklik as die primêre regstelsel beskou: Van der Linden<sup>26</sup> wys daarop dat as 'n landwet, 'n plaaslike keur of 'n “costume” nie die regsgevolge van 'n sekere verhouding of situasie reël nie “is het Romeinse Recht, als een voorbeeld van wijsheid en billijkheid, door gewoonte, tot aanvulling van dit gebrekkige, bij ons aangenomen.” Ook die Kanonieke reg het soms dié funksie vervul. Ten aansien van die gebruikmaking van die reg van naburige lande sê Van der Linden:<sup>27</sup>

“Het gebruik maken van de Wetten van nabuurlige volken is een middel, het wel, schoon niet ten eenemaal aftekeuren, eger met de grootste omzigtigheid moet gebezigt worden, en nooit anders, dan in zulke gevallen, waar in men zig wel kan overtuigd houden, dat de *analogie* van het Recht des nabuurigen Lands ten dien opzichte met de onze overeenstemt.”

Die reëls met betrekking tot die uitlegsproblematiek in dié verband kan soos volg saamgevat word:

(a) Volgens Van der Keessel<sup>28</sup> moet 'n wet wat sy oorsprong in die Germaanse reg het in die lig van die Germaanse reg uitgelê word en dié wat sy oorsprong in die Romeinse reg het, moet in die lig van die Romeinse reg uitgelê word.

(b) Eckhard<sup>29</sup> wys daarop dat in geval van 'n “gemengde wet” dit wat Germaans is volgens die Germaanse reg uitgelê moet word en dit wat Romeins is volgens die Romeinse reg.

<sup>24</sup> Vgl Zajtay 373.

<sup>25</sup> Hoe ons houe presies te werk gegaan het om vas te stel wat ons gemenerereg in 'n betrokke geval is, verdien 'n deeglike wetenskaplike ondersoek. Daar is klaarblyklik 'n verskil tussen wat gesê word (naamlik dat ons gemenerereg die Romeins-Hollandse reg is) en dit wat gedoen is en nog soms gedoen word. Steyn *Die Uitleg van Wette* (verskeie uitgawes) verwys herhaaldelik na skrywers wat nie oor die Hollandse reg skryf nie. Dit is verder 'n bekende feit dat Steyn se werk 'n groot impak op ons reg het.

<sup>26</sup> *Regtsgeleerd Practicaal en Koopmans Handboek* (1806) 1 1 4.

<sup>27</sup> t a p.

<sup>28</sup> *Theses Selectae* (1860-herdruk) Thes 10. Vgl ook Van der Linden 1 1 6 2: “In de uitlegging van eenig punt van Rechten moet men vooral nagaan, uit welke bron dat recht oorspronkelijk is; bv in geschillen over een uitersten wil neemt men dadelijk zijn toevlugt tot het Romeinse Recht, het welk in dat stuk gevolgd wordt; maar dat zelfde spoor te volgen in een geschil over gemeenschap van goedere, in het Roomsche Recht onbekend, en van Duitschen oorsprong, zoude geheel oordeelloos zijn.”

<sup>29</sup> *Hermeneutica Juris* 2 1 22, 43 46 en 48–50 aangehaal deur Steyn (1981-uitg) 128. Vgl Van der Keessel Thes 11: “Si permixta sint in Statuto quodam juris Romani et patrii principia, jus hujusmodi mixtum ex suis unumquodque principii interpretandum est.”

(c) In geval van twyfel oor die oorsprong van 'n wet moet dit uitgelê word volgens die vaderlandse reg. Indien dit egter in die praktyk 'n Romeinsregtelike uitleg verkry het, moet daarby gehou word al verskil dit van die vaderlandse reg. Uit wat Van der Keessel verder sê, blyk dit dat indien die uitleg van 'n Hollandse wet volgens die Romeinse reg sinvoller is, so 'n uitleg gevolg moet word.<sup>30</sup>

### 3 DIE INHEEMSREGTELIKE – GEMEENREGTELIKE ANALOGIE

In Suid-Afrika bestaan daar ook twee “regsisteme”<sup>31</sup> naas mekaar, naamlik die gemenerereg-gefundeerde Suid-Afrikaanse reg (hierna genoem die gemenerereg) en die swartman se inheemsregsgefundeerde Suid-Afrikaanse reg (hierna genoem die inheemse reg).<sup>32</sup> Artikel 11(1) van die Swart Administrasie Wet<sup>33</sup> magtig die kommissarishof om in sekere omstandighede<sup>34</sup> “na goedvinde” inheemse reg toe te pas. Na verwysing na die posisie in ons gemenerereg sê president McLoughlin in *Mhlongo v Mhlongo*:<sup>35</sup>

“These rules were framed to solve the difficulty arising from conflict between two systems of law viz, Dutch and Roman, the latter being subsidiary, but the principles involved are directly in point in dealing with the analogous position caused by parallel systems of law in this country, i e Native law and Common law. It is true that the condition of subsidium is not attached to one or other of these systems and the analogy may not be complete.”

In verskeie sake het die appèlhof vir kommissarishowe egter beslis dat die gemenerereg die primêre regstelsel is en in nog ander sake is te kenne gegee dat die inheemse reg die primêre regstelsel is.<sup>36</sup> In *Ex Parte Minister of Native Affairs: In re Yako v Beyi*<sup>37</sup> sê appèlregter Schreiner na aanleiding van 'n standpunt wat in die hof *a quo* geopper is, naamlik dat inheemse reg die primêre regstelsel is:<sup>38</sup>

“On the contrary, the indications are rather that common law was intended to be applied unless the native commissioner in his discretion saw fit in a proper case to apply native law. That view is supported by the general shape of the sub-section, which does not provide that the native commissioner shall have a discretion to apply common law or

30 Van der Keessel Thes 12. Vgl ook *Mhlongo v Mhlongo* 1937 NAH 124 (T en N) 125; *Fuzile v Ntloko* 1944 NAH 2 (K en O) 5.

31 Die woord “regsisteme” (en ook “regstelsel”) word in 'n losse sin gebruik omdat daar streng teoreties gesproke slegs een regstelsel of -sisteme in 'n regsgebied kan geld. Daar bestaan in elk geval verskeie variasies binne die begrip “inheemse reg” en in 'n sekere sin ook binne die begrip “gemenerereg” (soos bv die reëls wat net op 'n spesifiseke provinsie van toepassing is).

32 In beide gevalle aangevul en gewysig deur wetgewing. In *S v Marwane* 1982 3 SA 736 (A) op 739 beskou hoofregter Rumpff stamreg (“tribal law”) as deel van die gemenerereg van Bophuthatswana. Dit is myns insiens die korrekte rigting om in te dink.

33 38 van 1927.

34 Vgl hieroor Olivier “Artikel 11(1) van die Bantoeadministrasiewet, Wet 38 van 1927” 1976 *De Jure* 284, 1977 *De Jure* 141; Bennett “The Application of Common Law and Customary Law in Commissioners’ Courts” 1979 *SALJ* 399. Vgl in die algemeen die omvattende werk van Hooker *Legal Pluralism* (1975).

35 1937 NAH 124 (T en N) 125.

36 Vgl in dié verband *Nqanoyi v Njombeni* 1930 NAH 18 (K en O); *Moima v Matladi* 1937 NAH 40 (T en N) 44; *Warosi v Zotimba* 1942 NAH 55 (K en O) 57; *Magidela v Sawintshi* 1943 NAH 52 (K en O); *Sawintshi v Magidela* 1944 NAH 47 (K en O); *Fuzile v Ntloko supra* 4; *Lebona v Ramokone* 1946 NAH 14 (K en O) 16; *Sibanda v Sitole* 1951 NAH 347 (N-O) 350.

37 1948 1 SA 388 (A).

38 397.

native law. Framed as it is, it appears to me that the sub-section assumes that the native commissioner should in general apply common law and on that assumption empowers him in a proper case to apply native law. But I do not find it necessary for the purposes of deciding the present matter to hold that such a *prima facie* preference for the use of common law exists; and as there are various factors which the native commissioner would in one case or another have to take into account and which would ordinarily outweigh any such preference I think that I should assume, what leads for present purposes to the same result, that the native commissioner should exercise his discretion without regarding either of the systems of law as *prima facie* applicable. In each case he has at some stage to determine which system of law it would be fairest to apply in deciding the case between the parties. I think that he should only finally decide which system of law he is going to apply after considering all the evidence and argument as part of his eventual decision on the case: but it would probably be convenient in many cases for him to indicate at an earlier stage, and possibly even at the commencement of the trial, what law he would provisionally regard as applicable.”

Die Natalse Wetboek van Zoeloereg (en ook die Wetboek van Zoeloereg van Kwazulu) is substansieel ’n kodifisering van die inheemse Zoeloereg.<sup>39</sup> Aangesien dit wetgewingstukke is wat op magtiging van die Suid-Afrikaanse parlement uitgevaardig is, moet dit (en kan dit slegs) uitgelê word volgens die gemenerereg-funderde uitlegsreëls, maar myns insiens teen die agtergrond van die Zoeloereg. Laasgenoemde blyk ook uit die bepaling van artikel 144(3) van die Natalse Wetboek en artikel 109(3) van die Wetboek van Kwazulu. Die houe het kragtens genoemde artikels die bevoegdheid om tradisionele Zoeloereg toe te pas, selfs in gevalle waar dit nie in die wetboek beskryf word nie,<sup>40</sup> behalwe as dit in stryd is met natuurlike geregtigheid of die openbare beleid.

## 4 DIE GEWYSDEREG

Die uitlegsreëls wat in Suid-Afrika van toepassing is, dra kenmerke van sowel die Engelse as die Romeins-Europese reg. Trouens, daar is in die meeste gevalle nie enige verskil in die werking van dié reëls nie. In die lig hiervan is dit gepas om die een en ander oor die posisie in die Anglo-Amerikaanse reg mee te deel. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die gemenerereg in dié lande basies dieselfde is.

### 4 1 Die Anglo-Amerikaanse reg

#### 4 1 1 Die Statebondslande

In *Trimble v Hill*<sup>41</sup> moes die Geheime Raad beslis oor die vraag of die Australiese houe die Engelse houe se uitleg van ’n Engelse wet wat in Australië oorgeneem is, moes volg. Die Geheime Raad beantwoord dié vraag positief, “since . . . it is of the utmost importance that in all parts of the empire where English law prevails, the interpretation of that law by the Courts should be as nearly as possible the same.” Die reël dat die houe mekaar se beslissings moet volg, word derhalwe nie as ’n absolute reël gestel nie – daar word verwys na “as nearly as

<sup>39</sup> Dit is egter nie ’n presiese weergawe daarvan nie.

<sup>40</sup> Word dit egter in die Wetboek beskryf, geld die Wetboek.

<sup>41</sup> 5 AC 342.

possible the same.”<sup>42</sup> Daar moet in gedagte gehou word dat wanneer die Geheime Raad as ’n hof van appèl vir ’n ander land sit, dit in effek die hoogste hof van daardie land is. Dit kan derhalwe vandag ’n Indiese hof en môre ’n Nigeriese hof wees.<sup>43</sup>

Hierdie benadering het ook tot gevolg dat die Engelse howe die beslissings van ander lande sal volg. In ’n Engelse saak<sup>44</sup> word dan ook die volgende gesê:

“Finally, one cannot shut from one’s mind the desirability of having a homogeneous development of the law in all countries which have adopted our system of patent legislation. That desirability must result in a tendency of our courts to follow those decisions if it is possible to do so. Accordingly, I have come to the conclusion that, approached in that way, there is an error of law on the face of the record.”

In ’n ander saak, *Cording v Halse*,<sup>45</sup> wys Lord Goddard daarop dat dit ’n ongelukkige toedrag van sake sou wees indien in ’n strafszaak op ’n soortgelyke feitestel en ten aansien van ’n identiese wetgewingstuk, ’n skuldigbevinding in Skotland sou volg en nie in Engeland nie.<sup>46</sup>

#### 4 1 2 Die Verenigde State van Amerika

In die saak *State of Kansas v Hill*<sup>47</sup> is H daarvan aangekla dat hy die “Sunday closing law” oortree het, naamlik deurdat hy op Sondag drie pakkies kougom, ’n doos seep en ’n pak hondekos verkoop het. Die betrokke wetsbepaling is van Missouri oorgeneem en die relevante artikels lui soos volg:

“Every person who shall expose for sale any goods, wares, or merchandise, or shall keep open any ale or porter house, grocery, or tipping shop, or shall sell or retail any fermented or distilled liquor, on the first day of the week, commonly called Sunday, shall, on conviction, be adjudged guilty of a misdemeanor, and fined not exceeding fifty dollars. The last section shall not be construed to prevent the sale of any drugs or medicines, provisions, or other articles of immediate necessity.”

Die hof verklaar genoemde wetgewing ongeldig synde strydig met die konstitusie van Kansas deurdat die sinsnede “other articles of immediate necessity” so vaag en onseker is dat dit artikel 10 van die *Bill of Rights*, vervat in die konstitusie, skend. In sy uitspraak sê regter Fatzer die volgende:<sup>48</sup>

“This court has recognized and applied the rule that a statute adopted from another state carries with it the construction placed upon it by the courts of that state but the rule is not absolute and is subject to exceptions. One exception is that the construction of a statute by the highest court of the original state after it is adopted by another has no controlling effect on the adopting state, although it may be persuasive where it is supported by logic and good reasoning. But another and compelling reason exists why the

42 Vgl ook *Forget v Ostigny* 1895 AC 318 325: “The decisions in the English Courts are of course not authorities upon the construction of the article of the Canadian Code. But the words of the English statute relating to gambling contracts . . . do not differ substantially from those found in the Code. That statute renders null and void all contracts by way of gaming and wagering. The English authorities may, therefore, well be referred to as throwing light on the question what constitutes a gaming contract.” Vgl ook *Carnie v Carnie* (1966) EA 223 (Mombasa-appèlhof).

43 Vgl Allott 81.

44 *R v Patents Appeal Tribunal, Ex parte Swift and Co* (1962) 1 All ER 610 (QB) 618. Vgl ook Langan *Maxwell on the Interpretation of Statutes* (1969) 73.

45 (1954) 3 All ER 287 (QB) 291.

46 In *National and Grindlays Bank Ltd v Dharamshi Vallabhji* (1966) 2 All ER 626 (PC) word gesê dat relevante Nieu-Seelandse sake “considerable persuasive authority” het by die uitleg van ’n Keniase wetgewingstuk.

47 91 ALR 2d 750 (Kansas Supreme Court).

48 758–759.

rule has no application here. The argument in support of it presumes a doctrine which, if followed, would substitute the supreme court of Missouri as a tribunal to determine the grave question whether the statute contravenes the constitution of Kansas in place of the supreme court of this state.”

Hieruit is twee reëls af te lei:

- (a) Uitsprake van die houe van die herkomsland wat na die adopsie gelewer is, het nie bindingskrag op die houe van die adopsieland nie.<sup>49</sup>
- (b) Wetgewing, asook noodwendigerwys interpretasies daarvan en glosse daarop, is ongeldig as dit in stryd is met die konstitusie van die adopsieland.

Die Wet op die Vervreemding van Grond 68 van 1981 het op 19 Oktober 1982 in werking getree. Hoofstuk II van die wet het ten doel om beskerming te verleen aan persone wat "grond" ingevolge 'n "kontrak" koop. Die begrip "grond" in hoofstuk II het tegelyk 'n wyer en 'n enger betekenis as wat dit in die spreektaal het. Die betekenis is wyer omdat dit ook enige deeltiteleenheid, reg om oordrag van grond te eis en onverdeelde aandeel in grond insluit. Die betekenis is enger omdat dit beperk word tot grond wat hoofsaaklik vir woondoeleindes gebruik word of wat bestem is om hoofsaaklik aldus gebruik te word. Daar is ook verdere, relatief minder belangrike, beperkings op die betekenis van die begrip "grond" (sien die omskrywing van "grond" in artikel 1(1) asook, volledigheidshalwe, artikel (4). 'n "Kontrak" word in artikel 1(1) omskryf as

" 'n vervreemdingsakte waarkragtens grond verkoop word teen 'n betaling deur die koper aan die verkoper of aan enige persoon ten behoewe van die verkoper van 'n bedrag geld in meer as twee paaieimente oor 'n tydperk van meer as een jaar;"

asook enige ooreenkoms of ooreenkomste wat tesame dieselfde strekking het.

Artikel 19 van die wet beskerm die koper van "grond" kragtens 'n "kontrak" deur beperkings te plaas op die regte van die verkoper in geval van kontrakbreuk deur die koper. Artikel 19 lui soos volg:

- "(1) Geen verkoper is, weens 'n kontrakbreuk deur die koper, geregtig—
- (a) om 'n bepaling van die kontrak vir die vervoering van die betaling van 'n paaieiment van die koopprys of 'n ander strafbeding in die kontrak af te dwing nie;
  - (b) om die kontrak te beëindig nie; of
  - (c) om 'n aksie vir skadevergoeding in te stel nie,

tensy hy per brief die koper van die betrokke kontrakbreuk kennis gegee het en van die koper geëis het dat hy die betrokke kontrakbreuk moet herstel, en die koper versuim het om aan bedoelde eis te voldoen.

- (2) 'n Kennisgewing bedoel in subartikel (1) word aan die koper oorhandig of per aangetekende pos aan hom gestuur aan sy adres bedoel in artikel 23 en moet bevat—
  - (a) 'n beskrywing van die koper se beweerde kontrakbreuk;
  - (b) 'n eis dat die koper die beweerde kontrakbreuk moet herstel binne 'n vermelde tydperk, wat, behoudens die bepalings van subartikel (3), nie minder as 30 dae bereken vanaf die datum waarop die kennisgewing aan die koper oorhandig of per aangetekende pos aan hom gestuur is, na gelang van die geval, mag wees nie;
  - (c) 'n aanduiding van die stappe wat die verkoper voornemens is om te doen indien die beweerde kontrakbreuk nie herstel word nie.

(3) Indien die verkoper twee sodanige kennisgewings in dieselfde kalenderjaar met tussenpose van meer as 30 dae aldus aan die koper oorhandig of gestuur het, kan hy in 'n daaropvolgende kennisgewing wat in daardie kalenderjaar aldus aan die koper oorhandig of gestuur word, van die koper eis dat hy binne 'n tydperk van minstens sewe dae bereken vanaf die datum waarop die kennisgewing aan die koper aldus oorhandig of gestuur is, na gelang van die geval, sy verpligting nakom.

(4) Subartikel (1) word nie so uitgelê dat dit die verkoper verhoed om stappe te doen om die grond en verbeterings daarop te beskerm of om, sonder of na kennisgewing soos in genoemde subartikel vereis, spesifieke nakoming te eis nie."

Dit is van groot praktiese belang dat artikel 19 van toepassing is op alle bestaande “kontrakte” ongeag of hulle voor of na inwerkingtreding van die wet gesluit is (a 32(1)(c)). Voorts is die bepalings van artikel 19 gebiedend (*Miller v Hall* 1984 1 SA 355 (D) 361B). Voordat ’n verkoper dus weens kontrakbreuk deur die koper van sy “buitengewone” remedies (sien a 19 (1)(a)–(c)) ingevolge ’n bestaande “kontrak” kan gebruik maak, moet hy aan die bepalings van artikel 19 voldoen. (Vgl in die algemeen Van Rensburg en Treisman *The Practitioner’s Guide to the Alienation of Land Act* (1984) 198–206 vir ’n indringende bespreking van die bepalings van a 19.) In ’n drietal onlangse beslissings (*Oakley v Bestconstructo (Pty) Ltd* 1983 4 SA 312 (T); *Miller v Hall supra*; *Holme v Bardsley* 1984 1 SA 429 (W)) is interessante opmerkings gemaak oor die vertolking van artikel 19. Hierdie opmerkings handel oor die wyses waarop die verkoper aan die koper moet kennis gee (en daarmee saam die berekening van die tydperk in die kennisgewing vermeld waarbinne die koper sy kontrakbreuk moet herstel (a 19(2)(b))), asook oor die inhoud van die kennisgewing.

## 2 Die Wyses waarop die Verkoper aan die Koper Moet Kennis Gee

Volgens artikel 19 (2) kan die verkoper kies of hy die kennisgewing fisies aan die koper wil oorhandig en of hy dit per aangetekende pos aan die koper wil stuur aan sy adres soos bedoel in artikel 23. (Volgens a 6(1)(a) moet elke “kontrak” die woon- of sake-adresse van die koper en verkoper bevat. Artikel 23 bepaal dat die adresse ingevolge a 6(1)(a) in die kontrak vermeld, of indien ’n party se adres verander het, die nuwe adres waarvan hy aan die teenparty skriftelik kennis gegee het, dien as *domicilium citandi et executandi* van die partye.) Indien die verkoper verkies om die kennisgewing te oorhandig, moet daar ’n daadwerklike fisiese oorhandiging aan die koper self (en niemand anders nie) geskied. So nie, is die kennisgewing oneffektief. (*Maharaj v Tongaat Development Corporation (Pty) Ltd* 1976 4 SA 994 (A) 1000B. Hierdie beslissing het wel gehandel oor a 19 se voorganger, te wete a 13 (1) van die herroepe Wet op die Verkoop van Grond op Afbetaling 72 van 1971, maar Otto “Aanmanings by Afbetalingskoopkontrakte van Grond” 1982 *De Rebus* 208 253 254 betoog, myns insiens tereg, dat die bewoording van aa 19(2) en 13(1) wesenlik ooreenstem wat hierdie aspek betref.) Indien die verkoper verkies om die kennisgewing per aangetekende pos aan die koper te stuur, is die kennisgewing volgens Van Rensburg en Treisman (a w 202) in alle opsigte effektief, selfs al bereik dit die koper nie daadwerklik nie, mits die kennisgewing maar net aan die adres bedoel in artikel 23 gestuur is. In *Holme v Bardsley* hierbo bevind regter Flemming sonder verwysing na Van Rensburg en Treisman se standpunt dat die kennisgewing die koper inderdaad moet bereik ten einde effektief te wees (432B. Sien ook Fleming *Krediettransaksies* (1982) 316–318). In hierdie saak het die verkoper twee kennisgewings per aangetekende pos aan die adres wat die koper in die kontrak aangedui het, gestuur. Beide kennisgewings is aan die verkoper teruggelewer en is “onopgeëis” deur die poskantoor gemerk. Regter Flemming bevind dat dit moontlik is dat die posbusnommer wat die koper in die kontrak weergegee het, nooit bestaan het nie en dat die adres onvoldoende mag gewees het om enige aflewering moontlik te maak (430H). Dit is ook volgens die regter moontlik dat die koper, omdat hy op die afleweringstrokie gesien het van wie die posstuk afkomstig was, versuim het om die posstuk by die poskantoor af te haal (431A).

Die regter bevind egter dat

“[a] true impossibility of communication with the [purchaser] was in this case not factually established” (431B).

Die regter meen dat die wetgewer 'n keuse gehad het tussen onbillikheid teenoor die verkoper waar dit moeilik of onmoontlik vir hom is om met die koper te kommunikeer en onbillikheid teenoor die koper wat soms kan vind dat die kontrak gekanselleer is, sonder dat hy enige kennisgewing ingevolge artikel 19 ontvang het. Uit die bestaan, konteks, algemene strekking en oogmerk van artikel 19 lei regter Flemming af dat die koper soms selfs ten koste van die verkoper beskerm moet word (431G). Artikel 19(2) is volgens die regter dubbelsinnig omdat 'n brief enersyds slegs “gestuur” word indien dit die geadresseerde bereik. Indien die brief hom nie bereik nie, het die verkoper slegs “gepoog om te stuur.” Andersyds dui “gestuur” op die blote versending van die kennisgewing sonder dat die koper dit hoef te ontvang. Indien die wetgewer hierdie tweede betekenis in gedagte gehad het, kon die wetgewer volgens die regter ander woorde, soos “forwarded,” gebruik het. In die lig van die geïdentifiseerde dubbelsinnigheid in artikel 19(2) meen regter Flemming dat die gewone betekenis van die woorde in artikel 19(1) deurslag moet gee. Die regter verwys na die Engelse teks van artikel 19(1) wat deur die staatspresident onderteken is en wat bepaal dat die verkoper nie die “buitengewone” remedies kan afdwing nie,

“unless he has by letter notified the purchaser of the breach of contract concerned . . .” (my kursivering).

Die regter meen, myns insiens tereg, dat die woord “notified” oorwegend daarop dui dat die kennisgewing minstens die koper moet bereik. (Volgens *The Shorter Oxford English Dictionary* 3e uitg deur Friedrichsen beteken “notify” o a “inform.”)

Myns insiens is die woord “gestuur” of “sent” in artikel 19(2) egter nie in so 'n mate dubbelsinnig dat die vraag of die kennisgewing die koper inderdaad moet bereik ten einde effektief te wees, slegs met verwysing na die woord “notified” in die Engelse teks van artikel 19(1) beantwoord kan word nie. Die primêre betekenis van die woord “sent” of “gestuur” veronderstel nie dat dit wat gestuur word die geadresseerde inderdaad hoef te bereik nie. (Volgens *The Shorter Oxford English Dictionary* beteken “send”: “[c]hiefly, to dispatch.” Volgens *HAT* (1979) deur Odendal e a beteken “stuur”: “[l]aat gaan.”)

Die feit dat die kennisgewing die koper nie bereik nie, doen derhalwe nie afbreuk aan die feit dat die kennisgewing inderdaad “gestuur” is nie. Die enigste werklike dubbelsinnigheid in artikel 19 tree myns insiens na vore wanneer die Engelse teks van artikel 19(1) met die Afrikaanse teks van daardie subartikel vergelyk word. In die Engelse teks word die woord “notified” gebruik. Mens sou dus verwag het dat die begrip “in kennis gestel het,” in die Afrikaanse teks gebruik sou gewees het. In laasgenoemde teks word die woorde “kennis gegee het” (wat as “given notice” vertaal kan word) egter gebruik. “Notified” dui oorwegend daarop dat die koper inderdaad ingelig moet word, terwyl “kennis gegee het” die klem myns insiens plaas op die handeling wat die kennisgewer moet verrig, sonder om te vereis dat die geadresseerde noodwendig fisies in kennis gestel hoef te word. Die Engelse teks dui dus oorwegend daarop dat die brief die koper moet bereik, terwyl die Afrikaanse teks daarop kan dui dat dit nie nodig is nie. Voordat egter gesê kan word dat die Engelse teks deurslag moet gee omdat dit deur die staatspresident onderteken is, moet eers vasgestel word of daar 'n *onversoerbare teenstrydigheid* tussen die twee tekste is (Steyn *Die*

*Uitleg van Wette* deur van Tonder e a (1981) 139 141). Dit is heeltemal moontlik dat die teks wat nie onderteken is nie, die bedoeling van die wetgewer beter weergee as die ondertekende teks. (T a p 142; in *New Union Goldfields Ltd v Commissioner for Inland Revenue* 1950 3 SA 392 (A) 406G stel ar Van den Heever dit soos volg: “[W]hen a legislature speaks in two languages in the same breath, it seems to me that that which is common to both versions, must be regarded as Parliament’s true intention. The surplus on one side must be regarded as due to incautious expression.”)

Hierdie beginsels kan myns insiens soos volg op artikel 19(1) en (2) toegepas word: Die woord “gestuur” of “sent” in artikel 19(2) is nie dubbelsinnig nie. Die gewone betekenis van hierdie woord veronderstel nie dat dit wat “gestuur” word, inderdaad die geadresseerde hoof te bereik nie. Dat hierdie gewone betekenis van die woord in artikel 19(2) geld blyk uit artikel 19(2)(b) wat bepaal dat die tydperk waarbinne die koper sy kontrakbreuk moet herstel, begin loop “vanaf die datum waarop die kennisgewing . . . per aangetekende pos aan hom gestuur is . . .”

in teenstelling met die datum waarop die kennisgewing die koper bereik. Myns insiens is daar ook geen *onversoerbare* teenstrydigheid tussen die woorde “notified” en “kennis gegee het” in artikel 19(1) nie. Wat hierdie twee stelling woorde betref, het beide tekste dit gemeen dat die verkoper stappe moet doen om die koper in te lig. “Notified” (in teenstelling met “given notice”) veronderstel wel oorwegend dat die verkoper se stappe geslaagd moet wees, maar “kennis gegee het” (in teenstelling met “in kennis gestel het”) veronderstel nie noodwendig sukses van die stappe nie. In die lig van die woord “gestuur” of “sent” in artikel 19(2) wat nie vereis dat die kennisgewing die koper moet bereik nie, kan daardie deel van die betekenis van “notified” in artikel 19(1) wat impliseer dat die kennisgewing die koper moet bereik, in die woorde van appèlregter Van den Heever as “surplus . . . due to incautious expression” beskou word. Hoewel dit streng gesproke vir doeleindes van wetsuitleg irrelevant is, is dit interessant om daarop te let dat regter Flemming self (431H) te kenne gee dat

“the Act was drafted in Afrikaans . . . and . . . the image of the model [die Engelse teks] thereafter became the official model [vanweë ondertekening deur die Staatspresident].”

Hierdie opmerking steun ook die standpunt dat die Afrikaanse woorde “kennis gegee het” die ware bedoeling van die wetgewer weerspieël.

Die volgende *dictum* van regter Flemming versterk myns insiens die standpunt dat die kennisgewing die koper nie daadwerklik hoof te bereik nie:

“Unless the reference to a letter ‘sent’ in s 19(2) is in conformity with what I understand s 19(1) to convey, it would also now be correct to calculate the 30 days of the demand from the date of forwarding the letter instead of the date of receipt thereof” (432D).

Die regter sê hier dat indien “gestuur” in artikel 19(2) *nie* beteken dat die kennisgewing die koper inderdaad hoof te bereik nie, dan sou dit tans korrek wees om die 30-dae tydperk wat in die kennisgewing vermeld word, te bereken vanaf datum van versending van die kennisgewing en nie vanaf datum van ontvangs van die kennisgewing nie. Die beslissing in *Maharaj v Tongaat Development Corporation (Pty) Ltd* hierbo dien as agtergrond vir die pas aangehaalde *dictum* van regter Flemming. Hierdie beslissing het, soos reeds gesê, gehandel oor artikel 13(1) van die herroepe wet. Hierdie subartikel het ten tye van die *Maharaj*-beslissing soos volg gelui:

“Geen verkoper is, weens ’n versuim deur die koper om ’n verpligting kragtens ’n kontrak na te kom, geregig om die kontrak te beëindig of om ’n aksie om skadevergoeding in te stel nie, tensy hy per brief aan die koper oorhandig en waarvoor ’n erkenning van ontvangs verkry is of per aangetekende pos aan hom gestuur na die adres wat, sover bekend, sy jongste woon- of sake-adres is, die koper van die betrokke versuim kennis gegee het en van die koper geëis het dat hy die betrokke verpligting moet nakom binne ’n in die kennisgewing vermelde tydperk, wat nie minder as dertig dae is nie, en die koper versuim het om aan die kennisgewing te voldoen.”

In die *Maharaj*-beslissing het appèlregter Wessels op grond van die bewoording van artikel 13(1) beslis dat die tydperk wat in die kennisgewing vermeld word, eers begin loop op die datum waarop die koper die kennisgewing ontvang. Hierdie vertolking van artikel 13(1) is klaarblyklik korrek en is nie daarna bevraagteken nie (vgl *Robinson v Bradfield* 1984 1 SA 349 (N) 352B; *Otto* 1982 *De Rebus* 253). Die bewoording van artikel 19(2) verskil egter aansienlik van dié van artikel 13(1). Die nuwe artikel 19(2)(b) bepaal uitdruklik dat die tydperk in die kennisgewing vermeld, bereken word

“vanaf die datum waarop die kennisgewing . . . per aangetekende pos aan hom gestuur is.”

Aangesien regter Flemming in die aanhaling hierbo (432D) die standpunt dat die koper die kennisgewing moet ontvang, koppel aan die standpunt dat die tydperk bereken word vanaf datum van ontvangs, kan waarskynlik afgelei word dat indien die tydperk bereken word vanaf datum van versending (soos dit tans die geval is), ontvangs van die kennisgewing nie ’n onwrikbare vereiste vir die effektiwiteit van die kennisgewing is nie.

Regter Flemming motiveer sy standpunt dat die kennisgewing die koper werklik moet bereik ten einde geldig te wees, verder deur te sê dat die wetgewer nie bedoel het dat die koper aan wie die kennisgewing per aangetekende pos gestuur word, ’n mindere mate van beskerming moet geniet as die koper aan wie die kennisgewing oorhandig word nie. Artikel 19(2)(b) beoog egter klaarblyklik ’n mindere mate van beskerming aan die koper in eersgenoemde geval, aangesien die tydperk dan reeds voor ontvangs van die kennisgewing begin loop, terwyl dit in laasgenoemde geval eers begin loop by ontvangs (ofte wel oorhandiging) van die kennisgewing.

Deur kennisgewing van adresverandering gebiedend te maak (a 23), het die wetgewer klaarblyklik gepoog om werklike ontvangs te verseker (*Otto* 1982 *De Rebus* 254). Hieruit volg egter nie noodwendig dat die wetgewer bedoel het dat die kennisgewing in alle omstandighede die koper moet bereik ten einde effektief te wees nie. Alhoewel die wet nie uitdruklik so bepaal nie, behoort ’n kennisgewing wat gestuur word aan die adres wat in die kontrak vervat is, geldig te wees indien dit die koper nie bereik nie omdat hy sy adres verkeerd in die kontrak weergegee het of versuim het om ingevolge artikel 23 kennis van adresverandering te gee (*Van Rensburg en Treisman* a w 202). Indien die koper deur die nie-nakoming van artikel 6(1)(a) of 23 dit vir die verkoper moeilik of onmoontlik maak om met hom te kommunikeer, behoort die koper die risiko van die nie-ontvangs van die kennisgewing te dra. In *Holme v Bardsley* (431B) het die applikant (verkoper) nie bewys dat dit werklik onmoontlik was om met die koper te kommunikeer nie. Die volgende oplossing verdien myns insiens in hierdie omstandighede oorweging. Dit sal vir die verkoper in die oorgrote meerderheid van gevalle ’n onbegonne taak wees om op ’n oorwig van waarskynlikhede die hof tevrede te stel dat kommunikasie onmoontlik was. Die feite

rakende die beweerde onmoontlikheid sal dikwels binne die uitsluitlike kennis van die koper val. Indien daar op die feite 'n redelike moontlikheid bestaan dat die posbusnommer wat die koper in die kontrak weergegee het, nooit bestaan het nie, of dat die adres in die kontrak onvoldoende mag gewees het om enige aflewering moontlik te maak, of dat die kennisgewing nie ontvang is nie omdat die koper versuim het om kennis van adresverandering te gee, of dat die koper versuim het om die kennisgewing by die poskantoor te gaan afhaal alhoewel hy die afleweringstrokie mag ontvang het, behoort daar 'n las te rus op die koper om getuienis voor die hof te lê waaruit afgelei kan word dat hy nie verantwoordelik was vir die nie-ontvangs van die kennisgewing nie. Dit is nie nodig dat hier 'n bewyslas op die koper geplaas word nie. Die koper hoef slegs 'n feitelike basis te lê vir die afleiding dat hy nie kommunikasie deur die verkoper aan hom onmoontlik gemaak of frusteer het nie. In *Noordvaal Konstruksie Maatskappy (Edms) Bpk v Booysen* (1979 2 SA 193 (T) 196F) wat oor artikel 13(1) van die herroepe Wet op die Verkoop van Grond op Afbetaling gehandel het, is beslis dat die verkoper "clear evidence" voor die hof moet plaas dat die vereistes van die artikel nagekom is. Indien die verkoper dan wel "clear evidence" (bv in die vorm van 'n strokie van die poskantoor wat aandui dat die brief per aangetekende pos aan die adres wat die koper verstrek het, gestuur is, tesame met 'n ware afskrif van die kennisgewing (om die inhoud van die kennisgewing te bewys)) voor die hof plaas, behoort daar 'n las op die koper te rus om die afleiding dat hy die kennisgewing inderdaad ontvang het, of dat hy vir nie-ontvangs van die kennisgewing verantwoordelik was, te weerlê. So 'n benadering sou meebring dat die kennisgewing nie noodwendig oneffektief is indien dit die koper nie bereik nie en dit sou in ooreenstemming wees met die volgende  *caveat* wat regter Grosskopf in *Oakley v Bestconstructo (Pty) Ltd* (316H) opper oor die vertolking van artikel 19:

"Daar moet . . . gewaak word . . . dat daar nie 'n swaarder las op die skouers van die verkoper gelaai word as wat die wetgewer beoog het nie. Die bepaling van art 19 is immers beswarend van aard en moet dus streng uitgeleë word."

### 3 Die Inhoud van die Kennisgewing

#### 3 1 Artikel 19(2)(a)

Artikel 19(2)(a) het in die onlangse drietal beslissings nie tot probleme aanleiding gegee nie. (Sien Van Rensburg en Treisman a w 203-204 oor hierdie subartikel.)

#### 3 2 Artikel 19(2)(b)

In *Oakley v Bestconstructo (Pty) Ltd* hierbo moes regter Grosskopf onder meer beslis of die kennisgewing, ten einde aan die bepaling van artikel 19(2)(b) te voldoen (" 'n eis dat die koper die beweerde kontrakbreuk herstel"), die koper moet inlig wat die presiese bedrag is wat hy aan die verkoper moet betaal, in die geval waar die beweerde kontrakbreuk geleë is in die versuim om 'n verskuldigde bedrag geld tydig te betaal. Regter Grosskopf beantwoord hierdie vraag soos volg:

"Die Wetgewer het klaarblyklik bedoel dat die koper 'n geleentheid moet kry om sy kontrakbreuk te herstel. Indien nakoming van die betrokke verpligting dus vereis dat die koper 'n bepaalde bedrag geld aan die verkoper moet betaal, en indien die koper nie redelikerwys kan weet wat die omvang van daardie bedrag is nie, volg dit myns insiens dat 'n eis om nakoming van die betrokke verpligting ook moet vermeld wat die bedrag is wat die koper moet betaal. Indien die verpligting wat 'n koper versuim het om na te

kom, by 'n vaste maandelikse paaieiment vir 'n sekere maand is, mag dit voldoende wees om in die kennisgewing te eis dat die paaieimente vir die betrokke maand betaal word, sonder vermelding van die bedrag van die paaieiment, en wel omdat die bedrag daarvan aan die koper bekend is. Waar die bedrag egter nie vasstaan nie, soos die verskuldigde balans in die onderhawige geval, sal 'n eis om betaling myns insiens slegs sin uitmaak indien die bedrag wat betaal moet word in die kennisgewing vermeld word. Na my mening is dit ook wat in art 19(2) bedoel word. Indien 'n koper eers navraag moet doen oor die omvang van die bedrag wat hy uit hoofde van sy betrokke verpligting moet betaal, en indien hy daarna op 'n antwoord van die verkoper moet wag, mag dit wees dat die 30 dae tydperk waarvoor die kennisgewing ingevolge art 19(2)(b) voorsiening maak, in effek drasties ingekort word (319B-F)."

In hierdie geval was die koper nie bewus van die omvang van die munisipale heffings en gelde waarvoor sy teenoor die verkoper aanspreeklik was nie en het sy ook nie geweet teen watter koers die rente bereken moes word nie. Gevolglik kon die koper nie redelikerwys weet wat die verskuldigde saldo op die koopprys was nie en was die kennisgewing oneffektief omdat dit nie die presiese verskuldigde bedrag vermeld het nie. Regter Grosskopf se benadering is hier klaarblyklik bo kritiek verhewe.

In *Miller v Hall* hierbo was die koper se eerste verweer dat 'n kennisgewing wat nie vermeld op watter datum die tydperk in die kennisgewing begin loop nie, nie aan die bepalings van artikel 19(2)(b) voldoen nie. Regter Page beslis (358B) met 'n beroep op *Robinson v Bradfield* hierbo, wat oor artikel 13(1) van die herroepe wet gehandel het, dat daar geen plig op die verkoper rus om in die kennisgewing te vermeld wanneer die tydperk begin loop of afloop nie. In *Robinson v Bradfield* beslis regter Kumleben (met wie regter Van Heerden saamgestem het) dat alhoewel die oogmerk van die wetgewer was om die koper te beskerm, daar nie 'n plig waarvoor die wet geen voorsiening maak, op die verkoper geplaas kan word nie (352H). Indien die koper nie weet op watter datum die tydperk in die kennisgewing vermeld begin loop nie, is dit nie onredelik om van hom te verwag om regsadvies in te win nie (352F). In die lig van die woorde waarmee die wetgewer sy bedoeling in artikel 13(1) en 19(2)(b) uitgedruk het, het die regters in *Robinson* en *Miller* se sake myns insiens die enigste realistiese benadering gevolg.

### 3 3 Artikel 19(2)(c)

Van Rensburg en Treisman (a w 204) doen aan die hand dat die verkoper aan die vereistes van artikel 19(2)(c) voldoen, indien hy in die kennisgewing in die alternatief remedies aandui wat hy voornemens is om af te dwing indien die beweerde kontrakbreuk nie herstel word nie en verklaar dat hy die reg voorbehou om na verloop van die tydperk in die kennisgewing vermeld, te kies welkeen van die beskikbare remedies hy gaan afdwing. Ook Flemming (a w 316) meen dat duideliker bewoording nodig sou wees voordat die verkoper belet sou wees om die stappe wat hy mag besluit om te doen in die alternatief te noem.

In *Miller v Hall* hierbo het die koper twee verskuldigde paaieimente nie tydig betaal nie en die verkoper het per aangetekende pos die volgende kennisgewing aan hom gestuur:

"We hereby serve on you 30 days' notice in terms of the 'Sale of Land on Instalments Act', and clause 9 of the agreement of sale for the above property, to remedy/make payment of the following, which according to our records remain outstanding:

January and February instalment R516.

As to the consequences attached to your non-compliance with the terms of this notice, your attention is drawn to the relevant clause in the agreement of sale, particularly the fact that should the seller elect to take legal action against you, all costs incurred thereby will be borne by you."

Klousule 9 van die kontrak het bepaal dat indien die koper kontrakbreuk pleeg en versuim om binne 30 dae na kennisgewing die kontrakbreuk te herstel, die verkoper geregtig sou wees om (a) die kontrak te beëindig en 'n strafbeding af te dwing, of (b) die kontrak te kanselleer en skadevergoeding te eis, of (c) vervroegde betaling van die saldo op die koopsom af te dwing. Die koper beweer dat die kennisgewing oneffektief was, onder meer omdat dit nie aan artikel 19(2)(c) voldoen het nie en omdat daarin vermeld is dat dit ingevolge die Wet op die Verkoop van Grond op Afbetaling gestuur is, terwyl dit in werklikheid ingevolge die Wet op die Vervreemding van Grond gestuur moes gewees het. Regter Page maak korte mette met laasgenoemde verweer, aangesien artikel 19 nêrens voorskryf dat die kennisgewing moet vermeld dat dit ingevolge die Wet op die Vervreemding van Grond gestuur word nie:

"The reference to a particular statute was, accordingly, surplusage which could not have the effect of invalidating the notice unless it detracted from the effectiveness of the balance thereof by, for example, misleading the recipient as to its nature or effect" (359F).

Wat die vraag betref of die kennisgewing aan die bepalings van artikel 19(2)(c) voldoen het, is namens die verkoper betoog dat dit onnodig is om in die kennisgewing aan te dui presies welke een van die beskikbare stappe hy voornemens is om te doen en dat dit voldoende is om slegs die voorneme om enigeen van die stappe in artikel 19(1)(a), (b) of (c) genoem, aan te dui. Daarteenoor is namens die koper betoog dat die verkoper verplig was om spesifiek aan te dui welke een van die beskikbare stappe hy inderdaad voornemens was om te doen. Regter Page beslis dat ongeag of die koper of verkoper se betoog korrek is, die betrokke kennisgewing in ieder geval nie aan die bepalings van artikel 19(2)(c) voldoen nie, omrede:

"even if the second paragraph of the letter can be construed as incorporating therein a reference to the remedies set forth in clause 9(a), (b) and (c) of the contract, *it contains no indication of an intention on the part of the seller to enforce any of those remedies, either singularly or in the alternative*. It certainly contains no express statement of such an intention; nor is such an intention, in my view, a justifiable implication from its terms. Those terms would be equally consistent, for instance, with an intention merely to enforce specific performance in respect of the arrear instalments without resorting to any of the more drastic remedies provided for in clause 9" (360G-H, my kursivering. Sien ook *Oakley v Bestconstructo (Pty) Ltd supra* 360C).

Regter Page spreek dan *obiter* die mening uit dat die verkoper se betoog nie korrek is nie (361C). Ter motivering verwys regter Page (361F) na die volgende stelling (wat ook vir die huidige wet geld) in *Maharaj v Tongaat Development Corporation (Pty) Ltd* hierbo:

"[T]he overall intention of the legislature was to afford *reasonable protection* to a purchaser who, by reason of a failure on his part to fulfil an obligation under a contract, faces a threat by the seller to terminate it or to institute an action for damages" (1001A, my kursivering).

Regter Page meen dat dit op grond van hierdie algemene oogmerk van die wetgewer geregverdig is om af te lei dat die oogmerk met artikel 19(2)(c) was om te verseker dat die koper presies sal weet wat sal gebeur as hy sy kontrakbreuk nie herstel nie, ten einde hom in staat te stel om te besluit of dit in sy beste belang is om te herstel of nie. Hierdie oogmerk kan slegs verwesenlik word indien die koper presies weet watter remedie afdgwing sal word as hy volhard

met die kontrakbreuk (362E. Sien ook die *obiter*-opmerkings van r Grosskopf in *Oakley v Bestconstructo (Pty) Ltd* hierbo 320A-C, waaruit moontlik afgelei kan word dat die kennisgewing oneffektief is as dit bloot 'n verskeidenheid van stappe wat die verkoper na keuse kan doen, bevat). Die gebruik van die meervoud "stappe" in artikel 19(2)(c) doen volgens regter Page nie afbreuk aan hierdie gevolgtrekking nie, aangesien elkeen van die remedies wat in subartikel (1) genoem word, uit meer as een stap kan bestaan (365A). Met verwysing na Otto 1982 *De Rebus* 255) bevind die regter dat die feit dat die verkoper een spesifieke remedie in die kennisgewing moet aandui, nie beteken dat die verkoper by volgehoue kontrakbreuk verplig sal wees om daardie remedie af te dwing nie (363E. Vgl Van Rensburg en Treisman a w 204 se kommentaar op *Walker v Minier et Cie (Pty) Ltd* 1979 2 SA 474 (W)). Die verkoper is slegs gebonde aan die remedie wat hy in die kennisgewing aangedui het vir sover hy, indien hy sou besluit om dit nie af te dwing nie, 'n vars kennisgewing moet stuur voordat hy 'n ander remedie in subartikel (1) genoem kan afdwing (364F). Hierdie standpunt van die regter sowel as sy bevinding dat die kennisgewing oneffektief is, omrede dit in ieder geval geen aanduiding bevat van 'n voorneme om enige remedie af te dwing, bevat nie, is heeltemal aanvaarbaar. Bedenkinge kan egter geopper word teen die standpunt dat die beskikbare remedies nie in die alternatief in die kennisgewing aangedui mag word nie. In die eerste plek is dit 'n groot sprong vanaf die algemene oogmerk van die wetgewer om "reasonable protection" aan die koper te verleen, na die beweerde spesifieke oogmerk van artikel 19(2)(c), naamlik om te verseker dat die koper *presies sal weet* wat sal gebeur as hy nie sy kontrakbreuk herstel nie. Die vraag kan gevra word of die koper nie redelike beskerming sal geniet, indien die verkoper toegelaat word om die remedies tot sy beskikking in die alternatief in die kennisgewing weer te gee nie.

Die algehele oogmerk om redelike beskerming te verleen, kan myns insiens ook verweselik word indien artikel 19(2)(c) bloot sou verseker dat die koper, wat in die gewone loop van sake nie op hoogte is van die presiese inhoud van die kontrak nie, herinner word aan die potensiële erns van 'n volgehoue versuim om sy kontrakbreuk te herstel. Om buite-om die woorde van artikel 19(2) streng vereistes vir die geldigheid van die kennisgewing te stel, sou myns insiens verder gaan as wat nodig is vir die redelike beskerming van die koper. Sodanige bykomstige streng vereistes kan tot gevolg hê dat verkopers wat reeds baie geduld aan die dag gelê het weens kopers se kontrakbreuk, se regmatige aansprake verydel word. (In die *Oakley*-saak was die koper reeds byna drie maande *in mora* voordat die verkoper die kontrak probeer kanselleer het; in *Miller v Hall* is die kennisgewing eers gestuur na versuim om twee paaiemente te betaal; in *Holme v Bardsley* het die verkoper eers twee kennisgewings gestuur voor hy die kontrak wou kanselleer.) So 'n gevolg sou private onderneming in die algemeen net ten kwade kon strek.

Tweedens is dit te betwyfel of die vertolking wat regter Page aan die woord "stappe" ("steps") in artikel 19(2)(c) het, korrek is. Regter Page meen dat 'n "stap" nie dui op 'n remedie genoem in artikel 19(1)(a), (b) of (c) nie, maar eerder dat elke remedie in subartikel 1(a), (b) of (c) uit meerdere "stappe" kan bestaan (365A). Vroeër in die uitspraak (362A-B 364G) verwerp regter Page die verkoper se betoog dat "aanduiding" ("indication") in subartikel (2) (c) ook "a hint" of "suggestion" kan beteken. Die regter aanvaar die koper se betoog dat

die woord "aanduiding" beteken dat die verkoper "what he 'has in mind as a fixed purpose'" aan die koper moet bekend maak. Indien "aanduiding" en "stappe" dan verstaan word in die sin wat regter Page daaraan heg, sou die gevolge absurd wees (vgl Steyn aw 118 ev), aangesien die verkoper, indien 'n remedie uit meerdere "stappe" sou bestaan, in die kennisgewing 'n aanduiding van elk van daardie "stappe" sou moes gee. Verder gebruik regter Page self die woord "stappe" in die sin van remedies genoem in subartikel 1(a), (b) en (c):

"It was also contended . . . that the word 'intend' ["voornemens is"] could be used in a broad general sense. In my view it is, in the present provision, clearly defined by the context as meaning which of the *steps* [i.e. remedies] available to him the seller proposes to take" (364H; my kursivering).

In die lig hiervan kan geargumenteer word dat "stappe" wel as remedies verstaan moet word en dat die gebruik van die meervoud "stappe" die sienswyse dat die beskikbare remedies in die alternatief genoem mag word, versterk.

Hoe dit ook al sy, daar kan met vertroue voorspel word dat artikel 19 nog tot 'n vloedgolf van litigasie aanleiding sal gee, veral indien die houe voortgaan om uit hulle pad uit te gaan om die koper tegemoet te kom.

JP VORSTER

*Randse Afrikaanse Universiteit*

## SOME CRIMINAL LAW ANOMALIES BROUGHT ABOUT BY A SEX CHANGE

*"Transsexualism or the gender dysphoria syndrome is a rare psychological condition. It is described as a passionate lifelong conviction that one's psychological gender – that indefinable feeling of maleness or femaleness – is opposite to one's anatomic sex."* (M M Belli "Trans-sexual Surgery" (1978) 239 *Journal of the American Medical Association* 2143 2144.

Transsexuals may be transvestites, i.e., those who enjoy a preference for wearing clothing worn by the opposite sex (cross-dressing). A transsexual is not an hermaphrodite (an inter-sexual). Although he or she may show homosexual tendencies, a transsexual is not a homosexual. A homosexual knows and believes that he is of the same sex as the person to whom he is attracted. Many transsexuals undergo surgical procedures and thereafter have the appearance of a member of the opposite sex. These so-called sex-change surgical procedures require a series of operations. The genitalia of the male transsexual are amputated, and by plastic surgery a female-type vagina or vaginal pocket is created. Thereafter breasts are constructed by plastic surgery. The female transsexual undergoes an amputation of her breasts. A hysterectomy is performed and by plastic surgery a form of penis is constructed. (J Taitz "The Legal Consequences of a Sex-change – a Judicial Dilemma" 1980 *SALJ* 65 67–68). By these procedures the transsexual male or female is brought into line with his or her psychological gender. Although the so-called sex-change operates are cosmetic it is relevant that the male transsexual who has undergone sex-change procedure (hereafter referred to as a surgically-formed female), is capable of indulging in coitus with a normal male. There is of course, no question of pregnancy.

The leading decision regarding the legal consequences of a sex-change in South Africa is *W v W* (1976 2 SA 308 (W)). The effective *ratio decidendi* of the

judgment is that a person who undergoes sex-change treatment and surgery remains a member of the sex into which he or she was born (Taitz *op cit* 73).

The judgment in *W v W* (above) is based largely on the English decision of *Corbett v Corbett* (otherwise Ashley) 1970 2 All ER 12). In that case Ormrod J (himself a former medical practitioner), held that three biological factors, more particularly the chromosomal, the gonadal (i.e., the presence or absence of testes and ovaries) and the genital (including internal sex organs) if congruent, determine a person's sex (46j-47a). The English judge concluded that:

"the biological sexual constitution of an individual is fixed at birth (at the latest) and cannot be changed, either by natural development or organs of the opposite sex, or by medical or surgical means" (at 47c).

Although the judge based his findings on (biological) sex he appears to have avoided the essential distinction between sex and gender, a subject beyond the scope of this paper.

Recently, in *R v Tan* (1983 2 All ER 12) the English Court of Appeal found cause to consider the decision in *Corbett v Corbett* (above). In *R v Tan* one of the accused, Gloria Greaves, had been convicted in the lower court *inter alia* of contravening section 30 of the Sexual Offences Act 1956 in that she lived "on the earnings of prostitution." Section 30 of the Sexual Offences Act 1956 provides:

- (1) It is an offence for *a man* knowingly to live wholly or in part on the earnings of prostitution. (My italics.)
- (2) For the purposes of this section *a man* who lives with or is habitually in the company of a prostitute, or who exercises control, direction or influence over a prostitute's movements in a way which shows *he* is aiding, abetting or compelling her prostitution with others, shall be presumed to be knowingly living on the earnings of prostitution, unless *he* proves the contrary." (my italics.)

The accused, Gloria Greaves, a surgically-formed female, had been born a male. She had undergone "both hormone and surgical treatment . . . consisting essentially in the removal of the external male organs and the creation of an artificial vaginal pocket" (at 19d). The accused, who considered herself a female was married to a man (20f). In the case under consideration she raised the defence that she could not be convicted of contravening section 30 of the Sexual Offences Act (above) as she was not a man. It was argued by the defence, presumably to avoid the conclusion reached by Ormrod J in *Corbett v Corbett* (above), that

"for the purposes of s 30 . . . another test should be applied; that, if the person had become philosophically or psychologically or socially female, that person should be held not to be a man for the purpose of (section 30) . . ." (197).

This argument did not commend itself to the Court of Appeal which applied the judgment in *Corbett v Corbett* (above). The court, per Parker J held that:

"In our judgment, both common sense and the desirability of certainty and consistency demand that the decision in *Corbett v Corbett* should apply for the purpose, not only of marriage, but also for a charge under s 30 of the Sexual Offences Act . . ." (at 19f-g).

An application for leave to appeal was refused by the Court of Appeal as was a petition to the appeal committee of the House of Lords (20f). Although the logic of the decision regarding certainty and consistency of law cannot be faulted, the English court has again ignored the situation in which surgically-formed females and males find themselves. They have undergone lengthy, painful and expensive surgical, medical and psychiatric procedures for therapeutic purposes.

Yet in the eyes of the law sex-changed persons find themselves remaining members of the sex from which they sought to escape.

In the light of *W v W* (above) it is unlikely that a South African court will regard a 'sex-changed person' as a member of his newly acquired sex. If persisted in, this judicial attitude will produce anomalies in our law *inter alia* in regard to certain crimes involving sex. Before considering these it is apposite to recall that a surgically-formed female is able to participate in coitus with a normal male. Should such a person be regarded by the court as a member of his biological sex, i.e. a male, no surgically-formed female may be convicted of an act of immorality with a member of another racial group in breach of section 16 of the Immorality Act 1957. Perhaps more anomalous is the fact that although a surgically-formed female is physically capable of being raped with the same horror, pain and indignity as any biological female, her assailant cannot be convicted of rape as long as the court regards the complainant as a male. (For a definition of *rape* see Hunt, *South African Criminal Law and Procedure* Vol II (2ed) 435.) The fact that an accused under these circumstances may be convicted of indecent assault or assault with intent to commit rape, etc does not detract from the anomaly of the situation. Further, laws designed to protect the chastity of South African women, *inter alia* the following offences created by the Immorality Act 23 of 1957:

- a the procuring or attempting to procure any female to have unlawful carnal intercourse with any person, other than the procurer, or in any way assisting to bring about such intercourse (s 10(a));
- b the inveigling or enticing of any female to a brothel for the purpose of unlawful carnal intercourse or prostitution or the concealing in any house or place any female so inveigled or enticed, (s 10(b));
- c the procuring or attempting to procure any female to become a common prostitute (s 10(c)) or to become an inmate of a brothel, (s 10(d));
- d the application or administration, etc, of any drug, intoxicating liquor, matter or thing to any female with intent to stupefy or overpower her so as to enable any person, other than the procurer, to have unlawful carnal intercourse with such female (s 10(e)),

are not available for the protection of the surgically-formed female.

Finally, any person who, during the subsistence of an existing valid marriage undergoes a "sex-change" and thereafter marries a member of his or her original sex cannot be convicted of bigamy. (For a definition of *bigamy* see Hunt *op cit* 245.) A marriage between members of the same sex can never be regarded as a valid marriage in our law. Accordingly, a marriage between members of the same sex cannot found a conviction of bigamy (see *R v Jacobs* 1926 OPD 184; cf *R v Davies* 1956(3) 52 (AD) 64).

These examples are not exhaustive and are merely intended to show the unfortunate and sometimes ridiculous criminal-law situations in which transsexuals may find themselves. There are laws to protect the chastity, dignity and morals of all persons, including imbeciles. It is therefore not unreasonable to expect the legislature to extend these protections to transsexuals *who have undergone sex-change procedures for therapeutic purposes*.

JEROLD TAITZ  
University of Cape Town

# VONNISSE

## GUMEDE v THE MINISTER OF LAW AND ORDER (UNREPORTED)

*Security legislation—the need for legal safeguards?*

In *Gumede and Others v The Minister of Law and Order* an application was brought by six dissidents (also known as the consulate six) to have a second set of detention notices issued by the minister of law and order in terms of section 28 of the Internal Security Act of 1982 declared invalid. Drama followed the decision handed down on 1984-09-07 by Mr Justice Brian Law when he ordered the release of five of the applicants from prison on the grounds that the detention notices were void. The minister ordered their immediate re-arrest and issued a second set of detention notices which could not be served as the men disappeared for several days before seeking refuge in the British consulate in Durban.

In this case, the most widely publicised to come before our courts in recent years, the spotlight was focussed on the state of civil liberties in South Africa. It should be borne in mind that this was the first major case to come before the courts since the new constitution came into operation. With political rights being extended to Coloureds and Indians—an event which was regarded both locally and in many Western nations as the first tentative step in extending democracy in South Africa—there was, inevitably, deep concern that the minister used the drastic powers vested in him to detain persons on the eve of the Indian and Coloured elections.

The case was referred to the full bench of the Natal provincial division which treated the matter as one of urgency. The court did not hand down its judgment immediately. More than two weeks passed before the three judges finally announced their decision. The application to have the detention notices issued in terms of section 28 of the Internal Security Act declared void was dismissed with costs. In a closely reasoned judgment running to thirty three pages the court explained how it reached its decision that the minister of law and order had complied with the requirements of section 28 of the Internal Security Act. The detention notices were therefore valid. The act vests power in the minister to order the detention of any person who *in his opinion* engages in activities which endanger state security or law and order. Section 28(3)(b) of the act does, however, require the minister to provide a written statement which is to accompany the detention notice. The relevant part of section 28(3)(b) reads as follows:

“a written statement by the Minister [shall set] forth the reasons for the detention of the person concerned and so much of the information which induced the Minister to issue

the notice in question as can, in the opinion of the Minister, be disclosed without detriment to the public interest.”

In the case of the applicants, the detention notices were accompanied by written statements which were identical save for the name of the detainee. It took the following form:

“I am satisfied that the said Archibald Jacob Gumede engages in activities which endanger the maintenance of law and order.

Information which induced me to issue the said notice [ie the detention order]:

By acts and utterances the said Archibald Jacob Gumede did himself and in collaboration with other persons attempt to create a revolutionary climate in the Republic of South Africa thereby causing a situation endangering the maintenance of law and order.

No other information can in my opinion be disclosed without detriment to the public interest.”

The reasons given in the statement are couched in rather vague language. One may have difficulty in assuming that the minister has information that an indictable offence such as sabotage or subversion was committed by the particular individual.

If it were so, the minister could have served a detention notice in terms of section 29 which covers the case of a person suspected of having committed an offence. Alternatively, he could allow the law to take its normal course by leaving it to the attorney general to take the matter to court and formally issue an indictment against the individual.

It is not clear what the minister understands or means by the assertion that the applicant Gumede “by acts and utterances . . . *attempts to create a revolutionary climate.*” No such offence exists under our law and it is open to conjecture whether he is referring to protest politics or to the boycott campaign against the new constitution or to anti-apartheid activities or to acts of civil disobedience or some other information. The minister, however, decided that it was not in the public interest to disclose any further information.

It is evident then that the statement does not contain information that a clear breach of the law was committed. Should one engage in guess-work to ascertain whether there are adequate grounds for depriving the individual of his liberty? How is one to know if the minister has formed an opinion on the basis of information which may or may not be entirely accurate if it is not disclosed to the court?

The court however seems to have had no difficulty with the written statement. It held that:

“The minister is required to set forth the reasons for the detention of the person concerned; he is not called upon to give the reasons why he is of the opinion or is satisfied or has reason to suspect that certain conditions exist.”

The court expressed its satisfaction with the written statement as setting out the reasons for the detention adequately. It had no difficulty in accepting that the minister alone had the sole discretion to disclose or not to disclose information on why an individual is to be deprived of his liberty. Instead of championing individual freedom and the rule of law, the court came close to endorsing detention without trial when it stated that:

“The provisions of the act could be described . . . as constituting a measure of preventative justice . . . [it] vests the minister with a discretion of a wide and drastic kind . . . Its object clearly is to stop and prevent at the earliest possible stage any activity likely to endanger the security of the state or the maintenance of law and order. It follows that

to achieve this object prompt and unfettered action is manifestly necessary and it is with this in mind that the legislature has no doubt thought it advisable to vest the minister with power to act in the public interest as soon as he is of the opinion or is satisfied or has reason to suspect that certain conditions exist.”

No matter how much confidence one may have in a particular minister acting *bona fide*, it must be appreciated that he, like everyone of us, is fallible. Depriving an individual of his personal liberty in the manner contemplated by the Internal Security Act has far-reaching consequences in a society such as ours.

It may be sheer co-incidence that the detainees are in the main persons who are not white and not infrequently effective leaders of organisations opposed to the government's racial policies. There is a danger that the public may come to view this legislation's primary purpose as a means to deal with dissidents rather than the maintenance of state security.

While it is conceded that judges do not have the time or propensity for research into the social and political impact that a particular law may have, there is no reason for them to retreat to passivity. It is essential that they identify with the interests of both parties in a case. If they fail to do so, or worse do not attempt to do so, then one may question whether a just result can be achieved. Nothing could harm our legal system more than to have a judiciary which may seem biased.

The constitutional changes being effected will require judges to play a more innovative and creative role. They should not hesitate to refer to the values which underlie our common law where necessary, they should be bold enough to express criticism of legislation and not hesitate to recommend reform of law.

Judges have an important contribution to make in ensuring that the standards and values for the new society aspired for permeate their judgments. These include the notion of justice and the ideals set out in the preamble to the constitution. While it may be desirable to follow precedents, judges do have a discretion in determining whether values of the past should continue to enjoy acceptance. A critical examination of the doctrine of precedent may well be necessary.

The full bench decision in this case is hardly a landmark decision for the protection of civil liberties by the courts. Perhaps it has impeded desirable social change and is unjust in its result. If neither, it is certainly not one to illuminate our law and bring credit to our legal system.

Apparently the prevailing attitude of South African judges is that their power to protect individual liberty is much more limited than in a country like the United States of America. The underlying line of thought takes the following form:

“Parliament is supreme. Judges are not legislators. Our task is to adjudicate disputes and in so doing we must give effect to the intention of the legislature no matter what our personal views or convictions may be. We do not do so mechanically, but our ability to exercise a discretionary power is limited to certain well-defined situations, eg where a statute is ambiguous. Obviously, if we had a bill of rights it would help us to play a more active role in effecting change” (words recently expressed by a South African judge in a private conversation).

It may be a while before a bill of rights is incorporated with our constitution. Until then judges who have a frontline perspective of the impact that laws have

on people should be exhorted to use their descretionary powers to mete out justice and reaffirm the rule of law.

BG RANCHOD  
University of Durban-Westville

**WEBER v SANTAM VERSEKERINGSMAATSKAPPY 1983 1 SA 381 (A); S v PIETERSEN 1983 4 SA 904(OK)**

*Nalatigheid en toerekeningsvatbaarheid – uitgediende begrippe?*

### 1 Weber v Santam Versekeringsmaatskappy

Die feite van hierdie saak was kortliks die volgende: Marius, 'n sewejarige seuntjie het in die oprit van 'n woonstelgebou gaan sit, agter 'n motorkar wat oënskynlik op die punt gestaan het om agteruit met die oprit langs bestuur te word. Dit het dan ook so gebeur en Marius is raakgery. Daar is skadevergoeding geëis weens die motorbestuurder se nalatigheid. Dit is toegeken teen 'n vermindering gegrond op Marius se bydraende nalatigheid. Teen laasgenoemde bevinding is geappelleer, onder andere op grond daarvan dat Marius ontoerekeningsvatbaar was en ook nie nalatig nie. Die appèl was daarop gerig dat die hof foutief 'n objektiewe maatstaf aangewend het om Marius se nalatigheid te bepaal.

Ek behandel die appèlafdeling se bevinding eers met betrekking tot die nalatigheidsvraagstuk en daarna met betrekking tot die toerekeningsvatbaarheidsaspek.

#### 1.1 Nalatigheid

Die hof, by monde van appèlregter Jansen, volg die beslissing in *Jones v Santam Bpk* 1965 2 SA 542 (A) en bevestig dat die toets vir nalatigheid 'n suiwer objektiewe toets is en dat die toepaslike norm die gedrag is van die *diligens paterfamilias* en nie die van die "redelike kind" nie (388A 391A–D 400G–H). Appèlregter Joubert laat hom as volg hieroor uit in sy aanvullende uitspraak:

"Dit dien myns insiens geen doel om die aanwesigheid of die afwesigheid van allerlei antropomorfe eienskappe aan die *diligens paterfamilias* te probeer toedig nie omdat dit nie oor 'n fisiese persoon nie, maar slegs oor die benaming van 'n abstrakte objektiewe maatstaf, handel. Dit gaan ook nie oor die vraag wat die sorg van 'n legio tipes van redelike persone, soos 'n redelike geleerde, 'n redelike ongeletterde, 'n redelike geskoolde arbeider, 'n redelike ongeskoolde arbeider, 'n redelike volwassene of 'n redelike kind sou wees nie" (410H–411A).

Die hof tree ook in die bresse vir die werkswyse toegepas in die *Jones*-beslissing, waar daar eers na nalatigheid gesoek word alvorens die kind se toerekeningsvatbaarheid ondersoek word. Appèlregter Jansen beantwoord die kritiek teen hierdie werkswyse soos volg:

"Dié kritiek sien egter oor die hoof dat 'nalatigheid' deur die Hof op hierdie *eerste* stadium gebruik word bloot om 'n afwyking van die norm aan te toon. Aangesien die subjektiewe

ondersoek gaan oor Maria se geesteskrigte ten opsigte van 'the particular acts or omissions complained of in the particular circumstances,' is dit dus nodig om eers te weet wat die gewraakte doen of late is, en dit is die bepaalde afwyking van die norm van die *diligens paterfamilias*" (391B-D, my kursivering).

## 1 2 Toerekeningsvatbaarheid

Die hof formuleer toerekeningsvatbaarheid soos volg:

"Toerekeningsvatbaarheid betref die geestesvermoëns van 'n dader, naamlik of hy die vermoë besit om tussen reg en onreg te onderskei en ook die vermoë om ooreenkomstig daardie insig te handel" (389H).

Die verhoorhof het bevind dat Marius toerekeningsvatbaar was omdat sy optrede nie op die ingewing van die oomblik geskied het nie en hy genoeg tyd gehad het om die omstandighede te oorweeg voordat hy gehandel het (401D). Die appèlafdeling het gevoel dat hierdie benadering nie reg laat geskied het aan Marius se jeugdige swakheid as subjektiewe faktor nie (401E), en bevind dat hy ontoerekeningsvatbaar was. Appèlregter Jansen motiveer die bevinding soos volg:

"Marius was . . . 'n stadskind, vermoedelik nie onvertrou met stadsverkeer nie . . . Te oordeel na die genoteleerde getuienis kom Marius intelligent voor, soos die hof *a quo* ook gedink het. Nogtans toe hy gevra is 'watse simbole het jy verlede eksamen gehad? Het jy A's gehad?' was sy antwoord 'Ek kan nie meer onthou nie.' Dit dui op 'n kinderlike belangeloosheid. Marius mag wel, toe hy ses jaar oud was, vermaan gewees het van die gevaar om agter 'n staande motor te speel, maar in al die omstandighede kom dit my tog voor dat vanweë sy jeugdige leeftyd van sewe jaar en twee maande hy nie die vermoë gehad het om sy optrede dienooreenkomstig te rig nie. Sy betrokkenheid by die voor-gegone 'paaië' maak sou nadenke en bewustheid van sy omgewing verdring asook enige vermanings deur sy moeder" (402C-F).

## 1 3 Oorsig

Die hof gebruik die woord *nalatigheid* om 'n gedragswyse te beskryf, naamlik 'n gedragswyse wat afwyk van die *diligens paterfamilias* onder dieselfde omstandighede. Die feit dat Marius 'n kind was, is nie ter sake nie. Die reeds aangehaalde woorde van die hof

"[d]ie kritiek sien eger oor die hoof dat 'nalatigheid' deur die Hof op hierdie *eerste* stadium gebruik word bloot om 'n afwyking van die norm aan te toon,"

dui eger daarop dat die hof dit nie uitsluit dat "nalatigheid" op 'n *latere* stadium weer oorweeg mag word en dan moontlik met inagneming van 'n subjektiewe faktor soos die betrokke se jeugdige leeftyd nie. So gesien, sal die hof se suiwer objektiewe benadering nie onversoenbaar wees met die siening dat so 'n subjektiewe faktor wel oorweging moet geniet nie (vgl bv *S v Van As* 1976 2 SA 921 (A) 928D-E). Nalatigheid word hier dan in die "latere" stadium oorweeg en nie in die "eerste" stadium nie.

In die onderhawige saak het die hof nie nalatigheid in die "latere" stadium oorweeg nie, tensy dit inbegrepe was by die hof se latere oorweging van toerekeningsvatbaarheid. Die volgende passasie is opsommend van die hof se benadering:

"Die optrede van Marius wat volgens die maatstaf van die *diligens paterfamilias* te kort geskiet het, is dat hy nie opgelet het dat iemand in die stilstaande motor agter die stuur sit nie, dus nie voorsien het dat die motor binnekort agteruit sou ry nie en derhalwe homself in 'n gevaarsone agter die motor geplaas het met sy rug na die motor. Was hy hiervoor toerekeningsvatbaar?" (401C).

Die hof vra of Marius vir sy versuim om die gevolge van sy plaasneming in die oprit te voorsien, toerekeningsvatbaar was. Dit gaan dus nie hier oor die betrokke se algemene vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei en om dienooreenkomstig te handel nie, iets waartoe Marius skynbaar wel in staat was. Dit blyk uit die getuienis dat hy 'n normale, intelligente kind was wat hoogstens 'n mate van kinderlike gebrek aan belangstelling geopenbaar het. Daar is niks wat suggereer dat hy 'n neurologiese of psigologiese koördinasie-gebrek gehad het wat hom serebraal onbekwaam gelaat het om tussen reg en verkeerd te onderskei en sy handeling in ooreenstemming met sodanige rasionele assosiasies te rig nie. Op die stadium toe hy in die oprit gaan sit het, het hy nie daaraan gedink dat die motor agteruit mag ry nie. Dit was weens sy kinderlike gebrek aan belangstelling wat skynbaar bloot 'n karaktertrek binne die perke van normaliteit was en dus nie patologies van aard nie. Sou hy aan die moontlikheid dat die motor mag beweeg gedink het, sou hy sekerlik nie daar gaan plaasneem het nie. Waar die hof dus sê:

“Marius mag wel, toe hy ses jaar oud was, vermaan gewees het van die gevaar om agter 'n staande motor te speel, maar in al die omstandighede kom dit my tog voor dat vanweë sy jeugdige leeftyd van sewe jaar en twee maande hy nie die vermoë gehad het om sy optrede dienooreenkomstig te rig nie,” (402F)

bedoel die hof skynbaar dat hy nie die vermoë of rypheid gehad het om die vermanings wat hy ontvang het op alle toepaslike geleenthede in herinnering te roep nie.

So 'n toestand is ook goed denkbaar. Dit is egter net so denkbaar dat 'n volwassene (in die sin van 'n meerderjarige), weens 'n impulsiewe geaardheid 'n onvermoë of ongevormdheid mag hê om by alle toepaslike geleenthede die vermanings wat hy in sy lewe teen wederregtelike optrede ontvang het, in sy gedagtes op te roep. Die moontlikheid bestaan dus dat die hof hier Marius se nalatigheid in die “latere” stadium ondersoek het en dit toe ontoerekeningsvatbaarheid genoem het. Immers, dit was die betrokke se versuim om die gevolge van sy handeling te voorsien wat die ware onderwerp van die ondersoek was.

#### 1 4 Samevatting

In 1983 *THRHR* 102 doen ek die volgende model van die finalistiese misdaadstematiek aan die hand:

##### a Die Wandaad

- i Handeling (willekeurige, persoonlike gedraging).
- ii Wederregtelikheid (objektief, *ex post facto* beoordeel; die maatstaf is die redelike man in die sin van die deursnee-burger – die *bonus paterfamilias*).
- iii Opset (subjektief bepaal; dit moet gerig wees op elke bestanddeel van die verbodsmaterie).
- iv Verbodsmaterie (besondere feitlike bestanddele in 'n bepaalde misdadoms-krywing).
- v Kousaliteit (die handeling moet adekwate oorsaak van die gevolg wees; d w s dit moet *conditio sine qua non* vir die gevolg wees, en die gevolgs-meganisme moes redelikerwys aan die hand van algemene menslike ervaring te wagte of voorspelbaar gewees het; ook die feit dat die handeling wederregtelik was, moes *conditio sine qua non* vir die gevolg gewees het).

b *Skuld (verwytbearheid, blameworthiness)*

- i Feitelikheidsbewussyn (normatief beoordeel; dit moet redelikerwys van die dader verwag kon gewees het om die aard van sy handeling te besef of die gevolge daarvan te voorsien; die maatstaf is 'n redelike man van dieselfde sosio-ekonomiese, intellektuele en fisiese dimensies as die beskuldigde wat in sy skoene staan onder die omstandighede wat werklik geheers het).
- ii Wederregtelikheidsbewussyn (normatief of subjektief beoordeel? Wat opsetmisdade betref, is die vraag onbeantwoord gelaat in *S v Bailey* 1982 3 SA 772 (A); by misdade wat nie opset vereis nie, is die toets deurgaans normatief).
- iii Wederregtelikheidsinhibisie (normatief of subjektief beoordeel? Die toets by opsetmisdade is, minstens waar die gebrek aan inhibisie aan dwang toe te skryf is, normatief – vgl *S v Bailey*; by misdade wat nie opset vereis nie, is die toets deurgaans normatief).

Daar is skynbaar geen rede waarom hierdie sistematiek nie eweseer op die deliktereg van toepassing kan wees nie. By 'n delik sal opset egter uit die aard van die saak nie so dikwels ter sprake kom nie. Myns insiens is dit onnodig om die begrippe nalatigheid en toerekeningsvatbaarheid by dié sistematiek te betrek. Die twee “tipes” nalatigheid wat hierbo ter sprake was, is onderskeidelik ingesluit by die wederregtelikelement (nalatigheid in die “eerste stadium” – Snyman (*Strafreg* (1981) 76) sien wederregtelikheid as gedrag wat in stryd met die goeie sedes of regsdoortuiging van die gemeenskap is. Aangesien die gedrag van die *diligens paterfamilias* altyd strook met die goeie sedes van die gemeenskap, kan mens sê dat gedrag wat nie strook met die van die *diligens paterfamilias* nie, wederregtelik is) en by die skuldelement – feitlikheidsbewussyn (nalatigheid in die “latere stadium”).

Toerekeningsvatbaarheid word vervang met die begrip verwytbearheid. Laasgenoemde is wel 'n objektiewe begrip, maar dit kom eers ter sprake nadat daar kennis geneem is van die faktore wat subjektief 'n invloed op die gemoed van die betrokke gehad het, soos byvoorbeeld sy jeugdige leeftyd, sy dronkenskap, sy primitiwiteit of gebrek aan opvoeding, sy psigopatiese persoonlikheid of sy toorn. Om verwytbearheid te bepaal, moet daar gevra word of daar redelikerwys van die bepaalde betrokke verwag kon word om onder die omstandighede die gevolge van sy handeling te voorsien (feitlikheidsbewussyn) en om te besef dat dit wederregtelik is en om homself dan van daardie handeling te weerhou (vgl *S v Bailey* 797H–798G).

Die toets wat gewoonlik vir toerekeningsvatbaarheid gestel word, is of die beskuldigde oor die vermoë beskik het om die wederregtelikheid van sy handeling te voorsien en om dienooreenkomstig te handel. Hieruit blyk dat toerekeningsvatbaarheid eers ter sprake kom nadat dit vasstaan dat die betrokke bewus was van sy handeling en hy ook, waar opset 'n vereiste is, die *feitlike* gevolge daarvan voorsien het. Hoe word daar op 'n *ex post facto* basis bepaal of 'n *geestesgesonde* persoon wat heeltemal bewus was van wat hy doen en heeltemal in staat was om sekere sekondêre assosiasies te vorm, soos byvoorbeeld om die feitlike gevolge van sy beoogde handeling te voorsien, nie die vermoë gehad het om 'n ander sekondêre assosiasie soos dié van wederregtelikheid te vorm nie? As kind leer 'n mens dat jy nie 'n ander met 'n klip moet gooi nie want jy kan sy oog uitgooi (feitlike gevolg) en dit is verkeerd (wederregtelikheid). Hoe

kan dit dan gebeur dat daardie (geestesgesonde) kind in die toekoms in 'n posisie kom dat hy oor die vermoë beskik om wel die eerste vermaning maar nie die tweede nie in herinnering te roep?

Dieselfde geld vir die tweede been van die toets. Hoe kan dit gebeur dat 'n *geestesgesonde* persoon wat sodanig by sy positiewe is dat hy die vermoë het om enige sekondêre assosiasie met betrekking tot sy handeling (insluitende wederregtelikheid) te vorm, nie dienooreenkomstig kan handel nie? So 'n onvermoë kan skynbaar nie *neurologies* van aard wees nie, want die breinselle wat inhibisies reguleer, werk hand aan hand met dié wat sekondêre assosiasies reguleer. Sou daar neurologies fout kom met die inhiberende selle, behoort rasonale denke en daarmee sekondêre assosiasies ook onmoontlik te wees. *Eccles (The Understanding of the Brain (1977) 92)* druk dit soos volg uit:

"I always think that inhibition is a sculpturing process. The inhibition, as it were, chisels away at the *diffuse and rather amorphous* mass of excitatory action and gives a more specific form to the neuronal performance at every stage of synaptic relay" (my kursivering; sien in die algemeen die hoofstuk "Synaptic Transmission and Pathways in the Brain" 69-104.)

Die onvermoë kan dus hoogstens 'n *psigologiese* onvermoë wees en die vraag ontstaan hoe 'n mens so 'n onvermoë in 'n *geestesgesonde* persoon raaksien op 'n *ex post facto*-basis sonder om voor die voet toe te gee dat elke persoon wat sê, "ek kon myself net nie keer nie," sodanige onvermoë gehad het nie. Ek dink nie dit is 'n praktiese toets nie (minstens nie in hierdie stadium van ontwikkeling in die neurologie nie) en daarom behoort die hele newelagtige toerekeningsvatbaarheidsbegrip oorboord gegooi te word.

In die onderhawige geval kon Marius se "aanspreeklikheid" aan die hand van die hierbogestelde sistematiek soos volg beoordeel gewees het (dit is nou te sê as 'n mens die kwessie van verdeling van skadevergoeding oor die boeg van deliktuele aanspreeklikheid kan gooi):

a *Wandaad (of delik)*

- i Handeling – sy plaasneming in die oprit.
- ii Wederregtelikheid (nalatigheid in die "eerste stadium") – strydigheid met dit wat die *diligens paterfamilias* sou gedoen het.
- iii Verbodsmaterie (of skade) – sy beserings.
- iv Kousaliteit – sy handeling het die skade veroorsaak.

b *Skuld (verwytbaarheid)*

Feitelikheidsbewussyn ("nalatigheid in die latere stadium") – kon daar redelikerwys van hom as sewejarige met kinderlike gebrek aan belangstelling verwag word om die gevaar te voorsien?

Ek meen die appèlafdeling het gevoel dat daar nie redelikerwys van Marius verwag kon word om noodwendig die gevaar te voorsien nie. Ek meen die hof het gevoel dat hy in die lig van sy ouderdom en gebrek aan belangstelling nie vir sy plaasneming in die oprit verwyt kon word nie. Ek meen die hof het gelyk gehad. (Omdat Marius reeds by hierdie eerste been van die skuldelement onskuldig is, is daar geen sin om die ander twee bene te ontleed nie.) Ek meen dus dat die hof in werklikheid hier beslis het dat Marius wederregtelik gehandel het en sy beserings medeveroorsaak het, maar nie daarvoor verwyt kan word nie.

## 2 S v Pietersen

In hierdie saak het beskuldigde 1, wat agtien jaar oud was, saam met sy twee medebeskuldigdes wat albei nege jaar oud was, by 'n huis ingebreek. Beskuldigde 1 het 'n gaasdraad voor 'n venster losgemaak en beskuldigdes 2 en 3 het hom gehelp.

Tydens hulle verhoor het beskuldigdes 2 en 3 skuldig gepleit. Hulle is kragtens artikel 112(1)(b) van die Strafproseswet 51 van 1977 ondervra en getuienis van hulle ouers is aangehoor met betrekking tot hul toerekeningsvatbaarheid. Die getuienis was dat hulle goed geleer was en kon besef het dat dit verkeerd was om by 'n ander se huis in te breek. Gevolglik het die verhoorhof aanvaar dat hulle skuld gehad het en is hulle dan ook skuldig bevind.

Op hersiening was die Oos-Kaapse afdeling van die hooggeregshof nie tevrede dat toerekeningsvatbaarheid bewys is nie. Die volgende aanhaling van regter Kannemeyer illustreer die hof se houding:

"Prosecuting authorities should appreciate that, when they charge young children of under 14 years together with adults or older youths, they accept the *onus* not only of proving that the children know that what they do is wrongful but also of proving that they do that with which they are charged of their own volition, uninfluenced by their older companions' persuasion" (910H).

Hier word die tweede been van toerekeningsvatbaarheid dus afgewater tot die vraag of die betrokkenes vry van dwang of beïnvloeding gehandel het. Dit is beslis nie dieselfde vraag as dié na die vermoë van die twee kinders om ooreenkomstig hulle besef van die wederregtelikheid van hulle optrede te handel nie.

Die Oos-Kaapse benadering moet verwelkom word, daar dit 'n praktiese toets is wat hulle toepas. Ongelukkig is daar steeds gewerk met die begrip *doli capax*, ofte wel toerekeningsvatbaarheid, en is daar nie ingegaan op die kwessie van die betrokkenes se verwythbaarheid in die lig van die moontlike beïnvloeding wat op hulle gemoedere ingewerk het nie. Myns insiens moes die hof in hierdie geval vasgestel het of daar enige dwang, druk of beïnvloeding op die twee kinders uitgeoefen is en dan gevra het of hulle verwythbaar is in die lig van hul jeugdige leeftyd en enige faktore wat moontlik op hulle gemoedere ingewerk het. Dit is immers die toets wat *S v Bailey* (798E) voorskryf in gevalle waar dwang (en vermoedelik dergelyke verwere) opgewerp word.

## 3 Slot

Daar *nalatigheid* 'n meerledige begrip is, lei dit soms tot verwarring. Dit kan baie maklik uit ons regsterminologie gelaat word indien Snyman se siening van *wederregtelikheid* aanvaar word en die normatiewe skuldbegrip met "feitelikeheidsbewussyn" as element toegepas word.

*Toerekeningsvatbaarheid* is 'n begrip wat skynbaar nie met sukses in die praktyk aangewend kan word nie. Die twee bene daarvan, naamlik 'n *onvermoë* om die wederregtelikheid of "verkeerdheid" van 'n *beoogde* (dit wil sê bewustelike en doelgerigte) handeling te besef of 'n *onvermoë* om ooreenkomstig so 'n besef te handel, is psigologies oneksakte toestande wat nie op 'n *ex post facto*-basis in 'n geregshof bepaal kan word nie, behalwe miskien in gevalle waar 'n definitiewe geestesongesteldheid of geestesgebrek ter sprake kom en behoorlike gemotiveerde psigiatriese getuienis daaromtrent aanvaar word. In plaas daarvan

om met 'n enigsins metafisiese begrip soos toerekeningsvatbaarheid te werk, kan 'n regverdige resultaat in alle gevalle verkry word deur die toepassing van die normatiewe skuldbegrip. Hiervolgens moet daar kennis geneem word van en oorweging geskenk word aan enige faktore wat 'n invloed op die geestesprosesse van 'n beskuldigde of verweerder kon gehad het. In die lig daarvan moet daar dan gevra word of die betrokke vir sy wederregtelike of onregmatige handeling verwy of blameer kan word.

Interessantheidshalwe kan daarop gelet word dat hierdie benadering selfs bevredigende toepassing kan vind in gevalle waar geestesongesteldheid of 'n geestesgebrek die faktore was wat die wederregtelike handeling tot gevolg gehad het. So 'n dader sal (hopelik) nie deur 'n opgevoede gemeenskap verwy of blameer word vir sy handeling nie. Artikel 78 van die Strafproseswet stel dit in elk geval bo alle twyfel vir sover dit die Suid-Afrikaanse reg betref.

PR VAN ZYL

*Kantoor van die Prokureur-Generaal Kaapstad*

### BUTT v SCHULTZ 1984 3 SA 568 (OK)

*Kopieer van mededinger se produk as skending van outeursreg en as onregmatige mededinging*

#### Inleiding

Hierdie saak het hoofsaaklik te doen met die beskerming wat die reg verleen aan die ontwerp of voorkoms van 'n produk teen direkte kopiëring in die sin van die maak van duplikate deur middel van 'n matrys of vorm wat direk van die produk geneem is. Die feite van die geval was dat ene Butt 'n kiel vir 'n katamaran ontwerp het en 'n betonvorm gemaak het waarmee meerdere kiele van presies dieselfde vorm en afmetings vervaardig kon word. Schultz het deur middel van 'n tussenganger een van hierdie kiele gekoop waarna hy dit met geringe aanpassings as 'n vorm gebruik het om sy eie kiele vir katamarans te bou. Butt doen aansoek vir regshulp teen Schultz en die andere wat betrokke is. Hy vra nie beskerming vir 'n handelsgeheim nie, omdat sy produk op die ope mark beskikbaar is en deur lede van die publiek ondersoek en òf direk òf indirek gekopieer kan word. Dit gaan oor die beskerming van die ontwerp of voorkoms van sy produk teen die soort kopiëring waarvan daar hier sprake is.

#### Kopiereg

Die kiel is 'n "handwerk van 'n tegniese aard" ("work of craftsmanship of a technical nature") wat die voorwerp kan wees van outeursreg ingevolge artikel 2 van die Wet op Outeursreg 98 van 1978 soos gewysig deur artikel 1(a) van Wet 66 van 1983. Die hof beslis dat hierdie wysiging terugwerkend is (soos ook Dean in 1984 *De Rebus* 115 betoog het) en dat die feit dat die kiel voor inwerkingtreding van die wysigingswet ontwerp is, nie ter sake is nie. Die kiel

word dus deur die Wet op Outeursreg van 1978 beskerm teen reproduksie van die werk of teen die maak van 'n aanwending daarvan. Die optrede van die verweerder kom op die skending van outeursreg neer en die eiser is daarom op 'n remedie geregtig.

Daar kan in die verbygaan gemeld word dat hierdie bepaalde soort outeursreg slegs vir tien jaar duur, en dat dit die outeur geen uitsluitlike reg gee in enige idee wat in sy ontwerp beliggaam is nie, soos die hof ook tereg opmerk, en soos ek ook weer later sal beklemtoon. Ander kan sy idees oorneem en gebruik deur dit in hulle eie ontwerpe in te sluit. Hulle mag net nie die ontwerp van die outeur reproduseer nie. Hulle kan die idee kopieer maar nie die ontwerp nie.

### Mededingingsreg

Die sleuteldeel van die uitspraak is daardie deel wat oor die mededingingsreg handel. Soos bekend, kan die ondernemer alleen teen sy mededinger regshulp aanvra as die mededinger onregmatig optree. Die saak gaan dus eintlik oor die vraag of die soort optrede waarvan daar hier sprake is, onregmatig is.

Dit is al in die regspraak bevestig dat aanwending van vertroulike inligting van 'n ondernemer, hetsy dit in vertroue van hom ontvang is of deur diefstal of deur afluistering of deur middel van kontrakbreuk van die ondernemer of sy werknemers bekom is, onregmatig is. Daar kan gesê word dat die inligting vertroulik is as dit nie deur die ondernemer publiek bekend gestel is nie en indien hy dit in vertroue aan die ontvanger of sy werknemer, van wie dit weer verder ontvang is, meegedeel het. Dit behoort dus duidelik te wees dat dit nie hier oor vertroulike inligting (of 'n geheim) gaan nie.

Regter Mullins kom in sy uitspraak tot die gevolgtrekking dat die betrokke optrede tog onregmatig is. Dit wil egter voorkom asof hy nie duidelik onderskei tussen vertroulike inligting en die beskerming van 'n ontwerp nie. Die regter skep die indruk dat hy die ontwerp tog as vertroulik beskou. Hy verwys daarna dat vertroulikheid deur verskeie faktore bepaal word, onder andere die nuttigheid van die inligting vir die ondernemer. Hierdie feit is egter een van die feite wat die hof gebruik om vas te stel of die inligting by wyse van stilswyende afspraak aan die ontvanger in vertroue meegedeel is, want as die inligting waardevol is, kan mens aanneem dat die partye wat dit weet die inligting in vertroue meedeel en ontvang.

Heel tereg merk die regter op dat die feit dat die produk op die mark beskikbaar is, nie beteken dat alle inligting met betrekking tot die produk terselfdertyd bekend gemaak is nie. Wat bekend gemaak is, is dit wat die publiek kan sien en te wete kom deur die produk te ondersoek. Produksieprosesse en resepte wat nie aldus vasgestel kan word nie, bly geheim en vertroulik as hulle voorheen geheim en vertroulik was. In hierdie geval is dit die vorm wat van belang is en dit is inderdaad bekend gemaak. Dit kan nie as vertroulike inligting beskerm word net omdat dit waardevol is nie. Dit kan alleen beskerm word as die handelings waaroor gekla word onregmatig is.

Regter Mullins verwys ook na die *springboard doctrine*. Dit dien eintlik as grondslag vir die beskerming van vertroulike inligting. Hierdie leerstuk gaan uit van die veronderstelling dat 'n persoon wel 'n ander man se idee of produk of proses of ontwerp mag namaak of gebruik, byvoorbeeld deur 'n plan te teken wat dit inkorporeer, terwyl die innoveerder die voordeel geniet van die tyd en

die moeite wat dit die mededinger gaan kos om die idee oor te neem. Die innoveerder kry 'n voorsprong. Die ander mag nie sy voorsprong van hom wegneem deur sy produk of proses of idee sonder meer oor te neem deur sy vertroulike inligting op 'n onregmatige wyse te bekom nie; hy moet self tyd en moeite aanwend om dit te ontwikkel of te maak. Daar bestaan egter geen beswaar teen die uitbreiding van hierdie leerstuk na ander soorte optrede as die aanwending van vertroulike inligting nie. In hierdie geval gaan dit oor 'n ontwerp. Daar kan dan maklik gredeneer word, soos die regter inderdaad doen, dat 'n persoon die idees wat in die ontwerp ingesluit is, mag oorneem en in sy eie ontwerp mag insluit, maar dat 'n persoon nie die ontwerp eenvoudig mag kopieer of reproduseer nie. Die feit dat daar tyd en moeite aan die reproduksie gewy is, is nie van belang nie. Wat nodig is, is dat die ontwerp wat die mededinger gebruik, van meet af deur sy eie arbeid vervaardig of geskep moet word, al gebruik hy die innoveerder se idees.

Dit bring ons dan by die eintlike vraag: Is dit onregmatig om die ontwerp van 'n ander, wat nie in vertroue aan jou beskikbaar gestel is nie en wat ook nie op oneerlike manier van die ontwerper verkry is nie, direk te kopieer of te reproduseer?

Regter Mullins verklaar (577I–578A):

“Copying may be lawful if features of another person’s design are incorporated into one’s own design. Where the method used is however the slavish adoption of another’s design, even as the starting point for further modification or adaptation, such copying usually will be found to be unfair and unlawful.”

Dit is die direkte kopiëring wat onwenslik en dan ook onregmatig is. Dit is heeltemal toelaatbaar om die ander man se idees na te volg, te kopieer, en dus sy leiding te volg; dit is ontoelaatbaar om eenvoudig replikas daarvan te maak.

Die regter verklaar ook verder (579E–F):

“A rival manufacturer is entitled to examine hulls designed by his competitors, and to incorporate *in his own design* what he regards as the most desirable features thereof. He may not, however, in my view, copy such hull, the product of another’s inventiveness and experience, in a manner which does not require him to apply his mind to such design or to exercise his own inventiveness and experience, even if he only uses it as a starting point and makes modifications thereto.”

## Slotsom

Uit die voorgaande volg dit dat dit onregmatig is om 'n direkte kopie van 'n ondernemer se produk te maak en dit in die mededingingstryd teen hom aan te wend. Dit beteken egter nie dat die ondernemer 'n monopolie ten opsigte van sy produk of idee verkry nie. Soos die regter dan ook sê (580D–580F):

“There is no question of granting applicant a monopoly in regard to the design of his hull. Anyone is entitled to design a hull with similar features . . . Applicant is not entitled

to be protected . . . against the copying of his design, but he is entitled to be protected against the use of one of his hulls to form a mould, with or without modification.”

DJ JOUBERT

*Universiteit van Pretoria*

**S v NGUBANE 1984 4 SA 223 (D)**

*Wetboek van Zoeloereg – omvang van bevoegdheid om te wysig – artikel 24 van Swart Administrasie Wet 38 van 1927 – uitbreiding van strawwe onder Wet op Wapens en Ammunisie 75 van 1969 – ultra vires*

Die omvang van die staatspresident se bevoegdheid om ingevolge artikel 24 van die Swart Administrasie Wet 38 van 1927 die Wetboek van Zoeloereg soos vervat in die bylae tot proklamasie R195 van 1967 te wysig, was in geskil in bogenoemde saak. Artikel 24 gee aan die staatspresident die bevoegdheid om bepalings van die wetboek by wyse van proklamasie te wysig, te herroep of te vervang.

Kragtens proklamasie R266 van 1978 is subartikel 7(1) deur 'n nuwe subartikel 7(1) vervang en subartikel 7(1A) en 7(1B) is ingevoeg. Voorts is ook artikel 7A en 7B ingevoeg, maar die hof het in die onderhawige saak beslis dat laasgenoemde twee artikels *ultra vires* die bevoegdhede ingevolge artikel 24 is. Artikel 7A en 7B bepaal onder andere dat 'n persoon wat skuldig bevind word aan 'n oortreding van artikel 2 of 36 van die Wet op Wapens en Ammunisie 75 van 1969, swaarder gestraf moet word as onder laasgenoemde wet. Die artikels verbied onderskeidelik die besit van 'n ongelisensieerde vuurwapen en die besit van rondtes sonder die regmatige besit van 'n vuurwapen om dit mee af te vuur.

Die nuwe subartikel 7(1) en sy subartikels 7(1A) en 7(1B) handel, net soos sy voorgangers in die bylaes tot proklamasies R195 van 1967 en 168 van 1932, oor 'n “byeenkoms van gewapende manne.” Artikel 7(1B) omskryf 'n “byeenkoms” as 'n samekoms van vier of meer Swartes. Hieronder word teruggekeer na hierdie artikel.

In die saak is die beskuldigde skuldig bevind aan oortredings van artikels 2 en 36 van die Wet op Wapens en Ammunisie. Die streekslanddroos het hom gebonde geag aan die bepalings van artikel 7A en 7B van die wetboek en gevolglik is die beskuldigde swaarder gestraf as wat die geval sou wees met 'n vonnisoplegging onder die wet. Die beskuldigde appelleer teen sy vonnis.

Namens die beskuldigde word aangevoer dat die woorde “wysig, vervang of herroep” in artikel 24 van Wet 38 van 1927 nie die invoeging van bepalings soos artikels 7A en 7B magtig nie. Daar word gesteun (228C-E) op die verklaring in *Risley v Gough* 1953 Tas SR 78 wat in *S v Moyo* 1979 1 SA 1024(R) 1026A met goedkeuring aangehaal word:

“ I cannot construe the word ‘amended’ other than to mean the perfecting or ameliorating of an existing thing - not supplying a vacuum with something that should be there.”

*R v Moyo* het gehandel oor die wysiging van een na dertien klagtes in 'n klagstaat. Die *Risley*-saak is nie geraadpleeg nie, maar afgesien van die twyfelagtige steun wat buitelandse beslissings in hierdie saak kan bied, kan die bevoegdhede om 'n klagstaat te wysig daarom nie sonder meer gelyk gestel word aan die bevoegdhede verleen ingevolge artikel 24 van die Swart Administrasie Wet nie. Die algehele vervanging van die bylae tot Wet 19 van 1891 (wat die wetboek van 1891 bevat het) deur 'n bylae tot proklamasie 168 van 1932, kan byvoorbeeld geensins beskrywe word as 'n "versagting of verbetering" nie. Nietemin, die hof het dit nie nodig geag om op die argumente wat namens die appellant aangevoer is in te gaan nie en het op ander gronde beslis dat artikel 7A en subartikel 7B(2) *ultra vires* is.

Kortliks kan die hof se redes vir sy uitspraak soos volg saamgevat word: Artikel 24 verleen wetgewende bevoegdhede ten opsigte van 'n besondere wet, naamlik die Wetboek van Zoeloereg. Die wetgewende bevoegdhede is dus nie onbeperk nie:

"but are confined to the Code and therefore to the *subject-matters* dealt with in the Code and *within the context* in which they are dealt with in the Code"

(228E, my kursivering). Dit geld ook slegs in Natal en slegs vir Swartes. Voorts is die wetboek ook volgens die hof 'n spesiale wet wat poog om die gewoontereg van die Swartes te kodifiseer, en dit handel oor sekere afgebakende onderwerpe

"all in the context of the *tribal structure and administration*" (228G, my kursivering).

Die artikels in geskil, artikel 7A en subartikel 7B(2), is geensins verwant aan die aangeleenthede wat in hoofstukke 3-15 gekodifiseer is nie naamlik, stamgrense; bevoegdhede van stamhoofde; asmede die privaat- en prosesreg. Daarteenoor meen regter Thirion, wat die uitspraak lewer, dat die inhoud van artikel 7A en subartikel 7B(2) minder vreemd is aan die bepalings van hoofstukke 2 en 16 van die wetboek. Die hof oordeel dat hierdie twee hoofstukke bepalings bevat om stamgevegte en die verbreking van die openbare vrede te voorkom; die aanhouding van verdagtes te magtig; en strawwe vir oortreders op te lê. Artikels 161 en 169 in hoofstuk 16 verbied ook die dra van wapens, hoofsaaklik tradisioneel van aard, onder sekere omstandighede. Volgens die hof handel hoofstukke 2 en 16 oor

"the *maintenance of law and order* among Black people and *more particularly in a tribal environment*" (229D-F, my kursivering).

Wetgewing by wyse van proklamasie is dus in die saak onder bespreking tot die handhawing van wet en orde in stamgebiede beperk. Artikel 7A en subartikel 7B(2) skep egter nie nuwe misdade of strafbepalings ten opsigte van die handhawing van wet en orde nie:

"[but] purport to prescribe, as part of the Code, new strictures regarding punishment in respect of statutory offences which are extraneous to the Code" (229E-G).

Die hof bevind dus dat die staatspresident, dit wat skrywers (vgl *Wiechers Administratiefreg* (1973) 185) aandui as die "raamwerk" waarbinne die wetgewende bevoegdheid uitgeoefen moet word, oorskry het. Oorstryding bestaan volgens die hof eerstens daaruit dat maatreëls wat vreemd is aan die stamgebiede, in die wetboek ingevoer is; en tweedens dat invoeging van strafmaatreëls onder die Wet op Wapens en Ammunisie verder gaan as die handhawing van wet en orde. Tot sover die siening van die hof wat die bepalings van artikel 7A en subartikel 7B(2) *ultra vires* bevind en 'n vonnis onder die Wet op Wapens en Ammunisie oplê.

Myns insiens kan daar ook 'n ander standpunt ten aansien van artikel 7A en subartikel 7B(2) ingeneem word en wel om die volgende redes. Eerstens meen die hof dat artikel 7A en subartikel 7B(2) wyer toepassing vind as

“the maintenance of law and order among Black people and more particularly in a *tribal environment*” (229D-F, my kursivering).

Die beperking wat die woorde “in a tribal environment” op die wetgewende bevoegdheid van die staatspresident plaas, is onaanvaarbaar. Baie bepalings in die wetboek handel weliswaar oor regsfigure wat hulle oorsprong in die tradisionele stamomgewing het, maar die meeste daarvan is soepel genoeg om oor die hele Natal toegepas te word soos dit dan ook inderdaad gebeur. 'n Beperking op die gelding van die wetboek ten gunste van die gemenerereg bestaan wel in *siviele sake* ingevolge die diskresie-uitoefening in die *kommissarishof* ooreenkomstig artikel 144, maar dit is nie in 'n strafsak relevant nie. Boonop handel artikel 8 en die ou artikel 7 ook oor die handhawing van wet en orde, maar die bepalings daarin vervat kan nie so uitgelê word dat misdade daarin genoem, slegs in stamgebiede gepleeg kan word nie.

Tweedens moet die hof se standpunt dat artikel 7A en subartikel 7B(2)

“deal generally with sentences in respect of convictions for the possession of arms and ammunition in contravention of Act 75 of 1969 and thus covers a much wider field than the mere maintenance of law and order” (229H-I, my kursivering).

versigtig geles word. Die indruk kan gewek word dat alle oortredings onder die wet in die wetboek geïnkorporeer is, maar van die ongeveer veertien oortredings wat Visser in sy werk: *Die Reg insake Wapens en Ammunisie* (1979) 141-200 bespreek, wil dit voorkom asof slegs drie oortredings in artikel 7A opgeneem is, naamlik: die wederregtelike (1) besit van wapens; (2) besit van ammunisie; en (3) voorsiening van wapens en ammunisie. Ten spyte daarvan dat swaarder strawwe vir laasgenoemde oortredings wel vir die hele Natal geld, pas dit myns insiens steeds by die wetboek se status as 'n spesiale wet in.

Derdens skep die hof die indruk dat daar nie in die wetboek oor vuurwapens en ammunisie wetgewing geproklameer kan word nie. Indien die afleiding korrek is, is die vraag of artikel 7(1), wat nie deur die hof oorweeg is nie, nie dalk vuurwapens onder die frase “gewapende manne” insluit nie. Vir die betekenis van “gewapende” is ander toepaslike wetgewing veral van belang (vgl Steyn *Uitleg van Wette* (1981) 294). Maatreëls oor die besit van ammunisie en gevaarlike wapens, wat uitdruklik vuurwapens insluit, is reeds lankal van toepassing in die swart streke genoem in die bylae tot die Swart Grond Wet 27 van 1913 soos gewysig, en gebiede wat deur 'n besluit van beide huise van die parlement as swart streke aangedui is. Voorbeelde hiervan is proklamasies 19 van 1938 soos gewysig; 135 van 1958 soos gewysig en R193 van 1967 wat die vorige twee maatreëls gekonsolideer het in die “Regulasies insake Beheer oor Gevaarlike Wapens en Ammunisie.” Swart gebiede in Natal is ook vervat in die bylae hierbo genoem. Wetgewing oor die besit van vuurwapens in die stamgebiede van Natal is dus geensins onbekend nie. (Hierdie proklamasies is ingevolge a 25 van Wet 38 van 1927 uitgevaardig terwyl die wetboek ingevolge a 24 gewysig word.) Daar kan ook kwalik geredeneer word dat die wetgewer onbewus was van die gekonsolideerde maatreël by die herproklamering van die huidige wetboek - trouens, beide proklamasies is in dieselfde staatskoerant 1839 van 1967-09-08 gepubliseer. Alleenlik 'n uitdruklike uitsluiting van vuurwapens uit die ou subartikel 7 (1) sou meebring dat vuurwapens nie gedek word deur

die sinsnede “’n vergadering van gewapende manne” nie. Indien hierdie argument aanvaar word, is die staatspresident dus wel bevoeg om wetgewing oor vuurwapens in die wetboek te proklameer. Die verwysing na misdade soos omskryf in die Wet op Wapens en Ammunisie is in so ’n geval gerieflik, en skep eenvormigheid minstens ten opsigte van die misdaadomskrywing, al is dit dan nie ook ten opsigte van strafoplegging nie. Die regverdiging van swaarder strawwe vir die hele Natal word hieronder bespreek.

Vierdens wil dit voorkom asof die nuwe subartikel 7(1) nie voldoende nie, indien wel, ontleed is om die omringende omstandighede te bepaal waarin artikel 7A en subartikel 7B(2) uitgevaardig is. Gemelde subartikel brei die handeling wat die oortreding “bywoning van ’n byeenkoms van gewapende manne” konstitueer aansienlik uit. Swaarder strawwe is ook in twee gevalle van toepassing, naamlik in geval van die besit van ’n vuurwapen by ’n vergadering deur enige lid van die vergadering; of as geweldpleging na afloop van die vergadering gepleeg word. Selfs die regmatige besit van ’n vuurwapen deur enige lid by so ’n byeenkoms, stel die ander aanwesiges ook strafbaar. Subartikel 7(1A) skep verskeie vermoedens ten opsigte van die besit van ’n vuurwapen en die bywoning van gemelde byeenkomste. Feitlik sonder uitsondering moet die vermoede deur die beskuldigde weerlê word. Subartikel 7(1B) gee ’n baie wye omskrywing aan die begrip “vuurwapen” en sluit, afgesien van die konvensionele vuurwapens, selfs ’n windgeweer en ’n voorwerp of instrument wat deur ontvlambare materiaal ’n mens kan beseer en eiendom kan beskadig, in. Dit blyk dus dat die gevolge wat voortspruit uit die euwel van ’n “byeenkoms van gewapende manne” in ’n besonder ernstige lig deur die owerhede beskou word. Daarbenewens kan daar tog sekerlik geregteik kennis geneem word van die herhaaldelike voorkoms van stamgevegte in Natal (en sporadiese vergeldings- en teenvergeldingsaksies in gebiede tot sover as die Witwatersrand) en waarby vuurwapens met noodlottige gevolge betrokke is. Die verband tussen sulke “byeenkomste” en stamgevegte kan nie weggedink word nie en die nuwe subartikels 7(1), 7(1A) en (1B) kan eintlik nie anders as ’n noodsaaklike voorsorgmaatreël vir die handhawing van wet en orde beskou word nie. Die waarskynlik belangrike rol wat ongelisensieerde vuurwapens in sulke faksiegevegte speel (welke wapens sekerlik ook uit die aangrensende Blanke gebiede en selfs vanuit die hele Natal ingevoer word) regverdig myns insiens verhoogde strawwe ingevolge artikel 7A vir die besit van ongelisensieerde wapens en ammunisie oor die hele Natal.

Ten slotte is die gedifferensieerde strawwe wat deur subartikel 7B voorgeskryf word, nie behoorlik in ag geneem nie juis waar die hof dit ook het teen die algemene terme in die proklamasie. Net soos in die Wet op Wapens en Ammunisie word in die proklamasie enersyds onderskei tussen skuldigbevindings vir die besit van ’n ongelisensieerde wapen of minder as 100 rondtes (a 7A(b)) en andersyds vir skuldigbevindings waar meer wapens en ammunisie ter sprake is (a 7A(a)). Anders as ingevolge die wet egter, is gevangenisstraf van een jaar in beide gevalle verpligtend. (Die toepassing van verhoogde strawwe in die hele Natal is in die vorige paragraaf gemotiveer.)

Verdere verswarende strawwe geld egter net in die distrikte Msinga, Kliprivier en Weenen ingevolge proklamasie R213 van 1979 wat proklamasie R226 wysig (a 7B(3)). Daarvolgens mag gedeeltes van strawwe nie opgeskort of uitgestel word nie en veroordeeldes kwalifiseer ook nie vir vrylating op parool nie (a 7B(2)). Die beperkte geldingsgebied van artikel 7B is nie deur die hof bespreek nie,

en dit is waarskynlik dat hierdie artikel nie onder die aandag van die hof gebring is nie.

Dat die distrikte Kliprivier, Msinga en Weenen inderdaad probleemgebiede is, blyk ook uit die ingrypende magte wat ingevolge proklamasie R103 van 1973 soos gewysig deur proklamasies R266 van 1978 en R213 van 1979, verleen is vir die opsporing en aanhouding van verdagtes by misdrywe van diefstal, onwettige besit van vuurwapens en ammunisie asook 'n misdryf waarby geweld betrokke is. Die Kwa-Zuluse wetgewende vergadering het dit ook nodig geag om artikels 4(1) en 4(2) van die omstrede Wet op Gevaarlike Wapens 71 van 1968 en wat soos bekend, vuurwapens uitdruklik uitsluit, ingevolge goewermentskennisgewing R2247 van 1972 in die distrik Msinga van toepassing te maak. In die lig van bogenoemde verbandhoudende maatreëls word artikels 7A en 7B(2) myns insiens finaal van hulle gewaande "algemene aard" (229H) ontdoen. In die lig van die waarskynlikheid dat verbandhoudende wetgewing nie oorweeg is nie, en moontlik ook die ander argumente hierbo genoem, is dit moontlik dat die laaste woord oor die geldigheid van artikels 7A en 7B(2) nog nie gespreek is nie.

DJ SWANEPOEL  
*Universiteit van Pretoria*

*Bydraes vir publikasie, boeke vir resensie, korrespondensie met die redakteur en advertensies moet gestuur word aan die redakteur, posbus 1263 Pretoria 0001. Artikels moet in die reël nie langer wees nie as 7 000 woorde (20–25 bladsye getik op A4, dubbelspasiëring). Tensy vooraf met die redakteur ooreengekom is, kan onmiddellike publikasie van bydraes nie beloof word nie.*

*Inskrywings op die blad moet gerig word aan die uitgewer: Butterworth, posbus 792, Durban 4000.*

# BOEKE

## FIAT IUSTITIA: ESSAYS IN MEMORY OF OLIVER DENEYS SCHREINER

ELLISON KAHN (EDITOR)

*Juta & Co Ltd, Cape Town, Wetton, Johannesburg, pp xxii and 405*

Price R45 (GST)

This is a booklover's delight, a volume that should take pride of place on the bookshelves of all jurists and a good many non-lawyers.

That this is so, is no doubt primarily due to the first part of the book. This is the biographical section in which Professor Kahn, in his own inimitable style, sketches the life of "the greatest Chief Justice South Africa did not have" (1). The picture that emerges, drawn with respect and affection but without hero-worship, is truly three-dimensional in that it illuminates all the aspects of the varied and rounded life of this great South African: man, public figure and jurist. It even reveals some very human inconsistencies: the liberal who favoured retention of the death penalty, the prudent investor who never had his household insured, the friendly and polite person who seldom apologised, the strict law-abiding citizen who was caught three times for speeding, the resigned philosopher who was deeply conscious of the transience and relative unimportance of human events and nevertheless refused to play bowls with his brethren to whose appointment he had been strongly opposed (perhaps not so inconsistent after all . . .). The three dimensions merge in an exciting climax in the narration of the turbulent events around the constitutional crisis in the fifties – an episode from which the "old" appeal court, and Schreiner particularly, emerged with more credit than most of the other parties – even though it was probably instrumental in his being repeatedly overlooked for appointment as chief justice.

The picture of Schreiner as a jurist contains perhaps the greatest inconsistency of all: the great judge who "had not completed the whole of a law examination in his life, and had attended only one lecture on Roman-Dutch law" (1). So much for the value of a formal legal education – but perhaps he made up for this by being a member of the Wits law faculty board for 58 years. Small wonder that Schreiner was not fond of "clawing the texts," although he was quite capable of handling them. He was a true "South Africanist" pragmatist, typical of the appeal court of that period which build up South African law with the materials at hand, English as well as Roman-Dutch. He was often guided by his sense of justice and his opinion regarding the social and public implications of the legal principles involved – but these opinions must of course be seen against the

background of those times, a different time, when paying taxes was still regarded as a moral duty and when ministers still used their private cars for private visits (23). Thus to present-day notions of unconscionable contracts Schreiner's objections to the doctrine of *laesio enormis* do not sound all that convincing any more, and today not everybody would go along with Professor Kahn's unquestioning approval of the decision in *Essa v Divaris* 1947 1 SA 753 (A). But there is no doubt about the greatness of this remarkably versatile jurist.

All in all, it is a fascinating life story, lavishly illustrated with photographs, and a pleasure to read. This also applies to the second part of this section which movingly depicts the relationship between Schreiner and his well-known father, WP Schreiner, and which is largely based on the hitherto unknown correspondence between these two. A valuable piece of Africana.

The second part of the book contains tributes to the memory of Schreiner by four eminent lawyers who knew him well. They are eloquent testimony to the respect and affection in which he was held. Rather disappointing, though, are the somewhat rambling reminiscences of Lord Denning.

The third and final part of the volume consists of the legal essays in honour of Schreiner by an impressive list of South African lawyers. As in all collections of this kind some are good and some are very good – depending, no doubt, on the personal interests and preferences of the reader. In many cases, a judgment by Schreiner is used as a starting point. Thus Boberg's essay on multiple causation refers to a dictum in *Kakamas Bestuursraad v Louw*, 1960 2 SA 202 (A), one of Schreiner's last judgments; Burchell's essay on the defence of privilege in defamation goes back to the distinction drawn between motive and *animus iniuriandi* in *Basner v Trigger* 1946 AD 83; Corbett JA's discussion of powers of appointment makes reference to *Estate Watkins-Pitchford v CIR* 1955 2 SA 437 (A); Kerr in his article on "Customary Law in the Appellate Division 1945–1960" highlights Schreiner's extensive contribution in this field; and Wiechers devotes his contribution to an analysis of Schreiner's well-known minority judgment in *Collins v Minister of the Interior* 1957 1 SA 552 (A). These few examples by themselves illustrate the wide range of legal questions where Schreiner exerted a lasting influence. One may also refer to Dugard's remarks regarding Schreiner's concern for human rights, evident *inter alia* from his long association with the South African Institute of Race Relations.

A remarkable man, and a remarkable book which is a fitting tribute and monument to his memory. To descend to the mundane: it is not often that a reviewer can say of a law book costing R45 that it is worth every cent. But even if someone should not be able to afford it, let him beg, borrow or steal it. It must on no account be missed.

WJ HOSTEN  
*University of South Africa*

**BILLS OF EXCHANGE, CHEQUES AND PROMISSORY  
NOTES IN SOUTH AFRICAN LAW**

deur FR MALAN, bygestaan deur CR DE BEER

*Butterworths Pretoria, Durban 1983; xii + 441 pp*

Prys R65,00 + AVB (hardeband) R48,000 + AVB (sagteband)

Hierdie werk is tot 'n groot hoogte 'n vertaling van die boek *Wisselreg en Tjekreg* deur dieselfde skrywers wat in 1981 verksyn het. Die Afrikaanse uitgawe is uitvoerig geresenseer deur JT Pretorius in 1982 *SALJ* 288, AN Oelofse in 1982 *MB* 50 en CJ Nagel in 1982 *Codicillus* 6. 'n Resensie deur AN Oelofse in 1983 *MB* 176 het ook reeds die verskille tussen die Engelse en die Afrikaanse uitgawes aangedui en behandel.

Die druk- en bindwerk is van 'n baie hoë gehalte. Die inhoud is in vier afdelings verdeel, te wete algemene beginsels, die wissel, die tjek en die promesse. Die aanbieding en afbakening van die stof by wyse van genommerde paragrawe sorg vir 'n orderlike en toeganklike inhoud. Die Wisselwet 34 van 1964 is as 'n bylae agter in die boek opgeneem. Dit is van groot praktiese waarde vir die student en die praktisyn, nie net omdat die Wisselwet lank reeds uit druk is nie, maar ook omdat dit kruisverwysings vergemaklik. Besonder nuttig en doelmatig is ook 'n volledige register van verwysings na die Wisselwet, 'n bibliografie, 'n alfabetiese lys van beslissings en 'n volledige indeks. Die voetnote in die boek is goed versorg en doeltreffend aangewend: Malan gebruik dikwels die voetnote om alternatiewe argumente te vermeld of verduidelikende inligting te verskaf.

Hoewel die Wisselwet gebaseer is op die Britse *Bills of Exchange Act* van 1882, het Malan uitstekend daarin geslaag om in hierdie boek aanknoping te vind by ons eie gemenerereg en die norme van ons eie verbintenisreg – die Wisselwet en die wisselverbintenis word naamlik in die lig daarvan vertolk en verklaar. (Vgl byvoorbeeld hoofstuk 4 oor die *causa* van die wisselkontrak.) Leersame bydraes is veral gelewer deur die gebruikmaking van ekskursusse om die moeiliker en dalk meer omstrede gedeeltes van die wissel- en tjekreg breedvoeriger te behandel en uiteen te sit.

Beslissings is bygewerk tot die Februarie 1983-uitgawe van die Suid-Afrikaanse hofverslae. Sedertdien is belangrike en rigtinggewende uitsprake gelewer wat in sommige gevalle met Malan se standpunte ooreenstem en in ander gevalle daarvan afwyk.

Malan het in die Afrikaanse weergawe van die boek (par 46) te kenne gegee dat die Suid-Afrikaanse howe waarskynlik nie sou afwyk van die benadering in die Engelse regspraak dat 'n dokument wat betaalbaar is aan "kontant of order," nie as 'n geldige wissel (of tjek) beskou word nie omdat "kontant" nie 'n persoon is nie. In die Engelse weergawe (par 46) het hy glad nie na hierdie siening verwys nie en aan die hand gedoen dat so 'n dokument as betaalbaar aan toonder beskou moet word. Dit blyk nou dat hy in eerste instansie korrek was.

Die eerste Suid-Afrikaanse beslissings oor die vraag of 'n dokument waarin die betalingsopdrag ten gunste van "kontant of order" gemaak is, 'n tjek is, is gegee in *Christellis v Brahberg Boerdery Edms Bpk* 1983 4 SA 87 (W) en *Hiles v Venter* 1983 4 SA 22 (T). In die *Christellis*-saak het die hof beslis dat die dokument geen tjek is nie omdat dit nie voldoen aan die omskrywing van 'n wissel soos gestel in artikel 2(1) van die Wisselwet nie. "Cash" is geen persoon nie. Gevolglik kan artikel 5(3) van die Wisselwet nie aangewend word om die dokument as 'n toondertjek te beskou nie. Hierdie gevolgtrekking is in die *Hiles*-saak onderskryf. In hierdie saak het die hof ook gesê dat so 'n dokument nie as 'n likiede dokument vir doeleindes van 'n voorlopige vonnis aanvaarbaar is nie omdat daar geen skuldeiser *ex facie* die dokument blyk nie.

In *Hill Samuel Merchant Bank SA Ltd v PPS Transport Holdings (Pty) Ltd* 1984 1 SA 294 (W) is die verweer ook geopper dat die dokumente *in casu* geen tjeks was nie omdat die nemer nie 'n persoon was nie maar 'n rekening. Die tjeks was betaalbaar aan "JJ Vermaak & Partners, Trust Account." Hierdie verweer is verwerp. Die hof beslis dat "JJ Vermaak & Partners" die nemer is en dat "Trust Account" slegs die rekening aandui waarop die bedrag inbetaal moes word.

In *Anglo-African Factors (Pty) Ltd v P & I Engineering* 1984 2 SA 501 (W) het die hof beslis dat artikel 80 van die Wisselwet nie van toepassing is nie op 'n tjek wat wel gekruis en gemerk is "nie verhandelbaar nie," maar wat ter akkommodasie van 'n derde persoon getrek is. Die hof beslis dat artikel 80 ondergeskik staan aan artikel 26. Hierdie uitspraak is in ooreenstemming met Malan se siening (par 86) dat die houer van 'n akkommodasietjek se vordering nie afhanklik is van die verhouding tussen die trekker (akkomodans) en die nemer (geakkommodeerde) nie, maar berus op 'n afsonderlike kontrak tussen hom en die trekker. Gevolglik kan artikel 80 nie ter sprake hom nie.

Malan stel weer eens en ten spyte van die beslissing van regter Kumleben in *Chamani v St Ives Trading Co (Pty) Ltd* 1982 2 SA 638 (D) sy standpunt dat waar 'n maatskappy se naam en rekeningnommer as trekker op 'n tjek gedruk is, dit nie die persoonlike aanspreeklikheid van 'n persoon wat die tjek sonder kwalifikasie teken, uitsluit nie (par 103 vn 168 en par 109 vn 207). Dit is jammer dat hierdie standpunt nie breedvoeriger verduidelik word nie aangesien dit duidelik is dat banke nie die gedrukte naam van die maatskappy as die handtekening van die maatskappy (soos in die geval van 'n rubberstempel) beskou nie, maar bloot as die naam van die bank se kliënt waarin die bankrekening gehou word. Indien en wanneer daar 'n handtekening op die dokument aangebring word, word dit volgens bankgebruik beskou as die handtekening van die kliënt wie se rekening dit is. (Sien *Dickinson v SA General Electric Co (Pty) Ltd* 1973 2 SA 620 (A) 628-629 en *Anglo-African Factors (Pty) Ltd v Cuppusamy* 1974 3 SA 399 (D) 403-404.)

Die beslissing in *Glolec Bpk v Van Rensburg* 1983 2 SA 192 (O) kan by par 269 gevoeg word waar vrystelling van verpligting om kennis van ontering te gee, behandel word. Die hof beslis naamlik dat al is die trekker en endossant dieselfde persoon, vrystelling van kennisgewing van ontering van die trekker nie outomaties vrystelling van kennisgewing van ontering aan hom in sy hoedanigheid van endossant beteken nie.

'n Belangwekkende beslissing is gelewer in *Rosen v Barclays National Bank Ltd* 1984 3 SA 974 (W). Die hof het die invorderings- en betalingsproses by

wyse van die ACB-stelsel beskryf. Hierdie stelsel word ook deur Malan in par 311 behandel. Van belang is egter die hof se beslissing oor die tydstip van betaling waar banke van hierdie geoutomatiseerde invordering en verrekening van tjeks gebruik maak. 'n Mens sou graag wou sien dat Malan hierdie aspek in latere uitgewes van die boek bybring en behandel.

Die hof het ook enkele aanmerkings gemaak oor die regsgevolge verbonde aan die sertifisering van tjeks. Die sertifisering van tjeks (of die sogenaamde bankgewaarborgde tjeks) word deur Malan behandel in par 316. Dit is interessant dat Malan van mening is dat die aanspreeklikheid van die betrokke bank nie 'n verpligting op grond van die tjek is nie, maar buite die tjek om ontstaan. Malan beweer dat daar 'n kontrak tussen die bank en die houer tot stand kom ingevolge waarvan die bank betaling van die gesertifiseerde tjek *waarborg*. Volgens hom is dit vergelykbaar met die aanspreeklikheid van 'n bank in die geval van 'n tjekkaart. Dit dien naamlik hoofsaaklik om die nemer teen die risiko van afgelasting van betaling van die tjek deur die trekker en van ontoereikende fondse in die tjekrekening te beskerm. Uit die *Rosen*-saak blyk dat dit beslis nie bankpraktyk is om die afgelasting van betaling van 'n gesertifiseerde tjek te aanvaar nie, maar dat 'n interdik wel as 'n voldoende rede beskou word vir die bank om betaling van die tjek te weier. Die vraag ontstaan dadelik onder watter omstandighede 'n hof so 'n interdik sal toestaan. Die hof het voorts te kenne gegee dat die sertifisering van 'n tjek *nie* aanleiding kan gee tot 'n afsonderlike eisoorzaak waarop betaling geeis kan word nie. Die slotsom is dus dat daar verskeie vroe bestaan rondom die regsgevolge van gesertifiseerde tjeks. 'n Mens sou gevolglik weer eens graag wou sien dat Malan hierdie aspek, miskien by wyse van 'n ekskursus, in latere uitgewes breedvoeriger sal behandel.

In *Gishen v Nedbank Ltd* 1984 2 SA 378 (W) het die hof beslis dat artikel 79 van die Wisselwet ook op onoordraagbare tjeks van toepassing is. Hiermee het die hof Malan se standpunt bevestig (par 349). Die hof het ook die opmerking gemaak dat die blote aanwesigheid van 'n blanko endossement agter op 'n onoordraagbare tjek nie noodwendig die afleiding regverdig dat die betrokke-bank nalatig was nie. Malan is van mening dat die aanwesigheid van meerdere endossemente (soos in *Volkskas Bpk v Johnson* 1979 4 SA 775 (K)) wel 'n faktor is wat tot 'n bevinding van nalatigheid kan lei. In *Impala Plastics (Pty) Ltd v Coetzer* 1984 2 SA 392 (W) het die hof beslis dat 'n tjek wat "nie oordraagbaar nie" gemerk is, hoegenaamd nie verhandelbaar is nie al is dit betaalbaar gestel aan toonder. Dié tjek bevat naamlik woorde wat oordrag verbied en is daarom nie 'n toonderdokument ingevolge artikel 6 van die Wisselwet nie. (Sien Malan hoofstuk 17 oor die nie-oordraagbare tjek.)

Hierdie boek is 'n werk van uitstaande gehalte en behoort van waarde te wees vir elke dosent, student en regspraktisyn. Die standpunte daarin gestel, sal ongetwyfeld 'n groot invloed uitoefen op die verdere ontwikkeling van wissel - en tjekreg in Suid-Afrika.

# Riglyne aan Outeurs

## 1 MANUSKRIPTE

Manuskripte moet dubbelgespasieerd getik wees op A4-groottepapier. Dit geld ook vir die opsomming, aanhalings en voetnote. Artikels moet in die reël nie langer wees nie as 7 000 woorde (20–25 bladsye getik op A4-groottepapier met dubbelspasiëring).

## 2 VOETNOTE

### 2.1 Artikels

Voetnote moet op aparte bladsye (dit wil sê nie onderaan die bladsye waarop hulle betrekking het nie) dubbelgespasieerd op A4-groottepapier getik wees.

### 2.2 Aantekeninge, Vonnisbesprekings en Boekbesprekings

Voetnote moet glad nie gebruik word nie. Alle verwysings moet in die teks – tussen hakies – ingewerk word.

## 3 OPSOMMINGS

'n *Artikel* moet voorsien wees van 'n kort opsomming (verkieslik nie langer as 300 woorde nie) in die ander ampelike taal as die taal waarin die artikel geskryf is. Die opsomming moet ook van 'n vertaalde titel voorsien word.

## 4 TITELS

### 4.1 Titels moet so kort moontlik wees.

### 4.2 By *vonnisbesprekings* dien die naam van die vonnis wat bespreek word, as titel. Direk onder die naam van die vonnis word die inhoud en aard van die bespreking by wyse van 'n aantal trefwoorde aangedui. Byvoorbeeld:

BOTHA v BOTHA 1979 3 SA 792 (T)

*Opskortende voorwaarde – tydsbepaling – vestiging van regte*

### 4.3 By *boekbesprekings* dien die titel van die boek wat gereenseer word, as titel. Die naam van die boek se outeur verskyn in die volgende reël. In die derde reël verskyn die volgende besonderhede: Uitgawe (indien nie die eerste uitgawe nie), uitgewer, plek van uitgawe, jaar van publikasie, getal bladsye. In die vierde reël verskyn die prys (hardeband en sagteband waar nodig). Byvoorbeeld:

THE NEWSPAPERMAN'S GUIDE TO THE LAW  
deur KW STUART

*Tweede uitgawe; Butterworth Durban 1977; xxii en 303 bl*  
Prys R27,50 (hardeband) R19,50 (sagteband)

## 5 OUTEURS

### 5.1 Artikels

Die outeur se voorletters en van moet op die eerste bladsy onder die titel aangedui word. In die volgende reël verskyn die outeur se akademiese kwalifikasies. In die derde reël verskyn 'n beskrywing van die outeur se betrekking en die naam van die instansie waaraan hy verbonde is. Byvoorbeeld:

Persoonlikheidsreg

J Neethling

BA LLM LLD

*Professor in die Privaatreg aan die Universiteit van Suid-Afrika*

### 5.2 Aantekeninge, Vonnisbespreking en Boekbesprekings

Die naam van die skrywer verskyn regs onder op die laaste bladsy, aan die einde van die bydrae. Die instansie waaraan die outeur verbonde is, verskyn in die volgende reël. Byvoorbeeld:

J NEETHLING

*Universiteit van Suid-Afrika*

of

PIETER PAUW

*Johannesburgse Balie*

6 **AFKORTINGS**

- 6 1 Gebruik geen afkortings in die *teks* nie; in voetnote (en in gedeeltes tussen hakies wat dieselfde doel as voetnote dien) soveel erkende afkortings moontlik.
- 6 2 Geen punte word by afkortings gebruik nie.
- 6 3 Aanmeakaargeskrewe woorde word sonder spasie afgekort: bv, asb, km.
- 6 4 Afkortings van aparte woorde verskyn sonder punte maar met haarspasiae (outeurs laat op hul tikmasjiene gewone spasiae): t a p, t o v, a w. Maar: VSA, *THRHR*, SA, BA, LLB, UNISA. (Haarspasiae word dus net gebruik om verwarring te voorkom, dus by kleinletterafkortings; tap sou as 'n woord gelees kon word, t a p onderskei homself.)
- 6 5 Gebruik *dieselfde* afkortings konsekwent in 'n bydrae; Afrikaanse en Latynse aanhalings moet byvoorbeeld nie beurtelings gebruik word nie.

6 6 **Enkele voorbeelde**

a	vir artikel(s)
bl	vir bladsy(e)
e v	vir en volgende
par	vir paragraaf(we)
2e uitg	vir tweede uitgawe
r	vir regter
ar	vir appèlregter
rp	vir regter-president
w ar	vir waarnemende appèlregter
hr	vir hoofregter
reg	vir regulasie
hfst	vir hoofstuk
vgl	vir vergelyk
wr	vir waarnemende regter

7 **AANHALINGSTEKENS**

- 7 1 Gebruik dubbel aanhalingstekens, met enkel aanhalingstekens *binne* 'n aanhaling: "Die regter het verklaar: 'die beskuldigde is aangekla . . .' en ek vind hom derhalwe onskuldig."
- 7 2 Aanhalingstekens waarmee 'n aanhaling afgesluit word, word *altyd* ná die punt, komma ensovoorts geplaas:  
" . . . ;"

8 **AANHALINGS**

- 8 1 Aanhalinge moet spaarsaam gebruik word.
- 8 2 Aanhalinge kan presies gemaak word soos hulle in die oorspronklike voorgekom het, dit wil sê met die kursiverings, hoofletters, punte ensovoorts onveranderd. Die redaksie sal die nodige wysigings self aanbring.
- 8 3 Moenie stippels ( . . . ) aan die begin van 'n aanhaling gebruik nie. Die feit dat 'n aanhaling met 'n (aangepaste) hoofletter of kleinletter begin (bv "Die . . ." of "die . . ." of "[D]ie . . ." of "[d]ie . . .") is genoegsame aanduiding of die aanhaling aan die begin of in die middel van 'n sin begin.
- 8 4 Enige verandering of invoeging in 'n aanhaling word tussen reghoekige hakies aangebring, bv "[I]n . . ."

9 **KURSIVERING**

- 9 1 Aanhalinge (ook uit Latyn) word *nie* gekursiveer (onderstreep) nie.
- 9 2 Woorde en uitdrukkings wat nie deel van 'n aanhaling uitmaak nie en kom uit ander tale as dié van die bydrae (dus ook uit Latyn) word gekursiveer, byvoorbeeld *dolus*, *fait accompli*, *Grundnorm*, *rule of law*.
- 9 3 Gebruik kursivering om 'n woord of frase te beklemtoon: "Hierdie reël is *besonder* onbillik . . ."
- 9 4 Sien par 10 i v m die gebruik van kursivering in die titels van boeke, vonnisse, tydskrifte ensovoorts.

- 10 **VERWYSINGS NA VONNISSE, BOEKE, ARTIKELS, TYDSKRIFTE, KOERANTE, WETGEWING EN OU BRONNE**
- 10 1 **Vonnisse**
- 10 1 1 Die name van die partye en die v daartussen word gekursiveer (of onderstreep in manuskripte):  
*Botha v Botha* 1979 3 SA 792 (T).
- 10 1 2 Hakies en vierkantige hakies word net gebruik waar die letter of syfer die rol van 'n voetnoot vervul (dus addisionele inligting verstrek) en nie benodig word vir die verwysing nie:  
*Botha v Botha* 1979 3 SA 792 (T) en *nie*  
*Botha v Botha* 1979 (3) SA 792 (T) *nie*,  
*Talbot v Von Boris* 1911 1 KB 854 en *nie*  
*Talbot v. von Boris* [1911] 1 K.B. 854 *nie*,  
*Ex parte F* 1963 1 PH B 9 (N) en *nie*  
*Ex parte F* 1963 (1) PH B9 N *nie*,  
en  
*Re Waxed Papers Ltd* 1937 2 All ER 481 (CA)  
maar  
*Rudd v De Vos* (1892) 9 SC 491 en *Re South London Fish Market Co* (1888) 39 ChD 213 (want die datum is hier terloopse inligting, nie 'n essensiële deel van die verwysing nie).
- 10 1 3 Die woorde "and another," "en ander," "NO" ens word weggelaat: *Botha v Botha* 1979 3 SA 792 (T) en *nie Botha NO v Botha en 'n ander* 1979 3 SA 792 (T) *nie*.
- 10 1 4 Die woorde "op," "op bladsy" ens is onnodig wanneer na 'n besondere bladsy in 'n vonnis verwys word: *Botha v Botha* 1979 3 SA 792 (T) 795F-G, en *nie Botha v Botha* 1979 3 SA 792 (T) op bl 795F-G *nie*.
- 10 1 5 Tussen 'n reeks vonnisse in 'n voetnoot word kommapunte gebruik: *Botha v Botha* 1979 3 SA 792 (T); *Smit v Smit* 1979 3 SA 810 (K); *Els v Els* 1980 2 SA 16 (W).
- 10 1 6 Die Engelse verwysing vir voor-1947-vonnisse word gebruik, byvoorbeeld CPD, EDL, TPD ens en nie KPA, ODP, TPA *nie*. Wat na-1947-vonnisse betref, word in Afrikaanse bydraes, vir die bykomstige inligting wat aan die einde van 'n verwysing tussen hakies geplaas word, die Afrikaanse (sover moontlik eenletter-) afkortings gebruik. Byvoorbeeld 1977 3 SA 410 (K) en 1978 2 SA 219 (A).
- 10 2 **Boeke**
- 10 2 1 Dit is onnodig om die voorletters van 'n boek se outeur(s) te verskaf (behalwe as die weglating tot verwarring kan lei): De Wet en Swanepoel *Strafreg* en *nie* JC de Wet en HL Swanepoel *Strafreg* *nie*.
- 10 2 2 Die titels van boeke word gekursiveer (onderstreep): Van der Walt *Delict: Principles and Cases* (1979).
- 10 2 3 Van Oven *Romeinse Reg* 3e uitg (1936) 261: Slegs die datum van die uitgawe moet tussen hakies kom: "3e uitg" is noodsaaklike inligting en verder kan die datum as 'n bladsynommer aangesien word as dit nie tussen hakies geplaas word nie.
- 10 3 **Artikels**
- 10 3 1 Verwysings na titels van artikels word tussen aanhalingstekens geplaas: "Quo Vadis Iurisprudentia?" 1980 *Tydskrif vir Oud-Hollandse Reg* 13.
- 10 3 2 Hoofletters word in titels gebruik: Van der Walt "Die Voordeeltorekeningsreël - Knoop-punt van Uiteenlopende Teorieë oor die Oogmerk met Skadevergoeding" 1980 *THRHR* 1.
- 10 4 **Tydskrifte**
- 10 4 1 Name van tydskrifte word gekursiveer (onderstreep): *THRHR*, *SALJ*, *Texas Law Review*.
- 10 4 2 Bekende tydskrifte se name word afgekort: *THRHR*, *CILSA*, *SALJ*, *LQR*, *Harv LR* ens.
- 10 4 3 Minder bekende tydskrifte se name moet met die eerste verwysing daarna volledig aangehaal word met 'n afkorting wat daarna gebruik word tussen hakies ná die volledige verwysing: 1971 *Neue Juristische Wochenschrift (NJW)* 675; 1971 *Texas Law Review (Tex LR)* 837.

- 10 4 4 Die bandnommer van 'n tydskrif is meestal oortollig en moet weggelaat word, dus 1971 *THRHR* 12 ipv 1971 (34 1) *THRHR* 12 of 34 1 (1971) *THRHR* 12; 1979 *SALJ* 307 ipv 1979 (96 III) *SALJ* 307 ens. Waar die bladsynommers van 'n tydskrif nie jaarliks deurlopend is nie – soos by *Codicillus* – moet die tydskrifnommer of -datum wel aangehaal word.
- 10 5 **Koerante**
- 10 5 1 Die name van koerante word gekursiveer (onderstreep): *Beeld*, *The Rand Daily Mail*, *Die Transvaler*.
- 10 5 2 Die datum van 'n koerant word volgens die moderne metode só weergegee: 1980-03-31. Dus *Beeld* (1980-03-31) 10.
- 10 6 **Wetgewing**
- 10 6 1 Die name van wette word nie gekursiveer nie.
- 10 6 2 Die naam en nommer van 'n wet word só weergegee: Die Wet op Prokureursordes 71 van 1975; die Maatskappywet 46 van 1926 ensovoorts.
- 10 6 3 Verwysings na wette in die loop van die teks van 'n bydrae kan egter ook informeel wees (sodra dit vir die leser duidelik is na watter wet verwys word), byvoorbeeld die 1926-wet, die Maatskappywet van 1926, ensovoorts.
- 10 7 **Ou Bronne**
- 10 7 1 Waar daar reeds 'n vaste konvensie met betrekking tot die verwysing na *bekende* ou bronne bestaan, moet dié gevolg word, byvoorbeeld:  
*D* 9 2 5 3, *D* 9 2 27 *pr*  
*I* 2 1 31, *C* 10 15 en *Nov* 134 9  
*De Groot* 3 32 7  
*Voet* 47 1 2  
*Groenewegen De Leg Abr* 4 10  
*Van Leeuwen CF* 1 2 4 5  
*Van Leeuwen RHR* 2 5 1  
*Van der Linden Koopmans Handboek* 1 7 2  
*Van der Keessel Th* 323  
*Van der Keessel Praelectiones* op *Gr* 2 4 38  
*Van Bynkershoek Obs Tum* 303  
*Pauw Obs Tum Nov* 128  
*Schorer ad Gr* 3 27 6  
*Vinnius ad I* 2 1 39  
 ensovoorts.
- 10 7 2 In alle ander gevalle moet 'n ou bron net soos 'n moderne werk met genoegsame presiesheid geïdentifiseer word.
- 11 **HOOFLETTERS**
- 11 1 Die gebruik van hoofletters in Afrikaanse bydraes word sover moontlik beperk.
- 11 2 Voetnote begin met kleinletters tensy die voettoot self 'n volsin is. Dit beteken dat kleinletters gebruik word indien 'n voettoot met byvoorbeeld een van die volgende afkortings begin: bv, a w, d w s, eg, i e, *loc cit*, *op cit*. Hierteenoor staan *Vgl* omdat *Vgl* 'n imperatief is wat 'n volsin inlei.
- 11 3 Enkele voorbeelde:  
 ... die regter verklaar ...  
 ... hoofregter Rumpff belis ...  
 ... die appèlhof ...  
 ... die parlement ...  
 ... die kabinet ...  
 ... die minister ...  
 ... die regter-president ...  
 ... die wet bepaal ...  
 ... die hof ...  
 ... die uitvoerende komitee van ...  
 ... die staatspresident ...  
 ... die minister van justisie ...
- 11 4 Alle opskrifte se *woorde* (bv die titels van artikels en boeke waarna verwys word) moet sover doenlik met hoofletters begin.

## 12 ALGEMEEN

- 12 1 Wanneer 'n volsin tussen hakies geplaas word, kom die punt aan die einde van die sin ook binne die laaste hakie: (Die hof het hom skuldig bevind.) Wanneer die gedeelte tussen hakies deel uitmaak van 'n sin wat deels buite die hakie val, kom die punt buite die laaste hakie: Die hof het hom skuldig bevind (sien *S v Swart* 1960 3 SA 15 (T)).
- 12 2 In aantekeninge en vonnisbesprekings moet dit wat normaalweg in voetnote sou verskyn het, tussen hakies geplaas word (sien par 2 2 hierbo) behalwe waar dit byvoorbeeld bloot die bewysplek van 'n vonnis of die uitgawe van 'n boek is wat aangedui word. Dié word eenvoudig sonder hakies aangegee, byvoorbeeld: Die regter het in *S v Swart* 1960 3 SA 15 (T) beslis dat die beskuldigde. . .
- 12 3 Vermy uitdrukings soos “die geleerde regter” en “die belese regter” – in Afrikaans geld die (onweerlegbare) vermoede dat elke regter geleerd én belese is. Dieselfde geld die gebruik van uitdrukings soos “met eerbied” en “respekvol.”
- 12 4 Nommering van die afdelings, paragrawe, ensovoorts van 'n bydrae, moet sover moontlik volgens die volgende metode geskied (sonder punte):  
 1  
 1 1  
 1 2  
 1 2 1  
 2  
 3  
 3 1  
 3 1 1  
 3 1 2  
 3 2
- 12 5 Wat hierbo in paragraaf 10 1 4 in verband met die gebruik van die woorde “op,” “op bladsy,” ensovoorts gesê is, geld ook ten aansien van verwysings na die bladsye van boeke, artikels, koerante, ensovoorts.
- 12 6 Waar na opeenvolgende bladsye verwys word, moet die bladsynommers volledig aangedui word, byvoorbeeld:  
 Van der Merwe *Sakereg* (1979) 163–169 en *nie*  
 Van der Merwe *Sakereg* (1979) 163–9 of 163–69 *nie*.

# Agreements in restraint of trade: The appellate division confirms new principles

JT Schoombee

BA (Hons) LLB

Senior Lecturer in Law, University of Cape Town

## OPSOMMING

### Kontraktuele Beperkings op Handelsvryheid: Die Appèlafdeling Bestendig Nuwe Denkrigtings

Die onlangse beslissing van die appèlafdeling in *Magna Alloys and Research (SA) (Pty) Ltd v Ellis* 1984 4 SA 874 (A) („*Magna Alloys*”) het ’n mate van sekerheid gebring op ’n gebied van ons reg waar onderlinge verskille tussen provinsiale beslissings vir ’n geruime tyd tot onsekerheid aanleiding gegee het. Veral sedert 1977 is die tradisionele leerstuk ten opsigte van beperkings op die handelsvryheid, wat ons provinsiale howe deur die jare na aanleiding van die Engelse reg ontwikkel het, toenemend aan kritiek deur die howe en skrywers onderwerp. Die reëls van die tradisionele leerstuk wat hoofsaaklik onder skoot gekom het, was die volgende:

- 1 beperkings van die handelsvryheid word vermoed ongeldig te wees, en die party wat afdwinging verlang, moet bewys dat die beperking *inter partes* redelik was;
- 2 redelikheid word beoordeel aan die hand van die omstandighede wat by kontraksluiting gegeld het;
- 3 afdwinging van ’n (redelike) gedeelte van ’n andersins onredelik beperking kan slegs geskied as die hof die onredelike gedeeltes eenvoudig met ’n “blou potlood” kan deurhaal.

Die appèlafdeling het nou bevestig dat hierdie reëls nie meer aanvaarbaar is nie, en beslis dat die enigste toetssteen vir die afdwingbaarheid van beperkings die openbare belang is. Afdwinging word geweier indien dit die openbare belang sou skaad, en hierdie vraag moet uitgemaak word primêr aan die hand van die omstandighede wat by afdwinging geld. Die party wat afdwinging teenstaan, dra die bewyslas. Daar is ook gesuggereer dat gedeeltelike afdwinging gereedelik toegelaat sal word.

In hierdie artikel word die algemene benadering en bevindings van die appèlafdeling weer-gegee en krities ondersoek, en ook gewys op die belangrikste teoretiese en praktiese implikasies (onder meer vir gedingvoering) wat uit die beslissing voortvloei. So word kritiek uitgespreek teen die bevinding dat ons gemenerereg nie alkerig jeens beperkings van die handelsvryheid gestaan het nie, en teen die groot waarde wat in *Magna Alloys* geheg word aan die vermeende onderskeid tussen *ongeldige* ooreenkomste en dié wat bloot *onafdwingbaar* is – laasgenoemde kategorie sou dan beperkings van die handelsvryheid insluit. Daar word ook gewys op problematiese aspekte van die beslissing, soos byvoorbeeld dat in een asem op teenstrydige provinsiale beslissings gesteun word. Die appèlafdeling het ook met die tradisionele reëls weggedoen sonder om duidelik te sê wat in hul plek gestel moet word. So is beslis dat onredelikheid ’n beperking nie noodwendig nie, maar slegs “waarskynlik” teen die openbare belang en derhalwe onafdwingbaar maak. Die implikasie is dus dat ’n onredelike beperking deur sekere omstandighede (wat geensins vermeld word nie) “gered” kan word. Dit is ook nie duidelik of onredelikheid nog voortaan (soos onder die tradisionele leerstuk) getoets moet word deur te vra of die beperking nie verder strek as wat nodig is om geëkte beskermingswaardige belange van die reghebbende te beskerm nie.

In die algemeen word aangevoer dat die appèlafdeling in *Magna Alloys* breë riglyne gestel het waaraan nog heelwat in die praktyk geskaaf sal moet word.

## 1 INTRODUCTION

Restraint of trade is an area of South African law which has been buffeted for some time now by “winds of change.” In recent years principles and rules which

had been applied in our courts for decades, have come under fire. Since 1977 leading decisions in the Natal, Transvaal and Cape provincial divisions have either rejected or questioned the traditional principles and rules.<sup>1</sup> Of particular significance were *Roffey v Catterall, Edwards & Goudré (Pty) Ltd*,<sup>2</sup> *National Chemsearch (SA) (Pty) Ltd v Borrowman*<sup>3</sup> and *Drewtons (Pty) Ltd v Carlie*.<sup>4</sup> The recent decision of the appellate division in *Magna Alloys and Research (SA) (Pty) Ltd v Ellis*<sup>5</sup> has resolved some of the controversy surrounding restraints of trade, but has at the same time left a number of important questions unanswered.

The debate surrounding restraints of trade has tended to focus on the question which of two principles, namely sanctity of contract (*pacta sunt servanda*)<sup>6</sup> or freedom of trade,<sup>7</sup> should predominate.<sup>8</sup> The restraint-of-trade doctrine has sought

1 Dissatisfaction with aspects of the traditional doctrine has in fact been expressed over a number of years. See, for instance, Turpin 1958 *Annual Survey* 55; Suzman 1968 *SALJ* 91; Kahn "The Rules Relating to Contracts in Restraint of Trade - Whence and Whither?" 1968 *SALJ* 391 (hereinafter Kahn); *SA Wire Co (Pty) Ltd v Durban Wire & Plastics (Pty) Ltd* 1968 2 SA 777 (D).

2 1977 4 SA 494 (N), per Didcott J, with whom Friedman AJ concurred (hereinafter cited as *Roffey*).

3 1979 3 SA 1092 (T), per Botha J, with whom Vermooten J and Spoelstra AJ concurred (hereinafter cited as *Chemsearch*).

4 1981 1 SA 305 (C). In this full bench decision, Van den Heever J adopted, in the main part of her judgment (309B-313F), a novel approach in upholding the restraint of trade, which has now, to some extent at least, found favour with the appellate division. (See *infra* at n 15-16, n 123.) In the alternative (313H-315B), the judge applied the traditional rules and reached the same conclusion. Watermeyer JP and Tebbutt J also reached this conclusion along the traditional route. The former indicated that there was great merit in the views of Van den Heever J (309A), but that a decision on them was unnecessary. Tebbutt J expressed *obiter* approval of the views of Van den Heever J in even stronger terms (316B *et seq*). The judgment of Van den Heever J is hereinafter cited as *Drewtons*.

5 1984 4 SA 874 (A), per Rabie CJ, with whom Kotzé, Joubert, Trengove and Van Heerden JJA concurred (hereinafter cited as *Magna Alloys*).

6 In the present context this maxim can be translated as "agreements must be honoured," and it is not simply an empty tautology - see Du Plessis & Davis "Restraint of Trade and Public Policy" 1984 *SALJ* 86 88-9, (hereinafter Du Plessis & Davis). It expresses the idea that promises (reciprocal or unilateral) outside a purely "social" or "informal" sphere should be legally enforceable. Historically, *pacta sunt servanda* is also coupled to the recognition of the actionability of "bare pacts," and the emergence of a general theory of contract. See Visser "The Principle *Pacta Sunt Servanda* in Roman and Roman-Dutch Law, with specific reference to Contracts in Restraint of Trade" 1984 *SALJ* 641 (hereinafter Visser).

7 The supposed dichotomy between freedom of trade and sanctity of contract has been criticised, for instance, by Du Plessis & Davis 96 who argue that the former must include the latter, because no-one can trade effectively if agreements are not honoured. This complementary aspect cannot be denied, but on the other hand it should be borne in mind that there is a constant and real tension between these principles. Almost every time someone concludes a commercial contract (say a contract of employment) he in a sense diminishes his freedom of trade (eg normally he cannot go and work for someone else). It is precisely the frequency of this result, namely that nearly all contracts tend to "restrain trade" in the widest sense of the phraseology, that makes it both difficult and important to determine to exactly which types of agreement the restraint-of-trade doctrine should apply, and has led to the proposal of tests such as whether the restraint leads to the sterilisation rather than the absorption of services. (See para 5 1 below.) Historically the doctrine has been applied to specific types of restraint. The explanation is probably that in these areas the tension between the principles has been felt to be particularly acute, or the justification for the loss of freedom of trade has been dubious or overtones of unconscionability have been present. (It is one thing if A agrees only to work for B, another if A agrees with B not to practise his occupation at all.)

8 The conflict which arises with regard to restraints of trade is also often characterised as a conflict between *freedom of trade* and *freedom of contract* (rather than sanctity of contract).

to absolve the conflict which arises between these principles<sup>9</sup> where a person contracts not to exercise a particular profession, trade or activity. *Sanctity of contract* points to the upholding of all bargains entered into freely, including such a restraint on future economic activity. Here the prescription contained in the maxim *pacta sunt servanda* may be said to reflect the interest of society and contractual parties in seeing that individuals keep their promises.<sup>10</sup> On the other hand, the preservation of *freedom of trade* necessitates that individuals should not be allowed to bargain away their freedom to engage in useful economic activity. Several values underlie freedom of trade – *inter alia* that restrictions on individual freedom, particularly wide-ranging restrictions, should be controlled, and that it is, at least in principle,<sup>11</sup> to the detriment of society if one of its members cannot contribute his or her skills. The restrained person may also become a burden on society.<sup>12</sup> Moreover, freedom of trade is a component of freedom of competition, and it is generally assumed that the latter is a desirable state of affairs,<sup>13</sup> at least in an economic system which is predominantly a “free enterprise” or market-orientated one.

In terms of this dichotomy between freedom of trade and sanctity of contract, it may be said that in South African law the traditional restraint-of-trade doctrine favoured, under influence of English law, freedom of trade over sanctity of contract. This was manifested primarily in the rules that restraints were, unlike other contractual terms, subject to a test of reasonableness and moreover “*prima facie* void:” the party seeking to rely upon the restraint had to prove that it was reasonable as between the parties, which the courts narrowed down to mean

---

Not much seems to turn on this distinction, which appears to be largely one of emphasis: *freedom of contract* stresses the *ability* to enter into any type of agreement, including a restraint, so as to constitute a legally enforceable agreement; *sanctity of contract* stresses the *binding effect* of agreements.

- 9 Sanctity of contract and freedom of trade can be transcribed into prescriptions or norms, eg *pacta sunt servanda* and “individuals should be free to trade and work.” These, of course, constitute very broad principles. Such a principle “does not even purport to set out conditions that makes its application necessary. Rather it states a reason that argues in one direction, but does not necessitate a particular decision.” Dworkin *Taking Rights Seriously* (1978) 26 (hereinafter *TRS*). Cf Hughes “Rules, Policy and Decision Making” 1968 *Yale LJ* 411 419.
- 10 The interest is not merely ethical (ie it is morally sound to honour agreements). It has a non-ethical dimension, namely greater certainty and efficiency when promises are enforceable. Cf *Roffey* 505F–H.
- 11 I say “in principle,” because a restraint may prevent an individual from exercising a skill which is in oversupply in the community, and it can then hardly be said to be to the detriment of the community. It may even force him to exercise a skill for which there is a demand. This issue of actual, as opposed to potential prejudice, has assumed importance in view of *Magna Alloys* – see *infra* n 142, and of the common law position (n 60 *infra*).
- 12 See *Parker CJ in Mitchel v Reynolds* (1711) 1 P Wms 181 190. (This decision laid the foundation of the present English doctrine of restraint of trade.) See also *Drewtons* 313F–G.
- 13 Freedom of competition as a legal value can be traced to our common law – see 4 1 *infra*. As regards the present-day merit, see for instance, *Ackermann-Göggingen AG v Marshing* 1973 4 SA 62 (C) 76H (hereinafter *Ackermann*); *A Becker & Co (Pty) Ltd v Becker* 1981 3 SA 406 (A) 417F–G. In the preamble to the Republic of South Africa Constitution Act, 1983, the pursuing of “private initiative and effective competition” is stated to be a “national goal.” As regards the SA government’s professed concern for strengthening competition through the activities of the Competition Board, see *Financial Mail* 1984–12–07 31. It should be noted that support for freedom of competition by the *judiciary* is almost invariably based upon very general assumptions about society, rather than specific economic theories, and has by no means been unanimous. Cf Heydon *The Restraint of Trade Doctrine* (1971) 29–31 (hereinafter Heydon), *Drewtons* 311F–H.

reasonably necessary to protect specified interests of the party in whose favour the restraint operated. Specifically in the sphere of contracts of employment, this general approach was also fashioned in order to address another problem relating to unconscionability, namely the frequent inequality in bargaining power between the employer and the employee submitting to the restraint.<sup>14</sup>

The traditional doctrine was rejected in *Roffey and Drewtons*, and in *Magna Alloys* the appellate division affirmed that *pacta sunt servanda* should predominate. With this as starting point, it was further held that restraints are unenforceable (not void) only when their enforcement would prejudice the public interest and that the party resisting enforcement bears the *onus* in this regard. Unreasonableness *inter partes* is no longer fatal to enforcement, but restraints of trade still constitute a special type of agreement inasmuch as the appellate division has said that unreasonableness renders such agreements "probably" unenforceable.

The *Roffey*, *Chemsearch* and *Drewtons* cases remain of considerable importance, as they form the very foundation of the appellate division's judgment. This is indeed a problematical aspect of *Magna Alloys*, because, as will be shown below, the aforementioned provincial decisions differ from each other in important respects. There is a considerable divide between the whole approach of Judge Van den Heever in *Drewtons*, and that manifested in *Roffey* and *Chemsearch*. It is not at all clear which approach was endorsed by the appellate division. As will emerge more fully below, *Magna Alloys* seems to follow *Drewtons* in important respects, particularly in holding that a restraint of trade is never invalid or void; it may only be unenforceable.<sup>15</sup> As in *Drewtons*, enforceability is not explicitly tested against the traditional proprietary or commercial interests of the covenantee.<sup>16</sup> On the other hand, *Roffey* and *Chemsearch* are followed to some extent in at least attaching considerable weight to the question whether the restraint can be said to be reasonable.<sup>17</sup> On the issue of partial enforcement of a restraint, both *Chemsearch* and *Drewtons* are cited. It is true that both cases broke with the restrictive traditional approach relating to severability. But *Chemsearch* added qualifications and safeguards to the freer, remedy-orientated approach, qualifications which were totally absent in *Drewtons*. All in all, it is suggested that although *Magna Alloys* laid down new guidelines, many practical implications of these guidelines remain uncertain. One is also left with the impression that insufficient attention was paid to the theoretical and practical implications of the new guidelines.

We now turn to deal briefly with the three decisions which preceded *Magna Alloys*.

14 See *Bell Policy Arguments in Judicial Decisions* (1983) 160 (hereinafter Bell); *Ackermann* 72F-74H.

15 *Drewtons* 312F, *Magna Alloys* 895D, G-I; in *Roffey* (505H-506A) and *Chemsearch* (1092A-F, 1100H, 1101H) no definite or "conceptual" distinction is drawn between "unenforceable" on the one hand, and "invalid" or "void", on the other, although *Chemsearch* does contain hints at this distinction (1107E-F, 1114B, cited at n 25).

16 For the sake of brevity "covenantee" is used for the person in whose favour the restraint operates, and "covenantor" for the person who binds himself in the restraint, even though these terms may have a somewhat archaic, English-law flavour to them.

17 *Magna Alloys* 893C-H, 898A-B.

## 2 ROFFEY AND CHEMSEARCH

The traditional rules which came under fire in these cases, were the following:

- 1 The *onus* to prove the facts substantiating the reasonableness of the restraint as between the parties, rests with the party seeking to enforce the restraint.
- 2 Reasonableness is determined with reference to the circumstances existing at the conclusion of the restraint, and subsequent events are ignored.
- 3 Partial enforcement of an invalid restraint is possible only if the term has been formulated so as to be readily severable – the valid and invalid parts should in effect constitute distinct restraints. Here it is said that a court will not make a new contract for the parties, but will only delete the invalid portion with a “blue pencil.” A further limitation is that the parts must also be notionally severable – severance of a part of the restraint must not change the meaning and purport of the remaining part, or of the restraint taken as a whole.<sup>18</sup> It has also been suggested that severance is allowed only where the invalidity affects a minor part of the restraint agreement.<sup>19</sup>

In *Roffey* “1” was rejected, and the party resisting enforcement was saddled with the *onus* in respect of unreasonableness.<sup>20</sup> *Chemsearch* cast doubt on the traditional rule in “1”, but the court found this insufficient to warrant reversal of the long line of Transvaal cases affirming “1”.<sup>21</sup>

As to “2” and “3”, Didcott J had suggested in *Roffey* that these rules should be reconsidered,<sup>22</sup> and *Chemsearch* saw their rejection. It was held that reasonableness should be assessed at the time when the court is asked to make an order enforcing the restraint.<sup>23</sup> When the issue of the partial enforcement of an unreasonable restraint arises, the court is not bound by the “blue pencil” test. In the light of the circumstances then existing, a reasonable restraint may be reformulated and enforced.<sup>24</sup>

The focus was on the remedy sought:

“The dictates of public policy in restraint of trade cases relate directly to the effect of the Court’s order, and not primarily to the terms upon which the parties happened to have agreed.”<sup>25</sup>

This flexible approach *vis-à-vis* partial enforcement was, however, said to be subject to limitations. Botha J mentioned the following considerations: (i) the party seeking partial enforcement must raise the issue and lay a basis for such

18 Heydon 281; Christie *The Law of Contract in South Africa* (1981) 361 (hereinafter Christie); *Chemsearch* 1108H–1109E.

19 *Katz v Efthimiou* 1948 4 SA 605 (O) 611. This is apparently the English-law rule in employer-employee restraints – Heydon 283.

20 505H, 507A.

21 1099H–1102B.

22 507B–H.

23 1107G–H.

24 1116D.

25 1114B.

partial enforcement – it cannot simply be cast in the lap of the court;<sup>26</sup> (ii) the re-formulation or re-casting must not be drastic, or require “major plastic surgery;”<sup>27</sup> (iii) partial enforcement should save restraints which have been “clumsily rather than maliciously drawn too wide,” not ones designed to operate *in terrorem*;<sup>28</sup> (iv) the party to be restrained should not be affected harshly or unfairly. Here reference should be made to whether the activity to be restrained has already taken root (for example, the opening of a new business), and whether the party bound by the restraint could reasonably and *bona fide* have believed that what he was doing fell outside the terms of what would have been a reasonable restraint.<sup>29</sup>

It is important to note that neither in *Roffey* nor in *Chemsearch* was the existence of a substantive restraint-of-trade doctrine questioned. As far as the main principles of this doctrine were concerned, it was accepted that an unreasonable restraint would be contrary to public policy and unenforceable.<sup>30</sup> Reasonableness remained the central issue. The traditional distinction between restraints protecting goodwill and those operating in the sphere of employment was also not disturbed. In terms of this distinction goodwill (for example of a newly acquired business) may be protected by a restraint which prevents competition by persons such as the former owner of the business or former directors. An employer cannot, however, protect himself against the competition of an employee *per se*, should the latter leave his employ. An employee can be validly restrained only in so far as may be necessary to protect definite proprietary interests (customer connections, trade secrets or know-how) of his employer.<sup>31</sup> Also unaffected was the traditional rule that even when a restraint is reasonable *inter partes* because it goes no further than protecting the aforementioned recognised interests, it would still be invalid if it could be proved by the party resisting enforcement that it was contrary to public interest, for example because the community was deprived of vital skills.

### 3 DREWTONS

Miss Justice Van den Heever's approach in *Drewtons* was a far more radical one. In effect the existence of a substantive restraint-of-trade doctrine was denied. Restraints were unenforceable if contrary to public policy and “what is public policy is a question of fact, not a legal principle.”<sup>32</sup> This meant that rules of

26 1116G–H. There is a strong suggestion, of importance to practitioners, that the party seeking partial enforcement should produce a suitable draft order as early as possible in the litigation. Presumably a suitably adjusted order can still be suggested when the matter is argued, particularly when the adjustments are minor or when unforeseen circumstances affecting the enforceability of the restraint emerged in the answering papers, during the leading of evidence under Supreme Court Rule 6(5)(g), or at the trial. A court will probably also allow a party to move for partial enforcement on a “provisional” basis, ie “only if the whole is not enforceable,” as long as a suitably curtailed restraint is suggested as an alternative and this is covered by the evidence.

27 1116H–1117B.

28 1117C–D.

29 1117D–H.

30 This is my reading of *Roffey* – see *Chemsearch* 1099B–F.

31 *Roffey* 500F–H; *Chemsearch* 1103A–C; *Allied Electric (Pty) Ltd v Meyer* 1979 4 SA 325 (W) 329; cf *Ackermann* 74–76; *Christie* 364–366; Heydon “Recent Developments in Restraint of Trade” 1975 *McGill LJ* 325 335 n 54 (hereinafter *Heydon McGill*).

32 312H. See also 311D–F, 312B–C.

judicial precedent did not apply in this sphere.<sup>33</sup> In the main part of the judgment the criterion of reasonableness did not feature at all, and no inquiry along conventional lines was made about the existence of protectable interests on the part of the covenantee (the party in whose favour the restraint operated). *In casu* the restraint was judged as not being immoral or contrary to public policy on a very unspecific level, and quite innovatively only the interests of the covenantor (the party who agreed to be restrained) were considered:

“He [Carlie, the covenantor] has not established on a balance of probabilities that there is anything in the contract that could be regarded as immoral or contrary to public policy – e.g. that if he were to abide by its terms he and his dependants would have to starve or steal or become burdens on the taxpayer.”<sup>34</sup>

As emerges from this extract, the covenantor was saddled with the *onus* in respect of unenforceability.<sup>35</sup> Reference has been made earlier to the strong remedy-orientation of the *Drewtons* judgment. This went hand in hand with the assertion that an agreement in restraint of trade is never void or invalid. According to *Drewtons* it is at most unenforceable, when performance will detrimentally affect the interests of the community. And this, it was said *obiter*, takes care of the customary “soul-searching in regard to severability,”<sup>36</sup> in the case of partial enforcement. Unlike *Chemsearch*, no safeguards or limitations were suggested in this context.<sup>37</sup> In fact, the court drew an analogy with the flexible enforcement of custody and access orders relating to children.<sup>38</sup> It should be observed that if the same approach were followed in restraint-of-trade cases, the implications would be far-reaching indeed, because our courts see their role in custody cases, for practical purposes, as an inquisitorial, custodial one.

Alleen in die lig van Jaspers se erkenning kan die reg vir die eksistensialisme enige betekenis hê. Jaspers moet dus as 'n eksistensiële denker gesien word. Die onmiddellike betekenis van die reg tree daarin te voorskyn dat dit die mens op sy herhaalde mislukkings wys, dat dit op die eksistensiële behoefte aan regverdigheid wys.<sup>60</sup> Dit dui daarop dat in die mens se optrede teenoor ander die regmatigheid en onregmatigheid aan 'n regsmaatstaf getoets moet word. Volgens eksistensiële denke moet daar nie aan die reg gedink word as bestaande uit abstrakte reëls nie. Dit moet eerder gesien word as die beoordeling van 'n gegewe situasie.

Omdat die aardse regsbedeling, regsreëls en regspraak onvolmaak is, kan dit 'n eksistensiële vereiste word

55 Sien ook Schaeffer & Koop 12: “The late Alexander M Bickel of Yale University caustically summed the matter up by saying: ‘In effect, we must now amend the Constitution to make it mean what the Supreme Court says it means.’”

56 Van der Ven 14.

57 Van Eikema Hommes *Major Trends in the History of Legal Philosophy* (1979) 354.

58 Van der Ven 15.

59 Van der Ven 16.

60 Van der Ven 18.

“de rechtseisen te doorbreken om door de buitekant van eisen heen door te stoten naar die eigenlikheid en het allerlaatse bestaan.”<sup>61</sup>

As voorbeelde noem Van der Ven

i Antigone wat 'n koninklike begrafnisverbod verontagsaam. Haar ongehoorsaamheid was eksistensiële bepaal en gehoorsaamheid sou selfverraad ge-wees het;

ii Christen martelare wat uit geloofsoortuigings bereid was om staatswette ten opsigte van aanbidding te verontagsaam; en

iii slagoffers van ondergrondse bewegings wat hulle verset teen 'n tirannieke bewind.

Die eksistensialisme kan, so gesien, op twee wyses bydra tot die regsfilosofie:<sup>62</sup>

i Die eksistensiefilosofie kan homself verruim tot so 'n wye horison dat ook die reg daarby inbegryp word; en

ii dit kan blootlê wat in 'n idealistiese, 'n natuurregtelike, 'n realistiese, 'n sosiologiese en 'n positivistiese regsfilosofie te kort skiet.

Die betrekking tussen eksistensiefilosofie en regsverskynsel kan, met ander woorde, sowel tot verryking van die filosofie as tot 'n dieper insig in die wese en funksie van regsverskynsels bydra.

## 10 ENKELE POGINGS OM DIE EKSISTENSIEFILOSOFIE VRUG-BAAR VIR DIE REGSFILOSOFIE TE MAAK

### 10 1 Carlos Gits

Carlos Gits se boek *Recht, Persoon en Gemeenskap*<sup>63</sup> verskyn in 1949. Hy konstateer, onder andere, soos volg: Die regsverskynsel is “werklik een ‘incarnatieproses’ d w z het gaat om de ‘objektivering van morele waarden in sensibele gegevens’.”<sup>64</sup> Die reg is dus die skakel tussen die morele ideaal en die werklike groepslewe. Daar is slegs een eienskap wat in staat is om die mens tegelyk as individuele en as sosiale mens te verwesenlik en tot selfervaring te bring, en dit is die liefde. Vir hom is daar drie belangrike regswaardes, te wete kontrakteervryheid, privaateiendom en burgerlike verantwoordelikheid.

As kritiek op Gits se sienswyses moet daarop gewys word dat:

10 1 1 Die antinomiese karakter van sy ontleding veral tot uiting kom in die skeiding tussen morele ideaal aan die een kant, en die maatskaplike werklikheid aan die ander kant.

10 1 2 Die maatskaplike werklikheid, as 'n geheel van verhoudings, strewe en kragte, alleen binne die raamwerk van eksistensie ervaar kan word as morele waardes tegelyk erken word.<sup>65</sup>

61 Van der Ven 19.

62 Van der Ven 21.

63 met as sub-titel: *een Sociologische en Existentieel-phenomenologische Ontleding van het Juridische Verschijnsel.*

64 Van der Ven 29.

65 Van der Ven 30: “Als echter waarden en krachten niet tezamen mogen worden genomen, als aan die scherpe scheiding tussen een wereld van behoren (normen) en van gebeuren (feiten) moet worden vastgehouden, dan kan de verplichting tot de waarden ook tot niets anders dan een kategorische imperatief word herleid . . .”

## 10 2 Werner Maihofer

Werner Maihofer se boek *Recht und Sein* (1954) is gebaseer op Heidegger se boek *Sein und Zeit*. Maihofer onderskei tussen *individuele* en sosiale “in-die-wêreld-wees.”<sup>66</sup> In die individuele eksistensie bring die mens homself in verhouding tot die “wêreld van die dinge” (Umwelt) en “die wêreld van die ander” (Mitwelt). Die ander persoon is nie slegs die middelaar tot die individu se selfverwesenliking nie, maar “doel op sigself.” Kontak met ’n ander persoon as “doel op sigself” gee aanleiding tot private outonomie wat uitdrukking vind in kontraktuele verhoudings. Om “homself” te wees, impliseer vir die individu absolute vryheid. Die reg wat die individu uitoefen om “homself te wees,” noem Maihofer ’n “eksistensiële natuurlike reg.”<sup>67</sup>

As kritiek moet daarop gewys word dat hierdie sienswyse van Maihofer duidelik aantoon hoe afbrekend die irrasionele konsep van die eksistensie vir die normatiewe aard van die reg is. Alle normatiewe beginsels word ontken. Hierdie sienswyse van “being-one’s-self” lei tot anargie.<sup>68</sup>

Om hierdie gevolge te oorbrug aanvaar Maihofer die “social-mode of being” as ’n tweede vorm van “in-die-wêreld-te-wees” naas dié van die “individual mode of being.”<sup>69</sup> Die “sosiale-in-die-wêreld-wees” bring mee dat mens funksioneer *as* man en vrou, *as* ouer en kind, *as* eienaar en besitter, *as* koper en huurder, *as* burger en buurman. Maihofer onderskei dan tussen wederkerige rolle, byvoorbeeld koper en verkoper, huurder en verhuurder en gelyke rolle, byvoorbeeld koper en koper, verkoper en verkoper. Die “in-die-rol-van-wees” en wat daarmee gepaard gaan, noem Maihofer “institusionele natuurlike reg.”

Dit is duidelik dat die institusionele natuurlike reg onversoenbaar in teenstelling staan tot die eksistensiële natuurlike reg. Die regsteorie van Maihofer is nie vir die regsleer van enige betekenis nie. Die “reg” van “self-te-wees” is nie ’n reg in regsin nie. Die reg van “in-die-rol-te-wees” impliseer die bestaan van ’n geldende reg. Verhoudings soos dié van verkoper – koper, verhuurder – huurder ensovoorts word deur die positiewe reg omskryf en bepaal en kan slegs in die lig van die geldende reg vasgestel word.

## 10 3 Ulrich Hommes<sup>70</sup>

Ulrich Hommes se boek *Die Existenzerhellung und das Recht* (1962) is ’n poging om Jaspers se eksistensiefilosofie vir die reg diensbaar te maak. Geldende reg is nodig om die ware eksistensie moontlik te maak. In die lig van die eksistensie word die reg egter gedurig bevraagteken. In die verhouding tussen eksistensie en die reg is daar ’n dialektiek tussen eksistensiële subjektiwiteit en die wêreld as objektiwiteit. Net soos die individu homself slegs binne die staat kan verwesenlik, is die staat ’n lewende werklikheid slegs in die verwesenliking van die individu. Teen hierdie agtergrond gee Hommes dan die volgende omskrywing van die reg:

66 Van Eikema Hommes 354–356.

67 Brown *The Natural Law Reader* (1960) 38.

68 Van Eikema Hommes 355.

69 Van Eikema Hommes 355.

70 Van Eikema Hommes 356–358.

“Law then is the legitimate . . . and valid . . . mode of being-with-the-other of the *Das-ein* . . . in which *Dasein* institutionalizes and organizes itself, and orders and determines the being of the individual with the others and the many in a reliable way.”<sup>71</sup>

Volgens Hommes kan geldende reg slegs positiewe reg wees. Hierdie positiwiteit moet egter nie in die lig van regspositivisme gesien word nie. Vanuit die dialektiese verhouding tussen eksistensie en objektiwiteit in die positiewe reg, volg dit, volgens Hommes, dat ’n eksistensiële uitsondering op die geldigheid van die positiewe reg erken moet word, dit wil sê oortreding van die geldende reg as gevolg van eksistensie (byvoorbeeld ’n oortreder by skuldigbevinding) waaraan die geldende reg in sy objektiwiteit ’n straf koppel. Vanuit die spanning tussen eksistensie en die objektiwiteit in die geldende reg, volg daar ’n fundamentele skuldgevoel aan die kant van die mens. Hieruit volg die dialektiese eenheid van “wettig” en “onwettig.” Hierdie dialektiese eenheid vorm die basis vir die noodsaaklikheid om die “onwettigheid” te oorwin.

Die vraag kan gestel word: Wat is die betekenis van Hommes se leerstuk van “Existenzerhellung” vir die regsteorie? Die antwoord is geleë in die klem wat daar gelê word op die feit dat daar op grond van die mens se eksistensie verskillende antwoorde gegee kan word op die vraag: Wat is die positiewe reg? Die klem word ook gelê op die feit dat die mens nie gereduseer mag word tot ’n blote objek van die reg nie.<sup>72</sup>

#### 10 4 William Ernest Hocking

In sy boek *Problems of World Order* poog Hocking om “an existential theory of law as an aspect of social control” te ontwikkel.<sup>73</sup> Die reg word gesien as ’n kreatiewe eksperiment om die goeie lewe te bereik. Die mens word gedryf “not merely to become a fair specimen of the human type, but to achieve a destiny unique to himself.”<sup>74</sup> Die reg as eksperiment bied dus vir die mens die geleentheid om ’n bepaalde bydrae tot die gemeenskap te lewer. Die reg kan egter nie net ’n kreatiewe funksie hê nie en gevolglik erken Hocking ook die ordenende funksie van die reg. Die ordenende funksie van die reg is noodsaaklik vir die volvoering van die kreatiewe funksie daarvan.

### 11 SKETS VAN ’N ANTROPOLOGIESE REGSFILOSOFIE

In wat volg, sal daar by regsverskynsels begin word en gepoog word om dit met die menslike eksistensie in verband te bring.<sup>75</sup>

Om die eksistensiële kern van die reg bloot te lê, moet drie aspekte van die reg ondersoek word, te wete normatiwiteit, heteronomie (onderwerping aan wette deur ander opgelê) en geregtigheid.

#### 11 1 Normatiwiteit

Die reg verskyn in norme, reëls (geskrewe en ongeskrewe). Die reg bring ’n verpligting tot gedragpatrone mee. Die norme het betrekking op feitelike gedraginge. Die mens kan sy eksistensie juridies belewe deur die norme te erken

71 Van Eikema Hommes 357.

72 Van Eikema Hommes 358.

73 Pennock & Chapman *The Limits of Law* (1974) 107.

74 Pennock & Chapman 107.

75 Van der Ven 55-67.

of te ontken. By die uitoefening van sy keuse ontdek die individu die behoefte aan 'n objektiverende, dit wil sê aan 'n norm gemete, regverdiging van sy keuse. Waar hy die norm oortree, bring sy eksistensialiteit weer 'n ander aspek na vore, te wete die heteronomie.

## 11 2 Heteronomie

Dit is nie die normatiewiteit wat strydig met die eksistensie is nie, maar wel die heteronomie. Die norm wat ek vir myself ontwerp, is bestem om my gedrag te regverdig. Ten opsigte van wie? Uiteindelik ten opsigte van ander met wie ek eksisteer. Daardeer word aan ander te kenne gegee dat so gehandel behoort te word.

## 11 3 Geregtigheid

Regsnorme word inhoudelik bepaal. Die reg moet aan die mens reg laat geskied.

“Als de recht zich daarbij van globale en generaliserende maatstaven en begrippen bedient, dan is het juist om aldus iedere konkrete mens zichzelf te laten zijn. Een eenvoudig voorbeeld: het is heel rechtvaardig moord en doodslag te verbieden, maar dan niet alleen om daardoor in de openbare orde de onrust en het gevoel van levensberoving en wraakgericht *ad infinitum* tegen te gaan, maar om enerzijds de ene menselijke existentie, die anders slachtoffer zou worden, te beveiligen, en anderzijds de eventuele moordenaar te behoeden voor het in een moord gelegen verraad aan zijn eigen existentiële houding tegenover zijn medemens.

Een ander voorbeeld: een kontrakte moet worden nagekomen . . . Een daartoe strekkende rechtsregel heeft een existentiële wortel, doordat die mens herinnerd wordt aan datgene waartoe hij zichzelf reeds in zijn omgang met de medemens had ontwerpen, namelijk tot deze kontraktant, met deze verplichtingen. Hem daaraan te houden is geen poging hem in een schema te dringen, maar veeleer om hem zichzelf te laten zijn, namelijk zoals hij zich reeds aan een ander had laten kennen en zoals hij reeds ervaren had, dat hij door de ander ook gekend werd.”<sup>76</sup>

## 12 GEVOLGTREKKING

12 1 Die eksistensialisme het 'n negatiewe invloed op die regs wetenskap en die regs filosofie. Die aard van die eksistensialisme word treffend soos volg saamgevat:

“Alle tradisionele Westerse humanistiese en Christelike waardes word oorboord gegooi en gerelativeer. Die pessimistiese grondtoon van hierdie filosowe is 'n simptoem van die geestelike krisis waarin die humaniste beland het.”<sup>77</sup>

Dié samevatting van die aard van eksistensialisme bevat begrippe wat nadere aandag verdien, te wete oorboordgooi en gerelativeer enersyds, en geestelike krisis andersyds.

Daar is reeds daarop gewys dat Sartre die eksistensialistiese denker by uitnemendheid is. Sartre beklemtoon die “absolute relativism” en vir hom bestaan daar geen objektiewe waardes nie.<sup>78</sup> Daar is geen algemene moraliteit nie en gevolglik kan geen algemene moraliteit aan die individu voorskryf wat gedoen moet word nie.

76 Van der Ven 67.

77 Van der Westhuizen 220.

78 Blackshield 1965 *Natural Law Forum* 134-135.

Nietzsche het onder Platonisme nie primêr die filosofie van die historiese Plato verstaan nie, “maar die denkpatroon van die Westerse metafisika wat sy beslag ontvang het uit die tradisionele Plato-interpretasie.”<sup>79</sup> Waarop Nietzsche sy “hamerslae” gerig het, is die raamwerk waarbinne “vir ’n paar duisend jaar” die Westerse mens homself en die omringende wêreld verstaan het. Die uiteinde van Nietzsche se filosofie was nie alleen die verwerping van die Platonisme nie, maar die verkondiging van die “dood van God.”<sup>80</sup> Hierdie opvatting van Nietzsche het hulle weerklank gevind in die eksistensiële-filosofie van Sartre.<sup>81</sup>

12 2 Daar is reeds aangedui dat die poging deur Georg Cohn om die kloof tussen eksistensialisme en die reg te oorbrug, misluk het. In die lig van Jaspers se erkenning van die ordenende funksies van die reg, is daar ook gewys op die onsuksesvolle pogings deur Gits, Maihofer en Hommes om die kloof te oorbrug.

12 3 Daar is gewys op die twee wyses wat gevolg kan word om ’n verband tussen die reg en eksistensialisme te soek. Die pogings van Cohn, Gits, Maihofer en Hommes het die eerste van die twee weë gevolg.<sup>82</sup> Indien die tweede weg gevolg word,<sup>83</sup> vorm normatiewiteit, heteronomie en geregtigheid die basiese begrippe.<sup>84</sup> Dit is begrippe wat nie maklik met die eksistensialisme in verband gebring kan word nie.

12 4 Die eksistensialisme is nie ’n moderne verskynsel nie, want Augustinus was eksistensiële-filosoof tydens die krisis van die verbroekeling van die Romeinse Ryk en Pascal, een van die voorlopers van die moderne Franse eksistensiële-filosofie, het geleef in die tyd van die dertigjarige oorlog.<sup>85</sup>

12 5 Die geestelike krisis waarin die humanisme beland het, blyk uit die verhaal van Sisyphus. Sisyphus is ’n karakter uit die Griekse mitologie wat gedoem was om ’n groot rots teen ’n heuwel op te rol. Elke keer, naby die bo-punt, het die rots egter weer terug begin rol na onder.

“Sisyphus is our contemporary who is beset by the meaninglessness and absurdity of life. He strives for the ideal, but without hope, and alone. His question is not that of finding the highest meaning, but whether life has any meaning at all. He keeps struggling but amid his repeated frustrations, cries out: ‘What is it all for?’”<sup>86</sup>

12 6 *Die eksistensialisme en die natuurreg* Maihofer wys daarop dat die mens alleen buite sy “eie ek” in sy ontmoeting met die “ek” van die ander individu homself verwesenlik. Die ontmoeting met die ander voltrek homself in die liefde waarin die mens sy “ek” aan die “jy” van die ander oorgee en also sy “ek” in die “jy” van die ander vind, en so ’n ontmoeting voltrek homself uiteindelik in

79 Esterhuysen *Friedrich Wilhelm Nietzsche: Filosoof met ’n Hamer* (1975) 4.

80 Esterhuysen 25.

81 Schilling *God in an Age of Atheism* (1969) 65.

82 7 *supra*.

83 7 *supra*.

84 Van der Ven 56.

85 Maihofer *Natuurrecht oder Rechtspositivismus?* (1966) 144.

86 Schilling 14–15.

die reg. Die kern van die reg is die “ek-jy”-verhouding.<sup>87</sup> Die eksistensiefilosofie stel die kriterium waardeur die wese van die reg begryp kan word. In die middelpunt van die reg staan die mens.<sup>88</sup> Die vryheid van besluitneming is die voorvereiste vir eksistensie. Wie egter vry is om te besluit, is ook verantwoordelik vir die besluit. Vryheid van besluit en verantwoordelikheid is begrippe wat nie net lei na die eksistensiefilosofie nie, maar ook na die regsfilosofie.<sup>89</sup> Die reg wil met sy norme die besluitneming beïnvloed. Die reg begrens die gebied van die vryheid en verantwoordelikheid. Die voorafgaande is ’n poging om ’n brug te vind tussen die Christelike eksistensiefilosofie en die regsfilosofie, gesien vanuit die oogpunt van die Christelike eksistensiefilosofie.

Die taak is nou om vanuit die oogpunt van die regsfilosofie die weg na die eksistensialisme te vind. Die krisis in die regsdenke wat ons beleef, is deel van die krisis van die waardebepalings van ons tyd. Word die hoogste waardes bevraagteken, is die reg ook nie meer seker nie.<sup>90</sup> Dis die grootste strewe van die regsfilosofie van ons tyd om terug te keer na absolute maatstawwe.<sup>91</sup> Die reg vereis van mense dat hulle in al hul verhoudinge erkenning verleen aan die regspersoonlikheid van andere. Die natuurreg staan agter die positiewe reg en deurlig en voltrek dit.<sup>92</sup>

Dit is duidelik dat Maihofer, op eg Hegeliaanse wyse, poog om ’n sintese te vind tussen die twee weë waarlangs oorbrugging van die kloof tussen die eksistensialisme en die reg gesoek word. Weens die aard van die eksistensialisme moet hierdie poging van Maihofer bevraagteken word.<sup>93</sup>

12.7 *Eksistensialisme en die ordeningsfunksie van die reg* Dit is al by geleentheid gestel dat “without order, there is no living in public society, because the want thereof is the mother of confusion.”<sup>94</sup> Die reg, as die ordenende faktor in die samelewing, is onder andere verdeel in die publiekreg en die privaatrek. Twee belangrike afdelings is die strafreg en deliktereg. Die wederregtelikheidsvereiste speel ’n belangrike rol by die beregting van misdade en delikte. Die relativiteit van die eksistensialisme kanselleer hierdie element by die misdaad en die delik.<sup>95</sup> Die toepassing van die reg is haas ondenkbaar sonder interpretasie of uitleg van wette. Die eksistensialisme, soos aangedui deur Cohn, toon ook hier sy negatiewe invloed.<sup>96</sup>

---

87 Maihofer 146.

88 Maihofer 147.

89 Maihofer 148.

90 Maihofer 152.

91 Maihofer 153.

92 Maihofer 157.

93 Stone, J: *Human Law and Human Justice* (1968) 204: “When, therefore, existentialists purport to develop natural law conceptions (as does Werner Maihofer . . .) the explanation is likely to lie either in an abandonment of existentialist positions, or in a loose understanding of the term ‘natural law’, or both” en op 207: “Clearly the result is not natural law in the traditional sense, for it reduces natural law finally to a critique of positive law in terms of justice rather than insists that positive law derives from it through natural justice its standing as law.”

94 Kirk *The Roots of American Order* (1978) 6.

95 Van der Westhuizen 224 e.v.

96 Van der Ven 23.

12 8 In die lig van die voorafgaande kan daar gekonkludeer word dat die eksistensialisme tans nie van veel nut vir die regs wetenskap en die regs filosofie is nie.<sup>97</sup>

“Het is duidelijk dat het existentialisme een uitbouw op het gebied van die rechts filosofie al evenmin begunstigt als de analytische filosofie, zij het om die precies omgekeerde reden.”<sup>98</sup>

Eksistensialisme het as beweging reeds momentum verloor.<sup>99</sup>

12 9 Die spook van Plato en Aristoteles loop nog by baie eksistensiële denkers en dit is reeds hierin waar die tekortkominge van die eksistensialisme gesoek moet word. Spengler verwys na die Griekse klassieke kultuur as “the Apollinian.”<sup>100</sup> Hierteenoor noem hy die Westerse kultuur “the Faustian.”<sup>101</sup>

Die verskil in die algemeen gesproke, tussen die twee kulture, blyk uit die volgende:

“Apollinian man did not want to observe the broad universe, and the philosophical systems are one and all silent about it. They know only problems concerned with tangible and actual things, and have never anything positive or significant to say about what is between ‘things’.”<sup>102</sup>

Vir die Westerse kultuur “for one and all, the beginning of moral is a claim to general and permanent validity.”<sup>103</sup>

Dit is ’n fout om die Griekse wysbegeerte net so op die Westerse kultuur oor te plant.<sup>104</sup> Toe Nietzsche, en in navolging van hom, Sartre, Platonisme verwerp het, het absolute waardes verdwyn. Bewus of onbewus daarvan het vir die eksistensiële denkers net Aristoteles oorgebly. Die effek van die beklemtoning van die individuele dinge vir sover dit die reg betref, blyk uit die volgende:

“Classical law . . . is law of the day and even the moment; it was in its very idea occasional legislation for particular cases, and when the case was settled, it ceased to be law.”<sup>105</sup>

Die invloed van die Klassieke reg blyk uit Gits, Maihofer en Hommes se pogings om die kloof tussen die eksistensialisme en die reg te oorbrug.

Die aard van die Klassieke reg bots lynreg met dié van ons Westerse reg:

“All Western law bears the stamp of the future, all Classical the stamp of the moment.”<sup>106</sup>

Alhoewel dit gevaarlik is om die Griekse denke netso op die Westerse kultuur oor te plant, kan dit tog nuttig wees. Plato en Aristoteles moet nie in afsondering van mekaar gesien word nie. Val die klem te veel op Plato, dan lei dit tot ’n oortuiging dat die liggaam ’n gevangenis vir die siel is en dat die siel verlang om uit die liggaam bevry te word.<sup>107</sup> Die ander uiterste is dat die liggaam weer ten koste van die siel beklemtoon word. Daar moet ’n gesonde balans wees – die mens is tog immers liggaam en siel.

97 Friedman *Legal Theory* (1967) 199.

98 Langemeijer *Inleiding tot de studie van die wijsbegeerte des rechts* (1973) 174.

99 Charlesworth *The Existentialists and Jean-Paul Sartre* (1976) 1.

100 Spengler *The Decline of the West I* (1980) 183.

101 Spengler I 183.

102 Spengler I 330.

103 Spengler I 331.

104 Spengler I 341.

105 Spengler I 345.

106 Spengler II 63.

107 Dreyer *Die Wysbegeerte van die Grieke* (1976) 103.

# AANTEKENINGE

## BEHOORT DIERE AS REGSUBJEKTE ERKEN TE WORD?

### 1 Inleiding

Die interessante pleidooi dat diere in die Suid-Afrikaanse reg as regsobjekte erken behoort te word, word deur Karstaedt in 'n artikel "Vivisection and the Law" (1982 *THRHR* 349 359) gemaak. Sy argument kom kortliks op die volgende neer:

- Die onderskeid wat in die Suid-Afrikaanse reg tussen mense (as regsobjekte) en diere (as regsobjekte) gemaak word, is bloot 'n klasse-onderskeid "unjustifiable by reason and kept in place by the superstition and self-interest of those who . . . [are] on the privileged side of it" (359, met verwysing na 'n standpunt van Brophy).
- Dit is moontlik dat regsobjektiwiteit van regsweë aan enige entiteit wat 'n behoefte daaraan het, toegeken kan word mits die behoefte privaatregtelik beskermingswaardig is (361, met verwysing na 'n standpunt van Van Zyl).
- Regsobjektiwiteit word in ooreenstemming met die gemeenskapsopvatting toegeken. "[W]e will probably not fully appreciate the insufficiency of our legal conceptions concerning animals as long as our non-legal views about them remain unaltered" (364).

Alhoewel daar geen fout te vind is met Karstaedt se argument dat diere nie voldoende deur ons reg beskerm word nie, is die oplossing van die probleem myns insiens in die verbetering van die Dierebeskermingswet 71 van 1962 geleë. Karstaedt (351) noem tereg dat die maatstaf wat tans bestaan die erkenning van die gemeenskap se afkeer van dieremishandeling is. Soos wat natuurbewaring en die beskerming van kultuurskatte die beskerming van regsobjekte in belang van die gemeenskap ten doel stel, so is maatreëls om die eksperimentele gebruik van diere tot die minimum te beperk of (indien moontlik) heeltemal uit te skakel, myns insiens maatreëls wat primêr ten behoeve van die gemeenskap ingestel is. Karstaedt (363) lewer egter 'n pleidooi dat daar geen rede bestaan waarom diere, weens die behoefte wat hulle daartoe het, nie die draers van regte met beskermingswaardige belange ("interests") behoort te wees nie. Dit lei dan tot sy gevolgtrekking dat diere as regsobjekte erken behoort te word.

### Gemeenskapsopvatting

Dat die gemeenskapsopvatting van deurslaggewende belang by die toekenning van regsobjektiwiteit is, wil ek Karstaedt gelyk gee. So is regsobjektiwiteit byvoorbeeld aan Romeinse slawe ontsê aangesien slawe volgens die gemeenskapsopvatting geen beskermingswaardige regte gehad het nie. Dit is egter 'n ope vraag of Romeinse slawe inderdaad geen beskermingswaardige regte gehad het nie. Vir my lyk dit waarskynliker dat die Romeine by die ontkenning van hulle slawe se regsobjektiwiteit nie met alle werklikheidsfaktore rekening gehou

het nie. Die Romeine het byvoorbeeld nie vasgestel of die slawe 'n behoefte aan beskermingswaardige regte gehad het nie. Die slawe het (hoewel die Romeine dit ontken het) tog deel van hulle gemeenskap gevorm en sekere erkende regte uitgeoefen. Hoewel alle lede van 'n gemeenskap nie met bestaande regsreëls hoef saam te stem nie, behoort die regsreëls tot ordening van die hele samelewing te dien. Die ontkenning van die regsobjektiwiteit van slawe kon beslis nie vir die slawe samelewingsordenend en regsbeskermend wees nie (vgl Pienaar *Die Gemeenregtelike Regspersoon in die Suid-Afrikaanse Privaatreg* (1982) 139-140).

Kan daar nou na analogie van die bogemelde argument aangevoer word dat diere ook op beskermingswaardige regte (en gevolglik op regsobjektiwiteit) aanspraak kan maak? Die vraag of diere tot 'n bepaalde gemeenskap behoort, kan myns insiens slegs aan die hand van 'n bepaalde prioritiese siening of geloofsuitgangspunt beantwoord word.

### 3 Geloofsuitgangspunt

Hoewel regsobjektiwiteit 'n juridiese begrip is wat vir die oogmerke van die reg aangewend moet word, kan 'n mens se siening hiervan nooit van sy geloofs-oortuiging losgemaak word nie. Die reg fungeer nou eenmaal nie afsonderlik nie, maar moet steeds met ander werklikheidsbeginsels rekening hou. Dooyeweerd ("Grondproblemen in de Leer der Rechtspersoonlijkheid" 1937 *Themis* 219) beklemtoon hoofsaaklik die belang van die sogenaamde substraatkringe (wetskringe, wat as onderbou vir die juridiese wetskring dien) by die vorming van 'n regsbegrip, terwyl die sogenaamde superstraatkringe (die etiese en pistiese wetskringe) net van belang is by die regsïdee (dit wil sê vir die meer volmaakte, ideële reg). Van der Vyver (*Inleiding tot die Regswetenskap* (1982) 109 142-144) beaam dat dit nie noodsaaklik is om by regsvorming met die superstraatkringe rekening te hou nie. Aangesien die juridiese superstraatkringe egter beslag gee aan die regsïdee, behoort etiese en pistiese norme wel by regsvorming 'n rol te speel (sien ook Hommes *Samengestelde Grondbegrippen* (1976) 113-114 en Stoker *Die Aard en die Rol van die Reg* (1970) 13 16). Die invloed van die betrokke mens se geloofsoortuiging kan ook na my mening nooit buite rekening gelaat word waar dit op begripsvorming oor regsobjektiwiteit aankom nie. Elke mens het 'n bepaalde geloofsoortuiging. Om byvoorbeeld 'n ateïs te wees, is die openbaring van 'n bepaalde geloofsuitgangspunt.

In hierdie verband is dit dan ook opvallend dat Van Zyl (op wie se standpunt Karstaedt (verkeerdelik) steun vir sy aanname dat diere se belange beskermingswaardig is) uitdruklik stel:

"In 'n moderne samelewing is slegs die mens en die gemeenskap [bedoelende mense-groepe] sulke entiteite. Om hierdie rede sou 'n 'wet' wat aan dinge soos Tafelberg en die Vaalrivier sogenaamde regspersoonlikheid verleen, oneffektief wees, omdat dit nie 'n regsbeginself (dit is, 'n beginsel van gemeenskapsordening en vergelding) sou bevat nie" (*Inleiding tot die Regswetenskap* (1982) 399.)

Van Zyl se argument is duidelik op sy geloofsuitgangspunt, naamlik dat net mense of mensegroepe tot die gemeenskap behoort (en gevolglik regsobjekte kan wees) gebaseer.

Karstaedt steun in sy strewing na die erkenning van diere as regsobjekte op die uitgangspunt van Brophy:

"[T]he high barrier we have put up between human species and all the rest of the animal species . . . [is] essentially a class barrier, unjustifiable by reason and kept in place by the

superstition and self-interest of those who . . . [are] on the privileged side of it" ("The Darwinist's Dilemma" in Paterson and Ryder (eds) *Animals' Rights – a Symposium* (1979) 63).

Dit is eweneens op 'n bepaalde geloofsuitgangspunt gegrond.

#### 4 Humanistiese benadering

Wanneer die vraagstuk na die verlening van regsobjektiwiteit aan diere onder die loep geneem word, is daar ook ander geloofsuitgangspunte in die Suid-Afrikaanse samelewing wat oorweeg moet word. Hoewel ek nie in alle opsigte daarmee saamstem nie, wil ek die aandag op die humanistiese standpunt van navolgers van Kant vestig. Kant (*Die Metaphysik der Sitten* bd1(1797) 10 e v) beklemtoon die feit dat die mens vanselfsprekend (van nature) regsobjek is omdat die mens 'n sedelike wese is. Hierdie eienskap word nie deur die positiewe reg aan die mens verleen nie maar die positiewe reg erken daarmee net 'n natuurlike gegewe. Die mens is gevolglik, op grond van hierdie sedelikheid, die enigste entiteit wat as regsobjek erken kan word.

Die siening van Kant vorm die grondslag van Von Savigny se fiksieteorie, wat inhou dat die mens as sedelike wese alleen in individuele hoedanigheid op regsobjektiwiteit aanspraak kan maak. Von Savigny voer die argument só ver dat die regsobjektiwiteit van 'n regspersoon volgens hom op 'n fiksie berus. Hy verklaar:

"Alles Recht ist vorhanden um der Sittlichen, jedem einzelnen Menschen inwohnenden Freiheit willen. Darum muss der ursprüngliche Begriff der Person oder des Rechtssubjekts zusammenfallen mit dem begriff des Menschen, und diese ursprüngliche Identität beider Begriffe lässt sich in folgender Formel ausdrücken: jeder einzelne Mensch, und nur der einzelne Mensch, ist rechtsfähig" (Von Savigny *System des heutigen römischen Rechts* bd 2 (1840) 2).

Ek het probleme met hierdie juriste se standpunt dat slegs die individuele mens *werklik* op regsobjektiwiteit aanspraak kan maak en dat die regsobjektiwiteit van regspersone gevolglik op 'n fiksie berus. Daar skyn van regsweë geen beswaar te wees om ook die regsobjektiwiteit van mensegroepe as 'n werklikheid te erken nie (*Dadoo Ltd v Krugersdorp Municipal Council* 1920 AD 530 550; *Morrison v Standard Building Society* 1932 AD 229; sien ook Pienaar 63–64 126–133). Maar dit beklemtoon weer eens die feit dat slegs *mense* (individueel of in groepsverband) regsobjekte kan wees.

#### 5 Skriftuurlike benadering

Ek wil my by die ontleding van regsobjektiwiteit met 'n skriftuurlike (Bybelse) benadering vereenselwig. In die lig van die standpunt dat enige juris se geloofsuitgangspunt 'n rol by sy vertolking van regsbegrippe speel (sien 3 hierbo), het die Christen-juris die verpligting om regsbegrippe (en die gepositiveerde reg) vanuit 'n Christelike vertrekpunt te benader.

Wanneer die regsobjektiwiteit van die natuurlike persoon ontleed word, kom die vraag eerstens na vore *waarom* die natuurlike persoon as regsobjek optree. Vir 'n Christen kan daar maar een antwoord hierop wees: vanweë die feit dat die *mense* die kroon van die skepping is, na die ewebeeld van God geskape is en, hoewel self 'n skepsel, deur God oor die hele skepping gestel is om dit te bewerk en te bewaak, tree die mens as subjek in die totale geskape werklikheid

op (Génesis 1: 26–28; Génesis 2: 15 en Psalm 8: 6–9). Die feit dat die mens beeldraer van God is, bepaal volgens Stoker (14–15) sy status:

“Dit alles veronderstel en getuig daarvan dat hy [die mens] ’n stand, ’n status in die kosmos beklee wat by stof, plant en dier ontbreek, en wel ’n status met bepaalde funksies, ’n status vir bepaalde doeleindes. Sy mens-wees, sy persoon-wees veronderstel sy stand in die kosmos en vice versa.”

Die mens is deur God as subjek in die skepping geplaas en daarop is die mens ook in die regsverkeer — wat nie van die totale geskape werklikheid losgemaak kan word nie — volgens die skeppingsopdrag (wat ook ’n opdrag tot ordening is) draer van regte en verpligtinge. Die regte en verpligtinge spruit voort uit die feit dat God die mens met ’n besondere amp en opdrag in die skepping geplaas het, naamlik dat die mens as koningskind sekere regte het, maar as dienskneg van God sekere verpligtinge het (Stoker 15; Du Plessis “Menseregte en konflik-situasies” 1979 *Koers* 339). Enige regstelsel wat nie hierdie Godgegewe regs-subjektiviteit van die mens erken nie, ontken ’n skeppingsgegewe. Vir ’n Christen kan die regs-subjektiviteit van die mens derhalwe nie ’n hoedanigheid wees wat deur die positiewe reg verleen word nie want die positiewe reg erken daarmee slegs ’n skeppingsgegewe. Sou ’n regstelsel hierdie Godgegewe regs-subjektiviteit van die mens ontken, is dit egter nie noodwendig skynreg nie (dit kan onder bepaalde omstandighede wel skynreg wees), maar vir ’n Christen is dit onware reg omdat dit nie met sy geloofsuitgangspunt strook nie. Van Zyl (400) verduidelik die onderskeid tussen skynreg en onware reg met die volgende voorbeeld:

“So is afgodediens *egte* godsdiens (dit is nie ekonomie of kuns nie; dit is iets wat tot die geloofswetskring tuishoort), maar dit is *onware* godsdiens (omdat die ware God nie aanbid word nie).”

Uit hoofde van die Godgegewe status van die mens het hy die vermoë om as subjek in die regsverkeer op te tree — hieraan ontleen hy dus sy kompetensies. Alle mense is draers van kompetensies, maar nie in dieselfde mate nie. By sommige mense (soos byvoorbeeld kranksinniges en *infantes*) word hulle kompetensies in ’n mindere of ’n meerdere mate beperk. Die blote feit dat ’n mens draer van kompetensies is, hou nie in dat hy draer van alle bestaande kompetensies hoef te wees nie. Dit staan egter vas dat alle mense draers van kompetensies is weens die status wat die mens (en die mens alleen) in die geskape werklikheid beklee.

Tog is daar verskeie regstelsels wat regs-subjektiviteit aan ander entiteite as mense verleen. In die Ooste is regs-subjektiviteit al aan plante toegeken en volgens Hindoereg word afgode met regs-subjektiviteit beklee. In die Germaanse reg en die reg van verskeie inheemse Swart volke fungeer ’n oorledene as subjek en hieruit het verskeie juriste die afleiding gemaak dat die regsvormer oënskynlik aan enige entiteit regs-subjektiviteit kan verleen.

Die regsvormer *kan* wel aan ander entiteite as die mens regs-subjektiviteit verleen sonder dat dit noodwendig skynreg is, maar dan hou die regsvormer nie met die skeppingsgegewe rekening nie. Hierbo is aangevoer dat regs-subjektiviteit kragtens skriftuurlike beginsels aan alle mense toekom. Kragtens dieselfde skriftuurlike beginsels kan ook niks anders as die mens met subjektiviteit beklee word nie. Die skeppingsopdrag, wat ’n opdrag tot ordening is, het aan die mens die taak om die skepping te bewerk en te bewaak opgelê. Derhalwe is die skepping (stof, plant en dier) kragtens die ordeningsopdrag as objekte aan die mens onderworpe gestel. Ook die regswerklikheid maak deel van die geskape werklikheid

uit. Om enige ander entiteit as die mens tot regsobjek te verhef, is om afbreuk aan die mens as beelddraer van God te doen asook om die skeppingsopdrag te negeer (Van Nispen tot Sevenaer "Het Wezen der Rechtspersoon" 1934 *Themis* 365).

Die mens tree egter nie net in individuele hoedanigheid as regsobjek in die regsverkeer op nie, maar ook in groepverband. Regsobjektiwiteit kom derhalwe alleen die mens (individueel of in groepverband) toe en dit is nie met 'n Christelike standpunt versoenbaar om regsobjektiwiteit aan 'n ander entiteit as die mens (individueel of in groepverband) te verleen nie. Ingevolge die skeppingsopdrag rus daar die verpligting op die mens om stof, plant en dier (as regsobjekte) na behore te beheer(s). Die verlening van regsobjektiwiteit is dus nie 'n voorvereiste vir die beskerming van diere (se "belange") nie. Dit kan eerder deur die verbetering van bestaande wetgewing geskied.

GERRIT PIENAAR

*Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys*

## MR JUSTICE COETZEE AND THE ANTON PILLER ORDER

The life and times of the South African *Anton Piller* order have been short and inglorious. What once appeared to be a star in the ascendant is about to disappear over the horizon with an indistinct plop unless an enterprising judge takes strong action in the near future.

The history of the *Anton Piller* order has been told many times; see for example, *Cerebos Food Corporation Ltd v Diverse Foods SA (Pty) Ltd* (1984 4 SA 149 (T) 159 *et seq.*). The basic idea of the order is to enable the plaintiff to discover evidence in the possession of the defendant and preserve it for trial; it therefore has certain similarities to a search warrant but the English courts have stressed that the consent of the defendant is of the essence of the order and this is what is compelled. (See *Anton Piller KG v Manufacturing Processes Ltd* 1976 Ch 55 (CA) 60C-D.) A large number of these orders were granted in South African courts from 1976 onwards and Erasmus has comprehensively summarised the practice in his article "*Anton Piller* Orders in South African Practice" (1984 *SALJ* 324).

Erasmus's conclusion is essentially that such orders have served a useful purpose, although they should be strictly controlled in order to achieve that aim without injustice. At about the same time, however, Mr Justice Coetzee delivered a scathing attack on the entire *Anton Piller* procedure in South African law in the case of *Economic Data Processing (Pty) Ltd v Pentreath* (1984 2 SA 605 (W)). Although unable to deal fully with this case, Erasmus commented that:

"It would, with respect, be a matter of regret if the effect of this judgment were to be that the baby is thrown out with the bathwater (345)."

If there were any doubt that Coetzee J had intended not only that the baby be thrown out, but hanged, drawn and quartered as well, this was removed by his subsequent decision in *Trade Fairs and Promotions (Pty) Ltd v Thomson* 1984 4 SA 149 (W), but more about that later. It is interesting to note that in spite of this attitude, *Anton Piller* orders did not cease, even in the Witwatersrand

local division, for such an order was assumed to be competent by Conradie AJ in *Petre & Madco (Pty) Ltd t/a T-Chem v Sanderson-Kasner* (1984 3 SA 834 (W)). More importantly, however, the judge highlighted the need for such a remedy:

“Here, then, was a situation which cried out for relief. It seems unlikely, in view of the disputes of fact falsely raised by the first respondent on the papers, that the applicant would have succeeded in putting an end to the first and second respondents’ unlawful conduct had it not been for the order authorising them to enter the second respondent’s premises and inspect documents and goods believed to belong to the applicant” (854D-E).

The *T-Chem* case is an example of the most shocking abuses on the part of both applicant and respondents; the first respondent had left the employ of the applicant and taken with him a good part of the applicant’s business, including the switchboard and telephone lines. On the other hand, the applicant had abused the *Anton Piller* order he had obtained by extending its limits far beyond its intended ambit (856-857); as a measure of disapproval, the judge discharged the *Anton Piller* order (857F). However, the point is this: abuses of an *Anton Piller* order can be controlled by the exercise of caution in granting them and the strict enforcement of safeguards; it is submitted that the court was correct in discharging it because of abuse (although the basic damage had already been done). On the other hand, abuses of position such as that engaged in by the first respondent can, as the judge pointed out, be averted only if a remedy such as the *Anton Piller* order is available. While this is true in the restraint-of-trade cases, it is even more relevant to immaterial property cases where it would be possible for a defendant to evade a plaintiff almost indefinitely if he had notice of an action pending against him.

### The decision in *Cerebos Foods*

An *Anton Piller* order was also sought in the *Cerebos Foods* case *supra*, but Stegmann AJ, sitting alone in the Witwatersrand local division, referred the matter to the full bench in order to resolve the conflict between different views which had been propounded. Alas, it seems the matter was fated to remain in a state of flux for the papers, instead of being referred to the full bench of the Witwatersrand local division, were happily dispatched to the Transvaal provincial division. There they received the consideration of the full bench, the result being the lengthy and extensive judgment which has been reported in this case. Van Dijkhorst J, giving the judgment of the court, held unequivocally that no relief equivalent to an *Anton Piller* order existed in South African law (173F); the only remedy available to a plaintiff in such circumstances is the attachment of property in which he has an interest (173E). This interest apparently has to take the form of a real or personal right in the thing attached (164D-F).

It is clear beyond doubt that the rules of the supreme court do not provide for any procedure similar to an *Anton Piller* order and the only basis on which its existence can be justified in South African law is the supreme court’s inherent jurisdiction. This aspect was canvassed in the *Cerebos Foods* case (at 171) and reference was made to the *locus classicus*, *Ex parte Millsite Investment Co (Pty) Ltd* (1965 2 SA 582 (T)). The so-called “reservoir of power” mentioned in that case was interpreted by the court as referring only to the enforcement of rights which already exist at common law (173C-D).

The role of the courts in such situations was stated as follows:

“In South Africa judges do not have the power to create new law where a solution is not provided by the existing law” (163H)

and:

“The Supreme Court is entrusted with the power to enforce the law of the land. This entails doing justice between man and man and the State. Not in the sense of equity which the English Courts of Chancery apply. Not as some vague concept to be interpreted by each according to his background and the political and religious beliefs of the day. But justice administered by protecting and enforcing the substantive rights of the individual and the laws enacted for the common weal.

It follows that the court engaged in its task of enforcing rights must grant a remedy where a right exists. The obverse is also true. Where there is no right the court has no function. Moreover, the court cannot override a right, where no stronger right exists. It cannot usurp the function of Parliament and become law-maker, attractive as that course may be” (171I-172B).

Assuming this to be a correct statement of the position, one must place oneself in the position of the *Anton Piller* plaintiff. He has a right to protect; a right enshrined in a restraint-of-trade agreement or a right to prevent unauthorised distribution or copying of his work, and that is why he comes to court. Furthermore, he states that he will not be able to prove the infringement of his right unless he is able to surprise the defendant in his possession of incriminating evidence, so he approaches the court for an *effective* remedy. The defendant also claims that he has a right; a right to privacy. This is not, however, a case of two equal and opposing rights; the defendant is abusing his right of privacy in order to conceal an infringement of the rights of plaintiff. The question to be asked, therefore, is whether the courts are prepared to sanction this abuse of rights. Or does justice require that the most effective protection possible be given to safeguard the rights of the party who is not infringing the rights of another? If the latter is not the case, the plaintiff, in many cases, would not even bother to approach the courts, who would then evade the issue and allow the defendant to continue his practices.

There is another way of approaching the problem. The defendant is carrying on with his operations, secure in his knowledge that the plaintiff has no remedy; he knows that if action is to be taken against him he will have to be given notice and a considerable time will elapse before he is required to make discovery. Furthermore, he can, as happened in the *T-Chem* case, throw up a smokescreen of disputed facts to prevent any matter being decided by way of application. It is therefore possible for the wily defendant to have disposed of any incriminating evidence long before he will be required to produce it. By allowing this to happen, the court is in fact sanctioning an abuse of its procedures. It is my submission that the inherent jurisdiction of the court certainly extends to a remedy preventing abuse of court procedure (see my article, “The Mareva Injunction and South African Law” 1984 *MBL*) and it seems that the court is obliged to put a stop to this sort of activity by defendants.

The problem arises because the rules of court were not designed to cope with the present commercial situation and, wherever possible, a flexible approach should be adopted to ensure justice. The English courts have done this, and have been confirmed in some respects by the legislature (e.g. in the Supreme Court Act of 1981). If the South African courts are going to wait for the legislature or, as suggested by Coetzee J, the South African Law Commission (*Pentreath* at 617D-E) a great deal of unnecessary injustice will be done in the meantime.

The final outcome of the full bench decision was that the only element of *Anton Piller* orders which was approved by the court was the attachment of property in which a real or personal right was claimed, which remedy has long been available (164D-E). Furthermore, it was held that the applicant's attorney should not be permitted to accompany the deputy sheriff when making the attachment (174D-G) and that such an application should only be made in conjunction with a substantive application for relief. The "noxious weed" thus pruned would therefore, be of little assistance to plaintiffs in the type of action which ordinarily invites an *Anton Piller* order.

## The Trade Fairs case

### a *Referral to the full bench*

This was not, however, to be the demise of the *Anton Piller* order even in the Transvaal, for it turned out that the case should never have been heard by the Transvaal provincial division at all; according to Coetzee J it should have been referred to the full bench of the Witwatersrand Local Division (in terms of s 13(1)(b) of the Supreme Court Act 59 of 1959). This point was raised *mero motu* by the Court in *Trade Fairs and Promotions (Pty) Ltd v Thomson* 1984 4 SA 177 (W), which had been waiting for the decision in the *Cerebos Foods* case in order to finalise the matter.

It is submitted that the situation is not entirely free from doubt. Although section 13(1)(b) of the Supreme Court Act permits a single judge of a division to refer the matter to the full court of that division, the local divisions are in a somewhat peculiar position. No judges are assigned to local divisions; judges assigned to the provincial division with concurrent jurisdiction in terms of section 3(2) *preside over* the court in the local division (s 3(4)). Furthermore, if a single judge refers the matter to a full court, it must be to a court constituted in terms of section 13(1)(a) by the judge president or, in his absence, the senior available judge. The Witwatersrand local division does not have a judge-president (see *Trade Fairs* 181); it would therefore appear to be arguable at least that Stegmann AJ was a judge of the Transvaal provincial division (who merely happened to be presiding in the WLD) and that it was correct to refer the matter to the full bench of that division. It seems that the problem will be resolved only when the Witwatersrand local division is ultimately elevated to the status of a provincial division, which is clearly the feeling of Coetzee J (*Trade Fairs* 181I).

On the return day the matter happened to come before Coetzee J, who had previously (in *Pentreath's* case) shown himself to be diametrically opposed to the granting of *Anton Piller* orders by South African courts. The *Trade Fairs* case, with respect, appears to be not only an all-out attack on *Anton Piller* orders, but also on academics in general and certain academics in particular, as well as on certain pronouncements by the Transvaal full bench.

### b *The precedent question*

It commenced with a discussion on whether or not the judgment in the *Cerebos Foods* case, given as it was *per incuriam*, should constitute a binding precedent. The court held: "Nullity is a relative concept. What is null for one purpose is not necessarily null for another" (185H). Although the judgment was legally a nullity (183D), and not even sufficient to ground a plea of *res judicata*, Coetzee J

b Indien M en P, 'n kinderlose egpaar, twee kinders aanneem wat bloedeie broer en suster is, sal B van A kan erf indien A intestaat sou sterf.

Skematies kan die geval soos volg voorgestel word:



Alhoewel alle bande tussen A en B op grond van hulle bloedverwantskap deur middel van hulle gemeenskaplike ouer C, verbreek word, word hulle ingevolge artikel 20(2) beskou asof hulle gebore is uit 'n wettige huwelik tussen M en P en kan hulle dus oor en weer van mekaar erf. As gevolg van hulle daadwerklike bloedverwantskap bly hulle egter onbevoeg om met mekaar in die huwelik te tree (sien Joubert 1983 *De Jure* 334).

### 3 Die Wysiging ten opsigte van die Intestate Erfregtelike Posisie van die Aangenome Kind het die volgende Implikasies vir die Erfopvolgingswet 13 van 1934

Die Erfopvolgingswet handel oor die bevoegdheid van die langselewende eggenoot of eggenote om intestaat te erf van die eerssterwende. In artikel 1(2) van die wet word soos volg bepaal:

“(2) Vir die toepassing van hierdie Wet is enige verwantskap by aanneming kragtens die bepalings van die Aanneming van die Kinderen Wet, 1923, gelykwaardig met bloedverwantskap.” (Die Aanneming van Kinderen Wet is, soos reeds aangetoon, herroep en Wet 74 van 1983 sal na die inwerkingtrede daarvan die toepaslike wet wees.)

Artikel 1(2) bepaal nie dat 'n aangenome kind 'n bloedverwant is nie maar dat verwantskap deur aanneming gelykwaardig aan bloedverwantskap is vir doeleindes van die toepassing van die Erfopvolgingswet. Daar word dus weer eens met 'n fiksie gewerk, naamlik dat die aangenome kind vir doeleindes van interpretasie van die Erfopvolgingswet beskou moet word asof hy uit 'n wettige huwelik gebore is. Artikel 1(1) van die Erfopvolgingswet bepaal nie wie die erfname is nie; dit bepaal slegs wat die langselewende eggenoot of eggenote gaan erf indien daar bevoegde erfgename is. So verwys artikel 1(1)(a) en 1(1)(b) na die erflater se afstammeling wat geregtig is om *ab intestato* te erf en artikel 1(1)(c) na 'n ouer of 'n broer of suster (hetsy van die volle of halwe bloed) wat geregtig is om te *ab intestato* te erf.


As daar dus vasgestel moet word of 'n afstammeling, ouer, broer of suster bevoeg is om te erf, moet gekyk word na die Politieke Ordonnansie van 1580, Interpretasie van 1594 en Oktrooi van 1661 en ook na die gemeenregtelike en statutêre bepalings ten opsigte van die onbevoegdheid van persone om te erf.

Indien daar vasgestel moet word of 'n aangenome kind bevoeg is om intestaat te erf, sal in die toekoms gekyk moet word na die bepalings van artikel 20 van Wet 74 van 1983. Die vervanging van artikel 74(2)(b) van die Kinderwet bring mee dat kragtens artikel 1(1)(c) van die Erfopvolgingswet die aangenome kind nou 'n bevoegde erfgenaam kan wees aangesien die aangenome kind sal kan erf van sy aannemende ouer se bloedverwante. (Die aangenome kind was ingevolge artikel 74(2) 'n bevoegde erfgenaam vir doeleindes van artikel 1(1)(a) en 1(1)(b) van die Erfopvolgingswet en die posisie — wat oor afstammeling van die erflater handel — is in dié verband onveranderd gelaat.)

Dit blyk met ander woorde dat, indien die erflater intestaat sterf, en oorleef word deur 'n langsewende eggenoot en nie afstammeling nie maar 'n aangename broer of suster wat bevoeg is om te erf, die bepaling van artikel 1(1)(c) in werking tree ten einde die langsewende eggenoot of eggenote se intestate erfdeel te bepaal.

Skematies kan die geval soos volg voorgestel word:

E sterf intestaat en word oorleef deur sy eggenote V, 'n aangename broer A en vooroorlede broer se seun B.



A kan erf van sy aannemende ouers en ook van hulle bloedverwante (vergelyk *supra*). E word wel oorleef deur 'n langsewende eggenote en bevoegde aangename broer en die bepaling van artikel 1(1)(c) tree dus in werking. Volgens die Kinderwet 33 van 1960 was A onbevoeg om as erfgenaam te kwalifiseer ten spyte van die bepaling van artikel 1(2) van die Erfopvolgingswet. Artikel 1(2) stel nie 'n aangename kind gelyk aan 'n bloedverwant nie, maar bepaal slegs in effek dat 'n verwant deur adopsie wat ingevolge die Wet op Kindersorg bevoeg is om te erf, ook vir doeleindes van die Erfopvolgingswet behandel moet word asof hy 'n bloedverwant is.

Die intestate erfregtelike posisie van die aangename kind sal dus na die inwerkingtreding van die Wet op Kindersorg van 1983 aansienlik verskil van die posisie daarvoor. Die bedoeling van die wetgewer is duidelik: die gesinsbande word met die bestaande familie afgekap en nuwe gesinsbande (nie bloedbande nie) word met die nuwe familie geskep.

#### 4 Die Posisie van die Kind wat voor die Nuwe Wet Aangeneem is

Die vraag wat vervolgens ontstaan, is wat sal die regsbevoegdheid wees van 'n kind wat voor 1983 aangeneem is? Het die nuwe reëling terugwerkende krag of nie? As algemene reël het die nuwe wette nie terugwerkende regsrag nie veral waar dit bestaande regte en verpligtinge aangaan, tensy die teenoorgestelde uit die wet blyk.

Artikel 1(i) en 1(ii) definieër "aangename kind" en "aannemende ouer" onderskeidelik om ook persone betrokke by aanneming onder die ou wette in te sluit.

Dit blyk dus dat die bedoeling waarskynlik is dat vir doeleindes van erfopvolging 'n aangename kind wat voor die inwerkingtreding van die nuwe wet aangeneem is, ook nou kragtens artikel 20(2) die reg gegee word om van die aanneemouer se verwante te erf (vgl artikel 74(2) van die Kinderwet).

Aan die ander kant is dit onwaarskynlik dat 'n kind wat reeds aangeneem is, nou deur die nuwe wet die bevoegdheid ontnem sal word om van sy biotiese ouers en hulle bloedverwante te erf. Indien hy egter na die inwerkingtreding van die nuwe wet aangeneem word, sal die bepalings van artikel 20(1) op hom van toepassing wees soos hierbo verduidelik.

## 5 Testate Erfreg

Wat die testate erfreg betref, behoort daar geen probleme te wees nie aangesien erfopvolging kragtens die wil van die erflater gereël word. Van der Merwe en Rowland (238) skryf dat dit 'n erflater nie alleen vry staan om sy bevoorreedes na willekeur aan te wys nie, maar ook dat daar haas geen perke aan die diversiteit van bepalings is wat 'n testament tot inhoud mag hê nie.

Wat dus van belang is by die interpretasie van 'n testament is om vas te stel of die erflater ook bedoel het om sy aangename kinders te bevoordeel. Spiro (1961 *SALJ* 325) stel dit soos volg:

“South Africa, has subscribed to the principle of liberty of testation. Everything therefore, depends on the contents of a particular will, in other words, on the intention of the testator as expressed in the will.”

In artikel 74(2)(a) van Wet 33 van 1960 was daar egter 'n voorbehoudsbepaling wat vereis het dat 'n aanneemouer se bedoeling dat sy aangename kind 'n voordeel moet ontvang ondubbelsinnig uit die testament of ander akte moet blyk indien die kind aangeneem is nadat die betrokke testament of ander akte verly is (sien die aanhaling hierbo). Dié voorbehoudsbepaling het verval in artikel 20 van die Wet op Kindersorg.

Wat die testate erfreg betref, is dit ook van belang om te weet of die aangename kind as bloedverwant van sy aanneemouer beskou moet word (sien *Cohen v Minister for the Interior* 1942 TPD 151; *Venter v Die Meester* 1971 4 SA 482 (T)). Appèlregter Jansen sê in *Boswell v Van Tonder* 1975 3 SA 29(A) 36 die volgende:

“Wesenlik kom die hoofbepalings daarop neer dat die Wetgewer by wyse van regsifikasie die aangename kind as wettige bloedkind van die aannemende ouer aanmerk . . .”

Dit is van belang om met betrekking tot die tydstip van verlyding van die testament vas te stel wanneer die kind aangeneem is.

Indien 'n testament verly is voor die aanneming en daar is 'n verwysing in die testament na die “kinders” van die erflater, sal geargumenteer kan word dat aangename kinders nie ingeslote is nie (sien artikel 74(2)(a) van die Kinderwet). Die voorbehoudsbepaling in artikel 74(2)(a) word weggelaat in die Wet op Kindersorg en die houe sou testamente wat verly is voor die inwerkingtreding van die nuwe wet moet uitlê om te bepaal of aangename kinders onder die bevoorreedes ingesluit is of nie. Aangesien artikel 20 van die Wet op Kindersorg egter verwys na die aangename kind as 'n wettige kind asof hy gebore is uit 'n geldige huwelik, sal dit, indien die erflater na aanneming van kinders 'n testament verly en verwys na sy kinders of erfgename, aangeneem kan word dat aangename kinders daarby ingesluit sal wees (sien *Boswell v Van Tonder supra* 39B-E; Joubert 1982 *De Jure* 337).

Verdere implikasies van Wet 74 van 1983 is die volgende:

a Tensy die teendeel blyk uit 'n testament sal die aangenome kind as wettige kind dus 'n vooroorlede aanneemvader of -moeder kan representeer.

Artikel 24 van Wet 32 van 1952 bepaal:

“Wanneer volgens die bepalings van die testament van 'n testateur wat na die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet sterwe, 'n vooroorlede kind van daardie testateur op 'n bemaking onder daardie testament geregtig sou geword het as hy die testateur oorlewe het, dan is die wettige afstammeling van daardie kind *per stirpes* geregtig op daardie bemaking tensy die bepalings van die testament 'n daarmee strydige bedoeling aantoon”.

Spiro (1961 *SALJ* 326) verklaar:

“Contrary to succession *ab intestato* there is no bar to be a child adopted under the Act taking a benefit under a will of a relative of the adoptive parent or parents.”

b Spiro (325) verklaar ook dat sover dit die *si sine liberis decesserit*-klousule in 'n testament betref “the [*liberi*] include, it is submitted, children adopted under the Act.”

Indien die erflater dus sy seun aanwys as bevoegde erfgenaam en voorsiening maak vir alternatiewe erfgename indien sy seun sonder kinders sterf, sal 'n *fideicommissum tacitum* vermoed word ten gunste van die aangenome kind. Daar is egter onsekerheid oor die vraag of die verandering terugwerkend sal wees maar weer eens sal die testament uitgelê moet word in die lig van die bedoeling van die erflater.

Die wetgewer se bedoeling blyk duidelik uit die nuwe Wet op Kindersorg. Die ou verhouding tussen die aangenome kind en sy natuurlike bloedverwante word beëindig en die aangenome kind vir alle doeleindes geag die wettige kind van die aanneemouer te wees sonder enige uitsonderings of beperkings wat die testate en intestate erfreg betref. Alhoewel in 'n regsins nuwe gesinsbande geskep word, word die bloedbande egter nie verbreek nie.

LINDA SCHOEMAN

*Universiteit van Pretoria*

*Written law is like a forest, if underwood be allowed to grow freely, the forest becomes impenetrable. (per Roby in An Introduction to the Study of Justinian's Digest.)*

# VONNISSE

## HORTY INVESTMENTS v INTERIOR ACOUSTICS (PTY) LTD 1984 3 SA 537 (W)

*Wilsooreenstemming – vertroue – estoppel – skuld – nadeel*

Die grondslag van kontraktuele aanspreeklikheid het in die onlangse verlede heelwat aandag ontvang (sien bv Reinecke en Van der Merwe 1979 *THRHR* 432; Kritzinger 1983 *SALJ* 47 en 1983 *SALJ* 569; Sharrock 1984 *SALJ* 1; *Saambou Nasionale Bouvereniging v Friedman* 1979 3 SA 978 (A) 993E e v; *Mondorp Eiendomsagentskap v Kemp en De Beer* 1979 4 SA 74 (A) 78C e v; *Spes Bona Bank Ltd v Portals Water Treatment South Africa (Pty) Ltd* 1983 1 SA 978 (A) 984 e v; *Horty Investments (Pty) Ltd v Interior Acoustics (Pty) Ltd* 1984 3 SA 537 (W) 539G e v). Aspekte in dié verband waaroor daar in hierdie stadium min twyfel kan bestaan, is die volgende:

- dat die wilsteorie as uitgangspunt die grondslag van kontraktuele aanspreeklikheid is;
- dat die konsekwente toepassing van die wilsteorie in sommige gevalle tot onbillikheid aanleiding kan gee;
- dat die toepassing van die wilsteorie derhalwe in sommige gevalle getemper word;
- dat kontraktuele aanspreeklikheid gevolglik in sommige gevalle erken word ongeag die feit dat daar geen wilsooreenstemming was nie.

Die posisie is dus dat indien die geldigheid van 'n betrokke "kontrak" bepaal moet word, die vraag na wilsooreenstemming nie die enigste toets is wat ter sprake kom nie (sien bv Kerr *The Principles of the Law of Contract* 3e uitg (1980) 10-13). Die probleem in hierdie verband is wat die ander toets of toetse is wat aangewend moet of kan word in gevalle waar daar 'n gebrek aan wilsooreenstemming is, en tweedens wat die elemente van sodanige toets is.

Reinecke en Van der Merwe (*supra* 432 e v) wys daarop:

- dat die vernaamste verklaring vir aanspreeklikheid in gevalle van *dissensus estoppel* met of sonder skuld as element, of 'n vertrouenteorie in die een of ander vorm is;
- dat dit van belang is om te weet wat die grondslag in hierdie gevalle is omdat daar verskillende vereistes kan geld na gelang van wat as die grondslag aanvaar word;

- dat die vertrouensteorie in direkte of indirekte vorm uitgebreide aanwending in die praktyk gevind het, terwyl estoppel slegs beperk toegepas is (die skrywers oorweeg nie die meriete van die onderskeie gronde nie); en
- dat in *Saambou Nasionale Bouvereniging v Friedman (supra)* die geleentheid hom voorgedoen het vir die appèlhof om duidelikheid oor hierdie aspek van ons reg te bring, maar dat die hof die partye se probleme opgelos het sonder om die probleem, eerstens met betrekking tot die grondslag van kontraktuele aanspreeklikheid in gevalle van *dissensus*, en tweedens met betrekking tot die vereistes wat gestel moet word, op te los.

De Wet (*Dwaling en Bedrog by die Kontraksluiting* (1943) 4; veral ook 17 en 20) het reeds in 1943 'n oplossing vir hierdie gevalle voorgestel, naamlik die vertrouensteorie, met die volgende vereistes: (a) skade, of anders bestaan daar geen rede waarom die ander party gebonde gehou moet word aan 'n kontrak wat hy nie gewil het nie; (b) skuld by die persoon teen wie die kontrak gehandhaaf word; en (c) 'n gebrek aan skuld by die party wat die ander gebonde wil hou. Met De Wet se stelling dat hierdie 'n billike oplossing is, moet saamgestem word. (In De Wet en Van Wyk *De Wet en Yeats Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg* 4e uitg (1978) 19 sê De Wet egter die volgende: "Dit is waar dat die benadering gegrond op *iusus error* en dié gebaseer op estoppel aan mekaar verwant is en dikwels tot dieselfde uitkomst kan lei, maar tog meen ek dat die benadering gebaseer op estoppel dogmaties suiwerder is as dié gegrond op *iusus error*;" sien ook 25.)

Kerr (a w 12) is van mening:

- dat die vertrouensteorie in die onderhawige gevalle aanwending vind;
- dat skynbare kontrakte as 'n afdeling op hul eie beskou moet word en nie as 'n onderafdeling van estoppel nie;
- dat die vrae met betrekking tot skade en nalatigheid nie tuishoort in die konteks van skynbare kontrakte nie.

Kerr word in hierdie benadering ondersteun deur Sharrock (a w 5 e v) wat van oordeel is dat die vertrouensteorie in tradisionele vorm in gevalle van *dissensus* 'n uitvoerbare en billike oplossing bied en dat dit nutteloos is om skuld en nadeel as vereistes te stel.

Wat die onlangse regspraak aanbetref, kan na die volgende gevalle verwys word:

In *Saambou Nasionale Bouvereniging v Friedman (supra 993E e v)* blyk uit appèlregter Jansen se uitspraak onder andere:

- dat die regter die vertrouensteorie en estoppel as moontlike grondslae in geval van *dissensus* oorweeg;
- dat daar nie eenstemmigheid bestaan met betrekking tot die vraag of skuld of nadeel vereistes is by toepassing van die vertrouensteorie nie;
- dat die regter geen keuse maak ten opsigte van 'n grondslag vir gevalle van *dissensus* nie;
- dat die regter van oordeel is dat die leerstuk van estoppel in 'n mate met die vertrouensteorie by kontraksluiting saamval, maar dat dit tot groter helderheid sou lei indien in hierdie verband nie van estoppel gepraat word indien dit nie spesifiek bedoel word nie.

In *Mondorp Eiendomsagentskap (Edms) Bpk v Kemp en De Beer* (*supra* 78F-H) verklaar appèlregter Jansen met verwysing na die bekende *dictum* van regter Blackburn in die saak *Smith v Hughes* (1871) LR6 QB 597 607:

“[V]ry algemeen [word] aanvaar dat die wilsteorie, as grondslag van kontraktuele aanspreeklikheid in ons reg, in gepaste gevalle deur die vertrouensteorie getemper word. Wat egter nog steeds omstrede is, is of die opwekking van ’n redelike vertroue met skuld aan die kant van die opwekker gepaard moet gaan, en ook of dit ’n verdere vereiste van aanspreeklikheid is dat die persoon by wie die vertroue opgewek is, tot sy nadeel moes gehandel het.”

Sonder om hom oor ’n algemene reël uit te spreek, toets die regter in die onderhawige geval vir skuld by die opwekker van die vertroue en nadeel by die vertrouër (79A-E).

In *Van Deventer v Louw* 1980 4 SA 105 (O) 110E e v toets regter Brink by toepassing van die vertrouensteorie ook vir skuld sonder om spesifiek te beslis of skuld wel ’n vereiste is.

In *Spes Bona Bank Ltd v Portals Water Treatment South Africa (Pty) Ltd* (*supra* 984D e v) pas appèlregter Botha die gemelde *dictum* in *Smith v Hughes* toe in ’n geval van *dissensus*. Die regter se bevinding kom egter daarop neer dat die getuienis nie aantoon dat die optrede van die verweerder (wat gebondenheid bestry – hierna die “vergisser” genoem – De Wet en Van Wyk *supra* 11 se terminologie) ’n vertroue by ’n redelike man sou opwek nie. Die hof verwys nie na die bogemelde gesag nie en maak ook geen melding van skuld by die vergisser of nadeel vir die appellant (vertrouer) as vereiste nie.

Dit beteken egter nie noodwendig dat indien die hof ’n redelike vertroue sou bevind het, hy nie verdere toetse sou doen nie (sien egter Sharrock 5 en 6). Hierdie siening word gestaaf deur die feit dat die regter ook by sy behandeling van estoppel slegs melding maak van die skynvereiste, terwyl daar geen twyfel kan bestaan dat skynverwekking nie die enigste vereiste vir estoppel is nie (sien bv Van der Merwe en Olivier *Die Onregmatige Daad in die Suid-Afrikaanse Reg* 4e uitg (1980) 283 e v en *Peri-Urban Areas Health Board v Breet* 1958 3 SA 783 (T)).

Ten opsigte van die alternatiewe grond, naamlik estoppel, waarop die appellant staatmaak, beslis appèlregter Botha dat die optrede van die verweerder nie ’n skyn by die appellant opgewek het nie. (Sien ook die beslissing van die hof *a quo* in *Spes Bona Bank v Portals Water Treatment* 1981 1 SA 618 (W).)

In *Horty Investments (Pty) Ltd v Interior Acoustics (Pty) Ltd* (*supra*) was die feite soos volg: H verhuur aan A ’n sekere perseel ingevolge ’n skriftelike kontrak. Klousule 1 van die kontrak bepaal dat die huurtermyn op 1981-05-01 begin en tot 1983-04-30 duur. Aan die einde van hierdie termyn sal die huurooreenkoms voortgaan op ’n maandelikse basis onderworpe aan drie maande kennisgewing. Hierdie kennisgewing kan nie begin verloop voor 1993-05-01 nie. Die jaartal 1993 is ’n fout deur eiser se tikster en moes 1983 gelui het. H vra ’n bevel aan dat die kontrak nietig is op grond van ’n redelike dwaling, aangesien hy gemeen het dat die kontrak vir twee jaar sou bestaan en daarna op ’n maandelikse basis. A beweer dat hy nie die onversoenbaarhede in die gemelde klousule gesien het nie, maar slegs die 1993 aan die einde daarvan en dat dit vir hom bevredigend was. Die hof bevind dat dit nie bewys is dat die partye vooraf oor die termyn ooreengekom het nie. In sy uitspraak aanvaar regter Coetzee dat die onderhawige fout deur H ’n *error in negotio* is en dat hy daarop kan steun as dit ’n *iustus*

*error* is. Die vraag waarom die hof dus moet beslis, is of die betrokke fout 'n *iustus error* is.

Regter Coetzee oorweeg sekere regspraak en die menings van skrywers, en bevind die volgende:

- Die vergisser sal nie op die gebrek aan konsensus kan steun as die fout aan sy eie skuld te wyte is nie. In so 'n geval kan die ander party op die skyn van 'n kontrak staatmaak (539I-540A).
- Die skuldbeginsel geld ook ten opsigte van die vertrouër (wat poog om die vergisser aan die kontrak gebonde te hou). As hy ook skuld dra, is die eerste party nie gebonde nie (540B-541E).

Die regter bevind op die feite dat albei partye skuld gehad het: H, omdat hy nie die kontrak behoorlik gelees het nie, en A, omdat 'n redelike persoon in sy posisie sou besef het dat 1993, 1983 moes lui. Die kontrak is gevolglik nietig.

Alhoewel regter Coetzee nie op die kwessie van nadeel ingaan nie, steun hy grootliks vir sy bevindings met betrekking tot skuld op De Wet, wat nadeel as vereiste stel. Die feit dat albei partye skuld gehad het, maak natuurlik 'n ondersoek na nadeel onnodig. Uit die feite blyk in elk geval dat A, die vertrouër, nadeel sou ly indien die kontrak nietig verklaar sou word.

Die feit dat 'n party (die vertrouër) by 'n kontrak waarskynlik nie sal poog om sodanige kontrak te handhaaf in geval van *dissensus*, waar hy nie nadeel in die een of ander vorm ly nie, bring mee dat die vraag met betrekking tot nadeel waarskynlik bloot akademies van aard is. De Wet en Van Wyk (a w 17-18) skeep egter die indruk dat in *Maritz v Pratley* (1894) 11 SC 345, Maritz (die vertrouër) wel 'n kontrak wou afdwing ongeag die feit dat hy geen nadeel gely het nie, waar hulle betoog dat selfs indien daar wel skuld by Pratley (die vergisser) was, "die misverstand onmiddellik ontdek [is], en voordat iemand daardeur benadeel is." (Dit is ná aanname van Pratley se bod op 'n veiling.) Dit is egter duidelik dat Maritz wel nadeel in die een of ander vorm gely het, veral indien gelet word op die geweldige wye konnotasie wat aan nadeel in hierdie verband geheg word, 'n faktor wat die argument met betrekking tot die akademiese aard van die vraag na nadeel steun. In *Peri-Urban Areas Health Board v Breet* (*supra* 790D-F) word byvoorbeeld verklaar:

"It may be that it [nadeel] is not expressly referred to in those cases because prejudice in relation to estoppel has such a wide connotation . . . and the very act of the one contracting party in entering into the contract in reliance on the other's conduct will be regarded in most bilateral contracts as a sufficient alteration of his position to his detriment to meet the requirement of prejudice."

Desondanks word aan die hand gedoen dat nadeel wel 'n vereiste is, aangesien daar geen rede bestaan om van 'n konsekwente toepassing van die wilsteorie af te wyk indien niemand benadeel sou word in gevalle van *dissensus* nie. Die gedagte met die tempering van die wilsteorie is juis gemik op die voorkoming van onbillikhede. (Sien bv Van Rensburg, Lotz en Van Rhijn in *The Law of South Africa* bd 5 (1978) par 112 en De Wet a w 2.)

Die posisie is dus dat nie slegs die vertrouër se posisie oorweeg word nie. (Sien bv *Johaadien v Stanley Porter (Paarl) (Pty) Ltd* 1970 1 SA 394 (A) 404E-G waar hoofregter Steyn *obiter* van oordeel is dat 'n onskuldig opgewekte vertroue regsgevolge kan hê maar ook dié van die vergisser (sien ook *George v Fairmead*

1958 2 SA 465 (A), veral 471A–D en *National and Overseas Distributors Corporation (Pty) Ltd v Potato Board* 1958 2 SA 473 (A) 479G–H waar die klem wel op die posisie van die vertrouër geplaas word, maar die moontlikheid van 'n redelike dwaling en gevolglike ongebondenheid tog voorsien is). Indien albei partye dus skuld het (soos in *Horty Investments v Interior Acoustics supra*) of albei geen skuld het nie (soos in *Maritz v Pratley supra*), of indien die vertrouër skuld het, maar die vergisser nie (die feite in *Spes Bona Bank Ltd v Portals Water Treatment South Africa (Pty) Ltd supra* is moontlik 'n voorbeeld van so 'n situasie), het geen kontrak gebaseer op die vertrouersteorie tot stand gekom nie. Indien die vertrouër egter geen skuld het nie, maar die vergisser wel, het 'n vertrouenskontrak tot stand gekom (sien bv die minderheidsuitspraak in *Mondorp Eiendomsagentskap (Edms) Bpk v Kemp en De Beer supra* 78B–79H).

Uit die oorsig oor enkele skrywers se sienings met betrekking tot die onderhawige aangeleentheid hierbo, blyk dit dat die meerderheid ten gunste van die toepassing van die vertrouersteorie in gevalle van *dissensus* is, terwyl daar nie eenstemmigheid is oor die vraag of die vereistes van skuld en nadeel gestel moet word nie. Uit veral die beslissings in *Mondorp Eiendomsagentskap, Van Deventer* en *Horty Investments* blyk dit dat die howe klaarblyklik voorkeur verleen aan die toepassing van die vertrouersteorie in gevalle van *dissensus*, en dat skuld wel as 'n vereiste gestel word, terwyl die posisie van nadeel nie heeltemal uitgeklaar is nie.

Daar word aan die hand gedoen dat die beslissing van regter Coetzee in *Horty Investments* en die benadering van appèlregter Jansen in *Mondorp* se saak korrek en navolgenswaardig is. Die beslissing in *Horty Investments* beteken egter nie dat daar nou finaal beslis is dat wilsooreenstemming slegs deur die vertrouersteorie getemper word en dat estoppel glad nie meer in dié verband ter sprake kan kom nie. Estoppel is steeds as alternatiewe remedie beskikbaar; dit staan dus die betrokke party vry om op enige van estoppel of die vertrouersteorie te steun in gevalle van *dissensus*. (Sien bv *Kenilworth Palace Investments (Pty) Ltd v Ingala* 1984 2 SA 1 (C) en *Spes Bona Bank v Portals Water Treatment supra*, waar op wilsooreenstemming en in die alternatief op estoppel gesteun is.)

Gevolglik kan gesê word dat die wilsteorie deur sowel die vertrouersteorie gesteun deur skuld, as estoppel getemper word en dat die meriete van die beslissing in *Horty Investments* geleë is in die feit dat daar nou meer duidelikheid bestaan ten opsigte van die vereistes vir 'n vertrouenskontrak.

JF MALAN

*Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys*

**JOEL MELAMED AND HURWITZ v CLEVELAND ESTATES (PTY) LTD; JOEL MELAMED AND HURWITZ v VORNER INVESTMENTS (PTY) LTD 1984 3 SA 155 (A)**

*Damages for breach of mandate – “business efficacy” – the same agent for both contracting parties – proof of implied (tacit) contracts*

Three questions were raised but not decided in *Joel Melamed and Hurwitz v Cleveland Estates (Pty) Ltd; Joel Melamed and Hurwitz v Vorner Investments (Pty) Ltd* 1984 3 SA 155 (A). The first was the question of damages for breach

of a mandate (171D-G). Readers of the law reports were already in possession of the answer to this question because the decision in *The Firs Investment Ltd v Levy Bros Estates (Pty) Ltd* 1984 2 SA 881 (A), though given later, had been reported earlier. "Generally speaking," said Trengove JA in *The Firs Investment* case at 886F, "a principal has the right and power to revoke his agent's authority without incurring any liability for damages to the agent, but the particular terms and circumstances of the grant of the authority may show that such a revocation is a breach of contract." The circumstances in that case were that an estate agency (a company) had been given "the sole irrevocable authority expiring on 30 June 1980" to sell a certain property. By a letter dated 10 June 1980 the principal revoked the agent's mandate (884H) whereupon the agency, which had found a buyer, ready, willing, and able to pay, claimed as damages the amount it would have earned as commission, R195 750 (887A-C 882G-H). Holding that by giving the agency

"the exclusive right or power to effect the sale of the property on its behalf . . . the appellant, in effect, deprived itself of the right to sell the property (except through the respondent) or to appoint anyone else to do so, during the specified period"

(per Trengove JA at 886B-C); and that Caney J was correct when he said in *Ward v Barrett* 1962 4 SA 732 (N) 737D-F that:

"[t]he principal may have bound himself to the agent in terms, express or implied, which oblige him contractually not to revoke the agent's authority save on pain of liability in damages"

the court found that the estate agency was entitled to claim the R195 750 as damages (888B).

The second question that was raised but not decided in *Joel Melamed and Hurwitz's* case above, was this: must it be accepted that "a term may not be tacitly imported into a contract unless the implication is a necessary one in the business sense to give efficacy to the contract"? (165E). Scrutton LJ's phrase in *Reigate v Union Manufacturing Co* (1918) 1 KB 592 605 "necessary in the business sense to give efficacy to the contract" is, as Corbett JA indicated at 165E, often repeated. However, so far as the present writer is aware, no court has explained with any degree of clarity what the phrase means. It cannot mean that a provision must be shown to be *necessary* in any ordinary sense before it can be implied: see the present writer's *The Principles of the Law of Contract* 227 (for the references in notes 116, 117 see now *Sale and Lease* (1984) 204 325). Nor has any court given sufficient indication as to what is meant by "in the business sense." The indications are that the words do not indicate any requirement additional to the hypothetical bystander test (*ibid*). Seeing that the appellate division, as appears from *Joel Melamed and Hurwitz's* case at 165E-G, regards necessity in a business sense as a question yet to be settled it is to be hoped that it, or any other court before which the question is raised, will decide that the words do not add anything of substance to the hypothetical bystander test (*Contract* 220-228). If the appellate division, or any other court, decides that the phrase indicates an additional requirement it will be important for a proper understanding of the law that it be spelt out precisely what the words mean, that is precisely what the requirement is.

The third question that was raised but not decided is "whether a person can, as representative of another, contract with himself, either in his personal capacity or as representative of a third person" per Corbett JA at 164D-E. It is suggested

that the answer is that he can: see the present writer's *The Law of Agency* (1979) 144 n 2.

Assuming, as the appellate division did (164E-F), that it is competent for one person to represent both contracting parties we come to the question that was decided in the case, namely, what evidence is necessary to establish that he did so? Mr Joel Melamed, senior partner in the firm of attorneys Melamed and Hurwitz and managing director of a company called Townships Management Consultants (Pty) Ltd ("TMC") (157G-I), claimed that a contract had been entered into between Melamed and Hurwitz on the one hand and certain township owners represented by TMC, acting through himself, on the other hand (158) whereby Melamed and Hurwitz were appointed, irrevocably, as attorneys to attend to all transfers in the townships (160A-D 165I-167G). If so, the township owners could not, as they had purported to do, terminate TMC's appointment as sole selling agent without laying themselves open to claims for damages.

There was no written evidence of such a contract, nor any details of an oral agreement (160B-C). It was claimed that the whole contract was implied (tacit) (162F). Corbett JA said at 165G-I:

"In our cases concerning tacit contracts which have hitherto come before our Courts, there have always been at least two persons involved; and in order to decide whether a tacit contract arose the Court has had regard to the conduct of both parties and the circumstances of the case generally. The general approach is an objective one. The subjective views of one or other of the persons involved as to the effect of his actions would not normally be relevant (*cf Spes Bona Bank Ltd v Portals Water Treatment South Africa (Pty) Ltd* 1983 (1) SA 978 (A) 985B-H). I shall assume, in appellant's favour, that where there is only one person involved (as in this case) a tacit contract may be inferred from his conduct and the general circumstances, but in such a case the Court should, in my view, carefully scrutinize his evidence in order to distinguish between statements of fact capable of objective assessment and subjective views as to the matter in issue."

The court found that what evidence there was of conduct was not strong enough to allow it to be inferred that a contract relating to all the stands in the townships had been entered into (168B-171C).

AJ KERR

*Rhodes University*

### BUTT v SCHULTZ 1984 3 SA 568 (OK)

*Slaafse navolging of kopiëring van 'n mededinger se ontwerp – onregmatige mededinging*

In hierdie saak was die applikant die ontwerper en vervaardiger van 'n besondere "catamaran"-tipe glasveselboot, genaamd die Buttcat. Hierdie boot was die resultaat van jarelange ondervinding, inisiatief en eksperimentering met gepaardgaande moeite en koste. Die Buttcat, wat weens betroubaarheid en gewildheid

'n suksesvolle kommersiële onderneming was, is veral gekenmerk deur die eiesoortige en uitnemende ontwerp van sy romp (570–572). Die eerste respondent het mettertyd die romp bekom en met behulp daarvan 'n gietvorm gemaak wat, uitsonderd twee klein veranderinge, 'n identiese replika van die gietvorm van die applikant was. Hierdie gietvorm is toe aangewend om rompe te vervaardig vir 'n boot wat as die Supercat op die mark geplaas is (573–575). Terselfdertyd het die eerste respondent onder andere die ontwerp van bedoelde romp as model by die registrateur van modelle laat registreer (575).

Die applikant vra vervolgens 'n interdik aan, eerstens om op grond van *inter alia* onregmatige mededinging as skuldoorsaak (skending van outeursreg as verdere skuldoorsaak word vir doeleindes van die onderhawige bespreking daargelaat) die eerste respondent te verbied om met die gewraakte optrede voort te gaan, en tweedens om die tweede respondent te gebied om die registrasie van die ontwerp te kanselleer. Regter Mullins kom tot die slotsom dat die kopiëring van die applikant se ontwerp wel onregmatige mededinging darstel en staan die aansoek om sowel die verbod (580) as die gebod (582) toe.

Ten einde tot hierdie slotsom te geraak, wys die regter (576) ten aanvang daarop dat die grondslag van die beskerming teen onregmatige mededinging in ons reg die *actio legis Aquiliae* is; dat sodanige mededinging verskillende vorme kan aanneem; dat 'n benadeelde mededinger te hulp gekom kan word selfs waar sy eis nie binne een van die erkende vorme gebring kan word nie, dit wil sê selfs in die afwesigheid van 'n regstreekse presedent in die regspraak; en dat die toets om onregmatigheid in hierdie verband te bepaal “essentially a policy consideration” is (vgl i v m hierdie beginsels ook Van Heerden en Neethling *Onregmatige Mededinging* (1983) 23–25 65–71).

Desnieteenstaande vind regter Mullins (576–580) dit raadsaam om sommige Suid-Afrikaanse en vreemdregtelike gewysdes oor onregmatige mededinging te oorweeg, veral dié met betrekking tot die verkryging en benutting van vertroulike bedryfsinligting (handelsgeheime) van 'n mededinger (sien hieroor in besonderhede ook Van Heerden en Neethling 132 e v). Hy bevind — met verwysing na die beslissings in *Coolair Ventilator Co (SA) (Pty) Ltd v Liebenberg* 1967 1 SA 686 (W) 689 691; *Harvey Tiling Co (Pty) Ltd v Rodomac (Pty) Ltd* 1977 1 SA 316 (T) 323–324 (waar Engelse uitsprake aangehaal word); *Dun and Bradstreet (Pty) Ltd v SA Merchants Combined Credit Bureau (Cape) (Pty) Ltd* 1968 1 SA 209 (K) 219–220 (waar na die bekende Amerikaanse saak *International News Service v Associated Press* (1918) 248 US 215 verwys word); en *Stellenbosch Wine Trust Ltd v Oude Meester Group Ltd* 1972 3 SA 152 (K) 160 — dat enige bedryfsinligting (soos die *ontwerp* van 'n produk), of dit nou in die openbaar beskikbaar is of nie, in die reël vertroulik is mits die inligting maar “reasonably useful to a competitor” (577) is. Die *slaafse navolging, kopiëring of direkte oornaming* van sodanige inligting (ontwerp) vir *kommersiële doeleindes deur 'n mededinger* is volgens hom dan onregmatig. Hy verduidelik dit (577) met betrekking tot die feite *in casu* soos volg:

“Applying these principles to the present case, a Buttcat boat incorporating the hull designed by applicant can be purchased by anyone, and to this extent it is in the public domain. Anyone who is attracted by the design of the hull is entitled to incorporate features of the Buttcat hull in a hull of his own design. What he may not do, if he intends to conduct business in competition with the applicant, is to take a short cut, as it were, and construct hulls not to his own design, but according to applicant's drawings and plans (if such existed), or, what is even more reprehensible in my view, by using a mould

made by applicant, and upon which applicant has expended his time, labour, expertise and money.”

#### Hy herhaal (579):

“The sale of an object such as a boat inevitably releases the design thereof, and *in casu* the hull, to the purchaser. This does not entitle the purchaser or anyone else, in my view, to make a mould therefrom and to copy that hull for commercial purposes. A rival manufacturer is entitled to examine hulls designed by his competitors, and to incorporate *in his own design* what he regards as the most desirable features thereof. He may not, however, in my view, copy such hull, the product of another’s inventiveness and experience, in a manner which does not require him to apply his mind to such design or to exercise his own inventiveness and experience, even if he only uses it as a starting point and makes modifications thereto.”

#### En weer (580):

“The using of applicant’s hull as a plug from which to commence his construction process and thereby avoiding the necessity to design his own hull, amounts in my view to unfair competition, against which applicant is entitled to be protected.

There is no question of granting applicant a monopoly in regard to the design of his hull. Anyone is entitled to design a hull with similar features. What applicant is entitled to be protected against is the use by first respondent of applicant’s hull *as a starting point*. First respondent must start from the beginning, not on the second or third rung of the ladder. Applicant is not entitled to be protected against another person evolving his own design similar to that of applicant, or even against the copying of his design, but he is entitled to be protected against the use of one of his hulls to form a mould, with or without modification.”

#### Dienooreenkomstig slaag die aansoek dan ook.

Hierdie uitspraak is myns insiens een van die belangrikste beslissings op die gebied van onregmatige mededinging in die Suid-Afrikaanse reg en verdien daarom onderstreping en nadere beskouing. Veral twee aspekte kom hier ter sprake, te wete (1) die erkenning van *prestasiaaanklamping* as verskyningsvorm van onregmatige mededinging en (2) die toepassing van die *mededingingsprinsiep* — weliswaar by implikasie — as onregmatigheidskriterium op die onderhawige gebied. Ek bespreek hierdie aspekte agtereenvolgens.

1 *Prestasiaaanklamping* In die reël is inwerkings op die werfkrag (“goodwill”) van ’n mededinger wat spruit uit die navolging, kopiëring of nabootsing van sy *gepubliseerde* bedryfsidees — dit is die idees (in die wydste betekenis van die woord) waarop sy onderneming, produk of diens, kortom sy prestasie, berus — in die afwesigheid van statutêre beskerming nie onregmatig nie. Die rede hiervoor is dat sodanige idees onmiddellik by publikasie gemeengoed word (vgl by *Agriplas (Pty) Ltd v Andrag and Sons (Pty) Ltd* 1981 4 SA 873 (K) 878–879; *Adcock-Ingrams Products Ltd v Beecham SA (Pty) Ltd* 1977 4 SA 434 (W) 437–438) en daarom vryelik en selfs slaafs deur andere aangewend kan word. Nou is dit egter van kardinale betekenis om daarop te let dat dit hier gaan om die navolging van die idee waarop die prestasie van die mededinger berus en nie om nabootsing van sy prestasie self nie. Die idee van ’n mededinger word weliswaar gebruik, maar steeds word ’n *eie prestasie* op grond daarvan gebou. Sodoende dien die idee van die mededinger slegs as die *voorbeeld* waarvolgens die eie prestasie dan selfstandig daargestel word. Nie die prestasie van die mededinger nie, maar slegs die idee waarop dit berus, word dus die grondslag van die eie prestasie (sien in die algemeen Van Heerden en Neethling 141–143).

’n Heeltemal ander kleur het die geval waarin nie net die idee nie, maar ook die *prestasie* van die mededinger tot basis van die eie prestasie gemaak word.

Sodanige *prestasiaaanklamping* (sien hieroor Van Heerden en Neethling 143 e v) oftewel die “piracy” of slaafse navolging van ’n mededinger se prestasie is weer in beginsel onregmatig. (Die oorwegings hiervoor word *infra* by (2) behandel.) *In casu* druk regter Mullins dieselfde gedagte uit waar hy verklaar (577–578):

“Copying may be lawful if features of another person’s design are incorporated into one’s own design. Where the method used is however the slavish adoption of another’s design, even as the starting point for further modification or adaptation, such copying usually will be found to be unfair and unlawful.”

Op grond hiervan word die eerste respondent se optrede tereg as onregmatig beoordeel. Sodoende word *prestasiaaanklamping* vir die eerste keer as verskyningsvorm van onregmatige mededinging in ons reg erken.

*Prestasiaaanklamping* kan bestaan in die *direkte (onmiddellike) oorname* of die *identiese (feitlik identiese) navolging* van die vreemde prestasie (Van Heerden en Neethling 143–145 145–146). ’n Voorbeeld van eersgenoemde, wat aansluit by die onderhawige feitestel, is die geval in die Duitse reg waar ’n ondernemer die kunststofboot van ’n mededinger nagemaak het bloot deur middel van die reparasie van die mededinger se eie gebreekte gietvorm (*ibid* 144 vn 48). ’n Analoë voorbeeld van identiese navolging weer sou wees die geval waar ’n ondernemer selfstandig ’n gietvorm maak wat, soos beoog is, ’n romp identies aan dié van die mededinger verskaf. In wese is daar nietemin geen onderskeid tussen hierdie twee gevalle nie aangesien by albei ’n mededinger se prestasie die grondslag van die eie prestasie vorm. Tewens, prakties gesproke is dit soms (soos *in casu*) baie moeilik om te besluit of mens met die een dan wel die ander te make het. Daarom is dit eintlik onverstaanbaar waarom die Amerikaanse reg oënskynlik slegs die direkte oorname — en nie die identiese navolging nie — van die vreemde prestasie as onregmatig beskou (sien *ibid* 146 vn 60).

**2 Mededingingsprinsiep** Die mededingingsprinsiep as onregmatigheidskriterium in die mededingingstryd hou in dat die mededinger wat die beste of billikste prestasie lewer, die oorwinning moet behaal; die een wat die swakste prestasie bied, die neerlaag moet ly (sien in besonderhede *ibid* 72 e v). Dit gaan dus om prestasiemededinging waar die *meriete van die eie prestasie* — met die klem op die *eie* — die deurslag moet gee. Hieruit volg dat enige mededingingshandeling wat nie op die meriete van die eie prestasie berus nie, in stryd met die mededingingsprinsiep is en daarom in beginsel as onregmatig aangesien behoort te word.

So gesien, behoef dit weinig betoog dat *prestasiaaanklamping*, wat juis nie op die meriete van die eie prestasie berus nie, in stryd met die mededingingsprinsiep is. Die dader stel tog geen eie prestasie — altans geen *egte eie* prestasie — daar nie, maar parasiteer bloot op sy mededinger se prestasie en maak sodoende hierdie prestasie tot grondslag van sy eie *skynprestasie* (*ibid* 145 147). Gevolglik maai die dader waar hy nie gesaai het nie. Callmann (*The Law of Unfair Competition and Trade Marks* (1967) bd 2 502) verklaar in hierdie opsig tereg:

“From the postulate that, in competition, every participant must exercise ‘constructive effort,’ i e, his own strength and skill [d w s hy moet sy eie prestasie lewer], it logically follows as a matter of principle that no one is entitled to ‘reap where he has not sown.’”

Hierdie benadering tot die onregmatigheidsvraagstuk word ook deur regter Mullins toegepas sonder dat hy dit nodig vind om op die vae en wye “policy consideration”-aspek (576) in hierdie verband terug te val (vgl Van Heerden en Neethling 70–71 i v m lg norm). Hy lê naamlik telkemale klem daarop dat, ten

einde regmatig te handel het, die dader *in casu* met sy eie prestasie ("his own design") moes meegeding het (sien die aangehaalde *dicta* hierbo). Omdat hy weens sy parasitering van die applikant se romp hierin gefaal het, word sy optrede as onregmatig aangemerkt. Sodoende dien die mededingingsprinsiep met prestasiededinging as uitgangspunt, weliswaar by implikasie, as onregmatighedsmaatstaf.

'n Punt van kritiek moet ten slotte teen regter Mullins se andersins navolgingswaardige uitspraak geopper word. Sy opvatting (577) dat alle bedryfsinligting wat van waarde vir 'n mededinger is in die reël vertroulik ("confidential") is, moet naamlik bevestig word. In eerste instansie strook hierdie siening nie met die algemeen aanvaarde standpunt nie dat bedryfsinligting as beskermingswaardige *vertroulike* inligting geld indien dit nie net ekonomiese waarde het nie, maar ook inderdaad vertroulik is, dit wil sê slegs beskikbaar is vir en dus bekend is aan 'n *beperkte personekring* (sien *Atlas Organic Fertilizers (Pty) Ltd v Pikkewyn Ghwano (Pty) Ltd* 1981 2 SA 173 (T) 194; Van Heerden en Neethling 133–137). So gesien, kan die inligting omtrent die ontwerp van die Buttcat se romp — anders as wat regter Mullins bevind — kwalik as vertroulik bestempel word aangesien hierdie inligting tog beskikbaar was vir iedereen.

Tweedens kan die regter se beskouing aangaande vertroulikheid net verwarring in die hand werk. Sy standpunt het naamlik tot gevolg dat dit baie moeilik is — indien nie onmoontlik nie — om te onderskei tussen *ongepubliseerde* bedryfsidees (soos vervat is in 'n handelsgeheim of vertroulike inligting wat van waarde vir 'n mededinger is) en *gepubliseerde* bedryfsidees wat insgelyks 'n mededinger kan bevoordeel. Hierdie onderskeid is van kardinale praktiese betekenis aangesien die ongemagtigde verkryging en benutting van eersgenoemde idees in beginsel ongeoorloof is (vgl Van Heerden en Neethling 132 e v), terwyl die aanwending van gepubliseerde idees in die afwesigheid van prestasieaanclamping (of statutêre beskerming) heeltemal toelaatbaar is (sien hierbo). Daarom behoort regter Mullins se opvatting van vertroulikheid nie nagevolg te word nie.

J NEETHLING

*Universiteit van Suid-Afrika*

**S v MAKOKO 1984 2 SA 62 (O)**

*Autrefois convict — verrigtinge voor offisiershof ingevolge die Wet op Gevangenisse*

In hierdie saak het dit gegaan oor die ontvanklikheid van 'n tweede aanklag teen 'n gevangene uit hoofde van 'n misdryf wat hy gepleeg het en waarvoor hy reeds deur 'n offisier ingevolge artikel 54 van die Wet op Gevangenis 8 van 1959 skuldig bevind en gestraf is. Hierdie vraag het in die onderhawige saak soos volg ontstaan: die beskuldigde (appellant) is deur 'n offisier ingevolge artikel

54 van die Wet op Gevangenisse skuldig bevind daaraan dat hy 'n ongeoorloofde artikel in sy sel besit het (dit is aan 'n oortreding van reg 99(1)(L) uitgevaardig kragtens artikel 94 Wet 8 van 1959 — soos gepubliseer in GK R2080 gedateer 1965-12-13). Hiervoor is die appellant 'n vonnis van 20 dae alleen-opsluiting deur die verhooroffisier opgelê. Die betrokke ongeoorloofde artikel was 26 gram (oftewel 2 vingers) dagga. Hierna het die appellant vir 'n tweede keer in die landdroshof tereggestaan op aanklag dat hy artikel 2(b) van Wet 41 van 1971 oortree het weens die besit van 26 gram dagga. Dit was gemeensaak dat dagga waaroor dit in beide verhore gegaan het, dieselfde dagga was en dat die plek en tyd van besit insgelyks dieselfde was.

Soos verwag kan word, het die appellant ten tyde van die tweede verhoor die pleit van *autrefois convict* geopper. Dié pleit is egter deur die verhoorlanddros afgewys. Die beskuldigde is 'n tweede keer skuldig bevind en gevonniss tot 4 maande vangenisstraf. Na verkryging van 'n regtersertifikaat ingevolge artikel 309(4)(a) van die Strafproseswet het die appellant hom in hoër beroep ten opsigte van sy skuldigbevinding en vonnis in die landdroshof tot die Vrystaatse hooggeregshof gewend. Die appèl is deur 'n volbank aangehoor. Die beantwoording van die vraag of die appellant se pleit van *autrefois convict* in die lig van bogenoemde feite in die landdroshof ontvanklik was al dan nie, is deur die hof van appèl aan die hand van drie oorwegings oorweeg, welke oorwegings *seriatim* in behandeling geneem kan word.

1 In 'n *obiter dictum* word die volgende gesê (64D-F):

“Alhoewel daar in *S v Abrahams* 1966 (2) SA 171 (K), wat gegaan het oor die vertolking van artikels van Wet 56 van 1955, die voorganger van die huidige Strafproseswet, beslis is dat art 54(1) van die Wet op Gevangenisse 'n hof daarstel 'waaraan regsbevoegdheid in strafsake regtens verleen word' en wat dus binne Wet 56 van 1955 se omskrywing van 'laerhof' val, is daar, meen ek, met eerbied, sterk aanduidings in die gemelde Wet op Gevangenisse en die betrokke regulasies dat die Wetgewer nie beoog het om deur art 54(1) 'n hof met strafregtelike regsbevoegdheid te skep nie, maar wel om 'n instelling te skep wat, deur die toepassing van die tugmaatreëls vervat in reg 99(1), dissipline ten opsigte van prisoniere in 'n gevangenis handhaaf. (Kyk ook na *S v Mbele* 1974 1 SA 705 (N) op 707D en *S v De Kock* 1979 (3) SA 806 (O) op 808D.) As dit so is, sou die verweer van *autrefois convict* nie in die onderhawige geval kon slaag nie, aangesien die tug-oortreding nie deur 'n hof met strafregtelike jurisdiksie, en dus nie deur 'n bevoegde hof, verhoor is nie. Aangesien die appèl egter op 'n ander punt beslis kan word is dit nie nodig om hierdie kwessie te beslis nie.”

Hoewel oor hierdie punt nie finaal beslis is nie, word aan die hand gedoen dat kritiek geopper kan word teen die denkrigting vervat in die aangehaalde gedeelte naamlik dat die pleit van *autrefois convict* slegs toepaslik kan wees na 'n skuldigbevinding deur 'n hof wat vir doeleindes van die Strafproseswet 'n laer hof is, omrede slegs sodanige hof met strafregtelike jurisdiksie beklee kan wees en bygevolg as 'n bevoegde hof beskou kan word.

Dit is immers onteenseglik so dat daar wel tribunale in ons reg bestaan wat met strafregtelike jurisdiksie beklee is sonder dat gemelde tribunale 'n laer hof vir doeleindes van die Strafproseswet is, byvoorbeeld militêre howe, die howe van Swart kapteins en -hoofmanne, ensovoorts (sien verder Hiemstra *Suid-Afrikaanse Strafproses* (1981) 4-5). Dieselfde geld ook vir 'n offisiershof ingevolge artikel 54 van die Wet op Gevangenisse — ondanks die ooreenkomste wat daar tussen die verhore voor 'n offisiershof en dié voor 'n landdroshof bestaan. (Ingevolge artikel 58(1) van die Wet op Gevangenisse moet die verrigtinge voor 'n offisiershof, wat die wyse en vorm daarvan betref, so na doenlik

dieselfde wees as in summiere verrigtinge in 'n landdroshof by die verhoor en beslissing van strafsake.) Dit impliseer onder meer dat die pleitprosedures in-gevolge artikels 112 en 115 ook in gevangenisverhore toegepas moet word (Hiemstra 4). Die bevinding van die hof *in casu* dat 'n offisershof wat ingevolge artikel 54 van die Wet op Gevangenisgevangenis fungeer nie 'n laer hof is vir doeleindes van die Strafproseswet nie, is myns insiens korrek. Daarom kan die bevinding in *S v Williams* 1978 1 SA 1177 (K) 1178, ten effekte dat die offisershof aan artikel 295(1) van die Strafproseswet gebonde is en dus nie lyfstraf aan 'n gevangene bo 30 jaar kan oplê nie, nie onderskryf word nie. Die *ratio decidendi* vir die bevinding in *Williams*, naamlik dat 'n offisershof vir doeleindes van artikel 295(1) van die Strafproseswet 'n laer hof is, blyk foutief te wees. Ewe onoortuigend is ook die bevinding in *S v Nzuza* 1978 3 SA 540 (N), naamlik dat artikel 295(1) van die Strafproseswet die lyfstrafbepaling in artikel 54 by implikasie herroep het (vgl Hiemstra 5). Meer aanvaarbaar is die bevinding in *S v Khupiso* 1979 2 SA 605 (O) 607F, te wete dat 'n offisershof vir doeleindes van die Strafproseswet nie 'n laer hof is nie maar uitsluitlik sy bevoegdhede uit die Wet op Gevangenisgevangenis put. Vir sover dit dus die oplegging van lyfstraf in-gevolge artikel 54 betref, is so 'n offisershof nie aan artikel 295(1) van die Strafproseswet gebonde nie. Dié standpunt word ook in *S v De Kock* 1979 3 SA 806 (O) 808A-F onderskryf.

Om egter nou, as onverbiddelike *sine qua non* vir 'n suksesvolle beroep op die pleit van *autrefois convict* 'n vorige skuldigbevinding deur 'n laer hof, soos in die strafproseswet omskryf, te vereis (soos *in casu* te kenne gegee word) kan nie onderskryf word nie. Die vereiste waarom dit hier gaan, so word aan die hand gedoen, is dat die vorige skuldigbevinding deur 'n bevoegde hof uitgebring moet gewees het — dus 'n hof wat jurisdiksie gehad het om die saak te verhoor (vgl Hoffmann en Zeffertt *South African Law of Evidence* (1981) 265; Schmidt *Bewysreg* (1982) 576; Lansdown en Campbell *South African Criminal Law and Procedure* (band v) 440; Hiemstra 232). So gesien, kan 'n hof dus “bevoeg” wees sonder dat dit 'n laer hof soos omskryf in die strafproseswet is. Schmidt (*loc cit*) verklaar dat die hof op wie se skuldigbevinding gesteun word nie noodwendig 'n orgaan van die staat se regsprekende gesag hoef te wees nie en dat enige administratiewe orgaan wat 'n regsprekende funksie vervul, ook as 'n bevoegde hof beskou kan word. Verder kan ook 'n skuldigbevinding op 'n geldige aanklag deur 'n buitelandse hof, “mits hy volgens die reëls van sy eie land jurisdiksie oor die misdaad gehad het” aanleiding gee tot 'n suksesvolle beroep deur die beskuldigde op 'n latere pleit van *autrefois convict*. Dit is dus duidelik dat “bevoegde hof” en “laer hof” nie sinonieme begrippe is nie. Vir sover die hof *in casu* die mening toegedaan is dat 'n offisershof vir doeleindes van die pleit van *autrefois convict* nie 'n bevoegde hof is nie, moet van sodanige standpunt verskil word.

2 Die tweede oorweging wat die hof noem (maar wat nie deur die hof beslis is nie), het betrekking op die vraag of die appellant se beroep op 'n pleit van *autrefois convict* nie by noodwendige implikasie deur die bepalings van artikel 60 van die Wet op Gevangenisgevangenis uitgesluit is nie. In dié verband het die hof soos volg (64G) beslis:

“Dit is ook nie nodig om 'n beslissing te vel met betrekking tot die verdere vraag wat geopper is nie, te wete of art 60 van die gemelde Wet op Gevangenisgevangenis nie by noodwendige implikasie 'n gevangene, wat deur 'n offisier aan 'n tugoortreding skuldig bevind is, die reg ontnem om die verweer van *autrefois convict* op te werp wanneer hy weer in 'n

ander geregshof aangekla word nie. Ek mag net meld dat, wat my betref, art 60 baie onduidelik bewoord is.”

Laasgenoemde artikel 60 van die Wet op Gevangenisbeheer bevat die volgende voorskrif:

“Die bepalings van hierdie Wet word nie so uitgelê dat dit verhoed dat iemand in ’n geregshof anders as ingevolge die bepalings van hierdie Wet vervolgd word in alle gevalle waar hy aldus vervolgd sou kon word nie, maar geen lid van die Gevangenisdiens of tydelike bewaarder wat aan ’n misdryf ingevolge hierdie Wet onskuldig of skuldig bevind is, kan weer weens ’n misdryf wat uit dieselfde feite en omstandighede ontstaan, verhoor word nie.”

Ten einde die betekenis van artikel 60 vas te stel, is dit egter ook wenslik om te let op die bepalings van artikel 59(a) en (b) van die Wet. Laasgenoemde artikel bepaal soos volg:

“ ’n Beweerde oortreding van of versuim om te voldoen aan—

- (a) ’n bepaling van hierdie Wet deur ’n lid van die Gevangenisdiens of ’n tydelike bewaarder of ’n gevangene word verhoor by ’n gevangenis of by ’n plek wat vir dié doel deur die Kommissaris aangewys word;
- (b) ’n bepaling van enige wet, behalwe van hierdie Wet, deur ’n lid van die Gevangenisdiens of ’n tydelike bewaarder of ’n gevangene, word verhoor deur ’n bevoegde hof by die plek waar hy gewoonlik sit; . . .”

Word hierdie twee bepalings saamgelees, blyk die posisie wat daaruit ontstaan, die volgende te wees: Oortree ’n gevangene enige bepaling van die Wet op Gevangenisbeheer moet hy deur ’n gevangenishof verhoor word. Oortree hy terselfdertyd die bepalings van enige ander wet (soos *in casu* die geval was) kan hy weens sodanige oortreding vir ’n tweede keer op verhoor gestel word, die keer egter voor ’n burgerlike hof. Is dit ’n lid van die gevangenisdiens of ’n tydelike bewaarder wat ’n bepaling van die Wet op Gevangenisbeheer oortree, moet hy insgelyks deur ’n gevangenishof verhoor word. Sodanige lid van die gevangenisdiens of tydelike bewaarder kan egter nie, indien hy terselfdertyd ’n bepaling van enige ander wet sou oortree, vir ’n tweede keer weens sodanige oortreding voor enige ander hof op verhoor gestel word nie. Só gesien, blyk dit dus dat die appellant in die onderhewige saak inderdaad vir ’n tweede keer voor ’n burgerlike hof aangekla kan word vanweë ’n oortreding van artikel 2(b) van Wet 41 van 1971 en dat hy uit hoofde van artikel 60 van die Wet op Gevangenisbeheer nie geregtig sou wees om die pleit van *autrefois convict* te opper nie.

Dit blyk egter ’n anomalie te wees om ’n gevangene vir ’n tweede keer op verhoor te kan stel maar nie ’n lid van die gevangenisdiens of ’n tydelike bewaarder nie. Die implikasie hiervan is dat dit gedoog word dat gevangenes uit hoofde van een handeling wat ’n oortreding van sowel die Wet op Gevangenisbeheer as enige ander wet daarstel, twee keer vervolgd mag word maar nie lede van die gevangenisdiens of tydelike bewaarders nie! Dit lyk, om die minste te sê, na ’n onhoudbare situasie. Waarom moet die gevangene nou juis uitgesonder word en dubbel blootgestel word aan ’n skuldigbevinding uit hoofde van dieselfde handeling? Die onaanvaarbaarheid hiervan blyk ook uit die hof se bevinding (65F) dat die skuldigbevinding voor die offisiërhof as ’n tugmaatreeël beskou moet word wat betrekking het op die handhawing van dissipline onder gevangenes maar dat die skuldigbevinding aan ’n oortreding van artikel 2(b) van Wet 41 van 1971 in die landdroshof die bekampings van ’n sosiale euwel en beskerming van die hele samelewing ten doel het — en dit terwyl die gevangene tydens die duur van sy aanhouding in die gevangenis juis uit die samelewing

onttrek word! Daar word dus aan die hand gedoen dat vanweë die bepalings van artikel 60 van die Wet op Gevangenis (die kritiek teen hierdie bepaling ten spyte), dit nie vir die appellant toelaatbaar was om ten tyde van sy tweede verhoor in die landdroshof die pleit van *autrefois convict* suksesvol te opper nie.

3 Die derde oorweging wat deur die hof in hierdie verband genoem word, het te make met die vraag of die misdrywe waarvan die appellant in die onderskeie verhore aangekla is wesenlik dieselfde is. Die hof wys daarop (64H-65A) dat die benadering by die oorweging van hierdie vraag dieselfde is as dié by die vraag of daar 'n vermenigvuldiging van aanklagtes is. In hierdie verband word dan soos volg (65C-G) beslis:

“Wat betref die gedeeltes van die misdaad-oms krywings wat van toepassing is op die onderhawige misdade, bepaal reg 99(1)(L) dat 'n *gevangene* wat 'enige ongeoorloofde artikel in sy . . . besit het' skuldig aan 'n oortreding is, en bepaal art 2(b) van Wet 41 van 1971 dat *enigiemand* 'wat sodanige afhanklikheidsvormende medisyne . . . in sy besit het' aan 'n misdryf skuldig is. Een en dieselfde handeling te wete besit word dus verbied. Die getuienis om 'n oortreding van reg 99(1)(L) te bewys sal, waar dit dagga is wat besit was, dus meteens ook 'n oortreding van art 2(b) bewys. Omgekeerd is dit egter nie die geval nie aangesien reg 99(1)(L) bepaal dat dit 'n *gevangene* moet wees wat in besit van die ongeoorloofde artikel is. Naas die getuienis wat 'n oortreding van art 2(b) bewys sal daar dus om 'n oortreding van reg 99(1)(L) te bewys, bykomende getuienis voorgelê moet word tot die effek dat die beskuldigde 'n *gevangene* is. Soos reeds gemeld, is daar sterk aanduidings dat die tugmaatreëls, vervat in reg 99(1), wat net op 'n bepaalde groep betrekking het, te wete gevangenes in gevangenis, die handhawing van dissipline met betrekking tot hierdie groep beoog. Die bepalings van art 2(b), aan die ander kant, beoog klaarblyklik, deur die verbod wat betrekking het op 'enigiemand', die bekamping van 'n sosiale euwel ter beskerming van die hele samelewing. Hierdie verskillende doelstellings maak die twee misdrywe so verskillend dat daar, meen ek, gesê kan word dat reg 99(1)(L) en art 2(b) twee aparte misdade skep en dat 'n skuldigbevinding op 'n aanklag van oortreding van die een dus nie as verweer opgewerp kan word in die geval van 'n aanklag van 'n oortreding van die ander een nie.”

Ter voorkoming van die verwarring van bestaande beginsels moet, ondanks die effek van artikel 60, gemeld word dat met die benadering van die hof nie saamgestem kan word nie. Dit is korrek om te aanvaar dat die betrokke misdaadoms krywings verskil. Altoos moet egter in gedagte gehou word wat die funksie van 'n ondersoek na die misdaadoms krywing is. Dit is, soos ook met enige ander toets wat aangewend word die geval is, hoogstens *riglyne* om vas te stel of twee aanklagte dieselfde is (*R v Kuzwayo* 1960 1 SA 340 (A) 344A). Die nut van enige toets is om te voorkom dat 'n persoon twee keer vir dieselfde *inhoudelike* misdadige gedrag gestraf word. Waar appèlreger Rumpff dus in *S v Grobler* 1966 1 SA 507 (A) 512A na die rol van die misdaadoms krywing verwys, is die belang daarvan en oogmerk daarmee dat dit bloot as *indicium* moet dien.

Dit behoort derhalwe duidelik te wees dat die aard en omstandighede van die beskuldigde se gedrag primêr is, en dat die misdaadoms krywing van sekondêre belang is. Trouens, dit gebeur selde dat die misdaadoms krywing van die “onbehoorlike” klag met dié van die regmatige aanklag ooreenstem — ooreenstemming sou die howe se taak baie vergemaklik maar die oms krywings verskil gewoonlik. Of 'n misdaadoms krywing *per se* verskil, is dus nie deurslaggewend nie, want soos dit gestel word in *R v Johannes* 1925 TPD 782 785:

“Generally speaking, the law is one act one offence, or rather, perhaps that one offence is constituted by the outcome of one criminal intent in the accused's mind, and that it is the carrying of that intention into effect which constitutes the criminal act.”

Dit is dienlik om eers die hof se basiese *premissa*, naamlik dat die getuienis op die een aanklag nie die ander bewys nie, te ondersoek en later die kwessie

van misdaadsomskrywings te behandel. Die hof steun swaar op die sogenaamde “bewystoets” wat helder uiteengesit is in *Gordon v R* 1909 EDC 254 269:

“It is difficult, if not impossible, in view of the decided cases, to lay down a hard and fast rule, which will apply with justness in every instance that has already been adjudicated upon, or which may in future arise for decision. Still we may adopt as a sound principle, which will cover many of the cases, that where the evidence, necessary to support the one charge, will likewise support the other, there the offences are the same. . . . It is by just legal principles alone, and not by the exercise of arbitrary discretion that we are to decide upon the matter. *Judicandum est ex legibus sed non exemplis* is the maxim of the Roman-Dutch law. So on the other hand, we may safely say that where two different indictments or counts each lay a charge differing in its elements from that laid in the other, though they both relate to one transaction, there the offences are separate and distinct.”

Om te beweer dat die twee misdade ter sprake nie dieselfde is nie, en dat onder meer getuienis aangevoer sal moet word om aan te toon dat ’n beskuldigde ook ’n gevangene is, is in prognostiese sin korrek. Daar kan gesê word dat nie net gevangenes dagga kan besit nie en dat daar ook ander ongeoorloofde artikels as dagga is. Indien na die besondere feite van hierdie geval gekyk word, blyk dit egter dat, diagnosties gesproke, die stelling nie korrek is nie. Die eerste aanklag bewys noodwendig die tweede (dit gee die hof *in casu* toe en daarom is appelland in die hof *a quo* skuldig bevind) maar waarom bewys die tweede aanklag se getuienis nie ook die eerste nie? Moet die feit dat appelland ’n gevangene is by die eerste aanklag weggedink word? Kan aanvaar word dat *Makoko* in twee hoedanighede kan teregstaan: beskuldigde *qua* gevangene *vis-à-vis* beskuldigde *qua* enigiemand? Die “gewone” besitter van dagga is moontlik nie ’n gevangene nie (waarskynlik later!) maar kan dit beteken dat die appelland nie ’n gevangene is nie? Gesonde verstand en billikeidsoorwegings dui hier onteenseglik daarop dat die appelland twee keer gestraf is vir wat in wese *een* strafwaardige feit is — naamlik die besit van dagga (*S v Grobler supra* 524C).

Daar kan net nie aanvaar word dat iemand in prosesregtelike sin (soos in hierdie feitestel) in twee hoedanighede kan besit nie. Ook onverklaarbaar is die feit dat appelland by een verhoor ’n gevangene is en by ’n ander weer nie een is nie. Oormatige klem op die hoedanigheid waarin ’n misdaad gepleeg word, kan tot onaanneemlike resultate lei. Waar iemand ’n polisiebeampte tydens die verrigting van sy pligte aanrand, sal dit beteken dat die volgende twee aanklagte moontlik is: Eerstens is die beskuldigde skuldig aan ’n oortreding van artikel 27(1) van die Polisiewet 7 van 1958 — hier is die polisiebeampte klaer *qua* polisiebeampte. Tweedens is hy klaer *qua* enigiemand waar die beskuldigde van gemeenregtelike aanranding aangekla word. Artikel 336 van die Strafproseswet 51 van 1977 staan duidelik bogenoemde resultaat, asook dié in *Makoko* se saak, teë. Dié artikel bepaal die volgende:

“Waar ’n handeling of ’n versuim ’n misdryf ingevolge meerdere wetsbepalings is of ’n misdryf ingevolge ’n wetsbepaling en die gemene reg is, is die persoon wat aan so ’n handeling of versuim skuldig is, tensy die teendeel blyk, vervolgbaar en strafbaar ingevolge die een of die ander wetsbepaling of, na gelang van die geval, ingevolge die wetsbepaling of die gemene reg, maar hy is nie aan meer as een straf onderhewig vanweë die handeling of versuim wat die misdryf uitmaak nie.”

Alhoewel, soos reeds in oorweging gegee is, die *getuienis* op die een aanklag die ander insgelyks bewys en dit hareklowery sou wees om anders te meen, kan die betrokke *misdadaadskrywings* nie as identies bestempel word nie. Dit is derhalwe noodsaaklik om opnuut vas te stel watter mate van ooreenstemming

deur die howe vereis word. Om algehele eenvormigheid te vereis, sou onregverdig teenoor die aangeklaagde wees; daarteenoor sou algehele verskil onbillik teenoor die staat wees. Eersgenoemde moontlikheid sou die pleit van *autrefois convict* vir alle praktiese doeleindes in die ban doen en sou in 'n onbeperkte aantal vervolgings kon resulteer. Laasgenoemde moontlikheid sou die effektiewe strafregspiegeling grootliks frusteer. Daar moet dus hier, soos met talle ander regspraakstukke die geval is, 'n belange-afweging plaasvind (vergelyk *S v Mbulawa* 1969 1 SA 532 (EDC) 534G).

Dit is aanvaarde reg dat iemand nie weer vir *dieselfde* misdaad as waaraan hy skuldig bevind is, aangekla kan word nie (*S v Ndou* 1971 1 SA 668 (A) 672H). Dit geld ook in geval van 'n misdaad wat "weselik dieselfde" is (*R v Constance* 1960 4 SA 629 (A) 635B) of in gevalle van "substantial identity" (*R v Long* 1958 1 SA 115 (A) 117G). In *O'Neill v South African Railways and Harbours* 1958 3 SA 269 (A) 276A sê appèlregter Schreiner die volgende ten aansien van die uitdrukking *autrefois acquit*:

"The expression was, in my view, introduced to support the conclusion that, looking at the substance of the matter, as should be done in cases of *autrefois acquit*, it is not merely the names of the crime and the misconduct that matter but their real equivalence."

Dieselfde gedagte word duidelik uiteengesit in *S v Davidson* 1964 1 SA 192 (T) 196C-E waar regter Colman die volgende sê:

"Substantial identity, it seems to me, means identity in substance, i.e. in essentials, as opposed to absolute identity, which would require that the two charges be identical in every respect. When seeking to apply the test laid down in *Long's* case, *supra*, I must, I think, go beyond the definitions of the two or more offences which fall to be considered. I must compare those offences as charged. If the offences, as charged, are identical in substance, even though they may differ in immaterial respects, the test is, in my judgment, satisfied. And I go further and say that if specific unlawful conduct is such that it may properly be described and charged as the commission of more than one crime known to our law, to charge a man with two of those crimes on those facts would be to charge him twice with the same offence, or substantially the same offence under different names."

Die benadering wat ons regspraak volg, is een wat vra na inhoud en nie na tegniese beskrywing nie (*R v Manasewitz* 1933 AD 165 169; *S v Nyati* 1972 4 SA 11 (T) 13H). As die misdadige gedrag wat teen die aangeklaagde beweer word dieselfde is, maak dit nie saak dat dit by meer as een misdaadomskrywing impas nie (Hoffmann en Zeffert 246 vn 4; *S v Bizi* 1971 1 SA 502 (RAD) 505B). Aangesien, soos reeds vroeër gesê is, die inhoudelike gedrag van primêre belang is, geld bogenoemde stelling ook omgekeerd: waar die misdaadomskrywing wel 'n noue verband toon maar diverse misdadige handelingte gevolg word, is twee aanklagte in orde. Daar word aan die hand gedoen dat die feite in *Makoko* nie van so 'n aard was nie.

Daar dien ook op gewys word dat die gebruik van die strafreg vir ontmoediging van besit van dagga soms gekritiseer word. Daar word aangetoon dat ter wille van die respek wat behou moet word vir *ander* strafsanksies, dit soms beter is om *nie* te straf nie. Die gemeenskap se siening van die misdaad van besit van dagga is tans, so wil dit voorkom, meer toegemoetkomend (*S v Khoele* 1984 2 SA 480 (O) 482A) en as daar dan wel gestraf word, moet dit op onberispelike wyse geskied. Deur voldoende te let op die individualisasie van straf (Du Toit *Straf in Suid-Afrika* (1981) 122) kan verhoed word dat 'n beskuldigde van die oogmerk van een strafbepaling na die oogmerk van 'n ander geslinger word. Strafteoreties is dit onwenslik dat *Makoko* eers ter wille van dissipline en later ter wille van voorkoming van 'n sosiale euwel gestraf word.

Waar die regsposisie opsommenderwys dus sodanig is dat 'n beroep op *autrefois convict* deur die tweede (en nie die derde oorweging nie) uitgesluit word, moet daar dadelik bygevoeg word dat waar dié posisie moontlik die reg is, dit beslis nie in ooreenstemming met geregtigheid is nie. Die oplossing van die probleem lê natuurlik by die skepper daarvan — die wetgewer. Die *bewoording* van die Wet op Gevangenisse is tans tot die effek dat 'n gevangene, wat die onderhawige aspek betref, op arbitrêre wyse benadeel word. Daarom word nou op die wetgewer gewag om te verklaar of dié uiters onbillike resultaat inderdaad ook sy *bedoeling* is of nie.

JL SNYMAN

RW ALBERTS

*Universiteit van die Oranje-Vrystaat*

*It is often more important that the law should be certain than that it should be ideally perfect. The strictures of some academics of this attitude and their lament will be borne with all the fortitude at one's command. They can be forgiven for they "knoweth not". They have not had judicial experience. (per regter Coetzee in Trade Fairs and Promotions (Pty) Ltd v Thomson 1984 4 SA 177 (W) 186-187.)*

# BOEKE

## THE LAW OF DELICT (VOL 1)

PQR BOBERG

*Juta Kaapstad Wetton en Johannesburg 1984; 1vi en 902 bl*

Prys R88,00 + AVB

Die verskyning van die eerste band van professor Boberg se *magnum opus* oor die Suid-Afrikaanse reg aangaande die onregmatige daad word meer as verwelkom. Die outeur, wat self geen bekendstelling nodig het nie, is naamlik een van die drie vooraanstaande en leidende kenners — saam met doktor NJ van der Merwe en professor JC van der Walt — op die gebied van die deliktereg. Hierdie werk plaas dan ook die kroon op 25 jaar se vrugbare arbeid en ervaring (dosering, navorsing en talryke publikasies) op die onderhawige regsgebied.

Die *opset* van die boek is ongewoon vir sover afgewyk word van die konvensionele patroon in ander Suid-Afrikaanse regspublicasies. Teksboek en vonnisbundel word naamlik verweef tot 'n unieke kombinasie. Hierdie samestelling het waarskynlik tot gevolg gehad dat alle voetnote tussen hakies in die teks self (ook wat die aantekeninge daaroor betref), en nie apart onder aan elke bladsy nie, geplaas moes word — 'n feit wat soms die leesbaarheid van die stof beïnvloed. Hoe dit ook al sy, weens die unieke opset van die boek geniet elke besondere onderwerp (soos wanvoorstelling of onregmatige mededinging) 'n vierledige behandeling: die teks; aantekeninge oor die teks; die sake; en aantekeninge oor elke saak.

Die *teks* gee bloot 'n bondige uiteensetting van die relevante beginsels weer. Die *aantekeninge* daarop bevat dan in besonderhede verwysings na en kritiese besprekings van die betrokke positiesfregtelike en akademiese bronne. In hierdie verband moet die outeur geluk gewens word met die omvang, objektiwiteit en deeglikheid van sy behandeling van veral die akademiese publikasies — selfs ongepubliceerde proefskrifte word kernagtig opgesom en krities ontleed! Soos in die advertensie van die boek te kenne gegee word: "Comprehensive and analytical, the Notes are truly a mine of information." Voorts volg 'n noukeurige geredigeerde, *verbatim*-weergawe van die belangrikste *beslissing(s)* oor die betrokke onderwerp. Hierdie hofverslae weer word toegelig deur *aantekeninge* oor elke saak. Die *aantekeninge* bevat kommentaar oor die besondere beslissing deur die outeur en andere, asook verwysings na alle relevante literatuur (die meeste waarvan opgesom en krities behandel word). 'n Totaal van 128 gewysdes

wat 490 bladsye beslaan, word op hierdie wyse betrek. In die lig van die voorgaande kan die boek met reg as 'n mini-biblioteek oor sekere aspekte van die deliktereg bestempel word.

Hiermee kom mens by die *inhoud* van die werk. Alvorens hierdie aspek in die besonder die aandag geniet, eers twee algemene opmerkings. In eerste instansie omvat die eerste band van *The Law of Delict* nie die hele gebied van die onregmatige daad nie, maar word dit by name uitdruklik tot Aquiliese aanspreeklikheid beperk. Dié benaming is egter in 'n mate misleidend aangesien sommige aangeleenthede wat direk met die *actio legis Aquiliae* verband hou, nie in hierdie band besondere aandag geniet nie, soos mededaderskap (vgl 654), middellike aanspreeklikheid en die beskikbaarheid van die Aquiliese aksie vir nie-eienaars (sien 625). Tweedens beperk die skrywer hom hoofsaaklik tot die “moderne Suid-Afrikaanse” deliktereg. Verwysings na en besprekings van sowel Romeins-Hollandse skrywers as vreemdregtelike standpunte is dienoooreenkomstig minimaal. Hierbenewens word die klem op die hofverslae van die afgelope 30 jaar gelê omdat daarin volgens die outeur 'n weerspieëling van die geldende deliktereg gevind kan word — 'n opvatting wat ek heelhartig met hom deel. In die besonder sien die inhoud van die boek vervolgens soos volg daar uit:

In hoofstuk een word die aard en grondslag van deliktuele aanspreeklikheid bespreek. Aandag word veral gegee aan die aard van 'n onregmatige daad, die rol van skuld, die deliktuele remedies, die vereistes vir aanspreeklikheid, die verweersgronde en die outeur se benadering tot die deliktereg. In hierdie verband dien op die volgende gelet te word. Boberg (1) se omskrywing van 'n delik as “an infringement of another's interests” is misleidend. Dit skep naamlik die wanindruk dat *alle* individuele belange hier tuisgebring kan word, terwyl dit sekerlik net oor die aantasting van regtens *erkende* en *beskernde* belange gaan (vgl 32). Voorts is dit duidelik dat die outeur nog nie klaarheid oor die begrip *subjektiewe reg* (in die tradisionele sin van 'n *regsbetrekking* tussen 'n *regsubjek* en 'n *identifiseerbare, afgebakende, selfstandige regsobjek*) (vgl *Universiteit van Pretoria v Tommie Meyer Films (Edms) Bpk 1977 4 SA 374 (T) 381-382*) het nie. Met sy beskouing (1; sien ook 32 38) dat elke plig as keersy 'n korrelerende reg (“right”) het, kan nie fout gevind word nie. Wat wel bevraagteken word, is sy mening (38) dat elke sodanige “right” tegelykertyd 'n subjektiewe reg — in vermelde sin — is (vgl ook 731 waar hy “a right not to suffer [patrimonial] loss” as 'n subjektiewe vermoënsreg bestempel). Dit is byvoorbeeld beslis nie die posisie met betrekking tot nalatige wanvoorstelling as verskyningsvorm van *damnum iniuria datum* nie. In hierdie geval word die onregmatigheidsvraag tog beantwoord met verwysing na die regsplig om die korrekte inligting te verskaf juis omdat 'n identifiseerbare subjektiewe reg meestal ontbreek. Die keersy van bedoelde plig, te wete die reg op die korrekte inligting of die reg om nie mislei te word nie, kwalifiseer beslis nie as 'n tradisionele subjektiewe reg nie (vgl Pauw 1978 *THRHR* 57-58; sien ook Boberg se aantekening op 62). Die korrelaat van 'n regsplig is dus nie noodwendig 'n subjektiewe reg nie. So gesien, verdien Van der Walt (*Delict: Principles and Cases* (1979) 21) se stelling dat skending van 'n subjektiewe reg en verbreking van 'n regsplig twee alternatiewe, selfstandige onregmatigheidsgronde daarstel, instemming. Terselfdertyd moet Boberg (32 38) se kritiek op Van der Walt se beskouing — in die lig van eersgenoemde se

foutiewe siening dat elke plig as keersy 'n subjektiewe reg het en dat regskenning en pligsverbreking daarom nie selfstandige onregmatigheidsgronde daarstel nie, maar net alternatiewe “paths to” (32) of “ways of looking at” (38) die onregmatigheidsprobleem is — as ongeregverdig afgewys word. Ter wille van volledigheid kon die outeur (16 17) met betrekking tot persoonlikheidsbeskerming daarop gewys het dat afgesien van die aanspreeklikheid van die pers weens laster, aanspreeklikheid weens onregmatige vryheidsberowing en onregmatige beslaglegging op goed ook *skuldloos* is (vgl *Ramsay v Minister of Police* 1981 4 SA 802 (A) 818–819).

Hoofstuk twee handel oor die onregmatige handeling of late. Die klem val veral op onregmatigheid as delikselement alhoewel ander elemente, veral nalatigheid en kousaliteit, ook soms bygehaal word. Die hoofde wat bespreek word, is die begrip onregmatigheid, nalatige wanvoorstelling, die nalatige veroorsaking van suiwer ekonomiese verlies, onregmatige mededinging, betreding (“trespass”), emosionele skok, vervaardigersaanspreeklikheid, regsmisbruik en aanspreeklikheid weens 'n late. Nou val dit dadelik op dat sommige van hierdie hoofde, soos dié met betrekking tot wanvoorstelling, ekonomiese verlies, mededinging, skok en defekte produkte besondere verskyningsvorme van *damnum iniuria datum* daarstel. Alle elemente van 'n delik — en nie net onregmatigheid nie — is dus by hulle van belang. Gevolglik sou 'n bespreking van hierdie hoofde meer van pas gewees het nadat al die elemente reeds behandel is. Veral die oningewyde (student) moet byvoorbeeld tog eers met nalatigheid kennis maak alvorens 'n bespreking van “negligent statements” of “pure economic loss caused negligently” werklik vir hom sin kan hê.

Afgesien hiervan moet met betrekking tot hoofstuk twee ook op die volgende gelet word. In eerste instansie getuig Boberg se siening omtrent die toepaslikheid van die *redelike voorsienbaarheidskriterium* nie van volkome helderheid nie. Aanvanklik aanvaar hy (33) klaarblyklik — en volkome tereg ook — dat die redelike voorsienbaarheid van skade geen rol by die onregmatigheidsvraag (as diagnose) speel nie, maar wel van deurslaggewende betekenis by die bepaling van nalatigheid (as prognose) is. (Sien ook 104 waar hy sê dat die feit dat skade redelikerwys voorsienbaar is, “serves only to establish fault.”) Hy verwys (35 36) met betrekking tot die “policy based”-aspek van die “duty of care”-leerstuk trouens met goedkeuring na Millner waar hy verklaar dat hierdie aspek “entirely divorced from foreseeability” is (sien ook Boberg (36) se verwysing na *Tobacco Finance (Pvt) Ltd v Zimnat Ins Co Ltd* 1982 3 SA 55 (Z) 61). Later skyn hy egter — sonder motivering — van standpunt te verander. Hy verklaar (135) naamlik ten aansien van aanspreeklikheid weens suiwer ekonomiese verlies dat die benadering dat “the foreseeability of the plaintiff’s claim pertains to wrongfulness,” “preferable” is.

In verband met die nalatige veroorsaking van suiwer ekonomiese verlies moet ook verwys word na Boberg se opvatting omtrent die wenslikheid van die beleidsoorweging dat die moontlikheid van “a multiplicity of actions” wat tot “an overwhelming potential liability” aanleiding kan gee, aanspreeklikheid uitsluit (sien in die algemeen 34 104–105 146–148). My eie mening is dat bedoelde oorweging nie vir 'n sinvolle en rasonale toepassing deur die hofe vatbaar is nie (sien 1983 *THRHR* 205). Boberg (vgl 105) weer het sonder meer volle ver-

trou in die regsprekers se oordeel. Hy dui self egter nie aan *op welke wyse* vermelde oorweging rasoneel toegepas kan word nie. Sodoende word 'n geleibuis vir *regsonsekerheid* geskep wat op sy beurt weer tot "injustice" (vgl 266) aanleiding kan gee. So gesien, klink Boberg se opmerking (146) dat "[n]o harm is done" deur middel van die aanwending van regspolitieke faktore (waaronder bovermelde) taamluk hol.

By nalatige wanvoorstelling mis ek in die outeur se aantekeninge (81-83) oor *Herchel v Mrupe* 1954 3 SA 464 (A) 'n verwysing na Van Heerden (*Grondslae van die Mededingingsreg* (1961) 215 e v) se waardevolle kommentaar oor hierdie saak. Voorts wonder 'n mens in hierdie verband of Boberg se kritiek (83) op *Smit v SA Vervoerdienste* 1984 1 SA 246 (K) heeltemal opgaan in die lig van sy oënskylnlike goedkeuring (82) van die beginsel in die *Herchel*-saak dat "a defendant has no duty to take care on a plaintiff's behalf where the plaintiff has the means to protect himself by his own care." Was die kinders (eisers) in die *Smit*-saak dan nie juis in die posisie om hulleself te beskerm nie (eenvoudig deur nie die bomme te maak het nie), en het daar om dié rede dus geen "duty to take care" op die Spoorweë (verweerder) gerus nie?

In die afdeling oor onregmatige mededinging gee die outeur te kenne (149) dat "intention . . . an element of all the established forms of unlawful competition" is. Dit is nie waar wat byvoorbeeld "passing off" betref nie. In *Link Estates (Pty) Ltd v Rink Estates (Pty) Ltd* 1979 2 SA 276 (OK) 281 word verklaar: "Seeing that passing off is a delict and that the action to which it gives rise is Aquilian-based . . . the appellant was not bound, in order to succeed, to prove *dolus* on the respondent's part . . ." 'n Baie belangrike resente beslissing op die gebied van onregmatige mededinging is *Butt v Schultz* 1984 3 SA 568 (OK) (sien my bespreking van hierdie vonnis *supra* in hierdie uitgawe van die *THRHR*). Die mededingingsprinsiep as onregmatigheidskriterium word naamlik in dié saak tereg — weliswaar by implikasie — voorop gestel (vgl nietemin 151). Voorts dink ek dat mens in die lig van die meerderheid resente beslissings (sien Van Heerden en Neethling *Onregmatige Mededinging* (1983) 140 vn 27) nou maar kan aanvaar dat die Engelsregtelike "action for breach of trust or confidence" op die gebied van onregmatige mededinging nie deel van ons reg is nie (vgl nietemin 165). Laastens kon die outeur in die huidige verband ook na die proefskrif van Wiehahn *Boikot as Onregmatige Daad* (1973) verwys het.

Met betrekking tot emosionele skok het die voorsienbaarheidskriterium — soos neergelê in *Bester v Commercial Union Versekeringsmaatskappy van SA Bpk* 1973 1 SA 769 (A) — volgens Boberg (192) met "remoteness of damage" ("legal causation" of aanspreeklikheidsbegrensing) niks te make nie: "For according to *Bester's* case the issue was not one of remoteness at all: it was one of fault (negligence) in relation to nervous shock." Daarom is die beslissing in *Masiba v Constantia Ins Co Ltd* 1982 4 SA 333 (K) volgens hom op hierdie punt verkeerd. Ten onregte. In die *Bester*-saak word dit intendeel herhaaldelik uitdruklik gestel dat die hof, nadat 'n dader se nalatigheid reeds bevind is (sien 778 en 781 van die verslag), die aanspreeklikheid van die dader vir resulterende emosionele skok slegs volgens die redelike voorsienbaarheidsmaatstaf wil bepaal: dus 'n kwessie van "remoteness of damage" of van die vasstelling van die perke van die onregspeler se *reeds gevestigde aanspreeklikheid*. Van 'n tweede

bepaling van nalatigheid — nou ten aansien van die emosionele skok — is daar beslis nie sprake nie.

Boberg teken in verband met die leerstuk van misbruik van reg sterk beswaar aan (207 209) teen skrywers soos Van der Walt en Van der Merwe en Olivier wat die opvatting huldig dat die beginsel dat motief 'n rol kan speel by die bepaling van die redelikheid (regmatigheid) al dan nie van 'n persoon se optrede, algemene gelding op die gebied van die deliktereg het. Volgens hom is motief net in sekere uitgekristalliseerde gevalle relevant. Nou kom dit in eerste instansie voor of Boberg se beswaar op 'n misverstand berus. Die feit dat motief algemene gelding het, beteken volgens vermelde skrywers beslis nie dat dit *noodwendig* in elke geval toepassing moet vind nie (vgl 209). Steeds bly dit slegs 'n faktor wat by die bepaling van redelikheid of nie 'n rol kan — nie moet nie — speel. Hierbenewens is dit moeilik om Boberg se beswaar te versoen met sy klaarblyklike goedkeuring van die *boni mores* — of redelikheidskriterium as algemene onregmatigheidsmaatstaf. Net soos motief, word hierdie maatstaf tog ook net in besondere gevalle direk toegepas. Hierdie feit doen egter nie afbreuk daaraan dat die redelikheidskriterium “inherent in our general law of delict” is nie. Dieselfde geld ten aansien van motief. Daarom kan motief steeds — soos die outeur self (208) te kenne gee — 'n rol in nuwe situasies speel. Boberg (207) se ander beswaar teen die algemene gelding van motief is dat “its operation must be confined to the intentional infliction of harm, for there is no room for motive where only negligence is present.” Hierdie beswaar gaan ook nie op nie. Boberg verloor naamlik uit die oog dat ten spyte van 'n onbehoorlike motief, opset weens 'n *onredelike* dwaling (afwesigheid van onregmatigheidsbewussyn) by 'n persoon kan ontbreek en dat daar by hom dan minstens nalatigheid aanwesig is. So beskou, kan motief dus ook in gevalle van nalatigheid relevant wees.

In verband met hoofstuk twee kan die volgende opmerkings ten slotte gemaak word. Eerstens lyk dit of daar veel te sê is vir die outeur se aanbeveling omtrent die erkenning van 'n sesde kategorie van aanspreeklikheid vir 'n late. Dit is naamlik dat “the contractual assumption of responsibility for the safety of a third party” (212; sien ook 225 260) ook aanduidend behoort te wees van die bestaan van 'n regsplig om positief-handelend op te tree. Tweedens moet vermeld word dat die outeur, afgesien van in hierdie hoofstuk (sien 147; vgl ook 206–210 oor motief), ook op verskeie ander plekke in die boek (sien 796 799 835) op oortuigende wyse aantoon dat sogenaamde *dadersubjektiewe* faktore 'n rol by die objektiewe *ex post facto* onregmatigheidstoets kan speel.

Hoofstuk drie omvat 'n bespreking van die skuldelement, veral nalatigheid. Ten aanvang word kortliks tussen opset en nalatigheid onderskei. Daarna word die volgende aspekte ten opsigte van nalatigheid behandel: die toets van redelike voorsienbaarheid; die onvoorsienbare eiser; die hoeveelheid sorg wat aan die dag gelê moet word (met betrekking tot “sudden emergency,” kinders, die bestuur van motorvoertuie en deur deskundiges); die regspraak oor nalatigheid (die bestuur van motors in die besonder); en die bewys van nalatigheid. In sy vergelyking van opset en nalatigheid vind die outeur (273–274) die gevolgtrekking van regter Didcott in *S v Zoko* 1983 1 SA 871 (N) dat “where *dolus* is present, so too is *culpa*,” “both logical and just.” Hierdie bevinding word heelhartig onderskryf. Dit behoeft eintlik geen betoog nie dat die opsetlike benadeling van 'n ander strydig is met die sorg wat die *bonus paterfamilias* aan die dag sou gelê

het en dat nalatigheid daarom terselfdertyd ook aanwesig is. Hierdie slotsom kan interessante konsekwensies met betrekking tot die toepassing van die Wet op Verdeling van Skadevergoeding 34 van 1956 hê. Tans is die posisie (sien 663-664) dat daar geen verdeling kan plaasvind waar die verweerder opsetlik en die eiser net nalatig gehandel het nie. Ook is bydraende opset aan die kant van die eiser — altans teoreties gesien — 'n volkome verweer indien die verweerder slegs nalatig was. Indien men's egter nou aanvaar dat opset tegelykertyd ook nalatigheid daarstel, dan is 'n verdeling van skadevergoeding in albei die gevalle moontlik. (Waarskynlik sal 'n opsetlike handeling op 'n 100% afwyking van die norm van die redelike man neerkom.) Hieruit volg voorts dat waar albei partye opsetlik gehandel het, verdeling op 'n 50:50 basis kan geskied. 'n Verdere konsekwensie ten opsigte van die aksie van afhanklikes is dat waar die oorlede broodwinner opset en 'n derde slegs nalatigheid ten aansien van sy dood gehad het, verdeling op 'n rasionele basis tussen die twee mededaders kan plaasvind. Of hierdie konsekwensies egter in die regspraak aanvaar sal word, sal net die tyd leer.

Alvorens Boberg se omskrywing van nalatigheid vervolgens die aandag geniet, is dit wenslik om ook die inhoud van hoofstuk vier hier te betrek. Die oorweging hiervoor is dat hoofstuk vier 'n bespreking van feitelike en juridiese kousaliteit ("remoteness of damage") omvat en dat laasgenoemde aangeleentheid direk by die outeur se nalatigheidstoets relevant is. Boberg (276-277 381-382 447-448) — anders as die huidige skrywer — het geen tyd vir "legal causation" as 'n selfstandige aspek van die onregmatige daad nie. Volgens hom moet die vraag vir welke gevolge van sy onregmatige daad die dader aanspreeklik gehou moet word — dit is die vraag na juridiese kousaliteit — by die nalatigheidstoets inbegrepe word. Hierdie "relative view of negligence" hou dan in dat dit by die vasstelling van nalatigheid telkens om die redelike voorsien- en voorkombaarheid van 'n *spesifieke nadelige gevolg* gaan en nie om die voorsien- en voorkombaarheid van *skade in die algemeen* (soos die voorstanders van juridiese kousaliteit dit wil hê) nie. Dié gesigspunt pas hy (308-309 311) ook met betrekking tot die "unforseeable plaintiff" toe. 'n Aantal besware kan egter teen Boberg se "notion of relativity" — en bygevolg ten gunste van juridiese kousaliteit as selfstandige delikselement — ingebring word. In eerste instansie word hy genoep om die logiese noodwendigheid te misken dat indien eenmaal besluit is dat 'n redelike man anders sou opgetree het om die besondere gevolg te vermy, dit geen sin het om hierdie beslissing ten aansien van ander (verdere) gevolge te herhaal nie (sien Hart en Honoré *Causation in the Law* (1959) 239-240). Slegs die aanvaarding van juridiese kousaliteit as delikselement kan uitkoms uit hierdie dilemma bied. Tweedens verskaf Boberg se standpunt geen oplossing vir die begrensing van aanspreeklikheid by *opsetlike* skadeveroorsakende handeling en *skuldlose* aanspreeklikheid (vgl 389) nie. Hierteenoor is die feit van die saak dat mens wel die redelike voorsienbaarheidskriterium as selfstandige juridiese kousaliteitsmaatstaf — net soos by nalatigheid — met goeie gevolg in albei hierdie gevalle kan aanwend (sien bv *Brown v Hoffman* 1977 2 SA 556 (NK) 557 559-560 m b t opset; en *Shills v Massey Ferguson, Inc* (1969) 296 F Supp 776 782 m b t skuldlose vervaardigersaanspreeklikheid in die VSA). Laastens is Boberg se siening (vgl 382) ook direk strydig met die appèlhofbeslissing in *Minister of Police v Skosana* 1977 1 SA 31 (A) waarin juridiese kousaliteit as delikselement uit-

druklik erken word (sien ook *Siman and Co (Pty) Ltd v Barclays National Bank Ltd* 1984 2 SA 888 (A)). In verband met hoofstuk vier (399) moet die outeur se aandag ten slotte daarop gevestig word dat TJ Scott beslis nie 'n "she" (vrou) is nie.

Hoofstuk vyf het as opskrif "Patrimonial Loss." Persoonlikheidsbenadeling weens pyn en lyding word as uitsondering egter ook hier te berde gebring. Hoe dit ook al sy, die skade- of nadeelelement word in hierdie hoofstuk in meer besonderhede as in ander Suid-Afrikaanse handboeke oor die deliktereg behandel. Dit geld veral vir die afdeling wat oor die omvang of die *quantum* van die vergoeding handel — 'n afdeling wat meer as 'n honderd bladsye beslaan. Die outeur se beklemtoning van die onderskeid tussen verlies van *verdienvermoë* en verlies van *toekomstige verdienste* (sien 530–531 538–540 575–577), en sy argumente dat die toekenning van skadevergoeding eerder op eersgenoemde as op laasgenoemde gebaseer moet word, verdien spesiale vermelding en is nie sonder meriete nie.

Die verwere teen die Aquiliese aksie word ten slotte in hoofstuk ses bespreek. As inleiding geniet die aard van 'n verweer en die kwessie van die bewyslas die aandag. Daarna word die volgende verwere in besonderhede behandel: bydraende nalatigheid; toestemming en aanvaarding van die risiko van benadeling; statutêre bevoegdheid; noodtoestand en noodweer; provokasie (*retorsio*); en oerlike of *quasi*-oerlike gesag.

In hierdie verband moet op die volgende gelet word. Boberg gee te kenne (646) dat "competition in trade is *prima facie* lawful . . ." Dié stelling gaan egter net op met betrekking tot onregstreekse inwerkings op die werfkrag van 'n mededinger (sien Van Heerden en Neethling 73 81 e v). Regstreekse inwerkings is hierteenoor prinsipiëel onregmatig (*ibid* 73 169 e v). Die vraag of 'n regverdigingsgrond tot die verweerder se beskikking staan, is gevolglik hier — anders as wat die outeur sê (646) — wel van belang (Van Heerden en Neethling 73 169–170 203 e v). In verband met die *boni mores* as begrensingsmaatstaf vir 'n regsgeldige toestemming kon Boberg (729) na die beslissing van die Rhodesiese appèlhof in *S v Collett* 1978 3 SA 206 (RA) verwys het. Die hof (213) verklaar naamlik dat "it would . . . have been contrary to public policy to permit consent to operate as a defence to the charges of assault in the instant case."

Boberg weier (828–829 834–837) om te aanvaar (soos die resente beslissing in *Bester v Calitz* 1982 3 SA 846 (O) en *Wapnick v Durban City Garage* 1984 2 SA 414 (D) 419–420) dat provokasie in besondere omstandighede 'n aantasting van die reg op die fisiese integriteit ("physical assault") kan regverdig. In eerste instansie voer hy aan (829) dat 'n aanranding wat volg op 'n provokatiewe liggaamsaantasting wel "natural [is], but it is against the law." Die funksie van die reg in hierdie verband is volgens hom om mense op te voed "to display self-control in the face of provocation" (836). Hierteenoor klink die argument dat 'n aanranding *in retorsio* deur die reg veroorloof moet word juis omdat dit die natuurlike reaksie van selfs die mees redelike man is, vir my baie meer aanneemlik. Sodoende word erkenning verleen aan die beginsel dat aan 'n dader "nooit hoër eise gestel word nie as wat redelik is en redelik beteken . . . dit wat van die gewone deursneemens in die besondere omstandighede verwag kan word"

(*S v Goliath* 1972 3 SA 1 (A) 24; vgl nietemin Boberg 836). In ooreenstemming hiermee sou die (lofwaardige) funksie van die reg dan wees om mense op te voed om nie andere te probeer nie.

Verder bevraagteken Boberg (834–835) ook die argumente van Van Aswegen (1982 *De Jure* 368) ten gunste van die erkenning van provokasie as regverdigingsgrond. Hy ontken (834–835) eerstens dat mens by provokasie met die afweging van die belange van die geprovokeerde teenoor dié van die probeerder te make het. Dit behoeft egter geen betoog nie dat 'n belange-afweging inherent aan die proporsionaliteitsbeginsel is wat by provokasie as verweer geld. Dié beginsel hou naamlik in, (i) dat die betrokke belange eweredig moet wees (m a w dat bv 'n *liggaamsaantasting* (aanranding) *in retorsio* slegs deur 'n voorafgaande provokatiewe *liggaamsaantasting* geregtig kan word; en (ii) dat die belang-aantasting *in retorsio* nie buite verhouding tot die voorafgaande aantasting moet wees nie (d i “that the physical assault by the second person is not out of proportion in its nature and degree to the assault by the first aggressor.” *Powell v Jonker* 1959 4 SA 443 (T) 445). Boberg se tweede punt van kritiek (“main objection”) teen Van Aswegen se redenasie is so onbillik en ongeregverdig dat dit werklik jammer is dat hy dit geopper het. Hy gee te kenne (835) dat sy beweer het dat omdat die toets vir onregmatigheid objektief is, en omdat provokasie ook objektief beoordeel word, daarom (en slegs daarom) is provokasie 'n regverdigingsgrond. Sodoende maak sy haar volgens hom aan 'n *non sequitur* skuldig aangesien, afgesien van onregmatigheid, daar ook ander delikselemente is wat objektief beoordeel word. Nou is dit onteenseglik so dat Boberg 'n redenasie aan Van Aswegen toeskryf wat sy hoegenaamd nie gemaak het nie. Uit haar hele betoog is dit duidelik dat sy nie beweer het dat provokasie onregmatigheid ophef *net* vanweë die feit dat dit objektief beoordeel word nie. Sy sê intendeel uitdruklik dat dit by provokasie oor 'n “objektief beoordeelde belange-afweging” (Van Aswegen 370–371) gaan en dat dit om dié rede die onregmatigheidsvraag betrek. Hierbenewens blyk uit haar betoog dat sy slegs met onregmatigheid doenig was. Ander objektief beoordeelde delikselemente, soos nalatigheid en juridiese kousaliteit (redelike voorsienbaarheid), was gevolglik hoegenaamd nie ter sprake nie en is daarom ook nie vermeld nie. Vir my kom dit voor of Boberg die feit dat Van Aswegen wel 'n belange-afweging by provokasie erken, misken het omdat hyself sodanige afweging ontken en dat hy hom daarom aan “as nice a *non sequitur* as one could wish to meet” (vgl 835) skuldig gemaak het!

Ten spyte van die punte van kritiek hierbo, is Boberg se *The Law of Delict* werklik 'n unieke en besonder waardevolle bydrae tot die Suid-Afrikaanse regs-literatuur in die algemeen en die reg aangaande die onregmatige daad in die besonder. Veral as verwysingshandboek het die werk nie sy gelyke nie. Ek voorspel dat die boek nog baie invloed op die ontwikkeling van die deliktereg sal uitoefen en Boberg se reputasie as uitstaande juris verder sal onderstreep. Die boek word dus met die grootste vrymoedigheid aanbeveel vir studente (die prys plaas dit ongelukkig buite bereik van die meeste), dosente, regspraktisyns en regterlike beamptes.

# Die Grondwet van die tweede Republiek van Suid-Afrika

F Venter

*Blur et Com LLD*

*Professor in Publiekreg aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys*

## SUMMARY

This article presents a concise technical discussion of the legal effect of the Republic of South Africa Constitution Act 110 of 1983. This is done by means of a systematic analysis of the provisions of the Constitution regarding its intention as reflected in the preamble and constituent provisions, the provisions regarding the state presidency, both as head of state and of government, as legislative organ and as referee in determining own and general affairs. Separate sections of the article are devoted to the cabinet and ministers' councils, to parliament (with an excursion into legislative procedure as provided for in the internal rules of parliament), the president's council, the constitutional function of the supreme court and the provincial authorities. It is concluded that the Constitution contains the potential of allocating to the law an enhanced role in South Africa regarding the exercise of governmental power.

## 1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Op 2 November 1983 het naastenby twee derdes van die blanke kiesers wat aan 'n volkstemming deelgeneem het, hulle ten gunste van die inwerkingtreding van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 110 van 1983 uitgespreek. In die aanloop tot die volkstemming was die nuwe Grondwet seker een van die gloeiendste politieke debatspunte wat die Suid-Afrikaanse staatsvolk nog beleef het. In die lig van die feit dat die nuwe Grondwet op 3 September 1984 in werking gestel is,<sup>1</sup> en die ingrypendste staatsregtelike verandering in Suid-Afrika sedert 1910 daardeur teweeggebring is, is 'n juridiese ontleding daarvan aangewese.

Dat 'n nuwe grondwetlike bedeling, 'n tweede republiek, waarskynlik aan die kom was, het geleidelik, veral sedert 1976 duidelik geword. Die verloop van hierdie geskiedenis en teoretiese aspekte daarvan is elders<sup>2</sup> afdoende in kontemporêre publikasies beskryf, sodat hier op die gepubliseerde teks van 28 September 1983<sup>3</sup> gekonsentreer kan word.

1 Prok 119 van 1984, gepubliseer in SK 9308 van 1984-7-6.

2 Kyk bv Van Vuuren, Wiehahn, Lombard en Rhoadie (reds) *Change in South Africa* (1983); Benyon (red) *Constitutional Change in South Africa* (1978); Jacobs, Ferreira en Meyer (reds) *'n Nuwe Grondwetlike Bedeling vir Suid-Afrika: Enkele Regsaspekte* (1981).

3 SK 8914 van 1983-9-28.

Die Grondwet is 'n taamlik komplekse dokument waarvan die eindeffek op plekke eers vasgestel kan word nadat verskeie bepalings saamgelees is.<sup>4</sup> Die formulering is egter in verskeie opsigte suiwerder as dié van die 1961-grondwet,<sup>5</sup> hoewel daar ook nog bepalings is wat onelegant bewoord is<sup>6</sup> en enkele bepalings wat nie 'n toonbeeld van helderheid is nie.<sup>7</sup> Hoewel verskeie bepalings van die 1961-grondwet, waarvan die formulering uit Brits-koloniale dokumente oorgeneem is, in 1983 weggelaat of herformuleer is, het enkeles daarvan tog nog oorgebly.<sup>8</sup>

Die Grondwet, waarvan die Engelse teks onderteken is, bestaan uit 103 artikels, verdeel in tien hoofstukke, genoem "dele." Dit is voorsien van 'n voorrede en twee bylaes, waarvan bylae 2 twee dele het. Dele I en II van die Grondwet bevat die belangrikste konstituerende bepalings, deel III die basiese bepalings in verband met die staatspresidentsamp, deel IV saamgelees met bylae I behandel "eie" en "algemene" sake van die drie betrokke bevolkingsgroepe, deel V reël die hoofaspekte van die uitvoerende gesag, deel VI die wetgewende gesag, deel VII die regsprekende gesag met verwysing na die Wet op die Hooggeregshof 1959, deel VIII skep die presidentsraad en rig dit in, deel IX reël die grondslag van die staatsfinansies en deel X bevat algemene en oorgangsbepalings, waaronder die verskansings-, oorgangs-, en wysigingsbepalings wat met bylae 2 saamgelees moet word.

Die Grondwet is geen "Grundnorm" waarvan alle ander reg afhanklik is of terughertoe moet word nie en is in beginsel buigsaam. Die wetgewingsprosedure waarvoor die Grondwet in deel VI voorsiening maak en die twee grade van verskansing wat in artikel 99 geskep word, kwalifiseer egter die buigsaamheid daarvan op 'n vir die Suid-Afrikaanse staatsreg unieke wyse. Wet 110 van 1983 is, soos sy 1961-voorganger, bepalend vir die hele Suid-Afrikaanse regstelsel. Aan die beginsel van wetgewersoewereiniteit is nie wesenlik verander nie. Die Grondwet bevat natuurlik nie al die Suid-Afrikaanse staatsreg nie, maar bestem die hoofkonstruksie van die juridiese staatsbestaan, orgaansinrigting en -kompetensies van die tweede republiek. Teen hierdie agtergrond moet die besonderhede van die grondwetlike bepalings ondersoek word.

## 2 AANHEF EN KONSTITUERENDE BEPALINGS

In die aanhef of voorrede is, soos vanselfsprekend in die res van die wet, die grondwetgewer aan die woord. In hierdie geval is dit die sewende parlement van die (eerste) Republiek van Suid-Afrika, bestaande uit die staatspresident en volksraad, soos saamgestel en met wetgewende gesag beklee ingevolge Wet 32 van 1961.

4 So kan die baie belangrike a 16 bv nie sonder a 26, 31 en 98 gelees word nie en a 16(1)(b) se volle betekenis word eers deur a 19(1)(b) bestem (sonder dat daar in een van die twee 'n kruisverwysing voorkom).

5 Die voorrede is bv meer realisties geformuleer, in die sin dat die weergawe daarin van die aannameproses meer in ooreenstemming met die werklike gebeure is as wat in die 1961-grondwet die geval was; die verskansing van Afrikaans in a 88 word nie meer gekompliseer deur Afrikaans (soos in die ou a 119) ook as "Hollands" te definieer nie; a 23 ruim die *lex imperfecta* van a 19 van die 1961-grondwet uit die weg, ens.

6 Vgl bv a 2, a 7(1)(b) en a 69.

7 Vgl die bespreking van bv a 7(3)(a) en a 31 hieronder.

8 Vgl bv a 6(4), 88 en 93.

Die voorrede kan gesien word as 'n inleidende verklaring van die grondwet-gewer waarin hy die gesindheid waarin hy die wet positieër, openbaar en in breë trekke sy oogmerke met die wet uiteensit. Dit is egter nie deel van die materie van die wet self nie. Anders gestel, die aanhef bring geen positiewe regsreëls tot stand nie en geen staatsorgaan of ander regsobjek word daardeur gebind nie. Dit kan egter wel volgens die reëls van wetsuitleg gebruik word om lig te werp op die betekenis van onduidelike of dubbelsinnige bepalings in die Grondwet. Die grondwetgewer se bedoeling met die Grondwet blyk uit die voorrede die volgende te wees:

- a die fundering en inrigting van die tweede republiek met erkenning van die kosmiese soewereiniteit van God;
- b om nasionale eenheid te bevorder;
- c om die handhawing van die volgende te bevorder:
  - Christelike waardes en beskaafde norme;
  - geloofsvryheid;
  - nasionale soewereiniteit;
  - 'n onafhanklike regbank;
  - gelykheid voor die gereg;
  - die handhawing van wet en orde;
  - geluk, geestelike en stoflike welvaart, klaarblyklik van die staatsvolk;
  - eerbiediging en beskerming van die menswaardigheid, lewe, vryheid en eien-dom, klaarblyklik van alle betrokkenes;
  - etniese selfbeskikking;
  - 'n ekonomiese stelsel gebaseer op privaatinisiatief en mededinging;
  - demokratiese regeringsvorms geskik vir Suid-Afrikaanse omstandighede;
- d om in die staat waarvan hy die wetgewende oorgaan is, 'n nuwe staatsregtelike orde tot stand te bring, deur hierdie grondwet daaraan te "gee."

Dit val op dat die terminologie wat in die middelste gedeelte van die voorrede gebruik word (veral in paragraaf c hierbo weergegee), ook gangbare terminologie by menseregteverklarings is. Daarby moet opgemerk word dat heelwat daarvan geen duidelike regsbetekenis het nie, maar wel as gerespekteerde etiese staatsdoelstellings en -mispunte kan dien. Daar kan steeds gestry word oor die presiese (etiese) betekenis daarvan, maar dit is nie 'n regstreekse regsprobleem nie.<sup>9</sup> In elk geval kan daar geen illusie daaroor bestaan dat die Grondwet in die voorrede nie 'n verklaring van menseregte bevat wat deur die hove beregbaar is nie: die voorrede bind nie die parlement of enige huis daarvan om wette in ooreenstemming met die een of ander menseregte teorie of Christelike regs- of staatsopvatting te formuleer nie.

Artikels 1 tot 5 kan beskryf word as die konstituerende bepalings. In artikel 1 word die naam van die staat, sy territorium en algemene staatsvorm bepaal. Daarin word dit ook duidelik gemaak dat geen nuwe staat tot stand gebring word nie, maar dat die (eerste) Republiek van Suid-Afrika bly voortbestaan. Soos sedert 1910 die geval is, word die territorium met verwysing na die vier provinsies beskryf. Ooglopend word daarmee nie meer die oorspronklike (1910)

<sup>9</sup> Hiermee wil nie voorgegee word dat die reg niks met die etik te doen het nie. Wat egter wel waar en hier van toepassing is, is dat ook die staatsreg alleen juridies-bepaalde konsepsies kan akkommodeer wanneer die regsposisie daarmee bestem word.

gebiede van die vier voormalige Britse kolonies bedoel nie, maar die provinsies soos hulle by inwerkingtreding van die Wet daar uitsien, dus met uitsluiting van die grond wat tot die republieke Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei behoort, met insluiting van Walvisbaai en met Griekwaland-Oos behorende by Natal. Die selfregerende “nasionale state” is egter steeds deel van die tweede republiek.

Artikel 1 beskryf die staatsvorm bloot as “’n republiek.” Met verwysing na die geskiedenis kan met sekerheid gesê word dat ’n monargale stelsel daardeur uitgesluit word, maar origens is die term alleen nie toereikend om volledige helderheid oor die staatsvorm te kry nie: uit die res van die grondwet moet afgelei word watter soort republiek dit is. Om hierdie vraag te oorweeg, is nie blote pedantiek nie, want elders in die wêreld word die begrip dikwels anders verstaan en gekwalifiseer, byvoorbeeld “volksrepubliek”, “sosialistiese republiek”, “bondsrepubliek” of “demokratiese republiek.” Republikeinse terminologie is egter nie so ontwikkel dat onbestrede kategorië van republieke geëien en die tweede republiek by een van hulle ingedeel kan word nie. Dit is egter wel moontlik om uit die res van die grondwet die grondwetgewer se beeld van die republiek wat hy inrig, af te lei.

Vir hierdie doel (en hierdie doel alleen) is artikel 2 van waarde. Hierdie bepaling se geskiedenis is terug te voer na 1925 toe die Unieparlement met versigtigheid om nie die Britse parlement of die nasionale konvensie van 1908-1909 te na te kom nie, artikel 1 van die South Africa Act 1909 vervang het deur ’n bepaling wat wesenlik soos die huidige artikel 2 geformuleer is en wel nie in wetgewingstyl nie, maar in die aard van voorredeverklarings. In 1961 is die bepaling in artikel 2 van Wet 32 van 1961 *mutatis mutandis* herverorden en in 1983 weer. Die feit dat die woord “volk” wat in 1961 gebruik is in die Afrikaanse 1983-teks deur “bevolking” vervang is, is eintlik sonder effek. Feit is dat artikel 2 ’n ontipiese statutêre bepaling is, wat alleen met behulp van redelik ingrypende wysigende uitlegsmetodes juridies verstaan kan word.<sup>10</sup> Hoogstens kan van artikel 2 gesê word dat die begrip “republiek” in artikel 1 daardeur gekwalifiseer word en wel deur dit te laat beteken “republiek wat tot stand kom met erkenning van en onderwerping aan die kosmiese soewereiniteit van God.” Om by hierdie betekenis uit te kom, moet van die voorrede gebruik gemaak word om die wesenlik onduidelike artikel 2 uit te lê. Selfs hierdie uitleg van artikel 2 het weinig toekoms effek: dit wys op die wetgewersgesindheid by die aanname van die grondwet, maar bind nie die soewereine parlement van die tweede republiek nie. Wat dit beslis nie beteken nie, is dat die republiek ’n “Christelike staat” (watter weergawe van hierdie begrip ’n mens ook al mag aanhang) is nie.

Om “republiek” in artikel 1 verder te kwalifiseer, moet na die verdere bepaling van die Grondwet gekyk word. Sonder aanwending van ’n redelike lang lys van byvoeglike naamwoorde en omskrywings, kan dit egter nie gedoen word nie. Moontlikhede sluit die volgende in: konsosiatiewe of quasi-konsosiatiewe republiek; uitvoerende staatshoofrepubliek; soewereine wetgewersrepubliek, en so meer.

Die ander drie konstituerende bepalinge, artikels 3 tot 5 in verband met die nasionale vlag en volkslied, is herbepalinge uit die 1961-grondwet. Die enigste

<sup>10</sup> Vgl oor hierdie tema Venter “Die Staatsregtelike Soewereiniteit van God” 1977 *TSAR* 237.

verandering is in artikel 5 te vinde, waar nie meer net “Die Stem van Suid-Afrika” nie, maar ook laasgenoemde se Engelse vertaling “The Call of South Africa” tot volkslied verklaar word.

### 3 DIE STAATSPRESIDENT

Die staatspresidentsamp is ongetwyfeld die sluitstuk van die Grondwet. Dit is die kulminasiepunt van ’n hiërargie van staatsorgane. Van die staatspresident word deur die grondwet vereis om hoogste beleidsbepaler, administrateur en versoener van belange te wees. Aan hom word die staatshoofskap, regeringshoofskap, staatsadministrasie, militêre opperbevel en die orkestrering van die wetgewingsproses opgedra. Die mate van sukses wat die nuwe staatsinrigting sal geniet, is grootliks afhanklik van die wyse waarop die bekleërs van hierdie amp hulle funksies vervul.

#### 3 1 Verkiesing, Ampsduur en Waarnemende Staatspresident

Ingevolge artikel 7 van die grondwet moes die hoofregter, nadat die parlement vir die eerste keer ooreenkomstig die nuwe grondwet saamgestel was, voor die eerste sessie daarvan (ten minste 14 dae voor die staatspresidentsverkieing) ’n datum in die staatskoerant vir die verkiesing aankondig. Die verkiesing moes toe binne 7 dae na die aanvang van die eerste sessie<sup>11</sup> plaasvind. Hierdie verkiesing en latere dergelike verkiesings geskied deur ’n kieskollege wat uit 88 lede plus die hoofregter (of ’n ander appèlregter deur hom aangewys) bestaan. Vyftig lede word deur die volksraad, 25 deur die raad van verteenwoordigers en 13 lede deur die raad van afgevaardigdes uit eie geldere by besluit aangewys. Die huise kan ook minder as die genoemde getalle verteenwoordigers in die kieskollege aanwys. Alleen regstreeks verkose lede van die huise kwalifiseer vir aanwysing as lede van die kieskollege.

11 Wat “die aanvang van die eerste sessie van die Parlement” in a 7(3)(a) beteken, is nie met die eerste oogopslag duidelik wanneer a 39(1) en a 102(8) in berekening gebring word nie. Laasgenoemde bepaling laat ruimte daarvoor dat die staatspresident vir die doeleindes van die berekening van die vyfjarige ampstermyn van die parlement ingevolge a 39(1), ’n datum kon vasstel wat tussen die datum van die eerste vergadering van die laaste volksraad wat ingevolge die 1961-grondwet saamgestel is en die datum waarop die nuwe parlement se eerste sessie “werklik begin” het, moes lê. So ’n “werklike eerste sessie” moet ingevolge a 102(7) binne 21 dae ná die stemdag van die huis wat laaste verkies is, gehou word. Weens die obscure bewoording van a 102(8) lyk verskillende interpretasies moontlik. Indien die woorde “die eerste vergadering van die Volksraad wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan,” 31 Julie 1981 kon beteken en “eerste sessie” in a 7(3)(a) dieselfde as “eerste sessie” in a 39(1) beteken, is a 7(3)(a) onuitvoerbaar. Daar moet dus óf aanvaar word dat a 7(3)(a) se “eerste sessie” “eerste werklike sessie” soos in a 102(7) en (8) (laaste sin) beteken, óf dat “die eerste vergadering van die volksraad” in a 102(8) “die eerste vergadering van die Volksraad . . . na inwerkingtreding van die Grondwet” beteken. Indien laasgenoemde die korrekte betekenis is en sodanige eerste volksraadvergadering sou plaasvind voordat die ander twee huise verkies is, bly a 7(3)(a) onuitvoerbaar. Die gevolgtrekking is dus dat a 102(8) net op a 39(1) van toepassing is, dat “eerste sessie” in laasgenoemde bepaling en a 7(3)(a) dus verskillende betekenis kan hê en dat die eerste staatspresidentsverkieing ingevolge a 7(3)(a) eers kon plaasvind nadat die huise van afgevaardigdes en van verteenwoordigers verkies is en binne 21 dae daarna saam met die volksraad vir die eerste werklike sessie van die nuwe parlement byeengekom het. Per slot van rekening kon die kieskollege ook nie saamgestel word alvorens al drie huise saamgestel was nie.

Uit artikel 7(1)(b) is dit duidelik dat die meerderheid (hetsy 'n volstrekte meerderheid of 'n meerderheidskoalisie) in elk van die huise kan toesien dat die huis se verteenwoordigers in die kieskollege die verkiesingswense van daardie meerderheid verteenwoordig. Voorts is dit duidelik dat die volksraad se verteenwoordigers 'n volstrekte meerderheid in die kieskollege uitmaak en dat, wanneer die volksraadsmeerderheidsparty of -koalisie van partye sodanige meerderheidsverteenwoordiging in die volksraad het, hy al 50 kieskollege-verteenwoordigers kan aanwys. Dit het tot gevolg dat daardie party (of koalisie) se staatspresidentkandidaat verkies word. Die feit dat slegs regstreeks verkose lede van die huise aan die verkiesing meedoen, kan formeel gesien word as 'n kompromie tussen populêre verkiesing en benoeming, maar weens die relatiewe getsamestelling van die kieskollege, kom die staatspresidentsverkiesingsprosedure neer op 'n benoeming van die staatspresident deur die meerderheid in die volksraad.

Die kieskollege word net saamgestel wanneer dit 'n funksie het om te vervul, en ontbind ingevolge artikel 7(1)(b) en (e) sodra die funksie vervul is. Daar is net twee funksies wat die kieskollege kan vervul, naamlik die verkiesing van 'n staatspresident (en speaker) na 'n algemene verkiesing of by die ontruiming van die amp weens dood, bedanking of ontheffing (artikel 7(3) en (4)) of die ontheffing van 'n staatspresident (of speaker) by besluit op grond van wangedrag of onvermoë om sy ampspligte doeltreffend uit te voer (artikel 9(3)).

Tussen die kwalifikasies en "onbevoegdheid" vir verkiesing tot die staatspresidentsamp en dié vir lede van die drie huise om verkies of benoem te word en as sodanig sitting te neem, is daar geen verskil nie (artikels 7(5), 53 en 54). Dit kom daarop neer dat enige persoon wat ingevolge die kiesreg as kieser geregistreer kan word, ten minste vyf jaar lank 'n inwoner van die republiek is en nie aan diskwalifikasies soos strafregtelike bestrawwing, insolvensie of ampsbekleding (met sekere uitsonderings) wat uit staatsfondse besoldig word, onderhewig is nie, vir verkiesing tot die amp kwalifiseer. Daar word nie uitdruklik bepaal dat slegs persone wat reeds as lede van een van die drie huise verkies of benoem is, tot die staatspresidentsamp verkies kan word nie. Veral die Afrikaanse teks van artikel 7(5) is hier dubbelsinnig, omdat die bewoording daarvan ooreenstem met dié van die inleidende bepaling van artikel 54: terwyl laasgenoemde bepaling nie net betrekking het op reeds verkose lede nie, sou artikel 7(5) ook so verstaan kan word dat nie slegs 'n lid van die huise tot staatspresident verkies kan word nie, maar ook enige ander persoon wat aan die verkiesbaarheidskwalifikasies voldoen. Uit die Engelse teks van artikel 7(5) (wat van die Engelse teks van artikel 54 verskil), kan egter afgelei word dat dit die bedoeling is dat kandidate vir die staatspresidentsamp slegs uit die geleedere van lede van die huis mag kom: dáár word naamlik vereis dat 'n kandidaat bevoeg moet wees onder meer "to . . . take *his seat* as a member of a House," in teenstelling met artikel 54 se "sitting as a member of a House." Die interpretasie wat klaarblyklik gevolg is by die eerste geleentheid toe hierdie bepaling toegepas moes word (1984), is dat werklike lidmaatskap van 'n huis *nie* nodig is nie. Dit moet egter betreur word dat so 'n wesenlike aangeleentheid op so 'n troebele en implikatiewe wyse in die grondwet gereël word.

Die ampstermyn van 'n staatspresident word in artikel 9(1) gekoppel aan dié van die parlement waaruit die kieskollege wat hom verkies het, saamgestel is.

Dit duur dus hoogstens vyf jaar (artikel 39(1)) en in beginsel kry die kiesers (van veral die volksraad) so dikwels die geleentheid om 'n onregstreekse invloed op die staatspresidentsverkiezing uit te oefen as wat hulle geleentheid kry om die lede van die huise te verkies. Die maksimum ampstermyn van 'n staatspresident begin egter ná dié van die parlement en duur ná die ontbinding daarvan voort, omdat die kieskollege normaalweg eers saamgestel kan word nadat 'n nuwe parlement byeengekom het en die gaping tussen ontbinding en hersamestelling op die wyse gedek word. In artikel 7(3)(b) word die verkiesing van 'n nuwe staatspresident binne sewe dae na die aanvang van die eerste sessie van 'n nuutverkose parlement vereis. 'n Nuutverkose parlement moet ingevolge artikel 38(3) binne 30 dae na die algemene verkiesing vir sy eerste sessie byeengeroep word. Na die ontbinding van die parlement moet 'n algemene verkiesing ingevolge artikel 47(3) binne hoogstens 180 dae gehou word. Die maksimum voortgesette duur van 'n staatspresident se ampstermyn na die ontbinding van die parlement is dus 217 dae (180 dae + 30 dae + 7 dae = 217) ofte wel ongeveer sewe maande.

Dat Suid-Afrikaanse parlement dikwels nie weens tydsverloop ontbind nie, maar wel (gewoonlik vir partypolitiese doeleindes) voor afloop van die maksimum termyn ontbind word, is normaal en artikel 39 maak ook daarvoor voorsiening. Vir die normale vroeëre ontbinding binne die diskresie van die staatspresident, maak artikel 39(2)(a) voorsiening. Sodanige ontbinding bring natuurlik mee dat die staatspresident sy amp ook binne hoogstens 217 dae kwyt sal wees, maar hy is ingevolge artikel 9(1) (vir 'n onbepaalde aantal termyne) herkiesbaar.

Indien al drie die huise gedurende dieselfde sessie en binne 14 dae 'n mosie van wantroue in die kabinet (waarvan die staatspresident die samesteller en voorsitter is) aanneem, of 'n begrotingswetsontwerp verwerp, word die ampstermyn van die staatspresident daardeur beëindig, aangesien hy dan ingevolge artikel 39(2) voor die keuse gestel word om òf te bedank, òf om die parlement te ontbind. In laasgenoemde geval kan hy sy amp weer eens vir hoogstens 217 dae behou alvorens 'n nuwe kieskollege sy opvolger moet verkies. Die grondwet skryf nie 'n termyn voor waarbinne die staatspresident in so 'n geval die parlement moet ontbind of moet bedank nie, maar die dinamiek van die stelsel sal dit vir hom feitlik onmoontlik maak om verder binne die raamwerk van die grondwet te regeer, aangesien die samewerking van die parlement ten minste nodig sal wees om fondse vir sy staatsadministrasie beskikbaar te stel. Optrede van die parlement soos in artikel 39(2) bepaal, kan moeilik voorsien word anders as onder omstandighede waar die politieke meerderheidsbalans in veral die volksraad verander.

Benewens die aanneming van 'n mosie van wantroue, het die parlement ook nog 'n wrakingsprosedure tot sy beskikking om 'n staatspresident voor die afloop van sy ampstermyn uit die kussings te lig. Vir hierdie vry moeilike "*impeachment*"-prosedure maak artikel 9(3) voorsiening. Die eerste en waarskynlik beslissende stap hiervoor is die indiening by die speaker van 'n versoekskrif, onderteken deur ten minste die helfte van die lede van elkeen van die drie huise, waarin die aanstelling van 'n gesamentlike komitee (met lede uit al drie huise) aangevra word, wat die vraag moet ondersoek of die staatspresident uit sy amp onthef moet word. Nadat so 'n versoekskrif suksesvol geformuleer, onderteken en ingedien is, staan dit die huise vry om, sonder dat daarvoor debat gevoer mag

word, afsonderlik, natuurlik met meerderheidstem, te besluit dat so 'n gesamentlike komitee aangestel moet word. Die derde stap is dat die huise elk die verslag wat die gesamentlike komitee oor die aangeleentheid opgestel het, oorweeg, waarna die huise kan besluit om die hoofregter te versoek om 'n kieskollege saam te stel. Vierdens word daar 'n meerderheidsbesluit van die kieskollege vereis, sonder dat die kieskollege daarvoor mag debatteer, dat die staatspresident "op grond van wangedrag of onvermoë om sy ampspligte doeltreffend uit te voer" van sy amp onthef word. So 'n besluit tree klaarblyklik onmiddellik in werking en ingevolge artikel 7(4) gaan die kieskollege onmiddellik daarna oor tot die verkiesing van 'n nuwe staatspresident.

Wat "wangedrag of onvermoë" in artikel 9(3)(a) behels, is nie maklik te omlyn nie. As vaste maatstawwe kan die begrippe eintlik nie dien nie, omdat dit te algemeen is en dit dus tegnies in die kieskollege se diskresie sal wees om daarvoor te besluit. Dat die prosedure ooit tot op die laaste stap gevoer sal word, lyk onwaarskynlik, aangesien dit vir almal duidelik sal wees dat die skrif vir die staatspresident aan die muur is wanneer die eerste stap van die wrakingsproses deurgevoer kan word. Die logiese reaksie van die betrokke staatspresident sal wees om òf die parlement te ontbind in die hoop dat die nuwe kieskollege hom weer sal verkies, òf om te bedank.

Uit die bepalings wat betrekking het op die waarnemende staatspresident blyk dit dat met "onvermoë om sy ampspligte doeltreffende uit te voer" in artikel 9(3)(a) nie primêr 'n siekte- of ander tydelike toestand waarin 'n staatspresident hom bevind, bedoel word nie. Sou so 'n toestand egter ernstig genoeg wees dat hy nie sy funksies kan vervul nie terwyl hy nog *compos mentis* is maar hardnekkig weier om te bedank of 'n waarnemende staatspresident aan te wys, is dit wel denkbaar dat die wrakingsprosedure selfs sonder politieke motiewe suksesvol geïnisieer sal kan word. Is die staatspresident se toestand egter so ernstig dat hy glad nie handelingsbevoeg is nie, maak artikel 10 daarvoor voorsiening dat 'n waarnemende staatspresident, selfs vir die res van die termyn, aangewys kan word. Anders as deur bedanking, afsterwe, intrede van een van die disqualifikasies genoem in artikel 54 en wraking, kan 'n staatspresident nie sy amp ontnem word nie. Waar 'n waarnemende staatspresident egter regmatig benoem word, is onthefing ook nie nodig nie.

Artikel 10 skep 'n hiërargie vir vier moontlike waarnemende staatspresidenten en 'n bypassende prosedure vir hulle aanwysing. In die eerste plek kan 'n staatspresident self, onder omstandighede waarin hy (klaarblyklik volgens sy eie diskresie) meen of weet dat hy nie sy funksies kan vervul nie, 'n lid van die kabinet aanwys om in sy plek waar te neem. Hiervoor word geen formaliteite voorgeskryf nie.

Tweedens word die kabinet, of die lede daarvan wat onder die bepaalde omstandighede daartoe in staat is, gemagtig om uit eie geledere 'n waarnemende staatspresident aan te wys. Dit kan gedoen word wanneer die staatspresident nie self 'n minister vir die doel kan benoem nie, of as sodanige aangewese minister ook nie kan optree nie; dit kan ook gebeur wanneer die staatspresidents-amp vakant raak sonder dat die vorige staatspresident iemand aangewys het of as so 'n aangewese persoon nie kan optree nie. Sodanige persoon neem waar òf totdat die staatspresident òf die minister deur hom benoem weer sy ampspligte kan nakom, of in geval van 'n vakature, totdat die volgende staatspresident verkies word en sy amp aanvaar.

Uit artikel 10(3) blyk dit dat die ministers wat ingevolge artikel 10(2) as staatspresident kan waarneem, dit vir slegs 'n beperkte tyd kan doen alvorens hulle gesag verder gelegitimeer moet word. Dit word naamlik aan die speaker opgedra om te oordeel of die staatspresident of sy benoemde sy funksies binne 60 dae na intrede van sy onvermoë sal kan hervat en indien nie, moet hy die proses waarvolgens 'n staatspresident normaalweg verkies word, aan die gang sit ten einde 'n waarnemende staatspresident deur 'n kieskollege uit die geleedere van die kabinet aangewys te kry. 'n Aldus "gelegitimeerde" waarnemende staatspresident dien totdat of die staatspresident sy funksies weer kan vervul, of 'n nuwe staatspresident volgens die gewone prosedure verkies word en hy sy amp aanvaar. Dit is duidelik dat 'n minister wat ingevolge artikel 10(1) deur die staatspresident self benoem is om waar te neem, nie volgens die prosedure van artikel 10(3) gelegitimeer hoef te word nie en dus in gegewe omstandighede die res van die termyn kan waarneem. Die benoeming is egter slegs so lank geldig as wat die staatspresident nie sy amp ontruim nie.

Artikel 10(4) maak daarvoor voorsiening dat die speaker as staatspresident moet waarneem wanneer 'n waarnemende staatspresident nie volgens die voorgeskrewe prosedure aangewys kan word nie. Aangesien die potensiële kandidate vir die amp van waarnemende staatspresident almal lede van die kabinet is, is dit goed denkbaar dat die speaker die geleentheid kan kry om waar te neem, byvoorbeeld wanneer 'n kabinet weens verandering in die politieke balans bedank. Artikel 58 bepaal dat die speaker deur dieselfde kieskollege wat die staatspresident verkies, onmiddellik na laasgenoemde se verkiesing, verkies moet word.

### 3 2 Staatshoof

Artikel 6(1) bepaal onomwonde: "Die hoof van die Republiek is die Staatspresident." Dit is 'n woordelike herbepaling van artikel 7(1) van die 1961-grondwet. Weens die feit dat die eerste republiek se staatspresident nie met regeringskompetensies bekleed was nie, kry die nuwe bepaling 'n ruimer betekenis: die funksies van die eerste republiek se staatspresident kon eenvoudig almal as die staatshoofsfunksies beskou word omdat hy nie ook regeringshoof was nie, maar die feit dat die staatspresident nou ook regeringshoof is, maak dit nodig om die een of ander maatstaf aan te wend om vas te stel watter handeling hy as staatshoof, en watter hy as regeringshoof verrig.

Daar kan daarvan uitgegaan word dat die staatspresident as staatshoof optree wanneer hy handeling verrig waarby hy die republiek as sodanig verteenwoordig. Soos hieronder sal blyk, is nie net sogenaamde simboliese funksies hierby betrokke nie, maar ook belangrike handeling wat deur beleidsbesluite voorafgegaan moet word. Uit die bewoording van die grondwet is daar ook 'n duidelike terminologiese onderskeid tussen die staats- en regeringshoofsfunksies vas te stel: in artikel 6(1) en (4) word byvoorbeeld onderskeidelik van "hoof van die Republiek" en "hoof van die Staat" gepraat, terwyl artikel 19(1) die "uitvoerende gesag van die Republiek" by die staatspresident laat berus en artikel 23(1) na hom verwys as "hoof van die uitvoerende gesag van die Republiek." Daar is egter ook bepalings wat funksies en kompetensies aan die staatspresident toeken sonder om duidelikheid te bied oor die vraag of dit aan hom as staats- of regeringshoof toekom. So is die staatspresident ingevolge artikel

30 saam met die parlement draer van die wetgewende gesag<sup>12</sup> en artikel 80 laat alle inkomste van die republiek by hom berus. Daar word egter aan die hand gedoen dat hierdie kompetensies sinvol as staatshoofsfunksies beskou kan word, aangesien dit betrekking het op hoë staatsgesag eerder as regeringsgesag. Hoe dit ook al mag wees, dit lyk nuttig om te aanvaar dat die staatspresident as regeringshoof optree wanneer hy die uitvoerende gesag wat in die grondwet aan hom verleen word, uitoefen. Op die vraag wat alles by die uitvoerende gesag tuishoort, word hieronder in paragraaf 3 3 verder ingegaan.

Artikel 6(2) laat die "oppergesag oor die Suid-Afrikaanse Weermag" by die staatspresident berus. Wat hierdie bepalings presies tot gevolg het, is nie onomwonde duidelik nie. In die konteks van artikel 6 wil dit voorkom of dit 'n staatshoofsfunksie is. Daardeur word geen militêre rang aan die staatspresident toegeken nie, maar daar kan nouliks daaraan getwyfel word dat ook die hoof van die weermag volgens dié bepalings in die uitoefening van sy kompetensies aan die staatspresident ondergeskik is. Weens die feit dat die weermag statutêr in 'n staatsdepartement gehuisves word en die staatspresident ook die hoof van die uitvoerende gesag is, is hy in elk geval in die posisie om regstreekse beheer oor die doen en late daarvan uit te oefen. Hieruit kan miskien afgelei word dat die bedoeling met artikel 6(2) is dat die staatspresident (afgesien van sy uitvoerende beheer oor die weermag) soos die eerste republiek se staatspresident moet voortgaan om as simbool van die staat ook die hoogste simboliese gesag in die weermag te verpersoonlik. Die antwoord op die vraag waarom slegs die weermag, en nie ook die Suid-Afrikaanse polisie en ander uniformmagte nie, so in die Grondwet vermeld word, moet sekerlik in die geskiedkundige herkoms van die bepaling gesoek word. Dit help egter nie veel by die vertolking van die uitwerking van artikel 6(2) nie. Sonder om verder op besonderhede in te gaan, kan dit so gestel word: lede van die weermag dien die republiek, waarvan die hoof ook die opperbevelhebber van die weermag is. Hoewel 'n bepaalde regering (kabinet) oor die aanwending, beleid, en so meer van die weermag kan besluit, maak artikel 6(2) daarvan 'n *staatsmag* in teenstelling met 'n *regeringsmag*.

In artikel 6(3) word 'n reeks verdere kompetensies van die staatspresident vermeld wat hy as staatshoof kan uitoefen. Eerstens kan hy as staatshoof die huise van die parlement gesamentlik of afsonderlike toespreek. Dit kan gesien word as 'n voortsetting van die Westminster-tradisie van die troonrede: die verskil is egter nou dat hy nie 'n regering se beleid wat hy nie self geformuleer het, moet voordra nie, maar self aan die woord is wanneer hy die parlement toespreek. Hierin smelt sy staats- en regeringshoofskap onvermydelik saam. Verder is daar niks in hierdie bepaling of in die res van die grondwet wat die staatspresident verbied om die huise meermale afsonderlik of gesamentlik toe te spreek nie, byvoorbeeld om beleidsverklarings te maak, of om besondere klem op die wenslikheid van die aanname van 'n wet oor algemene sake te lê of om sy optrede by die besluitneming of 'n aangeleentheid 'n eie of algemene saak is, te verduidelik. Artikel 65(1)<sup>13</sup> magtig die staatspresident ook uitdruklik om soos 'n kabinetsminister in enige van die drie huise sitting te neem en daar te praat, maar hy mag nie in enige van hulle stem nie, omdat hy nie daar lid is nie.

12 Ingevolge a 24 van Wet 32 van 1961 was die staatspresident van die eerste republiek as diskresielose staatshoof, 'n samestellende deel van die parlement.

13 Soos deur Wet 105 van 1984 nog voor die inwerkingtreding van die Grondwet gewysig.

Tweedens kan die staatspresident eerbewyse (van die republiek) toeken. Hierdie kompetensie is, soos ook sy funksies in die diplomatieke wêreld,<sup>14</sup> die aangaan en bekragtiging van internasionale verdrae, oorlogsverklaring en vredesluiting, ooglopend as “suiwer” staatshoofsfunksies bedoel, aangesien hy die republiek as staat daarmee verteenwoordig.

Artikel 6(3)(d) plaas die verantwoordelikheid vierkantig op die skouers van die staatspresident om te beslis oor begenadiging van veroordeeldes. Ingevolge die 1961-grondwet het die staatspresident hierdie funksie op advies van die uitvoerende raad vervul, wat meegebring het dat sy optrede in hierdie verband eintlik op ’n kabinetsbesluit berus het. Wanneer artikel 19(1)(b) egter nou in aanmerking geneem word (indien dit hoegenaamd ter sake is),<sup>15</sup> blyk dit dat die staatspresident nie by ’n begenadigingsoek aan die advies van die kabinet gebonde is nie, maar bloot “in oorlog” met sy ministers moet handel. Nadat hy dus oor die aangeleentheid met die kabinet oorlog gepleeg het, is die finale besluit om te begenadig of nie, sy eie.

Nog ’n historiese oorblyfsel in artikel 6 is subartikel (3)(f), wat die staatspresident magtig om krygswet af te kondig en te beëindig. Weens die massa staatsveiligheidswetgewing wat sedert die vyftigerjare aangeneem is, en die feit dat verklaring van oorlog nie meer gebruiklik is nie, het die krygswetfiguur oudmodies geword, maar hierdie bepaling hou dit aan die lewe. Wat krygswet is, kan alleen uit die gemenerereg vasgestel word en wel uit hofbeslissings wat veral gedurende oorlogstye deur die Suid-Afrikaanse howe gegee is.<sup>16</sup> Soos in die geval van sy ander staatshoofsfunksies, verkry die staatspresident deur hierdie bepaling ’n vrye diskresie om krygswet gedurende oorlog, rebellie of openbare oproer af te kondig en om dan buitengewone maatreëls te tref. Onder ’n krygswetstoestand kan sy oppergesag oor die weermag ook ’n dimensie kry wat nie tydens normale omstandighede sigbaar is nie.

Artikel 6(3)(h), waarin die staatspresident gemagtig word om aanstellings te doen en ander funksies te verrig waartoe hy statutêr gemagtig word, is toutologies en gevolglik onnodig. So ’n algemene magtigende bepaling is sekerlik nie noodsaaklik om ander wetgewing se geldigheid te onderstreep nie.

Wanneer ’n mens dié bepalings lees, kom funksies soos die aanstelling van regters, kommissies en provinsiale administrateurs, die verlening van offisiërsrang in die magte en die goedkeuring van wette van die wetgewende vergaderings van die selfregerende “nasionale state” in die gedagte. Die gemelde toutologie word verder deur artikel 28, ingevolge waarvan “die aanstelling en ontslag van persone in diens van die Republiek” by die staatspresident berus, onderstreep. Op hierdie algemene reël geld die uitsondering dat die aanstellingskompetensie nie by die staatspresident berus nie (die teenstellende begrip “tensy” – “unless” – word gebruik) wanneer hy dit aan ’n ander gesag deleger of wanneer

14 Dit behels ingevolge a 6(3)(c) die ontvangs en erkenning van (die geloofsbriewe van) ander state se diplomatieke verteenwoordigers in die republiek, asook die aanstelling van Suid-Afrikaanse verteenwoordigers in die buiteland.

15 Daar kan geargumenteer word dat begenadiging nie ’n uitvoerende funksie is nie, maar bloot ’n staatshoofsfunksie, hoewel dit nouliks te verwagte is dat so radikaal met die bestaande praktyk gebreek sal word. Kyk verder oor die diskresie van die staatspresident 33 hieronder.

16 Vgl by Wiechers *Staatsreg* (1981) 160–170; Conradie “Krygswet” 1941 *THRHR* 183; Venter “*Salus reipublicae suprema lex*” 1977 *THRHR* 233.

dit statutêr by 'n ander gesag berus. Die aanwending van die begrip “delegasie” in hierdie bepaling skep die indruk dat wanneer die staatspresident 'n aanstellingskompetensie delegeer, hy dit alleen op so 'n wyse kan doen dat die kompetensie volledig in die hande van die *delegatus* geplaas word en in laasgenoemde se naam uitgeoefen kan word sonder dat die staatspresident regstreekse kontrole daaroor kan uitoefen.

“As hoof van die staat” ontvang die staatspresident ten slotte in artikel 6(4) “dieselfde bevoegdhede en funksies as wat die staatspresident onmiddellik voor die inwerkingtreding van die grondwet by wyse van prerogatief gehad het.” Met hierdie bepaling word die troebele prerogatief-konsep, wat ons uit die Engelse reg geërf het, ten spyte van ten minste sewentig jaar se plaaslike regsontwikkeling en twee grondwette tussenin, verder in ons staatsreg ingedra sonder dat 'n behoefte daaraan duidelik sigbaar is. Nog minder duidelik is egter die antwoord op die vraag wat regtens onder “prerogatief” verstaan moet word.<sup>17</sup> By die bestudering van die grondwet kan artikel 6(4) gevolglik nie as van wesenlike betekenis beskou word nie.

### 3 3 Regeringshoof

Hoewel artikel 16(1) van die 1961-grondwet die uitvoerende gesag by die staatspresident laat berus het, was hy nie regeringshoof nie, omdat dié bepaling by die gesagsverlening die woorde “handelende op advies van die Uitvoerende Raad” gevoeg het. Dit het naamlik meegebring dat nie hy nie, maar die uitvoerende raad, waarvan hy nie lid was nie, beleidsbepaler was. Die nuwe artikel 19 laat ook die uitvoerende gesag by die staatspresident berus, maar op verskillende wyses ten opsigte van “eie sake” en “algemene sake.” Artikel 19(1)(a) plaas die uitvoerende gesag ten opsigte van eie sake in die hande van die staatspresident, “handelende *op advies* van die betrokke bevolkingsgroep se Ministersraad” en artikel 19(1)(b) ten opsigte van algemene sake “handelende *in oorleg* met die Ministers wat lede van die Kabinet is” (kursivering bygevoeg). Weens die ooreenkoms in bewoording van die 1961-artikel 16(1) en die nuwe artikel 19(1)(a), kan aanvaar word dat die staatspresident in geval van eie sake verplig is om volgens die beleidsbesluite van ministersrade te handel, sonder dat hy daarin sy wil op die betrokke ministersraad kan afdwing. So gesien, is hy die uitvoerende instrument van die ministersrade in eie sake en speel hy daarin eerder 'n *passiewe staatshoofrol* as regeringshoofrol. Hoewel hy in hierdie verband grondwetlik oor 'n aansienlike oorreringsposisie beskik, is hy ingevolge artikel 19(1)(a) gebonde aan die besluite van die ministersrade.

Artikel 19(1)(b) voer die begrip “in oorleg met die Ministers wat lede van die Kabinet is” in die grondwet in en wel op so 'n wyse dat dit klaarblyklik aan die staatspresident primêre beleidmakende (regerings-) gesag toeken, met die verpligting om die res van die kabinet te raadpleeg, maar met die diskresie om nie in ooreenstemming met die ministers se wense te handel as hy persoonlik daarmee verskil nie. Uit hoofde hiervan en van die feit dat die staatspresident nou voorsittende lid van die kabinet is (artikel 10(a)), onder meer verantwoordelik vir die aanstelling en ontslag van die ministers is (artikel 24), en ook kan besluit

<sup>17</sup> Vgl hieroor Wiechers 244 en veral die beslissings waarna hy in vn 99 t a p verwys.

om self 'n staatsdepartement vir algemene sake te administreer (artikel 24(1)),<sup>18</sup> kan gesê word dat hy ten opsigte van algemene sake *regeringshoof* is. Hierdie reëling laat ruimte vir 'n staatspresident om, soos die president van die Verenigde State, na keuse en temperament meer of minder op sy ministers se advies te steun. Daar kan egter verwag word dat die gevestigde patrone van kabinetsprosedure en -gebruike ten minste aanvanklik nog nagevolg sal word.

Hoewel die Staatspresident gesag oor die algemene regeringsbeleid het, word daardeur nie aan die feit afbreuk gedoen dat 'n bepaalde groepsoutonomie in uitvoerende aangeleenthede deur artikel 19(1)(a) geskep word nie. Hieraan word ook nie afbreuk gedoen deur die feit dat die staatspresident die ministers van die ministersrade aanstel en kan ontslaan nie, want artikels 21(2) en 24(3)(b) beperk sy keuse van sulke ministers tot persone wat lede van die betrokke bevolkingsgroep is en wat na sy oordeel<sup>19</sup> die steun van die meerderheid in die betrokke huis geniet.

In artikel 19(2) word 'n reeks aangeleenthede met verwysing na artikels 20(c) en (d), 21(2), 24 tot 27, 33, 39(3), 66 en 98(3)(b) van die werking van artikel 19(1) uitgesluit, dit wil sê die aangeleenthede waarin die staatspresident nóg op die advies van die ministersrade, nóg in oorleg met die kabinetministers hoef te handel. Dit is naamlik:

- a die aanstelling en ontslag van, en toewysing van portefeuljes (hetsy om staatsdepartemente te administreer of om ander ministeriële funksies te vervul) aan ministers en adjunk-ministers en die aanwysing van lede van die ministersrade om tydelik of onbepaald in die kabinet te dien;
- b die aanwysing van voorsitters van die ministersrade (hierin word die staatspresident egter in sy keuse beperk deur die vereiste dat sulke voorsitters na sy oordeel meerderheidsteun van die betrokke huise moet geniet);
- c die instelling (en by implikasie, afskaffing) van “staatsdepartemente van die Republiek,” wat klaarblyklik staatsdepartemente vir algemene én eie sake se administrasie beteken;
- d die toewysing van een minister se funksies aan 'n ander minister wanneer onvermoë by eersgenoemde, of 'n vakature ontstaan;
- e die toewysing van ministeriële funksies aan 'n ander minister as dié waarvoor 'n wet voorsiening maak;
- f die toestemming tot aangenome wetsontwerpe en die weerhouding van sodanige toestemming indien die staatspresident daarvan oortuig is dat daar by die aanname van die wetsontwerp in stryd met die bepalinge van die grondwet gehandel is;
- g die ontbinding van 'n huis van die parlement onder omstandighede wat verder hieronder bespreek word;

18 soos deur die parlement van die eerste republiek deur wet 105 van 1984 nog voor die inwerkingtrede van die Grondwet gewysig. Kyk ook die gewysigde a 26 en a 102(2)(b) in hierdie verband.

19 Hoewel die woorde “na die oordeel van die Staatspresident” in a 24(3)(b)(ii) aan hom 'n diskresie verleen, kan dit nie as 'n onbeperkte diskresie beskou word wat hy in stryd met die werklikheid kan uitoefen nie. Dit kom myns insiens daarop neer dat sy diskresie slegs ter sprake kan kom wanneer die politieke verdeling in 'n huis sodanig is dat geen party onomwonde oor 'n volstrekte meerderheid beskik nie en die toestand dus ryp is vir koaliesievorming.

- h die byeenroeping van 'n huis tydens 'n parlementêre reses vir die doel om eie sake te hanteer; en
- i die oordrag aan 'n minister van die verantwoordelikheid vir die uitvoering van wetgewing wat by provinsiale owerhede berus, as eie of algemene saak.

Hoewel die staatspresident in hierdie aangeleenthede nie die advies van ministersrade nodig het, of vooraf met die kabinetsministers hoef te beraadslaag nie, kan, weens die feit dat die betrokke bepalings sy optrede op diverse ander wyses beperk, nie gesê word dat hy 'n heeltemal vrye diskresie het nie. Aan die ander kant is dit duidelik dat sy diskresie besonder wyd is wanneer hy kabinetministers aanstel, ontslaan, staatsdepartemente skep of portefeuilles toewys. Dat 'n regeringshoof in hierdie verband 'n wye diskresie besit, is egter nie vreemd nie.

In artikel 23 word voorgeskryf dat die bekendmaking van uitvoerende handeling van die staatspresident skriftelik onder sy handtekening, bevestig met die seël van die republiek, moet geskied. Waar hy nie die advies of oorlegpleging van ministers vir sy uitvoerende handeling nodig het nie, is genoemde formaliteite voldoende, maar anders is die mede-ondertekening van so 'n dokument deur 'n kabinetsminister of lid van 'n ministersraad na gelang van die geval noodsaaklik.

Die formulering van artikels 19(2) en 23(1) maak die beantwoording van die vroeër vermelde vraag na wat alles by die uitvoerende gesag tuishoort, nie juis makliker nie. Artikel 19(2) is besonder algemeen geformuleer in die sin dat dit in die styl van 'n woordbepalingsartikel geskryf is,<sup>20</sup> behalwe in die reeds gemelde uitsonderingsgevalle: “of waar uitdruklik of by noodwendige gevolgtrekking anders bepaal word, is 'n verwysing in hierdie Wet na die Staatspresident 'n verwysing na die Staatspresident handelende” (ek kursiveer) op advies van 'n ministersraad of in oorleg met die kabinetministers, na gelang van die geval. Artikel 23 vereis nou die mede-ondertekening (behalwe in die gevalle wat uitdruklik of by noodwendige implikasie uitgesonder word) deur 'n minister van stukke waarin die wil en wens van die staatspresident as hoof van die uitvoerende gesag op advies of na oorleg te kenne gegee word. Dit wil voorkom of die uitwerking hiervan is dat al die bepalings van die Grondwet wat aan die staatspresident kompetensies verleen, sodanige kompetensies aan hom in sy hoedanigheid van hoof van die uitvoerende gesag verleen en hom dus verplig om die advies of standpunt van ministers by die uitoefening daarvan in te win. Of dit egter die korrekte vertolking is, is onseker indien gevra word wat die woorde “by noodwendige gevolgtrekking anders bepaal” in artikel 19(2) beteken. Omdat artikels 19 en 22 albei oor die uitvoerende gesag handel, sou geargumenteer kon word dat die staatspresident nie op advies of na oorleg hoef te handel wanneer hy 'n ander funksie as 'n uitvoerende funksie vervul nie.

Funksies wat hierby in die gedagte kom, is die reedsvermelde staatshoofsfunksies, sy kompetensie om die parlement te ontbind (artikel 39(2)(a)), die benoeming van lede van die huis (artikel 41(1)(b), 42(1)(b) en 43(1)(b)) en die aanstelling van lede van die presidentsraad (artikel 70(1)(d)). Moet hierdie funksies as uitvoerend van aard beskou word? Die argument dat die staatspresident nie die voorskrifte van artikel 19(1) by sulke handeling hoef te volg nie, word

20 A 16(2) van die 1961-grondwet het ooglopend as voorbeeld vir hierdie formulering gedien.

egter aansienlik verswak deur die feit dat artikel 19(2) bepaalde funksies wat nie met soveel sekerheid by die uitvoerende gesag geklassifiseer kan word nie (soos toestemming tot wetgewing en die ontbinding en byeenroeping van huise) uitdruklik uitsonder.

By die oorweging van albei kante van die saak, lyk dit egter, veral in die lig van die formulering van artikel 19(2), of die staatspresident vir die uitoefening van al sy grondwetlik-verleende kompetensies (behalwe dié wat uitdruklik deur 19(2) uitgesonder word),<sup>21</sup> of dit nou teoreties by die uitvoerende gesag tuishoort of nie, die kabinetministers moet raadpleeg of die ministersrade se advies moet volg en vir die formele voltooiing van sy handeling 'n ministeriële handtekening nodig het.<sup>22</sup> Sonder ministers kan die staatspresident dus nie regmatig regeer nie.

Hoewel die Grondwet dus die begrippe “uitvoerende,” “wetgewende” en “regspreekende gesag” benut en ook nog “hoof van die staat” en “hoof van die uitvoerende gesag” onderskei, kan dit nie geredelik uit die formulering self afgelei word wat die teoretiese onderskeid tussen die begrippe is wat die formulering onderlê nie. In elk geval kan, in die lig van die vermelde oorwegings, nie tussen die staats-en regeringshoofskap onderskei word aan die hand van die vraag of die staatspresident die ministers by die onderskeie handeling moet betrek of nie – hy moet dit in albei sy hoedanighede doen.

### 3 4 Eie en Algemene Sake

Een van die mees fundamentele vernuwings in die staatsreg wat die 1983-grondwet invoer, is die konsosiatiewe beginsel van segmentele outonomie. Die kernvoorsiening hiervoor is te vinde in die onderskeid wat die grondwet tussen eie sake en algemene sake van die drie betrokke bevolkingsgroepe maak. Daarvoor lê deel IV die grondslag en dra aan die staatspresident 'n beslissende rol op.

Algemene sake word nie omskryf nie. Ingevolge artikel 15 is alle aangeleenthede wat nie in die grondwet as eie sake geïdentifiseer word nie, algemene sake. Eie sake van 'n bevolkingsgroep is ingevolge artikel 14(1) in beginsel “aangeleenthede wat 'n bevolkingsgroep met betrekking tot die behoud van sy identiteit en die handhawing en bevordering van sy lewenswyse, kultuur, tradisie en gebruike spesiaal of afsonderlik raak.” Vanselfsprekend is hierdie omskrywing so algemeen van aard dat dit wye ruimte bied vir verskil oor die vraag of 'n bepaalde aangeleentheid 'n eie saak is of nie. Gevolglik word die omskrywing met verwysing na artikel 16 onderworpe gestel aan 'n gesaghebbende beslissing daaroor deur die staatspresident, wat ook die advies van die presidentsraad daarvoor mag inwin.

Artikel 14(2) verwys na bylae 1, wat 'n lys van onderwerpe bevat aan die hand waarvan bepaalde klasse van aangeleenthede in beginsel as eie sake geïdentifiseer kan word. Hierdie onderwerpe word ook in betreklik algemene taal geïdentifiseer en in verskeie opsigte onderworpe gestel aan wetgewing waarin

21 Dit lyk onwaarskynlik dat die frase “waar uitdruklik of by noodwendige gevolgtrekking anders bepaal word” enige noemenswaardige betekenis het: hoogstens sonder dit die belings uit waarin die staatspresident vermeld word, sonder dat daar aan hom funksies verleen word, soos 7, 8, 9, 11, 12 en 13.

22 Dit kom dus ook voor of die woorde “as hoof van die uitvoerende gesag” in a 23(1) weinig teoreties-gesagsonderseidende betekenis dra.

fundamentele reëlings getref word wat algemeen moet geld. Weens die feit dat bylae 1 se bewoording ook nie sodanig is (en moeilik sou kon wees) dat onbuigsame reëls daardeur gestel word nie, maak artikel 14(2) dit ook in twyfelgevallye onderworpe aan die beslissing van die staatspresident, met of sonder die advies van die presidentsraad. Die kategorieë van aangeleenthede wat in bylae 1 genoem word, is maatskaplike welsyn, onderwys, kuns, kultuur en ontspanning, gemeenskapsontwikkeling (waaronder veral behuising), plaaslike bestuur, sekere landbou- en watervoorsieningsaangeleenthede, aanstellings van huweliksbevestigers, sekere verkiesingsaangeleenthede, finansiering van eie aangeleenthede, personeeladministrasie en die verskaffing van sekere dienste.

Artikel 16(1)(a) lui soos volg:

“Enige vraag wat by die toepassing van hierdie Wet ontstaan of bepaalde aangeleenthede die sake van ’n bevolkingsgroep is, word deur die Staatspresident beslis, wat dit op so ’n wyse doen dat die owerheidsinstellings wat die belange van die bevolkingsgroep behartig, nie deur die beslissing in staat gestel word om die belange van enige ander bevolkingsgroep te raak nie, ongeag of dit in hierdie Wet as ’n bevolkingsgroep beskryf is of nie.”

Die eerste vraag wat by die lees van hierdie bepaling ontstaan, is *wanneer* die vraag of ’n aangeleentheid ’n eie saak van die bevolkingsgroep is, beantwoord moet word. Vir hierdie doel word die bepalings van die grondwet wat op handeling van die uitvoerende organe van die bevolkingsgroepe betrekking het, vervolgens oorweeg en dié wat op die huise betrekking het, in paragraaf 3 5 hieronder.

Artikel 26 magtig die staatspresident om funksies wat in wetgewing aan ’n minister opgedra is, aan ’n ander minister op te dra onder meer omdat, of vir sover, die wetgewing op eie sake van ’n bevolkingsgroep betrekking het. Artikel 98 bring mee dat die uitvoering van alle parlementêre en provinsiale wetgewing wat by die inwerkingtreding van die grondwet geld, voorlopig by die oorspronklik bedoelde ministers en uitvoerende komitees bly berus, ongeag of dit op eie sake van ’n bevolkingsgroep betrekking het of nie. Sulke wetgewing word as “algemene wette” beskou totdat die bedoelde uitvoerende funksies ingevolge artikel 26 aan ministers van een van die bevolkingsgroepe opgedra word. In die geval van provinsiale ordonnansies wat hierdeur geraak word, moet die staatspresident die betrokke uitvoerende komitee raadpleeg en kan hy die ordonnansies by proklamasie wysig om dit by die nuwe omstandighede aan te pas.

Wanneer die staatspresident uitvoerende funksies na die bevolkingsgroepe se uitvoerende gesagsorgane wil oordra, moet hy dit doen ingevolge ’n besluit ooreenkomstig artikel 16 geneem (artikel 16(3)), wat beteken dat hy die maatstawwe moet aanwend en die prosedures moet volg wat dié bepaling, gelees saam met artikels 14 en 17, voorskryf (sien hieronder). *Artikel 16(1)(b) bepaal dat die vraag of ’n aangeleentheid ’n eie of algemene saak is, self ’n algemene saak is.* Dardeur word artikel 19(1)(b) betrek, wat meebring dat die staatspresident die kwessie in oorleg met die kabinetsministers moet besleg.

Die tydstop waarop daar ingevolge artikel 16(1)(a) beslis moet word of ’n uitvoerende aangeleentheid ’n eie of ’n algemene saak is, kan met ander woorde deur die staatspresident bepaal word en sal gevolglik afhang van die tempo waarteen hy in oorleg met die kabinetministers besluit om bestaande uitvoerende gesag aan die ministersrade oor te dra.

Die maatstawwe aan die hand waarvan die staatspresident sy beslissing moet gee, is dié wat in die aangehaalde artikel 14(1) gestel word. Dat dit die geval is,

word nie uitdruklik voorgeskryf nie, maar sterk deur die bewoording van artikel 16(1)(a) geïmpliseer. As maatstaf is die omskrywing van eie sake in artikel 14(1) baie algemeen: watter aangeleenthede 'n bevolkingsgroep se behoud van sy identiteit, sy lewenswyse, kultuur, tradisie en gebruike raak, wát sodanige identiteit en so meer is, en hoe dit alles met behulp van of deur owerheidsoprede behou en gehandhaaf kan word, kan nie eenduidig en met feitlike sekerheid sonder ruimte vir meningsverskil beantwoord word nie. Die staatspresident sal egter dikwels daarvoor moet beslis, nie primêr vir die doeleindes van die sosiale, kultuurhistoriese of sedelike stabiliteit van die drie bevolkingsgroepe nie, maar met die oog op die regsordening van die staat. Daardeur word die oorwegings wat moet geld, wesenlik feitlike oorwegings waarby die algemene politieke en maatskaplike agtergrond waarteen die beslissings gegee moet word, deurslaggewend sal wees.

Feit is dat artikel 14(1) een, indien nie die belangrikste nie, staatsfilosofiese pilaar waarop die grondwet berus, openbaar: die owerheidsgesag van die tweede republiek word gestruktureer ooreenkomstig die opvatting dat die staatsvolk kultureel en in ander opsigte divers is. Hierdie diversiteit word gedeeltelik<sup>23</sup> in die grondwet geakkommodeer op so 'n wyse dat dit volgens die opvatting van die grondwetgewer sinvolle weerklank in die hantering van die owerheidsgesag van die republiek vind. Dit gaan dus om die statutêre identifikasie van dié diversiteit en die staatsregtelike akkommodering daarvan. Dit blyk veral ook uit die aanvulling van die gemelde maatstawwe deur artikel 16(1)(a), wat van die staatspresident vereis om oor eie en algemene sake so te beslis “dat die owerheidsinstellings wat die belange van die bevolkingsgroep behartig, nie deur die beslissing in staat gestel word om die belange van enige ander bevolkingsgroep te raak nie, *ongeag of dit in hierdie Wet as 'n bevolkingsgroep omskryf is of nie.*”<sup>24</sup>

Afgesien van die reedsvermelde raadpleging van die kabinetsministers en die provinsiale uitvoerende komitees, behels die prosedure vir die gee van beslissings oor eie en algemene sake ingevolge artikel 16(2), die bekendmaking deur die staatspresident aan die voorsitters van die drie ministersrade van sy beslissing. Verder word dit in sy diskresie gelaat (hy “kan, indien hy dit dienstig ag”) om sy beslissing by proklamasie in die staatskoerant “of op 'n ander wyse wat hy goedvind” te kenne te gee en bekend te maak. Dit is nie duidelik waarom daar soveel prosedure-beweegruimte in hierdie verband gelaat is nie, maar dit is te verwagte dat 'n vaste praktyk hieromtrent sal ontwikkel.

Dit is duidelik dat die beslissing oor eie en algemene sake in die grondwetlike en politieke opset meermale hoogs omstrede mag wees. Artikel 17(1) maak voorsiening daarvoor dat die staatspresident na keuse 'n vraag oor eie of algemene sake ook na die presidentsraad vir advies kan verwys. Dat hierdie prosedure eerder vir advies in die wetgewende proses as in die uitvoerende gesagsfeer

23 Die burgers van die “nasionale state” wat nog deel van die republiek is, kan onomwonde nog op grond van hulle Suid-Afrikaanse burgerskap as deel van die staatsvolk van die Republiek gereken word, maar hulle staatsregtelike posisie word nie spesifiek in die Grondwet gereël nie.

24 Die verwysing na onomskrewe bevolkingsgroepe dui ongetwyfeld veral op die swart bevolkingsgroepe van die republiek. Daardeur word dit ook sterk geïmpliseer dat die hantering statutêr en uitvoerend, van aangeleenthede wat swartes raak, 'n algemene saak word. Vgl ook a 93.

bedoel is, blyk uit die feit dat artikel 78, wat oor die funksies van die presidentsraad handel, meermale na artikel 32 (geskille tussen die huise, verwys, maar glad nie na artikel 16 nie. Beslissings van die staatspresident ingevolge artikel 16(1))(a) is bindend en finaal; geen gereghof kan oor die geldigheid daarvan beslis nie.<sup>25</sup>

### 3 5 Die Staatspresident se Rol in die Wetgewingsproses

Artikel 31, wat onder meer die posisie van die staatspresident in die wetgewingsproses reël, verteenwoordig 'n belangrike breuk met die Suid-Afrikaanse staatsregstradisie. Die staatspresident van die eerste republiek was ingevolge artikel 24 van wet 32 van 1961, soos sy voorganger, die Britse kroon, saam met die volksraad (en vroeër die senaat), 'n samestellende deel van die parlement. Die nuwe artikel 30, saamgelees met artikel 37(1), onderskei tussen die staatspresident en die parlement: laasgenoemde bestaan nou slegs uit die drie huise. Nogtans bring artikel 30 uitdruklik mee dat die staatspresident deel van die wetgewende gesag is en wel naas die parlement. Wat daardeur duidelik word, is dat die staatspresident van die tweede republiek 'n aktiewe en deurslaggewende rol in die wetgewingsproses kry. Seker die belangrikste aspek van hierdie aktiewe rol is sy beslissings oor wetsontwerpe oor eie en algemene sake. Die kernbepalings in hierdie verband is artikels 31 en 32.

Artikel 31(1) is, om die minste daarvan te sê, eienaardig geformuleer en dus nie met die eerste oogopslag duidelik nie. Wat in elk geval dadelik daaruit blyk, is dat wanneer die staatspresident 'n sertifikaat uitgereik het ten opsigte van 'n wetsontwerp wat by een van die huise ingedien is, met die strekking dat die onderwerp van die wetsontwerp 'n eie saak van daardie huis se bevolkingsgroep is, kan die ander twee huise hulle nie met die wetsontwerp inmeng nie. So 'n sertifikaat kan ingevolge artikel 17(2) slegs uitgereik word nadat die staatspresident die speaker en al drie die voorsitters van die huise daarvoor geraadpleeg het, en hy kan dit na ("as gevolg van")<sup>26</sup> die raadpleging sonder verdere raadpleging wysig. Wat egter nie onomwonde uit die bewoording van artikel 31(1) blyk nie, is of dit hoegenaamd moontlik is vir 'n huis om 'n wetsontwerp te oorweeg en aan te neem sonder dat die staatspresident vooraf 'n sertifikaat ten opsigte daarvan uitgereik het. Aangesien dit nêrens in die grondwet uitdruklik verbied word nie en ook nie deur die reglement van orde gereël word nie,<sup>27</sup> lyk dit met die eerste oogopslag of dit wel moontlik is. By verdere ondersoek blyk dit egter dat die grondwet nie die moontlikheid voorsien vir die goedkeuring van so 'n wetsontwerp nie en dat artikel 31 aangewend word as enigste ver wysingspunt wanneer die prosedure vir die aanname van wette oor eie sake deur enkele huise ter sprake kom. Die sertifikaat van die staatspresident kan dus as noodsaaklik beskou word en daar kan veronderstel word dat die een of ander ongeskrewe prosedure gevolg sal moet word waardeur daar om die sertifikaat "aansoek gedoen" kan word voordat die eerste lesing van 'n wetsontwerp oor eie sake begin. Die implikasie is dat die staatspresident reeds by die aanvang

25 A 18(2). Kyk verder hieroor par 7 hieronder.

26 Die woorde "as gevolg van" in a 17(2)(b) kan nouliks beteken dat die staatspresident op enige wyse deur die menings van die speaker en voorsitters gebind word.

27 Vgl a 51 e v van die reglement.

van die proses vir die aanname van wette oor eie sake betrek word.<sup>28</sup> Dit wil voorkom, in die lig van die feit dat die staatspresident nie lid van een van die ministersrade is nie (artikel 21) en wetgewing oor eie sake sekerlik deur die ministers vir eie sake geïnisieer sal word,<sup>29</sup> of hy nie sulke wetgewing sal kan inisieer nie, maar wel deeglik 'n kontrolekompetensie daarvoor sal hê.

Hierdie kontrolekompetensie eindig nie by die sertifisering van 'n wetsontwerp voordat dit by die betrokke huis ingedien word nie. Artikel 31(2) vereis klaarblyklik dat die staatspresident die verrigtinge in 'n huis wat wetgewing oor eie sake oorweeg, in die praktyk voortdurend moet monitor, want daarin word in effek bepaal dat die staatspresident ten opsigte van enige wysiging van 'n wetsontwerp wat 'n huis mag oorweeg of aanneem, te eniger tyd voordat hy daartoe toestem, 'n sertifikaat mag uitreik dat die wysiging nie oor 'n eie saak handel nie, en dan kan die (onreëlmstig gewysigde) wetsontwerp nie aan hom vir toestemming voorgelê word nie. So 'n situasie kan dan alleen beredder word deurdat die gewraakte wysiging teruggetrek word, nie goedgekeur word nie, of deur 'n ander wysiging ten opsigte waarvan die staatspresident bereid is om 'n positiewe sertifikaat uit te reik, vervang word.

Aan die staatspresident word verder nog in artikel 33 'n finale, hoewel grootliks formele kontrolefunksie ten aansien van wette oor eie sake toevertrou: die wetsontwerp wat deur 'n huis aangeneem is, moet naamlik aan die staatspresident vir toestemming voorgelê word. Artikel 33(2), saamgelees met artikel 31(2) plaas hom in die posisie om selfs in hierdie stadium nog 'n negatiewe sertifikaat uit te reik ten opsigte van 'n wysiging wat die huis aangebring het aan die wetsontwerp wat in sy oorspronklike vorm positief gesertifiseer is. Anders gestel, die staatspresident kan in die stadium nog (in oorleg met die kabinetsministers)<sup>30</sup> besluit dat ongesertifiseerde wysigings van die aangenome wetsontwerp, oor algemene sake of eie sake van 'n ander bevolkingsgroep handel, en nie deur een huis alleen of deur die betrokke huis aangeneem moes gewees het nie. Sodanige optrede is egter nie dieselfde as weerhouding van toestemming nie, aangesien so 'n wetsontwerp nog ingevolge artikel 31(2)(b) hervorm kan word. Weerhouding van toestemming kan in elk geval net op formele gronde geskied, naamlik wanneer die staatspresident "oortuig is dat daar nie met die wetsontwerp ooreenkomstig die voorskrifte van hierdie Wet gehandel is nie."

Die rol van die staatspresident by die aanname van wette oor algemene sake word nie in alle opsigte omvattend in die grondwet beskryf nie. Daar moet byvoorbeeld aanvaar word dat hy 'n beslissende rol as voorsitter van die kabinet

28 A 18(3), wat meebring dat 'n hof wat kontroleer of die staatspresident die speaker en die voorsitters van die huise geraadpleeg het voordat hy 'n wetsontwerp as handelende oor eie sake gesertifiseer het, daarvan moet uitgaan dat " 'n wetsontwerp wat, *wanneer dit in 'n Huis ingedien word*" (kursivering bygevoeg) nie as handelende oor eie sake gesertifiseer is nie, beskou moet word as sou die staatspresident besluit het dat dit oor algemene sake handel, versterk hierdie interpretasie.

29 A 21(1)(a) bepaal dat sulke ministers staatsdepartemente vir eie sake sal administreer, waaruit afgelei kan word dat hulle sodanige wetgewing as wat op hulle departemente betrekking mag hê, sal moet voorstel ooreenkomstig Suid-Afrikaanse parlementêre gebruik.

30 A 19(2) stel die toestemming of weerhouding van toestemming tot 'n wetsontwerp ingevolge a 33 vry van advies van of raadpleging met ministers, maar uitreiking van 'n negatiewe sertifikaat is juis a g v a 33(2) nie weerhouding van toestemming nie, maar beslissing oor eie en algemene sake ingevolge a 31(2) en 16(1), wat albei deur a 19(1) getref word.

sal speel wanneer besluit word oor die indiening van algemene wetsontwerpe. Sonder dat hy dus self in enige huis hoef te verskyn, kan hy wetgewing inisieer.

Verder verleen artikel 32 'n deurslaggewende rol aan die staatspresident indien daar nie eenstemmigheid tussen die huise oor algemene wetgewing bestaan nie. In die eerste plek kan die staatspresident 'n huis wat huiwer of weier om 'n algemene wetsontwerp af te handel, ingevolge artikel 32(2) versoek om dit voor 'n keurdatum te doen. Versuim die huis steeds, word aanvaar dat die huis die wetsontwerp verwerp het, behalwe as die staatspresident binne sewe dae na die keurdatum besluit om verdere geleentheid aan die huis te gee om dit te oorweeg. In die tweede plek kan die staatspresident, indien die drie huise nie in alle opsigte oor 'n algemene wet saamstem nie, die kwessie vir oorweging na die presidentsraad verwys. (Totdat die presidentsraad tot 'n beslissing daaroor kom, kan die staatspresident egter weer die verwysing terugtrek.) Die vraag waaroor die presidentsraad in so 'n geval ingevolge artikel 78(5) moet beslis, is of die een of ander weergawe van 'n algemene wetsontwerp wat deur een of twee van die huise aangeneem is, aan die staatspresident vir goedkeuring voorgelê moet word, of nie. Indien wel, word dit ingevolge artikel 33(1) aldus voorgelê en moet die staatspresident verklaar dat hy daartoe toestem, tensy hy dalk ontdek dat die een of ander grondwetlike voorskrif iewers in die wetsontwerp se geskiedenis nie nagekom is nie.

Dit blyk dus dat die staatspresident nóg by wetsontwerpe oor eie, nóg oor algemene sake, oor 'n ware vetoreg beskik: artikel 33(1) verplig hom om toestemming te verleen tensy daar 'n formele gebrek is. In die proses van inisiëring van wette oor eie sake, is die staatspresident nie werklik betrokke nie, maar wel as regeringshoof by algemene wetsontwerpe. Die staatspresident kan die wetgewingsproses by wetsontwerpe oor eie sake regstreeks met positiewe of negatiewe sertifikate beïnvloed, maar anders as deur beïnvloeding van sy kabinetsministers of as uiterste moontlikheid, persoonlike verskyning in die parlement, speel hy geen rol in die proses van die aanname van algemene wetsontwerpe nie, totdat die huise onder mekaar daaroor verskil. Selfs dan is die staatspresident hoofsaaklik daarop aangewese om van die presidentsraad gebruik te maak. Die staatspresident moet vir alle praktiese doeleindes met 'n sertifikaat toestemming gee aan huise wat wette oor eie aangeleenthede wil maak, maar dit word nie vereis dat die staatspresident vooraf moet bevestig dat 'n wetsontwerp wat by al drie die huise ingedien word, oor 'n algemene aangeleentheid handel nie.<sup>31</sup> Wanneer 'n dooiepunt tussen die huise oor 'n wetsontwerp ontstaan, is die staatspresident egter nie verplig om die kwessie na die presidentsraad te verwys nie. Dit is denkbaar, hoewel dit sekerlik sal neerkom op misbruik van die diskresie wat in artikel 16 aan hom verleen word, dat die staatspresident, streng legalisties beskou, 'n sertifikaat regmatig sal kan uitreik waardeur die omstrede wetsontwerp tot eie saak van een van die bevolkingsgroepe verklaar word. Sou 'n staatspresident dit egter ooit nodig vind om so ver te gaan, sal dit ongetwyfeld daarop dui dat die staatsregtelike bedeling wat deur die grondwet ingevoer is, misluk het.

Ten slotte kan vermeld word dat artikel 35 die lank reeds gebruiklike reëling voortsit dat die staatspresident een van die twee tekste van 'n aangenome en

31 Vgl in hierdie verband ook die reedsvermelde uitwerking van a 18(3).

goedgekeurde wet wat by die griffier van die appèlafdeling geregistreer word, moet onderteken en dat sodanige ondertekende teks deurslaggewend is in geval van strydigheid tussen die twee tekste.

#### 4 DIE KABINET EN MINISTERSRADE

As belangrikste regeringsorgaan naas die staatspresident, word die kabinet in-gevolge artikel 20 saamgestel uit die staatspresident as voorsitter en 'n aantal ministers, naamlik eerstens die ministers wat die staatspresident aangestel het om staatsdepartemente vir algemene sake te administreer, ministers sonder portefeulje wat die staatspresident as kabinetslede aanwys en sodanige lede van die ministersrade as wat die staatspresident tydelik of permanent as lede van die kabinet aanstel. Hoewel dit dus moontlik is dat lede van die ministersrade in die kabinet kan dien, is dit uit artikel 19(1) duidelik dat dit nie veronderstel is om tot kontrole deur die kabinet van die outonome ministersrade te lei nie, maar eerder om inspraak van die ministersrade in algemene sake te bewerkstellig. Opvallend is egter dat die Grondwet die keuse van die kabinetslede volledig in die diskresie van die staatspresident plaas, dat ministers wat aangestel is om staatsdepartemente vir algemene sake te administreer, outomaties lede van die kabinet word, dat sulke portefeuljes enersyds nie vir persone van die een of ander bevolkingsgroep gereserveer is nie, maar andersyds ook nie proporsioneel uit die verskillende bevolkingsgroepe gevul hoef te word nie, en dat die besluit oor die totale grootte van die kabinet en die aantal ministers sonder portefeulje asook oor die ministers vir eie sake wat in die kabinet dien, uitsluitlik aan die staatspresident oorgelaat word.

Artikel 21 maak voorsiening vir die samestelling van (by implikasie drie) ministersrade, bestaande uit die ministers wat die staatspresident aanstel vir die administrasie van die staatsdepartemente vir die eie sake van die onderskeie bevolkingsgroepe, ministers vir eie sake sonder portefeulje, adjunk-ministers vir eie sake en kabinetsministers wat tot die betrokke bevolkingsgroep behoort en wat deur 'n ministersraad tydelik of permanent gekoöpteer word. 'n Ministersraad staan onder die voorsitterskap van 'n minister wat die staatspresident self aanwys, maar wat ingevolge artikel 21(2) na sy mening die meerderheidsteun van die lede van die betrokke bevolkingsgroep se huis geniet. Hierby kan opgemerk word dat die ministersrade elk slegs uit lede van 'n bepaalde bevolkingsgroep saamgestel word (artikel 24(3)(b)), dat die aantal ministers sonder portefeulje en adjunk-ministers wat in ministersrade dien, eweneens volledig in die diskresie van die staatspresident is, maar dat die beginsel van verantwoordelike regering op hierdie vlak ingevoer word (artikels 20(2) en 24(3)(b)) en dat die besluit om kabinetsministers te koöpteer of nie, aan die ministersraad self oorgelaat word.

Interessant is ook die feit dat artikel 21(2) neerkom op 'n gedeeltelike formulering van 'n bestaande konvensie rakende die aanstelling van 'n eerste minister: dit is egter 'n onvolledige formulering, aangesien dit nie ook voorskryf dat die staatspresident die advies van die leidende figuur in 'n huis, wat hy as voorsitter van die ministersraad moet aanstel, moet inwin of volg by die aanstelling van die ander ministers nie. In hierdie verband moet die uitwerking van artikel 88 oorweeg word. Genoemde artikel bepaal dat die bestaande "konstitusionele en parlementêre gebruike" (dus die konvensies) bly voortbestaan "behalwe vir sover hulle met die bepalings van hierdie Wet onbestaanbaar is." Die vraag is dus: maak die feit dat artikel 21(2) die ou konvensie slegs gedeeltelik

formuleer en die feit dat die konvensie ontwikkel is in Londen waar geen etniese huise ooit bestaan het nie, die konvensie onbestaanbaar met die bepalings van die Grondwet? Myns insiens wel, maar dit verhoed geensins die ontstaan van 'n nuwe, soortgelyke konvensie rakende die samestelling van ministersrade nie. Dit sou ook versoenbaar wees met die outonomie van die ministersrade wat deur veral artikel 19(1)(b) gedra word, maar so 'n nuwe konvensie sal stewig genoeg gefundeer moet wees om die diskresievryheid te beperk wat artikel 24 aan die staatspresident met die begrippe "nodig ag" en "behaag" verleen. Verder sal die ontwikkeling van so 'n nuwe konvensie sodanig moet wees dat dit die probleem kan oorkom dat die ou konvensie in 'n stelsel ontwikkel en bestaan het waar die staats- en regeringshoofskap geskei was terwyl die nuwe stelsel 'n hoë premie op die regeringshoofskap van die staatshoof plaas.

Geen terminologiese onderskeid word in die Grondwet tussen lede van die kabinet (die staatspresident uitgesonder) en lede van die ministersrade gemaak nie. Eweneens het staatsdepartemente vir algemene sake en staatsdepartemente vir eie sake dieselfde gemeenskaplike name. In al hierdie gevalle praat die Grondwet eenvoudig van "Ministers van die Republiek" wat "Staatsdepartemente van die Republiek" administreer (of ander werksaamhede verrig).

In beginsel vereis artikel 24(3) dat ministers lede van een van die drie huise moet wees, 'n beginsel wat ook histories terug te voer is na die verantwoordelike regeringstelsel. Hierdie beginsel word egter wesenlik afgewater deur die feit dat 'n speling van twaalf maande gelaat word waarbinne 'n persoon as minister kan dien voordat hy lid van 'n huis word. Verder word ook nie vereis dat 'n minister noodwendig 'n regstreeks verkose lid van een van die huise moet wees nie; hy kan dus ewegoed ingevolge artikels 41(1)(b) of (c), of 42(1)(b) of (c) of 43(1)(b) of (c) 'n benoemde of onregstreeks verkose lid van een van die drie huise wees. Van verantwoordelike regering is daar dus eintlik net sprake op die vlak van die ministersrade en wel in die sin dat hulle verteenwoordigend moet wees van die meerderhede in die huise en dat die huise effektief ingevolge artikel 39(3)(b)(i) mosies van wantroue teen hulle ministersrade kan aanneem.

Adjunk-ministers kan lede wees van ministersrade, maar nie van die kabinet nie.<sup>32</sup> Dit is egter nie denkbaar dat ministersrade net uit adjunk-ministers saamgestel kan word nie, aangesien hulle ingevolge artikel 21(1)(c) alleen aangestel kan word om namens ministers (vir eie sake) te handel. Aan die ander kant hoef alle adjunk-ministers nie lede van ministersrade te wees nie, aangesien die staatspresident volgens artikel 27 ook adjunk-ministers vir algemene sake kan aanstel, welke adjunk-ministers dan natuurlik nie lede van of die kabinet of 'n ministersraad kan wees nie.

## 5 DIE PARLEMENT

Dit wat tot dusver as "Grundnorm" van die Suid-Afrikaanse staatsreg gedien het, word deur artikel 30 behou, deurdat van die wetgewende gesag 'n "soewereine" wetgewende gesag gemaak word. Die draer van die wetgewende gesag van die republiek is ingevolge artikel 30 "die Staatspresident en die Parlement van die Republiek," wat (gesamentlik) as wetgewer soewerein is. Hoewel die

<sup>32</sup> Hierdie stelling geld egter slegs algemeen, aangesien die staatspresident 'n adjunk-minister ingevolge a 20(d) by die kabinet kan betrek. So iets sal egter net sinvol wees onder omstandighede waar die betrokke minister vir eie sake tydelik nie beskikbaar is nie.

beginsel nie verander nie, moet die terminologie nou aangepas word: die uitdrukking "parlementêre wetgewende soewereiniteit" is nie meer akkuraat nie, aangesien die parlement nie die enigste draer van die soewereiniteit is nie. Die begrip "wetgewersoewereiniteit" sal voortaan meer akkuraat wees. Om tot hierdie samevattende uiteensetting te kom, verg betreklik noukeurige interpretasie van die té kompak-geformuleerde artikel 30.

Artikel 30 maak gebruik van twee verbandhoudende begrippe, waarvan die bedoelde betekenis uit die konteks afgelei moet word, naamlik "wetgewende mag" ("legislative power") en "wetgewende gesag" ("legislative authority"). Met eersgenoemde word klaarblyklik die kompetensie om wette te maak bedoel en met die tweede die staatsorgaan by wie genoemde kompetensie berus. Laasgenoemde orgaan word met die woorde "wat as soewereine wetgewende gesag . . . bevoegdheid het om wette te maak" geïdentifiseer. Die woord "wat" ("which") kan 'n mens op 'n dwaalspoor lei deur die indruk te skep dat dit slegs op die onmiddellik voorafgaande begrip ("Parlement van die Republiek") slaan. Aangesien die voorafgaande sin egter die kompetensie om wette te maak nie alleen by die parlement laat berus nie, maar dit aan laasgenoemde en die staatspresident gesamentlik toewys, moet aanvaar word dat the woord "wat" op die saamgestelde draer van die wetgewende kompetensie slaan. Die soewereine wetgewende orgaan is dus een wat nie met 'n enkele begrip aangedui kan word nie, maar wat "Staatspresident en Parlement" heet: die een element van hierdie orgaan kan nie as soewereine wetgewer sonder die ander handel nie.

Die ou, betekenislose Brits-koloniale formule van "vrede, orde en goeie regering" is weer eens in artikel 30 gebruik: waarom, is nie te verklaar nie. Feit is dat dit geen sin het om in dieselfde asem as wat wetgewende soewereiniteit toegeken word, "riglyne" vir die maak van wette te stel nie—die soewereine wetgewer skep sy eie riglyne en beoordeel self of hy dit nakom of nie. So ekstrem is die gangbare Suid-Afrikaanse regsopvatting oor soewereiniteit.<sup>33</sup>

Aan die beginsel van wetgewersoewereiniteit is dus glad nie verander nie, maar belangrike aanpassings in die konstitusionele rol van die hooggeregshof word deur artikel 34(2) bewerkstellig deurdat 'n formele toetsingsjurisdiksie daaraan toegeken word. Daarop word hieronder in paragraaf 7 verder ingegaan.

Die samestelling van die parlement van die tweede republiek het belangrike implikasies vir die wetgewende prosedure. Die grondwet spel nie al hierdie implikasies by name uit nie, maar bepaal wel die grondslag daarvan.

Ingevolge artikel 37(1) bestaan die parlement uit die volksraad, die raad van verteenwoordigers en die raad van afgevaardigdes. Afgesien daarvan dat artikel 102(4) in effek die laaste volksraad van die eerste republiek tot eerste volksraad van die tweede republiek verklaar, word dit nêrens gemeld watter huis watter bevolkingsgroep se verteenwoordigers huisves nie. Ingevolge artikel 100(1)(iii)(a) beteken "bevolkingsgroep" met betrekking tot 'n huis "die bevolkingsgroep waarvan die lede van die betrokke huis lede is" en artikels 41, 42 en 43, waar die samestelling van die onderskeie huise gereël word, verwys ten opsigte van elke huis telkens na die verkiesing van lede "deur die stemgeregtigdes by 'n verkiesing van so 'n lid." Dat die volksraad dus die blanke huis, die raad van

<sup>33</sup> Vgl by *Mpangele v Botha* (2) 1982 3 SA 638 (K) 640A-C 641F-G. Of hierdie beslissing in alle opsigte korrek is, is te betwyfel.

verteenwoordigers die Kleurlinghuis en die raad van afgevaardigdes die Indiërhuis is, moet uit die wetgewing rakende stemreg afgelei word. Artikel 52 bevat 'n gedeelte van die kiesreg deurdat stemreg daarin aan elke blanke, Kleurling en Indiër toegeken word wat

- a 'n Suid-Afrikaanse burger is;
- b minstens 18 jaar oud is; en
- c origins aan die vereistes van die Kieswet 1979 voldoen.

Wie onderskeidelik 'n blanke, Kleurling of Indiër is, word bepaal deur die klassifikasie wat ingevolge die Bevolkingsregistrasiewet van 1959 gedoen is, of gedoen sou word "as die bepalings van daardie Wet op hulle van toepassing sou wees."<sup>34</sup> Artikels 40 en 49 handel oor die afbakening van "kiesafdelings van die betrokke Huis" of "van 'n Huis." Die huis waarin 'n kieser verteenwoordig word, word dus bepaal deur sy klassifikasie by een van die drie betrokke bevolkingsgroepe en die kiesafdeling van die betrokke huis waarin hy as kieser geregistreer is.

Artikel 37(2) bevat 'n veiligheidsklep. Sou een of twee huise nie "kan" funksioneer nie, herdefinieer hierdie subartikel die begrip "Parlement" om die huis of huise wat wel "kan" funksioneer, te beteken. Die omstandighede waaronder 'n huis nie "kan" funksioneer nie, word omskryf. Van die feit dat dit omskryf word, moet afgelei word dat hierdie omskrewe omstandighede 'n *numerus clausus* is. Die omstandighede wat voorsien word, is polities van aard, naamlik:

- a 'n tekort of gebrek aan lede weens hulle bedanking of 'n mislukte verkiesing; en
- b die afwesigheid van lede nieteenstaande 'n geproklameerde beroep van die staatspresident op die lede om byeen te kom.

Wat "kan" funksioneer beteken, hang verder van die kworumvereistes af wat in artikel 61 gestel word: "Om 'n vergadering van 'n Huis vir die uitoefening van sy magte bevoeg te maak," moet onderskeidelik 50 volksraadslede, 25 lede van die raad van verteenwoordigers of 13 lede van die raad van afgevaardigdes teenwoordig wees. Vir kworumdoeleindes word nie tussen regstreeks verkose, benoemde en onregstreeks verkose lede onderskei nie.

Uit die bewoording van artikel 37(2) wil dit dus blyk dat die parlement met slegs een of twee huise kan bly funksioneer wanneer die lede van een of twee van die huise nie wil meewerk nie of die kiesers van een of twee van die huise nie wil deelneem aan die verkiesing van die lede van die huise nie. Die veiligheidsklep het dus betrekking op die demonstratiewe boikot van die stelsel deur een of twee bevolkingsgroepe. Die toepassing van hierdie bepaling sal dus sterk op die mislukking van die nuwe bedeling dui, maar sal nie die land onregeerbaar maak nie. In hierdie verband is dit ook van belang om daarop te let dat die samestelling van die parlement uit die drie huise (artikel 37(1)) ingevolge artikel 99(3) nie sonder die samewerking van al drie huise gewysig kan word nie. Wanneer daarby nog in aanmerking geneem word dat die samestelling van elk van die huise self (die subartikels (1) van artikels 41, 42 en 43) op dieselfde wyse "verskans" is, blyk dit dat 'n dooie punt kan ontstaan indien een of twee van die huise of bevolkingsgroepe verseg om verder aan die stelsel deel te neem.

34 a 100(1)(iv), (v), (ix) en (x).

'n Oplossing vir so 'n situasie word nie in die grondwet voorsien nie,<sup>35</sup> en sal dus met buite-grondwetlike metodes besleg moet word indien dit sou opduik.

Merkwaardig van die Grondwet is die feit dat weinig gedetailleerde prosedure voorgeskryf word vir die aanname van wette oor algemene sake. Ingevolge artikel 63 kan elke huis sy eie reëls en orders aanneem waardeur sy prosedure gereël word sonder dat enige koördinasie voorgeskryf word. Uit artikel 64 blyk dit duidelik dat wetsontwerpe oor algemene sake deur ten minste een (met die moontlikheid van 'n hele aantal) staande komitee(s) behartig moet word. As minimum moet daar ingevolge artikel 64(3) gesamentlike reëls en orders aangeneem word om die werking van ten minste een gesamentlike komitee, genoem die "staande komitee," te reël, welke komitee moet handel met wetsontwerpe oor algemene sake. Die gesamentlike reëls en orders moet afsonderlik deur elke huis goedgekeur word en moet elkeen se omgang met gesamentlike komitees en die komitees self se funksionering reël. Gesamentlike komitees word uit lede van al drie die huise saamgestel. Artikel 64(2)(b) voorsien die moontlikheid om die verskillende opposisiepartye in die komitees verteenwoordiging te gee en artikel 64(1)(c) ruim ook die moontlikheid in dat staande komitees tydens 'n parlementêre reses kan funksioneer.

Uit 'n geheelblik op artikel 64 kan afgelei word dat die bedoeling is dat daar 'n reeks staande (gesamentlike) komitees, wat elk op 'n onderwerp spesialiseer, tussen die huise tot stand gebring moet word en dat *ad hoc*-gesamentlike komitees opgerig moet word; dat die prosedure vir die oorweging van wetsontwerpe oor algemene sake begin deur die indiening daarvan (deur 'n kabinetsminister) by al drie huise, waarna die huise dan kan besluit om dit na 'n (die toepaslike) staande komitee te verwys. Die staande komitee bestudeer die voorgestelde wetsontwerp en onderhandel onderling oor aanpassings ten einde uiteindelik vorendag te kan kom met 'n wetstek wat vir die meerderhede in al drie die huise aanvaarbaar is, sodat dit deur hulle aangeneem kan word. Hierdie prosedure-uiteensetting is egter slegs een van vele moontlikhede wat met behulp van die gesamentlike reëls en orders binne die raamwerk van artikel 64 ontgin sou kon word.

As oorgangsreëling word daar in artikel 102(6)(a) bepaal dat tot tyd en wyl die ander twee huise hulle eie huishoudelike ordereëls aangeneem het, die bestaande reëls en orders van die volksraad ook op hulle van toepassing sal wees. Verder het artikel 102(6)(a) die moontlikheid voorsien dat die volksraad nog voor die inwerkingtreding van die Grondwet gesamentlike reëls en orders, soos in artikel 64 bedoel, alléén kon formuleer en dat dit dan ook die ander huise sou bind totdat dit ingevolge laasgenoemde bepaling deur al drie huise gewysig word. Sulke gesamentlike reëls en orders wat die volksraad vooruit kon formuleer, bly egter hoogstens twee jaar lank na die eerste sessie van die nuwe parlement van krag, waarna al drie die huise afsonderlik tot 'n gemeenskaplik-aanvaarbare formulering daarvan sal moet kom.

---

35 Of die werking van a 37(2) sterk genoeg is om a 99(3) te kwalifiseer, lyk nie waarskynlik nie: in die lig van die feit dat a 99(4) selfs arbitrasie deur die presidentsraad by wysigingsgeskille oor onder meer a 37(1) uitsluit, moet aanvaar word dat die bedoeling is dat a 99(3) absoluut vereis dat al drie huise ("elke Huis", "every House") moet funksioneer en 'n een- of tweehuisparlement ingevolge a 37(2) nie voldoende sal wees nie.

In September 1984 is daar dan ook op las van die volksraad *Gesamentlike Reëls en Ordes van die Volksraad, die Raad van Verteenwoordigers en die Raad van Afgevaardigdes (Algemene Sake)*, asook 'n *Reglement van Orde van die Volksraad – Deel 1 – Publieke Sake*, soos nuut ooreenkomstig artikel 102(6) van die Grondwet geformuleer, gepubliseer. Tegelyk is, in afsonderlike bande, ook identiese (*mutatis mutandis*) reglemente van orde vir die ander twee huise gepubliseer, sodat die nuwe parlement van meet af oor 'n volledige stel interne prosedurereëls beskik het. Slegs enkele grepe uit hierdie reëls kan hier toegelig word.

Reël 8 van die gesamentlike reëls en ordes maak vir vier soorte komitees voorsiening, naamlik die *gekose komitee*,<sup>36</sup> en die *staande gekose komitee*<sup>37</sup> die *gesamentlike komitee*,<sup>38</sup> en die *staande komitee*.<sup>39</sup> Die wetgewingsprosedure waarvoor reëls 22 tot 38 vir publieke wetsontwerpe oor algemene sake voorsiening maak, verloop kortliks soos volg:

- a *Indiening* Die lid wat met die wetsontwerp belas is, dien dit in deur die wetsontwerp *saam met 'n memorandum wat die oogmerke daarvan uiteensit* aan die speaker voor te lê. Hierdie verduidelikende memorandum is 'n besonder belangwekkende vernuwing, wat, soos in die geval van die Nederlandse *memorie van toeligting*, mettertyd tot besondere belangrikheid in die wetgewingsproses asook by die uitleg van wetgewing kan ontwikkel.
- b *Eerste lesing* Die speaker lê die wetsontwerp en verduidelikende memorandum in elke huis ter tafel, waardeur geag word dat dit behoortlik in elke huis ingedien en daar vir die eerste maal gelees is en dat elke huis dit na die betrokke staande komitee verwys het met verlof om die wetsontwerp te wysig tensy die huise binne drie dae sou besluit dat die betrokke gesamentlike komitee die wetsontwerp eers moet oorweeg.
- c *Verslag en tweede lesing* Dat dit wat deur die betrokke staande komitee bespreek en besluit word, van deurslaggewende belang in die verloop van die wetgewingsproses is, blyk duidelik uit die feit dat, indien die staande komitee nie 'n wetsontwerp wat na hom verwys is in sy oorspronklike of in 'n gewysigde vorm goedkeur nie, dit as verwerp geag moet word. Keur die staande komitee dit egter goed, lewer elke huis se betrokke staande gekose komitee se voorsitter verslag daaroor in sy huis en belê die staatspresident of speaker ingevolge artikel 67 van die Grondwet 'n *gesamentlike sitting* van die drie huise, waar die tweede lesing sonder debatvoering voorgestel word en waarna die tweede lesing afsonderlik deur die huise gedebatteer word. Amendamente wat in hierdie stadium toegelaat word, is dat die wetsontwerp

36 Dit is 'n komitee wat by besluit van 'n huis vir hoogstens die duur van 'n sessie aangestel is om 'n bepaalde aangeleentheid of wetsontwerp ten opsigte waarvan die huis inligting of hulp verlang, te oorweeg, of om in samewerking met ooreenstemmende gekose komitees deur ander huise aangestel, as deel van 'n gesamentlike komitee van die parlement op te tree.

37 Dit is 'n komitee wat vir die duur van 'n huis aangestel is om in samewerking met ooreenstemmende staande gekose komitees wat deur ander huise aangestel is, as deel van 'n staande komitee van die parlement op te tree.

38 Dit is 'n komitee wat bestaan uit drie gekose komitees en wat by besluit van die drie huise vir hoogstens die duur van 'n sessie aangestel is.

39 Dit is 'n komitee wat bestaan uit drie staande gekose komitees en wat vir die duur van 'n parlement aangestel is.

eurs oor ses maande vir die tweede keer gelees word; dat dit om die een of ander rede glad nie gelees word nie; of dat dit na 'n gesamentlike komitee verwys word, of na die betrokke staande komitee terugverwys word. Indien een van die huise nie die tweede lesing goedkeur nie, word geag dat die wetsontwerp deur daardie huis verwerp is. Keur al drie die huise egter die tweede lesing goed, is die parlementêre prosedure afgehandel: 'n gesertifiseerde skoon eksemplaar van die wetsontwerp word aan die staatspresident vir sy toestemming voorgelê.

- d) *Derde lesing* Indien 'n lid van enige van die drie huise binne drie sittingsdae nadat 'n tweede lesing plaasgevind het, voorstel dat die wetsontwerp na 'n gesamentlike of staande komitee terugverwys (of vir die eerste keer verwys) moet word, of dat dit in komitee van die hele raad oorweeg moet word, en die huis keur die voorstel goed, moet die ander huise per boodskap daaroor ingelig word. Ten minste een ander huis moet ook tot so 'n voorstel instem, anders word die wetsontwerp vir toestemming aan die staatspresident voorgelê. In hierdie stadium kan geen amendamente wat dieselfde uitwerking het as amendamente wat vroeër verwerp is, meer oorweeg word nie. Goedgekeurde amendamente word egter in die wetsontwerp opgeneem en aan die drie huise vir die derde en beslis die laaste lesing voorgelê.

Vanselfsprekend is daar ook besondere reëlings ten opsigte van geld- en private wetsontwerpe en die reglement(e) van orde reël die prosedure by die oorweging van wetsontwerpe oor eie sake, wat grootliks ooreenstem met die prosedure wat tydens die eerste republiek in die volksraad gevolg is.

Benewens die "reëls en orders" van artikels 63 en 64, het net artikel 32 in die grondwet nog betrekking op die prosedure by die aanname van wette oor algemene sake. Hierdie bepaling is reeds kortliks hierbo in paragraaf 3 5 bespreek, maar kan hier in 'n breër perspektief geplaas word. Die proses van konsensussoek oor algemene wetgewing kan in die kabinet begin. Word daar besluit om 'n bepaalde wetsontwerp by al drie huise in te dien, kan die gesamentlike komiteestelsel as tweede konsensusstap beskou word. Slaag hierdie stap nie, dit wil sê, kan die lede van die gesamentlike komitee mekaar nie oor die wetsontwerp vind nie, kan die huise as sodanig nog (as derde stap) besluit om die een of ander weergawe van die wetsontwerp aan te neem. Die vierde en finale stap in die proses word deur artikel 32 voorsien. Vir die werking van artikel 32 word vereis dat al drie huise die betrokke wetsontwerp moes afgehandel het, dit wil sê die wetsontwerp in die een of ander vorm gedurende dieselfde sessie van die parlement moes aangeneem of verwerp het. As verwerping geld ingevolge subartikel 32(2) ook verwerping van 'n voorstel vir indiening en versuim deur 'n huis om die wetsontwerp op versoek van die staatspresident voor 'n keurdatum af te handel. Indien ten minste een van die huise die wetsontwerp in die een of ander vorm aanneem, kan die staatspresident die presidentsraad se beslissingskompetensie aktiveer deur die gedeeltelik aangenome of gewysigde wetsontwerp daarheen te verwys. Sou hierdie stadium bereik word, is dit duidelik dat konsensus oor die betrokke wetsontwerp nie in die parlement bereik kon word nie en moet die presidentsraad nou die saak ingevolge artikel 78(4) ontknoop. Daar is verskillende wyses waarop dit gedoen kan word.

In die eerste plek maak artikel 78(4)(b) daarvoor voorsiening dat die presidentsraad die staatspresident kan adviseer dat die wetsontwerp gewysig "of andersins mee gehandel word." Laasgenoemde frase kan byvoorbeeld inhou dat aanbeveel word dat die staatspresident die wetsontwerp laat vaar en sy verwysing terugtrek. 'n Aanbeveling dat die wetsontwerp gewysig word, kan weer berus op 'n kompromievoorstel waarop die presidentsraad mag besluit in die hoop (of wete?) dat dit vir al drie huise aanvaarbaar sal wees. Sodanige advies moet dan binne 14 dae in al drie huise ter tafel gelê word, wat dit op hulle beurt ingevolge artikel 32(3) "behandel." Dit is nie uit die grondwet duidelik of hier met "behandel" bedoel word dat die huise dan kan besluit om die presidentsraad se kompromievoorstel as wet goed te keur nie; die interne prosedurereëls wat die huise ingevolge artikel 63 kan aanvaar, sou wel die aangeleentheid so kon reël, maar sowel die gesamentlike reëls en orders en die reglement(e) van orde swygtans nog daaroor.

Adviseer die presidentsraad nie die staatspresident ingevolge subartikel (4)(b) nie, en trek die staatspresident nie sy verwysing terug nie, moet die raad tot 'n finale beslissing kom. Sy beslissing moet of wees dat dié, of een van die goedgekeurde wetsontwerp(e) aan die staatspresident vir goedkeuring voorgelê moet word, of dat dit nie aldus voorgelê moet word nie. Ook sulke beslissings van die presidentsraad moet binne 14 dae in die huise ter tafel gelê word, waar die beslissing "behandel" kan word. Hierdie "behandeling," kom dit voor, kan nouliks meer wees as debattering en kennisname, veral as die presidentsraad beslis dat 'n wetsontwerp vir goedkeuring voorgelê moet word. In die geval van 'n aanbeveling dat die wetsontwerp nie vir goedkeuring voorgelê moet word nie, is dit denkbaar dat die huise (of eerder die kabinet) kan oorweeg om by die volgende sessie van die parlement van vooraf met die wetgewingsproses oor dieselfde onderwerp te begin.

Die effek van 'n beslissing van die presidentsraad dat 'n wetsontwerp vir goedkeuring aan die staatspresident voorgelê moet word, is (ingevolge artikel 32(4)) dat dit geag word deur (al drie huise van) die parlement aangeneem te wees. Tensy dit blyk dat daar iewers in die wetgewingsproses nie in ooreenstemming met die bepaling van die grondwet gehandel is nie, moet die staatspresident ingevolge artikel 33(1) tot die wetsontwerp toestem, waarop dit ingevolge artikel 34(1) "'n Wet van die Parlement" word. Om hierdie punt te bereik, vereis artikel 32(4) egter dat die presidentsraad se beslissing nog tydens dieselfde sessie van die parlement waarin die geskil tussen die huise ontstaan het, gegee moet word. Is dit vir die presidentsraad onmoontlik om dit te doen of versuim die raad om dit betyds te doen, is die implikasie van hierdie bepaling dat die wetsontwerp nie afgehandel is nie en dus van die parlementêre rol verdwyn. Die wetsontwerp kan weer by 'n volgende sessie ingedien word. Tussen die sessies sal 'n staande komitee die vorm wat die nuwe wetsontwerp moet aanneem, kan oorweeg.

Soos reeds gedeeltelik in paragraaf 3 5 hierbo bespreek, bevat die Grondwet gedetailleerde bepalinge aangaande die prosedure vir die aanname van wette oor eie sake. Artikel 31 staan hier in die brandpunt.<sup>40</sup> Waar daar na "'n wetsontwerp in artikel 31 bedoel" verwys word, word eenvoudig verwys na wetsontwerpe

40 Vgl a 16(2), 17(2)(a), 18(3), 33, 34(1) en 39(3)(b) (ii).

oor sake wat die staatspresident as eie sake gesertifiseer het. Dit blyk verder dat 'n huis nouliks 'n stap in die proses vir die aanname van 'n wetsontwerp oor eie sake kan doen sonder die toestemming van die staatspresident. Die staatspresident se endossement of sertifikaat ten opsigte van 'n wetsontwerp en sy aandag ten opsigte van elke wysiging daarop word vereis. Hier moet egter aanvaar word dat die staatspresident se endossemente en sertifikate nie betrekking het op die materiële inhoud van wetsontwerpe nie, maar slegs op die vraag of die wetsontwerpe en wysigings daarop uitsluitlik oor die betrokke huis se eie sake handel. Die staatspresident het geen grondwetlike beheer oor die wyse waarop wetgewing wat onomwonde oor eie sake handel, ingeklee word nie. Sy invloed op sulke wette is bloot formeel deurdat hy ingevolge artikel 31 vooruit bevestig dat dit oor eie sake handel en dat hy na aanname ingevolge artikel 33(1) deur sy toestemming daartoe moet bevestig dat dit formeel korrek aangeneem is.

Die staatspresident kan 'n huis ingevolge artikel 66 ook tydens 'n parlementêre reses byeenroep en prorogeer om met eie sake te handel. Ingevolge artikel 19 sal hy dit op die advies van die betrokke ministersraad moet doen.

'n Wet oor eie sake geld ingevolge artikel 34(1) net soos wette oor algemene sake as " 'n Wet van die Parlement." Wanneer artikels 30 en 34(3) in aanmerking geneem word, blyk dit dat sulke wette, soos algemene wette, soewereine regswerking het. 'n Kwessie wat nie deur die grondwet behandel word nie, is die vraag of 'n algemene wet in geval van strydigheid met 'n wet oor eie sake voorrang geniet of nie. In die lig van die gemelde gelykwaardigheid van eie en algemene wette moet aanvaar word dat die normale reëls van wetsuitleg, soos die stelreël *leges posteriores priores contrarias abrogant*, in gevalle van strydigheid toegepas sal moet word sonder inagneming van die vraag of dit deur al drie huise of slegs deur een aangeneem is. Dit is egter te betwyfel of so 'n benadering alle probleme sal oplos en daar kan gemeenregtelike ontwikkeling in hierdie verband verwag word indien die parlement nie self ingryp nie.

Die meeste ander bepalings van die grondwet rakende die parlement vereis weens die bekendheid en vanselfsprekendheid daarvan nie veel aandag nie. Hier word dus met slegs enkele verdere opmerkings volstaan. Die uitwerking van artikels 40 en 46(3) en (4) is dat benoemde en onregstreeks verkose lede ná die ontbinding van die parlement of hulle huis, hulle setels behou totdat hulle opvolgers ná die stembdag benoem of verkies word. Hulle ontruim egter hulle setels 45 dae ná die stembdag indien die benoeming of verkiesing van hulle opvolgers op die tydstip nog nie plaasgevind het nie. Dit spreek vanself dat sulke lede herbenoem of herverkies kan word.

Nieteenstaande die feit dat die stelsel van provinsiale regering op die vooraand van verandering staan, speel die provinsiale grense 'n belangrike rol in die samestelling van die huise. Die subartikels (2) van artikels 41, 42 en 43 bepaal die aantal regstreeks verkose lede wat uit elke provinsie tot die huise verkies moet word: ingevolge artikel 45 geld hierdie getalle in die geval van die huise van verteenwoordigers en afgevaardigdes vir tien jaar na die eerste afbakening en in die geval van die volksraad vir vyf jaar sedert die laaste afbakening voor die inwerkingtreding van die Grondwet. Ingevolge artikels 48 en 49 word daar by

die afbakening van kiesafdelings provinsiale, en nie nasionale kwotas nie, bereken en kiesafdelings kan nie provinsiale grense sny nie.<sup>41</sup> Die gevolg van hierdie bepaling is dat die relatiewe belangrikheid van die verskillende provinsies se kiesafdelings vir die gemelde tydperke vasgepen word ongeag demografiese veranderinge wat intussen mag intree. Wat verder opval, is dat die vier benoemde lede van die volksraad ingevolge artikel 41(1)(b) elk uit 'n ander provinsie moet kom, maar dat 'n soortgelyke vereiste nie by die ander huise gestel word nie.

Artikel 47 vereis dat 'n algemene verkiesing van al drie huise ná 'n normale ontbinding van die parlement in al die kiesafdelings op dieselfde dag gehou moet word. Uitsonderings hierop is wanneer slegs een of twee huise ontbind word en ook by geleentheid van die samestelling van die eerste parlement van die tweede republiek. Ingevolge artikels 47(2) en 102(7) kan (kon) die verkiesing van die huise in hierdie gevalle op verskillende dae plaasvind, maar by die verkiesing van 'n bepaalde huis moet die stemming in al sy kiesafdelings steeds op dieselfde dag plaasvind.

Die speaker van die parlement moet tydens sy verkiesing deur die kieskollege wat die staatspresident verkies het, en vir so lank as wat hy die amp behou, 'n lid van een van die huise wees. Weselik dieselfde wrakingsprosedure as wat ingevolge artikel 9(3) op die staatspresident van toepassing is, geld ook vir die speaker, behalwe dat die toepaslike versoekskrif dat 'n gesamentlike komitee met die oog op sy wraking aangestel word, by elk van die drie voorsitters van die huise ingedien moet word. 'n Waarnemende speaker kan op een van die volgende wyses aangestel word: wanneer nodig, wys die speaker self enige lid van die drie huise as waarnemende speaker aan en indien hy dit nie self kan doen nie, doen die staatspresident dit. Solank as wat die amp van speaker nie vakant is nie, kan 'n waarnemende speaker onbepaald waarneem, maar sodra die amp vakant raak, moet 'n nuwe speaker binne 'n maand verkies word, tensy die amp in die laaste sessie voor 'n ontbinding van die parlement of tydens 'n spesiale sessie na sodanige ontbinding (artikel 40) vakant is.

Afgesien van die vroeër vermelde moontlikheid dat die speaker onder omstandighede as staatspresident kan waarneem, stel hy ingevolge artikel 67 die reëls en orders vir gesamentlike sittings van die drie huise op en sit hy by sulke gesamentlike sittings voor. Verder staan dit hom ingevolge artikel 59 vry om na keuse by enige van die drie huise te gaan voorsit, maar moet sy optrede daar versoenbaar wees "met enige funksies wat aan hom opgedra word by reëls en orders wat deur al drie Huise goedgekeur is." Wanneer die speaker egter in 'n huis waarvan hy nie lid is nie, voorsit, het hy geen beslissende stem nie en sal 'n staking van stemme alleen besleg kan word wanneer die gewone voorsitter die stoel oorneem.

Die voorsitters van huise word deur die huise op hulle eerste vergaderings uit eie geleedere verkies en kan by besluit van hulle huis weer uit hulle amp onthef word. Waarnemende voorsitters word, wanneer nodig, deur die huise verkies. Die voorsitters neem nie aan die stemming in die huise deel nie, maar moet in die geval van 'n staking van stemme 'n beslissende stem uitbring.

41 Ingevolge a 102(9) moes die provinsiale kwotaberekening by die eerste afbakening van kiesafdelings vir die huise van verteenwoordigers en afgevaardigdes geskied aan die hand van die bevolkingsregister, waaruit die afbakeningskommissie (by gebrek aan 'n kierserslys) moes vasstel hoeveel Kleurlinge en Indiërs onderskeidelik in elke provinsie stemgeregtig is.

Die staatspresident kan gesamentlike sittings van die drie huise belê “wanneer hy dit wenslik ag” en moet dit doen wanneer al drie huise hom daartoe versoek of spesifiek ingevolge reël 24 van die gesamentlike reëls en orders vir die maak van ’n voorstel dat ’n algemene wetsontwerp vir die tweede maal gelees word. Sulke gesamentlike sittings kan ingevolge artikel 67(1)<sup>42</sup> ook deur die speaker vir die doel van tweede lesingsvoorstelle byeengeroep word en word hoofsaaklik vir seremoniële en prosedure-doeleindes gehou, aangesien artikel 67(5) die neem van enige besluite by sulke sittings verbied.

## 6 DIE PRESIDENTSRAAD

Die presidentsraad wat ingevolge die 1961-grondwet saamgestel is, het ingevolge artikel 102(11) by die inwerkingtreding van die nuwe Grondwet ontbind en die eerste vergadering van die nuwe presidentsraad is ingevolge artikel 102(12) deur die staatspresident vir 25 September 1984 belê. Hieruit is dit duidelik dat daar nie vir die ou presidentsraad enige oorgangsrol beoog is nie: gemelde subartikel 102(11) se bewoording skyn daarop te dui dat ook ’n gedeeltelike inwerkingsstelling van die nuwe Grondwet tot die ontbinding van die ou presidentsraad sou lei. Die eerste presidentsraad se rol in die totstandkoming van die nuwe Grondwet moet nie geringgeskat word nie, maar dit was by die inwerkingtrede van die nuwe Grondwet *functus officio*.

Die rol wat die presidentsraad in die wetgewingsproses kan speel, is reeds behandel. Verdere perspektief op hierdie rol word verwerf wanneer die wyse waarop die presidentsraad ingevolge deel VIII van die Grondwet saamgestel word, in oënskou geneem word. Die mate van politisering van die presidentsraad hang grootliks af van die persone wat daarin dien. Enersyds maak artikels 55(2)(a) en 71(3)(c) gelyktydige lidmaatskap van die presidentsraad en van een van die huise onmoontlik en voorsien die Grondwet geen prosedure waarvolgens ’n huis of die staatspresident presidentsraadslede onder normale omstandighede uit hulle amp kan onthef nie. Andersyds het artikel 70 die uitwerking dat partypolitieke oorwegings hoogs waarskynlik telkens ’n rol sal speel by die aanwysing van ten minste 45 van die 60 lede van die presidentsraad: die 35 lede wat deur die huise (onderskeidelik 20, 10 en 5) aangewys word, word by besluit (dus meerderheidstem) en dus volgens die wens van die meerderheidsparty in elke huis, aangewys. Ingevolge artikel 70(2) moet 10 (6+3+1) van die 25 persone wat die staatspresident aanstel, persone wees wat deur die onderskeie opposisiepartye benoem is.<sup>43</sup> Dit laat 15 persone wat die staatspresident teoreties sou kon aanstel sonder om politieke voorkeure in ag te neem. Weens die feit dat die stelsel in die hand werk dat die staatspresident self onvermydelik ’n politikus is wat aan die spits van ’n politieke party staan, is dit hoogs waarskynlik dat ook daardie 15 aangestelde lede nie bloot weens byvoorbeeld hulle deskundigheid of ervaring aangestel sal word nie, maar dat hulle politieke sienings waarskynlik soortgelyk sal wees as dié van die staatspresident. Dat die bedoeling is dat die presidentsraad die parlementêre meerderheid nie vyandiggesind moet wees nie, blyk verder uit artikel 71(3)(d)-(f), waardeur sowel die huise (ná ’n algemene verkiesing wat volg op die vroeë of normale ontbinding van so ’n huis) as ’n nuwe staatspresident (wat weens ’n tussentydse vakature verkies is) die geleentheid kry om ander

<sup>42</sup> soos gewysig deur Wet 105 van 1984.

<sup>43</sup> wat ’n aangepaste herbepaling van a 106(4) van die 1961-grondwet is.

presidentsraadslede aan te wys en aan te stel. Hoewel daar dus in die presidentsraad lede van al drie bevolkingsgroepe moet wees, asook persone wat die vertroue van opposisiepartye in al drie huise geniet, sal die meerderheid van die lede uit die aard van die saak die party waartoe die staatspresident behoort, simpatiek gesind wees. In watter mate presidentsraadslede hulle gebonde moet ag aan die beleid van die partye aan wie hulle hulle amp te danke het, word nie deur die grondwet voorgeskryf nie en sal dus, soos reeds gesê, van die betrokkenes self afhang. Die gevaar bestaan dat die presidentsraad in 'n rubberstempel van die meerderheidsparty in die volksraad kan ontwikkel, maar dit hoef nie te gebeur nie indien die konsensus-grondslae waarop die grondwet ontwikkel is, behoorlik tot ontplooiing kom.<sup>44</sup>

Artikel 77 maak daarvoor voorsiening dat die presidentsraad nie regstreeks ontbind word nie, maar ontbind nadat die parlement ontbind is, 'n algemene verkiesing gehou is, 'n nuwe staatspresident verkies is en hy sy amp aanvaar het. Laasgenoemde ampsaanvaarding bring die presidentsraad se ontbinding mee. Presidentsraadslede ontruim hulle amp op hierdie tydstip, maar kan weer in die volgende presidentsraad opgeneem word. Interessant is die weglating (deur die voorbehoudsbepaling van artikel 71(1)) van die diskwalifikasie as lede van die presidentsraad van persone wat 'n "winsbetrekking onder die Republiek beklee." Dit is dus moontlik dat byvoorbeeld dienende staatsamptenare in die presidentsraad opgeneem kan word. Presidentsraadslede ontvang ook ingevolge artikel 73 vergoeding vir hulle dienste, welke vergoeding deur die staatspresident vasgestel word. Verskillende lede van die raad kan, na gelang van die aard van hulle deelname (byvoorbeeld voltyds of deelyds) verskillend vergoed word.

Die presidentsraad vergader onder voorsitterskap van die voorsitter of adjunkvoorsitter wat die raad self uit eie geledere by sy eerste vergadering verkies. Aan die voorsitter van die presidentsraad ken die Grondwet geen besondere status of funksies (anders as voorsittersfunksies) toe nie. Die voorsitter het geen gewone stem nie, maar wel 'n beslissende stem by 'n staking van stemme. Besluitneming geskied deur meerderheidstem van die aanwesige lede, en 30 lede (dus die helfte) vorm 'n kworum. Die presidentsraad besluit self op sy prosedure- en ordereëlins en kan ingevolge artikel 76(1) verskillende komitees uit eie geledere aanwys om op bepaalde aangeleenthede te konsentreer en te spesialiseer.<sup>45</sup> Interessant is ook die feit dat ministers en adjunk-ministers deur artikel 76(2) gemagtig word om aan die presidentsraadsverrigtinge deel te neem (hoewel hulle nie daar mag stem nie), maar dat die staatspresident self nie sodanige magtiging ontvang nie.

Wanneer die presidentsraad nie benut word om wetgewende geskille tussen die huise te besleg nie, neem sy normale funksies ingevolge artikel 78 die vorm

44 Dit is in hierdie verband interessant dat die nuwe presidentsraad op 1984-01-17 die volgende besluit eenparig anvaar het: "Hierdie Raad erken en onderskryf die beginsel van konsensus wat, anders as die meerderheidsbeginsel in die Westminsterstelsel, nie rus op die wil van die grootste party nie, maar gebaseer is op onderlinge beraadslaging, bedinging en ooreenkomste wat bewerk en bereik word deur 'n vrye inspraak en samespraak tussen alle belanghebbende groepe en partye, waarsonder die beoogde vertroue in en ondersteuning van geslote afsprake nie bewerkstellig sal word nie." *Debate van die Presidentsraad Tweede Sessie 1984-10-17* kol 33.

45 Tydens die raad se tweede sessie op 1984-10-17 is die *Reëls en Orders van die Presidentsraad* goedgekeur. Reël 87 daarvan maak voorsiening vir die instelling van komitees vir onderskeidelik maatskaplike, ekonomiese en staatkundige aangeleenthede en die funksionering van die reëls word ingevolge reël 19 onder die toesig aan 'n reëlinskomitee geplaas.

van advies aan die staatspresident aan, wat weens die feit dat die advies in al drie huise ter tafel gelê moet word, ook beskou kan word as advies aan die parlement. Enige saak kan deur die staatspresident na die raad vir advies verwys word, en die raad kan die staatspresident (en die parlement) ook *mero motu* oor enige saak van openbare belang, behalwe konsepwetgewing, adviseer. Uit die formulering van subartikels (2), (3) en (4) van artikel 78 blyk dit dat voorsien word dat die komiteestelsel die ruggraat van die presidentsraad se werksaamhede sal vorm. Vir hierdie doeleindes sal hoogswaarskynlik op die ervaring van die eerste presidentsraad gebou word.

Artikel 78(6) veroorloof die presidentsraad en sy komitees om met enigeen, ook staatsinstellings, oorleg to pleeg, onder meer deur middel van die samestelling van "raadplegende komitees," bestaande uit lede van die presidentsraad en "lede van 'n raad wat ingevolge 'n ander wet deur die staatspresident ingestel is." Hierdie "ander raad" kan, soos die bepaling tans geformuleer is, op 'n verskeidenheid van rade dui. Die geskiedenis van die bepaling<sup>46</sup> dui egter daarop dat die grondwetgewer hiermee 'n aanknooppunt wou skep vir byvoorbeeld konsultasie met die swart bevolking van die republiek.

Hoewel die presidentsraad hom met sowel uitvoerende as wetgewende aanleenthede besig hou, is dit nòg deel van die wetgewende, nòg deel van die uitvoerende gesag. Die advies wat die presidentsraad gee, bind niemand nie, hoewel die feit dat dit in die parlement openbaar gemaak word, kan meebring dat dit sterk oorredende werking mag hê. Die vraag hoe invloedryk die raad sal word, sal sekerlik grootliks beïnvloed word deur die statuut (veral buiteparty-politieke statuut) van die lede en van die kwaliteit en objektiwiteit van die advies en beslissings daarvan.

Wanneer die raad 'n beslissing moet gee oor 'n wetsontwerp waaroor daar 'n geskil tussen die huise bestaan, kan nouliks gesê word dat die presidentsraad 'n wetgewende funksie vervul. Hoewel die uitwerking van so 'n beslissing kan wees dat die kontroversiële wetsontwerp wet word, kan die raad nie self aan die inhoud daarvan verander nie. Die funksie van die raad bestaan in sulke gevalle wesenlik daarin dat hy 'n keuse tussen twee of meer alternatiewe moet maak. Sy rol kan dus ten beste as dié van 'n arbiter beskryf word. Dit is egter opvallend dat die rol wat die presidentsraad in die wysiging van die grondwet self kan speel, wesenlik deur artikel 99 beperk word. Daaroor meer in paragraaf 9 hieronder.

## 7 DIE HOOGGEREGSHOF

Deel VII van die Grondwet, bestaande uit artikel 68 en die totaal onnodige artikel 69, is 'n herbepaling *mutatis mutandis* van deel VII van die 1961-grondwet. Die nuwe Grondwet laat dus die howestruktuur en hulle algemene jurisdiksie en funksionering wesenlik onveranderd. Een belangrike aanpassing is egter aangebring deurdat die konstitusionele jurisdiksie van die howe nou deur artikels 18 en 34 van die nuwe grondwet bepaal word.

Ingevolge artikel 59(2) van die 1961-grondwet is die howe verbied om ondersoek in te stel na of uitspraak te doen oor die geldigheid van "'n Wet wat deur die parlement aangeneem is," die verskanste artikels uitgesonderd. Of die

<sup>46</sup> wat 'n aangepaste herbepaling van a 106(4) van die 1961-grondwet is.

aangehaalde woorde beteken het dat die howe wel 'n dokument wat heet 'n wet te wees, maar aan die een of ander formele gebrek gely het, tot nie-wet kon verklaar, is soms gesuggereer, hoewel die howe oor die algemeen verkies het om die bepaling so uit te lê dat daar vir hulle nie eers 'n formele toetsingsjurisdiksie ten opsigte van gewone wette bestaan het nie.<sup>47</sup> Artikels 18 en 34 van die nuwe grondwet bring in hierdie opsig vernuende helderheid.

Artikel 34(3) herbepaal die kernbewoording van die ou artikel 59(2), behalwe dat die verwysing na die verskanste artikels weggelaat word en dat die verbod op ondersoek en uitspraak aan subartikel (2) onderworpe gemaak word. Hieruit blyk dit dat wat onveranderd gelaat word, 'n absolute verbod is op 'n toetsing of beoordeling van parlementêre wetgewing aan die hand van byvoorbeeld wenslikheids-, morele of regsiedeële maatstawwe: die hooggeregshof word dus geen hof soos die Verenigde State van Amerika se *Supreme Court* of die Duitse *Bundesverfassungsgericht* nie.

Artikel 34(2)(a) besleg egter die vraag of die howe bevoeg is om wette wat formeel gebrekkig aangeneem is, ongeldig te verklaar. Daarin word enige afdeling van die hooggeregshof, dus plaaslike en provinsiale afdelings, sowel as die apèlafdeling, gemagtig om ondersoek in te stel na en uitspraak te doen oor die vraag of die bepalings van die Grondwet by die maak van die wet nagekom is. Die betrokke "wet" word in die bepaling beskryf as "'n wet wat te kenne gee dat dit die bepaling van die Staatspresident en die Parlement of van die Staatspresident en 'n Huis is." Ingevolge artikels 34(1) en 33(1) is 'n wetsontwerp wat ôf deur die parlement, ôf deur 'n huis goedgekeur is, of ten opsigte waarvan die presidentsraad beslis het dat dit goedgekeur moet word, en waartoe die staatspresident toestemming verleen het, 'n "Wet van die Parlement." Gee "'n wet" nou "te kenne" ("is expressed to be") dat dit so 'n wet van die parlement is (en dit doen elke parlementêre wet natuurlik), is die hooggeregshof ingevolge artikel 34(2)(a) veroorloof om na te gaan of die betrokke dokument die benaming "wet van die Parlement" waardig is, dit wil sê of die formele, grondwetlik-voorgeskrewe prosedure by die indiening, debattering, verwysing na die presidentsraad, ter tafellegging, oorweging deur 'n gesamentlike komitee, en so meer behoorlik nagekom is. Die implikasie is dat, indien die hof sou bevind dat daar die een of ander formele gebreke ten opsigte van so 'n "wet" bestaan, bevind sou kon word dat dit nie 'n wet van die parlement is, soos wat dit voorgee te wees nie, en dat dit dus geen regsrag het nie.

Wanneer dit oor 'n eie-sake-wet handel, het die hooggeregshof dieselfde bevoegdhede en kan daar ook ingevolge artikel 18(1) getoets word of die staatspresident die speaker en voorsitters van die huise ingevolge artikel 17(2) behoorlik geraadpleeg het voordat hy 'n wetsontwerp as handelende oor eie sake gesertifiseer het. Wat egter uitdruklik deur artikel 18(2) van die howe se jurisdiksie uitgesluit word, is 'n materiële toetsing van die staatspresident se beslissing oor eie en algemene sake ingevolge artikels 16 en 31. Hierdie beslissings word klaarblyklik ook deur die grondwetgewer as materieel van aard en nie bloot as formeel nie, beskou. Weens die voorbehoud in artikel 14(2) van die bepalings van artikel 16, bestaan daar ook nie 'n moontlikheid dat 'n hof beslissings oor eie en algemene sake aan die hand van die riglyne in bylae 1 van die Grondwet kan toets nie.

47 Vgl *Cowburn v Nasopie (Edms) Bpk* 1980 2 SA 547 (NK) 554-555 in teenstelling met *Mpangele v Botha* (2) 1982 3 SA 638 (K).

Dit is dus duidelik dat die Grondwet geensins afdoen aan wetgewersoweriniteit deur 'n materiële toetsingskompetensie vir die howe te skep nie. So 'n toetsingskompetensie sou per slot van rekening onversoenbaar wees met wetgewersoweriniteit as grondwetlike beginsel. Die formele toetsingskompetensie wat ingevoer word, moet egter nie versmaai word nie. Dit kan meebring dat die parlement voortaan nie meer so onagsaam sal omgaan met grondwetlike voorskrifte soos in die verlede nie.<sup>48</sup>

## 8 DIE PROVINSIALE OWERHEDE

Die nuwe Grondwet bevat slegs enkele bepalings wat regstreeks op die provinsiale regering betrekking het. Die 1961-grondwet word deur artikel 101 en bylae 2 deel 1 in alle opsigte, behalwe die bepalings wat op die provinsiale regeringstelsel betrekking het (deel VI), herroep en die kort titel sowel as die lang titel word gewysig. Wet 32 van 1961 word daardeur tot 'n wet gemaak wat bedoel is "om voorsiening te maak vir provinsiale rade en hul magte en die administrasie van provinsiale sake, en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan" en wel met die kort titel Wet op Provinsiale Bestuur van 1961. Hier word slegs aandag gegee aan die werklike veranderings wat aan die grondwetlike bepalings rakende die provinsiale stelsel teweeggebring is.<sup>49</sup>

Artikel 80 van die 1961-wet bring die voortbestaan van die owerheidsgesag van die provinsiale uitvoerende komitees mee, maar bylae 2 deel 1 A 2 (g) van die nuwe Grondwet voeg daaraan die woorde "behalwe vir sover sodanige bevoegdhede deur die Staatspresident aan 'n Minister opgedra word . . ." toe. Artikel 95 van die nuwe Grondwet kan as tweelingbepaling van die gemelde artikel 80 beskou word. Daardeur word alle provinsiale gesag wat vroeër by die unie se goewerneur-generaal en by die provinsies se uitvoerende komitees berus het, sover doenlik *mutatis mutandis* oorgedra aan die staatspresident, die provinsiale uitvoerende komitees, "of die gesag wat soortgelyke magte in die Republiek uitoefen," maar daaraan is weer die uitsondering gekoppel "van magte, bevoegdhede en funksies wat by hierdie Wet of 'n ander wet aan 'n ander gesag opgedra word." Vir hierdie oordrag van provinsiale gesag, veral aan ministers en veral ten opsigte van eie sake, maak artikel 98 voorsiening. Voordat hierdie bepaling nader bekyk word, kan ook kennis geneem word dat die inleidende paragraaf van die bepaling waardeur die omvang van die provinsiale owerhede se gesag bepaal word (artikel 84(1) van die 1961-wet) deur bylae 2, deel 1 A 2 (h) van die nuwe Grondwet sodanig gewysig word, dat die gesagstoekening geskied behoudens onder meer die verklaring van 'n ordonnansie tot 'n eie saak van 'n bevolkingsgroep of 'n algemene saak, wat vir uitvoering aan 'n minister (kabinetsminister of lid van 'n ministersraad) opgedra is.

Artikel 98 is 'n oorgangsbepaling wat as uitgangspunt die gesagsuitoefening by die inwerkingtreding van die Grondwet in die hande laat waar dit tot in daardie stadium berus het, maar maak dan in subartikel (3) daarvoor voorsiening dat die staatspresident proklamasies kan uitvaardig waardeur verklaar word dat bestaande wetgewing eie of algemene sake raak en die uitvoering daarvan aan

48 As *locus classicus* van sulke optrede kan na die geskiedenis van a 149 van die *South Africa Act* 1909 en sy opvolger, a 114 van Wet 32 van 1961 verwys word.

49 Klaarblyklik kan binnekort verdere aanpassings aan die provinsiale regeringstruktuur verwag word.

die toepaslike ministers opgedra word. Wat provinsiale ordonnansies betref, moet die staatspresident die betrokke provinsies se uitvoerende komitees raadpleeg alvorens hy verklaar dat dit betrekking het op 'n eie of algemene saak en die uitvoering daarvan aan 'n minister opdra. Ruimte word dus deur artikel 98 geskep vir die geleidelike inkrimping van die provinsiale owerhede se gesag deur die oordrag daarvan aan veral die ministersrade en die onderskeie huise. In die lig van die feit dat paragraaf 6 van bylae 1 van die Grondwet plaaslike bestuur as 'n eie saak kenmerk, is dit denkbaar dat dit mettertyd grootliks uit die hande van die provinsiale owerhede geneem en in die hande van die ministersrade geplaas kan word en dat gemeenskaplike plaaslike owerheidsaangeleenthede 'n kabinetsaak kan word.

Artikel 114(b) van die 1961-wet word verder deur bylae 2 deel 1 A 8 sodanig gewysig dat 'n petisie van die betrokke provinsiale raad nie meer vereis word wanneer sy wetgewende gesag "ingekort" word nie. Sodanige petisie word egter steeds vereis voordat 'n provinsiale raad afgeskaf of provinsiale grense verskuif kan word.

'n Laaste vraag wat hier in verband met die provinsiale regeringstelsel ondersoek kan word, is of die howe 'n formele toetsingskompetensie het ten opsigte van die staatspresident se demontering of ombouing van die provinsiale stelsel. Hierdie vraag is nie in alle opsigte maklik te beantwoord nie, maar hier kan enkele tersaaklike oorwegings kortliks na vore gebring word:

- a Artikel 114 van die 1961-wet word nie deur artikel 34(2)(a) van die nuwe Grondwet geraak nie, omdat laasgenoemde bepaling alleen die nakoming van die Grondwet se prosessuele voorskrifte en nie die prosessuele voorskrifte van ander wette nie, deur die howe toetsbaar maak.
- b Artikel 18(2) sluit die howe se toetsingsjurisdiksie uitdruklik uit by besluite van die staatspresident oor eie en algemene sake en dit is wesenlik waaroor die staatspresident ingevolge artikel 98 moet besluit.
- c Aan die ander kant handel die staatspresident ingevolge artikel 98(3) deur ondergeskikte wetgewing (wat nog altyd as toetsbaar beskou is).<sup>50</sup> In hierdie geval word die proklamasie nie bloot (soos in artikel 16(2)) as kennisgewing benut nie, maar as statutêre verklaring van deel IV van die Grondwet as toepaslik op 'n ordonnansie. So gesien, lyk dit moontlik dat 'n hof sou kon bevind dat so 'n proklamasie van die staatspresident (dus nie sy besluit oor eie of algemene sake as sodanig nie) gebrekkig en dus ongeldig is as die betrokke provinsiale uitvoerende komitee nie daarvoor geraadpleeg is nie.
- d Dit is seker ook nie ondenkbaar nie dat 'n hof, indien hy oortuig kan word van die doelmatigheid daarvan, kan besluit om vir homself 'n formele toetsingskompetensie in bogenoemde gevalle te konstrueer, nie op grond van artikel 34(2) nie, maar na analogie daarvan en van artikel 18(1).

<sup>50</sup> So is Prok R121 van 1982 van die staatspresident byvoorbeeld in *Government of the Republic of South Africa v Government of KwaZulu* 1983 1 SA 164 (A) ongeldig verklaar.

## 9 ALGEMENE EN OORGANGSBEPALINGS

Artikels 89, 90 en 91 skryf op die reeds gebruiklike wyse<sup>51</sup> die gelykberegtiging van Afrikaans en Engels voor en artikel 99(2) verskans artikel 89 deur 'n tweederde meerderheidstem in al drie huise vir 'n wysiging daarvan te vereis. Opvallend is die feit dat Afrikaans nie meer, soos in artikel 119 van die 1961-grondwet, omskryf word as sou dit ook Hollands insluit nie.

Artikel 99(3) bevat 'n andersoortige “verskansing” van 'n aantal bepalings, naamlik 'n verbod op die wysiging daarvan sonder dat al drie huise (by gewone meerderheidstem) daartoe toegestem het. Die kerneffek van die bepaling is in gevolge subartikel (4) dat die presidentsraad se kompetensie om in geval van onenigheid tussen die huise oor 'n wysigingswetsontwerp uitsluitel te gee, uitgesluit word. Die bepalings wat so “verskans” word, het onder meer betrekking op die samestelling van die kieskollege, die ampstermyn van die staatspresident, die beslissing oor eie en algemene sake, die hantering van die uitvoerende en wetgewende gesag en die samestelling van die betrokke organe, die beslegting van geskille tussen die huise, die formele toetsingskompetensie van die hooggeregshof, stemreg en kwalifikasies van lede van die huise, die samestelling en ampsduur van die presidentsraad en sy beslissingsfunksie oor wetsontwerpe, die wysigingsartikel self en bylae 1 (waarin eie en algemene sake in den brede geïdentifiseer word). Aldus word dit onmoontlik gemaak dat een of twee huise se wil rakende veral die segmentele aandeel van die onderskeie bevolkingsgroepe aan die owerheidsgesag met behulp van die presidentsraad of die ander huis of huise afgedwing kan word. Hierdeur word die buigsamheid van die Grondwet aansienlik verminder.

Die waardigheid van die nasionale vlag, wat vir die eerste keer deur artikel 5A van die 1961-grondwet, soos in 1981 gewysig, beskerm is, word nou deur artikel 92 beskerm en wel op woordeliks dieselfde wyse. Soortgelyke beskerming wat artikel 13 van die 1961-grondwet aan die waardigheid en eer van die staatspresident verleen het, kom egter nie in die nuwe grondwet voor nie: in die lig van die feit dat die staatspresident nou as regeringshoof midde in die politieke stryd staan, is dit te verstane en te verwelkom.

Artikel 93, wat 'n herbepaling van artikel 111 van die 1961-grondwet is, (wat op sy beurt weer oorgeneem is uit artikel 147 van die *South Africa Act* van 1909) dra die “beheer oor en administrasie van Swart sake” aan die staatspresident op. Vir ooglopende redes is die gedeelte van die vorige bepalings wat die beheer en administrasie “van sake wat Asiate dwarsdeur die Republiek spesiaal of afsonderlik raak,” nie in artikel 95 herbepaal nie.

## 10 SLOTOPMERKINGS

Die Grondwet van die tweede republiek van Suid-Afrika is 'n dokument wat potensiaal vir fundamentele staatsregtelike vernuwing skep. Of die nuwe beveling gaan slaag en die vernuwingspotensiaal vrugbaar benut gaan word, kan geen grondwet waarborg nie – dit is grootliks afhanklik van die wyse waarop die nuwe staatsordening deur die nuwe owerheidsorgane behartig word.

<sup>51</sup> Vgl aa 108-110 van Wet 32 van 1961 en a 137 van die *South Africa Act* van 1909.

Wet 110 van 1983 is in elk geval die eerste oorspronklike republikeinse grondwet van die nie-swart Suid-Afrikaanse bevolking sedert dié van die boererepublieke. Dit verteenwoordig in vele opsigte 'n breuk met die Brits-koloniale staatsregebeginsels wat tot dusver in hierdie eeu in Suid-Afrika nagevolg is en indien daar suksesvol gebou word op die fundamente wat daardeur gelê word, kan dit meebring dat 'n unieke en outentiek Suid-Afrikaanse staatsreg daaruit ontwikkel.

In 'n sekere sin kan die Grondwet as vloeibaar beskou word. Hierbo is aangedui dat heelwat belangrike reëlins, prosedures en gebruike uit die Grondwet in die staatspraktyk ontwikkel sal moet word. Daarbenewens spreek dit vanself dat die relatief oorheersende rol van die blanke instellings nie onbepaald onaangetas sal kan bly sonder om die betekenis van die ander twee bevolkingsgroepe se deelname af te water nie. Die Grondwet bevat egter die potensiaal om die betrokkenheid by die owerheidsgesagshantering van die Kleurling- en Indiërbevolking stapsgewys te laat groei tot 'n punt waar dit ook aan hulle volle bevrediging kan gee sonder om staatkundige stabiliteit prys te gee. Om so 'n punt te bereik, sal dit mettertyd nodig wees dat die drie huise saam die Grondwet self aanpas en wel deur gebruikmaking van die konsensussoekende prosesse wat as potensiaal daar ingebou is. Nóg die staatsreg, nóg die politieke wetenskap kan nou reeds die vorm van so 'n eindpunt voorskryf, aangesien die ontwikkeling in daardie rigting evolusionêr sal wees en bestem sal word deur die onvoorspelbaarhede van die politiek. Dat idees uit die leer van konsosiatiewe demokrasie in die konstruksie van die Grondwet benut is, is ooglopend, maar die realisering van Suid-Afrikaanse konsosiasiestaatsreg is as versweë opdrag aan die owerheidsgesagsdraers in die Grondwet ingebou. Die eerste jare van die gelding van die Grondwet sal gevolglik 'n toets vir die vaardigheid en rypheid van die belangrikste politieke leiers van die drie betrokke bevolkingsgroepe wees.

In 'n ander sin kan gesê word dat die Grondwet nie so buigsaam is soos die vorige twee Suid-Afrikaanse grondwette nie. Hoewel daar nie sprake is van 'n algemene verskansing as sodanig nie (behalwe in die geval van die taalbeskerming), is dit duidelik dat die Grondwet 'n algemene wet is wat, behalwe as een of meer huise verkies om obstruksionisties te wees en die toepassing van artikels 32 of 37(2) in die gevalle waar dit moontlik is, afdwing, alleen met samewerking van al drie huise gewysig kan word. Daarbenewens is die vergrote rol in die formele kontrole oor die nakoming van sekere prosedurevoorskrifte van die Grondwet wat ingevolge artikel 34(2) aan die hooggeregshof toegeken is, ook 'n potensiele rem op onagsame omgang deur die staatspresident en die parlement met die buigsaamheid van die Grondwet. Kortom, die Grondwet bevat ook die potensiaal om die reg 'n groter rol as tot dusver te laat speel in die wyse waarop die owerheidsgesag in Suid-Afrika uitgeoefen word. Daar kan net gehoop word dat regswetenskaplikes en politici hierdie grondwetlike potensiaal sal benut en ontwikkel ten einde ordelikheid en geregtigheid hulle regmatige plekke in die staatsordening van die tweede republiek te laat inneem.

# “Judges shall be independent and subject only to the law”\*

R Zimmerman

*Dr Iur*

*Professor of law, University of Cape Town*

## OPSOMMING

### “Regters is Onafhanklik en is Slegs aan die Reg Onderworpe”

In hierdie artikel word twee probleme ten opsigte van die reg met betrekking tot skadevergoeding bespreek. Kan die eienaar van 'n winkel 'n beloning wat hy moes betaal aan 'n klant wat die diefstal opgemerk en aan hom gerapporteer het, as deel van sy skadevergoeding van die dief verhaal? En kan 'n vrou, wat as gevolg van die nalatigheid van 'n apteker tablette vir slegte spysvertering ontvang het in plaas van 'n voorbehoedmiddel, skadevergoeding eis vir die kind wat toe gebore is? Daar word aan die hand gedoen dat die beslissings van die Duitse Federale hooggeregshof in beide gevalle in twee opsigte verkeerd is: eerstens omdat die hof skadevergoeding toeken; tweedens — en nog belangriker — omdat die hof die omvang van die skadevergoeding op 'n baie willekeurige wyse beperk. Die regbank matig dus vir homself 'n bevoegdheid aan wat uitdruklik deur die grondwet van die houe weerhou word. Ondergeskiktheid aan die reg en onafhanklikheid van die regbank is wedersydse korrelate. Hoe meer die regters hulle van die bande van die reg bevry, hoe meer stel hulle die regterlike onafhanklikheid in gevaar.

I have tried during these last few days to obtain some information about this famous and remarkable man whose memory we are celebrating today. The characteristic feature of his lasting effect on South African legal culture is that it did not come about by means of books or articles, but by his lectures to the students of this university,<sup>1</sup> many of whom, in their turn, later also became celebrated scholars. In his lectures he displayed a great knowledge of vast areas of the law. Especially remarkable, however, seems to have been his mastery of a whole range of languages (including even a smattering of Sanskrit) and the fact that he paid so much attention to the legal systems of countries other than South Africa. It is for this reason that I feel it might not be inappropriate to talk to you about a specific feature of German law — a legal system which, generally speaking, offers interesting comparative perspectives for South African lawyers: many of the rules and concepts that have come down to us from Roman law, appear in a statutory form in the German civil code. This code marks the

\* M Malherbe Memorial Lecture, delivered on 1982-09-22 at the Faculty of Law, University of Stellenbosch. The form of a lecture has been maintained, but footnotes have been added. The article is up to date to 1983-01-01.

1 Cf De Vos 1964 *Acta Juridica* ix.

culmination of that famous era of legal science, pandectism, a branch of continental Roman common law, of which Roman-Dutch law is an off-shoot, and a closely related one, as well.

However, I am not going to deal with the Romanistic background of the German code today.<sup>2</sup> I should like to start with a brief discussion of two very recent decisions of the German federal supreme court which, already interesting in themselves, might prove to be interesting precedents for a South African lawyer as well, because they highlight a problem which every legal system has to tackle and which is not determined by certain particularities of the code: the concept of damages and how far they can be recovered. This discussion will be followed by some more general remarks about the position of the judiciary in a codified legal system.

Since 1963 the annual German criminal statistics have had a specific rubric for "shoplifting." This is an apposite reflection of the fact that this crime has grown in popularity with alarming rapidity with specific and significant criminological differences from other cases of theft. From 1963 to 1974 the rate of shoplifting increased by 369,5%; in 1981, according to newspaper reports, no fewer than 286 635 cases of shoplifting were registered, but it has to be kept in mind that this is only the tip of an iceberg. It is estimated that only every two-hundredth crime is discovered and brought to the knowledge of the police. According to an estimate published in 1976<sup>3</sup> about 40 to 50 million crimes of shoplifting are committed annually. It is understandable that in the light of these figures a normal and orderly criminal prosecution is practically impossible.<sup>4</sup> Moreover, the criminological exploration of this type of crime, which is closely connected with and so typical of an affluent society, has become, in the words of Richard Lange,<sup>5</sup> a place of scientific confusion.

However, since the beginning of the 'seventies, forensic disputes and academic discussions have centered increasingly around problems of civil law, more precisely the law of damages. The reason is simple: since the tools of criminal law have apparently proved powerless and general prevention consequently cannot satisfactorily be achieved,<sup>6</sup> the shop-owners have started to seek protection by means of private law. In order to encourage their employees as well as customers

2 On the influence of Roman law on the German civil code see Kaser 1967 *Juristische Schulung* 337 *et seq.* For a general characterisation of the German code and its historical and ideological background, cf Wieacker *Privatrechtsgeschichte der Neuzeit* (1976) 468 *et seq.*, 474 *et seq.*

3 Schoreit 1976 *Juristenzeitung* 52.

4 For more details about the criminological aspects of shoplifting cf Naucke "Empfiehl es sich, in bestimmten Bereichen der kleinen Eigentums- und Vermögenskriminalität, insbesondere des Ladendiebstahls, die strafrechtlichen Sanktionen durch andere, zum Beispiel zivilrechtliche Sanktionen abzulösen, gegebenenfalls durch welche?" *Gutachten für den 51. Deutschen Juristentag in Verhandlungen des 51. Deutschen Juristentages* vol 1 (1976) D 11 *et seq.*

5 "Der Ladendiebstahl - Ein Ort wissenschaftlicher Verwirrung" in *Festschrift für Hermann Jahrreiss zum 80 Geburtstag* (1974) 117 *et seq.*

6 For reform proposals as far as the criminal sanction is concerned, cf "Entwurf eines Gesetzes gegen Ladendiebstahl" *Recht und Staat* vol 439 (1974) Arzt "Empfiehl es sich, in bestimmten Bereichen der kleinen Eigentums- und Vermögenskriminalität, insbesondere des Ladendiebstahls, die strafrechtlichen Sanktionen durch andere, zum Beispiel zivilrechtliche Sanktionen abzulösen, gegebenenfalls durch welche?" *Referat für den 51 Deutschen Juristentag in Verhandlungen des 51 Deutschen Juristentages* vol 2 (1976) N 43 *et seq.*

to be on the look-out for and to report cases of shoplifting, they will usually announce a reward, the so-called catch-reward (in terms of §657 *BGB* a phenomenon unknown in South African law)<sup>7</sup> which constitutes a binding promise.<sup>8</sup> After the thief has been caught and the reward has been paid to the person who detected the crime, the shopkeeper normally tries to recover this loss from the thief, thus making him pay for the costs of his own detection. Secondly he usually tries to recover from the thief petty expenses arising as a consequence of the theft (like postage and telephone charges) as well as compensation for the resulting loss of time, the frustration of his employee's time and so on. And, finally, he also tries to shift onto the thief a proportionate share of the expenses he has incurred in order to prevent or at least to spot as many cases of shoplifting as possible: the installation of mirrors or television sets and the employment of professional detectives (so-called precautionary costs). I do not propose to deal with these two last-mentioned claims, because both issues have now at last been settled by the federal supreme court.<sup>9</sup> The court has ended a long and heated debate<sup>10</sup> by deciding that the shopkeeper cannot include these items in the calculation of his damage.<sup>11</sup>

More interesting is the question whether the catch-reward is recoverable or not. Great confusion had arisen over the years, and many conflicting decisions of the lower courts were reported.<sup>12</sup>

Legal certainty was totally lost for a couple of years, because nobody could any longer predict which line a specific court would take. No prevailing opinion emerged from the dust and smoke of this academic battle. Especially awkward was the fact that it seemed to be virtually impossible to obtain an authoritative judgment of the federal supreme court.<sup>13</sup> It is a typical feature of the crime of shoplifting that the value of the stolen property is usually very low (according

7 In *Bloom v The American Swiss Watch Company* 1915 AD 100 German law on this point was considered, but not accepted.

8 The reward as a unilaterally binding promise did not come down from Roman law, but came to be recognised only in the *usus modernus pandectarum* of the 17th century: cf Dreiocker *Zur Dogmengeschichte der Auslobung* diss Kiel (1969).

9 *BGHZ* 75 230 *et seq* 237 *et seq*.

10 Cf e.g. Canaris 1974 *Neue Juristische Wochenschrift* 521; *contra* Wollschläger 1976 *Neue Juristische Wochenschrift* 12.

11 As far as the precautionary costs are concerned, the question arises whether this solution can be reconciled with and distinguished from earlier decisions, where it was held, e.g., that in case of a traffic accident, when a tram has been damaged negligently, the traffic administration is allowed to claim a proportionate share of the costs necessary for keeping and maintaining a reserve vehicle (cf *BGHZ* 32 280 *et seq* *BGHZ* 70 199 *et seq*.) The main problem is that in these cases a claim for damages has been allowed, even though the occurrence of this accident (in the case of shoplifting this theft), is by no means a *conditio sine qua non* for these expenses. They would have been incurred by the traffic administration and the shopkeeper in any event.

12 Cf Hamburg 1977 *Neue Juristische Wochenschrift* 1347; Braunschweig 1976 *Neue Juristische Wochenschrift* 1640; *contra* Braunschweig 1976 *Neue Juristische Wochenschrift* 60; Koblenz 1976 *Neue Juristische Wochenschrift* 63.

13 When I say authoritative, I mean persuasive authority; even decisions of the federal supreme court (whose status is comparable to the appellate division in South Africa) are not binding on the lower courts. For an interesting example of cases where many lower courts refuse to follow a consistent line of decisions of the federal supreme court, cf *BGHZ* 23 281 *et seq*; *BGHZ* 57 229 *et seq*; Hippel 1965 *Neue Juristische Wochenschrift* 664 (damages in case of adultery); for a comparative study see Aden 1978 *Monatsschrift für Deutsches Recht* 536.

to an investigation in Germany in 1976 it does not exceed 10 DM in the majority of cases),<sup>14</sup> consequently the value in dispute does not exceed 500 DM, the sum necessary to bring litigation up through the instances to the higher courts.<sup>15</sup> Only in 1979 did the court get the opportunity to decide on this question, as in this case the parties side-stepped the procedural restrictions by agreement and raised the catch-reward in dispute to an amount of 550 DM. In its eagerly awaited decision, the federal supreme court in principle gave the shopkeeper the right to claim the catch-reward, but added an important proviso: the reward could be recovered only up to a reasonable amount. As the sum of 550 DM was regarded as grossly excessive, it was reduced by the court to 50 DM.<sup>16</sup>

I do not agree with this decision. Admittedly, one cannot deny that there is a causal link: if the theft had not taken place, the shopkeeper would not have had to pay the reward. However, the *conditio sine qua non* test<sup>17</sup> does not finally determine the question of liability. The range of consequences for which a person can be held liable has to be restricted further. This requires an investigation into the rule on which the liability is based. Does this specific consequence fall within the protective ambit of delictual liability?<sup>18</sup> Are we dealing, in other words, with a loss against which §823 BGB (from which the duty of compensation in case of unlawful injury to property arises)<sup>19</sup> is intended to protect the shopkeeper? This question, in my view, cannot be answered in the affirmative. It has to be taken into consideration that the problem of shoplifting arose only because of drastic changes in sales methods. In the traditional Oom Koos shops<sup>20</sup>

14 Cf Deutsch "Empfiehl es sich, in bestimmten Bereichen der kleinen Eigentums- und Vermögenskriminalität, insbesondere des Ladendiebstahls, die strafrechtlichen Sanktionen durch andere, zum Beispiel zivilrechtliche Sanktionen abzulösen, gegebenenfalls durch welche? Gutachten für den 51. Deutschen Juristentag in Verhandlungen des 51. Deutschen Juristentages vol 1 (1976) E 90.

15 The hierarchy of courts in Germany is somewhat complicated. If the value in dispute is below 3000 DM, the plaintiff normally has to sue the defendant before the local court. Against the decision of the local court an appeal on points of fact and the law lies to the regional court. From there, no further appeal is possible: above the regional court there is, according to popular saying, only the blue sky. In cases where the value in dispute exceeds the sum of 3000 DM litigation starts at regional court level; from there an appeal is possible (on points of fact and law) to the regional supreme court; from there an appeal only on points of law lies to the federal supreme court cf §§ 23 71 72 119 *Gerichtsverfassungsgesetz*. This applies to the ordinary courts and to civil litigation only. It is, however, possible, under certain circumstances, for the parties concerned to agree otherwise: cf §§ 38 *et seq* *Zivilprozessordnung*. The other stumbling-block is provided by §511 (a) *Zivilprozessordnung*: an appeal may be lodged only if the value in dispute exceeds 500 DM.

16 *BGHZ* 75 230 (235 *et seq*.)

17 On the relevance of the *conditio sine qua non* test to determine liability ("Äquivalenztheorie") cf Grunsky in *Münchener Kommentar zum Bürgerlichen Gesetzbuch* vol 2 (1979) vor § 249 no 36; Lange *Schadensersatz 1979* 54 *et seq*; Schünemann 1979 *Juristische Schulung* 19 *et seq*.

The purpose of this act was to persuade a person found in possession of dagga to reveal his source of supply. As such the new provision is aimed at the supplier or dealer. The effect of this provision is that if the accused tells the police where he obtained the dagga, it could lead to the arrest of the dealer, so that the real culprit in the dagga trade can be caught. Up to now it has generally been expected

that magistrates will, where the accused has revealed his source of supply, let him off with a suspended sentence where he is a first offender and the quantity is small.

In *S v Fuleni* 1982 3 SA 294 (B) Hiemstra CJ (Steenkamp J concurring) explained that magistrates will probably feel that where an accused refuses to reveal his source of supply he will not deserve a suspended sentence. Magistrates were therefore requested in all cases of possession to enquire whether the accused was informed of the new law by the arresting policeman. If he has not been informed the duty is upon the magistrate to inform the accused of the new provision and even to postpone sentence to give him a chance to reveal his source to the police. In this regard there is a duty upon the police to follow up the information. When the accused comes up for sentence and if it appears to the court that he has given correct information, this should be taken into consideration as a mitigating factor.

## 2 Implementation of Act 9 of 1981 (Bophuthatswana)

Reference to a few earlier decisions gives us an idea of the way in which this act is to be applied in practice.

In *S v Wilson Makhubela* CA R42/81 the provisions of Act 9 of 1981 were not implemented by the trial court. The accused was found in possession of 2,2 kilogrammes of dagga. On a charge of dealing in dagga or, in the alternative, of possession, the prosecutor accepted the plea of possession. The accused was sentenced to six months' imprisonment. Regarding the implementation of Act 9 of 1981 Hiemstra CJ commented as follows:

"In addition the magistrate allowed the accused to make a mockery of Act 9 of 1981. This court has on many occasions urged magistrates not to be gullible when the accused says he does 'not know' his supplier. A man with more than two kilogrammes of dagga in his possession obviously knows his supplier."

In *S v Gerard Nthafa* CA R115/82 the accused was found guilty of dealing in dagga and was sentenced to eight years imprisonment. The accused had not been given an opportunity to reveal his source of supply as the magistrate failed to apply Act 9 of 1981. Hiemstra CJ on review set the sentence aside and remitted the case to the magistrate to pass sentence afresh.

## 3 Recent unreported decisions

From the unreported decisions for the year 1983, interesting patterns in the application of Act 9 of 1981 (Bophuthatswana) emerge. The decisions below came before the Bophuthatswana supreme court during the period January to December 1983.

In *S v Elvis Raphiri* CA R9/83 the accused was found guilty of possessing dagga. The quantity involved was 45 grammes. The accused had a previous conviction of dealing in dagga for a very small quantity. The accused was sentenced to two years of which nine months were suspended for two years, on suitable conditions. The magistrate, however, failed to apply Act 9 of 1981. The accused was not asked to reveal his source of dagga and was thereby deprived of an opportunity to earn further suspension. Hiemstra JP confirmed the conviction but set the sentence aside and remitted the matter to the magistrate to enable him to apply Act 9 of 1981.

In *S v Mirriam Moseto* CA R39/83 the accused was convicted on a charge of contravening section 2(a) of Act 41 of 1971 (dealing in dagga) and she was sentenced to five years' imprisonment. The quantity of dagga involved was 500 grammes.

The magistrate took into account that the accused was a first offender and realised the desirability of keeping a first offender out of prison, if at all possible. He nevertheless imposed a heavy sentence because he was mindful of the seriousness of the offence and the quantity of dagga involved, and wished to impose a sentence that would deter others.

According to Van der Merwe J the magistrate misdirected himself in two respects. In the first place the magistrate found that the mitigating factors were negated by the fact that the accused was not prepared to disclose her source of supply as envisaged by Act 9 of 1981. Van der Merwe J stated that such an approach is wrong. An accused's failure to disclose his source of supply in dagga cases is not an aggravating factor. As such it cannot cancel or outweigh the mitigating factors. The proviso to section 1 of Act 9 of 1981 makes it clear that the disclosure of his source by an accused is purely a mitigating factor and nothing more. According to Van der Merwe J

"If an accused discloses his source of supply this is yet another mitigating factor to be taken into account in addition to all other mitigating factors that might be present but no penalty or sanction attaches to an accused's failure to disclose his source."

In the second place the magistrate drew the inference that the accused was the real principal trafficker in dagga, who had agents all over the country. If this inference had been correctly drawn, a sentence of five years' imprisonment would have been appropriate. After having studied the record very carefully Van der Merwe J could find no factual basis to support the magistrate's inference. In all the circumstances the conviction was confirmed, but the sentence was set aside and replaced by the following:

"Five years imprisonment of which 2 years are suspended for five years on condition that accused does not contravene the provisions of s 2(a) of Act 41 of 1971 during the period of suspension."

*S v Simon Lucky Kekana* CA R S2/83 illustrates the attitude of magistrates towards an accused who does not reveal his source of supply. In this case the accused was convicted on a charge of contravening section 2(b) of Act 41 of 1971 (possession of dagga) and he was sentenced to nine months' imprisonment.

At the time of the commission of the offence the accused was an inmate of Rooigrond Prison and the dagga was found in his locker to which only he had the key. When he was asked about the dagga by a prison warder the accused denied all knowledge thereof. He similarly denied all knowledge of the dagga in court. On review Van der Merwe J was satisfied that the accused was correctly convicted.

By way of a query Van der Merwe J asked the magistrate why he did not apply the provisions of Act 9 of 1981, thereby depriving the accused of an opportunity to earn a suspended or partly suspended sentence. The magistrate replied that the accused had denied all knowledge of the dagga to the prison warder and in court. Van der Merwe J replied as follows:

"The magistrate's reasoning is fallacious. An accused will often deny knowledge of the dagga before conviction in an attempt to escape conviction. After conviction however he might well change his story and reveal his source if the provisions of Act 9 of 1981

are explained to him. In practice this often happens because an accused then realises that he can earn a suspended sentence if he changes his story and reveals his source. Accused in this case has been denied that opportunity.”

The magistrate's third reason for his failure to apply the provisions of Act 9 of 1981 drew a special comment from Van der Merwe J. According to the magistrate the accused was a prisoner who knew that it is an offence to bring dagga into prison yet he did so. This behaviour, according to the magistrate, indicated that the accused wished to prolong his period of imprisonment and therefore that he had no wish to have portion of his sentence suspended by revealing the source of his dagga. In order to give effect to this wish the magistrate did not apply the provisions of Act 9 of 1981. Van der Merwe J commented as follows:

“This is a totally unjudicial approach. Apart from that, the magistrate's approach is cynical bordering on vindictiveness. A magistrate should have understanding of human frailty and make due allowance therefor in appropriate cases. In this case it is perfectly understandable that a prisoner would attempt to smuggle dagga into prison despite a penalty that might be imposed in terms of the prison regulations if he is caught. That however is no reason to deprive accused of an opportunity to earn a suspended sentence by applying the provisions of Act 9 of 1981.”

Under these circumstances the conviction was confirmed but the sentence set aside and replaced by six months' imprisonment, suspended for five years on condition that the accused does not contravene the provisions of section 2(b) of Act 41 of 1971 during the period of suspension.

In *S v Pillemon Dire* CA R102/83, *S v Joel Mathibi* CA R103/83, *S v Gladness Moleko* CA R134/83 the accused were charged with dealing in dagga, alternatively, possessing dagga in contravention of the provisions of section 2(1) or 2(b) respectively of Act 41 of 1971. Each pleaded not guilty to the main charge of dealing in dagga but guilty to the alternative charge of possessing dagga. In each case evidence was led by the state in order to prove the guilt of the accused on the main charge and a policeman was called to testify as to the circumstances under which it was alleged that the accused had been dealing in dagga.

In two of the cases, in the course of his evidence in chief, the policeman concerned stated that the accused had told him his source of supply. In the third case, the policeman gave similar evidence in reply to a question put to him by the magistrate. This evidence was given because of section 1 of Act 9 of 1981.

Theal Stuart J held that this provision does not in any way alter the law of evidence relating to confessions or admissions and that it is not intended to open the door to the leading of evidence of the aforementioned type before the accused is convicted. The plea in each case was not accepted by the state and the stage had not yet been reached where the magistrate was considering questions of sentence when the witnesses gave their evidence. Theal Stuart J commented as follows:

“Prosecutors must therefore not lead evidence of this nature before conviction unless it is admissible under the normal rules of evidence. If it is to be admissible then the proper foundation must be laid by showing, if it is a confession, or forms part of a confession that the provisions relating to the admission of confessions have been complied with. If it is an admission, then again, the State must, prove that it is admissible as such before the evidence is led.”

Magistrates were similarly urged to ensure that there has been proper compliance with those requirements before statements such as those in question are put on record if it is desired to have them on record before conviction.

Despite what had happened in each of these cases Theal Stuart J was satisfied that the convictions were in accordance with justice because there was sufficient further admissible evidence on record. The convictions and sentences were accordingly confirmed.

In *S v Johannes Mosela* CA R154/83 the accused was found guilty of possession of dagga and was sentenced to a fine of R50 or 50 days' imprisonment. The case was not automatically reviewable but the magistrate of Ditsobotla, when checking the criminal record books, came across it and sent it up for special review in terms of section 304(4) of the Criminal Procedure Act 51 of 1977. He drew the attention of the court to three points which he considered to be irregularities (he is referred to as the "second magistrate" and the trial magistrate as the "first magistrate"):

- i In the first place, a fine is not a competent sentence in terms of section 2 of the Abuse of Dependences Act 41 of 1971 (RSA). Only imprisonment is authorised.
- ii In the second place, the first magistrate failed to apply Act 9 of 1981 (B), in that he did not give the accused an opportunity to reveal the source of his dagga. If the accused had done so, he might have established an important mitigating circumstance.

Regarding failure to apply Act 9 of 1981 (B), Hiemstra CJ remarked that the Bophuthatswana supreme court has referred cases back to the trial court in order to give the accused the opportunity of securing a lighter sentence. The act does not make the procedure compulsory and one cannot say that omission to apply the act is a fatal irregularity. It has, however, become standard practice and the Bophuthatswana supreme court continually urges magistrates to give accused persons the opportunity to reveal their source. The police also have instructions to inform persons arrested for dagga, of the provisions of Act 9 of 1981.

- iii The third point is one on which there is not complete clarity. The accused pleaded not guilty and disclosed his defence in accordance with section 115 of the Criminal Procedure Act 51 of 1977.

The following appears on the record:

"You admit that the dagga mentioned in the charge sheet on the day, time and place was found in your possession as alleged in the charge sheet?"

'Yes I admit.'

'Do you have a licence to possess dagga?'

'No.'

'Dagga is a habit-forming drug?'

'Yes.'

Court: 'Accused has no defence. Accused is found guilty as charged.'

With reference to *S v Talie* 1979 2 SA 1003 (C) and *S v Malebo* 1979 2 SA 636 (B) 643H-644, Hiemstra CJ found that the opinion of the second magistrate that where there is a plea of not guilty, there cannot be a conviction unless the state leads evidence, is not valid. The accused must be informed that his answers amount to a plea of guilty. He must be asked on what basis he pleads not guilty, in the light of his admissions. On this point the first magistrate did commit an irregularity. It is not necessarily fatal. Whether it is fatal or not will depend on whether there is prejudice to the accused.

#### 4 Conclusion

From the cases discussed above it is evident that the Bophuthatswana Supreme Court is keeping a close check on the application of Act 9 of 1981 (B). In the light of the decreasing number of cases regarding dealing in and possession of dagga coming before the Bophuthatswana supreme court, it is clear that this legal measure is positively contributing towards eradicating the evil of dagga. Secondly, one can say with a fair amount of certainty that the magistrates are experiencing fewer problems with the implementation of this measure in Bophuthatswana.

AWG RAATH  
*University of Bophuthatswana*

*It is not the existence of a police force that makes a system of law strong and respected, but the strength of the law that causes a police force to be organised. (per Brierly in *The Law of Nations* 52.)*

## JOUBERT v VENTER 1985 1 SA 654 (A)

### *Laster en privilegie tydens gedingvoering*

Hierdie uitspraak van appèlregter Kotzé aangaande die verweer van privilegie ten opsigte van lasterlike uitlatings binne die kader van regsgedinge gemaak, is 'n tydige herbevestiging van vorige *dicta*, samesnoering van losstaande gedagtes uit die gewysdes en ou bronne, en 'n beslissing van aangeleenthede wat in die verlede deur die howe òf oopgelaat òf onaanvaarbaar behandel is. Oor die algemeen gesproke, getuig die uitspraak van 'n deeglike oorweging van die reg en 'n oorwoë standpuntinname ten opsigte van beleidsoorwegings wat heersende norme weerspieël. Wat 'n mens verwelkom, is die duidelike onderskeid wat appèlregter Kotzé telkens maak tussen aspekte wat beslis word en dié wat *obiter* bespreek word. Wat die hofverslag betref, bevat dit 35 bladsye wat gewy word aan die advokate se betoog (die uitspraak self beslaan 23), en 'n mens wil dadelik aanvoer dat 'n meer beknopte aanbieding van die betoog (wat tóg dikwels leerzaam is) aangewese is in 'n geval soos die onderhawige.

Die feitemateriaal waarop die uitspraak gebaseer is, is kortliks die volgende. In 'n reeks ingewikkelde hooggeregshof-aansoeke waartydens uitgebreide beëdigde verklarings opgestel en oorweeg is, het sommige van die appellante sodanige verklarings onderteken wat lasterlike bewerings bevat het aangaande die respondent (wat as voorlopige likwidateur van 'n maatskappy waarvan die eerste appellant 'n direkteur was, aangestel is). Die beëdigde verklarings is deur ene Z, 'n advokaat (en uiteindelik ook 'n appellant), opgestel. Die bewustheid al dan nie van Z aangaande die moontlike lasterlike aard van die bewerings wat hy by die beëdigde verklarings ingesluit het, blyk uit 'n memorandum wat hy aan sy opdraggewers gestuur het, en ook uit 'n gesprek tussen Z en die eerste appellant. In die memorandum het Z die volgende gesê (709G):

“Dit moet daarop gelet word dat die bewering dat die [respondent] hierdie bedrae (R16 431, 49) gevat het, nie in die bankrekening gestort het nie en nog hou, *prima facie* uiters lasterlik is. Ek het dit oorweeg om hierdie bede weg te laat . . . maar ek het daarteen besluit omdat hierdie pertinente bewerings die [respondent] onmiddellik in 'n groot verleenheid stel.”

Z het voorts sy opdraggewers versoek om die aangeleentheid eers te ondersoek alvorens met die uitreik van dagvaarding voortgegaan word. Wat betref die

gesprek tussen Z en die eerste appellant, wat teenwoordig was toe Z een van die lasterlike bewerings gedikteer het, som appèlregter Kotzé dit soos volg op (710D):

“When Zeiss dictated one of the defamatory passages, Joubert remarked that the language was rather robust. Zeiss countered by saying that ‘hy praktiseer vreesloos en as hy nie kan vreesloos praktiseer nie dan stel hy nie belang om te praktiseer nie.’”

Z het later bevestig dat hy op grond van beskikbare inligting tevrede was dat die bewerings gegrond was en dat die bewoording van die beëdigde verklarings gegverdig was.

In die verhoorhof is Z (as advokaat) en die deponente van die beëdigde verklarings (as getuies) aangespreek weens die lasterlike bewerings in die verklarings vervat, en inderdaad deur die hof aanspreeklik gehou. By hoër beroep was dit gemene saak dat die bewerings lasterlik was en dat publikasie daarvan plaasgevind het. Gevolglik het die vermoedens ontstaan dat publikasie wederregtelik geskied het en dat die uitlatings *animo iniuriandi* gemaak is (696A). Sowel die “getuies” as hul advokaat het die verweer van privilegie opgewerp, en die appèlhof moes toe die vraag oorweeg

“whether the defendants have established these defences and thus the lawfulness of the publication. If so, a further question arises: whether the provisional protection afforded by the defence is defeated by affirmative proof by (the plaintiff) of ‘malice’ in the sense explained by Schreiner JA in *Basner v Trigger* 1946 AD 83 at 95, i.e. the existence of an improper or indirect motive” 696B–C.

Die vraag of die verweer van privilegie gepaard gaan met ’n bewyslas of bloot met ’n weerleggingslas ten opsigte van die eiser se bewerings (“the burden of adducing evidence in rebuttal”) is ongelukkig deur onlangse beslissings vertroebel. Vroeëre uitsprake het die verweerder met ’n bewyslas gelaat ingevolge waarvan hy sy verweer op ’n oorwig van waarskynlikheid moes bewys (kyk veral *Basner v Trigger* (*supra*) 97; *Nydo v Vengtas* 1965 1 SA 1 (A) 13 (per ar Rumpff), 20 (per ar Holmes), 23 (per ar Wessels); *Benson v Robinson & Co (Pty) Ltd* 1967 1 SA 420 (A) 432). In die jongste tyd, daarenteen, het die appèlhof, in navolging van ’n *obiter dictum* van appèlregter Rumpff in *Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie v O’Malley* 1977 3 SA 394 (A) 403, die eertydse bewyslas as ’n “weerleggingslas” begin beskryf (kyk *Borgin v De Villiers* 1980 3 SA 556 (A) 571; *May v Udwin* 1981 1 SA 1 (A) 10; *Marais v Richard* 1981 1 SA 1157 (A) 1166; en vgl Burchell “*The Administration of Justice and the Defence of Privilege in Defamation*” in Kahn red *Fiat Justitia* (1983) 172 178). Appèlregter Kotzé verkies om die kwessie *in casu* oop te laat, en aanvaar vir doeleindes van sy beslissing dat die verweerder ’n volle bewyslas dra (697G).

Die posisie van ’n getuie wat op die verweer van privilegie steun, verskil wesenlik van dié van ’n advokaat wat hom op ’n soortgelyke verweer beroep. Die rede hiervoor is te vind in sowel die verskil in konteks waarin getuie en advokaat lasterlike uitlatings maak tydens die gedingvoeringsproses, as die verskillende beleidsoorwegings waarop elk se privilegie gegrond is. Om hierdie rede bespreek appèlregter Kotzé die verweer van die getuie (698D–702C) afsonderlik van dié van die advokaat (702E–705D). Ook skrywers van akademiese werke maak die onderskeid (kyk bv Burchell (*supra*); Nathan *The Law of Defamation in SA* (1933) 233–241; Amerasinghe *Defamation and Other Aspects of the Actio Iniuriarum in Roman-Dutch Law* (1968) 107, maar kontrasteer Van der Merwe en Olivier *Die Onregmatige Daad in die SA Reg* (1980) 323–324; Strauss, Strydom en Van der Walt *Die SA Persreg* (1976) 271; Davidtsh *Animus Iniuriandi*

as Vereiste vir Aanspreeklikheid op grond van Privaatregtelike Laster (1976) 567). Die privilegie wat 'n getuie geniet, ontleen hy aan die feit dat hy onder verpligting verkeer om getuienis af te lê en om alle vrae wat aan hom gestel word, te beantwoord (kyk Voet 22 5 14; 47 10 20; *Norden v Oppenheim* (1846) 3 M 42 60; *Preston v Luyt* 1911 EDL 298 310; Melius de Villiers *The Roman and Roman-Dutch Law of Injuries* (1899) 223). Soos hieronder aangetoon sal word, verkeer die getuie wat slegs 'n beëdigde verklaring gemaak het, in 'n effens verskillende posisie.

Volgens Melius de Villiers (*supra*) kon 'n getuie sy privilegie verbeur indien sy lasterlike uitlating irrelevant of bewustelik vals was. In *Norden v Oppenheim* (*supra*) is verklaar dat die eiser, ten einde die beskerming van privilegie uit die weg te ruim, moet bewys dat die verweerder deur kwaadwilligheid of "malice" gemotiveer was; dat die uitlating vals was; en dat die verweerder onvoldoende rede gehad het om in die waarheid van die uitlating te glo. Hierdie versameling van faktore wat deur die eiser bewys moes word, is in *MacGregor v Sayles* 1909 TS 553 556 nagepraat, en in *Preston v Luyt* (*supra*) is 'n vierde vereiste bygevoeg, naamlik dat die uitlating irrelevant moet gewees het vir die vraag wat aan die getuie gestel is. Appèlregter Kotzé *in casu* verwerp die gedagterigting van hierdie ou sake vir sover hulle te kenne gegee het dat die gestelde vereistes kumulatief (en nie alternatief nie) bewys moes word, en wys daarop dat 'n eiser moontlik "malice" sou kon aantoon (bv deur die aanvoer van ekstrinsieke getuienis) sonder om enige van die ander faktore te bewys. Gevolglik beslis appèlregter Kotzé dat die vereiste van "malice" disjunktief tot die ander vereistes verstaan behoort te word (699E). In hierdie verband is dit insiggewend dat 'n soortgelyke benadering vroeg reeds verkondig is (kyk die minderheidsuitspraak van hr Wylde in *Norden v Oppenheim* (*supra*); maar kontrasteer *Van Rensburg v Snyman* 1927 OPD 123 en *Nathan* (*supra*) 240, wat klaarblyklik die uitspraak van Wylde as dié van die Hof in *Norden* se saak aangesien het).

Dit is egter onduidelik waarom "malice" uitsondering verdien. Dit is enersyds wel so dat die wye verskeidenheid getuienisbronne erken moet word, en dat "malice" ook deur ekstrinsieke getuienis bewys kan word. Andersyds kan 'n mens jou egter gevalle indink waar "malice" die getuie se *gesindheid* binne die kader van die deliksomskrywing daarstel terwyl sy lasterlike *uitlating* aan al die vereistes van die gepriviligeerde geleentheid voldoen. Die getuie se *subjektiewe* motief mag dus wees om die geleentheid te gebruik om X te belaster, terwyl sy uitlating *objektief* beskerm is omdat dit sowel waar as ter sake vir 'n geskilpunt in die geding is. Appèlregter Kotzé beroep hom vir die doeleindes daarvan om "malice" van die ander elemente te skei, op die uitspraak van Schreiner in *Basner v Trigger* (*supra*) waar die volgende gesê is (95):

"Privileged occasions are recognised in order to enable persons to achieve certain purposes and when they use the occasion for other purposes they are actuated by improper or indirect motives, that is, by 'malice'."

Die feit bly egter staan dat die geleentheid bevoorreg is om te voldoen in die behoeftes van die regspleging, waarvan die oogmerk onder andere die vasstel van die waarheid is. Indien die getuie dus vir X belaster ter uiting van sy onbehoorlike motief of "malice," terwyl hy nietemin tersaaklik getuig en boonop die waarheid verkondig, word die regspleging immers steeds bevoordeel en verdien die getuie steeds die beskerming wat die geleentheid uiteraard bied. Anders gestel: die beleidsgrond waarop getuieprivilegie berus, is dat getuies met vrymoedigheid moet kan getuig ten einde die regspleging behulpsaam te wees by

die vasstèl van die waarheid. 'n Getuie wat tersaaklik getuienis lewer wat waar is en wat X belaster, geniet beskerming omdat hy andersins geïnhibeer sou gewees het; sou sy *motief bykomend* wees om X te belaster, behoort dit nie afbreuk te doen aan die privilegie wat deur die geleentheid gebied word nie. Dit sou immers daarop neerkom dat die lewer van tersaaklike, ware getuienis ontmoedig word sodra die getuie se motief nie *bona fide* is nie. Daar word dus aan die hand gedoen dat “malice” op sigself nie die getuie se privilegie die nek kan inslaan nie, maar dat dit eers die geval sal wees waar die uitlating *boonop* òf onwaar òf irrelevant vir die geding is. (Van der Keessel *Praelectiones ad Jus Criminale* 47 10 1; *May v Udwin* (*supra*) 18B).

Die regter meen ook dat die onwaarheid van die uitlating om beleidsoorwegings bewys moet word, maar laat die punt onbeslis (699G). Veel eerder sou 'n mens 'n disjunktiewe benadering wou sien wat die onwaarheidselement van die ander faktore skei. As in gedagte gehou word dat die geleentheid wat beskerm word van so 'n aard is dat die getuie onder eed getuig en dat sy getuienis vermoed word waar te wees, volg dit dat die aflê van onware getuienis om beleidsoorwegings met groot erns bejeën word. Die aflê van onware getuienis wat X belaster kan boonop in gepaste omstandighede 'n afleiding van “malice” regverdig. Daar word gevolglik betoog dat die eiser die getuie se verweer van privilegie kan oorkom deur onwaarheid te bewys *wat bykomend 'n afleiding van “malice” regverdig*. Wat betref die oorweging dat die dader nie oor redelike gronde beskik het om die uitlating as waar te beskou nie, beslis appèlregter Kotzé dat dit inderdaad 'n minimum vereiste is wat deur die eiser bewys moet word (afgesien van die moontlikheid om “malice” losstaande te bewys) (699H).

'n Interessante vraag wat appèlregter Kotzé in hierdie verband opper (maar uiteindelik ooplaat), is of die eiser nie behoort te bewys dat die getuie inderdaad geen geloof gehad het in die waarheid van sy uitlating nie. Op die oog af lyk dit asof so 'n vereiste uiters beswarend vir die eiser kan wees, dog sodra die eiser die minimum bewys, naamlik dat die dader nie redelike gronde gehad het om in die waarheid van sy uitlating te glo nie, sal die verweerder getuienis *moet* aanvoer om te toon dat hy nietemin so 'n geloof gehad het. Volgens die regter verdien die feit dat die getuie onder eed die lasterlike uitlating gemaak het om beleidsredes erkenning deur sy beskerming effens sterker te maak (700B). Hierdie benadering bots in beginsel met die houding dat “malice” onafhanklik privilegie kan uitskakel — eers word die getuie se posisie verswak, waarna redes gesoek word om dit weer te versterk. Daar word ook aan die hand gedoen dat Melius de Villiers (*supra*) se stelling dat die eiser moet bewys dat die getuie gesweer het “to that which he knew to be false” onoortuigende gesag is vir 'n verdere belading van die reeds beswaarde eiser, veral in die lig van die vermoede dat 'n getuieverklaring waar is (kyk Voet 47 10 20; *Norden v Oppenheim* (*supra*); *Preston v Luyt* (*supra*); *Dold v Van Wyhe* 1917 EDL 375). Dat die regter se voorgestelde uitbreidings van die bewyslas egter strook met die beleidsgronde waarop die getuie se privilegie berus, val nie te ontken nie.

Die vereiste dat 'n getuie se lasterlike uitlating relevant vir die geding moet wees alvorens hy hom op privilegie kan beroep, is vroeg reeds in ons reg erken (kyk *Norden v Oppenheim* (*supra*); *Seaman v Netherclift* (1876) 2 CPD 53; 46 LJQB 128; *Goldseller v Kuranda* 1906 TH 185; *Preston v Luyt* (*supra*); *Rubel v Katzenellenbogen* 1915 CPD 627; en ook Melius de Villiers (*supra*) 223). In gepaste omstandighede kan die relevantheidsvereiste van groot belang wees (vgl

Burchell (*supra*) 184), maar dit behoort nie 'n absolute vereiste te wees nie: 'n getuie kan byvoorbeeld 'n stelling maak of antwoord verstrek wat "malicious" en vals is, maar wat nietemin verband hou met die onderwerp van die verrigtinge. Om hierdie rede word betoog dat die weglating van die relevantheidsvereiste in *MacGregor v Sayles (supra)* te verkies is (kontrasteer die *obiter dictum* in *Udwin v May (supra)* 20A). Dit lyk of appèlregter Kotzé op dieselfde grondslag bevind het dat die vereiste nie onafhanklike bestaansreg het nie (700D-E). Andersyds moet in gedagte gehou word dat 'n irrelevante lasterlike uitlating, selfs al is dit waar, nietemin aanspreeklikheid tot gevolg kan hê (700F), en daarom is dit nodig om die bewyslas met betrekking tot die relevantheid van die uitlating in oënskou te neem.

Appèlregter Kotzé wys op twee moontlike benaderings wat toegepas kan word by beoordeling van die betrokke bewyslas waar die getuie *viva voce* getuig het, naamlik (a) dat geen onderskeid gemaak moet word tussen die verskeie vorms waarin en prosedures waarvolgens getuienis aangebied word nie, en (b) dat 'n getuie beskerming verdien bloot omdat hy onder eed getuig. Die punt word egter oopgelaat (700G-I). Die getuie wat 'n beëdigde verklaring onderteken, word egter onomwonde met 'n bewyslas belaaï ingevolge waarvan hy moet aantoon dat die lasterlike uitlating relevant vir 'n geskilpunt in die geding was (700F). Die regter wys op die feit dat getuienis by wyse van 'n beëdigde verklaring in minder spannende omstandighede as *viva voce* - getuienis gelewer word, en ook dat dit nie onder verpligting of in antwoord op vrae geskied nie. Boonop het die getuie "opportunity for reflection." Gevolglik beslis die regter dat die blote feit dat die verklaring beëdig was, onvoldoende rede is om voorlopige beskerming by wyse van privilegie aan die deponent toe te sê:

"It would not hamper the administration of justice to require proof from a defendant that the defamatory statement was relevant and germane to the issues, or an issue in the case, and it would be sound policy to require such proof in order to establish provisional protection . . ." (701H).

Afgesien van die bewyslas wat dus op die verweerder rus om die relevantheid van sy uitlating te bewys, word geen onderskeid gemaak tussen die trefwydte van die privilegie wat aan die twee klasse getuies gebied word nie (701 *in fine* - 702A; vgl *Rubel v Katzenellenbogen (supra)* 633; Burchell (*supra*) 185).

Die privilegie van 'n regsverteenwoordiger wat gedurende die proses van gedingvoering 'n lasterlike uitlating maak, is gegrond op die beleidsoorweging dat hy sy kliënt se saak vreesloos moet kan aanbied, en ook op die feit dat hy sy kliënt se saak skade kan aandoen as hy dié se opdrag sou verontagsaam (kyk Nathan (*supra*) 235). 'n Regsverteenwoordiger sou hom dus op privilegie kon beroep waar hy 'n lasterlike uitlating gemaak het wat sowel relevant vir die geskil was as gebaseer was op die getuienis of omringende omstandighede van die verhoor (kyk *Pogrud v Yutar* 1967 2 SA 564 (A) 570E; Van Leeuwen *Het Roomsche Hollandsche Recht* 5 4 3; Voet 47 10 20). Die privilegie dek ook lasterlike uitlatings wat by pleitstukke en ander dokumente, insluitende beëdigde verklarings, ingesluit is (702I; *Findlay v Knight* 1935 AD 58 71). In hierdie verband is in *Findlay v Knight (supra)* 73 beslis dat 'n prokureur wat inligting van sy kliënt ontvang en daarna die dokument opstel, nie dieselfde beskerming geniet as 'n advokaat wat van 'n prokureur inligting ontvang waarop hy die dokument baseer nie. Appèlregter Kotzé beaam die posisie (702 *in fine*) maar wys daarop dat 'n advokaat wat opdrag ontvang om met getuies te konsulteer

en daarna dokumente op te stel, in dieselfde posisie verkeer as die pasgenoemde prokureur (703B).

Die advokaat dra die bewyslas om aan te toon dat die uitlating relevant vir 'n geskilpunt in die geding was (703D). Om beleidsredes is dit egter al wat die advokaat hoef te bewys (703 *in fine* — 704A; *McLean v Murray* 1923 AD 406; maar kontrasteer Voet 47 10 20; *Preston v Luyt (supra)* 320; *Findlay v Knight (supra)* 71). Daarna moet die eiser bewys dat die verweerder die geleentheid misbruik het (704A) deur ongegronde uitlatings te maak, of deur uit eie inisiatief op te tree, of met “malice” op te tree, ensovoorts (704D–G).

Die belading van die eiser in hierdie verband is sinvol, gesien in die lig van die regmatigheidsvermoede, aangesien dit die eiser van nuuts af oproep om onregmatigheid te bewys. (Kyk ook Burchell *supra* 186; en vgl *Jordaan v Van Biljon* 1962 1 SA 286 (A) 296–299.) Voorts rig die regter 'n tydige waarskuwing aan howe om nie ligtelik te bevind dat die advokaat geen grond vir sy lasterlike uitlating gehad het nie, aangesien so 'n benadering advokate sou inhibeer en die soektog na die waarheid sou bemoeilik — faktore wat die regspleging sal benadeel (704C).

Appèlregter Kotzé wys ook op die verwarring wat kan ontstaan deur die indruk wat in vroeëre sake geskep word, naamlik dat die afwesigheid van 'n redelike grondslag vir die geloof dat die uitlating die waarheid was, aanspreeklikheid fundeer (kyk *Preston v Luyt (supra)* 326; *Gluckman v Schneider* 1936 AD 151 161):

“This is not a correct reflection of the law. In order to be afforded protection counsel need not believe in the truth of the statement and accordingly the absence of grounds for such belief is, *per se*, inconclusive” (704I).

Dit blyk dus dat die uitspraak in die onderhawige saak van wesenlike belang is vir die regspraktisyn wat nie net sy eie posisie in die hof of by die opstel van pleitstukke en beëdigde verklarings moet kan bepaal nie, maar ook rigting moet kan gee aan getuies wat onder sy vleuel of op sy aandrang moet getuig. Dit kan met reg beskou word as 'n uitspraak wat dié in *Basner v Trigger (supra)* en *May v Udwin (supra)* aanvul op die gebied van gekwalifiseerde privilegie. Daar kan egter met vertroue voorspel word dat die laaste woord aangaande “malice” in die konteks van privilegie tydens gedingvoering nog nie gespreek is nie.

J VAN DER BERG

*Universiteit van Wes-Kaapland*

**KOSTER KO-OPERATIEWE LANDBOUMAATSKAPPY BPK v SUID-  
AFRIKAANSE SPOORWEEË EN HAWENS 1974 4 SA 420 (W)**

*Bewyslas – wedersyds vernietigende weergawes van litigante*

In hierdie saak het die eiser R24 865,55 van die verweerder geëis op grond van 'n beweerde nalatige brandveroorsaking wat tot gevolg gehad het dat 'n groot aantal sakke mielies van die eiser, wat in hope opgestapel was by Derby se stasie,

op 6 Maart 1970 deur 'n brand verwoes is. Na bewering sou die brand ontstaan het deur vonke of brandende kole afkomstig van 'n stoomlokomotief van die verweerder. Daar is beweer dat die vonke of brandende kole 'n brand in die spoorwegbaan veroorsaak het ('n gebied van ongeveer 30 treë breed tussen 2 draadheininge waardeur die treinspoor loop). Verder is beweer dat die brand deur 'n sterk noordweste wind vir 'n afstand van sowat 100 treë oor die eiser se aangrensende grond na sy stapels mielies aangedryf is.

Omrede niemand gesien het dat vonke uit 'n lokomotief uitgeskiet of kole uitgegooi word nie, of waar presies die brand sy ontstaan gehad het nie, was eiser vir die bewys van sy saak aangewese op afleidings uit omstandighedsgetuienis waarvan die belangrikste die volgende was:

- i die tydstip waarop die brand uitgebreek het; en
- ii die geografiese ligging van die afgebrande veld.

Vir 'n gunstige afleiding (en waarskynlik vir uitspraak in sy guns) moes eiser bewys dat die brand op die betrokke dag na 12h30 uitgebreek het en dat dit op die spoorwegbaan ontstaan het. Aangesien die hof, by monde van regter Coetzee, aanvaar dat die brand nie voor 14h00 op die betrokke dag uitgebreek het nie, moes die regter beslis of die brand in die spoorwegbaan of daarbuite uitgebreek het. Die regter aanvaar dat Duvenhage en andere oor hierdie aspek aanvaarbare (geloofwaardige) getuies vir die eiser was, maar stel dan die vraag of daar op toereikende gronde gesê kan word dat die getuienis vir die verweerder tot die teendeel (betreffende die ligging van die afgebrande veld) vals was. (Uit die uitspraak kan die afleiding gemaak word dat die eiser se saak was dat die brand naby 'n sinjaal op die spoorwegbaan uitgebreek het.)

In die behandeling van die getuienis gelewer deur ene Coetzer (ten gunste van die verweerder) met betrekking tot sy waarnemings oor die ligging van die afgebrande veld, verklaar die regter (427D):

“Ek kan nie aanvaar dat hierdie bogenoemde punt van kritiek teen Coetzer, wanneer dit in die samehang ook van hom as mens betrag word, voldoende grond is om sy getuienis as vals te beskou nie. Ek kan nie sê dat, wanneer hy getuig het [dat] hy die afgebrande veld op die ou land gesien en op die rand daarvan gestap en dit afgetree het, dit vals is in die sin dat ek dit vir een of ander rede behoort te verwerp nie en te aanvaar of dat hy nie daarlangs gestap het nie, of dat hy gewone bossies op 'n ou land as afgebrande veld aangesien het nie. Daarvoor het hy my te sterk aangestaan as 'n goeie waarnemer van landelike aardse ding.”

In sy uitspraak verwys regter Coetzee met goedkeuring na die bekende *dictum* van appèlregter Wessels wat van toepassing is op gevalle waar die weergawes van die litigante wedersyds vernietigend is. In *National Employers' Mutual General Insurance Association v Gany* 1931 AD 187 199 verklaar appèlregter Wessels soos volg:

“Where there are two stories mutually destructive, before the *onus* is discharged, the Court must be satisfied . . . that the story of the litigant upon whom the *onus* rests is true and the other false. It is not enough to say the story told by Clark is not satisfactory in every respect. It must be clear to the Court of first instance that the version of the litigant upon whom the *onus* rests is the true version, and that in this case absolute reliance can be placed upon the story as told by A Gany . . .”

Aangesien die hof in die onderhawige saak bevind dat daar nie gesê kan word dat verweerder se weergawe vals is nie, alhoewel die getuies vir die eiser aanvaarbare (geloofwaardige) getuies was, beslis die hof dat die eiser hom nie van sy bewyslas gekwyt het nie en word absolusie van die instansie beveel (427E).

Met verwysing na genoemde *dictum* in die *Gany*-saak verklaar die regter (425H-426E):

“Ek ag my gebonde aan die uitspraak in die *Gany*-saak. Afgesien daarvan dat die Appèlhof nog nooit sedertdien met hierdie benadering weggedoen het nie, wat nie sonder betekenis is nie, sou ek my graag respekvol met die onderliggende logika daarin wil vereenselwig, en ’n paar opmerkings oor die verband daartussen en welbekende bewysmaatstawwe waag.

Eerstens kan hierdie benadering slegs binne die beperkte veld deur WESSELS AR, omlyn, aangewend word, nl. ‘where there are two stories mutually destructive’. Hierdie is ’n frase wat ’n veel meer fundamentele botsing beskryf as dit wat daaglik in die houe teëgekrom word wanneer getuies mekaar opstry. Dit slaan nie slegs op onderdele van weergawes nie. Dit slaan op die geval waar aanvaarding van die wese van een weergawe, die onvermydelike en algehele uitwissing van die ander weergawe meebring. Die getuienis *in casu* is ’n teksboekvoorbeeld van hierdie wedersydse vernietiging. Of daar was ’n afgebrande ou land ver wes van die sinjaal of daar was nie een nie.

Ook, meen ek, is dit implisiet in die stelling van WESSELS, AR, dat daar nie inherente waarskynlikhede is, of wat uit ander aanvaarbare brokke getuienis afgelei kan word wat die weergawe van die een of die ander kant meer waarskynlik maak nie. Ek sê dit omrede daar nèrens enige aanduiding in die geleerde Appèlregter se uitspraak is wat mens laat dink dat hy kon bedoel het dat wat hy sê enigszins ’n afwyking moet uitmaak van, of uitsondering is op, die geyskte bewysmaatstaf wat almal ken as ’n oorwig van waarskynlikheid’ nie. Wat hy sê, sê hy *binne* daardie raamwerk. Waar daar immers geen waarskynlikheid bestaan nie en die twee weergawes mekaar uitwis, word niks tog ooit bewys (wat ookal die bewysmaatstaf mag wees) tensy mens ‘absolute reliance’ kan plaas op die getuienis van die litigant wat die bewyslas dra nie. Dit is net in ander taal gestel wat alreeds bevat word in die eerste sin van sy *dictum*, naamlik ‘... that the story of the litigant upon whom the *onus* rests is true and the other is false’.”

Die afleiding kan dus gemaak word dat daar geen teenstrydigheid is tussen appèlregter Wessels se *dictum* en aanvaarde bewysmaatstawwe nie. Dit is slegs fundamentele logika wat die regter toepas om te bepaal of ’n feit wel op ’n “oorwig van waarskynlikheid” (om die maatstaf nou by sy naam te noem) bewys is of nie. Steun vir hierdie standpunt word in ’n uitspraak van regter Horwitz (waarmee regter Van Blerk saamgestem het) in *Garzouzie v Smith* 1954 3 SA 18 (O) 22 gevind (425H; 426A-H):

“As Oosthuizen se getuienis nie in aanmerking ten gunste van, of teen, enigeen van die partye geneem moet word nie, dan moet die getuienis van Van der Berg ook nie in sodanige oorweging kom nie, want Van der Berg weerspreek slegs vir Oosthuizen en nie die verweerder nie. Dus bly daar net die getuienis van die partye self oor. Die waarskynlikhede, soos reeds vermeld, verskaf geen wesenlike ondersteuning aan die een of die ander van die partye nie. In hierdie omstandighede, en waar geen bevinding op geloofwaardigheid kan berus nie, is die enigste gevolgtrekking dat eiser hom nie van die bewyslas wat op hom rus, gekwy het nie. Alhoewel in *Die Kroon teen M*, 1946 AA 1023 op bl 1026, DAVIS WN AR, die sienswyse uitgespreek het dat die passaat op bl 199 in die uitspraak in die saak van *National Employers’ Mutual General Insurance Association v Gany*, 1931 AA 187, te sterk voorgestel is in soverre dit burgerlike sake betref, moet dit nogtans, na my beskeie mening volg dat, waar daar twee verhalre voor ’n verhoorhof afgelê is wat regstreeks met mekaar bots, waar nóg die een nóg die ander verhaal teenstrydighede bevat, waar die waarskynlikhede nie die een of die ander begunstig nie en waar die een of die ander verhaal nie verwerp word of op grond van geloofwaardigheid of om enige andere gegronde redes nie, dan moet die enigste en noodwendige gevolgtrekking wees dat die party wat met ’n bewyslas belas is, hom nie van daardie las gekwy het nie.”

Regter Coetzee verwys ook na Hoffmann *South African Law of Evidence* (1970) wat die bovermelde *dictum* van appèlregter Wessels aanhaal en bespreek.

Hoffmann en Zeffertt *South African Law of Evidence* (1981) verklaar met verwysing na die vermelde *dictum* van appèlregter Wessels die volgende (411-412):

“These words, although somewhat diluted in effect by later cases, are sometimes a last invocation by a party who has put up an improbable but boldly contradictory defence. They do not mean that a party who is met by a flat denial cannot succeed unless the court is certain that his opponent is not telling the truth. Even the criminal standard requires no more than that the court should be satisfied that the defence story could not reasonably be true. In a civil case it is sufficient that the story of the party bearing the onus should be more probable. In their literal meaning, the learned judge’s remarks are true only when there is a simple choice between two stories without any outside evidence to lend probability to one or the other. In such a case the difference between the various standards of proof becomes meaningless; the court has an all-or-nothing decision. But such cases must be rare. Usually there will be other factors which increase or lessen the probability of one or other of the contending stories.”

Daar word ter oorweging gegee dat regter Coetzee ’n duidelike, logiese en aanvaarbare inhoud gegee het aan die *dictum* van appèlregter Wessels in die *Gany*-saak met betrekking tot sake (straf- en siviele sake) waar die weergawes van die litigante wedersyds vernietigend is.

Dit is goed denkbaar dat daar in straf- en siviele sake ’n groot verskeidenheid gevalle hulself kan voordoen waar die partye se weergawes onderling vernietigend is. Vir doeleindes van die onderhawige bespreking word slegs enkele voorbeelde aangehaal en toegelig:

*Voorbeeld 1* Y staan tereg op ’n aanklag van aanranding. Die getuienis van die staat wil dit hê dat Y vir A wederregtelik aangerand het deur hom met gebalde vuiste verskeie male toe te dam. Die verweer van Y (en die getuienis van die verdediging) is ’n ontkenning dat Y enigsins A met gebalde vuiste of andersins aangerand het. Die weergawe van die verdediging is inderdaad die teendeel van dié van die staat. Indien die hof die weergawe van die staat aanvaar (dit wil sê dat A wederregtelik deur Y aangerand is) volg dit by implikasie dat die hof die weergawe van Y verwerp het as óf nie redelik moontlik waar nie óf as onwaar. Die rede synde dat die hof nie kan bevind dat A aangerand is en terselfdertyd ook bevind dat A nie aangerand is (soos beweer) deur ook Y se weergawe te aanvaar nie.

*Voorbeeld 2* X staan tereg op ’n aanklag van oortreding van artikel 138(1) (roekelose of nalatige bestuur) of in die alternatief oortreding van artikel 139 (bestuur sonder redelike inagneming van ander padgebruikers) of in die alternatief oortreding van artikel 101(1) (versuim om te voldoen aan die voorskrifte van ’n padverkeersteken naamlik ’n robot) van die Ordonnansie op Padverkeer 21 van 1966. Die getuienis vir die staat wil dit hê dat X ’n robot-beheerde kruising teen ’n rooi verkeerslig binnegegaan het en ’n botsing veroorsaak het deur te bots met ’n ander motorvoertuig, met rigting reghoeking tot die van X, wat teen ’n groen lig die kruising binnegegaan het. Hierteenoor wil die getuienis vir die verdediging (X) dit hê dat X nie teen ’n rooi verkeerslig maar teen ’n oranje (of groen) verkeerslig die kruising binnegegaan het. Vir doeleindes van gerief word aanvaar dat die kleur van die verkeersligte (die skuldvraag) die enigste geskilpunt is. Indien die staat nie daarin kan slaag om getuienis aan te kan bied, hetsy deskundige getuienis of ander, dat die verkeerslig nie oranje (of groen) vir X kon gewees het nie, of inderdaad rooi vir hom was, sit die hof met twee botsende weergawes en is die hof nie by magte, indien aanvaar word dat die getuienis vir die staat en die verdediging nie ongedaan gemaak is nie, om ten gunste van die staat te beslis omrede die staat hom nie van sy bewyslas gekwyf het nie. Die noodwendige gevolg is dan dat ’n onskuldigbevinding ten opsigte van die misdryf waarop X teregstaan, aangeteken word.

Alhoewel hierdie voorbeelde op strafsake betrekking het, word dit ter oorweging gegee dat bogenoemde redenering onverminderd vir twee botsende weergawes in siviele sake geld.

Daar word verder ter oorweging gegee dat die gevolgtrekkings hieronder uiteengesit logieserwys uit die voorafgaande uiteensetting volg:

1 *Strafsake* Waar die weergawe(s) van die staat en die verdediging wedersyds vernietigend is, is die uitslag afhanklik van die aard van die weergawe tot die teendeel aangevoer deur die verdediging. Berus die verweer van die verdediging bloot op 'n ontkenning (sien voorbeeld hierbo van die aanranding aanklag), volg 'n skuldigbevinding indien die hof die weergawe van die staat as korrek aanvaar, en by implikasie die weergawe van die verdediging verwerp as nie redelik moontlik waar nie, of as onwaar. Indien die verweer van die verdediging 'n weergawe bevat (sien die verkeerslig-voorbeeld hierbo) wat nie bloot op 'n ontkenning neerkom nie, sal die staat hom alleenlik van sy bewyslas kwyt indien die hof sy weergawe as waar aanvaar, en die hof bevind dat die weergawe van die verdediging onwaar is (dat die staat dit dus weêrlê het).

2 *Siviele sake* Waar die weergawe van die eiser(s) en dié van die verweerder(s) wedersyds vernietigend is, sal die hof alleenlik uitspraak ten gunste van die eiser(s) kan gee as die hof die eiser(s) se weergawe as die meer waarskynlike aanvaar tot uitsluiting van die weergawe van die verweerder(s). Waar die waarskynlikhede nie die een of die ander party begunstig nie (soos in die onderhawige saak) en die weergawe van die verweerder(s) nie deur die eiser(s) weêrlê kan word nie, moet die uitspraak van die hof absolusie van die instansie wees.

FVA VON REICHE

*Staatsaanklaer Landdroshof Pretoria*

**BOSWELL v UNION CLUB OF SOUTH AFRICA (DURBAN)  
1985 2 SA 162 (D)**

*Vereistes vir iniuria – onregmatigheidsbewussyn as element van animus iniuriandi*

Die eisers was lede van 'n vereniging of klub (die verweerder). Die komitee van die vereniging het die eisers toe – as dissiplinêre maatreëls weens hulle beweerde wangedrag – in kennis gestel, eers dat hulle lidmaatskap opgeskort is, en later dat hulle as lede moet bedank by versuim waarvan hulle geskors sou word. Die eisers beweer onder andere dat hierdie optrede van die komitee ten onrege aan hulle gedrag toegeskryf het “unbecoming gentlemen or likely to reflect discredit on the defendant” (163D). Gevolglik is hulle “dignity and reputation” aangetas en eis hulle genoegdoening met die *actio iniuriarum*. Die verweerder beweer hierteenoor dat hy *bona fide* en in die uitvoering van sy bevoegdhede opgetree het.

As uitgangspunt aanvaar regter Broome (164–165) dat 'n *iniuria* in die onregmatige en opsetlike aantasting van 'n ander se *corpus, dignitas* of *fama* geleë is. Dienooreenkomstig is daar drie vereistes waaraan die verweerder se optrede moet voldoen, te wete *animus*; “an aggression on the plaintiff;” en 'n “wrongful act” (164I). Volgens die regter (165C) is dit duidelik dat daar wel “an aggression of the plaintiff's dignity and reputation” was, met ander woorde dat die eisers *beledig* en *belaster* is. Tweedens bevind regter Broome dat die komitee ook onregmatig gehandel het omdat die gepoogde uitsetting van die eisers nie in ooreenstemming met die voorgeskrewe konstitusionele prosedures van die vereniging geskied het nie (165D–166G). Die komitee het die konstitusie trouens soseer geïgnoreer dat hulle optrede as “the happenings of a kangaroo court” beskryf is (165G).

Wat die vereiste van *animus (iniuriandi)* betref, is die regter (166H–167E) van mening dat alhoewel die bewyslas deurgaans op die eiser is, daar 'n *vermoede* ontstaan dat die gewraakte optrede *animo iniuriandi* geskied het. Die verweerder het dan 'n weerleggingslas om dié vermoede te weerlê. In hierdie verband voer die verweerder aan – met verwysing na Van der Walt *Delict: Principles and Cases* (1979) 62 – dat onregmatigheidsbewussyn (“consciousness that the conduct is wrongful”) 'n noodsaaklike bestanddeel van *animus iniuriandi* is en dat die vermoede dus ook weerlê kan word deur te bewys dat onregmatigheidsbewussyn ontbreek (167E–F). Hierop antwoord die regter (167F–J):

“The words, of course, which he [mnr Acker, namens die verweerder] relied on were that there must be a ‘consciousness that the conduct is wrongful.’ He argued that in this case it had not been shown that they were consciously aware of the fact that they were disregarding the constitution. Now all the authorities quoted by Mr Acker and all the other cases that I have been able to find on this point are cases dealing with a particular, rather specialised, corner of the law of *actio injuriarum*, namely defamation. As far as I am aware the Appellate Division has not stated that this requirement in defamation cases, that the defendant should be conscious that he is doing wrong, applies to all claims under the *actio injuriarum*. In fact there would seem to be good reasons for such a special requirement being applicable only to defamation cases, more particularly defamation through the media. It certainly does not apply, for instance, to cases involving unlawful arrests or unlawful detention. In the absence of clear and binding authority that this rule does apply to all claims based on the *actio injuriarum* I decline to follow it in this case where the plaintiffs were unlawfully and ignominiously expelled from their club, insulted and embarrassed. It would, in my view, be unjust and grossly unreasonable to require plaintiffs, in a case such as this, to prove, as a prerequisite to relief in this action, that the committee subjectively appreciated and was conscious of the fact that it was not following, or not correctly applying, the club's constitution.”

Gevolgtik besluit die regter dat die verweerder, selfs al sou hy *bona fide* opgetree het, nie die vermoede van *animus iniuriandi* weerlê het nie en dat sy optrede dus wel aan die *animus*-vereiste voldoen. Regter Broome beslis egter verder dat indien sy bevinding met betrekking tot onregmatigheidsbewussyn verkeerd is, die verweerder nogtans aanspreeklik is omdat die komitee roekeloos (“reckless”) opgetree het (168C–G). Hy sê naamlik: “They must have foreseen the possibility that they might have deviated from the constitutional procedures yet they pressed on without regard” (168G). In der waarheid bevind hy dus dat daar *animus iniuriandi* (onregmatigheidsbewussyn inbegrepe) in die vorm van *dolus eventualis* aanwesig was.

Nou kan daar aan die een kant met die resultaat van die uitspraak, naamlik dat die verweerder 'n *iniuria* gepleeg het, nie fout gevind word nie. Aan die

ander kant is die regter se uitlatings omtrent onregmatigheidsbewussyn beslis vatbaar vir kritiek. Ons behandel dié twee fasette agtereenvolgens:

1 In sy uiteensetting verwys regter Broome (165A-B) na *O'Keefe v Argus Printing and Publishing Co Ltd* 1954 3 SA 244 (K) 247 waar 'n *iniuria* tereg soos volg omskryf word (sien ook Neethling *Persoonlikheidsreg* (1979) 66 e v):

"Now the action which the plaintiff brings is the *actio injuriarum*. That is the action for damages open to a plaintiff who can show that the defendant has committed an intentional wrongful act which constitutes an aggression upon his person, dignity or reputation."

Hy verwys ook (164F-165A) na die omskrywings van 'n *iniuria* in *Whittaker v Roos & Bateman* 1912 AD 92 130-131 en *R v Chipo* 1953 4 SA 573 (A) 576. Hierdie omskrywings moet egter met omsigtigheid benader word aangesien *onregmatigheid* en *aantasting van 'n persoonlikheidsreg* as twee afsonderlike vereistes gestel word terwyl hulle in der waarheid maar net twee maniere is om dieselfde vereiste te omskryf. Die aantasting van 'n (persoonlikheids-) *reg* impliseer tog onregmatige optrede (sien ook Neethling 66 vn 12).

In hierdie verband moet in gedagte gehou word dat volgens die positiewe reg (*Universiteit van Pretoria v Tommie Meyer Films (Edms) Bpk* 1977 4 SA 376 (T) 387) onregmatigheid basies in die skending van 'n subjektiewe reg (dus ook 'n persoonlikheidsreg) geleë is. Ten einde as 'n regskenning in aanmerking te kom, moet daar in eerste instansie 'n *feitelike inwerking* op die objek van die reg (in die huidige verband dus 'n persoonlikheidskrenking) wees. Dit is egter nie voldoende nie aangesien 'n regskenning boonop met 'n *normoortreding* gepaard moet gaan (sien *Bester v Calitz* 1982 3 SA 864 (O) 879; Neethling 69; Van der Merwe en Olivier *Die Onregmatige Daad in die SA Reg* (1985) 57 vn 88). Die algemene norm wat hier ter sprake kom, is die *boni mores*- of redelikhedskriterium (sien die *Tommie Meyer*-saak *supra* 387; Neethling 69-70). Kortom, die *aantasting van 'n persoonlikheidsreg*, oftewel 'n *onregmatige persoonlikheidskrenking*, vereis dat die gewraakte optrede nie alleen die persoonlikheid feitelik moet aantast nie, maar ook dat dit gemeenskapstrydig (*contra bonos mores*) of onredelik moet wees (normskending). Twee van die vereistes wat deur regter Broome gestel word, sluit direk hierby aan, te wete "an aggression on the plaintiff" (persoonlikheidskrenking) en "a wrongful act" (normskending). Wat laasgenoemde betref, bepaal die vraag of die uitsetting van die eisers volgens konstitusionele prosedures geskied het, die redelikhed of nie van die verweerder se optrede; en omdat die verweerder inderdaad onkonstitusioneel opgetree het, word sy optrede tereg as onregmatig (onredelik of *contra bonos mores*) beoordeel. (In hierdie verband sou 'n mens kon redeneer dat indien die uitsetting van die eisers wel in ooreenstemming met die konstitusie geskied het, die betrokke persoonlikheidskrenking regmatig (redelik) sou gewees het omdat normskending dan weens die werking van die beginsel *volenti non fit iniuria* sou ontbreek het - deur lede van die vereniging te word, het die eisers tog *ingestem* om hulle aan die konstitusionele reëls van die vereniging te onderwerp.)

Insgelyks verdien die regter se bevinding dat daar opset in die vorm van *dolus eventualis* aanwesig was, volle instemming. Die verweerder het volgens die feite inderdaad die moontlikheid voorsien dat sy optrede die eisers se persoonlikheidsgoedere kon aantast en dat sodanige optrede (moontlik) onkonstitusioneel en dus onregmatig kon wees.

2 Dit bring mens by die regter se opvattinge omtrent onregmatigheidsbewussyn. Soos uit die *dictum* hierbo blyk, beweer hy dat onregmatigheidsbewussyn as

wesenlike element van *animus iniuriandi* deur die regspraak slegs met betrekking tot *laster* gestel word. Hiervoor bestaan daar volgens hom goeie redes – wat hy ongelukkig nie noem nie – veral in geval van *laster* deur die massa-publikasie-media. Nou is dit so dat die hof in *SAUK v O'Malley* 1977 3 SA 394 (A) 403 die opset om te *belaster* omskryf as “die geestesgesteldheid om die bepaalde gevolg . . . te wil, met die wete dat die gewilde gevolg onregmatig sal wees.” Laasgenoemde element is egter – anders as wat die regter beweer – om oortuigende regspolitiese oorwegings laat vaar met betrekking tot die massamedia sodat die pers vandag skuldloos aanspreeklik is weens *laster* (sien *Pakendorf v De Flamingh* 1982 3 SA 146 (A) 156–158; vgl ook die *O'Malley*-saak *supra* 404–405 507). Die regter se stelling in hierdie verband gaan dus glad nie op nie.

Hierbenewens – ook anders as wat regter Broome te kenne gee – word onregmatigheidsbewussyn in ons regspraak nie net met betrekking tot *laster* vereis nie. Trouens, in 'n onlangse appèlhofbeslissing, *Ramsay v Minister van Polisie* 1981 4 SA 804 (A) 818–819, stel waarnemende appèlregter Botha die regsposisie soos volg:

“Na my mening kom regsbeleid ook in die spel by die vraag of onregmatigheidsbewussyn by 'n verweerder 'n voorvereiste vir aanspreeklikheid is ten opsigte van enige bepaalde vorm van *injuria* . . .

Voordat ek daarop ingaan, sal dit gerieflik wees om eers aan te dui in watter opsigte ek my met eerbied nie wil vereenselwig met die benadering van my Kollega JANSEN tot hierdie aspek van die saak nie. Hy aanvaar, na aanleiding van die posisie by *laster*, dat *animus iniuriandi*, wat onregmatigheidsbewussyn verg, in die algemeen 'n element is van alle inbreuke op die persoonlikheid wat as *injuriae* aangemerkt word. Ek aanvaar dit nie. Ek laat die moontlikheid oop dat daar by bepaalde vorme van *injuria* na die eise van regsbeleid aanspreeklikheid kan bestaan in die afwesigheid van onregmatigheidsbewussyn by die dader. In der waarheid word my benadering onderskraag deur die huidige stand van die regspraak. Dit val nie te betwyfel nie dat daar in die regspraak, veral in die Transvaal, oor 'n tydperk van jare met betrekking tot sekere vorme van *injuria* 'n standpunt ingeburger is wat beteken dat by sekere *injuriae* onregmatigheidsbewussyn by die dader geen voorvereiste vir aanspreeklikheid is nie. Ek hoef nie daaroor op besonderhede in te gaan nie. By wyse van enkele voorbeelde verwys ek slegs na *Birch v Ring* 1914 TPD 106; *Cohen Lazar & Co v Gibbs* 1922 TPD 142; *Smit v Meyerton Outfitters* 1971 (1) SA 137 (T). In onlangse tye het hierdie Hof die moontlikheid in die vooruitsig gestel dat dit ook die posisie kan wees ten opsigte van *lasterlike* bewerings wat in die massamedia gepubliseer word (*Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie v O'Malley* 1977 (3) SA 394 (A) te 407H). Die regsontwikkeling in hierdie besondere opsig kan nog nie as 'n voldonge feit aanvaar word nie, maar onderhewig aan daardie kwalifikasie is die stelling van Van der Walt *Delict Principles and Cases* op 63, wat in my Kollega JANSEN se uitspraak aangehaal word, 'n juiste weerspieëling van die posisie in die geldende reg” (ons kursivering).

Ter staving van sy standpunt dat onregmatigheidsbewussyn nie as aanspreeklikheidsvereiste ingevolge die *actio iniuriarum* gestel word nie, behalwe in geval van *laster*, verwys regter Broome (sien aangehaalde *dictum supra*) na die gevalle van onregmatige arrestasie en gevangenhouding. In die lig van appèlregter Botha se opmerkings hierbo is dit egter duidelik dat onregmatige vryheidsberowing juis – weer eens om gegronde redes (sien Neethling 118 vn 16 144 vn 59) – as uitsondering geld, en dus nie steun aan regter Broome se redenasie verleen nie.

Ten slotte kom dit eienaardig voor dat die regter, ten spyte daarvan dat hy onregmatigheidsbewussyn as vereiste by *laster* erken, die toepaslikheid daarvan *in casu* ontken. Hy bevind immers self uitdruklik dat, afgesien van hulle eer, die eisers se *reputasie* (*fama*) ook deur die gewraakte optrede gekrenk is. Soos hy dit stel (169G): “I do not regard this as a trivial *injury* affecting, as it does, *their reputation and their standing in the community*” (ons kursivering). (Sien

ook 165C). In ooreenstemming met sy eie bevinding moes die regter dus met betrekking tot die laster *in casu* onregmatigheidsbewussyn vereis het.

Ons vertrou dat die howe, ter wille van regsekerheid, nie regter Broome se beskouings omtrent onregmatigheidsbewussyn sal navolg nie, maar die duidelike riglyne van die appélhof in die *O'Malley-* en *Ramsay-* saak sal bevestig.

J NEETHLING  
ANNÉL VAN ASWEGEN  
*Universiteit van Suid-Afrika*

### NCONWYA v CANTOR 1984 2 SA 400 (SOK)

*Nalatigheid – werkgewer – werknemer – minderjarige*

Twee bekende kwessies was in die bogenoemde saak aan die orde, naamlik die aanwending van die nalatigheidstoets op die bewese feite en die verband tussen die optrede van 'n werknemer en die moontlike middellike aanspreeklikheid van sy werkgewer. Niks nuuts kom in die uitspraak na vore nie, maar die wyse waarop die geykte reëls deur die hof toegepas word, is tog leersaam. 'n Derde bekende probleem te wete dié van bydraende nalatigheid by minderjariges, is weens onpeilbare redes blykbaar nie ter sprake gebring nie. Die verslag swyg daarvoor.

Die feite is die volgende: Die eiser eis in sy persoonlike hoedanigheid 'n bedrag van R156-00, synde skadevergoeding en 'n bedrag van R18 000 vir en namens sy minderjarige dogter vir pyn en lyding en die ontsiering van haar liggaam. Die verweerder was die werkgewer van ene Wilson. Laasgenoemde was in beheer van 'n ontveringsproses op verweerder se pluimveeplaas en uit hoofde hiervan was hy in beheer van die verskaffing van warm water vir gebruik tydens die ontveringsproses. In 'n stadium het Wilson aan sy seun, Membro, en 'n neef, Boy-Boy, opdrag gegee om 'n vuur aan te steek omdat hy tee wou gaan drink. Membro en Boy-Boy was ook werknemers van die verweerder, maar die aansteek van die vuur was nie een van hulle normale take nie. Aangesien die hout nat was en die vuur gevolglik nie behoorlik aan die gang wou kom nie, het Membro na 'n nabygeleë skuur gegaan, 'n blik wat hy daar sien staan het geneem en die inhoud daarvan oor die sukkelende vuurtjie gegooi. Daar was 'n hoogsontvlambare vloeistof in die blik, want die vuur het dadelik hoog gebrand. Membro het die blik naby die vuur neergesit. Na 'n rukkie het die blik ontplof. In die ontploffing het die eiser se dogter, Nini, brandwonde opgedoen. Wat Nini op die terrein van die ontploffing gemaak het en hoe sy daar gekom het, blyk nie uit die verslag nie.

Eiser beweer dat die beserings wat Nini opgedoen het die regstreekse gevolg was van die nalatige optrede van Wilson, wat in verweerder se diens was en in die uitvoering van sy pligte opgetree het. Op 404D van die verslag word die

nalatighedsgronde waarop die eiser in sy pleitstukke staatmaak, gevind. Eiser beweer onder andere dat Wilson opdrag aan Membro en Boy-Boy gegee het om petrol of 'n ander hoogsontvlambare vloeistof op die hout te gooi indien die vuur sou sukkel om aan die gang te kom; verder dat Wilson nagelaat het om Nini te waarsku om nie in die onmiddellike omgewing te staan terwyl gepoog word om die vuur te laat brand nie. Die eiser doen later aansoek om sy pleitstukke te wysig deur daarby te voeg dat Wilson die optrede van die minderjarige seuns kon en moes voorsien het; dat hy nadeel kon en moes voorsien het; en dat hy nagelaat het om redelike stappe te doen ten einde die intrede van die voorsienbare nadeel te voorkom.

Na bespreking van die vraag op watter bedrag kompensasië Nini as vergoeding vir pyn en lyding en ontsiering van haar liggaam geregtig is (402-404C), sê regter Kannemeyer (405G) dat die eiser steun op die nalatigheid van Wilson en nie op die nalatigheid van Membro en Boy-Boy nie. 'n Werkgewer is nie aanspreeklik vir die nalatige optrede van 'n derde party wat 'n taak uitvoer wat die werknemer na regte moes uitvoer nie, behalwe as die werkgewer aan so 'n derde party toestemming (uitdruklik of stilswyend) gee om die taak uit te voer, of as die werknemer deur noodomstandighede gedwing word om van die dienste van 'n derde gebruik te maak (405H). 'n Werkgewer sal onder dergelike omstandighede aanspreeklik wees as sy werknemer nalatig opgetree het toe hy die derde van instruksies voorsien het of deurdat hy die taak aan 'n onbekwame derde opgedra het (405-406). Die werkgewer sou dus, as hy soos 'n redelike man opgetree het, voorsien het dat die derde party, vanweë sy onervarendheid, nadeel aan 'n ander kan veroorsaak en sou dit voorkom het deur anders op te tree.

Die vraag was dus of Wilson nalatig opgetree het deur vir Membro en Boy-Boy opdrag te gee om die vuur aan te steek en, indien wel, of hierdie nalatigheid die oorsaak was van die beserings wat Nini opgedoen het (406F). Gesien die omgewing waarin die twee seuns groot geword het, was Wilson waarskynlik nie nalatig deur aan hulle opdrag te gee om 'n vuur aan die brand te steek nie (406F-408E). Die vraag is egter of Wilson die moontlikheid moes voorsien en voorkom het dat Membro (of Boy-Boy) 'n hoogs ontvlambare vloeistof sou gebruik om die vuur aan te help en verder of Wilson ook die moontlikheid moes voorsien en voorkom het dat hulle hierdie vloeistof nalatig sou hanteer (408F). Kan die redelike man nie op redelike optrede van ander staat maak nie? Die voorsienbaarheidstoets word bespreek op grond van 'n aanhaling uit *Santam Insurance Co Ltd v Nkosi* (1978 2 SA 784 (A)) (408F).

Op 409E word bevind dat, indien van die redelike man in Wilson se posisie verwag sou word om die optrede van Membro te voorsien, dit "anxious conjecture and morbid speculation" aan sy kant sou verg. Met ander woorde, die redelike man (in die woorde van Lord Macmillan in *Glasgow Corp v Muir* 1943 AC 448 457) "is presumed to be free both from over-apprehension and from over-confidence." Voorts het die redelike man nie die "foresight of a Hebrew prophet and the agility of an acrobat" nie (*Broom v The Administrator Natal* 1966 3 SA 505 (D) 516). Dit kan dus nie van die redelike man verwag word dat hy onder alle omstandighede teen nalatigheid van 'n ander moet waak nie (Van der Merwe en Olivier *Die Onregmatige Daad in die SA Reg* (1980) 148; sien ook t a p vn 90), behalwe as daardie nalatige optrede redelikerwys voorsienbaar was. Selfs al moes Wilson egter daardie optrede voorsien het, was die moontlikheid van intrede van nadeel vir 'n ander onder omstandighede so skraal,

dat 'n redelike man geen voorkomende stappe daarteen sou gedoen het nie (409F-G). Die hof bevind dat Wilson nie nalatig was nie. Is die bevinding houdbaar? Moes die hof nie die erns van die potensiele nadeel opgeweg het teen die moontlikheid dat dit wel kon intree nie?

Na my mening was Wilson volgens die huidige stand van ons reg nalatig omdat sy optrede aan die kriteria ter bepaling van nalatigheid voldoen. Die kriteria wat alreeds in ons reg uitgekristalliseer het, is, toegepas op die feite van die onderhawige saak, die volgende:

1 Benadeling vir 'n ander moet in die algemeen gesien redelikerwys voorsien en voorkombaar wees. Om te help by die beantwoording van die vraag of die benadeling redelikerwys voorsien- en voorkombaar is, word na die volgende gekyk:

1 1 die aard en waarde van die eiser en die verweerder se belang by die gebruik van 'n oop vuur om water te verhit ten einde die ontveringsproses te bespoedig;

1 2 die moontlikheid dat nadeel uit sodanige optrede kan voortvloei;

1 3 die erns en omvang van die potensiele nadeel indien dit wel sou voortspuit uit sodanige optrede;

1 4 die koste en moeite daaraan verbonde om daarteen te waak dat nadeel vir 'n ander uit sodanige optrede kan ontstaan; en

1 5 die nut van die aktiwiteit om 'n oop vuur te gebruik ten einde die ontveringsproses te bespoedig. (Sien in die algemeen Van der Walt *Delict: Principles and Cases* (1979) 79.)

Omdat die feite in die saak nie heeltemal glashelder is nie, is dit nie duidelik of die hof wel die moontlikheid dat nadeel sou intree, opgeweg het teen die erns van die nadeel indien dit sou intree nie. Die hof haal 'n relevante gedeelte uit *Herschel v Mrupe* (1954 3 SA 464 (A) 477A-C) aan, waar gesê word dat die twee faktore teen mekaar opgeweg behoort te word. Die hof het alreeds, voordat die nalatigheidsvraag beantwoord is, laat blyk dat Nini op R7 000 as kompensasieregeregig is (404C). Al was die moontlikheid dat nadeel sou intree gering, sou dit, waar dit wel ingetree het, van 'n ernstige aard wees en is dit dus waarskynlik dat die redelike man stappe sou doen om om die intrede van daardie nadeel te voorkom. (Sien Van der Walt 79 en in die algemeen *Lomagundi Sheet-metal and Engineering (Pty) Ltd v Basson* 1973 4 SA 523 (RA) asook Van der Walt 79 se bespreking van *Overseas Tankship (UK) v The Miller Steamship Co (Pty) Ltd* 1967 1 AC 617.) Die hof kon op grond van hierdie faktore, tesame met faktore soos die nut vir en die belang van die eiser en verweerder by die aktiwiteit, tot die gevolgtrekking gekom het dat Wilson wel in die omstandighede nalatig was. Deur egter net na sommige van die uitgekristalliseerde riglyne vir beantwoording van die nalatigheidsvraag te kyk, soos oënskynlik hier gebeur het, het die hof 'n ander slotsom bereik. Billikheidshalwe moet daarop gewys word dat dit uit die verslag wil lyk of uiters min feite voor die hof bewys en beredeneer is. Dit verklaar waarskynlik waarom die hof 'n ander slotsom bereik as dié wat na my mening bereik moes gewees het.

# BOEKE

## ADMINISTRATIEFREG

deur MARINUS WIECHERS

*Butterworths Durban 1984; 424 bl*

Prys R45,00 (sagteband)

In 1973 is die eerste uitgawe van die nou reeds bekende boek oor die administratiefreg deur die ewe bekende professor Marinus Wiechers die wêreld ingestuur. Vir bykans twaalf jaar was dit eintlik die enigste boek in Suid-Afrika wat geheel en al aan die teorie van die administratiefreg gewy is.

Melding moet egter gemaak word van Rose Innes se *Judicial Review of Administrative Tribunals in South Africa* (lank reeds uit druk) en Steyn se opeenvolgende uitgawes van *Uitleg van Wette* wat in 'n mate ook administratiefreg bevat. Van groot belang vir die administratiefregwetenskap in Suid-Afrika is egter die verskyning van die tweede uitgawe van die boek onder bespreking, asook van 'n splinternuwe boek *Administrative Law* deur Lawrence Baxter. Dit behoort die vakgebied 'n groot stoot vorentoe te gee en die belangrike plek daarvan in die moderne regs wetenskap te beklemtoon.

Die goeie reputasie wat die boek onder bespreking vir homself verwerf het, spreek byvoorbeeld uit 'n hofbeslissing soos *Herstigte Nasionale Party van SA v Sekretaris van Binnelandse Sake en Immigrasie* 1979 4 SA 274 (T), waarin uitvoerig aangehaal is uit dié werk. Ten spyte hiervan kan daar egter nie gesê word dat hierdie boek vir die regspraktisyn geskryf is nie. As verwerking van Wiechers se proefskrif en weens die feit dat dikwels gekonstateer word wat die reg behoort te wees, is die boek beslis te teoreties om getipeer te word as praktysboek. Die feit dat die regspraak op hierdie vakgebied bygewerk is in die tweede uitgawe, maak dit egter 'n belangrike verwysingsbron vir die regspraktisyn.

Die waarde van die boek lê daarin dat die teoretiese grondslae en sistematiek van die administratiefreg beskryf word; en tog, volgens my ervaring vind studente die boek "te moeilik" wanneer dit as studentehandboek voorgeskryf word. Die dankbaarste lesers van die boek is sekerlik die regsdosente wat die beginsels van die administratiefreg by die studente moet tuisbring.

Resensies van die eerste uitgawe het in regstydskrifte verskyn met tersaaklike aanprysings en kritiek. By 'n tweede uitgawe van 'n regshandboek vergelyk 'n resesent normaalweg die werk met die eerste uitgawe daarvan. Die tweede uitgawe is basies woordeliks dieselfde as die eerste uitgawe. Die 68 bladsye wat die tweede uitgawe dikker is as die eerste, word hoofsaaklik opgemaak deur 29

bladsye meer algemene register (opgestel deur prof Dawid van Wyk — 'n welkome verbetering op die ou register) en 14 bladsye meer vonnisregister. Soos reeds gemeld, is die regspraak van die afgelope dekade bygewerk en dit was waarskynlik die belangrikste motivering vir die tweede uitgawe. Tog vind ek 'n paar leemtes in hierdie verband: op 33 sou die sake *Middelburg Municipality v Gertzen* 1914 AD 544 en *Ismail v Durban City Council* 1973 2 SA 362 (N) die aard van provinsiale wetgewing goed kon illustreer. Op die volgende bladsy word die aard van onsuiver wetgewing bespreek sonder 'n verwysing na *S v Prefabricated Housing Corporation (Pty) Ltd* 1974 1 SA 535 (A). By die bespreking van kwasi-judisiële administratiewe handelinge (137 e v) vind ek geen verwysing na *Moeca v Addisionele Kommissaris Bloemfontein* 1981 2 SA 357 (O) nie. Ek mis ook op 253 'n verwysing na of bespreking van *Van den Berg v Direkteur van Ekonomiese Sake* 1983 1 SA 106 (A) (kyk my kritiek op laasgenoemde saak in 1983 *De Jure* 200). Op 151 noot 152 verwys Wiechers wel na laasgenoemde saak maar klaarblyklik verskil ons twee se sienswyses oor die korrektheid van die uitspraak.

Verskeie uitbreidings van bestaande voetnote, byvoeging van nuwes en aanvulling van die teks op 'n paar plekke (byvoorbeeld 208 209 en 280 281) maak die res van die noemenswaardige verbeterings op. Behalwe dus vir die bywerk van die regspraak, is daar nie 'n groot verskil tussen die eerste en tweede uitgawes nie.

'n Paar veranderings wat myns insiens nie verbeterings is nie, is die vervanging van spesifieke opskriffies bo-aan die bladsye deur algemene opskriffies (byvoorbeeld "Geldigheidsvereistes t o v die Vorm van die Administratiewe Handeling" deur "Die Geldige Administratiewe Handeling"). Dit bemoeilik die vinnige nagaan van 'n onderwerp. 'n Verdere verandering is dat aanhalings in die teks nou kursief gedruk word sonder aanhalingstekens. Beklemtonings binne aanhalings word dan onkursief gedruk sodat dit presies soos die teks lyk en soms 'n bietjie verwarrend kan wees (vergelyk byvoorbeeld 147 waar dit nie duidelik blyk waar die aanhaling eindig nie).

Enkele tik- en drukfoute is opgemerk maar dit is nie noemenswaardig nie. Die boek vertoon stewig en netjies met 'n soort plastiekbedekte buiteblad.

Die boek is, soos gesê, nie gerig op die regspraktyk nie maar vir diegene wat die grondslae en die regsistematiek van die administratiefreg onder die knie moet kry, is dit steeds 'n werk van onskatbare waarde.

HENNING VILJOEN  
*Universiteit van Pretoria*

## SUID-AFRIKAANSE LEWENSVERSEKERINGSREG

deur L ROELEVELD

*Privaat publikasie (verkrygbaar van die outeur, Versterstraat 634,  
Elarduspark 0181) 1982; 326 bl*

Prys R25,00 (posgeld ingesluit met voorbehoud van prysverhoging)  
(sagteband)

Hierdie werk is die uitgawe van die skrywer se doktorsale proefskrif van 1977 en is bygewerk tot Oktober 1982. Dit beslaan sewe hoofstukke.

Hoofstuk I open met 'n enigszins onvolledig en fragmentariese bespreking van die geskiedenis en bronne van lewensversekering en bevat ook 'n afdeling met die misleidende titel "Die Plek van Lewensversekering in die Privaatreg" waarin aangeleenthede soos versekering in die Romeinse en Romeins-Hollandse reg, versekering en weddenskap en die toenmalige statutêre verbod op lewensversekering te berde gebring word. Na 'n oppervlakkige konstatering en afmaak van verskeie teorieë oor lewensversekering, onderskryf die skrywer (32) die standpunt dat lewensversekering nie as 'n vorm van assurance beskou moet word nie maar eerder as 'n *sui generis*-regsverhouding. 'n Mens sou graag hier 'n uitvoeriger bespreking van die moontlike teoretiese grondslae van (lewens-)versekering wou gesien het.

Reeds in die eerste hoofstuk is dit duidelik dat die skrywer 'n heel besondere siening van die huidige stand en moontlike toekomstige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse lewensversekeringsreg huldig. Enersyds wil dit voorkom asof hy van mening is dat die Hersieningswet op die Voor-Uniewette 43 van 1977 nie bloot net die bindende krag van die Engelse versekeringsreg in die Kaap-provinsie en die Vrystaat afgeskaf het nie, maar inderdaad ook die Engelse invloed hier te lande uitgewis het (op 20 word bv verklaar: "Volgens my opvatting het Suid-Afrikaanse presedente wat op die afgeskafte Engelse reg berus, hul betekenis verloor") en 'n verbod geplaas het op die raadpleging en aanwending, waar gepas, van Engelse versekeringsregbeginsels in die toekoms. Dit is daarom ook nie verbasend dat sy bespreking van die Engelse lewensversekeringsreg (hoofsaaklik aan die hand van Halsbury, maar soms ook aan die hand van Nederlandse skrywers!) telkens uiters oppervlakkig en van weining nut is nie. Andersyds lyk dit asof die skrywer nie altyd in gedagte gehou het dat die Romeins-Hollandse reg bloot maar ons gemenerereg is en nie noodwendig (moderne) Suid-Afrikaanse reg weerspieël nie. Dit is teen hierdie agtergrond dat sy oordrewe behepthed met veral die moderne Nederlandse reg (wat hy op 30 as "'n gewysigde voortsetting . . . van die . . . Romeins-Hollandse reg" en daarom as van besondere betekenis vir die toepassing en ontwikkeling van die reg in Suid Afrika beskou) en sy algehele miskiening van die Engelse oorsprong van en invloed op die Suid-Afrikaanse (lewens-)versekeringspraktik gesien moet word.

In hoofstuk II gaan dit oor "versekeringsvorme en hul toepassing" en lyfrente, oorlewingskontrakte en tontines, asook "ander [lewens-]versekeringsvorme" en pensioene word bespreek. Dit val op dat geen Romeins-Hollandse voorbeelde, aanknopingspunte en gesag hier vermeld word by die lys van die tans gebruiklike soorte van (ander) lewensversekeringsvorme nie, 'n moontlike aanduiding daarvan dat die lewensversekeringsbehoefte van vandag aansienlik verskil van dié van die sestiende en sewentiende eeu.

Hoofstuk III is gemoed met die versekerde gevaar ('n omskrywing van begriffe soos "risiko" en "gevaar" sou seker hier nie onvanpas gewees het nie) en aangeleenthede soos selfmoord (ten opsigte waarvan die skrywer se gevolgtrekking, dat "[r]egsgelyking leer, dat die Romeins-Hollandse reg vir die Suid-Afrikaanse reg aanvaarbaar is," nie sonder meer onderskryf kan word nie: vgl ook Pretorius "Selfmoord en die Versekeringsreg : 'n Vergelyking tussen die Engelse en die Suid-Afrikaanse Reg" 1981 *TSAR* 57 waarna die skrywer nie verwys nie) doodstraf, oorlog en militêre diens, siekte, "invaliditeit" (*sic*) en ongeval word hier bespreek.

In 'n lywige hoofstuk IV word 'n magdom onderwerpe en aangeleenthede behandel wat met die lewensversekeringssooreenkoms verband hou of in verband daarmee ter sprake kan kom, onder meer die definisie van lewensversekering ('n aangeleentheid wat met vrug reeds in die eerste hoofstuk afgehandel kon gewees het) skade en subrogasie ('n behoorlike onderskeid tussen skadeversekering – en veral dan getakseerde polisse – en sommeversekering, asook 'n ondersoek na die moontlikheid dat versekering *sur autre vie* skadeversekering is, sou hier nie onvanpas gewees het nie) premiebetaling, ongeoorlooftheid en onaantasbaarheid, wanvoorstelling en waarborge ('n kritiese ontleding van a 63(3) en moontlike voorstelle vir hervorming ontbreek – vgl bv Reinecke “‘Conditions’ en ‘Warranties’ in Versekeringskontrakte” in Joubert (red) *EM Hamman-Gedenkbundel* (1984) 82), en versekerbare belang. In laasgenoemde verband sal Suid-Afrikaanse vesekeraars die skrywer se stelling (125), waarvoor maar karige bewys aangevoer word, naamlik dat “[dit] tog aanneemlik [is] dat lank voor . . . 1977 die vereiste van versekerbare belang in die Suid-Afrikaanse reg deur *non usus*, waarby die wetgewer hom aangesluit het, afgeskaf is,” seker met 'n mate van ontnugtering begroet. Die hoofstuk vervolg met 'n bespreking van die verband tussen lewensversekeringsreg en die persoonereg (die posisie van getroude vroue en minderjariges), die erfreg, die vermoënsreg (sessie, verpanding en afkoop), en die huweliksvermoënsreg. Die beding ten behoeve van 'n derde en begunstiging word ook onder oë geneem en die hoofstuk sluit af met 'n beskouing van die beskerming van en teen skuldeisers van die poliseienaar, die rol van die versekeringspolis, en die bewys van geboorte, ouderdom en dood.

Hoofstuk V handel oor beheer, belegging en winsdeling (waaronder ook herversekering ingesluit word – sonder veel beredenering word (220) tot die slotsom geraak dat die herversekeringskontrakte wat 'n lewensversekeraar aangaan 'n besondere vorm van lewensversekering is) en dit val enigszins saam met die kwessie van staatstoetsing wat in hoofstuk VII ter sprake kom. Hoofstuk VI is getitel “Organisasie Lewensversekeringsbedryf” (*sic*), en die onderlinge genootskap, die kapitaalmaatskappy en verwante aangeleenthede soos samesmeltings, oornames en lidwidasie word bespreek.

Uit die voorafgaande behoort dit duidelik te wees dat die skrywer sy net wyd gespan het. Indrukwekkend is ook die omvattende navorsing wat gedoen is, veral wat die Romeins-Hollandse bronne betref. Sy bibliografie (ongeorden soos dit mag wees) kan met vrug geraadpleeg word, veral deur diegene wat van mening mag wees dat vir die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse (lewens-)versekeringsreg daar nie verder as die Anglo-Amerikaanse regs literatuur vir aanknopingspunte gesoek hoef te word nie.

Die taak van 'n akademikus is egter nie net om na te vors en te boekstaaf nie, maar veral ook om die resultate van sy navorsing na behore te orden en aan die hand daarvan tot bepaalde gevolgtrekkings te kom en, indien nodig bepaalde hervormingsvoorstelle te maak. Dit is juis in hierdie verband dat die werk te kort skiet. Te dikwels volstaan die skrywer bloot met 'n ongesistematiseerde relaas van onsamehangende feite en inligting sonder dat die relevansie daarvan vir ons reg en die toekomstige ontwikkeling daarvan na behore aangetoon word. Dieselfde beswaar kan in die besonder ook ingebring word teen die skrywer se poging om regsvergelijkend te werk te gaan. Dikwels word daar ter ondersteuning van 'n bepaalde standpunt sonder enige onderskeid verwys na Romeins-Hollandse, moderne Nederlandse en Duitse gesag. Die blote relaas

van die posisie in verskillende regstelsels sonder dat die ooreenkomste en verskille uitgewys en met die Suid-Afrikaanse posisie en behoeftes in verband gebring word, is geen ware *regsvergelyking* nie.

Taalkundig is die werk jammerlik onversorg en wemel dit van spelfoute, Nederlandismes en doodgewone swak of verouderde Afrikaans. 'n Vlugtige soektoeg deur die eerste deel van die werk het die volgende voorbeelde hiervan opgelewer: 'n versekerde se "kondisie" (16), "kondisionele stipulasie" (25), "kontraprestasie" (28), "die kontrakvryheid" (39 vn 2 en herhaaldelik daarna), 'n bewyslas wat op die versekeraar "druk" (54), "invaliditeitsversekering" (54), "ekwivalensie" (55), "sedert dien" (58), "verdoovingsmiddels" (60), "Engels versekeringsreg" (61 vn 2), "pirate" (69 vn 4), "keus" (70 en 78), "handelsrelasie" (74), "'n besonder geval" (76), "non-eksistente regshandeling" (77), "solemne aksies" (78), 'n misdadige oogmerk "aan die syde" van 'n persoon (98 vn 1), "openbare orde beginsel" en iemand wat "misdadig oorsaak gegee het" tot 'n ander se dood (99), "somed" (102), "koopwaar" (115 n 1), "als verkapte lewensversekering" (120), "versekeringsgelede" (122) en "werklikheid" (148). Die skrywer se kriptiese styl is hinderlik en lees moeilik en word vererger deur onbeholpe punktuasie en die periodieke afwesigheid van aanhalingstekens. Ook die verwysingsmetode is inkonsekwent en dikwels onvolledig of foutief.

Alhoewel die skrywer krediet verdien vir sy inisiatief en vir die intensiewe navorsing wat hy op die braakland van die Suid-Afrikaanse versekeringsreg gedoen het, is ek bevrees dat hierdie werk weinig inslag in die versekeringspraktik gaan vind en dat dit ongelukkig veel minder tot die ontwikkeling van 'n eie Suid-Afrikaanse versekeringsreg gaan bydra as wat in hierdie stadium so nodig is.

JP VAN NIEKERK  
*Universiteit van Suid-Afrika*

### PRIVILEGIES IN DIE BEWYSREG

SJ VAN NIEKERK, SE VAN DER MERWE en AJ VAN WYK in  
medewerking met GA BARTON

*Butterworths Durban, Pretoria 1984; 292 bl*

Prys R55,00 + AVB (hardeband) R44,00 + AVB (sagteband)

Die outeurs het die blink gedagte gehad om verskeie geskryfte oor bewysregtelike privilegie wat in Suid-Afrika van 1977 tot onlangs die lig gesien het, saam te voeg en in boekvorm uit te gee. Die resultaat is 'n aantreklike en waardevolle boekie wat die inhoud (of minstens die wesenlike inhoud) van twee magister-verhandelings en verskeie tydskrifartikels bevat. Dit is verblydend dat hierdie materiaal nou op een plek gerieflik toeganklik gemaak word – en hier dink mens

veral aan twee nagraadse verhandelings wat moontlik nie afsonderlik publiseerbaar was nie en dus half vergeet op slegs 'n paar biblioteekrakke sou gestaan en stof vergader het.

Die feit dat die werke deur verskillende outeurs en aanvanklik met verskillende oogmerke geskryf is, pla nie. In hierdie finale vorm pas hulle trouens in so 'n mate by mekaar dat mens van die heterogene herkoms onbewus is. Die boek is boonop goed versorg. Die enigste hinderlike drukfoute wat my opgeval het, is "Landsdown" vir "Lansdown" op 151 en "can't" vir "cant" op 182 voetnoot 23. Ek hou ook nie van "gewysderegtelike ontwikkeling" nie.

Die waarde van die boek lê ongetwyfeld in die standpunte wat die skrywers stel ten opsigte van die menigte strydvrage wat daar nog in verband met die verskillende privilegies bestaan. Dié standpunte berus op 'n stewige grondslag. Die skrywers se metode is oortuigend. Die herkoms van elke privilegie word nagegaan. Daar word gepoog om die ware *ratio* te bepaal. Waar nodig word regsvergelikend te werk gegaan. Die leser het dus vertroue in die skrywer se oordeel.

Noemenswaardige stellings is die volgende:

- Die aanspraak van die regsberoep op 'n privilegie ten opsigte van vertroulike mededelings aan 'n regspraktisyn berus nie op die verhewe status van die regsberoep nie, maar op die noodsaaklikheid om openhartige kommunikasie tussen regsadviseur en klient te bevorder ten einde die regsadministrasie en die akkusatoriese stelsel behoorlik te laat funksioneer. (Die skrywers bepleit nie 'n uitbreiding na ander professies nie.)
- Ons howe neig soms om die vereiste dat 'n mededeling aan 'n regsadviseur vertroulik gedoen moet gewees het, te verwar met die vereiste dat dit gedoen moet gewees het met die bedoeling om regsadvies te bekom. Hulle is selfstandige vereistes.
- Nie net onafhanklik praktiserende advokate en prokureurs kom vir regsprofessionele privilegie in aanmerking nie, maar ook die regsadviseurs van maatskappye of ander instansies wat toegelate praktisyns met verskyningsbevoegdheid is.
- Die vraag of 'n praktisyn verplig kan word om sy kliënt se identiteit te openbaar, kan nie kategoriees ja of nee beantwoord word nie. "Dit is 'n vraag wat afhang van die mate waarin die feite van elke geval die vertroulikheidsvereiste beïnvloed" (63).
- Waar die kliënt 'n maatskappy is, tree die kliënt vir doeleindes van die privilegie deur middel van sy direksieledes en voltydse regsadviseurs op. Ander werknemers of amptenare word geplaas in die posisie van derdes wat agente van die kliënt is.
- Wanneer 'n buitestaander die geprivilegieerde mededeling aanhoor of in sy besit kry, word die privilegie verbeur, maar nie vanweë afstanddoening nie, want die bedoelingselement ontbreek. Die werklike grondslag is blykbaar eerder nalatigheid: jy moet jou privilegie beskerm of die gevolge dra. (Gestel daar was geen nalatigheid nie? Dit wil voorkom of dit een geval is waar die skrywers versuim het om na die *ratio* van die privilegie te gaan. Indien hulle dit gedoen het, sou hulle moontlik verbeurdverklaring in gevalle van afluistering of diefstal veroordeel het.)

- Of daar 'n privaatregtelike remedie is waar 'n prokureur 'n geprivilegieerde mededeling sonder magtiging uitgelap het, moet aan die hand van die Suid-Afrikaanse verbintenisreg beantwoord word.
- In verband met die privilegie teen selfinkriminasie: indien die beskuldigde tydens pleitverduideliking ingevolge artikel 115 van die Strafproseswet verkies om te swyg, behoort sy swye nie die onderwerp van kruisondervraging te wees nie en kan geen nadelige afleiding daaruit gemaak word nie.
- In verband met huweliksprivilegie: die moontlikheid bestaan dat daar in Suid-Afrika weg beweeg sal word van die onbevoegdheid van gades om in sekere strafsake teen mekaar te getuig. Die aangeleentheid van getuienislewering deur gades kan eerder alleen deur die bestaande huweliksprivilegie gereël word.
- Die privilegie ten opsigte van buite-geregtelike getuieverklarings moet nie as 'n uitbreiding op of variant van regsprofessionele privilegie beskou word nie. Dit bestaan onafhanklik van 'n verhouding tussen praktisyn en kliënt.
- Verklarings aan die polisie val binne die bestek van die privilegie ten opsigte van buitegeregtelike getuieverklarings. (Die stelling op 221 dat sulke verklarings " 'n verskyningsvorm van die privilegie" is, is egter ooglopend verkeerd.)
- In verband met die aanbrenner; dit is nie die aanbrenner of die aanklaer nie, maar die hof as bewaker van die openbare belang wat besluit of 'n aanbrenner se identiteit geheim gehou moet word.

*Privileges in die Bewysreg* is 'n goeie voorbeeld van hoe suksesvol die deduktiewe metode in die regswetenskap kan funksioneer. Deur met historiese en regsvergelijkende perspektief na die *ratio* te gaan, en van daar na die spesifieke probleemgevalle wat in die praktyk opduik, word sowel teoretikus as praktisyn tevrede gestel. Die boek word sonder voorbehoud aanbeveel.

CWH SCHMIDT

*Universiteit van Suid-Afrika*

*Bydraes vir publikasie, boeke vir resensie, korrespondensie met die redakteur en advertensies moet gestuur word aan die redakteur, posbus 1263 Pretoria 0001. Artikels moet in die reël nie langer wees nie as 7 000 woorde (20-25 bladsye getik op A4, dubbelspasiëring). Tensy vooraf met die redakteur ooreengekom is, kan onmiddellike publikasie van bydraes nie beloof word nie.*

*Inskrywing op die blad moet gerig word aan die uitgewer: Butterworth posbus 792, Durban 4000.*

# Taalkwessies

Die beleid van die redaksie van die *Tydskrif* is om nie onnodig aan die taal van sy bydraers te peuter nie; enersyds omdat ons ons nie aan onverdraagsame taalpurisme wil skuldig maak nie maar andersyds ook omdat ons nie die lewende, ontwikkelende regstaal in 'n knellende borstrok wil inpers nie. Tog vind ons dit nodig om die bydraes soms heel drasties te redigeer: Gewone taalfoute, byvoorbeeld verkeerde spelling of sintaksis, Anglisismes, toutologieë en pleonasmes, stel ons sonder meer reg. Ons probeer egter ook om op die betekenis en logiese aaneenskakeling van die woorde wat gebruik word, te let. En dit is 'n moeilike gebied. Want 'n skrywer kon miskien onnadenkend geskryf het, maar dit mag ook wees dat hy 'n bepaalde woord of sinsnede baie versigtig en met oorleg gekies of selfs geskep het en vanselfsprekend is 'n mens fyngevoelig oor jou eie voortbrengsels. Aan die ander kant is onnoukeurige taalgebruik dikwels maar net 'n simptoom van onnoukeurige denke – en dié wil ons tot elke prys help bestry.

My opmerkings oor hierdie tipe “fout” moet slegs gesien word as iets om die gedagtes te prikkel en om miskien tot gedagtewisseling te lei.

## VERKEERDE WOORDGEBRUIK

- 1 “'n [Bepaalde regsfiguur] is niks anders as 'n *atavisme* nie.” “Atavisme” beteken letterlik “terugslag na voorouerlike eienskappe.” Dit kom van die Latyn “*atavus*” wat “oorgrootvader se grootvader” beteken en dit dui op die verskynsel dat sekere fisiese eienskappe of toestande, soos groot ore, 'n krom neus, bakbene of genetiese siektes, elke tweede of derde geslag in bepaalde families voorkom. Nou is dit seker moontlik dat 'n regsfiguur in metaforiese sin atavisties kan wees vir sover dit elke nou en dan sy verskyning maak en dan weer verdwyn. Waar dit egter uit die betrokke artikel blyk dat die besondere regsfiguur deurgaans bestaan het maar nou uitgedien is, behoort dit nie as 'n “atavisme” beskryf te word nie, maar doodgewoon as 'n “anachronisme” (let op die “ch” wat 'n mens geneig is om 'n “k” te wil maak – miskien in navolging van “kroniek” wat van dieselfde stamwoord kom).
- 2 “[By die bespreking van die probleem] volg ek 'n *elementologiese* benadering.” Die neologisme “elementologie” duik al meer in bydraes op. Wat die skrywers daarmee tot uitdrukking wil bring, is 'n benadering vanuit die oogpunt van die *elemente* van die misdaad of die onregmatige daad. Nou is dit so dat die agtervoegsel “-logie” onder andere op 'n vertakking of afdeling van kennis kan dui, en 'n mens sou miskien kon redeneer dat daar 'n afdeling van die strafreg is wat hom met die elemente van die misdaad besig hou. Aan die ander kant is dit gebruikliker om “-logie” vir 'n afsonderlike, erkende wetenskap of dissipline te reserveer, en “elemente,” hetsy van die misdaad hetsy van die onregmatige daad, is nog nie so 'n selfstandige wetenskap nie en sal dit waarskynlik ook nooit word nie. Dit is egter nie die belangrikste

beswaar teen die woord *nie*. 'n Belangriker beswaar is dat die veel eenvoudiger woord "elementêr" presies dieselfde gedagte tot uitdrukking bring as sy kunstmatige eweknie "elementologies." "Elementêr" beteken onder andere ook "betreffende die elemente van iets." Die rede waarom skrywers egter van dié woord wegsgram, is dat hulle dink dat "elementêr" dom eenvoudig beteken. Eintlik is dit net 'n groot kenner wat sy vak "elementêr" kan aanbied!

- 3 "Huidiglik kom [dié verskynsel] nie meer voor nie." "Huidig" is 'n byvoeglike naamwoord wat nie deur die toevoeging van "-lik" in 'n bywoord verander kan word nie. "Vandag," "hedendaags," "tans," "teenswoordig" en selfs die eenvoudige "nou" druk almal min of meer dieselfde gedagte uit. 'n Mens moet ook waak teen die neiging (waarskynlik in navolging van die Engelse "-ly") om elke bywoord op "lik" te wil laat eindig. "Nalatig" en "onregmatig" kan net so as bywoorde gebruik word, en dit is heeltemal onnodig en in stryd met die Afrikaanse taalontwikkeling om byvoorbeeld te sê: "Die verweerder het die oorledene se dood nalatiglik en onregmatiglik veroorsaak." Met "wederregtelik" is dit natuurlik anders gesteld. Dié het 'n "-lik" aan die einde of dit nou as bywoord of as byvoeglike naamwoord gebruik word.

#### ANDER TAALFOUTE

- 1 **Ontbrekende inversie** "In D 14 18 5 word daarop gewys dat indien 'n persoon geslagtelik met 'n weduwee verkeer . . ., is hy na 'n eiland verban . . ." Dit moet lui: "dat . . . hy na 'n eiland verban is." Na die voegwoord "dat" word die woordorde omgekeer selfs al kom daar 'n kwalifiserende bysin tussenin.
- 2 **Toutologieë en pleonasmes** "Soos byvoorbeeld;" "gevolglik is dit *dus* beter om . . .;" "*kousale gevolg*;" "die vraag is of bloedskanie nie *as misdadig gedekriminaliseer* behoort te word nie" (of is dit 'n *contradictio in terminis*?).
When intoxication is raised as a defence against criminal liability the question should not be whether a person is not guilty because of his intoxication, but whether a person could still be held liable in spite of his intoxication in accordance with general principles designed to protect the community. To answer this question the matter can be simplified if an approach is followed which relates intoxication to the different elements of a crime.

Beginning with an act or omission (“handeling”), it is essential that the difference between a circumstantial crime (“formeel omskrewe misdaad”) and a consequential crime (“gevolgsmisdaad”) be borne in mind, because intoxication that negates voluntariness (and therefore excludes any act) can be a defence only in the case of a circumstantial crime. In the case of a consequential crime drinking itself may constitute the act. Factual causation will not be influenced by intoxication, while arguments to limit criminal responsibility on the basis of absence of legal causation for reasons of policy could be valid (even though this is to be doubted). Unlawfulness is traditionally not influenced by intoxication, but if one considers the distinction drawn between voluntary and involuntary intoxication, it may be argued that the cause of intoxication should be a factor to be taken into account when one determines the unlawfulness of the deed.

If criminal capacity (“toerekeningsvatbaarheid”) and fault are considered separately, it is again clear that the difference between circumstantial and consequential crimes is of prime importance, because absence of criminal capacity owing to intoxication will be a complete defence only in the case of a circumstantial crime. In the case of a consequential crime the accepted time-spatial difference between cause and effect implies that even if an accused is criminally incapable owing to intoxication at the moment when the consequence occurs, he may be held liable if he was criminally capable at the moment of the causing act or omission. *Delirium tremens* leading to criminal incapacity caused by extensive intoxication should be treated as a form of insanity. It is difficult to determine the intention of an intoxicated person but it remains a matter of inferential reasoning to determine his subjective state of mind. On the other hand, the test for negligence must not be reduced to a presumption of guilt simply because a person was intoxicated. If one applies the abovementioned principles the *actio libera in causa* becomes superfluous.

The final question is whether the community is sufficiently protected against abuse of intoxicating liquor and resulting mishaps. In the light of the crime of attempt and the possibility of a heavier punishment in appropriate cases of intoxication to protect the interests of society, the *status quo* should be maintained with one possible exception; namely, in the case of a circumstantial crime where attempt is not in issue and the defence of intoxication forms a complete defence against any criminal liability. The *crux* of intoxication as defence to liability for a consequential crime is the fact that automatism (even if caused by intoxication) not amounting to insanity cannot be a complete defence.

## 1 INLEIDING

Dronkenskap as 'n verweer teen strafregtelike aanspreeklikheid word in Suid-Afrika allerweë as 'n kontensieuse saak beskou en die aanwending daarvan in die strafreg het dan ook al kommentaar ontlok wat wissel van neutraal tot skerp krities van aard.<sup>1</sup> Die problematiek rondom die dronkenskapverweer in die strafreg het tot 'n punt gekom in die veelbesproke *S v Johnson*,<sup>2</sup> waar appèlregter Botha die volgende vraag gestel het:<sup>3</sup>

“Nou kan die vraag wel ontstaan waarom hy [die beskuldigde] in die geval waar sy onvermoë uit vrywillige drankmisbruik ontstaan het, tog strafregtelik aanspreeklik gehou moet word vir 'n wandaad in daardie toestand begaan asof hy wel gehandel het en in staat was om te handel en hoe dit met die oog op erkende regsbeginsels te regverdig is, veral as in gedagte gehou word dat as sy onvermoë uit 'n onvrywillige drankmisbruik sou ontstaan het, hy vry sou uitgegaan het omdat hy dan geen skuld sou gehad het nie.”

Die regter het die vraag beantwoord deur verskeie gemeenregtelike skrywers se opvattinge te ontleed en tot die gevolgtrekking gekom dat vrywillige dronkenskap, tensy dit tot 'n geestesongesteldheid aanleiding gee, gemeenregtelik nie 'n erkende verweer teen strafregtelike aanspreeklikheid is nie. Die gemeenregtelike strafregbeginsel<sup>4</sup> is op Johnson se geval toegepas en hy is ten spyte van sy vrywillige dronkenskap skuldig bevind aan strafbare manslag. Hierdie beslissing is deur verskeie skrywers skerp gekritiseer en standpunt is in die algemeen teen die *Johnson*-beslissing ingeneem. Na die onlangse (en net so 'n veelbesproke) *S v Chretien*<sup>5</sup> is daar deur die skrywers algemeen verkondig dat die *Johnson*-saak omvergewerp is.<sup>6</sup>

Aangesien vrywillige dronkenskap voor *S v Chretien* nie as verweer teen strafregtelike aanspreeklikheid erken is nie, maar wel daarna, is die stelling dat *S v Johnson* omvergewerp is in dié opsig korrek, naamlik dat vrywillige dronkenskap na 1981 wel 'n verweer teen strafregtelike aanspreeklikheid kan wees. Hierdie verweer staan egter nog in sy kinderskoene. Om dus die effek daarvan op aanspreeklikheid te bepaal noudat *S v Chretien* die strafregdeure oopgemaak het,

1 Die volgende is al gesê: “an unsatisfactory compromise among a number of attitudes and principles . . .” Burchell en Hunt *South African Criminal Law and Procedure: General Principles* (1983) 291; “'n uitsondering op die algemene strafregtelike beginsels . . .” – Snyman *Dronkenskap as 'n Verweer in die Strafreg* (ongepubliseerde LL M-verhandeling 1977) 3; “alles behalwe duidelik en buitengewoon verward . . .” – De Wet en Swanepoel *Strafreg* (1975) 117.

2 1969 1 SA 201 (A).

3 206B–C.

4 Dat 'n gemeenregtelike strafregbeginsel nie outomaties geld nie, is vanselfsprekend. Sien voorbeeld *Green v Fitzgerald* 1914 AD 88 (waar beslis is dat die gemeenregtelike reëls betreffende owerspel nie in die moderne reg aanvaar word nie omdat dit in onbruik verval het); *S v Russel* 1967 3 SA 739 (N) en *Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 590 (A) (waar die gemeenregtelike handelingsbegrip uitgebrei is om ook *omissiones* in te sluit) asook *S v Chretien* 1981 1 SA 1097 (A) (waar vrywillige dronkenskap wel as 'n verweer teen strafregtelike aanspreeklikheid erken is).

5 Sien vn 4.

6 Sien bv Van Rooyen “Vrywillige Dronkenskap as Verweer” 1981 *De Rebus* 230; Middleton “'n Belangwekkende nuwe Beslissing met Betrekking tot Dronkenskap in die Strafreg: *Chretien* 1981 1 SA 1097 (A)” 1981 *SASK* 83; Rabie “Vrywillige Dronkenskap as Verweer in die Strafreg: die *Chretien*-saak” 1981 *SASK* 111; Kruger “'n Belangwekkende nuwe Beslissing m b t Dronkenskap in die Strafreg: *Chretien* 1981 1 SA 1097 (A)” 1981 *SASK* 1984; Badenhorst “*S v Chretien* 1981 1 SA 1097 (A): Vrywillige Dronkenskap en Strafregtelike Aanspreeklikheid” 1981 2 *TSAR* 185.

is dit nodig om dronkenskap in perspektief te plaas sonder om die verweer onnodig te kategoriseer.

Die vraag is wat die omvang en toepassing van dronkenskap as 'n verweer teen strafregtelike aanspreeklikheid in die huidige Suid-Afrikaanse reg is – 'n wye onderwerp wat reeds deur verskeie skrywers behandel is. Om die onderwerp sistematies te bespreek, is egter nie so maklik nie omdat regs wetenskaplikes met mekaar verskil oor die sistematiek in die strafreg. Vir doeleindes van hierdie bespreking word 'n benadering vanuit die oogpunt van die elemente van die misdaad gevolg. Hierdie benadering is soortgelyk (maar nie noodwendig identies nie) aan dié van Snyman en De Wet en Swanepoel. Die volgende elemente staan hier voorop: handeling, kousaliteit, wederregtelikheid, toerekeningsvatbaarheid en skuld. Benewens die elementêre bespreking sal daar ook kortliks na 'n paar tradisionele aspekte van die verweer van dronkenskap gekyk word.

## 2 'N ELEMENTÊRE BENADERING

### 2 1 Dronkenskap en Handeling

Aangesien 'n handeling, synde 'n willekeurige menslike gedraging, 'n vereiste vir strafregtelike aanspreeklikheid is,<sup>7</sup> is dit nodig om vas te stel of die beskuldigde se dronkenskap 'n effek op die willekeurigheid van sy gedraging gehad het. In hierdie verband is dit wenslik – in die woorde van hoofregter Rumpff in *S v Chretien* – “om met die graad van dronkenskap te begin.”<sup>8</sup>

In ooreenstemming hiermee toon die hoofregter 'n spektrum aan wat strek van iemand wat willoos dronk is tot een wat lig beïnvloed is as gevolg van drankiname.<sup>9</sup> Vir doeleindes van die vraag of daar 'n strafregtelike handeling is, behoort daar egter net onderskei te word tussen twee gevalle, te wete waar 'n persoon willoos dronk is en waar 'n persoon nie willoos dronk is nie. Die kernvraag met betrekking tot die handelingselement is slegs of die dronkenskap die willekeurigheid van 'n gedraging uitsluit of nie. Indien die antwoord positief is, kan daar geen sprake van strafregtelike aanspreeklikheid wees nie terwyl in gevalle waar die antwoord op die vraag negatief is, aanspreeklikheid wel kan ontstaan mits aan die ander misdaadvereistes voldoen word. Vir 'n grys tussengebied waar 'n persoon handel en tog ook nie handel nie is daar in hierdie stadium van die ondersoek geen plek nie.

By formeel omskrewe misdade, waar 'n spesifieke handeling strafbaar gestel word, skep die beginsel soos hierbo uiteengesit nie probleme nie. Indien die dader tydens die spesifieke gedraging willoos dronk is, handel hy nie in strafregtelike sin nie. Selfs by formeel omskrewe misdade waar dronkenskap 'n deel van die misdaadomskrywing is, behoort hierdie beginsel te geld en behoort 'n hof te bevind dat 'n willoos dronk beskuldigde ten tyde van die formeel omskrewe misdaadsgedraging nie strafregtelik gehandel het nie omdat willekeurigheid ontbreek – per slot van sake is daar nie 'n prinsipiële verskil tussen ander

7 De Wet en Swanepoel 48; Burchell en Hunt 110; Snyman *Strafreg* (1981) 39.

8 1104A-B, 'n vertrekpunt waarmee Van Rooyen *supra* saamstem.

9 1104E-H.

formeel omskrewe misdade en formeel omskrewe misdade met 'n dronkenskapselement wat 'n afwyking van die reël regverdig nie.<sup>10</sup> Die moontlikheid van 'n geslaagde beroep op die verweer van dronkenskap teen die formeel omskrewe handeling is trouens in *S v Kelder*<sup>11</sup> op 'n aanklag van bestuur onder die invloed van sterk drank voorsien. Ook kan uit die beslissings in *S v Piccione*<sup>12</sup> (waar die beskuldigde nie kon bewys dat die effek van die drank outomatisme tot gevolg gehad het nie) en *S v Russe*<sup>13</sup> (waar die beskuldigde op die feite van die saak beskryf is as "a man who gives way to a sudden temptation to drive because he is drunk . . .") die gevolgtrekking gemaak word dat indien bewys was dat Piccione onbewus van sy gedraging was en Russe nie eers in staat was om aan die versoeking toe te gee nie, daar bevind kon word dat hulle vanweë dronkenskap nie gehandel het nie.

Nou klink dit weliswaar vreemd dat dronkenskap as 'n verweer toegelaat behoort te word teen 'n misdaad waar dronkenskap 'n element van die misdaad is.

Hier moet nietemin voor oë gehou word dat die verweer net toegelaat word as die beskuldigde op die relevante gedragings stadium inderdaad willoos dronk was. Hierbenewens word selfs in die gevalle waar die handeling by die formeel omskrewe misdaad as hoofaanklag genegatiewer word, strafregtelike aanspreeklikheid weens poging nie outomaties uitgesluit nie. Al handel 'n persoon nie vir doeleindes van 'n formeel omskrewe misdaad nie, kan die persoon se voorafgaande skuldige en wederregtelike uitvoerende handeling lei tot strafregtelike aanspreeklikheid in die vorm van 'n skuldigbevinding aan poging tot die formeel omskrewe misdaad. Die moontlikheid van strafregtelike aanspreeklikheid in hierdie situasie is deur regter Hiemstra in *S v Kelder* voorsien, en in *S v Baartman*<sup>14</sup> word die moontlikheid van 'n skuldigbevinding aan poging tot 'n misdaad beaam waar 'n willekeurige handeling ten opsigte van die betrokke misdaad ontbreek.

Ietwat meer problematies is die geval van gevolgs misdade waar handeling en gevolg in tyd en ruimte geskei is en daar ook nog 'n onderskeid tussen suiwer en hibriede gevolgs misdade gemaak moet word. By die suiwer gevolgs misdade, waar dit gaan oor die veroorsaking van 'n bepaalde gevolg op welke wyse ook al, is *enige* voorafgaande handeling in 'n stadium toe die beskuldigde nie willoos dronk was nie en wat kousaal met die bepaalde gevolg verband hou voldoende, al is die dader ten tyde van die gevolgsintrede willoos dronk. Hiervolgens sou selfs Johnson se drinkery as 'n handeling vir doeleindes van moord of strafbare

10 Bennet "The Offence of Drunken Driving and the Defence of Voluntary Drunkenness" 1982 *De Rebus* 69. *Contra* Snyman (verhandeling) 184: "Sy dronkenskap bied vir die beskuldigde hier geen verweer nie aangesien dit juis die element van die misdaad uitmaak"; sien ook Van Tromp "Dronkenskap in die Suid-Afrikaanse Weermag na Aanleiding van Artikel 33 (a) van die Reglement van Dissipline" 1973 *SALJ* 289 wat 'n dronk soldaat onder alle omstandighede (insluitende narkose tydens 'n operasie?) "tegnies" aanspreeklik wil hou.

11 1967 2 SA 644 (T) 647H.

12 1967 2 SA 334 (N) 336E.

13 1968 3 SA 273 (N) 276H.

14 1983 4 SA 392 (NK), 'n moontlikheid wat Snyman (Verhandeling) 185-187 nie oorweeg nie (omdat hy waarskynlik net nalatigheid as skuldvorm voor oë gehou het) alhoewel hy tog aanspreeklikheid in die algemeen op die drankinname wil baseer.

manslag kon kwalifiseer.<sup>15</sup> By ander gevolgmisdade gaan dit nie net oor die veroorsaking van 'n bepaalde gevolg nie, maar word daar (soos by brandstigting) 'n bepaalde vorm van handeling (aan die brand steek) vereis, in welke geval die tydstip waarop die willose dronk toestand ingetree het van groter belang word. Net soos by formeel omskrewende misdade waar op 'n spesifieke gedraging gelet word, word die beskuldigde se gedraging by die hibriede gevolgmisdade aan die spesifieke vereistes van die betrokke verbode handeling getoets, en indien die beskuldigde tydens die gedragingsmoment willoos dronk was, kan daar nie sprake van 'n handeling vir doeleindes van die betrokke hibriede gevolgmisdade wees nie. Daar kan egter 'n ander gedraging wees wat wel as 'n handeling vir die doeleindes van poging aangemerkt kan word en wat onder sekere omstandighede kan lei tot 'n skuldigbevinding aan poging tot die hibriede gevolgmisdade, net soos by die formeel omskrewende misdade hierbo bespreek.

## 2 2 Dronkenskap en Kousaliteit

Die kousaliteitsvraagstuk by gevolgmisdade is sover ek weet nog nie in verband met die dronkenskap van 'n beskuldigde bespreek nie. Die probleem duik nie op by gevalle van 'n willose dronk beskuldigde wat van 'n hibriede gevolgmisdade aangekla word nie omdat strafregtelike aanspreeklikheid, soos reeds vermeld, deur die onwillekeurigheid van die spesifieke gedraging uitgesluit word. By die suiwer gevolgmisdade waar enige voorafgaande willekeurige gedraging 'n handeling is, kan strafregtelike aanspreeklikheid volg mits die ander misdaadselemente aanwesig is.

Of dronkenskap in 'n geval waar die dader tydens die gedragingsmoment nie willoos dronk was nie en dus gehandel het, 'n effek op die kousaliteitselement kon hê, hou verband met die siening van kousaliteit wat 'n mens huldig. Met die feitelike *condictio sine qua non*-toets as uitgangspunt<sup>16</sup> sal daar 'n feitelike kousale verband tussen die handeling en die gevolg wees al tree 'n toestand van willose dronkenskap in na die gedraging en voor die gevolg.<sup>17</sup> Toegepas op Johnson se geval kan die "but for"-toets vir kousaliteit só gestel word: "*But for Johnson's drinking, which was a voluntary human act, the deceased would not have died when he did.*" Aangesien die dader tydens die gedragingsmoment nie willoos dronk is nie, kan daar ook nie geredeneer word dat wanneer 'n ander persoon hom dronk maak, laasgenoemde se optrede feitlik die alleen-oorsaak van die gevolg is nie – die dader moet op die een of ander wyse mede-veroorsakend opgetree het. Anders gestel, beteken dit dat selfs in die gevalle van onvrywillige dronkenskap (wat hieronder bespreek word) daar steeds 'n feitelike kousale verband tussen die handeling en gevolg sal wees.

15 Rabie "*Actiones Liberae in Causa*" 1978 *THRHR* 62. *Contra* Burchell "The Defence of Voluntary Intoxication" 1969 *SALJ* 127. Die feit word oor die hoof gesien in *S v Stellmacher* 1983 2 SA 181 (SWA) 187A met rampspoedige en onbillike gevolge vir reg en geregtigheid. Die hewige kritiek deur Du Plessis "Strafreg-dronkenskap as verweer" 1984 *THRHR* 98 is dus in 'n mate geregtig.

16 wat in *S v Daniels* 1983 3 SA 275 (A) aanvaar is.

17 'n Goeie voorbeeld is by wyse van analogie te vinde in *S v Gabriel* 1971 1 SA 646 (R AD), waar G sy vrou aangerand het en sy eers 2 jaar later as gevolg van die aanranding oorlede is. G is nadat die gevolg ingetree het, aangekla van en skuldig bevind aan moord. Gestel G het geslaap of was willoos dronk toe die gevolg ingetree het, dan sou hy steeds aanspreeklik wees.

Indien 'n juridiese kousaliteitsbegrip tot uitgangspunt genoem word, word beleidsoorwegings ter beperking van aanspreeklikheid ingespan.<sup>18</sup> Weens die vloeibaarheid van so 'n juridiese kousaliteitsbegrip sal daar miskien betoog kan word dat byvoorbeeld op grond van algemene menslike ervaring dit onwaarskynlik is dat 'n sekere handeling in dronkenskap begaan, tot 'n bepaalde gevolg kan lei en dat juridiese kousaliteit in adekwate sin dus ontbreek.<sup>19</sup> Die gemeenskap se bekende afkeer van drankmisbruik berus sekerlik op eeue se menslike ervaring, en dit is te betwyfel of die genoemde argument sal slaag. Ander soortgelyke argument wat teoreties aanvaarbaar mag lyk, sal, indien die algemene beskermingsfunksie van die strafreg teenoor die gemeenskap in ag geneem word, bes moontlik nie as beleid deur die howe aanvaar word nie.

Die standpunt van Van Oosten dat feitlike kousaliteit beperk deur wederregtelikheid of skuld die oplossing vir die kousaliteitsprobleem by gevolgsaanspreeklikheid is,<sup>20</sup> word as uitgangspunt vir verdere bespreking aanvaar. By gevalle van "common purpose" mag dit ook gebeur dat 'n mens sal moet bevind dat 'n gemeenskaplike oogmerk vanweë dronkenskap ontbreek. So 'n bevinding sal berus op oorwegings aangaande skuld wat hieronder bespreek word. Wanneer dronkenskap met kousaliteit in verband gebring word, is feitlike kousaliteit, soos reeds gestel, nie in geskil nie.

### 2 3 Dronkenskap en Wederregtelikheid

By beoordeling van die wederregtelikheidskwessie in die geval van 'n dronk dader is die hof geroepe om met inagneming van elke saak se omstandighede 'n waarde-oordeel oor die dader se handeling te vel. Basies gaan dit daaroor of die beskuldigde se optrede aan die hand van die *boni mores* of die algemeen geldende gedragsvoorskrifte objektief gesproke as redelik of onredelik aan te merk is.<sup>21</sup> Omdat daar nie 'n *numerus clausus* van regverdigingsgronde is nie, mag dit wees dat selfs dronkenskap in bepaalde gevalle as 'n regverdigingsgrond beskou kan word; dit wil sê daar bestaan die teoretiese moontlikheid dat 'n dronk dader se optrede vanweë sy dronkenskap in sekere gevalle regmatig kan wees ('n probleem wat vertroebel word deur die gemeenskap se onmiskenbare afkeer van wandade voortspruitend uit vrywillige dronkenskap) omdat sy optrede objektief redelik is.

Die moontlikheid dat 'n dronk dader in hierdie omstandighede strafregtelike aanspreeklikheid kan vryspring, mag na 'n vreemde en onlogiese gedagte klink, totdat die tradisionele onderskeid tussen vrywillige en onvrywillige dronkenskap in die strafreg nader beskou word. Aanvanklik is geleer dat onvrywillige dronkenskap wel 'n verweer teen strafregtelike aanspreeklikheid is, terwyl vrywillige dronkenskap nie 'n verweer is nie. Na *S v Chretien* bestaan die onderskeid in beginsel nie meer nie, alhoewel die onderskeid in die praktyk nog gemaak word. Die verskil word soos volg deur Burchell en Hunt beskryf:

"[T]he only difference between the two being that in practice the latter defence may be accepted more readily because, unlike voluntary drunkenness, no moral blame attaches to the accused in becoming drunk."<sup>22</sup>

18 *S v Daniels*, supra 278 330-331.

19 *Contra* Rabie 1981 *SASK* 121; Du Plessis 1984 *THRHR* 104.

20 *S v Daniels* 325A 331E-F.

21 Snyman *Strafreg* 77.

22 294.

Soos uit die aanhaling blyk, lê die meer geredelike aanvaarding van onvrywillige dronkenskap opgesluit in die oorsaak van die dader se toestand, 'n oorsaak wat die gemeenskap nie teen die beskuldigde hou nie. Die optrede van die dronk dader word derhalwe nie afgekeur en moreel verwerp nie. Dit is duidelik dat die skrywers (en ook die positiewe reg) onvrywillige dronkenskap as 'n skuld-uitsluitingsgrond beskou. Die term "onvrywillige dronkenskap" kan egter gebruik word as 'n sambreelterm (of selfs 'n moontlik aparte regverdigingsgrond) om situasies te beskryf waar die oorsaak van 'n persoon se toestand van so 'n aard is dat die *boni mores* nie die dader se handeling tydens sy dronkenskap afkeur nie. Alhoewel die verweer van onvrywillige dronkenskap al vantevore in die strafreg geopper is<sup>23</sup> en in die praktyk al geslaag het,<sup>24</sup> is daar ongelukkig nog geen konsensus oor wat onder die begrip "onvrywillige dronkenskap" verstaan word nie. Die volgende gevalle word egter as voorbeelde daarvan deur die skrywers voorgedra, telkens met die kenmerk dat die oorsaak van dronkenskap beklemtoon word:

- a die dwangmatige ingee van drank, of gedwonge dronkenskap;<sup>25</sup>
  - b onskuldige dronkenskap, dit is waar 'n middel bewustelik ingeneem word sonder dat die uitwerking daarvan besef word;<sup>26</sup>
  - c dronkenskap wat veroorsaak word deur die matige inname van drank waarvan die invloed deur eksterne faktore soos uitputting of 'n hou oor die kop vergroot word;<sup>27</sup>
  - d dronkenskap weens 'n verslaafdheid aan alkohol;<sup>28</sup>
  - e dronkenskap teweeggebring sonder die bewuste toedoen van die beskuldigde.<sup>29</sup>
- Vergeleke met bogenoemde gevalle is dit te verstane dat vrywillig dronkenskap nie as 'n verweer wat wederregtelikheid uitsluit, erken kan word nie, omdat die gemeenskap dit nie as redelik beskou indien 'n persoon vrywillig dronk word en dan wandade begaan nie. Dit beteken dat vrywillige dronkenskap, tensy dit tot *delirium tremens* aanleiding gee, nie as regverdigingsgrond toegelaat sal word nie.

Daar moet steeds voor oë gehou word dat dit hier gaan om 'n dronk dader wat nie willoos dronk is nie. By die handeling waar daar op die effek van alkoholiese aantasting gelet word, is die oorsaak van die dronkenskap nie ter sake nie. Eers nadat bevind is dat die effek van die aantasing nie 'n willose persoon tot gevolg gehad het nie en daar met ander woorde aanvaar word dat die dader wel gehandel het, is die ondersoek na die oorsaak van dronkenskap relevant. Hierdie benadering word dan ook in *S v Hartyani* gevolg waar die regter op die getuienis tot die gevolgtrekking kom dat H as gevolg van die dronkenskap nie geweet het wat hy doen nie en daarom nie strafregtelik aanspreeklik is nie.<sup>30</sup> H het dus nie gehandel nie. Die regter gaan egter verder en ondersoek die skuld-kwessie in verband waarmee hy die oorsaak van H se toestand te berde bring.<sup>31</sup>

23 *R v Innes Grant* 1949 1 SA 753 (A); *S v Els* 1972 4 SA 696 (T).

24 *S v Hartyani* 1980 3 SA 613 (T); Snyman "Strafreg – Verweer van Onvrywillige Dronkenskap" 1980 *THRHR* 445.

25 Snyman (Verhandeling) 186; Snyman 1980 *THRHR* 447.

26 Snyman 1980 *THRHR* 447.

27 Snyman *Strafreg* 146; Snyman 1980 *THRHR* 448.

28 Snyman *Strafreg* 146.

29 *ibid.*

30 *supra* 624D–E.

31 624E–F.

Dit klop met die tradisionele benadering waarvolgens onvrywillige dronkenskap in verband gebring word met die *mens rea* of skuld van die dader. Wanneer die volgende opmerking in *R v Innes Grant*<sup>32</sup> egter ontleed word, kom die korrektheid van so 'n benadering in die gedrang:

“Where a person becomes intoxicated *through* no fault of his own, it seems obvious that the question of his guilt must depend on the *degree* of intoxication.”

Die term “onvrywillig” hou verband met die oorsaak van dronkenskap, maar dit is nie die oorsaaklikheidsfaktor wat vir die hof by die beoordeling van skuld die deurslag gee nie.<sup>33</sup> Die hof lê die klem op die beskonkenheidsfaktor, en omdat die graad van aantasting in plaas van die oorsaak van dronkenskap as toets aangewend word, kan nie gesê word dat die *onvrywilligheid* van die dronkenskap vir die skuldkwessie maatgewend is nie.

Uit die volgende *obiter dictum* in *S v Els*<sup>34</sup> kry 'n mens 'n aanduiding dat die voorafgaande redenasie nie te vergesog is nie:

“On the other hand on what must be the rare occasions when an accused can establish that he had no knowledge of the effect which a drink would have upon him, because, as on the evidence of the present case, it had been doctored by the addition of an unknown potent drink, there would be no special harm in allowing him to go free from responsibility under the Ordinance.”

Alhoewel die bespreking volgens die hof om die skuldvraag gaan, is dit interessant om op te merk dat 'n oorweging van “special harm” gebruik word om te besluit of onvrywillige dronkenskap as verweer teen strafregtelike aanspreeklikheid toegelaat moet word – 'n aanduiding dat die hof nie besig is om *dad-ergesentreerde* faktore nie, maar wel *daadgesentreerde* faktore te oorweeg. Die implikasie is duidelik: die daad word by wyse van 'n terugskouende blik beoordeel en daarom gaan dit hier in der waarheid om die vraag na wederregtelikheid.

Aan die ander kant beteken die blote feit dat 'n persoon se dronkenskap 'n onvrywillige oorsaak gehad het, nie noodwendig dat wederregtelikheid outomaties uitgesluit is nie. 'n Mens kan aan voorbeelde dink waar 'n persoon onvrywillig dronk is maar steeds wederregtelik handel, soos die geval waar 'n dader onbewustelik (soos in *Hartyani* se saak) gedokterde koffie drink sonder om willoos dronk te word, in sy voertuig klim en, ten spyte van sy ooglopende sowel as bewuste gebrek aan beheer, voortbestuur.<sup>35</sup> Die oorsaak van die dronkenskap is dus slegs 'n faktor wat in samehang met ander faktore in ag geneem moet word by die wederregtelikheidsvraag.

## 2 4 Dronkenskap en Toerekeningsvatbaarheid<sup>36</sup>

Die dronkenskap van die nie-willose dronk dader wat wederregtelik handel, kan volgens die positiewe reg tot ontoerekeningsvatbaarheid lei waar die dader nie

32 *supra* 766 (my kursivering).

33 en ook nie in *S v Hartyani*, *supra* en *S v Els*, *supra* nie.

34 *supra* 702B-C.

35 soos wat inderdaad in *R v Innes Grant*, *supra* beslis is.

36 Met hierdie volgorde (handeling, wederregtelikheid, toerekeningsvatbaarheid) sal baie skrywers nie saamstem nie. Sommige skrywers verkondig selfs teenstrydige standpunte oor hierdie aangeleentheid, soos byvoorbeeld Burchell en Hunt 242 waar 'n ontoerekeningsvatbare kind volgens hulle nie wederregtelik kan handel nie en 324 waar dieselfde kind wel wederregtelik kan handel.

beseft wat hy doen nie, nie die ongeoorlooftheid van wat hy doen beseft nie of waar sy inhibisies wesenlik verkrummel het.<sup>37</sup> Die eerste geval (waar hy nie beseft wat hy doen nie) het egter in der waarheid betrekking op die handelingselement,<sup>38</sup> terwyl die tweede geval om wederregtelikheidsbewussyn gaan.<sup>39</sup> Nou is dit so dat daar verskeie en uiteenlopende menings bestaan oor die plek en aard van toerekeningsvatbaarheid binne die elemente van die misdaad, maar dit beteken nie dat die erkende nugtere onderskeid tussen ander elemente soos handeling en skuld weens dronkenskap geïgnoreer moet word nie. Wanneer De Wet en Swanepoel se benadering vir die oomblik aanvaar word, naamlik dat toerekeningsvatbaarheid die vermoë is om skuld te vorm, die toets waarvoor te onderskei is van die skuldtoets (waar dit gaan om die vraag of skuld inderdaad aanwesig is),<sup>40</sup> kan die verwarring in die positiewe reg oor die status van toerekeningsvatbaarheid uitgeskakel word.<sup>41</sup> Solank 'n persoon ten spyte van sy dronkenskap nog die vermoë het om tussen reg en verkeerd te onderskei en sy optrede daarvolgens te rig (ongeach of die persoon werklik so 'n onderskeid maak en sy optrede so gerig het), word hy as toerekeningsvatbaar beskou, en eers wanneer sy toerekeningsvatbaarheid vasstaan, word daar na die skuldvraag oorgegaan.

Waar 'n persoon nie oor die gemelde vermoë beskik nie, kan een van twee gevalle voorhande wees, naamlik *delirium tremens* of gewone ontoerekeningsvatbaarheid weens dronkenskap. Wanneer die ondersoek op die meriete na strafregtelike aanspreeklikheid vir 'n misdaad derhalwe gedoen word, behoort daar slegs 'n onderskeid tussen toerekeningsvatbaarheid en ontoerekeningsvatbaarheid gemaak te word.<sup>42</sup> 'n Grys tussengebied is nie net onlogies nie, maar lei ook tot praktiese probleme. Daar moet egter teen gewaak word om nie die onderskeid so te veralgemeen dat 'n bevinding van ontoerekeningsvatbare dronkenskap outomaties by alle misdade tot 'n onskuldigbevinding lei nie.

Die verskil tussen formeel omskrewe en materieel omskrewe misdade is ook by hierdie aspek van uiterste belang. Waar die reg bepaal dat 'n spesifiek omskrewe handeling strafbaar is, sal ontoerekeningsvatbaarheid ten tyde van die besondere handelingsmoment lei tot 'n onskuldigbevinding. Weer eens mag dit gebeur dat voordat ontoerekeningsvatbaarheid weens dronkenskap ingetree het, die dader 'n wederregtelike uitvoerende handeling begaan het. In so 'n geval kan hy, indien skuld aanwesig is, aan poging tot die besondere formeel omskrewe misdaad skuldig bevind word. By 'n suiwer gevolgs misdade is dit irrelevant dat die dader ten tyde van gevolgsintrede ontoerekeningsvatbaar was – die vraag is of hy ten tyde van sy handeling toerekeningsvatbaar was of nie; 'n benadering wat beteken

37 *S v Chretien*, supra 1106B–C F–G.

38 By wyse van analogie kan daar na *R v Dhlamini* 1955 1 SA 120 (T) 122A verwys word waar Dhlamini onskuldig bevind word omdat “he . . . was acting mechanically without intention, volition or motive.” Ook in *R v Mkize* 1959 2 SA 260 (N) 264A word gesê: “It follows that he was in an unconscious state, having neither judgment, will, purpose, nor reasoning, that the act of stabbing was a result of blind reflex activity.” Die term “bewus wees van” hou derhalwe verband met handeling.

39 *S v De Blom* 1977 3 SA 513 (A).

40 105–106; Burchell en Hunt 239. Badenhorst 1981 2 *TSAR* 188; Thom “The Effects of Intoxication as Defence in Criminal Law” 1963 *SALJ* 356.

41 Van der Merwe “Toerekeningsvatbaarheid v ‘Specific Intent’ – die *Chretien*-beslissing” 1981 *Obiter* 148–149.

42 Labuschagne “Beskonkenheid en Strafregtelike Aanspreeklikheid” 1981 *De Jure* 339.

dat Johnson wel toerekeningsvatbaar was indien 'n mens sy drinkery as 'n wilkeurige menslike gedraging en wederregtelike, veroorsakende feit van 'n ander mens se dood aanstip.

In die lig van bostaande kan die volgende opmerking van die hof in *S v Chretien*<sup>43</sup> nie ongekwalfiseerd aanvaar word nie:

"[D]ie publieke beleid (die regsdoelstelling van die gemeenskap) vereis nie dat van die suiwer regswetenskaplike benadering afgesien moet word nie en dat 'n beskuldigde 'n straf moet ondergaan bloot omdat hy vrywillig 'n toestand bereik het waarin hy juridies nie kan handel nie of toerekeningsvatbaar is nie."

Allereers moet dit duidelik gestel word dat die omgekeerde van hierdie stelling nie korrek is nie: al sou 'n persoon wel in die aldus beskrewe toestand verkeer, sal hy nie outomaties straf vryspring nie selfs al is dit nie die geval dat hy juis gedrink het om moed bymekaar te skraap om die misdaad to pleeg nie (die sogenaamde *actio libera in causa*-geval). Die regswetenskaplike aanvaarding dat by delikte en gevolgs misdade handeling en gevolg in tyd en ruimte geskei is, beteken dat in gepaste gevalle daar wel strafregtelike aanspreeklikheid kan wees al was die dader ten tyde van gevolgsintrede so dronk dat hy op daardie tydstip nie juridies kon handel of toerekeningsvatbaar kon wees nie.

By implikasie kan 'n beroep op ontoerekeningsvatbaarheid weens dronkenskap dus slegs in twee gevalle slaag, naamlik by die formeel omskrewe misdade en by gevolgs misdade met 'n voorgeskrewe gedragingsvorm waar die dader ten tyde van die handelingsmoment ontoerekeningsvatbaar dronk was *en* indien daar nie van 'n pogingsmisdade sprake is nie. 'n Geslaagde beroep op dronkenskap beteken egter nie noodwendig goeie nuus vir die beskuldigde nie, want indien sy toestand as *delirium tremens* – 'n diagnoseerbare en erkende geestesongesteldheid wat volg op langdurige alkoholgebruik met gevolglike blootstelling en onderdrukking van die mens se sentrale senuweestelsel<sup>44</sup> – beskou word, sal artikel 78(6) van die Strafproseswet 51 van 1977 op sy geval toegepas moet<sup>45</sup> word en sal hy in 'n hospitaal vir sielsiektes opgeneem word.

## 2 5 Dronkenskap en Skuld

### 2 5 1 Opset

Wanneer daar gevra word of 'n dronk maar toerekeningsvatbare dader wat wederregtelik gehandel het skuld in die vorm van opset gehad het, word net soos by enige ander geval ondersoek ingestel na wat in die dader se psige aangegaan het. Die dader moet wederregtelike bewussyn sowel as 'n wilsgerigtheid hê<sup>46</sup> – beide faktore wat deur beneweling van die psige as gevolg van drank beïnvloed kan word. Wanneer dronkenskap 'n dader se wederregtelike bewussyn aantast, beteken dit nie dat die dader se vermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei noodwendig ook aangetas is nie. 'n Dader mag moontlik ten spyte

43 *supra* 1105F-G. Ter illustrasie word op *S v Stellmacher, supra* gewys waar foutiewelik geredeneer word dat indien 'n persoon tydens gevolgsintrede ontoerekeningsvatbaar is, hy outomaties onskuldig is aan moord of strafbare manslag. Dit sal slegs die geval wees as die persoon ten tyde van veroorsakende gedraging ontoerekeningsvatbaar dronk was.

44 Snyman *Strafreg* 133; Hiemstra *Suid-Afrikaanse Strafproses* (1981) 175; Thom 1963 *SALJ* 356.

45 *S v McBride* 1979 4 SA 313 (W).

46 *S v De Blom, supra*.

van sy dronkenskap in staat gewees het om tussen reg en verkeerd te onderskei, maar onder invloed van die alkohol, sover dit die feite van die betrokke geval aangaan, nie so 'n onderskeid gemaak het nie. In so 'n geval ontbreek wederregtelikheidsbewussyn by hom. In die praktyk mag dit moeilik wees om dié twee situasies te onderskei. Die resultaat sal egter in elk geval 'n onskuldigbevinding aan die hoofklag, hetsy vanweë ontoerekeningsvatbaarheid hetsy vanweë afwesigheid van opset, wees. Nietemin is dit belangrik dat die onderskeid gehandhaaf word omdat by alternatiewe aanklagtes, of waar skuldigbevinding aan alternatiewe mindere misdade toegelaat word, ontoerekeningsvatbaarheid weens dronkenskap tydens die handelingsmoment wel tot 'n onskuldigbevinding lei, *maar* afwesigheid van opset weens dronkenskap tydens die handelingsmoment nie noodwendig beteken dat nalatigheid (wat vir die alternatiewe misdade voldoende mag wees) ook ontbreek nie.

Die wilsgerigte sy van die opsetvereiste is die faktor wat meer geredelik in die praktyk met dronkenskap in verband gebring word, soos die geval waar die dader se verstand so deur drank benewel is dat hy nie 'n besondere moontlikheid<sup>47</sup> of selfs 'n verkeerde moontlikheid wat op die ou einde rampspoedige gevolge het,<sup>48</sup> voorsien nie. In sulke gevalle waar die dader nie 'n opset vorm nie, word die dader se toestand soms as verminderd toerekeningsvatbaar weens dronkenskap bestempel voordat die howe die aan- of afwesigheid van opset bespreek. So 'n etikettering van die dader se toestand by opset is egter nie 'n voorvereiste vir die afwesigheid van skuld nie, soos blyk uit *S v V*<sup>49</sup> waar die toets vir opset in die gevalle van dronkenskap só gestel word:

“[I]n die lig van vandag se juridiese denke sou dit meer gepas wees, om soos in *S v P* (1972 3 412 (A) op 416H-417A), bloot die vraag te stel of in die lig van al die omstandighede (insluitende die inname van drank) die afleiding bo redelike twyfel gemaak kan word dat die beskuldigde die nodige opset gehad het.”

'n Belangrike omstandigheid wat so 'n afleiding kan regverdig, is die dader se voorafgaande “opset” of uitlatings wat op voorafbeplanning, byvoorbeeld “om dronk te word en dan iemand te gaan doodsteek,” dui sonder dat daar noodwendig op die terrein van die *actio libera in causa* beweeg word.<sup>50</sup>

## 2 5 2 Nalatigheid

Die redelike-man-toets vir nalatigheid is algemeen bekend. Daar bestaan nietemin verskil van mening oor verskeie aspekte daarvan, soos bewuste nalatigheid (*luxuria*), die nalatigheidstoets vir kinders en die praktiese toepassing van die toets. Wanneer dronkenskap met nalatigheid in verband gebring word en die gemeenskap se afkeer van wandade gepleeg in 'n toestand van dronkenskap in ag geneem word, is dit “moeilik om in te sien hoedat dronkenskap enigszins daartoe kan bydra om nalatigheid uit te skakel.”<sup>51</sup> Die kans hierop word nog skraler gemaak deur die feit dat die redelike man ten spyte van 'n drankinname altyd redelik nugter sal bly of die nodige voorsorgmaatreëls sal tref.<sup>52</sup>

47 *S v V* 1979 2 SA 656 (A) 665B-C; *S v De Bruyn* 1968 2 SA 498 (A) 500A.

48 *S v Chretien*, *supra* 1102G-H.

49 *supra* 667E-F.

50 *S v Baartman*, *supra* 401C-D.

51 Snyman “Die *Actio Libera in Causa*: Die Benadering in die Duitse en Suid-Afrikaanse Reg” 1978 *De Jure* 235.

52 Dugard “Provocation: No more Rides on the Sea Point Bus” 1966 *SALJ* 262.

Aan die ander kant moet die blote aanwesigheid van dronkenskap nie outomaties tot 'n soort vermoede van nalatigheid aanleiding gee nie. So 'n vermoede bestaan nie in ons reg nie. Daar moet dus telkens op die feite van elke bepaalde geval getoets word of die dader wel nalatig was. As die *Johnson*-beslissing te kritiseer is, dan is die belangrikste punt van kritiek seker dat die regter nie vir skuld in die vorm van nalatigheid toets nie, maar eenvoudig aanvaar dat Johnson nalatig was omrede hy dronk geword het. Dit kom neer op 'n negering van die skuldbeginsel as erkende basis van ons strafreg.

Die goue middeweg tussen "dronkenskap wat geen invloed op nalatigheid het nie" en "dronkenskap wat outomaties nalatigheid daarstel," is nie maklik om te vind nie. Wanneer die klassieke beskrywing van die redelike man in *S v Burger*<sup>53</sup> in gedagte gehou word, kan die vraag gestel word of die redelike man nie self soms 'n drankie drink of onder die invloed van drank kom nie. Hoe dit ook al sy, wanneer dit gaan oor drankmisbruik teenoor drankgebruik en oormatigheid teenoor gematigdheid, blyk dit duidelik dat drankmisbruik al te gou lei tot 'n gevolgtrekking dat nalatigheid aanwesig is ('n slotsom wat nie altyd op die bewese feite te regverdig is nie).<sup>54</sup> Daar word nie gepoog om 'n "redelike-dronk-man-toets" te ontwerp nie omdat so 'n formulering met 'n beroep op die menslike swakheid kan lei tot 'n buitensporige simpatie met dronkaards, 'n gedurige aangryping van dronkenskap as verweer teen strafregtelike aanspreeklikheid en 'n belemmering van die strafreg se gemeenskapsbeskermerende funksie. Die betoog is slegs dat die redelik-man-toets so wyd geformuleer behoort te word dat in besondere (hoogs uitsonderlike?) omstandighede die redelike man ook onder die invloed van drank kan wees, en dáárom nie gevolge van sy optrede voorsien nie of nie die nodige voorsorgmaatreëls tref nie.

### 3 ANDER ASPEKTE VAN DRONKENSAP

#### 3 1 Die Actio Libera in Causa

Die *actio libera in causa*-reël word gewoonlik aangewend waar 'n dader homself dronk drink met die doel om in sy dronkenskap 'n bepaalde wandaad te pleeg. In *S v Johnson*<sup>55</sup> word die reël se oorsprong teruggevoer na die gemenereregskrywer Damhouder, wat dit soos volg stel:

"Werden ook mede verschoond eenige dronken menschen, dewelke zoo deure daarden drank zijn overwonnen, dat so haar reden of kenisse niet gebruiken konnen: tenzy dat zults met opset en boosnemen van haar is gedaan, om namentlijk haar quaad boosnemen van se onstraffelijke te mogen verrich."<sup>56</sup>

Alhoewel die moderne skrywers die beginsel aanvaar dat die dader in so 'n geval aanspreeklik gehou moet word,<sup>57</sup> is dit moeilik om te verstaan wat die aanwendingsgebied van hierdie beginsel is. Dit is wel duidelik dat die beginsel bedoel is vir 'n dader wat in die stadium toe sy plan "uitgevoer" word, willoos

53 1975 4 SA 877 (A) 879D-E.

54 soos in *Johnson, supra*, waarmee Snyman 1978 *De Jure* 237 egter nie gelyk gegee word nie: die onderskeid tussen 'n suiwer gevolgmisdaad en 'n formeel omskrewe misdaad se effek word uit die oog verloor waar die skrywer beweer dat 'n afleiding van nalatigheid in *Johnson* 'n blote fiksie is.

55 *supra* 209B-G.

56 *Praktijke in Criminele Zaken* 77 5.

57 De Wet en Swanepoel 116; Burchell en Hunt 292; Snyman *Strafreg* 147.

of ontoerekeningsvatbaar dronk is.<sup>58</sup> Die *actio libera in causa* word dan aangewend om die dader met 'n voorafgevormde opset strafregtelik aanspreeklik te hou.

Volgens die uiteensetting in paragraaf 2 hierbo is dit nie nodig om die *actio libera in causa* op 'n suiwer gevolgs misdadigheid in die onderhawige geval toe te pas nie, aangesien normale strafregtelike aanspreeklikheid op die hoofaanklag sal volg. Daar sal 'n handeling (*enige* veroorsakende feit), kousaliteit, wederregtelikheid en opset aanwesig wees. Ook by die formeel omskrewe misdade waar opset 'n vereiste is, sal strafregtelike aanspreeklikheid normaalweg volg, weliswaar nie op die hoofaanklag nie (omdat willekeurigheid ten tyde van die gedragsmoment ontbreek), maar op grond van poging indien 'n opsetlike, wederregtelike uitvoeringshandeling aanwesig is. Wanneer die *actio libera in causa* derhalwe impliseer dat 'n beskuldigde aan 'n misdadigheid bevind kan word ten spyte van sy toestand, klop dit met die algemene beginsels van die strafreg, maar om te vereis dat so 'n beskuldigde telkens aan die *hoofaanklag* skuldig bevind moet word, is onaanvaarbaar.<sup>59</sup> Verpligte skuldigbevinding aan die hoofaanklag in plaas van poging lei nóg tot hoër strafjurisdiksie nóg tot 'n meer effektiewe beskerming van die gemeenskap. Daarom kan met reg gevra word of die tradisionele *actio libera in causa*-reël nog 'n eie bestaansreg het.<sup>60</sup>

'n Nalatige *actio libera in causa*<sup>61</sup> word nie in ons reg erken nie.<sup>62</sup> Hierdie feit asook die feit dat poging 'n opsetmisdadigheid is, bring mee dat waar 'n persoon tydens dronkenskap 'n formeel omskrewe gedraging begaan sonder enige voorafgaande opset in die stadium toe hy nog nugter was, dronkenskap 'n geldige verweer kan wees waar die dader tydens die gedraging willoos dronk is.

### 3 2 Dronkenskap en Straf

Volgens die algemene *Tritts van Zinn*-benadering wat in Suid-Afrika met sy akkusatoriese prosesregstelsel funksioneer, word die erns van die misdryf, die belange van die gemeenskap en die belange van die misdadiger in ag geneem by die oplegging van vonnis.<sup>63</sup> Gewoonlik word dronkenskap net met die belange van die beskuldigde in verband gebring (waar dronkenskap nie 'n element van die verbodsbeskrywing is nie) met 'n beroep op die dronk dader se verminderde toerekeningsvatbaarheid wat klaarblyklik tot strafvermindering lei. Die menslike swakheid word normaalweg oorbeklemtoon en sommige aansprake word so wyd geformuleer asof 'n dronk dader sonder meer 'n ligter straf kan verwag.

Hierdie toedrag van sake is nie gesond nie omdat dit neerkom op 'n oorbelemtoning van een aspek van die *Tritts van Zinn* sonder om die effek van dronkenskap op die twee ander aspekte in ag te neem. Die howe het al herhaalde

58 Snyman 1978 *De Jure* 232; *S v Johnson*, *supra* 211E-H; Rabie 1978 *THRHR* 60; *contra* De Wet en Swanepoel 115-116 vn 99.

59 'n gevolgtrekking waarmee r Steenkamp in *S v Baartman*, *supra* 400D-E saamstem.

60 Rabie 1978 *THRHR* 60 stem by implikasie hiermee saam waar hy verklaar dat die *actio libera in causa* net toepassing vind indien 'n persoon volgens algemene beginsels nie aanspreeklik is nie. Snyman (Verhandeling) 195 se versugting na 'n dogmatiese verdieping van hierdie reël in Suid-Afrika kan nie onderskryf word nie.

61 Snyman 1978 *De Jure* 234-237.

62 Damhouder *supra*; *S v Johnson*, *supra* 209 e v; De Wet en Swanepoel 115-117; Burchell en Hunt 292 e v.

63 Hiemstra 565.

kere daarop gewys dat so 'n benadering foutief is, en daarom is dit die verhoorregter se juridiese plig om ook die volgende in ag te neem: Indien dronkenskap 'n element van 'n besondere misdaad is, kan die dronkenskap nie na 'n skuldigbevinding 'n strafverminderde effek hê nie.<sup>64</sup> Ook waar 'n persoon met 'n voorafgevormde opset gaan drink, is sy misdryf ernstiger van aard, en dit regverdig natuurlik 'n swaarder straf.<sup>65</sup>

Benewens die erns van die misdaad moet die gemeenskap se belang ook deeglik in ag geneem word. Hier kan dieselfde van dronkenskap as van motorongelukke gesê word:

“Sedert 1964 het die posisie wat die motorverkeer betref, versleg en ernstige beserings en die dood as gevolg van botsings tussen motorvoertuie het so 'n omvang aangeneem dat dit die belange van die gemeenskap as geheel raak. Dit is nie net 'n paar individue wat jaarliks beseer en gedood word nie. Letterlik duisende persone word jaarliks gedood en ook duisende beseerdes bly in een of ander vorm vermink en gestrem. Dit is algemeen bekend.”<sup>66</sup>

By wyse van analogie sal die beskuldigde se dronkenskap veel eerder 'n strafverswarende uitwerking hê indien oorweging gegee word aan die nadeel van drank, statistiese data oor die gevolge van dronkenskap, die gemeenskap se afkeer van drankmisbruik, die noodigheid vir gemeenskapsbeskerming teen drankmisbruik en die hof se eie kennis van hoe dikwels drank 'n rol by misdade in 'n hof se gebied speel.

Ten slotte kan oor straf volstaan word met die opmerking dat dronkenskap wel as 'n strafversagende omstandigheid by die behoorlike oplegging van 'n vonnis in ag geneem moet word, maar dit beteken nie dat daar altyd 'n strafvermindering moet wees nie omdat ander belange ook oorweeg moet word.

#### 4 DRONKENSAP EN BESKERMING VAN DIE GEMEENSAP

Doemprofete sal sekerlik beweer dat met die erkenning van vrywillige dronkenskap as verweer teen strafregtelike aanspreeklikheid die gemeenskap aan die genade van dronkaards uitgelewer is. By nadere ondersoek van die beginsels wat hierbo bespreek is, blyk dit egter dat

a selfs al was die dader in 'n stadium willoos dronk, ontoerekeningsvatbaar dronk of selfs verminderd toerekeningsvatbaar dronk, dit nie op sigself beteken dat die dader altyd vrygespreek sal word nie; en

b die blote feit dat die dader dronk was nie sonder meer tot strafvermindering lei nie.

Die gemeenskap word met ander woorde tog in 'n mate teen dronkaards op dieselfde prinsipiële grondslag as byvoorbeeld teen psigopate beskerm.

In die geval van 'n formeel omskrewe misdaad waar daar geen voorafgaande opset was nie (en skuldigbevinding aan poging dus buite die kwessie is) bied dronkenskap wat die wil, toerekeningsvatbaarheid of skuld uitsluit, 'n geldige

both the contracting parties. In summary, the rule would appear to be: *Where, in a contract for the sale of property, the contract is subject to a condition that is, at the time of contracting, intended to be exclusively for the benefit of one of the parties only, the party who has the benefit of the condition may elect to waive the condition either at any time before non-fulfilment of the condition, or within a reasonable period after non-fulfilment and to enforce the contract as though it were unconditional.* Such a statement, if submitted, is in accordance with our authorities, and need not result in any insurmountable difficulties or uncertainty. On the contrary, it ought to provide the best opportunity for predicting the outcome of future cases, while preserving consistency of principle in this area of the law of sale. It would not be advisable to throw out the old lamp for a new, perhaps shinier one, without first giving the old one a thorough polish.

*Dicta may be valuable and may require consideration. But however eminent the judge who utters them, they are not authorities or precedents and may in fact constitute a trap for the unwary. In recent times this is becoming more and more recognized. It may be that the true moral is that judgments should be shorter. (per Lord Wright in "Precedents" 4 University of Toronto Law Journal 257.)*

# Dekriminalisasie van bloedskanie

JMT Labuschagne

MA DPhil LLD

Professor in Inheemse Reg, Universiteit van Pretoria

## SUMMARY

### Decriminalisation of Incest

In this article the need for the existence of the crime of incest is investigated. The development of the crime of incest is historically expounded and the position in certain other legal systems is referred to. Thereafter the elements of the crime of incest, as it nowadays exists in South Africa, are detailed and critically analysed. It is finally contended that the crime of incest as such should be abolished. A new crime, namely abuse of a position of authority for sexual purposes, should be created to counteract, for example, sexual relations of a parent with his or her minor child. Sexual relations between consenting adults should be removed from the realm of the criminal law.

## 1 INLEIDING

In dié artikel word die bestaansreg van die misdaad bloedskanie onder die loep geneem. Voordat 'n mening egter daarvoor uitgespreek kan word, is dit nodig om 'n deeglike studie van dié misdaad te onderneem. In dié verband word die misdaad bloedskanie histories, regsvergeelykend en positiesregtelik betrag.

## 2 HISTORIES

### 2 1 Romeinse Reg

Rein<sup>1</sup> wys daarop dat die Romeine onderskei het tussen *incestus* as bloedskanie en *incestus* in religieuse verband. Hy omskryf eersgenoemde as "Geschlechts-umgang (ehelich oder ausserehelich) zwischen verwandten Personen, welche wegen ihrer nahen Verwandtschaft keine Ehe schliessen dürfen."<sup>2</sup> *Incestus* in religieuse verband bestaan in die "Unkeuschheit erfolgte Entweihung der Gottesverehrung" en kan twee vorme aanneem: enersyds, die ontering van 'n maagd van wie die hoogste reinheid verwag word en, andersyds, die onkuise ontering van 'n heiligdom.<sup>3</sup>

In die Romeinse reg is verder onderskei tussen *incestus iuris gentium* en *incestus iuris civilis*. Volgens Rein is eersgenoemde verbied omdat dit teen die

1 *Das Kriminalrecht der Römer* (1844) 870 876. Vgl ook Mommsen *Römisches Strafrecht* (1899) 682.

2 870. Uit N 12 1 blyk dat bloedskanie as teen die orde van die natuur beskou is.

3 876.

natuurlike sedelikeitsgevoel indruis en laasgenoemde is bloot deur die *ius civilium* verbied.<sup>4</sup> Onder *incestus iuris gentium* het geresorteer geslagsomgang tussen ouers en kinders, stiefouers en stiefkinders, skoonouers en skoonkinders en broers en susters. As *incestus iuris civilis* is geslagsomgang tussen aanneemouers en aangenome kind bestraf.<sup>5</sup> Daar bestaan egter twyfel of geslagsomgang tussen oom en niggie en tante en neef as *incestus iuris gentium* of as *incestus iuris civilis* gestraf is.<sup>6</sup>

## 2 1 1 Verboede Grade van Verwantskap

Soos hierbo uit Rein se omskrywing blyk, het *incestus* of bloedskanie in die Romeinse reg bestaan in geslagsomgang tussen persone wat as gevolg van verwantskap nie met mekaar mag trou nie.<sup>7</sup> Die vraag wat eerstens beantwoord moet word, is: binne welke grade van verwantskap was huwelike verbode? Die volgende reëls het in dié verband bestaan:

Afskandente en afskandente kon nie met mekaar trou nie.<sup>8</sup> Hierdie reël geld nie slegs in geval van *cognatio* (bloedverwantskap) nie maar ook waar die verhouding deur *agnatio* tot stand gekom het. Daarvolgens kon 'n *pater* dus nie met sy geadopteerde dogter trou nie.<sup>9</sup>

*Collatorales* kon in sekere omstandighede nie met mekaar trou nie. Van Warmelo<sup>10</sup> is van mening dat dit as "ongeveer 'n algemene reël" aanvaar kan word dat waar die persone in die sylinie ten minste vier<sup>11</sup> grade van mekaar verwyder is en elkeen ten minste twee grade van die gemeenskaplike voorouer verwyder is, die huwelik kon plaasvind. Hiervolgens kon 'n broer en suster nie met mekaar trou nie,<sup>12</sup> ook nie 'n oom en niggie of 'n verdere afstammeling nie en ook nie 'n tante en neef of 'n verdere afstammeling nie.<sup>13</sup> Neef en niggie kon wel trou.<sup>14</sup> Die verbodsbepalings geld ook waar die verhouding deur *agnatio* tot stand kom. Daarvolgens kon 'n man byvoorbeeld nie met sy geadopteerde suster of tante trou nie. Indien die *agnatio* opgehef is, kon so 'n huwelik egter wel plaasvind.<sup>15</sup>

4 870. Vgl ook *D* 23 2 39 1. Op 872 wys Rein daarop dat *incestus iuris civilis* van 'n latere oorsprong is.

5 Vgl Voet 48 5 19. Vgl ook Joubert "Aspekte van die Aanneming van Kinders" 1983 *De Jure* 129 130.

6 Rein 870.

7 Vgl ook Van Warmelo 'n *Inleiding tot die Studie van die Romeinse Reg* (1971) 70; Van Zyl *Geskiedenis en Beginsels van die Romeinse Privaatreg* (1977) 94; Mommsen 684 687. 'n Huwelik aangegaan tussen persone wat nie, as gevolg van die feit dat hulle te na aan mekaar verwant is, met mekaar mag trou nie, is nietig.

8 *I* 1 10 1. Vgl ook Van Warmelo 69; Van Zyl 94; Mommsen 685; Kaser *Roman Private Law* (vertaal deur Dannenbring (1968)) 243; Burdick *The Law of Crime* bd 3 (1946) 238.

9 In *D* 48 5 7 word bepaal dat 'n huwelik aangegaan tussen 'n man en sy vroulike pleegkind (*pupilla*) in stryd met 'n *senatusconsultum*, nietig is. Vgl ook *D* 23 2 36; *C* 5 6.

10 69. Vgl ook Van Zyl 94.

11 In die vroeëre Romeinse Reg was dit ses grade — vgl Kaser 242; Mommsen 683.

12 *I* 1 10 2; *C* 5 5 9. In *D* 48 5 11 1 word gesê dat 'n soldaat wat in 'n konkubinaat met sy suster se dogter leef vir oorspel gestraf word.

13 *I* 1 10 3 5; *C* 5 5 9.

14 *I* 1 10 4. 'n Persoon mag nie met die kleindogter van sy suster trou nie, omdat hy in 'n verhouding van 'n ouer tot haar staan — *D* 23 2 39.

15 *I* 1 10 2 5; Van Warmelo 69.

Dieselfde reëls geld in hooftrekke waar die verwantskap los staan van *cognatio* en *agnatio*, maar deur die huwelik in die lewe geroep is. In so 'n geval word van *adfinitas* gepraat.<sup>16</sup> 'n Man kon hiervolgens nie met sy voormalige skoon-dogter of stiefdogter of stiefmoeder trou nie.<sup>17</sup> 'n Seun van 'n man by een vrou en 'n dogter van 'n ander vrou van dieselfde man, maar wat 'n kind van 'n ander man is, kon wel met mekaar trou.<sup>18</sup> 'n Man kon egter nie trou met sy geskeie vrou se dogter wat 'n kind van 'n ander man is nie.<sup>19</sup>

*Incestus* was 'n *opsetsmisdaad*.<sup>20</sup> Indien 'n persoon nie daarvan bewus is dat die ander party binne die verbode grade aan hom of haar verwant is nie, word *incestus* nie gepleeg nie.<sup>21</sup>

'n Persoon onder die ouderdom van *puberteit* kon nie aan *incestus* skuldig bevind word nie.<sup>22</sup> Die puberteitsouderdom was twaalf jaar vir meisies en veertien jaar vir seuns.<sup>23</sup>

*Incestus* was aanvanklik met die dood strafbaar.<sup>24</sup> In *D* 48 18 5<sup>25</sup> word daarop gewys dat indien 'n persoon geslagtelik verkeer met 'n weduwee of 'n getroude vrou met wie hy as gevolg van verwantskap nie 'n huwelik kon sluit nie, hy na 'n eiland verban is omdat hy twee misdade pleeg: eerstens is hy skuldig aan *incestus* omdat hy teen die goddelike reg 'n vrou onteer het aan wie hy verwant is en, tweedens pleeg hy ook *adulterium* of *stuprum*.<sup>26</sup> In *D* 48 5 7 1 word daarop gewys dat 'n klag van *incestus* terselfdertyd teen beide die betrokke persone gebring kon word. Indien geslagsomgang volgens die *ius gentium* verbode is, moet die vrou dieselfde as die man gestraf word.<sup>27</sup> Indien *incestus* binne 'n onwettige huwelik gepleeg word, is die straf ligter.<sup>28</sup> Benewens die straf wat vir *incestus* opgelê is, het daaruit ook privaatregtelike nadele vir beide die *incestus*-plegers en die kinders wat as gevolg daarvan gebore is, voortgespruit.<sup>29</sup>

Maes wys daarop dat geslagsomgang tussen naby-verwante ook by die meeste Germaanse volkere strafbaar was.<sup>30</sup>

## 2 2 Die Romeins-Europese Reg

Die meerderheid van ons gemeneregskrywers omskryf bloedskande as geslagsomgang tussen persone wat as gevolg van bloed- of aanverwantskap nie met

16 Vgl Van Warmelo 70; Mommsen 686; Van Zyl 94.

17 *I* 1 10 6, 1 10 7. 'n Man mag nie trou met sy skoonsuster nie — *C* 5 5 9; ook nie met die vrou van sy oorlede broer nie — *C* 5 5 5,8.

18 *I* 1 10 8; Van Warmelo 70.

19 *I* 1 10 9.

20 Rein 870. Indien 'n persoon uit 'n bloedskenigende huwelik terugtree, word hy strafregtelik verskoon — *D* 48 5 38 4, 48 5 38 5, 48 5 38 7.

21 Vgl *D* 48 5 38 1; *D* 48 5 38 4, 48 5 38 7; *D* 22 6 9; *C* 5 5 4; *N* 12 1; Mommsen 687.

22 Vgl *D* 48 5 38 4, 48 5 38 7; *C* 5 5 4; Rein 873.

23 Van Warmelo 68. Vgl ook my artikel "Strafregtelike Aanspreeklikheid van Kinders" 1978 *TSAR* 250.

24 Mommsen 688.

25 Vgl ook Rein 873.

26 Vgl ook *D* 48 5 39 7.

27 *D* 48 5 38 2. Volgens Voet 48 5 19 is die vrou slegs gestraf in geval van *incestus iuris gentium*. Vgl ook *D* 12 7 5 *pr*. In *D* 48 5 38 word daarop gewys dat indien *adulterium* en *incestus* saamval, die vrou ook gestraf word.

28 *D* 48 5 38 3; Rein 873.

29 Vgl *C* 5 5 6; *N* 12 1-12 4; Rein 874. *Incestus* wat gelyktydig met *adulterium* gepleeg word, verjaar nie na 5 jaar nie. Dit blyk hieruit dat *incestus* andersins na 5 jaar verjaar het.

30 *Vijf Eeuwen Stedelijk Strafrecht* (1947) 235.

mekaar mag trou nie.<sup>31</sup> Bloedskande kon gepleeg word onder die voorwendsel van 'n huwelik of dit kon daarbuite geskied.<sup>32</sup> Dit kon ook in 'n konkubinaat gepleeg word en dit kon saamval met owerspel, seduksie en *fornicatio*.<sup>33</sup>

Ons gemenegeskrywers onderskei ook, soos in die Romeinse reg, tussen bloedskande wat uit die *ius gentium* en dié wat uit die *ius civile* ontspring. Onder eersgenoemde het bloedskande tussen adskendente en deskendente en bloedskande tussen diegene wat as gevolg van aanverwantskap soos ouers en kinders teenoor mekaar staan, geressorteer, byvoorbeeld skoonouers teenoor skoonkinders en stiefouers teenoor stiefkinders.<sup>34</sup> Bloedskande volgens die *ius civile* het plaasgevind tussen 'n vader en sy aangenome dogter, selfs al bestaan die adoptieverhouding nie meer nie, en ook tussen 'n broer en 'n aangenome suster, solank die vaderlike gesag oor die aangenome dogter en seun nog bestaan.<sup>35</sup> Daarbenewens is ook nog bloedskande wat volgens die Kanonieke reg gepleeg word, onderskei.<sup>36</sup>

Die *straf* wat vir bloedskande opgelê is, het van die graad en aard van die verwantskap afgehang. Bloedskande tussen ouers en kinders was met die dood strafbaar.<sup>37</sup> Persone wat in die sylinie of deur 'n huwelik aan mekaar verwant is, is met lyfstraf of verbanning gestraf.<sup>38</sup> Bloedskande kon ook met 'n prostituut gepleeg word.<sup>39</sup>

- 31 Vgl byvoorbeeld Clarus *Opera Omnia* tit *Incestus* 2 6; Donellus *De Jure Civili* 1 22 2; Zoesius *Commentarius ad Digestorum seu Pandectorum Juris Civilis Libros* 48 5 64; Brouwer *De Jure Connubiorum* (Van Warmelo en Bosman se verwerking en vertaling) 2 17 17; Voet 48 5 19; Matthaeus *De Criminibus* 48 3 6 2; Kersteman *Hollandsch Rechtsgeleerd Woorden-Boek* sv "Bloedschande;" Carpzovius *Verhandeling der Lyfstraffelyke Misdaaden* (vertaling deur Van Hogendorp) hfst 65 1; Damhouder *Practijke in Criminele Zaken* hfst 87; Lauterbach *Thesaurus Juris Civilis* 48 5 56; Moorman *Verhandeling over de Misdaaden* 2 15 2; Richer *Universa Civilis et Criminalis Jurisprudencia* 1 3 par 430; Van der Keessel *Praelectiones ad Ius Criminale* (Beinart en Van Warmelo se verwerking en vertaling) 48 5 26. Vgl ook Anders en Ellson *The Criminal Law of South Africa* (1915) 146; Pittman *Criminal Law in South Africa* (1940) 120; Gardiner en Landsdown *South African Criminal Law and Procedure* bd 2 (1957) 1216.
- 32 Van der Linden *Rechtsgeleerd, Practicaal en Koopmans Handboek* 2 7 8 beskryf bloedskande as die aangaan van 'n huwelik of die hê van geslagsomgang deur persone wat as gevolg van verwantskap nie met mekaar mag trou nie. Dit skep die indruk dat die blote aangaan van 'n huwelik reeds bloedskande daarstel. Van Leeuwen *Het Roomsche Hollandsch Recht* 4 27 9 se omskrywing is egter verteenwoordigend van die algemene benadering: "Bloed-schande is een vermenging van twee personen, die met den anderen om te na bloed of Swagerschap niet souden mogen in huwlyk treden het zy dat dese vermenging geschied in huwlyk, of daar buyten." Vgl ook Voet 48 5 19.
- 33 Vgl Voet 48 5 19. Bloedskande gepleeg binne die raamwerk van 'n huwelik word ligter gestraf — vgl Tuldenus *Commentarius ad Codicem* 5 5 1–5 5 2; Perezius *Praelectiones in duodecim Libros Codicis* 5 5 16.
- 34 Vgl Voet 48 5 19; Tuldenus 5 5 3–5 5 4; Perezius 5 5 10; Berger *Oeconomia Iuris* 3 11 7; Van der Keessel 45 5 27; Püttmann *Elementa Iuris Criminalis* par 641.
- 35 Vgl Voet 48 5 19; Matthaeus 48 3 6 3–48 3 6 4; Van Leeuwen *RHR* 4 27 9.
- 36 Vgl Tuldenus 5 5 5; Clarus tit *Incestus* 10.
- 37 Vgl Clarus tit *Incestus* 5; Carpzovius hfst 65; Van der Linden 2 7 8. Poging is nie met die dood gestraf nie — Matthaeus 48 3 6 9.
- 38 Vgl Voet 48 5 20; Carpzovius hfst 66; Zoesius 48 5 64; Van der Linden 2 7 8; Loenius *Decisien en Observatien cas* 16; Huber *Hedendaegse Rechts-Geleertheit* 6 12 12; Van Zurck *Codex Batavus* tit "Bloedschande;" Moorman 2 15 5–2 15 6.
- 39 Vgl Clarus tit *Incestus* 12.

Die *handeling* is voltooi deur blote penetrasie en saadstorting is nie as 'n vereiste gestel nie.<sup>40</sup>

Indien 'n persoon nie bewus daarvan was dat hy en die ander persoon binne die verbode grade aan mekaar verwant is nie, is hy nie strafregtelik aanspreeklik gehou nie.<sup>41</sup> Püttmann wys daarop dat bloedskande *dolo malo* gepleeg word.<sup>42</sup>

## 2 2 1 *Verbode Grade van Verwantskap*

Die volgende vraag wat 'n ondersoek verdien, is: wie kon as gevolg van die feit dat hulle te naby verwant is, nie met mekaar 'n huwelik sluit nie?<sup>43</sup> Hieronder kan die volgende reëls onderskei word:

Huwelike tussen adskendente en deskendente is *ad infinitum* verbode.<sup>44</sup>

In die sylinie is huwelike tussen persone wat minder as vier grade aan mekaar verwant is, verbode.<sup>45</sup> Hiervolgens kon broers en susters,<sup>46</sup> ooms en niggies en tantes en neefs<sup>47</sup> nie met mekaar trou nie.

Ook in die geval van (aangetroude<sup>48</sup>) aanverwantskap ("aangehuwde maagschap") strek die huweliksverbod tot die derde graad uit.<sup>49</sup> Kragtens artikel 9 van die Politieke Ordonnansie kon 'n man nie met sy stiefdogter of dié se afstammeling of 'n vrou met haar stiefseun of dié se afstammeling trou nie.<sup>50</sup> 'n Man kon nie met sy oorlede broer se weduwee of 'n vrou met die man van

40 Vgl Boehmer *Meditationes in Constitutionem Criminales Carolinam* 119 6; Boehmer *Observatio V* op Carpzovius *Practica Nova Imperialis Saxonica Rerum Criminalium qu* 75; Van der Keessel 48 5 20; Labuschagne *Die Suid-Afrikaanse Verkrachtingsreg: 'n Strafrever-gelykende Ondersoek* (LLD-proefskrif 1972) 42-44.

41 Vgl Clarus tit *Incestus* 1; Zoesius 48 5 64-48 5 69; Menochius *Consiliorum* 5 Cons 406 par 75-76; Matthaeus 58 3 6 5; Moorman 2 15 11. Gomezius *Variae Resolutiones* Ad 80 15 vereis dat die geslagsomgang *scienter* moes geskied.

42 par 640.

43 Vgl in die algemeen Carpzovius hfst 66-67; Van der Linden 1 3 6; De Groot *Inleiding tot de Hollandsche Rechtsgeleerdheid* 2 5 6; Maes 235; Wessels *History of The Roman-Dutch Law* (1908) 444-447; Hefer "'n Aantekening oor Enkele Aspekte van die Verbod op Huwelike tussen Persone wat binne bepaalde Grade aan mekaar verwant is" 1958 *THRHR* 22-24. Vgl ten aansien van die berekening van verwantskap Van Leeuwen *Censura Forensis* (met vertaling deur Schreiner) 1 5 1-1 5 14; Voet 23 2 29-23 2 39; Perezus 5 5 4.

44 Vgl a 5 van die Politieke Ordonnansie van 1580 (*Groot Placaet-Boek* deel 1 329); Clarus tit *Incestus* 4; De Groot 2 5 6; Van Leeuwen *RHR* 1 14 12. Volgens Van Leeuwen *RHR* 1 14 13 kon 'n voog met sy pleegkind trou.

45 Vgl Van Leeuwen *RHR* 1 14 12; Van der Linden 1 3 6. Vgl ook Roberts "Browsing Among the Old Vellums" 1959 *SALJ* 329.

46 a 6 van die Pol Ord (dit geld ook vir halfbroers en susters).

47 a 7.

48 Aanvanklik kon aanverwantskap ook deur blote geslagsomgang ontstaan — vgl Voet 23 2 35; Van der Vyver en Joubert *Persone- en Familiereg* (1980) 438.

49 Vgl Van Leeuwen *RHR* 1 14 13; Van der Linden 1 3 6; A 8 van die Pol Ord. Die berekening van die grade van aanverwantskap geskied bloot deur die vrou in man se plek te stel en andersom.

50 Brouwer 2 15 2 wys daarop dat volgens sowel die natuureg as kanonieke reg asook volgens die Hollandse reg 'n huwelik tussen 'n stiefvader en stiefdogter en skoonvader en skoon-dogter verbode is.

haar oorlede suster trou nie.<sup>51</sup> Brouwer<sup>52</sup> wys daarop dat stiefkinders met mekaar kon trou; twee susters kon met twee broers trou; twee broers kon met 'n moeder en 'n dogter trou; 'n man kon met sy voormalige vrou se broer se weduwee trou. In sodanige gevalle bestaan daar nóg bloedverwantskap nóg aanverwantskap. In sekere gevalle kon persone wat binne die verbode grade aan mekaar verwant is wel met toestemming van die owerheid 'n huwelik aangaan. Hieroor sê Van der Linden die volgende:<sup>53</sup>

“Schoon 'er, gedurende de regeering der voormalige Staaten, voorbeelden zijn van toegestaane huwelijken, bij wege van dispensatie, tusschen persoonen, welken de wet onder die verbodene stelde, waren egter die voorbeelden zeldzaam, en men week niet ligtelijk van den regel der wet af. Doch na het jaar 1795 zijn de dispensatiën veel meenigvuldiger, zelfs in die graaden, in welken men 'er te voren niet aan gedacht zoude hebben. Of het niet beter ware, op dit stuk eene bepaalde Landwet te hebben, en dezelve stipt te volgen, dan wel hieromtrent in eene wankelbaare onzekerheid en ongelijkheid te verkeeren, laaten wij liefst aan anderen ter beoordeeling over.”

'n Huwelike aangegaan tussen persone wat as gevolg van verwantskap nie met mekaar kon trou nie, was nietig.<sup>54</sup>

### 3 REGSVERGELYKEND

#### 3 1 Die Verenigde State van Amerika en Kanada

Bailey en Rothblatt<sup>55</sup> wys daarop dat die presiese inhoud van die misdaad bloedskande van staat tot staat verskil,<sup>56</sup> maar “incest is generally defined as sexual intercourse, either continual or in a single instance, between persons whose blood ties are too close to permit their lawful marriage.” Bassiouni,<sup>57</sup> daarenteen, vat die posisie in die Amerikaanse reg soos volg saam:

“A male person commits the crime of incest when he has sexual intercourse or performs an act of deviate sexual conduct with a person he knows is his blood relative to the degree prohibited by law. A mother commits the crime of incest when she has sexual intercourse or performs an act of deviate sexual conduct with a person she knows to be her son or daughter. A son commits the crime of incest when he has sexual intercourse or performs an act of deviate sexual conduct with a person he knows to be his mother

51 a 10 van die Pol Ord; Brouwer 2 15 5. Volgens Brouwer 2 15 6 kon 'n man ook nie trou met sy skoonsuster, d w s die suster van sy oorlede vrou nie. Volgens a 11 van die Pol Ord kon 'n man nie met die weduwee van sy neef d w s die weduwee van sy broer of suster se seun of die weduwee van dié se deskendente trou nie. Dieselfde geld vir 'n huwelik van 'n vrou met haar niggie se man ens. In 'n verduideliking van die Pol Ord word op 21 Mei 1664 (*Groot Placaet-Boek* deel 2 169) daarop gewys dat 'n persoon nie met die dogter van sy oorlede vrou se broer of suster kan trou nie. In 1736 is daar 'n verdere verduideliking (*Groot Placaet-Boek* deel 6 541) wat 'n huwelik met jou oorlede vrou se stiefmoeder verbied. Wessels 446 wys daarop dat daar in 1789 (*Ned Jaarboeken* 1789 1131) 'n verdere wysiging was wat bepaal het dat 'n man nie met 'n dogter van 'n broer of 'n suster (volbloed of halfbloed) van sy oorlede vrou kon trou nie, ook nie met haar stiefmoeder nie en dat 'n vrou nie met die seun van 'n broer of 'n suster (volbloed of halfbloed) van haar man en ook nie met haar man se stiefvader kon trou nie. Vgl *Fuchs v Whiley* 1934 CPD 130.

52 2 15 4.

53 1 3 6. In die Kaap is spesiale toestemming soms gegee dat 'n wewenaar met die dogter van sy oorlede vrou se suster mag trou. Vgl Roos “The Plakaet Books of the Cape” 1897 *CLJ* 1 18; *Loedloff and Smuts v Robertson* 1863 Searle 128 146–147.

54 a 13 van die Pol Ord.

55 *Crimes of Violence: Rape and Other Sex Crimes* (1973) 321–322.

56 Burdick 327 wys daarop dat bloedskande in al die Amerikaanse state 'n statutêre misdaad is.

57 *Criminal Law and Its Processes* (1972) 239.

or father. The same applies between brothers and sisters, and extends to acts of deviate sexual conduct.”

Dit blyk hieruit dat bloedskande nie net verwys na geslagsomgang nie, maar ook ander geslagsdade omvat. Clark en Marshall<sup>58</sup> wys daarop dat in party state ook geslagsomgang tussen sekere adopsieverwante gestraf word.

Artikel 150 van die Kanadese strafkode bepaal soos volg:<sup>59</sup>

- “(1) Every one commits incest who, knowing that another person is by blood relationship his or her parent, child, brother, sister, grandparent or grandchild, as the case may be, has sexual intercourse with that person.
- (2) Every one who commits incest is guilty of an indictable offence and is liable to imprisonment for fourteen years.
- (3) Where a female person is convicted of an offence under this section and the court is satisfied that she committed the offence by reason only that she was under restraint, duress or fear of the person with whom she had the sexual intercourse, the court is not required to impose any punishment on her.
- (4) In this section, ‘brother’ and ‘sister’, respectively, include half-brother and half-sister.”

Hieruit blyk dat bloedskande in Kanada beperk is tot geslagsomgang tussen nabybloedverwante en in die lig van die lang gevangenisstraf, naamlik veertien jaar, wat opgelê kan word, kan afgelei word dat dit as ’n ernstige misdaad beskou word.

### 3 2 Engeland

Bloedskande het in Engeland aanvanklik onder die jurisdiksie van die kerklike howe gersorteer.<sup>60</sup> Sedert 1908 is dit as ’n statutêre misdaad strafbaar.<sup>61</sup>

Hedendaags bepaal artikels 10 en 11 van die Sexual Offences Act 1956<sup>62</sup> soos volg:

“10 *Incest by a man* — (1) It is an offence for a man to have sexual intercourse with a woman whom he knows to be his grand-daughter, daughter, sister or mother.<sup>63</sup>

(2) In the foregoing subsection ‘sister’ includes half-sister, and for the purposes of that subsection any expression importing a relationship between two people shall be taken to apply notwithstanding that the relationship is not traced through lawful wedlock.”

“11 *Incest by a woman* — (1) It is an offence for a woman of the age of sixteen or over to permit a man whom she knows to be her grandfather, father, brother or son to have sexual intercourse with her by her consent.

58 *A Treatise on the Law of Crimes* 7e uitg par 11 05.

59 Vgl ook Heather Snow's *Criminal Code of Canada* (1978) 78.

60 Vgl Cleveland “Indictments for Adultery and Incest before 1650” 1913 *LQR* 57.

61 The Punishment of Incest Act 1908 (8 Edw 7 c 45). Vgl Bailey en Blackburn “The Punishment of Incest Act 1908: A Case Study of Law Creation” 1979 *Crim LR* 708. Vgl ook oor die historiese agtergrond Kelly “Kinship, Incest, and the Dictates of Law” 1969 *American Journal of Jurisprudence* 69.

62 4 and 5 Eliz 2 c 69.

63 Vgl *R v Baillie-Smith* (1977) 64 Crim App Rep 64. Vgl in die algemeen Turner *Russell on Crime* 11 (1964) 727; McLean en Morrish *Harris's Criminal Law* (1973) 470; Smith en Hogan *Criminal Law* (1973) 336. In *R v Whitehouse* (1977) 65 Crim App Rep 33 is beslis dat ’n vader nie skuldig bevind kan word aan uitlokking tot die pleeg van bloedskande met sy dogter wat onder die ouderdom van sestien jaar is nie.

(2) In the foregoing subsection 'brother' includes half-brother, and for the purposes of that subsection any expression importing a relationship between two people shall be taken to apply notwithstanding that the relationship is not traced through lawful wedlock."

Kragtens artikel 37 is 'n oortreding van sowel artikels 10 as 11 strafbaar met gevangenisstraf tot 'n maksimum van sewe jaar. Poging is strafbaar met tot twee jaar gevangenisstraf. Is die meisie by 'n oortreding van artikel 10 onder die ouderdom van dertien jaar, kan lewenslange gevangenisstraf opgelê word.<sup>64</sup>

### 3 3 Duitsland

Kragtens artikel 173 van die Duitse Strafwetboek is geslagsomgang tussen deskendente en adskendente en tussen broer en suster strafbaar.<sup>65</sup> Het 'n persoon geslagsomgang met 'n deskendent is hy strafbaar met òf gevangenisstraf tot 'n maksimum van drie jaar òf 'n geldstraf<sup>66</sup> en in ander gevalle òf met gevangenisstraf tot 'n maksimum van twee jaar òf met 'n geldstraf.<sup>67</sup> Kragtens artikel 173(3) is 'n persoon wat ten tyde van die pleeg van die daad nog nie agtien jaar oud is nie, nie strafbaar nie.<sup>68</sup>

### 3 4 Italië

Kragtens artikel 564 van die Italiaanse Strafkode<sup>69</sup> is dit strafbaar om geslagsomgang te hê met 'n adskendent of 'n deskendent, op grond van sowel bloedverwantskap as aanverwantskap. Geslagsomgang tussen broer en suster is ook strafbaar. Die straf wat opgelê word kan wissel van twee tot agt jaar gevangenisstraf. 'n Meerderjarige wat onder sodanige omstandighede met 'n minderjarige geslagsomgang het, word 'n swaarder straf opgelê.

### 3 5 Frankryk, België en Nederland

In die Franse *Code Penal* is bloedskande nie onder die misdade opgeneem nie. Die Belgiese en Nederlandse wetgewers het hulle daarby aangesluit, sodat bloeds-kande in dié lande nie meer strafbaar is nie.<sup>70</sup>

## 4 DIE SUID-AFRIKAANSE POSITIEWE REG

Bloedskande kan in die breë omskryf word as geslagsomgang tussen persone wat vanweë verwantskap nie met mekaar mag trou nie. In stede van om 'n meer gedetailleerde omskrywing van bloedskande te gee, word sekere probleemassekte daarvan tematies behandel.

64 In *R v Hutchinson* 1972 Crim LR 258 was die dogter dertien jaar oud en is die vader tot twee jaar gevangenisstraf gevonniss.

65 Lenckner-Schönke-Schröder *Strafgesetzbuch Kommentar* (1978) 1217; Rodulphi-Horn-Samson *Systematischer Kommentar zum Strafgesetzbuch* (1982) ad 173. Preisendanz *Strafgesetzbuch* (1978) 577 wys daarop dat poging nie strafbaar is nie. Vgl ook a 213 van die Switserse strafwetboek en a 211 van die Oostenrykse strafwetboek asook Foregger en Serini *Strafgesetzbuch* (1975). Die Switserse en Oostenrykse reg ten aansien van bloedskande vertoon 'n groot ooreenkoms met die Duitse reg. Vgl verder a 203 van die Roemeense strafkode (in Engels vertaal deur Kleckner 1976) en a 175 van die Poolse strafkode (in Engels vertaal deur Kenney en Sadowski 1973).

66 a 173 (1).

67 a 173 (2).

68 Kragtens a 345 (2) van die Griekse strafkode (in Engels vertaal deur Lolis 1973) kan 'n persoon onder die ouderdom van sewentien jaar wat geslagsomgang met 'n adskendent het, strafregtelik verskoon word.

69 in Duits vertaal deur Riz 1969.

70 Vgl Simons *Leerboek van het Nederlandsche Strafrecht* deel 2 (1929) 167-168.

#### 4 1 Die begrip Geslagsomgang en Poging

Soos in ons gemenegereg,<sup>71</sup> het ons howe beslis dat *gedeeltelike penetrasie* voldoende is om bloedskande daar te stel.<sup>72</sup> Saadstorting is derhalwe nie 'n vereiste nie, met die gevolg dat 'n steriele persoon ook bloedskande kan pleeg. Die bloedskandeverbod is positiefregtelik derhalwe teen blote geslagsomgang gerig en nie teen voortplanting nie.<sup>73</sup>

Artikel 16 van die Ontugwet 23 van 1957 (hierdie bepaling is herroep na voltooiing van die artikel — red), vertoon 'n baie belangrike ooreenkoms met bloedskande: albei misdade is basies konsensuele geslagsmisdade en sowel die man as die vrou is prinsipiële strafbaar. Die regsreëls van toepassing op oortreding van artikel 16 kan dus lig werp op die problematiek ten aansien van bloedskande. In *R v B*<sup>74</sup> sê appèlreger Schreiner die volgende:

“But however that may be, once the parties have agreed to have intercourse, there and then, there seems to me to be no room for further acts of mere preparation before the commencement of the consummation. No doubt there may be further stages — movements of one kind or another, adjustments of position and dress or the like — but it is not intended that there shall be any substantial intervals of time, breaking into the continuous series of acts contemplated by the parties. At least therefore when, in pursuance of their agreement, they commence this series of acts which unless broken off will culminate in intercourse, they attempt to contravene the provisions in question. Whether the agreement could by itself amount to an attempt does not arise in this case, nor do I express any view thereon.”

Stel 'n ooreenkoms tussen twee persone binne die verbode grade van verwantskap om daar en dan geslagsomgang te hê, reeds poging tot bloedskande daar? Indien nie, waar lê die grens tussen 'n poging om bloedskande te pleeg en 'n sameswering<sup>75</sup> om bloedskande te pleeg dan?

71 Vgl 2 2 *supra*.

72 In *R v Giles* 1926 WLD 211 212–213 sê r Tindall die volgende: “In my opinion where partial penetration is proved, that is sufficient to constitute the crime of incest if the parties are within the prohibited degrees of marriage and have reached the age of puberty. If that were not the law, we would have an anomalous state of affairs. When is it to be said that the act of sexual union has been completed, and when not? The act might be completed so far as the male person is concerned, but it might not be completed so far as the female is concerned. Are we to say that in a case of that kind, if the other requisites were present, the crime of incest would not have been committed because the Crown cannot prove that the act was complete so far as the female is concerned? Again, in the present case, we have medical evidence that conception may follow even though there has not been complete penetration of the private parts of the female. Are we to hold then that, though conception may follow, because there has not been complete penetration and because the sexual act has not been completed so far as the female is concerned, therefore the offence does not constitute incest?” Vgl verder *R v Botha* 1916 TPD 365; *R v M* 1957 1 PH H100 (N); Hunt *The South African Criminal Law and Procedure* bd 2 (1982) 258. Dit is ook die posisie in die Engelse reg — vgl a 44 van die Sexual Offences Act 1956; *R v Marsden* (1891) 2 QBD 149; *R v Cox* 5 Car and P 297; en in die Duitse reg — vgl Preisendanz 577. Wat vereis word, is dat die manlike geslagsorgaan die vroulike geslagsdele (*per vaginam*) en nie 'n ander deel van haar liggaam nie, moet penetreer — vgl *R v K and F* 1932 EDL 71; *R v N* 1961 3 SA 147 (T); *R v H* 1962 1 SA 278 (SR); *R v M* 1969 1 SA 328 (R).

73 Wanneer 'n vrou voorbeeld kunsmatig geïnsemineer word met die saad van haar broer, al geskied dit met hulle toestemming en kennis, kan bloedskande nie gepleeg word nie omdat penetrasie, soos hierbo genoem, 'n vereiste is.

74 1958 1 SA 199 (A) 204. Vgl ook *R v O* 1952 1 SA 563 (T); *Smit v R* 1960 1 PH K6 (K); *R v V* 1958 3 SA 474 (GW).

75 Vgl a 18(2)(a) van die Wet op Oproerige Byeenkomste 17 van 1956.

In *R v M*<sup>76</sup> verklaar regter Murray:

“It is almost unnecessary to emphasise that as the crime charged was one of contravening the section in question, proof of actual intercourse by insertion of the male organ was essential for a conviction of a contravention, and where such proof was absent, conviction of an attempted contravention involves proof of an attempt to effect and permit, such insertion.”

Met hierdie benadering kan prinsipiël saamgestem word. Ek wil aan die hand doen dat die geslagsdele van beide die partye ontbloeit moet wees voordat 'n persoon aan poging tot die pleeg van bloedskanie skuldig bevind kan word. Indien daardie stadium nog nie bereik is nie, kan die partye onder gepaste omstandighede aan sameswering tot die pleeg van bloedskanie skuldig bevind word.

In *S v A*<sup>77</sup> is A van bloedskanie aangekla deurdat sy geslagsomgang met haar negejarige seun gehad het. Regter-president Jennett verwys na die saak *R v M*<sup>78</sup> waarin die appélhof bevind het dat 'n seun onder die ouderdom van veertien jaar nie 'n misdaad waarvan geslagsomgang 'n element is, kan pleeg nie en beskou die reël daarin neergelê as 'n “complete presumption.” Regter-president Jennett bevind dat A nie aan bloedskanie skuldig kan wees nie omdat

“[b]y reason of the presumption the Court is precluded from holding that there was the necessary sexual union in this case, which is an essential before incest can have been committed.”

In die lig van die Suid-Afrikaanse regspraak<sup>79</sup> word A egter skuldig bevind aan poging tot die pleeg van bloedskanie.

Indien 'n man en 'n vrou dink dat hulle binne die verbode grade aan mekaar verwant is, terwyl hulle nie is nie, kan hulle myns insiens aan (ondeugdelike) poging tot die pleeg van bloedskanie skuldig bevind word.

## 4 2 Verbode Grade van Verwantskap

Ons gemeenregtelike reëls ten aansien van huweliksbeletsel as gevolg van verwantskap het in 'n sekere mate behoue gebly. Aangesien die posisie in die gemene reg afsonderlik behandel is, word dit nie weer in behandeling geneem nie. Die reëls wat tans in Suid-Afrika geld, kan soos volg gesistematiseer word.

76 1952 2 SA 499 (T) 501.

77 1962 4 SA 679 (O).

78 1949 4 SA 831 (A) 833. Vgl ook my artikel “Strafregtelike Aanspreeklikheid van Kinders” 1978 *TSAR* 250 262.

79 Vgl my artikel “Ondeugdelike Poging: Opmerkings oor Strafsinvolheid” 1980 *De Jure* 119. In 'n bespreking van *S v A* (*supra*) 1963 *THRHR* 139 beveel Schmidt aan dat die reël gestel moet word dat 'n seun onder die ouderdom van veertien jaar weens sy geestelike onrypheid nie verkragting kan pleeg nie en nie dat hy nie geslagsomgang kan hê nie. Op 140 sê hy voorts: “Indien die reël suiwer uitgedruk sou word (d w s in dié vorm dat 'n kind onder die puberteitsleeftyd ontoerekeningsvatbaar is m b t misdade waarby seksuele omgang 'n vereiste is) sou slegs die kind teen strafregtelike vervolging beskerm word. In sy onsuiver vorm (as fiksie wat ontken dat gemeenskap plaasgevind het), word die ander aandadige party ook beskerm. In 'n geval soos die onderhawige beteken dit dan dat 'n moeder met haar jeugdige seun omgang kan hê sonder om bloedskanie te pleeg totdat hy 14 jaar oud word; eers daarna word dit bloedskanie. Die anomalie spreek vanself en myns insiens moet die regbank hom in so 'n geval nie deur die formulering van die reël laat mislei nie.” Met hierdie benadering kan in beginsel saamgestem word.

4 2 1 *Bloedverwante*

Adskendente en deskendente kan *ad infinitum* nie met mekaar trou nie.<sup>80</sup> In *R v Richards*<sup>81</sup> is R van bloedskanie aangekla deurdat hy geslagsomgang met sy buite-egtelike dogter gehad het. Die hof bevind dat indien vaderskap in so 'n geval betwis word, die staat eers moet bewys dat die beskuldigde die vader van die dogter is.<sup>82</sup>

'n Persoon wat in die *eerste graad* aan 'n gemeenskaplike voorouer verwant is, kan met geneen van die afstammeling (halfbloed of volbloed)<sup>83</sup> van daardie voorouer in die huwelik tree nie.<sup>84</sup> In die Transvaal en die Vrystaat het daar tot 1961 reëlings wat 'n wyer trefkrag gehad het, gegeld.<sup>85</sup> Artikel 123 van Wet 24 van 1886 (K) bepaal ten opsigte van Transkei soos volg: "Incest is the carnal connection of persons related by consanguinity within the third degree." In Transkei kan bloedskanie dus slegs tussen genoemde bloedverwante gepleeg word.<sup>86</sup>

4 2 2 *Aanverwante*<sup>87</sup>

Huwelike tussen aanverwante in die *direkte linie*, dit wil sê huwelike tussen 'n man of 'n vrou en die afstammeling van die ander gade, of laasgenoemde se voorouers, na gelang van die geval, is *ad infinitum* verbode. Hiervolgens is dit byvoorbeeld vir 'n man verbode om met die dogter of moeder van sy oorlede of geskeie vrou te trou.

Huwelike tussen aanverwante in die *sylinie* is wel toelaatbaar.<sup>88</sup> Na die ontbinding van sy huwelik, deur egskeiding of dood, kan 'n man gevolglik met sy

80 Vgl 2 2 1 *supra*; Hahlo *The South African law of Husband and Wife* (1975) 69, Van der Vyver en Joubert *Persone- en Familiereg* (1980) 437.

81 (1908) 18 CTR 561. Vgl ook *R v Arends* (1891) 8 SC 176.

82 Vgl my artikel "Biogenetiese Vaderskap: Bewysregtelike en Regspluralistiese Problematiek" 1984 *De Jure* 58 e v., 332 e v.

83 In *R v Mbanjwa* 1906 NHC 42 is beslis dat geslagsomgang met 'n halfbloedtante bloedskanie daarstel.

84 Vgl Van der Vyver en Joubert 437; Hahlo 69.

85 A 4(3) van Wet 3 van 1871 het soos volg bepaal: "Onder de verboden graden van bloedverwantschap zijn begrepen:

a Alle personen, in de opgaande en nederdalende linie tot in het oneindige, en in de zijlinie tot in den derden graad ingesloten, gevolgelyk oom en nicht, tante en neef, het zij eigen of aangehuwd.

b Eigen neef en nicht, wier beider ouders elkander over en weder als eigen broeders en zusters bestaan."

Volgens Wessels 447 is laasgenoemde deur Ord 40 van 1903 herroep. Vgl ook a 1 van Ord 31 van 1903 (O). Hierdie twee wetgewingstukke is deur a 39 van die Huwelikswet 25 van 1961 herroep. Vgl Hunt 259 vn 45.

86 In *R v M* 1957 2 SA 73 (O) is M aangekla van oortreding van a 123 deurdat hy geslagsomgang met sy niggie ("niece") gehad het. Daar is egter nie in die klagstaat beweer dat hulle deur bloedverwantskap verwant is nie. Die hof bevind dat die klagstaat as gevolg daarvan defektief is, en die skuldigbevinding word ter syde gestel. Vgl ook *R v D* 1957 2 SA 74 (O).

87 Vgl Van der Vyver en Joubert 438; Hahlo 69-70.

88 Vgl a 28 van die Huwelikswet 25 van 1961 wat soos volg bepaal:

"Ondanks andersluidende regsbepalings is dit geoorloof dat—

(a) 'n wewenaar trou met die suster van sy oorlede vrou of met 'n vrouspersoon wat aan hom deur sy oorlede vrou verwant is in 'n verdere graad van aanverwantskap as die suster van sy oorlede vrou, behalwe 'n voorouer of afstammeling van dié oorlede vrou;

(b) 'n weduwee trou met die broer van haar oorlede man of met 'n manspersoon wat aan haar deur haar oorlede man verwant is in 'n verdere graad van aanverwantskap as die broer van haar oorlede man, behalwe 'n voorouer of afstammeling van dié oorlede man;

vrou se suster of tante trou. Dieselfde geld ten aansien van 'n vrou en haar voormalige man se verwante. In dié verband is dit gepas om na enkele probleemskeppende gewysdes te verwys.

In *Queen v K*<sup>89</sup> is K aangekla van bloedskanie deurdat hy met sy vrou se suster geslagsomgang gehad het. In sy toeligting van die jurie verklaar hoofregter De Villiers soos volg:

“The popular idea of incest is carnal connection between persons too nearly related by blood. There are certain authorities which would seem to confine it to that, but the weight of authority goes to show that no distinction in law is to be made between relationship by blood and relationship by marriage. At this stage of the case, I may tell you that if you believe there is *prima facie* evidence that the prisoner had carnal connection with this girl, you will be justified in finding a true bill, leaving the law to be afterwards argued. I can only charge you now, that the weight of authority is in favour of holding that carnal connection between persons related by marriage within the forbidden degrees is incest, and punishable as such.”

K is egter onskuldig bevind. Die regsposisie soos deur hoofregter De Villiers gestel, is in latere sake bevestig.<sup>90</sup>

Artikel 2 van Wet 40 van 1892 (K) het soos volg bepaal:<sup>91</sup>

“It shall be lawful for any widower to marry the sister of his deceased wife . . . or to marry any female related to him in any more remote degree of affinity than the sister of his deceased wife, save and except any ancestor of or descendant from such deceased wife.”

In *R v Abraham Mentoor*<sup>92</sup> is beslis dat 'n huwelik tussen 'n man en sy vrou se suster se dogter nie op grond van verwantskap verbied is nie en daarom is geslagsomgang tussen hulle nie 'n misdaad nie.

In *R v Mulder*<sup>93</sup> was die vroulike beskuldigde die dogter van die halfsuster van die manlike beskuldigde se vrou van wie hy ten tyde van die geslagsomgang

(c) 'n man trou met die suster van 'n persoon van wie hy geskei is of met 'n vrouspersoon wat aan hom deur genoemde persoon verwant is in 'n verdere graad van aanverwantskap as die suster van die persoon, behalwe 'n voorouer of afstammeling van dié persoon; en

(d) 'n vrou trou met die broer van 'n persoon van wie sy geskei is of met 'n manspersoon wat aan haar deur genoemde persoon verwant is in 'n verdere graad van aanverwantskap as die broer van dié persoon, behalwe 'n voorouer of afstammeling van dié persoon.”

Vgl verder *Ex Parte Roets* 1952 2 SA 520 (K); *R v V* 1959 3 SA 621 (T); *M v M* 1962 2 SA 114 (GW); Harms “Opmerkings oor Artikel 28 van die Huwelikswet, Wet no 25 van 1961” 1964 *THRHR* 142.

89 1875 Buch 98.

90 In *S v Fouche* (1885) 2 SAR 23 sê hoofregter Kotzé: “Having carnal knowledge of a wife's sister is incest; but on an indictment for such crime, where the prisoner is charged with having had carnal knowledge of his wife's sister, there must be clear and direct evidence of a proper marriage between the accused and his supposed wife, so that the relationship between the prisoner and his wife's sister is duly established.” Vgl ook *R v Paterson* 1907 TS 619.

91 Vgl “The Deceased Wife's Sister Bill” 1892 *CLJ* 294. Vgl ook die eienaardige argumente van Benjamin “A Physiological Phase of Act 40 of 1892 (CC)” 1910 *SALJ* 265; “Marriage between a Widow and her Deceased Husband's Brother” 1911 *SALJ* 460.

92 (1897) 11 EDC 125.

93 1954 1 SA 228 (O). Vgl ook *R v Delport* (1901) 18 SC 335 waar waarnemende hoofregter Buchanan ten aansien van a 2 van Wet 40 van 1892 (K) op 360 die volgende sê: “Now, the crime of incest is in no way dependent upon the fact of the existence or non-existence of the bonds of matrimony. As long as the marriage tie subsists, the party so bound cannot marry any person; but all illicit intercourse on his part is not therefore incest.”

geskei was. 'n Volbank bevind dat artikel 2 van Wet 40 van 1892 (K) die huweliksbeletsel ten aansien van 'n wewenaar verwyder het, maar nie ten aansien van 'n geskeie persoon nie. Die hof bevind dat geslagsomgang tussen genoemde twee persone op bloedskanie neerkom.

In *R v Hattingh*<sup>94</sup>, gevolg deur verskeie ander sake,<sup>95</sup> is tot 'n ander beslissing as in *Abraham Mentoor* se saak gekom. Regter Solomon verduidelik soos volg:<sup>96</sup>

“Under the ordinary rules of common law the relationship between a man and his wife’s sister is of such a nature that he is prohibited from marrying her, and, therefore, if a man has connection with his wife’s sister or his wife’s sister’s daughter, he commits incest. But it is said that these principles no longer obtain, because the relationship between a man and his wife’s sister has ceased, since the passing of Act 40 of 1892, to be within the prohibited degrees of marriage. But that Act merely provides that it shall be lawful for any widower to marry his deceased wife’s sister, etc; and I take the intention of the Legislature to be that although a man and his wife’s sister are within the prohibited degrees, still for the purpose of marriage, when the wife dies, the barrier is removed, and the husband and his deceased wife’s sister shall thereafter no longer be considered as within the prohibited degrees. If we came to any other conclusion we should arrive at this absurd position, that if a man lived with his wife and had connection with her sister, he would not be guilty of incest because he is allowed to marry her after his wife’s death; but if he got a divorce and then had connection with his divorced wife’s sister, he would be guilty because a divorced man may not marry the sister of a wife from whom he has been divorced — that is, he would not be guilty where his act is more repulsive. I do not think that the Legislature intended to alter generally the law with regard to the relationship between a man and his wife’s sister, but merely to provide that after the death of the wife the relationship should no longer be considered as a bar to marriage.”

In die lig van artikel 28 van die Huwelikswet 25 van 1961<sup>97</sup> asook in die lig van die argumente wat hieronder aangevoer word, word aan die hand gedoen dat geslagsomgang met jou vrou se suster of 'n afstammeling van haar, nie gestraf behoort te word nie.

In *R v Tshipa*<sup>98</sup> het 'n volbank van die destydse Suid-Rhodesiese hof beslis dat dit nie (gemeenregtelik) 'n misdaad vir 'n man is om geslagsomgang te hê met 'n verwant van sy vrou met wie hy getroud is volgens 'n regstelsel wat poligamie erken nie en hy binne die (gemeenregtelik daargestelde) verbode grade aan genoemde persoon verwant is. In effek kom dié beslissing daarop neer dat 'n *inheemsregtelike huwelik* (die sogenaamde gebruikelike verbinding) nie vir die doeleindes van bepalinge van aanverwantskap ten aansien van bloedskanie as 'n geldige huwelik erken word nie.

Artikel 238 (1) (a) van die Strafproseswet 51 van 1977 bepaal dat in 'n geding waar 'n beskuldigde van bloedskanie aangekla word dit voldoende is om te bewys

“dat die vrou of meisie op wie of deur wie die oortreding na bewering gepleeg is, aanvaar word in die opgaande of neerdalende linie verwant te wees aan, of die suster, stiefmoeder of stiefdogter te wees van die ander party by die bloedskanie . . .”

Neem in die lig hiervan die volgende hipotetiese voorbeeld: A, 'n geskeie man, leef saam met B. A het 'n seun, X, uit 'n vorige huwelik wat by hom bly. A en

94 (1899) 13 EDC 111.

95 Vgl *R v Van Wyk* 1931 TPD 41 en *Karoo “Incest”* 1931 SALJ 468; *R v Chavendera* 1939 SR 218; *R v Botes and Botha* 1945 NPD 43.

96 143.

97 In vn 88 hierbo aangehaal.

98 1958 2 SA 384 (SR) 388. Vgl ook *R v Ncube* 1960 2 SA 179 (SR).

B gee voor getroud te wees en word as man en vrou in die gemeenskap aanvaar. X het geslagsomgang met B. Indien mens die artikel letterlik lees, blyk dit dat X en B skuldig is aan bloedskanie en dit is myns insiens nie wat die wetgewer "bedoel" het nie. Daar word aan die hand gedoen dat dié artikel basies 'n bewysregtelike reëling en nie 'n materieel strafregtelike reëling nie bevat. Dit skep naamlik bloot 'n (weerlegbare) vermoede<sup>99</sup> dat A en B getroud is. Dié vermoede kan weêrlê word deur aan te toon dat A en B inderdaad nie getroud is nie.

#### 4 2 3 Aanneming<sup>100</sup>

Artikel 20 (2) van die Wet op Kindersorg 74 van 1983 bepaal dat 'n aangenome kind vir alle doeleindes hoegenaamd geag word die wettige kind van die aannemende ouer te wees, asof hy gedurende die bestaan van 'n wettige huwelik uit daardie ouer gebore is. Hiervolgens is dit duidelik dat die kind ten aansien van bepaling van die verwantskapsgrade, vir die doeleindes van bloedskanie, as 'n wettige kind van die aannemende ouers beskou word. Daar word uitdruklik gesê dat die aangenome kind "vir alle doeleindes hoegenaamd" as die wettige kind van die aannemende ouers beskou word.<sup>101</sup>

Daar kan ten slotte genoem word dat 'n huwelik wat gesluit word deur persone wat binne die verbode grade van verwantskap aan mekaar verwant is, *nietig* is.<sup>102</sup>

#### 4 3 Bewussyn-problematiek

In *R v Pieterse*<sup>103</sup> is P en V onder andere van bloedskanie aangekla deurdat hulle geslagsomgang met mekaar gehad het terwyl hulle binne die verbode grade van verwantskap aan mekaar verwant is. In sy opsomming van die regsposisie aan die jurie sê regter Van der Riet:<sup>104</sup>

"If the accused knew the facts constituting the relationship between them, but did not know that such relationship was within the prohibited degrees, they would still be guilty of the crime of incest if the Crown has proved to your satisfaction that they had sexual intercourse with one another, but if they did not know the facts constituting the relationship, they would not be guilty of incest, even though sexual intercourse be proved."

In die lig van die huidige regsposisie behoort 'n regsdwaling ook strafregtelike aanspreeklikheid uit te sluit.<sup>105</sup>

99 Oor die aard van vermoedens vgl Oosthuizen *Die Bewys- en Weerleggingslas in die Suid-Afrikaanse Reg* (LLD-proefskrif, 1980) 301 e v.

100 Vgl Van der Vyver en Joubert 438; Hahlo 71; Spiro "Effect of Adoption in South Africa" 1961 *SALJ* 318.

101 Vgl ook die herroepe a 82 van die Kinderwet 33 van 1960 (wat basies dieselfde is as a 20 (4) van die Wet op Kindersorg 74 van 1983) en *S v M* 1968 2 SA 617 (T). Vgl verder Van der Walt "Artikel 82 van die Kinderwet, nr 33 van 1960" 1961 *THRHR* 49 50; *R v Blaauw and Blaauw* 1934 SWA 3 9.

102 Vgl *Ex Parte Marais* 1942 CPD 242; *M v M* 1962 2 SA 114 (GW); Hahlo 68.

103 1923 EDL 232.

104 232. Vgl ook *R v Carmichael* (1940) 2 All ER 165.

105 Vgl *S v De Blom* 1977 3 SA 513 (A) en my aantekening "Dadersbewussyn en Strafsinvolheid" 1981 *De Jure* 164.

In dié verband kan ook verwys word na artikel 238 (1) (b) van die Strafwet 51 van 1977 waarkragtens (weerlegbaar) vermoed word dat 'n beskuldigde wat van bloedskande aangekla word ten tyde van die beweerde oortreding bewus was van die verwantskap wat tussen hom en die ander betrokke party bestaan.

#### 4 4 Die Problematiek Verbonde aan Regskonflikte

Die problematiek in dié verband kan by wyse van die volgende hipotetiese voorbeelde toegelig word:

(a) A is B se oom. A en B sluit 'n huwelik in hulle land van domisilie waar 'n huwelik tussen oom en niggie nie verbode is nie. Hulle besoek Suid-Afrika. Kan hulle van bloedskande aangekla en skuldig bevind word?

(b) X en Y is twee tradisionele swartes. Volgens hulle stamreg is 'n huwelik tussen hulle nie verbode nie, maar volgens die breëre Suid-Afrikaanse reg is so 'n huwelik wel verbode. Hulle trou volgens hulle stamreg. Kan hulle van bloedskande aangekla en skuldig bevind word?

*Ad a:* In die Engelse saak *Cheni v Cheni*<sup>106</sup> is beslis dat 'n huwelik tussen oom en niggie volgens die Joodse reg veroorloof is. Die hof beslis dat so 'n huwelik in Engeland erken word, aangesien dit deur die hof van die domisilie van die partye ten tyde van die sluiting daarvan erken is en aangesien die huwelik tussen 'n oom en 'n niggie nie teen die algemene beginsels van die Christendom of van beskaafde lande of die openbare beleid of teen die "conscience of the English Court"<sup>107</sup> is nie.

Kahn<sup>108</sup> voer aan dat dit "hardly conceivable" is dat ons howe 'n huwelik tussen oom en niggie, tante en neef of bloot tussen aanverwante wat in die land waarin dit voltrek is, toelaatbaar is, nie sal erken nie. Huwelike tussen adskendente en deskendente en tussen broer en suster sal volgens Kahn klaarblyklik nie erken word nie.

Ek wil aan die hand doen dat A en B nie aan bloedskande skuldig bevind behoort te word nie, aangesien hulle huwelik, in die lig van Kahn se aanbeveling,

106 (1962) 3 All ER 873 (PDA).

107 Op 883 verklaar die hof dat die laasgenoemde toets die ware toets is wat aangelê moet word.

108 In Hahlo *The South African Law of Husband and Wife* (1975) 598-599. Vgl ook regter Van den Heever se opmerkinge in *R v Blaauw and Blaauw* 1934 SWA 3 9-10: "In die so ewe aangevoerde bevinding word ek gesterk deur die volgende oorweging. In die Kaap-provinsie kan persone wat met mekaar verwant is soos die beskuldigdes wettelik trou. In Transvaal en in die Vrystaat is so 'n huwelik verbode. Uit hoofde van comitas erken een staat of provinsie die status wat verleen word aan persone deur die wet van 'n ander. Maar die reël het welbekende beperkings. Sodra so 'n erkenning sou indruis teen die etiese begrippe van die staat van wie erkenning verlang word dan geld bedoelde reël nie. Ons howe erken bv nie die stand nie van 'n in veelwywery gehuude vrou, wat getroud is in 'n land wat veelwywery betref. Meer nog, die wet van 'n ander land kan nooit ingeroep word nie as verskoning van die strafbepalings van ons eie wette. Toe bedoelde wette in die Vrystaat en Transvaal verorden is was tussen daardie lande en die Kaap en Natal heelwat verkeer. As 'n dubbel neef en niggie in die Kaapprovinsie getroud is en vertoef in die Vrystaat of Transvaal dan sou hulle samewoning die byslaap praesumeer. As die argument van die vervolging juis is, sou sulke wettiglik getroude mense in die Vrystaat en Transvaal blootgestel wees aan vervolging weens bloedskande. Om hulle op hulle wettige huwelik te beroep sou niks baat nie, want bloedskande word binne sowel as buite die huwelik gepleeg, en 'n *lex permissiva* van die Kaapprovinsie is geen antwoord nie op die uitdrukkelike en almal behelsende verbodsbepalings van Transvaal of van die Vrystaat."

deur ons reg as geldig erken behoort te word. Ek wil nog verder gaan en aanbeveel dat indien A en B nie getroud is nie en slegs as man en vrou saamwoon en Suid-Afrika besoek, hulle nie aan bloeds-kande skuldig bevind behoort te word nie. Ek kan geen rede sien waarom 'n huweliksertifikaat die verskil kan maak tussen strafregtelike aanspreeklikheid vir bloeds-kande en 'n vryspraak nie.

*Ad b:* Visser<sup>109</sup> voer aan dat by die vraag watter regstelsel, naamlik die breëre Suid-Afrikaanse reg of die (inheemse) stamreg, van toepassing is op 'n sekere huwelik, die huweliksvorm deurslaggewend is. Hiervolgens sou X en Y "wettig"<sup>110</sup> getroud wees en behoort hulle myns insiens om billikheidsredes nie aan bloeds-kande skuldig bevind te word nie.

#### 4 5 Seduksie en Geslagsomgang met 'n Meisie onder die Ouderdom van Sestien Jaar

Volgens ons reg is geslagsomgang met 'n meisie onder die ouderdom van sestien jaar strafbaar.<sup>111</sup> Die vraag is of 'n meisie onder die ouderdom van sestien jaar wat geslagsomgang het met 'n persoon wat binne die verbode grade van verwantskap aan haar verwant is, skuldig bevind kan word aan bloeds-kande. Gordon<sup>112</sup> wys daarop dat meisies onder die ouderdom van sestien jaar in Skotland in die praktyk nie van bloeds-kande aangekla word nie. Hierbo<sup>113</sup> is daarop gewys dat persone onder die ouderdom van agtien jaar nie in Duitsland strafbaar is nie. Laasgenoemde benadering kan prinsipiël onderskryf word.<sup>114</sup>

'n Verdere vraag wat geopper kan word, is: kan 'n maagd wat bloeds-kande pleeg met 'n verwant, van daardie verwant deliktueel weens seduksie eis? Kan 'n meisie genoegdoening eis vir 'n handeling wat uit haar eie misdadige (bloeds-kendige) optrede voortspruit?<sup>115</sup> In die lig van die bestaande reg wil ek aan die hand doen dat 'n meisie onder sodanige omstandighede nie 'n eis behoort te hê nie, aangesien iemand nie deur sy eie misdadige optrede bevoordeel behoort te word nie. In die lig van die algemene aanbeveling wat hieronder gedoen word, is hierdie probleemvraag egter irrelevant.

109 *Die Suid-Afrikaanse Interne Aanwysingsreg* (LLD-proefskrif 1979) 386. Vgl ook Olivier *Privaatreg van die Suid-Afrikaanse Bantoetaalsprekendes* (1981) 7; Mittlebeeler *African Custom and Western Law* (1967) 99.

110 In Suid-Afrika bestaan die anomaliese posisie dat die inheemsregtelike huwelik (die sg gebruiklike verbinding) nie deur die appèlhof erken word nie, maar sekere gevolge van die huwelik word tog erken. Sien bv *SANTAM v Fondo* 1960 2 SA 467 (A) en daarteenoor a 11(1) van die Swart Administrasiewet 38 van 1927 en a 31 van die Wysigingswet op Swart Wetgewing 76 van 1963.

111 Vgl a 14 van die Ontugwet 23 van 1957 en my artikel "Enkele Strafregtelike Aspekte van Ontug met Jeugdige Meisies" 1974 *Speculum Juris* 40. Is die meisie onder twaalf jaar, kan sy nie regtens tot geslagsomgang toestem nie en is geslagsomgang met haar verkragting. 'n Meisie onder die ouderdom van twaalf jaar kan volgens Hunt 260 nie aan bloeds-kande skuldig bevind word nie, maar onder sekere omstandighede kan sy 'n medepligtige tot bloeds-kande wees.

112 *The Criminal Law of Scotland* (1978) 896 vn 2. Vgl ook Watson en Purnell *Criminal Law in New South Wales* bd 1 (1971) 116-117.

113 Sien 3 3 *supra*.

114 In *R v Tom Koos* 1931 GWL 1 is die beskuldigde 'n man van 50 jaar, aangekla en skuldig bevind aan bloeds-kande met sy dogter van sestien jaar. Hy is tot lyfstraf gevonniss. Op appèl word beslis dat lyfstraf nie 'n geskikte straf is nie.

115 Vgl Price "*Volenti Non Fit Injuria*" 1952 *THRHR* 60 79; Bekker *Die Aksie weens Seduksie* (LLD-proefskrif 1977) 311 vn 391.

#### 4 6 Bewys- en Strafprosesregtelike Reëlings

In *R v Troskie*<sup>116</sup> is T aangekla van bloedskande deurdat hy geslagsomgang met sy suster gehad het. Dit hof moes onder andere beslis of die getuienis van sy suster dat hy by vorige geleenthede gepoog het om met haar geslagsomgang te hê, toelaatbaar is. Hoofregter Innes bevind soos volg:<sup>117</sup>

“Now this Court has repeatedly adopted and applied the broad rule that evidence which is relevant to the issue in a criminal trial cannot be excluded merely because it may connect the accused with a crime other than the one laid in the indictment. The test is relevancy; if the evidence is relevant the mere fact that it may tend to prove other criminal acts is not sufficient to shut it out. So that the only question is whether Gladys Troskie’s statements as to previous attempts were relevant to the issue before the jury. In my opinion they were, because they led up to the actual offence charged and showed the acts of preparation by which the accused gradually corrupted his sister, so that he was enabled to have complete connection with her on the dates specified in the indictment. The facts thus deposed to were facts from which inferences might reasonably be drawn as to the facts in issue and the evidence regarding them was rightly admitted.”

Die hof bevind ook dat Troskie se suster ’n medepligtige is.<sup>118</sup> Hiervolgens is die versigtigheidsreël wat deur ons howe ten aansien van medepligtiges ontwerp is, op haar getuienis van toepassing.<sup>119</sup>

Artikel 238 (2) van die Strafproseswet bepaal dat indien die feit dat ’n wettige en bindende huwelik voltrek is in ’n strafregtelike geding waarby ’n beskuldigde van bloedskande aangekla word by die geskilpunt betrokke is, kan daardie feit *prima facie* bewys word op dieselfde wyses as wat in artikel 237 genoem word. Vir die doeleindes van die onderhawige bespreking kan bloot gekonstateer word dat ’n duplikaat-oorspronklike of ’n afskrif van die huweliksregister onder sekere omstandighede as getuienis toelaatbaar is en ’n vermoede van die bestaan van die huwelik daarstel.

Kragtens artikel 261 (1) (d) van die Strafproseswet is bloedskande ’n bevoegde uitspraak op ’n aanklag van verkragting.

#### 5 ’N PROJEKTIEWE ANALISE

Aangesien bloedskande gewoonlik in die vertrouensatmosfeer van die familie plaasvind, word dit dikwels nie onder die aandag van die polisie gebring nie.<sup>120</sup> Bailey en McCabe<sup>121</sup> vermeld dat, selfs al kom dit onder die aandag van die polisie, daar dikwels nie vervolgings ingestel word nie. Clark en Marshall<sup>122</sup> wys daarop dat bloedskande van ’n vader met sy dogter die meeste voorkom, gevolg deur dié van ’n broer en ’n suster terwyl dié tussen moeder en seun die minste voorkom. Inligting dui daarop dat bloedskande dikwels emosioneel-traumatiese

116 1920 AD 466.

117 468. Vgl ook *R v Ball* 1911 AC 47; *R v C and C* 1945 CPD 26 28.

118 469.

119 Vgl hieroor Van der Merwe *Evidence* (1983) 409–414.

120 Vgl Van der Kwast *Incest* (1963) 49; Hughes “The Crime of Incest” 1964 *Journal of Criminal Law, Criminology and Police Science* 322 324; Gibbens, Soothill en Way “Sibling and Parent-Child Incest Offenders” 1978 *Brit J Criminol* 40.

121 “Reforming the Law of Incest” 1979 *Crim LR* 749.

122 par 11 05.

gevolge vir een of meer lede van die familie meebring.<sup>123</sup> Bloedskendige geslag-somgang op 'n jeugdige leeftyd het dikwels 'n nadelige effek op die latere lewe van die kind.<sup>124</sup>

## 5 1 Teorieë ter Verklaring van die Bloedskandeverbod

Die volgende vraag wat kortliks 'n ondersoek verdien, is: waarom bestaan die bloedskandeverbod? Daar kan as algemene reël gestel word dat die inhoud van die bloedskandeverbod in tyd en plek varieer en dat daar verskeie verklarings daarvoor bestaan. In dié verband kan die volgende onderskei word.<sup>125</sup>

### 5 1 1 *Die Historiese Teorieë*

Volgens Van der Kwast<sup>126</sup> het dié teorieë gemeen

“dat zij het incestverbod ontstaan denken in vroege ontwikkelingsstadia van de menselijke samenleving en dat het verbod sindsdien is blijven voortleven in wet en traditie, hoewel de oorspronkelijke condities reeds lang tot het verleden behoren.”

Die belangrikste beswaar teen die historiese teorieë is dat dit impliseer dat die bloedskandeverbod niks meer is nie as 'n anachronisme wat slegs voortbestaan danksy die behoudende kragte in die menslike samelewing.

### 5 1 2 *Die Eugenetiese Teorie*<sup>127</sup>

Die opvatting dat die bloedskandeverbod 'n maatreël ter voorkoming van biologiese inteel is, het hedendaags onder etnoloë vrywel geen aanhangers meer nie. Dit is inderdaad so dat swak genetiese eienskappe deur bloedskendige verhoudings voortgedra kan word,<sup>128</sup> maar die teenkant is ook waar: 'n opeenhoping van geneties gunstige eienskappe kan plaasvind.

### 5 1 3 *Die Seksuele Afkeur-teorie*<sup>129</sup>

Volgens die teorie van Westermarck bestaan daar van jongs af geen seksuele aantrekkingskrag tussen mense wat saam groot geword het nie en ontstaan 'n walging as daar slegs aan 'n seksuele verhouding met so 'n persoon gedink word: die juridiese bloedskandeverbod beliggaam hiervolgens bloot 'n bestaande psigies-seksuele

123 Vgl Hughes 328–329.

124 Vgl Constantine “Child Sexuality: Recent Developments and Implications for Treatment, Prevention, and Social Policy” 1983 *Medicine and the Law* 55 57 65.

125 Vgl Stratenwerth *Schweizerisches Strafrecht Besonderer Teil 2* (1974) 385.

126 29–33. Van der Kwast klassifiseer Durkheim en Freud se teorieë hieronder. Vgl ook Maisch *Incest* (1972) 50.

127 Vgl Van der Kwast 33–34; Honoré *Sex Law in England* (1978) 80; Bailey en McCabe 757; Maisch 42.

128 Vgl Bailey en McCabe 758: “We ourselves accept the evidence that the risk of genetic damage may be considerable but maintain that it is no business of the criminal law to seek to prevent injury to the children of individual liaisons.”

129 Vgl Van der Kwast 34–37; Hughes 326; Honoré 80; Maisch 45.

ingesteldheid. Onder etnoloë bestaan daar egter hedendaags weinig of geen aanhangers van dié teorie meer nie.<sup>130</sup>

#### 5 1 4 Die Kultureel-Sosiologiese Teorieë

Hieronder kan weer die volgende onderskei word:

Eerstens word soms aangevoer dat die bloedskandeverbod gemik is teen die *ondermyning van die gesagstruktuur* in die familie. Volgens dié standpunt bestaan die bloedskandeverbod omdat die gesagstruktuur binne die familie en seksualiteit onversoenbaar is en dat die familielewe gevolglik daardeur beskerm word;<sup>131</sup> 'n moeder sal byvoorbeeld nie gesag teenoor haar dogter kan handhaaf as hulle op seksuele vlak om die vader se guns meeding nie.

Tweedens word beweer dat die *bloedskandeverbod in diens van die breëre samelewing staan*.<sup>132</sup> Deur met 'n vreemde vrou te trou, vergroot die man die aantal persone met wie hy in eendrag en goedgesindheid kan saamleef. Die bloedskandeverbod bevorder derhalwe orde in breëre sosiale verband.

Derdens word beweer dat die bloedskandeverbod *kulturele diffusie* bevorder. Van der Kwast wys daarop dat, aangesien die ouers elk 'n eie agtergrond het "groeit het kind op in een cultureel tweestromenland, waardoor de culturele diffusie en homogenisatie bevorderd wordt."<sup>133</sup>

Vierdens word beweer dat die bloedskandeverbod 'n *ekonomies-strategiese balans* binne die menslike gemeenskapslewe bevorder. Met beroep op White<sup>134</sup> sê Hughes<sup>135</sup> die volgende:

130 Ons gemeneregskrywer Van Leeuwen *RHR* 1 14 12 huldig 'n teenoorgestelde mening: "Wat de Maagschap aangaat, leert de blinde Natuyr en ingeschapenheid, dat hoe nader Maagschap, hoe groter toegenegentheid, en dien volgende van den begin niet quaat, of ongeoorloft, maar noodsaaklijk ist geweest, dat Broeders en Susters met anderen vermengden . . ." Hy gee vervolgens voorbeelde van gevalle waar sodanige huwelike wel plaasgevind het. Vgl Maes 235 vn 2; Smith en Pollack *Criminal Justice: An Overview* (2e uitg) 4. Sommige van ons gemeneregskrywers voer aan dat bloedskande teen die orde van die natuur is — vgl Van Leeuwen *RHR* 1 14 12; Carpozivius hfst 65 2; Moorman 2 15 4. Vgl ook r Van den Heever se opmerkinge in *R v Blaauw and Blaauw* 1934 SWA 3 5–6: "[B]eletsels van die huwelik wat op verwantskap steun is nie beperk tot bloedverwantskap nie, maar het as grond ook 'n soort van *ius reverentiale*; insover as die beletsels gebaseer op verwantskap nabestaandes in bloed betref is die beweegrede instinkt eerder dan wetskapskap en sover dit aangetroude verwante betref is dit meesal gegrond op 'n gevoel van wat oorbaar is."

131 Vgl Van der Kwast 37–40; Honoré 80. In die Model Penal Code (Tent Draft No 4 American Law Institute 1956) 210–212 (aangehaal deur Bassiouni 239–240) word as een van die redes vir die bloedskandeverbod aangegee dat dit solidariteit in die familie bevorder deur seksuele mededinging en jaloesie te voorkom. Vgl ook Van Leeuwen *RHR* 1 14 12 en Hughes 327: "Incest produces a confusion of roles within the family; the father or brother becomes husband or lover as well as father or brother. The daughter or sister becomes wife or mistress as well as daughter or sister. Confusion and tension are thus produced which lead to the destruction of the family unit on which society is based. The very kernel of the social complex, the family unit from which outgoing relationships are developed with others in society, is thus gravely threatened by the incest situation, and this, it is suggested, sufficiently accounts for the constancy of the incest taboo without positing built-in biological explanations."

132 Vgl Van der Kwast 40–44; Maisch 47; Hughes 327; Model Penal Code 211.

133 44; Model Penal Code 212.

134 "Definition and Prohibition of Incest" 1948 *Am Anthropologist* 416.

135 327. Vgl ook Van Leeuwen *RHR* 1 14 12.

"[T]he growth of incest taboos is explicable as a device to ensure economic development and security in the sense that by marrying out of a family unit wider bonds of kinship and mutual relationship develop so that larger and more viable cooperative units are formed. Inbreeding within the family would tend to contract the circle of relationships and to lead to economically weak and physically indefensible units."

As gevolg van die geïndividualiseerde en gespesialiseerde aard van die moderne samelewing, tesame met die hededaagse verfynde kommunikasiewyses, het die laasgenoemde drie kultureel-sosiologiese teorieë of verklarings vir die bestaan van die bloedskandeverbod nie meer werklike betekenis nie.

## 5 2 Dekriminalisasie van Bloedskande

Soos uit die regsvergelijkende deel<sup>136</sup> van dié artikel geblyk het, word bloedskande in verskeie lande beperk tot geslagsomgang tussen naby-verwante, in die reël tussen deskendente en adskendente en tussen broers en susters. Daar bestaan myns insiens geen regverdiging daarvoor om geslagsomgang tussen aanverwante te bestraf nie. 'n Meer komplekse vraag is of geslagsomgang tussen verwante nie in sy geheel gedekriminaliseer behoort te word, soos die posisie tans in Frankryk, België en Nederland is nie. Hieroor kan die volgende opgemerk word:

Dit blyk dat geslagsomgang tussen broers en susters in die reël neerkom op seksuele eksperimentering op 'n jeugdige leeftyd.<sup>137</sup> Om hulle daarvoor te straf en as misdadigers te brandmerk, is onverdedigbaar en eintlik onsinnig. Deur (konsensuele) geslagsomgang tussen volwasse mense met straf te verbied, word klaarblyklik meer skade berokken as wat daar voordele uit voortspruit. Bailey en McCabe sê hieroor tereg:<sup>138</sup>

"Proscribing incest between consenting adults advances no utilitarian goal of criminal punishment. No element of exploitation or corruption could be said to exist in relation to such consensual sexual conduct. If incest engenders psychological damage to the adult parties, it is more than likely due to the social stigma attached to such conduct. The intervention of the criminal law augments rather than relieves this existing sense of guilt. If the evidence of genetic damage in the offspring of incestuous unions is incontrovertible, it does not follow that the criminal law is the proper means of dealing with the consequences of consensual sexual activity between adults. The use of the criminal law in these circumstances must be seen for what it is: the mere punishment of immorality or vice. Its use invalidates the important principle that incest should only be punishable where there is injury or harm to those who engage in it. It would be far better if the efforts of law enforcement agencies were to give way to social measures which could provide therapeutic help for those who wished to avail themselves of it."

Geslagsomgang van 'n adskendent met 'n jeugdige deskendent kan myns insiens onder meer om sosiologiese<sup>139</sup> en psigologiese<sup>140</sup> redes nie ongestraf gelaat word nie. Soos onder andere uit die regsvergelijkende deel geblyk het, word die deskendent onder sekere ouderdomme in sekere regstelsels nie gestraf nie. Met

136 3 *supra*.

137 Vgl Honoré 81.

138 758. Vgl ook Gibbens, Soothill en Way 40 41 en *R v Winch* 1974 *Crim LR* 487 waarin opgemerk is dat die tref van sosiale maatreëls in geval van bloedskande soms meer effektief is as om van die regsproses gebruik te maak. Dit kan ook op psigologiese vlak groot voordele vir individuele mense inhou. Soos Bassiouni 240 dit stel: "On the other hand, current psychiatric theory posits intrafamily sexual attraction as one of the basic facts of mental life, and attributes much psychic illness to the failure of the personality to resolve the internal conflict between incestuous desires and the repression imposed by religion and society."

139 Vgl 4 1 4 1 *supra*. Vgl ook Maisch 208 e v.

140 Vgl n 124 *supra*. Vgl ook Maisch 210 e v.

hierdie benadering kan prinsipieel akkoord gegaan word. Die adskendent wat 'n persoon onder sy of haar gesag of beheer vir seksuele doeleindes uitbuit, kan myns insiens gestraf word onder 'n afsonderlike misdad wat vir daardie doeleindes geskep behoort te word.

In 'n ander artikel<sup>141</sup> het ek reeds aanbeveel dat 'n misdad wat persone wat onder die gesag of beheer van ander persone is, beskerm teen seksuele uitbuiting, geskep behoort te word. So 'n misdad sou nie alleen kinders beskerm teen seksuele uitbuiting deur hulle ouers nie, maar ook leerlinge teen hulle onderwysers ensovoorts.<sup>142</sup> In die lig hiervan behoort bloedskanie as misdad deurghaal te word. Dit sal myns insiens ons strafreg verryk en nie verarm nie.

141 "Nie-konsensuele Geslagsmisdade: 'n Misdaadsistematiese Herwaardering" 1981 *THRHR* 18 32. Honoré 81 stel ook voor dat 'n misdad "sexual abuse of authority" in die lewe geroep moet word. Vgl verder Bailey en McCabe 761. Hughes 330 stel voor dat jeugdige onder die ouderdom van 21 jaar sodanig beskerm moet word.

142 Vgl my artikel "Enkele Strafregtelike Aspekte van Ontug met Jeugdige Meisies" 1974 *Speculum Juris* 40 44 46 48 ten aansien van die regsposisie in Nederland, Duitsland en Noorweë respektiewelik. Vgl in die algemeen Bianchi "Alternatiewe voor of in het Strafrecht" in *Strafrecht in Perspectief* (Davelaar — Van Tongeren e a (red) 1980) 65 e v.

#### PUBLIKASIEFONDS HUGO DE GROOT

*Uit hierdie fonds word finansiële hulp vir die publikasie van regsproefskrifte en ander verdienstelike manuskripte verleen.*

*Aansoeke om sodanige hulp moet gerig word aan:*

Prof DJ Joubert  
 Sameroeper Publikasiefondskomitee  
 Vereniging Hugo de Groot  
 Posbus 1263  
 PRETORIA  
 0001

# AANTEKENINGE

## INSURANCE AND GOOD FAITH: EXIT UBERRIMA FIDES – ENTER WHAT?

For quite some time contracts of insurance have been called contracts *uberrimae fidei* (see e.g. *Fine v The General Accident Fire and Life Assurance Corporation Ltd* 1915 AD 213 218). Decided cases and authors dealing with the topic seem to have accepted that *uberrima fides* in the law of contract generally means that a party to the contract must take exceptional care to ensure that he acts in good faith and all honesty towards the other party in matters concerning the contract, particularly when information is disclosed (see e.g. *Malcher & Malcomess v Kingwilliamstown Fire and Marine Insurance and Trust Company* 1883 3 EDC 271 279 287 *et seq*; *Iscor Pension Fund v Marine and Trade Insurance Co Ltd* 1961 1 SA 178 (T) 185; *Pereira v Marine and Trade Insurance Co Ltd* 1975 4 SA 745 (A) 755–756; *Purdon v Miller* 1961 2 SA 211 (A) 230–231, which dealt with partnership; Millner “Fraudulent Non-disclosure” 1957 *SALJ* 188; Spiro “Uberima Fides” 1961 *THRHR* 197 202). It has also been submitted that the requirement of *uberrima fides* – at least as far as non-disclosure in the context of insurance contracts is concerned – is governed by the ordinary principles of the law relating to misrepresentation *in contrahendo* (Van der Merwe “Uberima Fides en die Beraming van die Risiko voor Sluiting van ’n Versekeringskontrak” 1977 *THRHR* 4).

In its recent decision in *Mutual and Federal Insurance Co Ltd v Oudtshoorn Municipality* 1985 1 SA 419 (A) the appellate division has now apparently cast a final light – but also a degree of shadow – on *uberrima fides* as it applies to contracts of insurance.

The facts of the case were briefly as follows. The Oudtshoorn Municipality was the insured in terms of a so-called public liability policy for which the appellant had assumed liability from the original insurer. The insured was successfully sued in the Cape provincial division for damages in delict. The damage had been caused to an aircraft which had crashed to the ground after colliding with a pole carrying electrical power lines.

The insured had erected the pole and had retained it, without adequate lighting, within the approach to a runway on its aerodrome. The insured now sought to recover from the insurer the full amount of its liability as well as an order declaring the policy valid and in force at the time of the delict. The claim succeeded in the Witwatersrand local division (*Oudtshoorn Municipality v Mutual and Federal Insurance Co Ltd* 1982 3 SA 1092 (W)). The insurer appealed and succeeded both according to the majority judgment (handed down by Joubert JA with whom Cillie and Viljoen JJA concurred) and the minority judgment

(handed down by Miller JA). (Galgut JA is reported to have concurred in both judgments!)

The terms of the policy were wide enough to cover the type of liability in question. The insurer pleaded, however, that it was avoiding the contract owing to the insured's omission to disclose when applying for the insurance certain facts which were material to the risk. These facts related to the hazard constituted by the "electric pole" (438G) referred to above.

In order to evaluate the insurer's defence Joubert JA found it necessary to determine the common law which governs contracts of insurance in South Africa. Over a period of time parts of the English law of insurance, together with its precedents, were applied to insurance matters in South Africa, whether by force of statute (in the Cape (Act 8 of 1879) and Orange Free State (Ordinance 5 of 1902)) or for the sake of conformity and to supplement scant sources (in the Transvaal and Natal). Recently the Pre-Union Statute Revision Act 43 of 1977 repealed *inter alia* the Cape statute and the Free State ordinance. This raised anew the question of the law applicable to matters of insurance. Getz and Davis (*Gordon and Getz on the South African Law of Insurance* (1983)5) accept that Roman-Dutch law is now once more "the common source of insurance law throughout South Africa," but add with reference to the Cape act and the Free State ordinance that "it is extremely doubtful whether the repeal of these laws will have a tangible effect on the South African law of insurance."

As far as the principle of the matter is concerned Joubert JA has now put an end to speculation by holding that "the South African law of insurance is governed mainly by Roman-Dutch law as our common law" (430G). But what of the "tangible effect" to which Getz and Davis refer? Our law has certainly been influenced extensively by the English law of insurance and there is no reason to suppose that the courts will now go out of their way to reverse previous decisions simply because they were based on English law. In fact, Joubert JA expressly states that "both Roman-Dutch and English law of marine insurance [which was the basis for the development of the law relating to other types of insurance] stem from the same original sources" (431D) of which the so-called Italian law merchant formed a prominent part (427G-428G, 430G-431C). In this respect it is important to note that the judge referred to authors such as de Santerna, Straccha, Roccus and Scaccia, and in doing so extended the historical parameter of our law beyond the Roman-Dutch writers proper. In effect these sources would now seem to be included among what the courts call "the Roman-Dutch authorities" on insurance (432F-G). This is in accordance with the view expressed by Dillon and Van Niekerk (*The South African Maritime Law and Marine Insurance: Selected Topics* (1983) 108-109) which the majority judgment quoted (429D-G), that our common law, particularly as far as our mercantile law is concerned, is not merely the law of the province of Holland at the end of the eighteenth century but "rather a European *ius commune* of this period." Without propounding a new theory on the sources of our law one may well consider the extent to which aspects of the English law of insurance may have become part of our *common* law.

For the majority of cases the argument advanced by Getz and Davis will therefore probably be shown to be correct. Nevertheless, the principle which

has been confirmed by the majority judgment does open new avenues for developing the South African law of insurance in accordance with the Roman-Dutch law of (mostly marine) insurance and, of course, other principles of Roman-Dutch law applicable to contracts of insurance. Indeed, Joubert JA quoted the well-known passage from *Pearl Assurance Co v Union Government* 1934 AD 560 563 in which Roman-Dutch law is described as “a virile living system of law.” Thus the English law of insurance has now become an important source of comparative law, together with other systems of law as the case may demand (cf e.g. *Lewis Ltd v Norwich Union Fire Insurance Co Ltd* 1916 AD 509 520-522; *Law Union and Rock Insurance Co Ltd v De Wet* 1918 AD 663 668; *Scottish Union and National Insurance Co Ltd v Native Recruiting Corporation Ltd* 1934 AD 458 469; *Polycork Flooring Centre (Pty) Ltd v Mutual and Federal Insurance Co Ltd* 1981 1 SA 280 (W) 283-288; *Shooter t/a Shooter's Fisheries v Incorporated General Insurances Ltd* 1984 4 SA 269 (D) 272-273, which deals with admiralty jurisdiction and the applicability of Roman-Dutch law). It should be mentioned in passing that there does not seem to be any matter of principle contained in the minority judgment of Miller JA which contradicts the finding of Joubert JA on this point. All this should stand the development of the law of insurance as an integral part of our law in good stead. (In passing, though, one cannot help but wonder whether the suspicion cast on life insurance by some institutional writers will henceforth influence our modern law of insurance!)

Against this background of the sources of the South African law of insurance Joubert JA considered the defence raised by the insurer that the insured breached a duty to disclose material facts. The court broached the question whether according to South African law such a duty generally stems from the fact that insurance contracts are *uberrimae fidei*, in other words contracts requiring “utmost good faith” (431I). The court adamantly denied that this is so and argued as follows: The phrase *uberrima fides* as applied to contracts of insurance dates back to English case law around the middle of the previous century and it was adopted by our own courts without a proper investigation of its compatibility with our common law (432A). In accordance with the position in Roman and Roman-Dutch law our modern law recognises that “all contracts are *bonae fidei*” (432C). But South African law, like its common law, knows no additional superlative category of good faith called *uberrima fides*; it recognises no degrees of good faith (432B-C, 433C-D). *Uberrima fides*, the majority judgment reads, has no exact meaning as a legal concept but is “an alien, vague, useless expression” (433E). In fact: “Our law of insurance has no need for *uberrima fides* and the time has come to jettison it” (433F).

According to Joubert JA insured and insurers are indeed under a duty to disclose facts which are material to the risk or the premium (432E). This duty is the correlative of a right of disclosure which the learned judge calls “a legal principle of the law of insurance” (432H). The duty stems neither from an implied term of the contract nor from *bona fides* in general. It is imposed by law (*ex lege*) in the case of certain contracts only, such as contracts of insurance (433A-C). A breach of the duty amounts to “*mala fides* or fraud” which entitles the aggrieved party to avoid the contract (432F).

A number of questions arise from a consideration of this part of the decision. It is sound reasoning to suggest that the law does not concern itself with creating categories of good faith. As Miller JA aptly put it in the minority judgment

(443D): "One may be less than honest but one cannot be more honest than honest." If the expression *uberrima fides* was actually meant to create categories of good faith it should indeed be jettisoned. But is such a supposition a true reflection of the function of *uberrima fides* as it has hitherto been employed by our courts? Our law protects a party to a contract against the harmful results of misrepresentations made by the other party during the course of pre-contractual negotiations. This applies to both misrepresentation *per commissionem* and misrepresentation *per omissionem* (De Wet and Van Wyk *De Wet en Yeats Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg* (1978) 40; Christie *The Law of Contract in South Africa* (1981) 269 *et seq*), provided that in the latter instance the misrepresenter must have been under a duty to speak (*Pretorius v Natal South Sea Investment Trust Ltd* 1965 3 SA 410 (W) 416A). Such a duty is nothing other than the expression of a society's norm for what is reasonable or lawful conduct in the circumstances (*Minister van Polisie v Ewels* 1975 3 SA 590 (A) 597) and a breach of the duty constitutes unlawful conduct (*ibidem*; Van der Walt 8 *LAWSA* par 20).

In principle liability for a misrepresentation *per omissionem* can attach irrespective of the type of contract involved. In *Iscor Pension Fund v Marine and Trade Insurance Co Ltd* (*supra* 185, a case quoted by Joubert JA) Roberts AJ said that "the determination of the extent of the disclosure does not depend on the label we choose to stick on a contract." In practice, however, a duty to speak will be imposed more readily in some contractual relations than in others. And requiring *uberrima fides* and not merely *bona fides* would seem to have been an attempt at identifying the circumstances in which a contracting party's omission to disclose facts will more readily be found to have infringed the norm protecting the other party or, for that matter, his "right of disclosure." One could also say that, used in this sense, the requirement widens the extent of the duty to disclose so that a misrepresentation *per omissionem* may occur more easily in the context of contracts like insurance. The party who makes the representation is not actually expected to be more than honest – "but . . . an honest man [must] be more candid" (Millner *supra* 188). Or, as it was put by Roberts AJ in the *Iscor* case (184): "In some contracts parties are required to place their cards on the table to a greater extent than in others . . ." (*Cf* the submission by Christie 276 that contracts are called *uberrimae fidei* to indicate that in their case the circumstances which found a duty to disclose are always present.)

There is much to commend the argument of Joubert JA if it is intended to mean that our law should provide outright that the requirements relating to misrepresentation in the context of insurance contracts are very stringent and that the issue should not be clouded by a "convenient though not strictly accurate expression" (see the judgment of Miller JA 443D) like *uberrima fides*. But if that is the reason for jettisoning *uberrima fides* the statement (432F) that a breach of the duty to disclose amounts to fraud, i.e. intentional misrepresentation, cannot be complete. Surely, if one considers the position relating to contracts in general, negligent misrepresentation (and possibly even completely innocent misrepresentation) should also entitle the aggrieved party to avoid the contract? (See Kerr *The Principles of the Law of Contract* (1980) 190–191, 174. The desirability of the present state of the law as far as innocent misrepresentation is concerned is for the present not in issue; but see De Wet and Van Wyk 41–42.)

Nor is it clear why the duty of disclosure and its corresponding right to disclosure should then be specifically called "a legal principle of the law of insurance" (432H) or at least limited to some contracts only (433C) – although, of course, the typical circumstances which accompany certain types of contract may be more obvious indications of a duty to speak. It would also seem as if the point of view that a duty is imposed *ex lege* and the contention that it flows from the requirement of *bona fides* can finally both be reduced to the previously mentioned conviction of a society as to what is reasonable in the circumstances (Van der Walt par 22).

Another point of importance is the statement made in passing by Joubert JA that the duty of disclosure relates not only to actual knowledge but also to "constructive knowledge" (432E, 436F). Although in the final analysis not relevant for the decision, the statement raises the important question whether the appellate division will in future consider going against the clear trend of its previous decisions (see *Fine v The General Accident Fire and Life Assurance Corporation Ltd supra* 220; Van der Merwe 12; and also the judgment of Miller JA 442G–443C) which support the view that one cannot be required to disclose what one does not know (cf Getz and Davis quoting the well-known passage from *Joel v The Law Union & Crown Insurance Co* 1908 2 KB 863 (CA) 884). An extended duty to disclose is admittedly not unknown to other systems of law (Van der Merwe 12), and in the Transvaal provincial division Nestadt J recently said, without relying on authority, that an insured "is obliged to disclose all material facts of which he is, or ought to have been, aware or which were ascertainable by reasonable enquiry, relating to the proposed insurance" (*Nel v Santam Insurance Co Ltd* 1981 2 SA 230 (T) 240G; cf too the words of Searle J in *Colonial Mutual Life Assurance Society Ltd v De Bruyn* 1911 CPD 103 126 that "the assured has to declare everything that he knows or ought reasonably to be expected to know, which may affect the risk" – but the judge was expressly applying English law). The institutional writers on whom Joubert JA relied (436F), viz De Groot 3 24 5 and Van der Linden 4 6 4 3, do indeed support the concept of an extended duty to speak, but probably for very special situations only. Extending the duty to disclose beyond the confines of actual knowledge would make the position of the party who is bound to disclose substantially more onerous. Should the appellate division in future be called upon directly to extend the duty in this way the matter would certainly require careful consideration.

The requirement of *uberrima fides* has not been confined by our courts to contracts of insurance but has been attached to other types of contract which presuppose some degree of mutual trust between the contracting parties (see Van der Merwe 3). The majority judgment dealt with *uberrima fides* in such general terms (433B–F) that one must assume that the death-knell has tolled for *uberrima fides* in this context as well.

Having as it were disposed of *uberrima fides* Joubert JA proceeded to consider the test for determining the materiality of facts which must be disclosed. The judge referred to the preference of English courts for the test of the reasonable insurer and to the debate before those courts and elsewhere about the desirability of applying the test of the reasonable insured (insurance proposer). Joubert JA did not regard the application of the reasonable or prudent insurer test in *Colonial Industries Ltd v Provincial Insurance Co Ltd* 1922 AD 33 as binding any

longer, since that court was applying English and not Roman-Dutch law. The judge concluded that neither of the tests referred to above should in that form be preferred for our law. Materiality should rather be determined by means of “the *reasonable man test* by deciding upon a consideration of the relevant facts of the particular case whether or not the undisclosed information or facts are reasonably relative to the risk or the assessment of the premiums” (435F–G). This test is regarded as being “implicit in the Roman-Dutch authorities and also in accordance with the general principles of our law” (435F).

The exact meaning of this “reasonable man test” is not immediately clear. In principle the requirement of reasonableness as it is employed in the context of materiality would seem to relate to the lawfulness or unlawfulness (wrongfulness) of a non-disclosure (see Van der Merwe 6 *et seq*). Is this what the majority judgment had in mind? Joubert JA called the test objective (435H). He also referred simply to facts which are “reasonably relative to the risk” (435G) and to “the point of view of the average prudent person or reasonable man” (435H) who is personified by the court (435G). This reasonable man is not expressly placed by the court in the position of the party who has omitted to disclose the facts. All of this can certainly be interpreted to point to the fact that the court is dealing with an objective test for lawfulness. That would be a welcome development, especially if, for the sake of clarity, the courts would in future rather speak of the test of reasonableness or reasonable conduct. After all, the expression “reasonable man” is more typical of the accepted test for negligence.

Bogenoemde stelling van Voet, waar die planthandeling met die bouhandeling vergelyk word, gee dikwels aanleiding tot verwarring waar dit kom by die beoordeling of plante verwyderbaar is al dan nie. Waar aan 'n huurder (buite die Plakaat) of aan 'n *possessor* onder bepaalde omstandighede die reg verleen word om verbeterings wat aanhegtings is te verwyder, het ons sekerlik te doen met aanhegtings wat nie permanente aanhegtings is nie; dus met sake wat, hoewel aan die grond geheg, juis deur die aard van hul aanhegting roerend gebly het. Deurgaans word gehou by die beginsel dat die aanhegting maklik verwyder moet kan word sonder skade (of dan wesenlike skade) aan die eiendom. Indien 'n saak dus op so 'n wyse aan die grond geheg is dat dit aan die grond “kleef” (Voet 41 1 24) of “dat het daer niet van afgeligt kan worden” (Huber *H R* 2 6 10), het ons te doen met 'n onroerende saak, 'n aanhegting wat in die grond opgaan en deel word van die eiendom van die grondeienaar. Van hierdie eiendomsreg kan die grondeienaar afstand doen of, deur die verloop van regsproses, verplig word om dit te doen. As daar dus gepraat word van die verwydering van aanhegtings, word daar reeds van die veronderstelling uitgegaan dat daardie aanhegtings roerende (en nie onroerende nie) sake is.

Dit is dus nie korrek om die verwydering van plante op dieselfde grondslag te plaas as die verwydering van *inaedificatio* nie. Die analogie lê op die vlak van hul aanhegting en nie hul verwydering nie.

Plante word as deel van die grond beskou na aanleiding van die wyse van hul aanhegting aan die grond sowel as die feit dat hulle voeding aan die grond onttrek en daardeur tot wasdom ontwikkel. Die posisie is dus dat sodra 'n plant, hetsy 'n eenjarige gewas, hetsy 'n boom, wortel geskiet het en groei, so 'n plant nie anders as onroerend en dus in beginsel as onverwyderbaar beskou kan word nie.

Hierdie reël het egter nie onwrikbare toepassing nie en word aangepas om in sekere opsigte by behoeftes van die regsverkeer in te pas, byvoorbeeld:

– Die vruggebruiker en huurder kan *silva caedua* vir eie gebruik of verkoop kap (*Houghton Estate v McHattie & Barrat supra* 103; *Brice v Zurcher supra* 1084; *Foxcroft v Meiring* 1907 EDC 113 114; streng gesproke het ons hier met vorms van vrugtetrekking te doen).

– Die huurder kan gesaaides, groente en blomme plant en verwyder omdat deur die huurooreenkoms die volle genot en gebruik van die grond aan hom toegesê word en hy derhalwe ook geag word die genot en gebruik van die voedingstowwe in die grond te huur – dit kan hy alles doen mits hy die grond by verstryking van die huurtermyn terug lewer in dieselfde posisie as wat dit oorspronklik was (*Burrows v McEvoy supra* 232; sien ook Pothier *Traité de la Communaute* sec 34). Hierdie uitsonderings in ons regspraak vind aansluiting by die stelling van Van der Keessel (*Th Sel* 215), naamlik dat daar in een van die Keuren van Middelburg (*R ix a 12*) ’n bepaling bestaan het dat ’n huurder by die afloop van ’n grondhuur kan uittrek en verwyder wat daar geplant is, op grond daarvan dat die bevoegdheid van gebruik en genot aan hom deur die eienaar toegestaan is en dit hom dus behoort vry te staan om na willekeur struike te plant en hulle te verwyder. Van der Keessel is om hierdie rede dan ook ongenêë om dieselfde reg na besitters, te goeie of te kwade trou, uit te brei.

Noemenswaardig van hierdie bepaling is dat dit, soos Van der Keessel (*Th Sel* 215) dit stel, net betrekking gehad het op *plantae*, ’n begrip waaronder bome nie ingesluit was nie. Dus is daar aan die huurder te Middelburg ook steeds geen reg verleen om bome te verwyder nie.

Dat huurders hulle ook in ’n besondere posisie bevind het, blyk uit die 1658-Plakaat van die State van Holland soos gewysig en herverorden deur die Plakaat van 1696 “tegen de Pachtters ende Bruyckers van den Landen.” Artikels 10–14 van die Plakaat handel in die algemeen oor vergoeding vir verbeterings waarby inbegrepe is ’n reëling oor die verwydering van strukture (“getimmer”) voor verstryking van die huurtermyn (a 12). Artikel 14 van die Plakaat plaas ’n uitdruklike verbod onder andere op die afkap van “eenige vruchtbare Boomen ofte opgaende Hout.” Dit is egter te betwyfel of hierdie artikel geldingskrag in die Suid-Afrikaanse reg het (Cooper *The SA Law of Landlord and Tenant* (1973) 302; De Wet en Yeats *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg* 4 uitg 319). Die antwoord met betrekking tot die afkap en uithaal van bome sal sover dit die huurder betref, dus ook buite die Plakaat gesoek moet word.

Soos reeds vermeld, skram ons howe weg van ’n duidelike standpunt oor die verwydering van bome, en in die *Nogama*-saak het ’n geleentheid om uitsluitel te gee, weer eens verbygeglip.

As gesag vir die standpunt dat die respondent bome en struike mag afkap en beskadig (dit blyk dat die respondent inderdaad ook bome uitgehaal of verskuif het – 583B–C) steun die hof slegs op twee beslissings, naamlik *Burrows v McEvoy supra* en *Houghton Estate v McHattie & Barrat supra*. In laasgenoemde saak word daar gesag gevind in ’n *obiter* stelling (582I) dat ’n huurder bome behoort te kan verwyder mits hy nie die grond beskadig of benadeel nie, aangesien ’n huurkontrak nie veronderstel is om aan die verhuurder enige spesiale voordeel behalwe die huurgeld in te bring nie, terwyl uit eersgenoemde saak gesteun word op die stelling (582H) dat “a lessee must be taken to have hired the strength and nourishment of the soil forming the subject of the lease.”

Soos reeds genoem, blyk dit dat die respondent nie 'n huurder was nie, maar wel 'n soort besitter, wat in die lig van wat hierbo gesê is, nie geregtig sou wees om, sonder die toestemming van die applikant, bome op die perseel te beskadig, af te kap, of te verwyder nie. Al is die struik en bome deur die respondent geplant, het hulle, toe hulle wortel geskiet het en voedingstowwe uit die grond begin onttrek het, een met die grond en deel van die eiendom van die grondeienaar geword.

Selfs indien die onderhawige geval inderdaad op 'n huurverhouding betrekking sou hê, en daar verder aanvaar word dat die huurder 'n uitsonderingsposisie beklee met wyer regte as ander *possessores* of okkupeerders (omdat, afgesien van die magte wat hy aan die Plakaat ontleen, dit deel van sy huurooreenkoms sou wees om ook die voedingstowwe in die grond te gebruik) sou daar met die uiteindelijke bevel ten gunste van die respondent nie sonder voorbehoud saamgestem kon word nie.

Die standpunt om die huurder se reg tot die verwydering van onroerende strukture uit te brei na die verwydering van bome en ander plante (*Burrows*-saak 234; De Wet en Yeats 319) – 'n standpunt wat op die uitleg van die begrip “getimmer” in die Plakaat gegrond sou kon word – hou nie hier stand nie. Artikel 12 van die Plakaat reël die verwydering van “getimmer” voor verstryking van die huurtermyn. “Getimmer” dui op meer as blote tydelike strukture en die huurder verkry, kragtens die Plakaat, die reg om selfs permanente onroerende aanhegtings te verwyder (*Van Wezel v Van Wezel's Trustee* 1924 AD 409 415–418; sien ook *Von Holdt v Bruwer* 1918 CPD 163). Ons het egter hier met 'n stedelike eiendom (582A) te doen, wat buite die toepassingsveld van die Plakaat val (Cooper 307; De Wet en Yeats 319; *contra Silberberg Law of Property* 2 uitg 157).

Ook die standpunt met betrekking tot die beskikkingsreg oor die voedingstowwe wat uit die grond onttrek word, lewer nie bevredigende resultate nie. In die *Burrows*-saak (*supra* 235) is beslis dat 'n huurder voor die afloop van die huurtermyn geregtig is om blomme en groente wat deur hom geplant is uit te haal, mits die eiendom in dieselfde toestand gelaat word waarin dit ontvang is. Dit rede is:

“This nourishment of the soil, of which so much is made, in support of the maxim that what is sown or planted in the soil forms part of it and goes to the owner, is one of the very things which are included in the lease, and for which the landlord is remunerated by the payment of rent.”

Indien hierdie standpunt logies verder gevoer word, is daar geen rede waarom dit nie ook, soos in die onderhawige geval van toepassing kan wees op bome en struik wat op so 'n wyse uitgehaal kan word dat die eiendom na verwydering in dieselfde toestand as voorheen gelaat kan word nie (vgl Krause *Voet's Commentaries* (1922) 73).

Hierdie uitgangspunt hou stand slegs binne die huurverhouding, maar dan ook net vir sover dit betrekking het op die voedingsaspek van plante: die beginsel dat plante deur die wyse waarop hulle deur hulle wortelstelsel aan die grond geanker is, een met die grond word, bly egter nog in die slag.

Die vraag kan ook gestel word of grond ná die verwydering van plante ooit weer in dieselfde toestand (inhoudelik sowel as fisies) as voorheen afgegee kan word – hoe word bepaal presies hoeveel en welke voedingstowwe deur verskillende plante, en veral deur bome, gedurende hul groeiproses uit die grond

onttrek is? Die vraag kan selfs gestel word of die onttrekking van spoorelemente en ander voedingstowwe uit die grond deur bemiddeling van plante, by gebrek aan 'n spesiale reëling, nie neerkom op 'n teenstrydige verbruiking van die huur-objek nie (!).

Die hof het nagelaat om in gedagte te hou dat plante, uit die aard van hul groeiproses én uit die aard van hul aanhegting onroerend is. Selfs 'n wetsvoorskrif of beding dat hulle verwyder mag word, verander nie hierdie juridiese aard nie. In hierdie geval was daar geen toestemming of ander magtiging tot verwydering nie. Die uitgangspunt dat die respondent wel geregtig was op die uithaal van die struik en bome kan dus nie onderskryf word nie. Die grondslag bly steeds:

“[W]hen seed is planted, the resulting crop is incorporated with the soil by a process of nature, and becomes one with that from which it draws its nourishment. So also with trees. A sapling, it is said . . . transplanted into the soil of another, belongs to its former owner until it has taken root; after that it accedes to the soil. If in course of time it is uprooted, it does not revert to the first owner, because alien nourishment has made it a different tree” (*Secretary for Lands v Jerome* 1922 AD 103 105).

PD BRINK  
AM BURDZIK

*Universiteit van Suid-Afrika*

### DU PLESSIS v FAUL 1985 2 SA 80 (WK)

*Middellike aanspreeklikheid van 'n motorvoertuigeienaar – risiko-aanspreeklikheid of skuldaanspreeklikheid en die betekenis van die vereistes “in belang van” en “reg op beheer”*

In hierdie saak eis die eiseres skadevergoeding gesamentlik en afsonderlik van A (eerste verweerder en eienaar van 'n motorvoertuig) en B (tweede verweerder en bestuurder van A se voertuig) nadat B deur sy nalatige bestuur skade aan haar motor veroorsaak het. A en B het na 'n sekere plek gereis ten einde 'n gesamentlike vriend, C, te trakteer op 'n “rampartytjie” met die oog op laasgenoemde se huwelik. Die verdere tersaaklike feite is dat A vir B in 'n sekere stadium toestemming verleen het om sy motor te bestuur, veral op grond daarvan dat hy, A, nagblind is en moeilik snags bestuur. A, B en later C het te veel gedrink en na 'n stoeiery op 'n sekere plek het A “uitgepass,” C het verdwyn en B het A op die agterste sitplek van die voertuig ingelaai en verder bestuur. B het hierna weer by 'n ander plek stilgehou en gedrink terwyl A steeds op die agterste sitplek was. B het toe huiswaarts bestuur en hiertydens nalatig bestuur.

Na getuienis en wysiging van die pleitstukke was eiseres se bewerings ooreenkomstig die vereistes deur ons regspraak neergelê ten opsigte van die middellike aanspreeklikheid van A die volgende:

- a A se motor is deur B bestuur op eersgenoemde se versoek;
- b die motor is in beide se belang bestuur; en

c die motor is onder beheer van A bestuur (91G-H). Dit was gemene saak dat B die motor nalatig bestuur het.

In 'n wel deurdagte uitspraak bevind die hof by monde van regterpresident Jacobs dat A middellik aanspreeklik vir B se nalatige bestuur is en hou hulle gesamentlik en afsonderlik teenoor die eiseres aanspreeklik. Wat die vereiste "in belang van die eenaar" betref, beslis die hof dat dit nie net na vermoënsbelange verwys nie, maar ook op sosiale belange van die eenaar kan dui en dat dit nie nodig is dat die rit hoofsaaklik in belang van die eenaar hoef te wees nie. Dit is genoegsaam indien die rit in die gedeeltelike belang van die eenaar onderneem is, selfs al was die eenaar se belang aan dié van die bestuurder ondergeskik (93A-E). Hierdie standpunt is 'n korrekte interpretasie van die meeste gewysdes op hierdie punt.

Wat die beheer- of reg-op-beheer- vereiste betref, verklaar die hof dat dit om beleidsredes geregverdig is om te verklaar dat die eenaar van 'n motor, wat in sy motor teenwoordig is wanneer dit deur 'n ander minstens in sy gedeeltelike belang bestuur word, 'n reg en 'n verpligting het om beheer oor die manier van bestuur uit te oefen (93H). Die vraag is of bevind kan word dat hy steeds in beheer van die manier van bestuur is wanneer hy slaap (soos in *Manickum v Lupke* 1963 2 SA 344 (N)) of hewig onder die invloed van drank is (soos in die onderhawige geval). Die hof bevind, met verwysing na die *Manickum*-saak, dat op grond van die regsoortuiging van die gemeenskap (beleidsoorwegings dus) aanvaar moet word dat 'n eenaar hom nie van sy verpligting om beheer oor die manier van bestuur uit te oefen, los kan maak deur byvoorbeeld die vrywillige inname van drank wat hom in 'n toestand plaas wat hom onbekwaam maak om beheer oor die manier van bestuur uit te oefen nie (94F-I). Die vraag vir eers daargelaat of dit dan hoegenaamd nodig is om met die reg-op-beheer-kriterium hier te werk, beteken die uitspraak van die hof die volgende: Wanneer 'n eenaar van 'n motor toelaat of toestem (of opdrag gee) dat sy motor deur iemand anders bestuur word en hy in die motor teenwoordig is, het hy 'n plig en reg om beheer oor die manier van bestuur uit te oefen. Beleidsoorwegings (deur die regsoortuiging van die gemeenskap voorgeskryf) vereis die uitoefening van hierdie reg en plig. Kom hy hierdie plig nie na nie, deur byvoorbeeld te veel te drink of aan die slaap te raak, bly hy vir die manier van bestuur verantwoordelik en bly die risiko daarvan op hom rus. Sy middellike aanspreeklikheid is dus op hierdie verantwoordelijkheidstelling gebaseer. Dadelik moet daarop gewys word dat dit nooit die hof se bedoeling was om hier met direkte aanspreeklikheid, gebaseer op eie skuld in die vorm van nalatigheid, te werk nie (in sommige vroeë uitsprake is wel in hierdie rigting geargumenteer – kyk WE Scott *Middellike Aanspreeklikheid in die Suid-Afrikaanse reg* (1983) 246 e.v.). Dit gaan vir die hof suiwer oor middellike aanspreeklikheid en die *ratio* vir die verantwoordelijkheidstelling van die eenaar van 'n motorvoertuig. Met ander woorde, dit was volgens hierdie benadering nie nodig om te vra of die nalatige bestuur in die omstandighede redelikerwys voorsienbaar was en of dit deur die doen van redelike stappe vermy sou kon word nie.

Die vraag ontstaan wanneer 'n motorvoertuigeenaar van hierdie verantwoordelijkheid in sulke omstandighede onthef sal word. Alhoewel die hof dit nie pertinent uitspel nie, blyk die volgende beginsel uit die hele uitspraak: Die eenaar word van verantwoordelijkheid onthef indien daar getuienis is op grond

waarvan weens beleidsredes geargumenteer kan word dat genoeg faktore aanwesig was dat in alle billikheid en regverdigheid verklaar kan word dat die eienaar nie (meer) met die verantwoordelikheid van die bestuur belas kan word nie. Soos uit hierdie saak en ook ander wat aangehaal word blyk, sal die volgende faktore van belang wees: dat die motor uitsluitlik in belang van die bestuurder bestuur is; dat die eienaar wel instruksies oor die manier van bestuur gegee het maar dat hy in die omstandighede magteloos was teenoor 'n bestuurder wat nie daaraan gehoor wou gee nie; dat hy redelike alternatiewe reëlings getref het wat hy voorsien het nodig sou wees wanneer hy of die bestuurder nie meer in staat sou wees om behoorlik te bestuur nie (kyk 94C-E); en dat hy nie toestemming tot die rit gegee het of kon gegee het nie.

Hierdie benadering van die hof bevredig in alle opsigte. Soos ek die saak interpreteer, was dit nie vir die hof nodig om uit te maak of hier of 'n werkgewer-werknemer- of prinsipaal-agent verhouding tot stand gekom het nie. Wat belangrik was, was of hier genoeg faktore aanwesig was om die eienaar vir hierdie "diensaktiwiteit" (kyk oor die betekenis van hierdie begrip Scott (1983) 37 e v) verantwoordelik te hou. So 'n benadering maak dit inderdaad onnodig om 'n mens blind te staar teen 'n enkele kriterium soos die reg op beheer asook die presiese inhoud daarvan (kyk ook 93G-H van die uitspraak), of dat 'n "verstandhouding" tussen eienaar en bestuurder oor die reg op beheer aanwesig moet wees (92G-H) soos in *Boutcher v Du Toit* 1978 3 SA 965 (O) vereis. Trouens, dit is dan selfs ook moontlik om die verantwoordelikheid van die eienaar te bepaal in gevalle waar hy nie in sy motor teenwoordig was nie maar die rit waartoe hy toestemming verleen het steeds minstens in sy gedeeltelike belang onderneem is. (In verband met die aanspreeklikheid van die eienaar in sulke gevalle, kyk Scott 249 e v)

Daar is genoeg aanduidings dat die middellike aanspreeklikheid van die voertuigeienaar 'n uitstekende voorbeeld is van die uitbreiding van risiko-aanspreeklikheid na hierdie gevalle. In my proefskrif, *Middellike Aanspreeklikheid in die Suid-Afrikaanse reg* (1976 PU vir CHO), het ek vanaf bladsy 246 met verwysing na verskillende uitsprake hierop uitgebrei. Sonder huiwering kan verklaar word dat ook die regsontwikkeling in Suid-Afrika dui op die waarheid van die stelling van Lord Denning in *Ormrod v Crosville Motor Services Ltd* 1953 2 All ER 753 (CA) 755:

"The law puts an especial responsibility on the owner of a vehicle who allows it to go on the road in charge of someone else, no matter whether it is his servant, his friend or anyone else."

(Kyk Scott (1983) 231 e v vir die posisie in die Anglo-Amerikaanse reg.)

Omdat daar in die onderhawige saak aanduidings is dat die hof 'n benadering soos die voorgaande ondersteun, kan die benadering soos volg saamgevat word:

- 1 Wanneer 'n motoreienaar 'n ander toelaat of versoek om sy motor te bestuur, is die bestuurder besig met 'n "diensaktiwiteit" wat vir doeleindes van risiko-aanspreeklikheid en middellike aanspreeklikheid as 'n gevaarlike feit getipeer kan word (kyk Scott (1983) 35 e v).
- 2 Indien genoeg regspolitiese oorwegings (beleidsredes) aanwesig is op grond waarvan die eienaar met die verantwoordelikheid van hierdie diensaktiwiteit belas kan word (volgens die oortuiging van die gemeenskap), is hy *prima facie* aanspreeklik vir skadelike gevolge wat uit hierdie diensaktiwiteit voortspruit.

- 3 Die motoreienaar se skade word beperk tot skadelike gevolge wat uit tipiese risiko's van die gevaarlike feit (diensaktiwiteit) voortvloei (Scott (1983) 48 e v).

Die toewysing van 'n riskante regsfeit (bv 'n diensaktiwiteit) tot die verantwoordelikheid van 'n bepaalde persoon (bv die eienaar van 'n motorvoertuig) geskied op grond van verskeie regspolitiese of beleidsoorwegings ooreenkomstig die regsdoortuiging van die gemeenskap, soos regterpresident Jacobs dit *in casu* noem (94I). Navorsing het die volgende faktore in hierdie verband in die kollig geplaas: indien die aktiwiteit op sy inisiatief, deur sy opdrag, met sy goedkeuring of toestemming verrig word; dit tot sy materiële of ideële (ook sosiale) voordeel verrig word (al is dit gedeeltelik); dit met middels verrig word waarvan hy die eienaar of ander reghebbende is; hy die kapitaal wat nodig is vir die uitvoering van die aktiwiteit voorsien; hy die algemene administrasie van die aktiwiteit behartig; hy kontrole of beheer oor die werksmetode uitoefen of laat uitoefen (of wat bygevoeg kan word, die plig wat in die omstandighede op hom geplaas word om wel beheer uit te oefen); hy deur versekering gedek is teen skadelike gevolge van die aktiwiteit of andersins in staat of verplig is om die skadelike gevolge van die aktiwiteit af te wentel en so te versprei; hy in 'n goeie posisie was om die risiko verbonde aan die aktiwiteit te beperk of uit te skakel. Hierdie faktore is hulpmiddels wat aangewend word ten einde die beleidsoorweging sinvol te maak (kyk Scott (1983) 41 e v en veral 45). Die reg en plig wat 'n motoreienaar het om beheer oor die manier van bestuur uit te oefen (soos deur regterpresident Jacobs in die onderhawige saak beklemtoon), moet dan beoordeel word in die lig van die faktore hierbo genoem (en ook ander wat relevant mag wees in die besondere omstandighede). Daarom sal faktore soos 'n verstandhouding tussen die partye ten opsigte van die reg op beheer en stappe wat die eienaar gedoen het om hierdie plig en reg na te kom, asook die effektiwiteit daarvan, belangrike oorwegings wees ten einde te bepaal of hy met die verantwoordelikheid van die bestuur van die motor belas kan word. Ons howe beklemtoon by die motoreienaar-gevalle veral

a die eienaarskap;

b die belang van die rit vir die eienaar; en

c die reg en plig om beheer uit te oefen.

Die aan-of afwesigheid van bogemelde faktore of die mate waarin hul wel aanwesig is, vorm die grondslag van die beleidsoorweging deur die hof.

Ten slotte kan daarop gewys word dat hierdie benadering wat op risiko-aanspreeklikheid gegrond is, nie beteken dat die alternatiewe grondslag van skuld-aanspreeklikheid daarmee uitgesluit is nie. Alhoewel skuld- en risiko-aanspreeklikheid myns insiens verskillende grondslae van skade-aanspreeklikheid is (kyk Scott (1983) 31 e v), mag dit in omstandighede moontlik wees om die aanspreeklikheid van die eienaar op grond van eie skuld te verklaar (soos hierbo na verwys). In baie gevalle sal dit egter nie moontlik wees nie en daarom vereis regverdigheid en billikheid teenoor veral ander padgebruikers en potensieële benadeeldes dat risiko-aanspreeklikheid die grondslag van hierdie oordragtelike of middellike aanspreeklikheid moet wees.

## BOEKE

### HULDIGINGSBUNDEL PAUL VAN WARMELO

JOHANN VAN DER WESTHUIZEN, PH J THOMAS, SUSAN SCOTT,  
DEREK VAN DER MERWE, J TH DE SMIDT EN R FEENSTRA  
(REDAKTEURS)

*UNISA Pretoria 1984; xxii en 307 bl*

Prys R30,00 + AVB

Hierdie voortreflike huldigingsbundel is by geleentheid van Paul van Warmelo se sewentigste verjaardag aan hom oorhandig ter herdenking van sy aktiewe betrokkenheid by die regs wetenskap vir bykans vier dekades. Gedurende hierdie tydperk was hy verbonde aan die Universiteit van Pretoria (1946–1973), die Universiteit van Suid-Afrika (1974–1983), in tydelike hoedanigheid in die regskool van die Universiteit van die Witwatersrand (1974–1978) en uiteindelik van 1984 af aan die Universiteit van die Noorde. In hierdie periode het hy 'n belangrike invloed uitgeoefen op studente, kollegas in verskillende regs fakulteite en op die Suid-Afrikaanse regspraktik. Sy ongeëwenaarde werkywer word weer spieël in die groot aantal publikasies wat uit sy pen verskyn het: 14 omvangryke regs werke, 78 artikels in regstydskrifte dwarsoor die wêreld, 8 vonnisbesprekings en 'n lang lys boekbesprekings. Eredoktorsgrade in die regs geleerdheid is reeds deur die Universiteit van Kaapstad (in 1981) en sy *alma mater*, die Universiteit van Pretoria (in 1984) aan hom toegeken. Sy belangrikste bydrae is myns insiens die tydrowende en ondankbare toeganklikmaking van talle Romeins-Hollandse regsbronne. Sy versorging van die monumentale werk van Van der Keessel *Praelectiones Iuris Hodiernie ad Hugonis Grotii Introductionem ad Jurisprudentiam Hollandicam* in 6 bande (1961–1975) sal sy naam in regsannale van Suid-Afrika verewig. Saam met sy medewerkers het hy die moeilike manuskripte ontsyfer, vertaal, geannoteer, geïndekseer en vir publikasie gereed gemaak.

Die huldigingsbundel bevat bydraes deur oud-studente, voormalige universiteitskollegas en 'n aantal beroemde Europese Romaniste en regshistorici wat aan Paul van Warmelo ere bring as 'n persoonlike vriend en bekwame kollega. Die bundel bevat ook 'n *curriculum vitae*, 'n lys van publikasies en 'n nostalgiese huldeblyk aan die mens Paul van Warmelo deur professor Spies, 'n persoonlike vriend en professor *emeritus* in die geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria. Die bydraes is van uiteenlopende aard en in verskillende tale geskryf.

En groep bydraes bestaan uit streng wetenskaplike besprekings van bepaalde aspekte van die Romeinse reg. So behandel Ankum van die Universiteit van

Amsterdam die vraag of slawe in die klassieke Romeinse reg die bevoegdheid gehad het om *res mancipi* namens hul meesters deur middel van *mancipatio* oor te dra (6-17). Hy ontleed drie relevante tekste uit Cicero *ad Atticum*, die *Digesta* en die *Fragmenta Vaticana* en kom tot die gevolgtrekking dat slawe nie sodanige bevoegdheid gehad het nie. 'n Bydrae van die beroemde Max Kaser handel oor die sogenaamde bonitariese of praetoriëse eienaars, by name die *bonorum possessor* en die *bonorum emptor* (144-163). Hy bespreek die regs-middels wat tot beskikking van hierdie "eienaars" was, naamlik die *actio publiciana* en die *actio serviana* en kom tot die slotsom dat die ware bonitariëse "eenaar" 'n absolute reg verkry het wat hy ook teen die eenaar *ex iure Quiritium* kon laat geld. Professor Thomas, die opvolger van Paul van Warmelo aan die Universiteit van Pretoria, lewer 'n interessante bydrae oor *concupinatus* in die Romeinse reg (230-236). Sy standpunt is dat *concupinatus* dui op 'n seksuele verhouding tussen 'n getroude of ongetroude man en 'n vrou wat nóg 'n maagd, nóg getroud, nóg 'n weduwee, nóg 'n prostituut is. Sodanige verhouding was suiwer *de facto* en het geen regsgevolge gehad nie behalwe in die negatiewe sin dat partye daarby nie skuldig was aan *adulterium* of *stuprum* nie. Hoewel *concupinatus* deur wetgewing van die Christenkeiser Constantinus in 326 AD aan bande gelê is, wys Thomas daarop dat die instelling van *concupinatus* om sosiale en sosiologiese redes nie in die na-klassieke Romeinse reg verdwyn het nie. 'n Verdere bydrae oor die Romeinse reg kom van die bekende Franz Wieacker, *emeritus* professor van die Universiteit van Göttingen. Hy bespreek die wisselwerking tussen die navorsing gerig op samestelling van die egte teks van die oorspronklike *Digesta* en die soektog na interpolasies in die *Digesta* 276-284. Hoewel die doel van eersgenoemde is om die *Digesta* te *bekragtig* terwyl die interpolasiejagters hul ten doel stel om die klassieke en na-klassieke Romeinse reg te *vind*, wys Wieacker daarop dat die raakpunte tussen hierdie twee navorsingsterreine nie onderskat moet word nie. Toepaslike teksvariante en geslaagde verbeteringe van die *Digesta*-teks kan daartoe bydra dat onnodige, oorhaastige en verkeerde interpolasievoorstelle verongeluk word. Ook is die grense tussen meganiëse oorleeringsfoute en opsetlike interpolasies nie so duidelik as wat met die eerste oogopslag veronderstel word nie. 'n Laaste indringende bydrae oor die Romeinse reg uit die pen van JE Spruit handel oor die *Senatus Consultum Velleianum* (194-215). Dit is amper asof sy haar daarin verlustig as sy die talle redes aanhaal waarom vroue deur hierdie wetgewende maatreël verbied is om vir andere borg te staan. Sy toon aan dat die resepsie van hierdie *Senatus Consultum* in die Noord-Nederlande vir die eerste keer vermeld word deur Philips van Leyden ( $\pm$  1326-1382) en daarna deur Jean Boutillier ( $\pm$  1340-1395). Volgens Philips van Leyden is vroue verbied om borg te staan omdat dit in belang van die gemeenskap is dat vroue nie sonder bruidskat gelaat word nie!

'n Bydrae wat nou saamhang met die voriges is dié van DH van Zyl, oud-student en voormalige kollega van Paul van Warmelo en tans regter van die Hooggeregshof. Hy behandel die rol van Cicero as regsfilosoof en bespreek Cicero se siening van filosofiese begrippe soos die natuurreg, *aequitas*, *fides*, *honestas* en *humanitas* (238-255). Hoewel hy die standpunt huldig dat Cicero se grootste bydrae die oorplanting van Grieks-filosofiese denkbeelde op die Romeins-regtelike denkwêreld is, sien hy Cicero nie bloot as 'n naskrywer van Plato en Aristoteles nie maar as 'n oorspronklike regsfilosoof in sy eie reg.

'n Interessante bydrae oor die oud-vaderlandse reg is versorg deur John Gillissen, professor *emeritus* van die Universiteit van Brussel. Hy bespreek die

resepsie van Romeinsregtelike denkbeelde omtrent die status van die kind in die verskeidenheid van stads- en streeksregte wat gedurende die 15de tot 18de eeu in die Suid-Nederlandse geweste (tans België) gegeld het. Hy bevind onder andere dat 'n soort *patria potestas* op die lees van die Romeinse reg gedurende die 17de en 18de eeu ontwikkel het, wat deurspek was met inheemse kenmerke wat onder andere tot gevolg gehad het dat dié *patria potestas* na die dood van die vader deur die moeder en selfs deur die skoonvader voortgesit is. Belangwekkende gegewens omtrent die resepsie van 25 as meerderjarigheidsouderdom en samesmelting van Romeinsregtelike en inheemsregtelike voogdy word ook vermeld.

Die bundel bevat drie bydraes oor die Romeins-Hollandse reg. Professor De Smidt toon in sy bydrae die sogenaamde “wit vlekke” aan wat daar bestaan in die publikasie van die regspraak van die Hoge Raad (1582–1839) en die Hof van Holland, Zeeland en Wes-Friesland (1428–1839). Reuse vooruitgang is die afgelepe 65 jaar gemaak met die publikasie van die *Memoriale* van die griffier van die Hof van Holland, Jan Rosa (1428–1447) en die *Observationes Tumultuariae* van Van Bijckershoek en Pauw (1704–1787), maar verskeie periodes lê nog braak en wag om ontgin te word. Professor JC de Wet versorg 'n bydrae oor 'n ongepubliseerde aantekening op De Groot se *Inleidinge*. Hierdie handskrif is deur 'n kollega op 'n vendusie gekoop en het uiteindelik in die biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch te lande gekom. Hierdie aantekening is volgens professor De Wet “'n gewrog van 'n praktisyn.” Dit is geskryf deur 'n persoon wat homself “echo” noem. Uit gegewens in die geskrif bepaal De Wet dat hierdie werk van 'n Middelburgse praktisyn afkomstig is en dat dit heel waarskynlik JE Austen is wat Schorer se Latynse aantekeninge op De Groot se *Inleidinge* in Nederlands vertaal het. In hierdie vertaling se voorwoord bejammer Austen homself oor die “onaangename, dorre” taak van vertaling wat hy onderneem het en beskryf homself as “de echo of weêrklank van den oorsprongelijken Schrijver.” 'n Verdere bydrae oor die Romeins-Hollandse reg is 'n belangwekkende bespreking deur Robert Feenstra van 'n teks in De Groot se *De Jure Belli ac Pacis* (70–80). Dit handel oor die vraag of 'n *bona fide*-koper van 'n saak wat dié saak aan 'n vindiserende eienaar moet teruggee, aanspraak kan maak op geldelike vergoeding. Volgens die betrokke teks van De Groot (2 10 9 1) kon die *bona fide*-koper slegs sodanige vergoeding eis indien die saak voorheen in die hande van seerowers geval het en wel op die grondslag van *negotiorum gestio*. Feenstra wys daarop dat die koper volgens natuurregseëls nie op ander uitsonderingsgevalle soos gesanksioneer deur die resepsie van inheemse gebruike kon steun om teruggawe van die koopprys te eis nie. Die inheemse uitsonderingsgevalle (o a die koop op “vrije markte,” “tafelhouders” en “oude kleerkopers”) word slegs in die *Inleidinge* 2 3 6 behandel. Die laaste bydrae oor die Romeinse-Hollandse reg verskyn uit die pen van Heleen Gall. Sy versorg 'n manuskrip van Pieter Ockers (1628–1678) wat 'n versameling van vonnisse van die Hof van Holland en die Hoge Raad uit die tweede helfte van die 17de eeu bevat. Uit hierdie versameling bespreek sy drie interessante hofsake wat oor die destydse eiesoortige Joodse huweliksvoorwaardeskontrak, die *ketuba*, handel.

Vier voormalige kollegas van Paul van Warmelo lewer bydraes oor die Suid-Afrikaanse reg. CP Joubert, tans appèlregter, bespreek die historiese ontwikkeling van die reël van die strafprosesreg dat “niemand 'n tweede keer weens dieselfde strafbare feit behoort vervolgt te word nie” (110–116). Hy wys daarop

dat die toepassingsveld van hierdie reël wat in artikel 336 van die Suid-Afrikaanse Strafproseswet 51 van 1977 vervat is, reeds deur die middeleeuse kommentator Bartolus (1314–1357) bepaal is. Die huidige dekaan van die regs fakulteit van die Universiteit van Pretoria, DJ Joubert, onderneem 'n insiggewende regshistoriese en regsvergelykende studie van die afstanddoening van serwitutregte (188–126). Professor Ellison Kahn, doyen van die regskool van die Universiteit van die Witwatersrand, verduidelik sy standpunt dat die ongeldigverklaring van testamente weens die nie-nakoming van tegniese formaliteite (*in casu* die presiese plek op die bladsy waar die testateur sy handtekening maak) tot verdeling van die bedoeling van die testateur lei (128–142). Hy stel voor dat die wetgewer 'n prosedure moet skep ingevolge waarvan die hooggeregshof in laaste instansie oor die geldigheid van sodanige testament moet besluit. Johan Scott van die Universiteit van Pretoria behandel die vraag of medewerkende opset aan die kant van die benadeelde net soos bydraende nalatigheid sy skadevergoedingsaanspraak ingevolge artikel 1(1)(a) van die Wet op Verdeling van Skadevergoeding van 1956 kan beïnvloed (166–178).

Twee bydraes handel oor Engelsregtelike beïnvloeding van die Suid-Afrikaanse reg. Basil Edwards van die Universiteit van Suid-Afrika illustreer hoe die Engelsregtelike leerstukke van “presumed intention” en “proper law of the contract” op die gebied van die internasionale privaatrecht die Suid-Afrikaanse regspraak in die sfeer van kontrakte wat 'n vreemde element bevat, beïnvloed het (38–67). Hy bespreek onder andere die resente uitspraak van regter Grosskopf in *Improvair (Cape) (Pty) Ltd v Etablissements Neu* 1983 2 SA 138 (K). Reinhard Zimmermann van die Universiteit van Kaapstad toon aan dat verskeie Engelsregtelike leerstukke soos die onherroeplikheid van gesamentlike testamente van eggenote, die leerstuk van eleksie in die erfreg en die leerstuk van die “undisclosed principal” reeds gedurende die laaste helfte van die 19de eeu deur die *Supreme Court* van die *Cape of Good Hope* geresipieer is (286–307). Hierdie bydrae bevat ook interessante lewensbeskrywings van die vroegste hoofregters van die Kaapse hooggeregshof tesame met insiggewende opmerkings omtrent die gehalte van die regspraak van hierdie tydperk.

Die laaste groep bydraes handel oor uiteenlopende onderwerpe. Professor Thomas Smith, *emeritus* professor van die Universiteit van Edinburgh, bespreek die vraag of regsverhandelinge as gesaghebbende bronne van die reg beskou kan word (180–191). Hy verwys na die siteerwet van 426nC wat aan die werke van bepaalde klassieke Romeinse juriste groot gesaghebbendheid verleen het. Hy wys daarop dat die regs werke van Romeins-Hollandse skrywers soos Grotius, Voet, Van Leeuwen, Huber, Van Bijkershoek, Van der Keessel en Van der Linden as gesaghebbende bronne in die Suid-Afrikaanse reg beskou word, terwyl belangrike regs werke oor die Skotse reg soos Stairs se *Institutions of the Law of Scotland* (1681) slegs as “institutional works” figureer. Die tydgenootlike werke van nóg Suid-Afrikaanse nóg Skotse skrywers word as gesaghebbend beskou; intendeel, in Skotland geld die algemene reël: “Better read when dead.” Peter Stein van die Universiteit van Cambridge skets die lotgevalle van die drieledige verdeling van die privaatrecht in personereg, sakereg en prosesreg soos beliggaam in die Institute van Gaius en Justinianas (218–227). Hy toon aan dat Humaniste soos Donellus (1527–1591) en Vinnius (1588–1657) en selfs die 18de eeuse Franse skrywers Bourjon en Pothier en uiteindelik ook die Franse Code Civil deur die Gaiaanse indeling beïnvloed is. Daarenteen is die Duitse BGB en die Pandektiste geïnspireer deur skrywers wat besiel was met die gedagte dat 'n ideale stelsel

van natuurregsreëls uitgewerk kan word wat vir enige situasie toepaslik kan wees. Voorbeelde van sodanige pogings is Lord Stair se *Institutions of the Law of Scotland* (1681) en Jean Domat se *Les Lois civiles dans leur ordre naturel* (1689–1694). 'n Laaste bydrae van Danie Visser van die Universiteit van Kaapstad handel oor die meganismes waarvolgens lede van die “inheemse” bevolking van 'n land met 'n pluralistiese regsorde geheel en al of gedeeltelik vrygestel kan word van hule eie “inheemse” regstelsel (258–273). Visser vergelyk die Suid-Afrikaanse regsposisie soos blyk uit artikel 31 van Wet 38 van 1927 met die posisie in die voormalige Franse, Belgiese, Portugese en Nederlandse Kolonies in Afrika en Nederlands-Indië. Ten slotte word riglyne vir die verbetering van die Suid-Afrikaanse regsposisie aanbeveel.

Die ryke verskeidenheid van onderwerpe wat in hierdie bundel saamgevat is en die hoogstaande gehalte daarvan is 'n treffende huldeblyk aan Paul van Warmelo.

CG VAN DER MERWE  
*Universiteit van Stellenbosch*

### JUDGES AT WORK 1910 – 1950

HUGH CORDER

*Juta Cape Town, Wetton and Johannesburg 1984; xxxii and 252 p*

Price R38,50 + GST

This recent work by Hugh Corder comes at an interesting time in South African jurisprudence when more lawyers, admittedly academic, are beginning to question the role judges play in the socio-economic and political order. (See for example: Forsyth and Schiller “The Judicial Process, Positivism and Civil Liberty II” 1981 *SALJ* 218; Dugard “Some Realism about the Judicial Process and Positivism – A reply” 1981 *SALJ* 372; Cameron “Legal Chauvinism, Executive-Mindedness and Justice – LC Steyn’s impact on South African Law” 1982 *SALJ* 38; Van Blerk “The Irony of Labels” 1982 *SALJ* 365; Dyzenhaus “LC Steyn in Perspective” 1982 *SALJ* 380 and “Judging Judges and Ourselves” 1983 *SALJ* 496; Kentridge “Pathology of a Legal System” 1980 *University of Pennsylvania Law Review* 603; Rabie “Regbank en Akademie” 1983 *De Jure* 21; Wacks “Justice and Injustice” (inaugural lecture, University of Natal); Davis “Positivism and the Judicial function” 1985 *SALJ* 103.)

A similar interest is present overseas, particularly in the United Kingdom where Professor Griffiths (*Politics of the Judiciary*) has written on the role judges play in society.

Why then Dr Corder’s book, and why deal with the period prior to 1950? Corder answers this question at the beginning of his book where he writes:

“[A]lmost all commentators concentrate on the period since the present government’s accession to office in 1948, and tend to assume that the courts functioned actively as

agents of justice and equality before that date. Secondly, almost all conclusions are based on vague impressions or limited samples of judicial pronouncements. There has been no systematic study of the role and attitudes of the judiciary, and even the important works of Dugard, Sachs and Kuper were based on an examination of a relatively narrow field of judicial activity.”

Corder certainly remedies these deficiencies as he exhaustively examines the educational, socio-cultural infrastructure of the judges who sat on the appeal bench between 1910 and 1950, as well as by illuminating the political context in which decisions were made.

In his examination of the “judicial infrastructure” he finds that for the most the judges came from the privileged classes of society – which was, and probably still is, quite common.

He examines the judgments of the AD in the various fields which most obviously involve matters of social and political policy. The fields of examination chosen by Corder include civil liberties, resistance and rebellion against government, industrial relations, immigration by Asians, as well as land ownership and occupation in the Transvaal.

Although there are some exceptions to be found, the overall position of the AD with regard to the abovementioned fields was to support the legislature, and so, Corder argues, help maintain the socio-political *status quo*.

It is sufficient to mention three areas considered by Corder to determine his conclusions concerning the role of the judiciary.

In the field of industrial relations, for example, he points out that the judges were on the whole fairly sympathetic towards employees (128) with respect to workmen’s compensation and conditions of employment; less so in dealing with strikers, and that they accepted the trade unions, unlike their English brethren. But, argues Corder, this was done rather in support of the legislature’s policy with regard to social conflict than of their own accord.

In dealing with race relations Corder concludes that in the field of racial discrimination the judiciary seemed quite happy to

“carry out legislative and electoral opinion in matters of race to the full. Except for *Detody* and, to a lesser extent, *Abdurahman* and *Abel*, there is no apparent attempt by the court to mitigate the harsh effects of oppressive laws, or to criticise their substance and application. Whether it be in respect of segregation of public amenities, the exercise of discriminatory liquor or sex laws, or crass prejudice, nowhere is there a sign of an endeavour to adhere scrupulously to the doctrine of equality of all people before the law, or even to remind the lawgiver, ever so gently, of this principle” (167).

In the field of land ownership and occupation his criticism is similar to that relating to racial discrimination where he notes the willingness of the judiciary to implement the harsh legislative policy of the legislature “without showing much concern for, or understanding of, the human consequences of the statutes” (215). Thus, Corder argues, there was a “close identification by the judiciary with the race policy of the social elite” (215).

His final assessment of the judiciary during the period 1910 and 1950 is that it failed to protect the individual adequately against encroachment upon his rights by the legislature, or put differently, the ruling social elite:

“In the end, judicial performance can be summed up as having been situated within the main current of ruling opinion in South Africa over the four decades, a course of conduct

quite in accordance with the curial history and contemporary events. In this process standards of justice suffered, and it has been shown that the judiciary failed to recognise the symptoms of its erosion. If criticism is to be made, it must be that the AD failed to display a positive commitment to justice on those occasions when the legislative will was advancing injustice in the social formation. In this way, the judges unwittingly aided the development of the socio-legal system which ignores many of the basic principles of justice in South Africa today" (241).

Whether or not one agrees with Corder's conclusions, his scholarship is beyond question. He expresses the same moral indignation and criticism of the judiciary as others do, notably Dugard – but it seems that Corder has moved beyond the restrictive "liberal model" by analysing and assessing the judicial function within a socio-political context.

But there appear to be problems with the conclusions drawn by Corder with respect to the functioning of the judiciary during this period. The problem relates rather to the "liberal tradition" (which enjoys a presence in Corder's work).

Two questions seem to be pertinent: should or could the judges have done something to oppose the legislative onslaught on justice? And, secondly, if they should/could have done something – what should they have done?

At least Dugard, amongst others, has argued that the judiciary should have manipulated the rules of interpretation in order to arrive at a just solution, and he has attacked positivism as being partly responsible for promoting injustice. It is not clear whether Corder also holds these views nor can this be ascertained from Dugard's review of the book (1985 *SALJ* 755 – 758).

Corder justly admits that the judiciary was allocated the weakest position in government (143) and that parliament had the ability to negate any "unpopular" decision it should make. Furthermore, he admits that the judges were locked into a judicial role which was supportive of the *status quo* – but that they did not object vociferously (244).

It is difficult to see exactly what the judiciary could have done. It seems that the most that could have been done was to speak out against injustice and manipulate the rules of interpretation as far as possible in order to champion the cause of liberty and the rights of the individual. This, it seems, is the view essentially adopted by Dugard. The efficacy of such a "libertarian" approach is highly questionable, if not illusory, for as Corder himself points out, the supremacy of parliament would soon have remedied the effect of "rebellious" judgments, as in fact happened in the 1950s.

Indeed, to expect the judiciary here, or anywhere for that matter, to act as a species of "opposition" to the legislature when the latter behaves in a legislatively reprehensible manner seems to be expecting too much from this arm of government. Traditionally such limitation on executive power should be exercised by the legislature, and not by the courts. The courts' power in this respect has always been circumscribed here and in England. The United States is a notable exception in that the supreme court enjoys a loftier position and is charged with testing the constitutionality of legislation – a duty long recognised and respected by that socio-political formation.

Furthermore, it is difficult to see how justice can be promoted by "libertarian" interpretations and utterings when applying legislation tainted with turpitude. In short, it seems that much of the criticism levelled at the judiciary by primarily "liberal" commentators, can be understood a little better by the realisation that

they expect far too much from the judiciary and overestimate its role in promoting justice.

Raymond Wacks (*Judges and Injustice* – inaugural lecture, University of Natal 1983–03–23) forcefully makes the point that

“[t]he judge seeking to do justice in an unjust system is plainly at the mercy of the legislature; as Didcott J recently remarked: ‘Parliament has the power to pass the statutes it likes, and there is nothing the courts can do about that. The result is law. But that is not always the same as justice. The only way that Parliament can make legislation just is by making just legislation’ ” (as quoted by Wacks 13).

The question whether the judiciary should oppose or speak out against government policy becomes almost peripheral when Professor Griffiths points out that

“law and politics, judges and Ministers, are all engaged in the same undertaking, the exercise and management of public power. Law is in truth an all-pervasive force, not merely something to be set over against political behaviour but integral, making a whole with it. Neither can be understood without the other. Law creates political power and contains it. Politics provides the context within which law operates” (*New Statesman* 1985–03–15 26).

Here in South Africa there is a new and vociferous debate about the judicial function. It seems that a new breed of lawyers is emerging who are effectively challenging the old limited and illusory liberal approach.

Thus Davis, *inter alia*, has argued that there is a need to move away from the positivist epistemology into a non-positivistic analysis. He writes:

“[W]hat is being suggested is that the judicial function be viewed both in terms of the prevailing political ideology and the nature of the ideology of law. The way in which these ideologies affect the manner in which the judges proceed with the business of interpreting legal norms cannot be understood by empirical observations alone.

Hence an analysis of the judiciary needs to transcend the limitations of a positivist epistemology. Only in this manner can jurisprudence develop an understanding of the way in which the relationship between legal and political ideology and the nature of language shape the judicial function” (1985 *SALJ* 103 118).

Dr Corder’s book is certainly a contribution to this new epistemology and deserves the attention of all legal scholars. It is a fine contribution to South African legal history and jurisprudence.

ANDREW CAIGER  
*University of Bophuthatswana*

## NEW MARRIAGE (MATRIMONIAL) PROPERTY ACT 88 OF 1984

by AS VAN DER SPUY

*Cosmos Publications (Pty) Ltd, Marshalltown; iv & 140p*

Price R20,00 + GST (soft cover)

This book is one of the first publications dealing with the new Matrimonial Property Act 88 of 1984. It is aimed at a wide market – the author states in his preface (3): “[P]ractical knowledge of the new Act is essential for all concerned individuals and this book provides the knowledge for specialist and lay person

alike” and “[the] handbook will be useful and informative to the general public, but we consider that its real value rests in the practical assistance it may offer to judges, advocates, attorneys, notaries, magistrates . . . [and] law students . . .” The book is thus intended to be a practical guide, primarily for the benefit of legal practitioners.

For various reasons, the 60 odd pages of text do not, however, quite succeed in achieving this aim.

In the first place, the work is too superficial to be of real value for practitioners. Important problems arising from the application or interpretation of certain provisions of the act are dealt with cursorily, or not at all. A single example will suffice to illustrate the point. The numerous uncertainties concerning the practical effect of both spouses married in community of property for certain transactions, receive scant attention. The relevant types of transactions and forms of consent are listed (20–23) and the protection afforded by section 15(9) to third parties in cases where the necessary consent is absent, is briefly mentioned (26 par 2.0). Beyond exhorting third parties to insist on *written consent* by the other spouse for *every transaction* concluded with a spouse married in community of property (26 par 4.5) – a somewhat drastic measure – there is no attempt at for example discussing possible interpretations or giving guide-lines concerning the application of the act.

Secondly, certain changes brought about by the act are not mentioned at all. An example is the fact that the Succession Act 13 of 1934 is amended, by section 27, to provide that where a spouse, married in accordance with the accrual system, dies intestate, the surviving spouse’s share of the accrual is taken into account when calculating the amount that the survivor inherits from the deceased.

In the third place, incomplete information concerning certain aspects sometimes creates a misleading picture. The author’s explanation of section 18(a) and (b) (59–60) (concerning *inter alia* delictual claims between spouses married in community of property), for example, does not indicate that the damages now recoverable in such claims are limited to damages “other than damages for patrimonial loss . . .”

Finally, statements are made which are quite simply incorrect. The point can be illustrated by quoting only one or two examples. On page 44 the author states: “[T]he result of the above . . .” (“the above” being section 23 of the act) “is that after 1 November 1984, neither a husband nor a wife is liable to contribute more than his or her *pro rata* share of the household necessities, i.e. each in accordance with his or her income.” Section 23, however, expressly changes the basis of this liability from *income* to *financial means*, which has a much wider meaning. On page 60, the author states, concerning the marriage of a minor concluded without the necessary consent: “[I]f the marriage is not set aside then any Antenuptial Contract is given full effect if accrual is included.” Section 24(2) in fact provides that in such a case “any antenuptial contract in terms of which the accrual system is included . . . is deemed to have been validly executed.” This means that only an antenuptial contract which includes the accrual system will be given full effect, that is to say, despite absence of the consent of the minor’s guardian to it. (Incidentally, section 24(2) of the act is incorrectly reprinted on page 85 of the book. It reads “[I]f such a marriage is dissolved . . .”, but should read “[I]f such a marriage is *not* dissolved . . .”)

Appendices II and III may well be of value to especially advocates and attorneys. They contain specimen antenuptial contracts and court application forms, reflecting the changes in legal rules and encompassing the new procedures brought about by the act.

It should be obvious that, as far as the value of the book for lay readers is concerned, certain of the inaccuracies and omissions that I have pointed out will also take their toll. Their book will, however, furnish the lay reader with a general idea of the changes brought about by the new act. The numerous examples illustrating the accrual system (32-34) and the diagrams illustrating the different matrimonial property systems (52-58) are especially helpful in this regard.

ANNÉL VAN ASWEGEN  
*University of South Africa*

**GRONDTREKKE VAN DIE SIVIELE PROSESREG IN DIE  
LANDDROSHOWE**

deur CF ECKARDT

*Juta en Kie Kaapstad, Wetton, Johannesburg 1984; lxi en 412 bl*

Prys R48,00 + AVB (sagteband)

Hierdie boek is in meer as een opsig 'n baken in die Suid-Afrikaanse regsletteratuur. Nie net is dit die eerste Afrikaanse handboek oor die siviele proses in die landdroshowe nie; dit is ook een van die weinige boeke waarin gepoog word om die praktiese inslag van hierdie vakgebied tot sy reg te laat kom. Die skrywer is 'n juris met wye praktykservaring en juis vanweë hierdie agtergrond is hy goed toegerus om 'n werk van dié aard die lig te laat sien.

Op bladsy 8 is die skrywer se benadering tot die prosesreg duidelik merkbaar. Volgens hom moet die reëls en prosedure van die siviele prosesreg teen die agtergrond van 'n geding tussen die twee partye gesien word. So gesien, word die reëls instrumente in 'n taktiese spel wat daarop gemik is om 'n oorwinning vir 'n bepaalde party te bewerkstellig. Hiermee saam moet praktisyns, as beamptes van die hof, in gedagte hou dat hulle 'n verpligting het om toe te sien dat die reëls nie vir "tegnikaliteite" misbruik word nie, maar dat dit gebruik word om geskilpunte tussen die partye te isoleer sodat die algemene beginsels van die materiële reg wat toepassing vind, duidelik na vore kom.

Die helder en eenvoudige wyse waarop die wet en reëls bespreek word, getuig van iemand wat sy vakgebied tot 'n groot hoogte bemeester het. Daar is egter dele van die werk wat aan diepte ontbreek. Die bespreking van byvoorbeeld artikel 28(1)(a) van die Landdroshowe Wet 32 van 1944 in die hoofstuk oor jurisdiksie is myns insiens ietwat skraap. Benewens die vestiging van jurisdiksie, kon die kwessie van verlies daarvan soos onder andere bespreek in *Tick v Broude* 1973 1 SA 462 (T) ook aandag geniet het.

Die boek is mildelik geïllustreer met voorbeelde van kennisgewings en pleitstukke. Hierdie voorbeelde tesame met die gedetailleerde voorskrifte vir die opstel van stukke behoort veral vir die leerklrek, pupil en senior student van baie hulp te wees. Vir die skrywer bly dit egter nie net by die weergee van voorbeelde nie. Ten einde die relevante beginsels bloot te lê, neem hy 'n bepaalde aspek, byvoorbeeld "Die Voorbereiding en Verhoor" (hoofstuk 15) en behandel dan die relevante wetsartikels en reëls in samehang daarmee. Sodoende bring hy die logiese aard van die siviele prosesreg na vore. Hoofstuk 16 bevat 'n waardevolle bydrae wat handel oor koste. Daar bestaan lank reeds 'n behoefte aan 'n samevattende bespreking van die aspekte wat verband hou met koste in die landdroshof. Hierdie hoofstuk vul daardie leemte.

Ek is dit eens met die skrywer (8) dat navorsing ten opsigte van hooggeregs-hofprosedure met vrug aangewend kan word by die bestudering van die ooreenstemmende prosedure in die landdroshof. Die gewysdes wat in die voetnote voorkom, toon dat hy hierdie voorneme gestand doen. Sy werkswyse het egter 'n dieper impak want dit stel 'n standaard daar wat as voorbeeld kan dien vir almal wat by regspleging in hierdie hof betrokke is.

In aansluiting by die vorige paragrafe kan 'n mens sê dat die werklike meriete van hierdie boek lê in die interpretasie van die wet en reëls en die kommentaar wat die skrywer daarop lewer. Sy argumente is van so 'n kwaliteit dat dit 'n mens dwing om jou eie sieninge oor hierdie vakgebied in heroerwering te neem.

Die boek is goed versorg en min taal- en drukfoute is te bespeur. Regshandboeke se pryse bly altyd 'n netelige kwessie. In die lig van die huidige inflasiekoers behoort 'n bedrag van R48,00 egter nie te veel wenkbroue te laat lig nie.

Om af te sluit: Vir die praktisyn is hierdie werk onontbeerlik. Maar die belangrikheid daarvan gaan veel verder. Akademici en amptenare betrokke by die regspleging asook elke regstudent behoort hierdie werk baie waardevol te vind.

IM BREDENKAMP  
*Universiteit van Suid-Afrika*

**THE PRACTITIONER'S GUIDE TO THE ALIENATION OF LAND  
ACT**

deur ADJ VAN RENSBURG en SH TREISMAN  
*Butterworth, Durban Pretoria; 2e uitg 1984; 332 bl*

Prys R46 + AVB (sagteband)

Die eerste uitgawe van hierdie werk is volledig deur my bespreek in 1983 *THRHR* 108. Die voorneme is nie om weer die tweede uitgawe te bespreek nie en die opmerkings wat volg, is meer in die aard van 'n boekaankondiging. In die gemelde resensie is die standpunt uitgespreek dat die boek 'n onontbeerlike en uitstekende werk is. Dit geld eweseer vir die jongste uitgawe.

Die skrywers meld in hulle voorwoord dat die eerste uitgawe in 'n kort tydjie uitverkoop was. Dit is geen verrassing nie. Hulle besluit om 'n nuwe uitgawe op die merk te plaas, in stede daarvan om te volstaan met 'n herdruk, moet verwelkom word. In die tweede uitgawe word die jongste wetswysigings en gesag bygewerk. Boonop het die skrywers sekere verdagte stellings in die eerste uitgawe heroorweeg en kom hulle met nuwe standpunte na vore. Dit op sigself maak die nuutste uitgawe 'n noodsaaklike aankoop. Daar is enkele bronne waarna die skrywers gerus kon verwys het in hulle tweede uitgawe wat die volledigheid van die werk verder in die hand sou gewerk het. Ek laat dié aangeleentheid doelbewus daar en sal die betrokke bronne aan die skrywers self verstrek indien hulle daarin sou belangstel.

'n Interessante pluspunt van die boek is dat die outeurs meld dat hulle kennis geneem het van kritiek deur resensente op die eerste uitgawe, en dat hulle gepoog het om die kritiek te akkommodeer. Die kritiek sowel as die skrywers se reaksie daarop is nagegaan. Dit is duidelik dat die skrywers inderdaad standpunte wat in die resensies opgeneem is op betreklik groot skaal in hulle jongste uitgawe ingesluit het. Dit is 'n lofwaardige poging en maak die akademiese gesprek sinvol. Regskrywers, seker maar die meeste van ons in 'n mindere of meerdere mate, is dikwels te selfvoldaan en sensitief om kennis te neem van gegronde kritiek. Daarmee ontnem die skrywer homself die geleentheid om op vroeëre pogings te verbeter. Van Rensburg en Treisman het hierdie onnodige opgeblasenheid ontkom.

Die tweede uitgawe word sonder voorbehoud by akademici, praktisyns, sake-lui en studente aanbeveel.

JM OTTO

*Randse Afrikaanse Universiteit*

## ENGINEERING AND CONSTRUCTION LAW

by PC LOOTS

*Juta Cape Town Wetton and Johannesburg 1985; xxxv and 431 pp*

Price R110,00 + GST

"It may well be that, as I have already suggested, a century ago building was a much more straightforward operation requiring no specialist skills other than those ordinarily to be found in the local builder . . ."

(*per Piers Ashworth QC in National Coal Board v Wm Neill & Son (St Helens) Ltd 1984 1 All ER (QBD) 557 571*). This *dictum* rings true not only in England, but in South Africa as well. Builders, architects and engineers are increasingly facing development and related problems, both in their field and in the law pertaining thereto. Lawyers called upon to resolve legal issues in the building trade are confronted with very similar problems and developments. In this respect, the author deserves to be commended on this book which appears at

a time when the need for a closer link between the building trade and the legal profession is keenly felt.

The paucity of South African authority in this field is most clearly reflected by the references to English authorities in our latest decisions (for example, in *Alfred McAlpine & Son (Pty) Ltd v Transvaal Provincial Administration* 1974 3 SA 506 (A), there were allusions (518 538) to the tenth (1970) edition of Hudson *Building and Engineering Contracts*, and the sixth (1962) edition of Emden and Watson *Building Contracts and Practice* (538), whilst in *Universiteit van Stellenbosch v JA Louw (Edms) Bpk* 1983 4 SA 321 (A), Galgut AJA (337) refers to the tenth (1970) edition of Hudson *Building and Engineering Contracts*). From a South African legal point of view, Loots' work is therefore more than welcome being one of the few, if not the only comprehensive publication in its field which is truly relevant for the South African building trade, and which revives the Roman-Dutch element in construction law, at least, in so far as the influence of Voet 19 2 34 is concerned.

The first fifty pages are devoted to a rather general exposition of the law relating to engineering and construction matters. The significance and classification of construction contracts, unjust enrichment and *quantum meruit* are examined. The author also provides a concise but valuable exposition on professional responsibility in the construction industry. Bearing in mind that the book also caters for the layman who lacks a legal background, an account of the general legal principles relating to the formation of contractual obligations would not have come amiss.

The rest of *Engineering and Construction Law* deals analytically with the printed *General Conditions of Contract (1982) for Use in Connection with Works of Civil Engineering Construction*. As the author justly indicates in his preface,

“(t)he employer, the consulting engineer, the contractor and the subcontractor are given a detailed analysis of each clause of the General Conditions of Contract including the practical background necessary for an understanding of each clause in the context of the contract, while the legal background is set out by way of notes, case references, case studies and cross-references” (xi).

By the author's own admission (xii) the judgment in *Melmoth Town Board v Marius Mostert (Pty) Ltd* 1984 3 SA 718 (A) was passed when his work was already in the process of being printed. He was therefore unable to do more than refer to it. As in *Melmoth Town Board v Marius Mostert (Pty) Ltd* 1983 1 SA 700 (D), the basic issue to be resolved in this case was whether the engineer could adjust the contract price in the manner reflected in the final certificate, read with the appendix to the relevant variation order in terms of clause 54 of the *General Conditions of Contract*. The appellate division, like the court *a quo* answered this question in the negative, but for a different reason. It held that the engineer, whilst purporting to apply the provisions of clause 54 (which requires consideration of the effect of the overall increase or decrease in the tender price, and not of the effect of an increase or decrease resulting from one of a number of variations) actually sought to invoke clause 52(2) of the *General Conditions of Contract*.

An easy, flowing style of writing is maintained throughout the book. With the lay reader in mind, legal jargon and Latin terminology are avoided as far as possible. However, a more detailed explanation of *de minimus non curat lex*

and the *exceptio non adimpleti contractus* (20) would have been in order particularly in view of the fact that neither of these maxims are included in the glossary of legal terms (387).

References to notes, cases and other works are extensive and impressive. However, at times the contextual method of reference hampers uninterrupted reading, and perhaps the footnote method would have been more suitable. The editing, language and technical treatment are all excellent, save for the following minor errors which are recorded merely so that they may be corrected in future editions: "byelaws" should read "bye-laws" (xi); "assignment of sub-contractors obligations" should read "assignment of subcontractor's obligations" (xix); *Melmoth Town Board v Marius Mostert (Pty) Ltd* 1984 3 SA 718 (A) is mentioned at 259, and should therefore be indexed in the table of cases at xxix; the excerpt purported to have been taken from page 172 of *Hudson Building and Engineering Contracts* actually appears on page 173 of that work (11); "*Union Government v Viavini Ferro-Concrete Pipes (Pty) Ltd* 1941 AD 43" should read "*Union Government v Vianini Ferro-Concrete Pipes (Pty) Ltd* 1941 AD 43" (67); "*Yodaiken v Aughern & Piel* 1914 TPD 254" should read "*Yodaiken v Anghern & Piel* 1914 TPD 254" (122); "*Melmoth Town Board v Marius Mostert (Pty) Ltd* 1983 1 SA 700 (D)" should read "*Melmoth Town Board v Marius Mostert (Pty) Ltd* 1983 1 SA 700 (D)" (249).

In conclusion, one could say that this work represents a tangible example of cross-pollination between two worthy disciplines, and that it has earned itself a rightful place on bookshelves – not only those of lawyers, but of all who are practically involved in the construction industry.

GIORGIO RADESICH  
University of South Africa

## THE INHERENT JURISDICTION OF THE SUPREME COURT

JEROLD TAITZ

*Juta Kaapstad Johannesburg 1985; xxv en 113 bl*

Prys R25,00 + AVB (slegs sagteband)

Hierdie boek, die eerste enkele werk oor die betrokke onderwerp, is 'n gedeelte van die skrywer se proefskrif met dieselfde titel wat in 1983 aan die Universiteit van Kaapstad voorgelê is. Alhoewel dit nie duidelik uit die titel van die boek blyk nie, stel die skrywer hom ten doel om meer lig te werp op die inherente jurisdiksie van die hooggeregshof van *Suid-Afrika*. 'n Gedeelte van die boek word egter (onvermydelik) gewy aan die regsposisie in Brittanje sowel as lande van die Britse statebond.

Die materiële inhoud van die boek is in tien dele ingedeel en soos te wagte kan wees by 'n verwerkte proefskrif, is dit van 'n gevolgtrekking voorsien. Dat

die skrywer inderdaad meer lig op die aangeleentheid werp, blyk uit die volgende aanhalings:

"2 The general jurisdiction of the Supreme Court is not derived from its inherent jurisdiction alone. The Court owes its general jurisdiction to legislation, the common law and its inherent jurisdiction;"

"The notion of unlimited jurisdiction is separate and distinct from the notion of inherent jurisdiction possessed by superior courts"(4).

Inherente jurisdiksie word beskou as

"those (unwritten) powers, ancillary to its common law and statutory powers, without which the Court would be unable to act in accordance with justice and good reason"(8).

". . . the term [inherente jurisdiksie] is often misused by jurists as a convenient 'umbrella term'.

(b) . . .

(c) The inherent jurisdiction of the Court should not be equated with any prerogative powers enjoyed by it.

(d) The inherent powers enjoyed by the Court are not synonymous with principles of common law. The latter may be seen as positive substantive law, which is largely unwritten. On the other hand, inherent powers are discretionary in nature" (54).

"Considering the nature and purpose of the inherent jurisdiction of the Court, the development of common law review and its many features by the Court may be attributed to such inherent powers"(77).

"It remains only for the Appellate Division to decide which of the two recent judgments (*Cerebos Food Corporation Limited v Diverse Foods SA (Pty) Ltd* 1984 4 SA 149 (T) en *Trade Fairs and Promotions (Pty) Ltd v Thomson* 1984 4 SA 177 (W)) is correct in law regarding the *ubi ius ibi remedium* principle. Perhaps the Appellate Division may have occasion to consider the Anton Piller order in relation to the inherent jurisdiction of the court" (92 – my kursivering).

"The two most significant differences between *ubi ius ibi remedium* and the inherent jurisdiction of the Court, as judicial means of creating remedies, lie first in the fact that the Court enjoys a discretion whether or not to create or modify a remedy through its inherent powers. Secondly, before the Court may resort to the *ubi ius ibi remedium* the aggrieved party must establish his enjoyment of a substantive right. On the other hand, the Court appears to have granted relief, by virtue of its inherent powers, where the aggrieved party possessed no more than procedural rights" (96).

Met hierdie uitsprake (en vele ander) trek die skrywer 'n streep deur geëkte standpunte soos dié in byvoorbeeld Herbstein en Van Winsen *The Civil Practice of the Superior Courts in South Africa* (1979) 23 dat die hooggeregshof uit hoofde van sy inherente jurisdiksie enigiets mag doen wat nie deur die reg verbied word nie (m a w dat die hooggeregshof se algemene jurisdiksie vanaf sy inherente jurisdiksie verkry word) en die standpunt dat die inherente jurisdiksie van die hooggeregshof sinoniem is aan die gemeenregtelike jurisdiksie daarvan. (Vgl o a Forsyth *Private International Law* (1981) 140; Gering e a *LAWSA* (red Joubert) 11 (1985) 398; Brookes *LAWSA* (red Joubert) 3 (1981) 45; asook Snyman en Morkel *Strafprosesreg* (1985) 560 21.1(a).)

Taitz slaag met hierdie werk daarin om op 'n wetenskaplike wyse die oorsprong, aard en uitoefening van inherente jurisdiksie op 'n vaste basis te plaas en toon daarmee weer eens aan dat deeglike en voortdurende navorsing tot voordeel van sowel akademie as praktyk strek.

Die skrywer se styl en aanbieding is goed en die boek lees maklik. Die omslag van die boek is modern en dit breek weg van die tradisionele voorkoms van regsboeke. Een punt van kritiek is dat die veelvuldige herhaling van die uitdrukkings "these examples are not exhaustive" (vergelyk o a 14, 15, 18 en 23) en "it is apposite" (vergelyk o a 36, 40, 66, 67 en 70) soms irriterend kan wees.

Ander punte van kritiek is dat die leser in 'n mate, soos hierbo genoem, deur die titel van die boek in die duister gelaat word; dat ten spyte van 'n omskrywing van die begrip "inherente jurisdiksie" in die inleiding van die boek, eers op bladsye agt en nege van die teks 'n volledige omskrywing hiervan aangetref word; en dat die leser nie voldoende ingelig word oor *hoe* die Engelse hoërhowe inherente jurisdiksie verkry het nie.

Die tegniese versorging van die boek is oor die algemeen goed maar, soos feitlik die geval is by enige boek, is daar foute: bladsy xx: *Collet v Priest* in plaas van *Collett v Priest*; bladsy 49 12e reël van bo: 'Court' ipv 'court'; bladsy 70: hakie weggelaat na "... (or even a maxim . . .)"; Dit is myns insiens ook onnodig om naas die buiteblad, 'n aparte titelbladsy (i) en daarnaas (iii) eers die normale titelbladsy te hê. In die geheel gesien, is dit 'n boek wat teen die billike prys van R25,00 deur enige regsgeleerde aangekoop en met vrug geraadpleeg kan word.

DANIE VAN LOGGERENBERG

*Universiteit van Port Elizabeth*

## ROMEINSRECHTELIJKE GRONDSLAGEN VAN HET NEDERLANDS PRIVAATRECHT: INLEIDENDE HOOFDSTUKKEN

deur R FEENSTRA

*EJ Brill/Universitaire Pers Leiden 1984: xxii en 335 bl*

Prys 68,00 Gulden

Hierdie boek is die vierde hersiene druk van 'n hoogs suksesvolle werk deur 'n skrywer wat geen bekendstelling nodig het nie. Die rede vir die verskyning van die hersiene druk is om die verwysings na die Burgerlijk Wetboek aan te vul met verwysings na die Nieuw Burgerlijk Wetboek (meer besonderhede oor laasgenoemde word gegee in § 27). Hier en daar word ook begrippe wat in die NBW verskyn, verduidelik. Geen groot wysigings is egter met betrekking tot die derde druk aangebring nie (voorwoord tot die vierde druk p ix).

Hierdie werk is alreeds volledig bespreek (vgl bv 1978 *THRHR* 99; 1979 *THRHR* 458; 1980 *SALJ* 334; 1981 *THRHR* 225; 1981 *SALJ* 294; 1984 *SALJ* 782). Die inhoud daarvan sal dus nie verder bekend gestel word nie.

By die beoordeling van die werk moet deurgaans in gedagte gehou word dat dit primêr geskryf is as 'n handboek vir studente. Op 'n volledige uiteensetting van die beginsels van die Romeinse reg maak die werk nie aanspraak nie vanweë die beperking daarop gestel in die titel: die stof word konstant aangebied met die Nederlandse privaatreg as *terminus ad quem*. Met hierdie twee feite in gedagte lig die skrywer die basiese beginsels van die Romeinse reg uit, en hy slaag voortreflik daarin om selfs ingewikkelde en moeilike kwessies op 'n eenvoudige en verstaanbare wyse te verduidelik. (Vgl bv die bespreking oor eiendom en besit (§ 74 e v) en die algemene bespreking wat die verbintenisreg voorafgaan

(§ 214 e v). Ten einde dit vir studente makliker te maak om die vereistes vir *usucapio* te onthou, word selfs 'n vers in heksameter gegee (§ 128). Latynse terme word ook deurgaans vertaal en verduidelik waar nodig. Dit kom ten slotte as geen verrassing nie dat daar aan die einde van die werk 'n bylae voorkom wat voorbeelde van *formulae* met vertalings daarby bevat, asook 'n tydtabel waarin enkele belangrike datums en gebeure in die Romeinse en Europese regsgeiedenis genoem word.

Eweneens met studente in gedagte, het die skrywer gepoog om so 'n nou as moontlike band te laat bestaan tussen die werk en die bekende leerboek van Kaser-Wubbe, *Romeins Privaatrecht*, vertaal en bewerk deur FBJ Wubbe (hier te lande beter bekend is die vertaling deur RKHWH Dannenbring – *Roman Private Law* waarvan die vierde uitgawe in 1985 verskyn het).

Alhoewel die skrywer self noem (voorwoord tot die vierde druk p ix) dat die gemelde boek van Kaser as inspirasie gedien het tot vele onderwerpe in die werk, is daar van 'n slaafse navolging of blote oornameword van die stof in Kaser geen sprake nie. Dikwels gaan die skrywer verder en bespreek onderwerpe in meer besonderhede en met vollediger verduideliking (vgl § 266 met betrekking tot die vraag of die *actio legis Aquiliae* ook aangewend kon word ten opsigte van die verwonding of dood van 'n vry persoon; § 96 met betrekking tot *mancipatio*; § 394 met betrekking tot verteenwoordiging in die verbintenisreg waar ook gekyk word na die sosiale en maatskaplike faktore wat noodsaaklik is vir 'n begrip van die onderwerp; en die kritiek wat die skrywer uitspreek in sy behandeling van die *actio Publiciana*: § 89). Ook word nie gehuiwer om op die sistematiek van Kaser se leerboek te verbeter en om die stof vir die studente makliker toeganklik te maak nie (vir 'n goeie voorbeeld vgl § 302 e v met betrekking tot aanspreeklikheid op grond van 'n verbintenis).

Soos in die verlede is verwysings in die note (in die vorm van kleindruk aan die einde van paragrawe) kort en bondig en wat moderne literatuur betref, word slegs na ongeveer ses handboeke verwys. Die ernstige student sal dus self moet gaan soek na resente bydraes oor die Romeinse reg.

Professor Feenstra het die werk geskryf vir Nederlandse studente. Tog is hierdie werk van groot belang vir plaaslike studente en academici. In die behandeling van die grondslae van die Nederlandse privaatreë word daar telkens gewys op die ontwikkeling wat na Justinianus plaasgevind het in byvoorbeeld die Kanonieke reg, by die Glossatore ensovoorts. In die lig van die regserfenis wat Suid-Afrika en Europa deel, kan hierdie gedeeltes met goeie gevolg gebruik word deur 'n persoon wat die historiese ontwikkeling van 'n bepaalde regsinstelling moet ondersoek. Nuttig in dié verband is dan ook 'n bronneregister wat die verskeidenheid tekste waarna verwys word vir die leser maklik toeganklik maak. Dosente en studente in die regte kan hierdie werk met groot vrug aanwend bykomstig tot die handboeke wat tans in gebruik is. Daar kan baie gebaat word by die wyse waarop die stof uiteengesit en verduidelik word.

Die behoefte wat daar in Suid-Afrika bestaan aan 'n werk wat die Romeinse reg op soortgelyke wyse behandel, word deur hierdie boek weer eens beklemtoon.

## 'N INLEIDING TOT DIE WET OP HUWELIKSGOEDERE 1984

deur JUNE SINCLAIR, vertaal deur COENRAAD VISSER

*Juta Kaapstad Wetton en Johannesburg 1984; ix en 107 bl*

Prys R14,70 + AVB (sagteband)

Professor June Sinclair se monografie oor die nuwe Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 het tot dusver hoofsaaklik gunstige kommentaar uitgelok (sien by DJ Joubert 1985 *SALJ* 345; Joan Church 1985 *De Rebus* 194). Dit is nie onverdient nie. In die geheel gesien, bied die boek 'n volledige uiteensetting van die bepalings van die wet, sowel as nuttige, en dikwels indringende, besprekings van problematiese aspekte. Onduidelikhede in die bewoording van die wet, moontlike interpretasieprobleme en dies meer word deeglik onder die loep geneem. Heelwat van dié tipe besprekings en redenasies kom voor in die voetnote van die boek – hulle moet dus nie oor die hoof gesien word nie. Moontlike oplossings of riglyne word aan die hand gedoen en dit dra myns insiens grootliks by tot die waarde van die boek vir die regsprofessie.

Die skrywer skroom nie om kritiek uit te spreek oor dit wat sy as gebreke of leemtes in die wet beskou nie, maar haar kritiek is selde ongemotiveerd. Sommige van haar standpunte in hierdie verband is egter aanvegbaar. 'n Voorbeeld is haar pleidooi vir die uitbreiding van die regterlike diskresie om by egskeding bates van die een gade na die ander oor te dra (56–58). Dié diskresie word deur artikel 36 van die wet verleen slegs in geval van huwelike buite gemeenskap van goed en van wins en verlies, sonder aanwasdeling, wat vóór 1984-11-01 gesluit is. Die basis vir die uitoefening van die diskresie is 'n direkte of indirekte bydrae wat die ontvanger van die bate gemaak het tot die groei of instandhouding van die boedel van die (oorspronklike) eienaar van die bate. Benewens verdere uitbreidings, bepleit Sinclair dat die grondslag vir die uitoefening van die diskresie (om bates oor te dra) eerder *behoefte* ("need") moet wees, en dat bydraes gemaak deur die ontvanger slegs by die bepaling van die omvang van die bates wat toegeken word, 'n rol moet speel. Ek is nie oortuig dat die gebruik van behoefte as enigste grondslag vir die uitoefening van die diskresie wenslik of selfs billik is nie. Die voorbeeld wat die skrywer ter stawing van haar standpunt gebruik, illustreer wel dat 'n vrou wat nie in staat was om gedurende die bestaan van die huwelik 'n bydrae te maak nie, nie by egskeding op haar man se bates aanspraak kan maak nie – sy het darem wel 'n aanspraak op onderhoud. Indien behoefte egter die bepalende faktor sou wees, sou dit ewe onbillik werk teenoor 'n vrou wat bereid en in staat is om te werk, 'n bydrae tot haar man se boedel lewer en selfversorgend word. Sy sou nòg op 'n deel van haar man se bates, nòg, afhangende van die omstandighede, op onderhoud geregtig wees. Sekerlik is *bydrae* in so 'n geval 'n billiker grondslag as behoefte. Deur behoefte bepalend te maak, loop mens die gevaar om vrouens in soortgelyke omstandighede te ontmoedig om bydraes te maak of selfversorgend te word uit vrees dat hulle

sodoende alle aanspraak op enige toekenning by egskeding sal verloor. Dit sal die sosio-ekonomiese probleme (waarop die skrywer self in die eerste hoofstuk van die boek wys) waarmee die huweliksgoederereg alreeds by egskeding te kampe het, net vererger — vergelyk byvoorbeeld die sogenaamde “new poor” en die gebrek aan bates of inkomste wat beskikbaar is vir verdeling.

Sinclair stel dit in haar voorwoord baie duidelik dat die boek slegs ’n inleiding is. ’n Mens kan gevolglik nie te krities wees indien iets oor die hoof gesien word of nie volledig bespreek word nie. Dit gebeur in elk geval selde. Ek wil darem op twee gevalle wys waar die presiese bewoording van die wet nie akkuraat weergegee word nie en waar dit wat in die boek gesê word, gevolglik ’n verkeerde indruk mag skep.

Artikel 27 van die wet wysig artikel 1(1)(b) van die Erfopvolging Wet 13 van 1934. Laasgenoemde artikel reël die reg van langslewendes om intestaat van hul oorlede gades te erf. Die wysiging maak voorsiening vir ’n huwelik gesluit volgens die aanwasbedeling. Op 37 voetnoot 126 word gesê dat die langslewende gade in ’n huwelik volgens die aanwasbedeling geregtig is om ’n “kindsdeel, of soveel as wat tesame met die *vordering vir enige aanwas in die bestorwe boedel*, nie R50 000 oorskry nie” te erf (my kursivering). Die Engels is gelykluidend. Dit sou beteken dat ’n mens die langslewende se erfdeel eenvoudig bepaal deur sy of haar vorderingsreg op aanwas teen die oorledene se boedel van R50 000 af te trek, sonder om enige aanwas wat die langslewende se eie boedel mag toon, hoegenaamd in ag te neem. Die bewoording van die wet is egter “’n kindsdeel, of soveel as wat tesame met sy of haar aandeel in die *aanwas van die huwelikspartye se boedels*” nie R50 000 oorskry nie (my kursivering). Die Engels is soortgelyk. ’n Letterlike uitleg van dié bepaling noop ’n mens tot die gevolgtrekking dat nie alleen die langslewende se vorderingsreg op aanwas teen die oorledene se boedel nie, maar ook eersgenoemde se eie aanwas, van R50 000 afgetrek moet word. Om ’n gade se aandeel in die aanwas van *beide partye se boedels* te bepaal, moet ’n mens sy eie aanwas by sy aandeel in die ander party se (groter) aanwas tel. Dit sal dan neerkom op die helfte van die totale aanwas in albei boedels. Hierdie bedrag sal natuurlik groter wees as die vorderingsreg wat die gade met die kleinste aanwas teen die ander (se boedel) het, tensy eersgenoemde se boedel geen aanwas toon nie, in welke geval die bedrae ewe groot sal wees.

Artikel 24 van die wet reël die vermoënsregtelike gevolge van ’n minderjarige se huwelik wat sonder die nodige toestemming aangegaan is. Op 67 word die bewering gemaak dat indien so ’n huwelik nie ontbind word nie, die vermoënsregtelike gevolge daarvan dié is wat deur die partye by huweliksluiting gekies word “en dat ’n huweliksvoorwaardekontrak . . . geag . . . [word] . . . geldig verly te wees.” Die duidelike bewoording van artikel 24(2) stel dit egter onomwonde dat alleenlik “enige *huweliksvoorwaardes ingevolge waarvan die aanwasbedeling ingesluit is* . . . geag [word] geldig verly te wees” (my kursivering). Indien die skrywer wil argumenteer dat afgewyk moet word van die letterlike interpretasie van die wet sodat ook huweliksvoorwaardes wat aanwas uitsluit, geldig geag word, moet so ’n uitleg goed gemotiveer word met verwysing na die reëls van wetsuitleg.

Die boek is in Afrikaans vertaal deur Coenraad Visser. Vertaling is op sigself 'n kuns, en wanneer vakpublikasies vertaal word, stel die vereistes van getrouheid aan die oorspronklike teks en vloeiendheid en akkuraatheid van die vertaling baie hoë eise aan die vertaler. Boonop verwag die leser dat die vertaling idiomaties en vlot moet lees en dat terminologiese onduidelikhede nie moet voorkom nie.

In die geheel gesien, kwyt Visser hom goed van sy taak. Die Afrikaanse uitgawe is 'n getroue weergawe van die oorspronklike en alhoewel 'n mens hier en daar aan die woordorde en -gebruik kan merk dat die boek nie oorspronklik in Afrikaans geskryf is nie, is die vertaling in die algemeen vlot en idiomaties. Hier en daar is egter iets wat pla. Op 31 word "do not make sense" vertaal met "sinneloos," wat *sonder sinne*, dit wil sê *mal*, beteken. Die korrekte woord hier is "sinloos," wat *sonder sin*, dit wil sê *betekenisloos*, beteken. Die vertaling van "anachronism" met "tydteenstrydigheid" (30 en 48) is verdag. Dié Afrikaanse woord is so onbekend dat min lesers met die eerste oogopslag sal weet wat dit beteken, terwyl *anachronisme* 'n bekende en korrekte Afrikaanse woord is. "Actions sounding in property" word op 31 met "aksies in terme van goed" vertaal, terwyl *betreffende* of *met betrekking tot* myns insiens beter Afrikaans sou gewees het.

In enkele gevalle is die oorspronklike Engels nie getrou in die Afrikaans weergegee nie. Op 46 voetnoot 149, is "the courts . . . *did not strain to find* that the donation fell within the . . . class" soos volg vertaal: "[D]it was *nie vir die howe moeilik om te bevind* dat die skenking binne die . . . klas geval het nie." "[T]he reciprocity of the duty of support *and the duty of both spouses to contribute* towards . . . the joint household" word op 147 voetnoot 150 "die wederkerigheid van die onderhoudspilig *om by te dra tot . . . die gemeenskaplike huishouding.*" Op 53 word "the court will *retain* its power to . . . *and, in addition . . . will be able to direct*" vertaal met "behou die hof sy bevoegdheid om . . . *asook om . . . te beveel.*" "[A] contract of maintenance for services" word op 56 " 'n kontrak vir die instandhouding van dienste," terwyl die betekenis van die sinsnede in die samehang 'n *kontrak om onderhoud te betaal in ruil vir dienste* is. In al hierdie gevalle verskil die betekenis van die Afrikaanse sinsnedes van dié van die oorspronklike Engels en dit kan uiteraard verwarring skep.

Op 'n paar plekke is woorde wat in die Engelse teks voorkom in die Afrikaans uitgelaat of verander. Die meeste van hierdie gevalle is waarskynlik te wyte aan die drukkersduiwel. Omdat verwarring kan ontstaan, word hulle egter aangedui, met die ontbrekende of afwykende woord(e) tussen hakies:

bladsy 18, tweede paragraaf: " 'n [E]ggenoot word verbied om sonder die (skrifte-  
like) toestemming van die ander;"

bladsy 50 voetnoot 164: "huwelike gesluit na (in plaas van *voor*, Engels "before")  
die inwerkingtreding van die Wet;"

bladsy 62 voetnoot 193' " 'n aansoek by (die hof) ingeolge;" en

bladsy 71 voetnoot 224: "swartes word nie toegelaat om 'n gemeenregtelike  
huwelik (in gemeenskap van goed) te sluit waar daar 'n bestaande gewoonte-  
verbintenis" is nie.

Die Afrikaanse en Engelse eksemplare van die boek bevat, benewens die teks, ook 'n voorwoord, inhoudsopgawe, vonnisregister en in beide gevalle 'n goeie,

volledige register. Die volledige teks van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984 is ook ingesluit as 'n aanhangsel.

Die outeur en vertaler kan ten slotte geluk gewens word met hul onderskeie bydraes tot die Suid-Afrikaanse regsletteratuur. Die boek is beslis sy (baie redelike!) prys dubbel en dwars werd.

ANNÉL VAN ASWEGEN  
*Universiteit van Suid-Afrika*

### REGSTELLING

In verband met die vonnisbespreking van *Horty Investments v Interior Acoustics (Pty) Ltd* 1984 3 SA 537 (W) (1985 *THRHR* 227 e v) word die volgende regstelling gemaak: Die laaste sin op 230 (-231) moet soos volg lui:

“Die posisie is dus dat nie slegs die vertrouer se posisie oorweeg word nie (sien bv *Johaadien v Stanley Porter (Paarl) (Pty) Ltd* 1970 1 SA 394 (A) 404E-G waar hoofregter Steyn *obiter* van oordeel is dat 'n onskuldig opgewekte vertroue regsgevolge kan hê) maar ook dié van die vergisser (sien ook *George v Fairmead* 1928 2 SA 465 (A), veral 471A-D en *National and Overseas Distributors Corporation (Pty) Ltd v Potato Board* 1958 2 SA 473 (A) 479G-H waar die klem wel op die posisie van die vertrouer geplaas word, maar die moontlikheid van 'n redelike dwaling en gevolglike ongebondenheid tog voorsien is).”









